# GEPUBLISEERDE OUTOBIOGRAFIESE BRONNE OOR DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG.

DEUR

FREDERICK JACOBUS STEMMET.

VERHANDELING INGELEWER TER NAKOMING VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD MAGISTER ARTIUM IN GESKIEDENIS IN DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE AAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS.

..................

# I N H O U D S O P G A W E.

VOORWOORD ................................ ix.

HOOFSTUK 1 ................................ 1.

Pogings om outobiografiese getuienis te versamel en faktore wat die optekening en publikasie daarvan bevorder of vertraag het.

A. Die bestaan van 'n historiese bewussyn. 1.

B. Die publikasie van outobiografiese lektuur oor die Tweede Vryheidsoorlog tot 1905.......................... 3.

C. Kwynende belangstelling in die Vryheidsoorlog tussen 1906 en 1931............. 4.

D. Hernude belangstelling in die Vryheidsoorlog na 1931 en pogings om die getuienis van die nog lewende deelnemers aan die oorlog op skrif gestel te kry................................ 12.

E. Faktore wat die optekening van herinneringe van oudstryders sedert die begin van die dertigerjare bevorder het.......... 21.

F. Moontlike redes waarom daar nie meer dagboeke oor die Tweede Vryheidsoorlog verskyn het nie................. 23.

G. As gevolg van leemtes in die getuienis kan 'n volledige en betroubare geskiedenis oor die Vryheidsoorlog nie geskryf word nie............ 26.

HOOFSTUK 2 ................................ 28.

Elementêre waardebepaling van die dagboek en herinneringsgeskrif oor die Tweede Vryheidsoorlog as historiese bron.

A. Die dagboek.

1. Die betroubaarheid van dagboekgetuienis........................ 28.
2. Die bepaling van die betroubaarheid van dagboekgetuienis oor die Vryheidsoorlog d.m.v. die historiese kritiek................ 29.

3. Klassifisering van dagboeke volgens die vorm waarin hulle verskyn het........................ 34.

B. Die herinneringsgeskrif................. 34.

1. Die bepaling van die betroubaarheid van herinneringsgetuienis oor die Vryheidsoorlog d.m.v. die interne kritiek............................ 34.
2. Klassifisering van herinneringe volgens die vorm waarin dit verskyn het........................ 40.

HOOFSTUK 3.............................. 41.

Oorspronklike gepubliseerde dagboeke.

A. Onveranderde onvertaalde weergawes van die oorspronklike dagboeke mét of sónder taalkundige veranderings.

1. A.D. Lückoff: Woman's endurance.................. 41.
2. J.S. van der Watt : Het leven der Boeren krijgsgevangenen op Ceylon................ 44.
3. G.S. Preller: Scheepers se dagboek en die stryd in Kaapland (1 Oktober 1901-18 Januarie 1902.)............................. 47.
4. A. Kuit : 'n Kommando-prediker................. 51.
5. K. Hamman : Dagboek van 'n Bethulie-kampdogter.. 55.

B. Vertaalde weergawes van oorspronklike dagboeke.

1. M.E. Rothmann : Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde, 1900-1901.......... 56.
2. J.M.C. Reitz: Ons Japie............................ 60.
3. R. de Kersausen de Pennendreff: Ek en die Vierkleur................. 62.
4. A.M. Coetzee : Tant Miem Fischer se kampdagboek.... 65.

C. Oorspronklike onvertaalde briewe.

1. M.M. Cleaver : A Young South African............... 68.
2. H. Watkins-Pitchford: Besieged in Ladysmith.............. 71.


/ Hoofstuk 4. ............

HOOFSTUK 4.................................... 74.

Verwerkte dagboeke, waarskynlik aangevul met herinneringe.

A. Dagboeke deur die outeur self verwerk en moontlik aangevul met sy herinneringe.

1. A.J.L. Hofmeyr : The story of my captivity during the Transvaal war.................... 74.
2. H.J. Batts : Pretoria from within during the war, 1899-1900....................... 79.
3. Hellemans (suster) : Met het Roode Kruis mee in den Boeren-vrijheidsoorlog............... 83.
4. N. Hofmeyr : Zes maanden bij de commando's........ 85.
5. J.D. Kestell: Met de Boeren-kommando's............. 94.
6. J.E. de la Rey: Mijne omswervingen en beproevingen gedurende den oorlog................. 103.
7. J.F. Naude: Vechten en vluchten van Beyers en Kemp "BÔkant"De Wet.................. 106.
8. J. Brandt: Het concentratiekamp van Iréne....... 114.
9. J. Brandt: The petticoat commando or Boer women in secret service..................... 117.
10. G.S. Preller: Ons parool............................ 123.
11. M.E. Rothmann : Tant Alie van Transvaal............. 131.
12. A.M. Jackson : Uit die dagboek van 'n wildeboer..... 135.
13. F. D. Conradie : Met Cronjé aan die wesfront (1899 - 1900)........................ 138.
14. A.F. Louw : My eerste neëntig jaar............... 144.
15. R.W. Schikkerling : Commando courageous.................. 146.

B. Dagboek deur iemand anders vertaal, verwerk en aangevul met die verwerker se herinneringe.

1. G. S. Preller : Kaptein Hindon......................... 152.

/ C. ..............

C. Dagboeke deur iemand anders verwerk en waarskynlik aangevul met die herinneringe van die betrokke dagboekhouer.

1. D. Mostert:
Slegtkamp van Spioenkop.............. 161.
2. A.J.V.Burger:
Worsteljare.......................... 167.
3. H. Scholtemeijer:
Die balling oor die see.............. 174.
4. P.J. Nienaber:
Boere op St. Helena.................. 175.
5. J. Louw:
Ds. A.F. Louw op St. Helena.......... 179.

D. Dagboek deur houer self verwerk en aangevul uit ander gepubliseerde bronne en moontlike herinneringe van die dagboekhouer.

1. H. Ver Loren van Themaat:
Twee jaren in den Boerenoorlog, 1899-1902........................... 181.

E. Dagboek deur iemand anders in romanvorm verwerk.

1. W.R. Vis:
Tien maanden in een "vrouwenkamp".... 185.

<u>HOOFSTUK 5</u>.................................. 188.

Oorlogsherinneringe deur die ervarenes self opgeteken.

A. Herinneringe in gewone verhaalvorm.

1. D.S. van Warmelo:
Mijn commando en guerilla commando-leven............................. 188.
2. C.R. de Wet:
De strijd tusschen Boer en Brit...... 190.
3. P.J. Kloppers:
"Alles zal rech kom!"................ 201.
4. B.J. Viljoen:
Mijne herinneringen uit den Anglo-Boerenoorlog........................ 204.

/ v...............

5. C.C.J. Badenhorst:
Uit den Boerenoorlog 1899-1902...... 212.
6. P.Prins :
Van Transvaal over St. Helena
naar Nederland...................... 217.
7. J. Rijksen :
Vrouwenleed......................... 218.
8. J.L. de Villiers :
Hoe ik ontsnapte.................... 219.
9. J.J. Naudé :
In doodsgevaar...................... 220.
10. P.H. Kritzinger en R.D.McDonald :
In the shadow of death.............. 223.
11. N.J. van der Merwe :
Marthinus Theunis Steyn, 'n
lewensbeskrywing.................... 228.
12. L. Boshoff :
Moedersmart en kinderleed........... 234.
13. D. Reitz :
Commando............................ 235.
14. J.M.Jooste :
Avonture van 'n krygsgevangene en
ander verhaaltjies.................. 241.
15. C.H. Muller :
Oorlogsherinneringe van genl.
Christiaan H. Muller................ 242.
16. O.J. Snyman :
Met die Boere in die veld........... 246.
17. P.J. du Plessis :
Oomblikke van spanning.............. 248.
18. S.G.Maritz :
My lewe en strewe................... 251.
19. J.A.Smith :
Ek rebelleer........................ 254.

HOOFSTUK 6. VERVOLG.................... 259.

20. A. Kuit :
Transvaalse verskeidenheid.......... 259.
21. J.N.Brink:
Oorlog en ballingskap............... 260.
22. E.J.Weeber :
Op die Natalse front................ 265.
23. J.P. la Grange Lombard:
Bang plekke......................... 270.
24. A.Kuit :
Transvaalse gister.................. 272.
25. E.J.Weeber :
Op die Transvaalse front............ 272.
26. C.R.Kotzé :
My ballingskap...................... 277.
27. O. van Oostrum:
Bestendige onbestendigheid.......... 279.
28. E.C.Anderssen:
Die verlede herleef................. 280.

/vi. ............

29. D.H. van Zyl:
In die konsentrasiekamp............ 282.
30. J.G. van den Heever:
Op kommando onder kmdt. Buys....... 284.
31. G.E. Bezuidenhout:
Uit die donker woud................ 286.
32. P.H.S. van Zyl:
Waar en trou....................... 288.
33. J.A. van Blerk:
Op die Bermudas beland............. 291.
34. I.J.C. de Wet:
Met genl. De Wet op kommando....... 293.
35. P.R. van der Westhuizen:
Wat van ons?....................... 296.
36. W.K. Hancock en J. van der Poel:
Selections from the Smuts Papers.
Volume 1........................... 298.

B. Herinneringe deur ervarene self opgeteken en of gekombineer met ander bronnegetuienis en getuienis van mede-ervarenes.

1. E. Neethling:
Should we forget?.................. 305.
2. A.G. de Wet, e.a.:
Im Kampf um Süd-Afrika. Deel 4.
Die Buren in der Kapkolonie im
Kriege mit England................. 308.
3. E. Neethling:
Vergeten?.......................... 315.
4. G.S. Preller:
Oorlogsoormag en ander sketse en
verhale............................ 318.
5. J.C.G. Kemp:
Vir vryheid en vir reg............. 320.
6. V.T. Pohl:
Adventures of a Boer family... ... 327.
7. H.C. Hopkins:
Maar één soos hy................... 329.

C. Herinneringe deur die ervarene self in romanvorm opgeteken.

1. H. Oost:
Gestreden.......................... 334.
2. H. van der Merwe:
Onthou............................. 335.
3. M.J. Venter:
Joop gaan op kommando.............. 338.
4. C.F. MacDonald:
Kalahari Mac.......................341.
5. A.M.M. Liebenberg:
Sarie Marais vertel................344.

HOOFSTUK 7........................................ 346.

Herinneringe van ervarenes deur iemand anders opgeteken.

A. Herinneringe in gewone verhaalvorm.

1. A.H. van Gent:
Met De Wet en Steyn in het veld....... 346.
2. G. Jordaan:
Hoe zij stierven...................... 350.
3. J.D.Kestell:
Christiaan de Wet, 'n lewensbeskrywing............................ 352.
4. L.A. Visagie:
Terug na kommando..................... 353.
5. M.M. Postma:
Stemme uit die verlede................ 356.
6. G.D.Scholtz:
In doodsgevaar........................ 358.
7. H.J.C.Pieterse:
Oorlogsavonture van genl. Wynand Malan................................. 360.
8. K. van den Heever:
Vryheidsheld ontsnap die dood......... 367.
9. H.J.C.Pieterse:
My tweede vryheidstryd................ 367.
10. C. Bosman:
Slaan en vlug......................... 371.
11. W.H. Ackermann:
Opsaal: herinneringe aan die Tweede Vryheidsoorlog................. 375.

B. Herinneringe van ervarene deur iemand anders opgeteken en aangevul met ander bronnegetuienis.

1. M.J. Grobler:
Met die Vrystaters onder die wapen................................. 377.

C. Herinneringe van ervarenes deur iemand anders in romanvorm te boek gestel.

1. A.J.J. Ebeling:
Met Steyn en De Wet................... 379.
2. T. Meij:
Diep waters........................... 382.
3. J.R.L. van Bruggen:
Bittereinders......................... 384.

4. T.C. Pienaar:
'n Merk vir die eeue.................. 388.
5. D.Stegman:
Nooit gevang nie...................... 391.
6. Maria J. van Straten:
Saam verban........................... 392.
7. E. Steenkamp :
Helkampe.............................. 395.
8. M.J. Bornman :
Oorlogswolke oor die Republieke....... 398.
9. D. Stegman :
Murasies.............................. 399.
10. S. Visser :
Via dolorosa.......................... 401.
11. A. Roodt :
Kaapse rebel.......................... 403.
12. S. Visser:
Die wit vlag.......................... 406.
13. A.M. de Villiers Esterhuysen:
Corneels Kanniedood................... 409.
14. J.H. Meyer, e.a. :
Kommando-jare......................... 412.

<u>HOOFSTUK 8</u>.................................... 417.

Die bydrae van die gepubliseerde outobiografiese bronne tot die kennis oor die Tweede Vryheidsoorlog - 'n samevatting.

A. Militêre waarde ......................... 417.

B. Die konsentrasiekampe en die lotgevalle van die vroue te velde................... 431.

C. Die bannelingkampe......................... 436.

D. Kultuur-historiese waarde................ 438.

<u>BIBLIOGRAFIE</u>.................................. 445.

..................

4. T.C. Pienaar:
'n Merk vir die eeue.................. 388.
5. D.Stegman:
Nooit gevang nie...................... 391.
6. Maria J. van Straten:
Saam verban........................... 392.
7. E. Steenkamp :
Helkampe.............................. 395.
8. M.J. Bornman:
Oorlogswolke oor die Republieke....... 398.
9. D. Stegman:
Murasies.............................. 399.
10. S. Visser:
Via dolorosa.......................... 401.
11. A. Roedt:
Kaapse rebel.......................... 403.
12. S. Visser:
Die wit vlag.......................... 406.
13. A.M. de Villiers Esterhuysen:
Corneels Kanniedood................... 409.
14. J.H. Meyer, e.a.:
Kommando-jare......................... 412.

HOOFSTUK 8.................................. 417.

Die bydrae van die gepubliseerde outobiografiese bronne tot die kennis oor die Tweede Vryheidsoorlog - 'n samevatting.

A. Militêre waarde ......................... 417.

B. Die konsentrasiekampe en die lotgevalle van die vroue te velde.................... 431.

C. Die bannelingkampe....................... 436.

D. Kultuur-historiese waarde................ 438.

BIBLIOGRAFIE................................ 445.

..................

# VOORWOORD.

Die navorser wat 'n studie oor die militêre verloop van die Tweede Vryheidsoorlog wil maak, sal hom, wat die getuienis van Boerekant betref, in die eerste plek na die offisiële telegrafiese rapporte wend wat gedurende die oorlog na en van die republikeinse oorlogskantore gestuur is. Dié rapporte is egter net tot met die val van Bloemfontein (13 Maart 1900) en Pretoria (6 Junie 1900) aan die betrokke oorlogskantore gestuur met die gevolg dat, wat die res van die oorlog betref, daardie onontbeerlike bron totaal ontbreek. Selfs die oorlogstelegramme, waarvan daar ongeveer 120,000 in die Pretoriase argief is,[1] belig nie die eerste fase van die oorlog volledig nie. Ook oor die vroue- en bannelingkampe bestaan daar van Boerekant geen argivaliese bronnemateriaal nie. Die navorser is gevolglik verplig om hom na die bestaande outobiografiese getuienisbronne oor bogenoemde fasette van die oorlog te wend.

Die doelstelling met hierdie studie is eerstens om te probeer vasstel watter pogings aangewend is om die getuienis van mense wat die oorlog meegemaak het te versamel ten einde bogenoemde leemtes aan te vul en watter faktore die optekening en publikasie daarvan bevorder of vertraag het. Vervolgens is 'n poging aangewend om d.m.v. die toepassing van die metode van historiese kritiek 'n elementêre waardebepaling van gepubliseerde outobiografiese werke te maak ten einde die bydrae daarvan tot 'n vollediger beeld oor die oorlog vas te stel.

Hierdie taak is bemoeilik weens die feit dat skrywers oor die metodologie, sover vasgestel kan word, nie aandag aan die dagboek en herinnering as historiese bron gee nie.

In 'n slothoofstuk word 'n samevattende waardebepaling van die behandelde outobiografiese bronne gegee waarin hulle bydrae tot die kennis oor die militêre verloop van die oorlog, die vroue- en bannelingkampe en hulle kultuur-historiese waarde kortliks aangedui word.

---

1) J.H. Breytenbach, Die Huisgenoot, 10.3.1950.

Dit is opmerklik dat die gehalte van die outobiografiese publikasies t.o.v. historiese wetenskaplikheid nooit met die jare verbeter het nie. Dieselfde leemtes wat by die bronne aan die begin van die eeu aanwesig is, word in alle latere bronne in 'n mindere of meerdere mate aangetref.

Die vraag kan wel gestel word in hoeverre die resensente van die betrokke outobiografiese bronne d.m.v. opbouende kritiek 'n bydrae tot die historiografie oor die Vryheidsoorlog gelewer het. Leiding oor die basiese vereistes waaraan sulke bronne moet voldoen, was noodsaaklik siende dat verwerkte dagboeke en herinneringe grotendeels die pennevrugte van histories-ongeskoolde persone was. Van die groot aantal resensies wat ek geraadpleeg het, was verreweg die meeste afkomstig van resensente wat nie in die geskiedeniswetenskap onderlê is nie soos taalkundiges, joernaliste en selfs mede-oudstryders. Gevolglik het die meeste resensies nie aan die vereistes wat daaraan gestel word, voldoen nie.[2)]

Alte dikwels het die resensies uit weinig meer as boekaankondigings bestaan waarin die werk verwelkom en gepropageer word. Aan die ander kant het hierdie vertroeteling van oorlogswerke waarskynlik die entoesiasme van oorlogservarenes verder geprikkel om 'n bydrae tot die kennis oor die oorlog te lewer. Dikwels is veel ruimte aan die verhaal self gewy, maar van 'n diepdringende wetenskaplike ontleding het meesal niks tereg gekom nie. Op enkele uitsonderings na was selfs die historici se resensies teleurstellend terwyl dit tog húlle was wat die weg moes aangedui het.

---

2) In sy werk Lewende verlede, (Pretoria, Afrikaanse Pers, 1961, hoofstuk V), gee F.A. van Jaarsveld aandag aan die boekbespreking in die geskiedeniswetenskap. Dit kan egter slegs in 'n mate van toepassing gemaak word op outobiografiese bronne oor die Tweede Vryheidsoorlog, wat nie-wetenskaplik van aard is en daarom ten dele met ander maatstawwe gemeet moet word.

'n Studie van hierdie aard kan op verskeie maniere benader word. In hierdie geval is gepoog om die relatiewe waarde van elke individuele outobiografiese bron wat daar van Boerekant of van ander inwoners in Suid-Afrika oor die oorlog verskyn het, vas te stel. Weens die omvang van die onderwerp is tydskrif- en koerantartikels buite rekening gelaat en het ek my beperk tot outobiografiese werke met 'n Suid-Afrikaanse en Nederlandse oorsprong. Aangesien soveel verskillende faktore die waarde van elke dagboek en herinneringsgeskrif beïnvloed, is individuele evaluering m.i. die effektiefste metode waarvolgens die waarde en bydrae van die outobiografiese getuienis tot 'n vollediger beeld oor die oorlog bereken kan word. Soos dit uit die studie sal blyk, lewer die waardebepaling van elke outobiografiese bron talle probleme op waarvan die meeste onoplosbaar is. Dit is te betwyfel of daar ten opsigte van ander getuienisbronne oor ons geskiedenis soveel vrae onbeantwoord bly as i.v.m. die outobiografiese getuienis oor die Tweede Vryheidsoorlog.

As gevolg van die uitgestrektheid van die studieterrein kan slegs 'n teleskopiese oorsig oor die onderwerp gegee word. Die bedoeling was dan ook nie om 'n intensiewe waardebepaling van die outobiografiese werke te gee nie, maar slegs om die aard en waarde van elke getuienisbron kortliks aan te stip. Ten spyte van bogenoemde probleme het ek gepoog om die bronne eers in 'n waarderangorde te probeer plaas en dan telkens in kronologiese orde te bespreek. Uit die aard van die saak kan dit egter slegs 'n relatiewe klassifikasie wees wat nie volgens vaste norme bepaal kan word nie.

Graag wil ek my hartlike dank betuig aan my studieleier, prof. J.S. du Plessis. Ook 'n woord van dank aan die personeel van die Johannesburgse Stadsbiblioteek, verskillende universiteitsbiblioteke en die Staatsbiblioteek.

'n Laaste woord van innige dank aan my vrou vir haar ondersteuning en belangstelling.

JOHANNESBURG,
6 Desember, 1972.

F.J. STEMMET.

## GEPUBLISEERDE OUTOBIOGRAFIESE BRONNE OOR DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG.

## HOOFSTUK I.

## POGINGS OM OUTOBIOGRAFIESE GETUIENIS TE VERSAMEL EN FAKTORE WAT DIE OPTEKENING EN PUBLIKASIE DAARVAN BEVORDER OF VERTRAAG HET.

### A. Die bestaan van 'n historiese bewussyn.

Wanneer ons let op die ontstaan van die Afrikaanse geskiedskrywing val dit op dat voor die jare sewentig- tagtig van die vorige eeu 'n nasionale selfbewussyn, en daarom 'n historiese bewussyn nog grootliks by die Afrikaanssprekendes in die Kaapkolonie, Oranje Vrystaat en Transvaal ontbreek het. [1] Op daardie stadium het hulle nog nie behoefte aan 'n eie geskiedenis gehad nie. [2] Die rede vir die verskynsel is dat daar toe nog geen besef van geestelike eenheid of 'n groepsbewussyn by hulle bestaan het nie. [3]

'n Nasionale selfbewussyn het eers vanaf die einde van die sestigerjare onder Afrikaanssprekendes ontstaan. Gebeure soos die anneksasie van Basoetoland (1868) en die Diamantvelde (1871), die anneksasie van Transvaal (1877) en die Eerste Vryheidsoorlog (1881), het veral daartoe bygedra. [4]

Britse bedreiging van Afrikaner-identiteit het dus 'n gevoel van 'n gemeenskaplike woonplek, lotsverbondenheid en bloedverwantskap gedurende die sestiger en sewentigerjare van die vorige eeu laat posvat en ontwikkel. Dit het 'n geestelike verenigde Afrikanervolk tot gevolg gehad. Die selfbewuswording het 'n historiese bewuswording ingehou en die oplossing van toe-

---

1) F.A. van Jaarsveld, Die ontstaan van die Afrikaanse geskiedskrywing. Standpunte, Feb/Maart 1956, p. 51.
2) Ibid., p. 43.
3) Ibid., p. 51.
4) Ibid., p. 43-50.

/komsprobleme..........

komsprobleme is in die volk se verlede gaan soek. [5] Die daaropvolgende geskiedskrywing was 'n weerspieëling van die Afrikaner se nasionale ontwaking. [6]

Die eerste voorwaarde vir die vorming van 'n historiese bewussyn by volke en nasies is van etiese aard nl. die neiging by die mens om te lewe en te strewe volgens 'n gekose voorbeeld. Hierdie ideaal van die mens kan vergestalting vind in 'n volksheld uit die verlede wat hy wil leer ken om hom of haar prestasie te ewenaar of selfs te oortref. [7]

Die mens verlang dus steeds om die heldedom in herinnering te roep,

> „want in ware heldedom word die hoogste in die mens, die goddelike in die mens, geopenbaar. Waar met inset van alles opgeoffer en gely word, sien ons die diepste van 'n persoonlikheid geopenbaar in die wyse waarop die lye ondergaan word.
> In die betragting van ware heldedom word die edelste neigings in ons lewendig. Dit verhef die mens tot 'n hoër lewenspeil, trek hom op uit die stof en help hom oor eie leed en nood, wanneer die verhewenste menslikheid in sy eie diepte bewuste weerklank vind."[8]

ŉ Belangrike motief vir die optekening van ŉ groot aantal dagboeke en herinneringe oor die Vryheidsoorlog was dan ook van etiese aard. Daar is gepoog om die Afrikaner-heldedom bekend te stel en aan die nageslagte die offers te toon wat gebring is terwille van 'n ideaal.

By die vorming van 'n historiese bewussyn word egter 'n tweede voorwaarde vereis wat intellektueel van aard is. Eie aan die mens is sy onlesbare dors na kennis. Hierdie matelose weetgierigheid openbaar hom nie net by die kultureel onmondiges nie, maar ook met groot

---

5) Ibid., p. 51.
6) Ibid., p. 53. Kyk ook in hierdie verband die werk van bogenoemde skrywer: Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn 1868-1881. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1957.
7) J. Romein, In de hof der historie. Amsterdam, N.V.E.M. Querido's uitgeversmaatschappij, 1951, p. 66.
8) F.E.J. Malherbe, Afrikaanse lewe en letterkunde. Stellenbosch Universiteitsuitgewers, 1958, p.148-149.

/intensiteit in ŉ

intensiteit in 'n kultureel meer versadigde atmosfeer. Bekendstelling lei tot belangstelling en hoe meer die mens sy belangstelling beheers hoe meer word hy daardeur beheers - 'n toestand wat tot steeds intenser spesialisasie lei. Die dorstige na kennis bevind egter dat hy dán eers sy medemens en sy omgewing kan verstaan nl. wanneer hy die totale beeld bemeester het. Hierdie derde psigologiese voorwaarde is religieus van aard in dié sin dat niks op sigself te begryp is nie, maar steeds gesien moet word in samehang met al die ander.[9)]

By die skrywe van dagboeke en herinneringe oor die Tweede Vryheidsoorlog het die intellektuele motief waarskynlik 'n oorwegende rol gespeel. Dit blyk duidelik uit talle werke dat die hoofdoel van die ervarene was om te vertel wat met hom of haar of met iemand anders gebeur het of om kennis oor 'n gebeure mee te deel. 'n Aantal persone meld spesifiek dat hulle hul ervaringe op skrif gestel het om die feite bekend te stel aan diegene wat die gebeure nie beleef het nie en daarom ook aan die nageslagte.[10)]

Sommige het hulle getuienis as 'n bydrae tot die geskiedenis van die oorlog beskou omdat hulle bewus was of later bewus gemaak is van die gebrek aan bronne wat oor die oorlog bestaan het. By nog andere was die motief om o.a. die ware feite oor insidente mee te deel ten einde die waarheid van 'n moontlike bestaande leuen te skei, terwyl daar ook diegene was wat d.m.v. hulle bydraes in 'n nasionale behoefte wou voorsien.

B. Die publikasie van outobiografiese lektuur oor die Tweede Vryheidsoorlog tot 1905.

Waar gebeure sedert 1868 tot die Eerste Vryheidsoorlog tot die ontstaan van 'n historiese bewussyn by die Afrikaner gelei het, het die Tweede Vryheidsoorlog

---

9) Romein, op. cit., p. 65-66.
10) Kyk o.a. die volgende werke hieronder:
C.R. de Wet, De Stryd tusschen Boer en Brit, p. 190;
O.J. Snyman, Met die Boere in die veld, p. 246;
C.R. Kotzé, My ballingskap, p. 277; M.M. Postma, Stemme uit die verlede, p. 356.

/daardie bewussyn......

daardie bewussyn aanmerklik gestimuleer en het dit sedert die oorlog vergestalting gevind in die literêre kuns waarby literatuur oor die Tweede Vryheidsoorlog ingesluit word. So het vanaf 1900 tot 1905 minstens twee en twintig dagboeke en herinneringe van persone wat ten tye van die uitbreek van die oorlog in die twee republieke en in die Kaapkolonie woonagtig was, verskyn.[11)]

Die verskyning van so 'n groot aantal dagboeke en herinneringe tot 1905 het sonder twyfel veel belofte vir die toekoms ingehou en toe Gustav Preller die Suid-Afrikaanse geskiedenis en daarmee ook die letterkunde van die Tweede Afrikaanse Beweging in 1906 met sy Piet Retief op hoë noot inlui, het die Afrikanervolk rede gehad om met optimisme na 'n stroom literatuur oor hulle volksverlede waaraan daar so 'n behoefte was, uit te sien. Preller was die verkenner en voorligter van die jong letterkunde in wording en het 'n voorbeeld gestel van hoe om die geskiedenis in voortreflike kunsvorm aan te bied.[12)]

Sy voorbeeld is egter nie gevolg nie en die letterkundige en historiese ontboeseming wat veronderstel was om 'n natuurlike uitvloeisel van die oorlog te wees, het nie plaasgevind nie.

C. Kwynende belangstelling in die Vryheidsoorlog tussen 1906 en 1931.

1. De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst beywer hom slegs vir die geskiedenis van die Groot Trek en die Bantoe.

Hoewel die nasionale ontwaking van die Afrikaner sedert 1868 tot die verskyning van verskeie geskiedeniswerke gelei het,[13)] het dit Afrikaners reeds voor 1899, maar veral na 1902 tot kommer gestem dat die Afrikaner nie 'n volledige en getroue

---

11) Nog drie outobiografieë wat gedurende bogenoemde tydperk verskyn het en in hierdie studie behandel word, is afkomstig van Nederlanders wat nie hier woonagtig was nie, maar slegs aan die oorlog deelgeneem het.
12) R. Antonissen, Die Afrikaanse letterkunde van die aanvang tot die hede. Derde druk. Kaapstad, Nasionale Opvoedkundige Uitgewery Bpk., 1964, p. 53.
13) Kyk F.A. van Jaarsveld, Lewende verlede, p. 72.

/beeld van................

beeld van sy verlede besit het nie en die stryd om 'n eie Afrikaanse geskiedsbeeld is voortgesit.

Die verdwyning van die twee Boere-republieke in 1902 het die Afrikanervolk se toekoms in die weegskaal geplaas. Die Tweede Vryheidsoorlog het egter sy nasionale gevoel tot nuwe hoogtes gestimuleer en sy geskiedenis sou vir hom nog groter betekenis kry, omdat sy groot, maar pynlike verlede die bindkragte en ideale moes voorsien en so as voedingsbron vir die toekoms dien. 14)

Gevolglik is, as deel van die strewe van die Afrikanervolk na 1902 om sy identiteit op taal en kultuurgebied te behou en uit te bou, in 1910 De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal Letteren en Kunst gestig wat as doel gehad het: "

> "De handhaving en bevordering van de Hollandse Taal (ook Afrikaans) en Letteren, en van de Zuid-Afrikaanse Geskiedenis, Oudheidkunde en Kunst." 15)

Ooreenkomstig die doelstelling van die Akademie is sterk pleidooie deur ds. N.J. Brummer 16) en dr. D.F. Malan 17) op sy eerste sitting, en deur prof. A. Moorees die daaropvolgende jaar 18) vir die bevordering van die Suid-Afrikaanse geskiedenis gelewer.

Dat hierdie toesprake die noodsaaklikheid van 'n volledige en betroubare Suid-Afrikaanse geskiedenis en daarmee die ernstige leemte in die volksbestaan by die Akademielede tuisgebring het, is voor die hand liggend.

Maar eers in 1917 is daadwerklike aandag aan die saak gegee toe 'n historiese kommissie, bestaande uit o.a. G.S. Preller en prof. L. Fouché deur die Akademie benoem is om gegewens oor die Voortrekkers en die inboorlinge van die Vrystaat en Transvaal te versamel. 19) Nog in dieselfde

---

14) Ibid., p. 73.
15) <u>Jaarboek van De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst. Pretoria, 1913, p. 9.</u>
16) Ibid., 1910, p. 78.
17) Ibid., p. 96-97.
18) Ibid., 1911, p. 34-39.
19) Ibid., 1917, p. 46-48.

/jaar.............

jaar is 'n omsendbrief dwarsdeur die Unie deur die Akademie versprei om informasie oor die Groot Trek in te win.[20]

Bogenoemde pogings verdien vermelding omdat dit bewys lewer dat die Akademie wel aandag aan die geskiedenis van die Groot Trek en van die Bantoe gegee het, maar blykbaar nie die versameling van boustowwe oor die Tweede Vryheidsoorlog as van belang geag het nie. Dit is jammer dat Afrikanerleiers van daardie tyd blykbaar nie besef het dat die argivaliese bronne die oorlog slegs ten dele kan belig en dat dit gevolglik noodsaaklik was dat die getuienis van die toe nog lewende oudstryders behoorlik opgeteken moes word.

2. <u>Prikkeling van die nasionale bewussyn het geen invloed op die publikasie van oorlogslektuur</u>.

Reeds in 1912 spreek dr. W.J. van Zyl in 'n toespraak voor de Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst sy verbasing uit dat die drie hoofmomente in die Afrikaner se geskiedenis nl. die Groot Trek, en die Eerste en Tweede Vryheidsoorlog feitlik geen weerklank in die letterkunde gevind het nie. Hy wys daarop dat 'n mens kon verwag dat hierdie drie gebeurtenisse die gees en verbeelding van ons skrywers geweldig moes beetgepak het en dat die diep ontroerde volksgemoed tot uiting sou kom in die letterkunde. Die oes, vervolg hy, was egter tot op daardie stadium skraal op 'n land wat so dig besaai is met heldedade.[21]

Gebeure soos die Eerste Wêreldoorlog, die Rebellie en die politieke stryd in die algemeen het die Tweede Vryheidsoorlog sterk in die brandpunt van die politiek geplaas. Die Groot Trek en die Tweede Vryheidsoorlog was nou die groot

---

20) Ibid., p. 27-28.
21) Ibid., 1912, p. 111-113.

/voedingsbronne............

voedingsbronne vir die Afrikaner se nasionale en politieke ideale en die geskiedenis sou na 1902 in diens van die politiek tree.[22] Ten spyte van bogenoemde prikkels wat stimulerend op die Afrikaanse nasionale bewussyn ingewerk en die nuwe betekenis wat die geskiedenis nou gekry het, het die belangstelling in die Tweede Vryheidsoorlog egter gekwyn tot dit gelyk het asof hierdie gebeurtenis besig was om in die vergeetboek te raak. Sover vasgestel kan word, is daar tussen 1906 en 1931 slegs nege dagboeke en herinneringe deur Suid-Afrikaners gepubliseer.

3. Redes vir die doodsheid aan die oorlogslektuurfront.

(i) Die ervarenes was onbewus van die waarde van hulle getuienis.

Een van die belangrikste redes waarom so weinig oorlogservarenes hulle ervaringe gedurende bogenoemde tydperk opgeteken het, was dat hulle nie bewus was van die waarde van die inligting wat hulle in hul omgedra het nie en daarom het die besef dat hulle miskien 'n belangrike bydrae tot 'n vollediger beeld oor die oorlog kon lewer en so hulle nageslag 'n groot diens kon bewys nooit by hulle posgevat nie. Dit verklaar ook ten dele waarom die grootste persentasie dagboeke nie onmiddellik na die oorlog gepubliseer is nie.

(ii) Ervarenes wou nie weer skryf oor gebeure wat reeds beskryf is nie.

Dit blyk uit 'n aantal van die geraadpleegde herinneringe en verwerkte dagboeke dat persone nie weer wou skryf oor dinge wat alreeds beskryf is nie.[23] Die feit

---

22) Van Jaarsveld, Lewende verlede, p. 73-74.
23) Kyk o.a. die volgende bespreekte werke hieronder: C.C.J. Badenhorst, Uit den Boerenoorlog 1899-1902, p. 212; O. van Oostrum, Bestendige onbestendigheid, p. 279; E.C. Anderssen, Die verlede herleef, p. 280; R.W. Schikkerling, Commando courageous, p. 146.

/dat tot 1905.............

dat tot 1905 'n aantal gesaghebbende werke [24] verskyn het wat die meeste terreine van die oorlog gedek het, het waarskynlik tot gevolg gehad dat dit andere die prikkel ontneem het om ook hulle bydrae oor daardie spesifieke aspek van die oorlog te lewer. Hulle het blykbaar nie besef dat hulle getuienis as aanvulling en kontrole kon dien van dít wat reeds verskyn het nie.

(iii) Die Afrikaner was aan die begin van die eeu nog in 'n groot mate 'n geestelike Voortrekker.

Die Tweede Vryheidsoorlog is tot ongeveer 1920 deur die Suid-Afrikaanse digters as tema gebruik, maar die verwagting dat die prosa hierop sou voortbou, is teleurgestel. Professor Kritzinger probeer in 1934 hierdie toestand verklaar deur daarop te wys dat die Afrikaner van destyds meer vertroud met die geweer as met die pen was en meer tuis was op die perd as agter die skryftafel. Die Afrikaner het destyds nog hooghollands geskryf en gesukkel om sy gevoelens in woorde uit te druk. Op taalgebied het hy minderwaardig gevoel en hy wou hom nie aan die skryfkuns waag nie. Kritzinger wys vervolgens daarop dat letterkundige voortbrengsels gewoonlik uit noodsaak, maar selde uit liefde die lig gesien het. Die Afrikaner het nooit rus gehad om sy aandag aan die kuns te gee nie en die lewer van werke van literêre aard vereis vrede en kalmte. Selfs later toe die Afrikaner meer vertroud geraak het met die pen, het fisiese inspanning om die land te ontsluit

---

24) Kyk die volgende werke hieronder:
H. Ver Loren van Themaat, Twee jaren in den Boerenoorlog, p. 181; J.F. Naudé, Vechten en vluchten van Beyers en Kemp "Bôkant" De Wet, p.106; N. Hofmeyer, Zes maanden bij de commando's, p. 85; J.S. v.d. Watt, Het leven der krijgsgevangenen op Ceylon, p. 44; B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boerenoorlog, p. 204; C.R. de Wet, De Strijd tusschen Boer en Brit, p. 190 en C.C.J. Badenhorst, Uit den Boerenoorlog 1899-1902, p. 212.

/en te ontwikkel.............

en te ontwikkel nog steeds al hulle tyd in beslag geneem. As gevolg van die fisiese stryd wat hy moes voer, het die Boer slegs 'n oog gehad vir die nuttige en praktiese en hy kon die kuns nie begryp en waardeer nie. Eers gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu het die ontwikkelde Afrikaners begin besef dat hulle die geestelike stryd moet aanknoop wat hulle voorouers op stoflike gebied gestry het. Dit sou beteken dat hulle moes veg vir 'n vertroude skryftaal, want die afwesigheid daarvan het demoraliserend gewerk en tot 'n minderwaardigheidsgevoel by Afrikaners gelei. Daarby sou hulle 'n Afrikaanse letterkunde aan die volk moes gee om hom kuns- en kultuurbewus te maak en intellektueel op te hef. Inderwaarheid was die Afrikaner tot in die dertiger jare nog in 'n groot mate 'n geestelike Voortrekker.[25] Wat hier vir die suiwer letterkunde geld, geld wel deeglik ook vir die oorlogsliteratuur.

(iv) Die konsiliasiebeleid van Botha en Smuts.

Waarskynlik het die konsiliasiebeleid van genls. L. Botha en J. C. Smuts, wat daarop gemik was om beter samewerking tussen die twee blanke taalgroepe te bewerkstellig, oudstryders beïnvloed om nie weer die sg. ou wonde oop te krap nie en diesulkes was gevolglik bereid om die oorlog aan die vergetelheid oor te lewer. Daar word dan ook talle bewyse in herinneringe en verwerkte dagboeke gevind dat mense verkies het om te vergewe en vergeet.[26] Hierdie beskou-

---

25) M.S.B. Kritzinger, Studies en kritieke. Pretoria, Van Schaik, 1934, p. 28, 41, 43, 44, 45, 47, en 49.
26) Kyk o.a. die volgende werke hieronder: D. Mostert, Slegtkamp van Spioenkop, p. 161; J.M.C. Reitz, Ons Japie, p. 60 en J.M. Jooste, Avonture van 'n krygsgevangene en ander verhaaltjies, p. 241.

/ing is jare na.............

ing is jare na Botha se dood nog gehandhaaf deur o.a. volgelinge van Smuts.

Hoewel 'n aantal oudstryders en kampmoeders in die periode onder bespreking van hulle ervaringe in tydskrifte en koerante laat verskyn het, was dit in die meeste gevalle slegs insidente uit die oorlog. Van die oorgrote meerderheid oorlogservarenes, waaronder, op 'n paar uitsonderings na, al die offisiere wat intussen oorlede is, se ervaringe het nooit iets van verskyn nie en so het hulle 'n kosbare skat saam met hulle na die graf geneem wat onherroeplik vir die nageslag verlore is. Intussen het die geheues van dié wat nog in die lewe was geleidelik verdof en dit moes noodwendig daartoe lei dat herinneringe algaande aan betroubaarheid sou inboet.

4. Die Vryheidsoorlog is egter gedurig in herinnering geroep.

En tog is die Afrikaner in hierdie jare gedurig aan sy wortelstryd herinner. Reeds toe hy nog in sy donkere na-oorlogse uur verkeer, het daar digters na vore gekom om wesenlik uiting te gee aan die lyding en smart van die oorlog, om hoop vir die toekoms in te boesem en die herrysenis van 'n nuwe nasie te voorspel.[27] Die verwagting was gevolglik groot dat die oorlogspoësie as stimulus sou dien vir die verskyning van oorlogsprosa en daarmee ook van oorlogsliteratuur in die algemeen. Gebeure soos die oprigting van oorlogsmonumente, herbegrafnisse van gesneuweldes en konsentrasiekamp-slagoffers en die gedurige mondelinge oordraging van belewenisse by openbare geleenthede soos volksfeeste

---

27) P.J. Nienaber, Die Huisgenoot, 15.1.1937.

/en aan vriende...

en aan vriende en familie asook artikels wat periodiek daaroor in die pers verskyn het, het die stryd vars in die geheue gehou.

Dit is opmerklik hoedat die algemene publiek hom bekommer het oor die verlies van gegewens oor die oorlog namate die jare verby gegaan en die oudstryders al minder geword het. As voorbeeld van talle pleidooie in dié verband kan die mening genoem word van 'n skrywer in Die Vaderland. Hy wys nl. op die pogings wat in die voorafgaande jare aangewend is om aan die volk 'n suiwerder kennis van sy verlede te gee en spreek sy verbasing uit dat daar nog nie 'n amptelike geskiedenis van Boerekant oor die oorlog verskyn het nie. So 'n werk sal nasionale waarde hê wat nie onderskat kan word nie. Hy stel die vraag hoeveel mense bekend is met die name en dade van 'n volk wat so duur betaal het vir sy vryheid. "Het Zuid-Afrikaansche volk heeft zijn ziel gevonden. Laat de Natie zichzelven getrouw blijfen; laten hare edele daden opgetekend worden; laten de namen harer helden en hun opofferingen alsook de namen van de vrouwen en kinderen dié in armoede en ellende stierven bewaard blijven".

Genoemde leser het vervolgens aan die hand gedoen dat sub-komitees alle burgers wat by die oorlog betrokke was se name en ondervindinge moet opskryf met die oog op die skrywe van 'n nasionale geskiedenis van die oorlog. Die onderneming kan gefinansier word uit die surplusfondse van die Helpmekaarbeweging. "Een werk van zo een aard zal jaren nemen om te voltooien, maar als we wachten dan mocht menige prominente figuur wegvallen en de informatie die hij heeft ons ontvallen".[28)]

Bogenoemde leser was egter soos al die ander 'n stem roepende in die woestyn en hoewel die saak telkens weer in die pers aangehaal is,

28) Anonieme artikel in Ons Vaderland, 8.1.1918.

/het niks

het niks konstruktiefs in die verband gedurende die volgende paar jaar tot stand gekom nie.

D. Hernude belangstelling in die Vryheidsoorlog na 1931 en pogings om die getuienis van die nog lewende deelnemers aan die oorlog op skrif gestel te kry.

Namate die oudstryders een na die ander weggeval het, het die besef geleidelik begin posvat dat hulle 'n belangrike stuk geskiedenis in hulle omdra en dat, as dit nie betyds opgeteken word nie, daardie kennis saam met hulle sou sterf. Die oudstryders het sedert 1910 vinnig minder geword en verskeie van die leidende figure was aan die einde van die twintiger jare reeds dood. Tot 1931 het die ervaringe van slegs drie Boere-generaals verskyn nl. dié van C.R. de Wet, B. Viljoen en P.H. Kritzinger.

1. Die pleidooie van Die Volksblad en Die Burger.

In 1931 het Die Volksblad gemeld dat daar sprake is dat die regering die geskiedenis van die oorlog kan laat boekstaaf, maar terselfdertyd daarop gewys dat dr. D.F. Malan, minister van Binnelandse Sake, verklaar het dat die fondse vir die aanstelling van 'n historikus ontbreek. 29)

Die Bloemfonteinse koerant het daarop gewys dat die kongresse van allerlei liggame wo. die Nasionale Party, die Helpmekaar-beweging en die Kultuurkonferensie, jaar na jaar by die Regering daarop aandring om 'n persoon aan te stel of fondse te verskaf sodat die vinnig verdwynende geskiedmateriaal i.v.m. die voormalige Boererepublieke en veral van die Tweede Vryheidsoorlog opgeteken kan word. Dit sal 'n bedroewende dag wees indien die genoemde geldbeswaar die saak moet verongeluk. Die aanstelling van 'n navorser hoef die Regering hoogstens R2,000 per

---

29) Die Volksblad, 8.1.1931: Inleidingsartikel.

/jaar te kos.......

jaar te kos en dit is slegs 'n druppel uit die emmer as in aanmerking geneem word dat die jaarlikse begroting R60,000,000 beloop.

> „As die redding van hierdie materiaal moet wag totdat die skatkis eendag weer oorloop, dan kan ons maar net sowel sê dat ons geen getroue geskiedenis van ons verlede wil hê nie." 30)

'n Bewys dat die volk sterk oor die saak voel, is die periodieke ontstaan van organisasies wat wil red wat nog te redde is, maar dis onmoontlik om langs sulke weë die geskiedenis na te vors. Daarvoor is 'n geoefende navorser met 'n omvattende kennis nodig. Voorts wys die blad daarop dat die Regering al lankal 'n jaarlikse toelaag van R1,000 aan sir George Cory betaal vir sy navorsing van die geskiedenis van die Oostelike Provinsie waarby daar nie soveel haas is nie siende dat hy feitlik net met skriftelike bronne te doen het. Buitendien verdien die geskiedenis van die voormalige republieke tog ruim net soveel tegemoetkoming as dié van die Oostelike Provinsie. 31)

Die reaksie van <u>Die Burger</u> op bogenoemde verklaring van die minister was dat sy beswaar gebillik moet word, maar die blad het terselfdertyd sy teleurstelling uitgespreek dat die saak nie onmiddellik aandag kon geniet nie. As gevolg van die nodige tydsafstand kan 'n objektiewe geskiedenis oor die oorlog reeds op daardie stadium geskryf word. So 'n geskiedenis sal nie alleen in 'n nasionale behoefte voorsien nie, maar terselfdertyd sal verhoed word dat 'n groot hoeveelheid uiters waardevolle mondelinge getuienis onherroeplik verlore gaan. 32)

---

30) Ibid., 9.1.1931: Inleidingsartikel.
31) Ibid., Daarby het die Regering in 1933 'n burgergrafte-kommissie aangestel en is R2,000 beskikbaar gestel vir die instandhouding van burgergrafte. <u>Die Vaderland</u>, 9.1.1934. Die Regering het dus wel aandag aan die burgergrafte gegee en geld daarvoor beskikbaar gestel, maar kon nie die geld vind om die verloregaande boustowwe oor die oorlog te laat versamel nie.
32) <u>Die Burger</u>, 8.1.1931: Inleidingsartikel.

/2. Die saak in............

2. Die saak in die Senaat ter tafel gelê.

Die saak is nog in 1931 in die Senaat ter sprake gebring toe senatore A.T. Spies en N.O. Potgieter hulle ten gunste van die insameling van boustowwe en die boekstawing van die geskiedenis van die oorlog uitgespreek het. 33) Senatore F.S. Malan en W. Wessels het die wenslikheid van 'n geskiedenis oor die oorlog op daardie stadium betwyfel omdat dit net weer die hartstogte by die nog lewende deelnemers aan die oorlog sou wakker maak en verskil van mening mag uitlok wat die regering van die dag in 'n moeilike posisie kon plaas. 34)

Die minister van Binnelandse Sake, dr. D.F. Malan, het vervolgens daarop gewys dat 'n geskiedenis oor die oorlog nie op daardie stadium geskryf kan word nie aangesien die dokumente in die argiewe slegs tot 1894 vir navorsing beskikbaar was. 35) Die regering kon wat die saak betref nie verder gaan nie as om alle geskiedkundige stukke d.m.v. die Argiefkommissie te versamel en te bewaar. 36)

Dit is opmerklik dat die Minister slegs verwys het na die versameling en bewaring van dokumente en niks gesê het oor die saak wat eintlik verreweg die dringendste aandag vereis het nie, nl. die versameling van getuienis van oudstryders.

3. Oproepe van die Sentrale Monumente-komitee en twee oudstryders.

Nog 'n mislukte poging is in 1931 op 'n vergadering van die Sentrale Monumente-komitee geloods toe besluit is om d.m.v. die F.A.K. 'n beroep te doen om 'n jaarlikse toelaag beskikbaar te stel vir 'n navorser wat die mondelinge getuienis i.v.m. die Vryheidsoorlog kon opteken. 37)

---

33) Die Senaat van Suid-Afrika, Debatte. Kaapstad, [illegible] 1931, p. 266.
34) Ibid., p. 270-271, 281.
35) Volgens argiefwet no. 22 van 1922 kon alle dokumente eers na sewe en dertig jaar tot die beskikking van navorsers gestel word. Die tydperk is aan die Britse argiefwet van daardie tyd ontleen. Die tydperk is in 1953 na vyftig jaar verleng. Sedert 1962 is dit vasgestel op tussen sewe en veertig en twee en vyftig jaar.
36) Ibid., p. 281.
37) Die Volksblad, 6.4.1931: Volksmonumente bespreek.

/Baie oudstryders..........

Baie oudstryders het deeglik bewus geword van die waarde van die getuienis waaroor hulle beskik en dit het hulle nie aan geesdrif ontbreek om dit te laat opteken nie. So wys vk. E. Röhm op die leemtes wat daar in die getuienis oor die oorlog bestaan en stel voor dat daar o.a. dadelik begin word om beëdigde verklarings van burgers af te neem wat kennis dra van gevalle waar Bantoes en Kleurlinge krygsdiens teen die Boere gedoen het. [38]

Ook vanuit Natal is 'n besielende oproep deur vk. L.J. Spies op die Suid-Afrikaanse volk gedoen om daardie kosbare episodes uit die geskiedenis wat die voedingsbron van die nasie is nie verlore te laat gaan nie. Daarom doen hy 'n beroep op alle persone dwarsdeur die land om hulle ondervindinge oor die oorlog neer te skryf en aan hom te stuur wat hy dan in 'n boek sou laat druk, ongeag die koste daaraan verbonde. [39]

4. <u>Die pogings van die Vrystaatse Provinsiale Raad</u>.

Die eerste grootskaalse poging in die verband is nog in 1931 op 'n informele vergadering van die Vrystaatse Provinsiale Raad geloods toe besluit is dat 'n sentrale komitee en sub-komitees met die hulp van *Die Volksblad* alle oorlogsmateriaal sou insamel en om met die finansiële steun van die Helpmekaar en F.A.K. 'n historikus aan te stel om die geskiedenis van die oorlog te boek te stel. [40]

*Die Volksblad* het hierdie lofwaardige gedagte as 'n reeds langgevoelde behoefte aangeprys en daarop gewys dat so 'n poging, a.g.v. beter bekendstelling en groter organisasievermoë op kulturele gebied, 'n veel beter kans op welslae sou hê as in die verlede. Aange-

---

38) *Die Volksblad*, 12.5.1931.
39) Ibid., 8.9.1931.
40) Ibid., 19.9.1931: Geskiedenis van Vryheidsoorlog.

/sien die F.A.K.........

sien die F.A.K. kontak het met alle kulturele verenigings behoort dié liggaam die voortou te neem. Dan vervolg diè blad:

> „Ons verstout ons om te sê dat hierdie aangeleentheid van die versameling van geskiedbronne uit ons republikeinse verlede die dringendste kultuursaak is wat tans die aandag van die Afrikaanse volk verdien. Inderdaad is dit meer dringend en verdienstelik as enige gedenkteken waarvoor tans gelde ingesamel word, met uitsondering van die Oorlogsmuseum by Bloemfontein en die Kruger-geboortehuis by Steynsburg......"[41)]

Die Volksblad meld voorts dat die versamelde materiaal eers historiese waarde sal hê wanneer dit deur 'n geskoolde historikus met 'n deurtastende kennis van die tydvak gesif is sodat d.m.v. ondervraging van oudstryders teenstrydighede opgelos en leemtes aangevul kon word. Die hoop is ten slotte uitgespreek dat die Regering homself gedeeltelik verantwoordelik sal hou vir die belangrike saak.[42)]

Die groot kampvegter vir hierdie saak, J.M.H. Viljoen, hoofredakteur van Die Huisgenoot, het bogenoemde besluit van die Vrystaatse Provinsiale Raad aangeprys, maar terselfdertyd daarop gewys dat die voorgestelde metode tot mislukking gedoem is. Nie leke nie, maar deskundiges met voldoende kennis om die waarheidsgetrouheid van die getuienis te toets, sou die verklarings van die oudstryders moes gaan afneem. Noukeurige kontrole sou noodsaaklik wees aangesien 'n tydsverloop van dertig jaar sou meebring dat baie herinneringe gekleur sou wees met wat van ander gehoor is. Feite en verdigsel wat nou saam geweef is, sou van mekaar geskei moes word. Foutiewe waarneming is baie waarskynlik by die

---

41) Ibid., 28.9.1931: Inleidingsartikel.
42) Ibid.

/meeste oudstryders......

meeste oudstryders en sou in die getuienis geïdentifiseer moet word. [43)]

In 1932 het die Vrystaatse Provinsiale Raad 'n tweede poging geloods om boustowwe oor die oorlog met behulp van verskillende kultuurliggame, die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party te versamel en weer eens het Viljoen daarop gewys dat met so 'n metode nie sukses behaal kan word nie. [44)]

Teen 1933 het daar nie minder nie as drie organisasies bestaan wat hulle die versameling van boustowwe oor die oorlog ten doel gestel het, te wete die Historiese Kommissie deur die Vrystaatse Provinsiale Raad in die lewe geroep, die Historiese Kring deur die F.A.K. gestig en die Historiese Kommissie van die Saamwerkunie van Natalse Verenigings. Viljoen het voorgestel dat dié drie liggame hulle arbeidskragte moet koördineer ten einde arbeidsverspilling en botsing van belange te voorkom. [45)]

5. Die bydrae van J.M.H. Viljoen.

Dit was aan die begin van die dertiger jare dat Die Huisgenoot onder leiding van sy hoofredakteur, J.M.H. Viljoen, begin het om oorlogservarenes tot die besef te bring van hoe belangrik dit is dat hulle hul herinneringe moet opteken. Ook het die blad hom dit ten doel gestel om belangstelling by sy lesers vir oorlogslektuur op te wek. Viljoen sê in sy herinneringe:

> „Geleidelik het ek dus begin met geskiedkundige bydraes - eers algemene artikels om bepaalde gebeurtenisse te herdenk, en daarna reekse herinneringe

---

43) Die Huisgenoot, 2.9.1932: Inleidingsartikel.
44) Ibid., 28.4.1933: Inleidingsartikel.
45) Ibid., 1.9.1933: Inleidingsartikel.

> van oudstryders: artikels oor al die beroemde veldslae, oor die leiers, die bannelingkampe....Hierdie artikels het onmiddellik weerklank gevind by die lesers, en binne 'n paar maande het ek die genoeë gehad om tal van briewe van oor die hele land te ontvang waarin my beleid om belangwekkende geskiedkundige bydraes te plaas, geesdriftig ondersteun is... Wat ek sonder twyfel kan konstateer, is dat daar nie nog 'n blad in die land is wat soveel gedoen het om kennis van 'n tydperk in ons geskiedenis waaroor daar in die verlede op ons skole soos die graf geswyg is, tot die breë lae van die volk te bring nie." 46)

In 1935 wys Viljoen in 'n inleidingsartikel 47) daarop dat, in teenstelling met ander lande, daar in ons land nog weinig noemenswaardig oor ons jongste geskiedenis verskyn het. By Britse staatsmanne is dit die reël om hulle herinneringe op te teken, maar dieselfde kan nie van ons staatsmanne gesê word nie. Van Engelse sy het al heelwat oor die Tweede Vryheidsoorlog verskyn, veral in die vorm van biografieë en herinneringe. Hy doen dan verder 'n beroep op die geskiedskrywers om 'n reeks biografieë oor die tydperk na 1880 te skryf. Ook wys hy daarop dat dit vir die nog lewende krygs- en staatsmanne soos J.C. Smuts, W. Malan, Melt van Schoor, Piet Grobler en baie ander nog nie te laat is om hierdie verpligting teenoor die nageslag na te kom nie.

In 'n brief aan die Suid-Afrikaanse volk in 1939 beskuldig dr. W.J. Leyds, gewese staatssekretaris en later buitengewone gesant van die Z.A.R. in Europa, die Afrikaners van pligsversuim en die Suid-Afrikaanse regering van nalatigheid omdat daar nog nie 'n omvattende geskiedenis

---

46) J.M.H. Viljoen, _'n Joernalis vertel_. Kaapstad, Nasionale Pers, 1953, p. 115-116.
47) _Die Huisgenoot_, 6.9. 1935.

/van die Vryheidsoorlog......

van die Vryheidsoorlog van Boerekant verskyn het nie. [48] Viljoen wat besef het hoeveel kosbare getuienis reeds verlore gegaan het, het hom met Leyds se mening vereenselwig:

> „Ons glo saam met dr. Leyds dat die owerheid in hierdie opsig nie van nalatigheid vry te pleit is nie, want dit is 'n onderneming wat te groot is vir private inisiatief." [49]

6. Die oproep van Die Transvaler.

Ook Die Transvaler het besef dat die tydglas besig was om leeg te loop. In 1942 word in 'n inleidingsartikel verwys na 'n kongres van die Saamwerkunie op Vryheid, waartydens adv. E.G. Jansen die noodsaaklikheid beklemtoon het dat die herinneringe van deelnemers aan die Vryheidsoorlog soveel moontlik opgeteken moet word. Daar is al minstens twintig keer in die openbaar op die noodsaaklikheid daarvan gewys met weinig positiewe resultate.Daar is al so baie planne ontwerp vir die behoorlike boekstawing van die oorlog dat daar amper 'n boek oor die planne self geskryf kan word. Reeds in 1921 is 'n vereniging gestig wat die optekening van die herinneringe van oudstryders ten doel gehad het, maar die vereniging het nie verder as sy stigting gevorder nie. In 1932 is in die Vrystaat verskeie komitees gestig om o.a. inligting in te win oor die vernaamste gevegte wat plaasgevind het. Dit het egter gebly by die beskrywing van slegs een geveg in Die Volksblad.

In Transvaal is in 1937 begin om die geskiedenis van die verskillende kommando's te beskryf. Ook hiervan het niks tereg gekom nie.

---

48) Ibid., 19.5.1939: Inleidingsartikel.
49) Ibid.

/Die blad wys..............

Die blad wys vervolgens daarop dat dit, wat dié saak betref, net by vuurwarm toesprake en besluite bly wat nooit in dade omgeskep word nie. Dit strek die Afrikaanse volk en sy historici nie tot eer dat daar na veertig jaar nog nie 'n enkele werk in Afrikaans bestaan wat die Vryheidsoorlog in sy geheel behandel nie. Ten slotte word daarop gewys dat daar nou handelend opgetree moet word om die etlike duisende oudstryders wat nog in die lewe is se herinneringe op te skryf. Anders sal dieselfde verskynsel wat hom voorgedoen het t.o.v. die versameling van getuienis oor die Groot Trek weer herhaal word. 50)

7. ʼn Poging deur die F.A.K.

ʼn Bewys van presies hoever teen 1942 gevorder was met die insameling van boustowwe oor die oorlog word verder gevind in ʼn versoek wat dr. J.A. Coetzee, voorsitter van die Historiese Kommissie van die F.A.K. in dier voege aan Die Huisgenoot gerig het. ʼn Beroep word gedoen op persone wat aan die Eerste en Tweede Vryheidsoorloë deelgeneem het om alles wat hulle kan onthou op skrif te stel, of deur ander te laat opteken, die manuskrip voor twee getuies te laat teken en dit dan aan die genoemde kommissie te stuur vir bewaring. 51)

Viljoen se reaksie hierop was, soos hy al meermale in sy blad verklaar het, dat gegewens wat op so ʼn manier ingesamel sal word in die meeste gevalle nutteloos sal wees. Sy vernaamste beswaar teen die voorgestelde metode was dat sulke materiaal driedubbele sifting sou vereis voordat dit as historiese bronne-

---

50) Die Transvaler, 3.6.1942: Inleidingsartikel.
51) Die Huisgenoot, 24.7.1942: Inleidingsartikel.

/materiaal.........

materiaal geklassifiseer sou kon word.

> „Immers, daar is meer as net 'n pen, 'n strokie papier en 'n geheue wat deur meer as net 'n menseleeftyd verdof is, nodig om betroubare materiaal vir 'n toekomstige geskiedenis te lewer. 'n Hele reeks "historiese verenigings, kommissies of genootskappe het in die verlede dieselfde probeer doen i.v.m. die Tweede Vryheidsoorlog en die resultate is tot dusver presies nul." 52)

Viljoen het vervolgens die pogings van die F.A.K. geloof, maar verklaar dat indien dit hulle werklik erns was, moes die insameling van die materiaal behoorlik georganiseer en deur geskoolde navorsers gedoen word en moes daar nie net met 'n algemene oproep volstaan word nie. 53)

8. Die poging van die Johannesburgse Volksfeeste-komitee.

Die laaste poging in dié verband is, sover ek kon vasstel, in Oktober 1949 deur die Johannesburgse Volksfeeste-komitee onder leiding van mnr. D.P. Goosen geloods. Laasgenoemde is op die oomblik in besit van ongeveer 1,200 oorlogservarenes se herinneringe wat deur hulself opgeteken en in ses boekdele saamgebind is. 'n Groot deel daarvan is egter, volgens Goosen, van minderwaardige gehalte. 54)

So het die volk van Suid-Afrika wat hom so op sy verlede beroem en sy inspirasie vir die toekoms graag daar wil soek met lede oë sit en toekyk hoe juis daardie deel van sy geskiedenis waar sy nasiebestaan getoets is deels onherroeplik verlore gaan.

E. Faktore wat die optekening van herinneringe van oudstryders sedert die begin van die dertiger jare bevorder het.

---

52) Ibid.
53) Ibid.
54) Deur D.P. Goosen aan my meegedeel.

/1. Pleidooie............

1. Pleidooie en pogings van verskillende instansies.

Bogenoemde pleidooie en pogings deur die pers, J.M.H. Viljoen en verskeie organisasies om die getuienis van oorlogservarenes opgeteken te kry, het die belangstelling geprikkel en daartoe gelei dat 'n hele aantal oorlogservarenes nou die waarde van hulle getuienis begin besef het. Dit het hulle aangespoor om hulle herinneringe op te teken of te laat opteken en dit het 'n stroom outobiografieë in die dertiger en veertiger jare tot gevolg gehad.

2. Die Voortrekker-eeufees maak die volk geskiedenis-bewus.

Sedert die stigting van die Sentrale Volksmonumentekomitee op 4 April 1931 wat ten doel gehad het om al die verskillende bewegings te koördineer wat monumente ter ere van die Voortrekkers beoog het, is die belangstelling in die Groot Trek en daarmee ook in die geskiedenis in die algemeen algaande aangewakker. Die verlede van die Voortrekkers is sterk in die kalklig geplaas en terselfdertyd is die Tweede Vryheidsoorlog wat as 'n voortsetting van die vryheidstryd van die Afrikaner beskou is in herinnering geroep. Die Afrikaner het sy eietydse stryd in sy verlede ontdek. Dit sou nuwe dryfkragte en impulse vir die politieke stryd van die dag verskaf. [55] Die naderende eeufeesvierings het die entoesiasme hoër laat oplaai en 'n hoogtepunt is bereik met die simboliese ossewatrek en die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument op 16 Desember 1938. Die besielde oudstryders is a.g.v. hierdie ge-

---

55) Van Jaarsveld, Lewende verlede, p. 73-74.

beure verder geprikkel om hulle herinneringe op te teken en so die Afrikanerheldedom verder bekend te stel.

3. Die Tweede Wêreldoorlog en politieke woelinge dien as verdere prikkel.

Die Tweede Wêreldoorlog het sonder twyfel die belangstelling in die Vryheidsoorlog in 'n groot mate geprikkel. Veral die politieke woelinge sedert die uitbreek van die oorlog in 1939 het Afrikanernasionalisme nog hoër laat opvlam en 'n groot deel van die Afrikanernasie het, gedagtig aan die verlede, kant gekies teen Engeland. Die Afrikaner het sy blik nogmaals na sy eie worstelstryd gewend en net gedurende die oorlogsjare alleen het minstens agt en twintig outobiografieë oor die Vryheidsoorlog verskyn.

4. Omstandighede begunstig outeurs van outobiografiese werke.

Outeurs kon nou in hulle eie taal skryf terwyl 'n Afrikaanse uitgewerswese bestaan het. Daarby kon skrywers van oorlogswerke op 'n entoesiastiese leserskring staatmaak wat voorheen nie daar was nie.

Gevolglik het die stroom outobiografieë vanaf 1935 weer konstant begin vloei om gedurende die oorlogsjare 'n hoogtepunt te bereik en daarna geleidelik af te neem. Tot 1971 het die aantal verskene dagboeke en herinneringe sedert 1931 op minstens nege en sestig te staan gekom.

F. Moontlike redes waarom daar nie meer dagboeke oor die Tweede Vryheidsoorlog verskyn het nie.

Uit 'n totaal van drie en dertig dagboeke wat ek kon opspoor, is vier en twintig deur burgers en burgeresse van die twee voormalige republieke gehou.

/Aangesien die..........

Aangesien die waarskynlikheid nou, bykans sewentig jaar na die oorlog, vinnig kleiner word dat daar nog veel dagboeke oor die oorlog sal verskyn, kan daar op hierdie stadium die vraag gestel word waarom daar nie meer dagboeke deur republikeine gehou is nie.[56)]

As in aanmerking geneem word dat daar meer as 100,000 volwasse burgers en burgeresse by die oorlog betrokke was, moes daar, relatief gesproke, heelwat meer dagboeke oor die oorlog verskyn het. Hierdie veronderstelling is des te meer geregverdig indien die uniekheid van die oorlog as gebeurtenis in die lewens van almal wat daarby betrokke was in aanmerking geneem word.

Die Tweede Vryheidsoorlog was sonder twyfel een van die mees uitstaande gebeurtenisse in die lewens van diegene wat daarby betrokke was. Dit was 'n besondere oorlog aangesien dit 'n vryheidstryd was en daarby 'n worstelstryd van 'n klein groep mense teen 'n geweldige oormag. Die taaie vasberadenheid van die Boere het tot gevolg gehad dat die oorlog groot afmetings aangeneem en aan verskillende fasette en groot kleurrykheid gestalte gegee het. Dit het die elemente bevat van oorwinning en nederlaag, heldemoed en lafhartigheid, moed en wanhoop, trou en laagverraad, humaniteit en barbarisme, die lag en die traan. Hier was die bestaan van 'n nasie op die spel en die stryd het 'n onuitwisbare stempel op diegene wat daarby betrokke was, nagelaat. Inderdaad het dit dan ook meer as een ervarene na die pen laat gryp, maar tot 'n spontane boekstawing deur 'n groot aantal persone het dit tog nooit gekom nie.

(i) <u>Intellektuele onvermoë en geestelike traagheid.</u>

'n Belangrike rede vir die waarskynlik klein aantal dagboeke wat gedurende die oorlog gehou is, was moontlik die intellektuele onvermoë van veral die plattelandse bevolking waar-

---

56) Daar is natuurlik 'n aantal ongepubliseerde dagboeke in die verskillende argiewe, biblioteke en in privaatbesit, hoewel dagboeke van besondere betekenis gewoonlik gepubliseer is.

/ uit outomaties..............

uit outomaties voortgespruit het 'n afkeer aan die intellektuele.[57] Baie van die onontwikkelde ervarenes het gevolglik die geestelike inspanning ontsien om 'n daaglikse verslag van hulle ervaringe daarop na te hou alhoewel geestelike traagheid ook 'n rede was waarom 'n aantal ontwikkeldes geen dagboeke aangehou het nie.

(ii) Die ervarenes was nie bewus van die waarde van dagboeke nie.

Talle republikeine het blykbaar nie die nut daarvan ingesien om 'n dagboek aan te hou nie en hulle het nie besef dat gebeure waarvan hulle dikwels die enigste ooggetuies was, indien opgeteken, later groot historiese waarde sou hê nie.

(iii) Omstandighede te velde.

Dit is ook moontlik dat die gestalte wat die stryd later aangeneem het, nl. dié van aanhoudende vlug en veg onder moeilike omstandighede, die meeste oudstryders se kragte só in beslag geneem het dat hulle nie tyd en energie gehad het om daardie stryd om lewe en dood nog op skrif ook te stel nie.

(iv) Verlore dagboeke.

'n Onbekende aantal dagboeke het gedurende die oorlog verlore gegaan. So blyk dit uit die getuienis van 'n aantal oorlogservarenes dat hulle wel dagboeke aangehou het, maar dat dit gedurende die oorlog verlore gegaan het deurdat óf die vyand daarop beslag gelê het óf dat dit verloor of op ander maniere te velde vernietig geraak het. 'n Verdere aantal dagboeke het na die oorlog verlore gegaan en een van die vernaamste redes hiervoor was waarskynlik dat die waarde daarvan nie besef en dit gevolglik nie

---

57) Kyk ook in dié verband die uitspraak van prof. Kritzinger, p. 8 en 9, hierbo.

/goed bewaar is nie........

goed bewaar is nie.

(v) Die hensoppers en verraaiers sou nie hulle getuienis opteken nie.

Dit is opmerklik dat daar, sover my bekend, geen dagboek of herinnering gepubliseer is deur die groot aantal republikeine wat oneervol uit die stryd getree het nie. Om onbegryplike redes het hierdie mense nie hulle ervarings, wat van onskatbare historiese waarde kon gewees het, op skrif gestel nie en daar bestaan gevolglik 'n groot leemte in die getuienis oor hierdie aspek van die oorlog.

G. As gevolg van leemtes in die getuienis kan 'n volledige en betroubare geskiedenis oor die Vryheidsoorlog nie geskryf word nie.

In 1949 was daar 'n pennestryd in Die Huisgenoot tussen oudstryders en dr. J.H. Breytenbach oor wie die skuld dra vir die ramp by Wolwekraaldrif (Paardeberg). Uit die polemiek blyk dit dat die betrokke oudstryders op die fynste puntjies met Breytenbach verskil en hy probeer hulle argumente weerlê met aanhalings van oorlogstelegramme.[58)]

Die feit dat in studies oor die Tweede Vryheidsoorlog so gereeld van kontemporêre en sekondêre bronne deur navorsers gebruik gemaak word, weerlê die stelling van Breytenbach t.o.v. die volledigheid van die oorlogstelegramme. Dit is bekend dat die Boere-aanvoerders nie altyd 'n intensiewe verslag van krygsgebeure aan die betrokke oorlogskantore gestuur het nie, terwyl verslae van onderoffisiere aan hoofoffisiere gewoonlik kort en saaklik was.

Wat die eerste fase van die oorlog betref, is die navorser gevolglik noodwendig aangewys op ander sekondêre bronne, terwyl hy in die geval van die guerillafase van die oorlog oorgrotendeels daarop

---

58) Met verwysing na die oorlogstelegramme sê hy: "Daardie egte bronne stel ons in staat om 'n suiwer en getroue geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog uit Boerestandpunt op te stel. Deur hulle sorgvuldig te bestudeer, kry ons volkome helderheid m.b.t. alle sake wat tot dusver vir ons duister was en word ons instaat gestel om die baie wanopvattinge wat i.v.m. die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog bestaan en selfs onder ons oudstryders welig voortwoeker - volkome uit die weg te ruim. Daardie bronne is die enigste volstrek vertroubare getuienisse oor die oorlog". Die Huisgenoot, 10.3.1950. Gedeeltes deur my onderstreep.

aangewys is.

Die historiese bewussyn wat alreeds tydens die Tweede Vryheidsoorlog by die Afrikaner aanwesig was en verder deur die Eerste Wêreldoorlog en Rebellie gestimuleer is, het tot aan die begin van die dertiger jare dus tog nie 'n spontane opskrifstelling deur diegene wat by die oorlog betrokke was tot gevolg gehad nie.

Aan die begin van die dertiger jare is die noodsaaklikheid besef dat die nog lewende oorlogservarenes se getuienis opgeteken moet word. Verskeie pogings in dié verband het egter jammerlik misluk. Dringende en aanhoudende beroepe op oorlogservarenes en die hernude prikkeling van die historiese bewussyn van die Afrikaner deur gebeure soos die simboliese ossewatrek en die Tweede Wêreldoorlog het die publikasie van 'n hoeveelheid kosbare gegewens oor die oorlog tot gevolg gehad wat andersins verlore sou gegaan het. Slegs 'n beperkte aantal oorlogservarenes het egter hulle ervarings óf eiehandig opgeteken óf dit deur histories ongeskoolde persone laat opteken en die resultaat kon voorsien word.

Met die getuienis tot ons beskikking is dit duidelik dat 'n volledige sowel as betroubare geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog nie geskryf kan word nie. Hierdie toestand kon in 'n mindere of meerdere mate verhelp gewees het indien daar, veral van owerheidsweë, meer daadkrag aan die dag gelê en die lewende getuienisbronne behoorlik ontgin is. Presies hoeveel armer die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog is a.g.v. bogenoemde nalatigheid is 'n punt waaroor daar slegs bespiegel kan word.

## HOOFSTUK 2.

## ELEMENTêRE WAARDEBEPALING VAN DIE DAGBOEK EN HERINNERINGSGESKRIF OOR DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG AS HISTORIESE BRON.

In die voorwoord van hierdie studie is reeds gewys op die gebrek van argivaliese getuienis oor die verskillende fasette van die Tweede Vryheidsoorlog as gevolg waarvan die navorser grootliks aangewys is op ander kontemporêre en sekondêre bronne nl. die dagboeke en herinneringe van die oorlogservarenes. 1)

Die elementêre waardebepaling het betrekking op die outobiografiese lektuur in die algemeen en dien as voorbereiding van nadere waardebapalinge van die individuele werke.

A. Die dagboek.

1. Die betroubaarheid van dagboekgetuienis.

Wat die outobiografiese bronne betref, sal die navorser hom in die eerste plaas na die dagboek as getuienisbron wend. Die waarde van dagboekgetuienis as historiese bron is voor die hand liggend. Dagboekgetuienis is inderwaarheid momentele waarnemings wat in die hitte van die gebeure op skrif gestel is met die gevolg dat geheuefoute, waaraan herinneringsgetuienis so fel blootgestel is, minimaal behoort te wees.

Die dagboek as bron wen verder in waarde as in aanmerking geneem word dat die dagboekskrywer homself die taak opgelê het om sy daaglikse ervaringe op te teken waardeur hy homself onder die verpligting gestel het om noukeurig waar te neem ten einde 'n getroue beeld van die gebeure te kan opteken.

Ten spyte van bogenoemde twee faktore wat aan dagboekgetuienis waarde verleen, kan die navorser dagboekfeite oor die Tweede Vryheidsoorlog

---

1) Kyk die voorwoord, p. ix.

/nie sonder meer.......

nie sonder meer as geloofwaardige bronnemateriaal aanvaar en gebruik nie. Dit blyk as die dagboek aan die historiese kritiek onderwerp word soos hieronder aangetoon sal word.

2. Die bepaling van die betroubaarheid van dagboekgetuienis oor die Vryheidsoorlog d.m.v. die historiese kritiek.

Die waardebepaling van die outobiografiese bronne oor die Tweede Vryheidsoorlog, soos dit tewens ook die geval is met alle historiese bronne, geskied op tweërlei wyse nl. die identifikasie van die getuienis volgens die uiterlike vorm van die bron wat bekend staan as die eksterne kritiek, terwyl d.m.v. die interne kritiek die betroubaarheid van die getuienis ondersoek word. 2)

(i) Die eksterne kritiek.

Alreeds by die identifikasie van die dagboekgetuienis oor die Vryheidsoorlog kom die navorser voor die probleem te staan dat hy in 'n groot aantal gevalle nie met sekerheid kan bewys wát en hoevéél van die inhoud van die veronderstelde dagboek wel dagboekgetuienis is nie. Die rede hiervoor is dat die oorgrote gedeelte van die gepubliseerde dagboeke wat in hierdie studie behandel word, nie die dagboek in sy oorspronklike vorm is nie, maar òf 'n verwerking van die oorspronklike dokument deur die dagboekskrywer self òf iemand anders òf 'n verwerkte kombinasie van dagboek- en herinneringsfeite is, en die dagboek word, soos hierbo aangetoon word, 3) in nie minder nie as agt verskillende variasies aangetref.

---

2) Kyk o.a. E.I. Strubbe, Inleiding tot de historische critiek. Antwerpen, N.V. Standaardboekhandel, 1954, p. 54-56.

3) Kyk inhoudsopgawe.

Waar herinneringsgetuienis en ander bronnefeite aanvullend tot dagboekfeite gebruik word, gebeur dit dat dagboekfeite dikwels moeilik of glad nie geïdentifiseer kan word nie en dit bemoeilik gevolglik die waardebepaling van die getuienis. Soms meld 'n 'n outeur slegs terloops in sy of haar vertelling dat hy of sy 'n dagboek aangehou het sonder om dit spesifiek in die titel of voorwoord te meld. Alle werke waarin gestel is dat 'n dagboek gehou is, het ek in die kategorie van dagboeke geplaas, wel wetende dat die moontlikheid bestaan dat so 'n werk meer herinnering as dagboek mag wees.

By sommige dagboeke duik die probleem ook op of die outeur die teks selfstandig en eiehandig opgestel het en of hy dele van die teks dalk van ander oorgeneem het. Ontlenings is moontlik dus gemaak sonder enige bronvermelding en veral waar die teks nie woordeliks oorgeneem is nie, maar verwerk is, is die ontlening uiters moeilik bewysbaar. 4)

(ii) Die interne kritiek.

Wanneer die betroubaarheid van die dagboekgetuienis d.m.v. die interne kritiek getoets word, kom veel ernstiger probleme na vore. By 'n groot aantal van die verwerkte dagboeke kon nie altyd vasgestel word watter feite wat in die dagboek verhaal word deur die skrywer self en watter feite deur iemand anders waargeneem is nie. Talle gevalle kom voor waar die skrywer nie aangedui het hoe hy aan sy feite gekom het nie. In ander gevalle meld die outeur dat getuies geraadpleeg is sonder om hulle egter te identi-

4) Vgl. Strubbe, op. cit., p. 61-63.

/fiseer.................

fiseer en te vermeld hoe húlle aan hulle kennis gekom het. Verwerkings van dagboeke deur iemand anders skep die verdere probleem dat die verwerker ter wille van volledigheid en leesbaarheid waarskynlik ook sy verbeelding laat geld het en bewustelik of onbewustelik sy stof uit ander bronne aangevul het. Gevolglik kan nie vasgestel word wat van die oorspronklike dagboekhouer en wat van die verwerker afkomstig is nie. Dit laat die navorser verder in twyfel oor die geloofwaardigheid van sulke getuienis.

Die navorser is dus verplig om in sulke gevalle van uiterlike omstandighede af te lei hoe die outeurs aan hulle feite gekom het. Deur die ervarenes se bewegings noukeurig na te gaan, kan in 'n mate vasgestel word of hulle ooggetuies van die verskillende gebeure kon gewees het. Waar die outeurs van ander getuies gebruik maak, kon in die meeste gevalle die verskillende skakels wat die outeur van die teks met die ooggetuie van die feit verbind nie opgespoor word nie. [5]

Die waarde van die dagboekgetuienis hang verder af van die persoonlike hoedanighede van die getuie. Om 'n bevoegde getuie te kon wees, moes hy of sy sorgvuldig kon waargeneem en begryp het wat waargeneem is. [6] Die bevoegdheid van die getuie kan afgelei word van sy identiteit en die gehalte van die getuienis. Veral waar getuienis, vanweë die uniekheid daarvan, onkontroleerbaar is, is 'n grondige kennis van die getuie vir die navorser van groot waarde in die waardebepaling van sulke

5) Ibid., p. 64-66.
6) Ibid., p. 66-68. Vgl. H.J. De Vleeschauwer, Handleiding by die wetenskaplike tegniek. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1960, p. 67.

/getuienis................

getuienis. Verskeie outeurs van die oorlogsdagboeke se identiteit kon egter slegs ten dele of glad nie vasgestel word nie, terwyl laasgenoemde natuurlik ook van toepassing is op die onbekende aantal anonieme getuies van wie die dagboekouteur gebruik gemaak het.

Tweedens kan die bevoegdheid van die getuie en daarmee die waarde van die getuienis bepaal word deur die noukeurigheid waarmee die gebeure beskrywe word, [7] 'n kwalifikasie waaraan verskeie dagboeke nie voldoen nie. Ten slotte kan die betroubaarheid van die getuienis getoets word deur dit te vergelyk met ander betroubare bronne, wat egter in die geval van dagboeke oor die Vryheidsoorlog nie altyd moontlik is nie, aangesien gedeeltes van eie ervaringe oor die oorlog dikwels uniek en heel persoonlik was en daar geen ander soortgelyke vergelykbare ervaringe opgeteken is nie.

Van besondere belang is die geestesgesteldheid van die dagboekouteur, want sy of haar houding teenoor die gebeure en die doel met die optekening van die getuienis, sal die wyse bepaal waarop die getuienis op skrif gestel word.[8] Daar bestaan ook die neiging by die mens om gebeure eerlik, maar onbewus eensydig weer te gee - 'n verskynsel wat voortvloei uit sy ingebore geestelike individualiteit. Elke outeur het sy eie persoonlike temperament en persoonlikheid en die milieu waarin hy beweeg, sy ouderdom, sy filosofiese, politieke en sosiale oortuigings wat deel van sy wese is en waarvan hy moeilik afstand kan doen, is almal faktore wat sy objektiwiteit

---

7) Strubbe, op. cit., p. 67.
8) Ibid., p. 68-69.

/nadelig........

nadelig beïnvloed.[9] Die geestesgesteldheid van die outeur kan met redelike sekerheid uit sy of haar persoonlikheid, uit die omstandighede waaronder die getuienis opgestel is, maar veral uit die verloop van die verhaal self afgelei word.[10]

Waar volkome objektiwiteit 'n aanvaarde onmoontlikheid by wetenskaplike geskiedskrywing is, is dit soveel meer die geval by dagboeke oor die Vryheidsoorlog. Die strekking van hierdie dagboeke moet uit die aard van die saak in 'n mindere of meerdere mate subjektief wees aangesien die feite in die hitte van die stryd opgeteken is toe hartstog en derhalwe ook vooroordeel die outeur se oordeelsvermoë beinvloed het en hy of sy geneig was om 'n saak eensydig voor te stel.

Ten slotte het die oorgrote gedeelte van die gepubliseerde dagboeke wat hier vir behandeling in aanmerking kom, van hulle waarde ingeboet omdat hulle òf vertaal òf verwerk is òf omdat hulle aangevul is met herinneringe wat geheuefoute mag bevat.[11] en daarom steeds met twyfel bejeën moet word. Waar dagboeke aangevul is met herinneringe, wen sulke werke andersyds weer aan waarde. Sommige dagboeke was nl. moontlik fragmentaries van aard en daarom onvolledig. Gevolglik het die verwerker, ten einde 'n harmonieuse, logiese verhaal die lig te laat sien, blykbaar die dagboekfeite aangevul met waardevolle herinneringsfeite wat andersins miskien nooit bekend gemaak sou gewees het nie.

Uit die voorafgaande paragrawe blyk, en dit sal uit die bespreking van die verskil-

---

9) De Vleeschauwer, op. cit., p. 67-68.
10) Strubbe, op cit., p. 69.
11) Vir die leemtes by herinneringsgetuienis kyk p. 34.

lende werke verder aan die lig kom, dat die dagboeke oor die Vryheidsoorlog se waarde as bronne baie verminder word in die lig van historiese kritiek, dat die navorser op baie vrae wat opduik geen definitiewe antwoorde kan gee nie en dat hy teen wil en dank moet terugval op waarskynlikhede en bespiegelings wat 'n toestand van onsekerheid skep en nie finaliteit aan sake gee nie.

3. Klassifisering van dagboeke volgens die vorm waarin hulle verskyn het.

Van die drie en dertig gepubliseerde dagboeke wat ek kon opspoor, handel twintig oor die verloop van die stryd in sy verskillende fasette, terwyl sewe betrekking het op die konsentrasiekampe en die lotgevalle van die vroue te velde en ses op die bannelingkampe.

'n Poging is aangewend om die dagboeke in die verskillende variasies waarin hulle verskyn het volgens aard te groepeer en in 'n waarderangorde volgens die waarskynlike betroubaarheid van hulle inhoud te plaas.[12] Dit is egter tot op sekere hoogte slegs 'n willekeurige groepering aangesien outeurs van dagboeke t.o.v. bevoegdheid van mekaar verskil en elke bron en outeur inderwaarheid op eie meriete beoordeel moet word.

B. Die herinneringsgeskrif.

1. Die bepaling van die betroubaarheid van herinneringsgetuienis oor die Vryheidsoorlog d.m.v. die interne kritiek.

Die beperkte hoeveelheid dagboekgetuienis oor die Vryheidsoorlog en die leemtes daarin verplig die navorser om van die herinnering as bron gebruik te maak. Herinneringsgetuienis se waarde word in vergelyking met dagboekgetuienis veel meer deur die

---

12) Kyk inhoudsopgawe.

/toepassing......

toepassing van die historiese kritiek aangetas. Behalwe dat herinneringsgetuienis aan die meeste gebreke van dagboekgetuienis mank gaan, [13] word die waarde daarvan nog verder verminder deur die invloed van die tydsfaktor.

By die herinneringe oor die oorlog lewer die identifikasie van die getuienis 'n legio byna onoplosbare probleme op. Hoewel 'n groot aantal oorlogservarenes bevestig dat hulle hul by hulle persoonlike ervaringe gehou het, bewys die inhoud van die werke dat dit dikwels nie die geval was nie. 'n Gebeure is vanselfsprekend net na afloop daarvan, gedurende die res van die oorlog en selfs daarna deur die deelnemers daaraan bespreek, en met verloop van tyd het die outeur bewus of onbewus ontlenings uit die mond van ander getuies en en uit gepubliseerde oorlogsgetuienis gemaak en dit as sy eie ervaringe op skrif gestel of laat stel.

Soms verwys 'n ervarene wel na getuies sonder om hulle egter te identifiseer en die navorser moet sulke getuienis weer eens bevraagteken omdat hy geen bewyse het van hoe dáárdie getuies aan hulle feite gekom het en of hulle bevoegde getuies met goeie geheues was nie.

Selfs die identiteit van 'n groot aantal outeurs van herinneringe, hetsy die ervarene self, hetsy iemand anders, kon slegs ten dele of glad nie vasgestel word nie en die bevoegdheid van sulke getuies kan derhalwe slegs ten dele bepaal word.

Die werklike ervarings van 'n onbepaalde aantal oorlogservarenes is met verloop van jare verder gekleur met die vrugte van hulle verbeeldings en die oorsprong en waarheidsgetrouheid van hulle getuienis word gevolglik verder onder verdenking geplaas.

---

13) Kyk p. 28-34.

/Oorlogservarenes..

Oorlogservarenes het ook dikwels hulle eie menings, wo. kritiek op die Boere-leërleiding, gegee. Die moontlikheid bestaan dat die vele invloede wat met die jare op hulle ingewerk het hulle sekere menings laat lug het wat by die navorser die vraag wek of dit nie maar van agterna gesien is nie. Die ervarene het m.a.w. in die hitte van gebeure optredes van offisiere en burgers so aanvaar en goedgekeur, maar na die oorlog toe tydsafstand perspektief gebring het, het die ervarene bewus geword van die foute wat begaan is. Sy kritiek op daardie stadium kan gevolglik minder of selfs geen historiese waarde besit nie. Aan die anderkant weer kan menings van oorlogservarenes nie sonder meer deur die navorser geïgnoreer word nie aangesien hulle menings gebaseer kan wees op wat hulle persoonlik ondervind het en gevolglik, afhangende van die bevoegdheid van die getuie, sekere gesaghebbende waarde mag hê.

Die grootste enkele faktor wat die waarde van herinneringsgetuienis oor die oorlog onder verdenking kan plaas, is die betroubaarheid van die ervarene se geheue.

'n Aantal herinneringe wat hier behandel word, veral sommige wat lank na die oorlog verskyn het, toon duidelik dat die getuie slegs die hooftrekke van gebeure nog kon onthou en sulke bronne is vanselfsprekend minder waardevol. 'n Verbasende groot aantal oorlogservarenes het egter, te oordeel aan die intensiewe beskrywings, oor uitstekende geheues beskik en sommige van hulle kon na selfs meer as vyftig jaar, gebeure nog in fyn besonderhede onthou.

Enersyds moet onthou word dat die oorlog die sentrale gebeurtenis in hulle lewens was wat le-

/wend.......................

wend gehou is deur die menslike eienaardigheid dat sy sware tye in die verlede dikwels die aangenaamste herinneringe van die grysaard vorm en in die geval van die Vryheidsoorlog het dit die trots van die oorwonnenes geword.[14] Daarby het die oorlogstragedie 'n onuitwisbare indruk op die ervarenes se geheues nagelaat. Ook het hulle hul ervarings oor en oor in hul gedagtes herleef en deur gedurige oorvertelling deur die jare is verhoed dat dit vervaag het. Dit is ook 'n bekende feit dat ouer mense dikwels gebeure uit hulle jonger dae baie beter onthou as dinge wat kort gelede gebeur het.

Andersyds moet herinneringsgetuienis, veral dié wat lank na die oorlog opgeteken is, versigtig beoordeel word omdat alle geheues feilbaar is. Hoe intensiewer herinneringe beskryf word, hoe waardevoller is die werk as bron. Dit kan ook as aanduiding van die bekwaamheid van die getuie dien. Aan die anderkant moet gedétailleerde beskrywings met groot versigtigheid bejeën word, want hoe dieper die ervarene in besonderhede gaan, hoe groter word die moontlikheid dat hy of sy foute sal begaan. Dit geld nie alleen t.o.v. individuele feite nie, maar ook wat betref die kronologiese volgorde van gebeure. In die meeste herinneringe word min of geen datums verstrek nie, met die gevolg dat die navorser die volgorde van gebeure in die verskillende werke nie sonder meer as korrek kan aanvaar nie.

Die onfeilbaarste manier om die waarheidsgetrouheid van herinneringsgetuienis vas te stel, is om dit met ander bestaande feite te kontroleer. Persoonlike ervarings is egter dikwels uit die aard van die saak enig van aard en inhoud. Sulke getuienis kan gevolglik nie gekontroleer word

---

14) J.D.Viljoen, Die Huisgenoot, 22.5.1953: Inleidingsartikel.

en die............

en die waarheidsgetrouheid daarvan nie vasgestel word nie. Waar die ervarenes hulle egter oor bekende gebeure soos bv. veldslae uitgelaat het, het talle teenstrydighede t.o.v. die verskillende vertellinge onmiddellik aan die lig gekom.

Hoewel herinneringe wat lank na die oorlog opgeteken is dikwels die gewone tekens van 'n tanende geheue toon, nl. onvolledigheid, vaaghede en onnoukeurighede, kan die waarheidsgetrouheid van herinneringsgetuienis nie sonder meer volgens die tydsverloop sedert die oorlog bepaal word nie. So is dit moontlik dat gebeure wat veertig jaar na die oorlog te boek gestel is waarheidsgetrouer mag wees as gebeure wat bv. twintig jaar na die oorlog opgeteken is. Beknopte werke wat 'n jaar na die oorlog verskyn het, mag veel minder waarde hê as 'n inhoudryke werk wat veertig jaar en meer na die oorlog verskyn het. Elke individuele herinneringsgeskrif moet suiwer op meriete beoordeel word en alles hang af van die getuie se bevoegdheid as waarnemer en sy vermoë om die waargenomene later te reproduseer.

Net soos in die geval van dagboekouteurs moet die navorser noukeurig ag slaan op die geestesgesteldheid van die outeurs van herinneringe wanneer hy hierdie bron beoordeel. Die meeste outeurs van herinneringe het in 'n mindere of meerdere mate die objektiwiteitsbeginsel t.o.v die vyand gedien. Ter wille van die nageslagte en rasseharmonie is die lelike sy van die oorlog egter dikwels verswyg. Die meeste ervarenes het hulle herinneringe opgeteken of laat opteken op 'n gevorderde leeftyd toe hulle die swaard al lankal terug in die skede geplaas het. Gevolglik toon die meeste herinneringe min of geen tekens van bitterheid. Die gevaar bestaan

/egter dat......

egter dat 'n kunsmatig gematigde houding 'n vals en daarmee 'n subjektiewe beeld mag skep van die werklike gees waarin die oorlog gevoer is.

Daarom het sommige outeurs, in reaksie op bogenoemde houding, besluit om al die naakte feite oor die oorlog te openbaar, maar enkeles het in die proses tot oordrewe subjektiwiteit geneig.

Verskeie herinneringe van jong burgers en meisies het waarskynlik enersyds in waarde toegeneem deurdat dit 'n aantal jare na die oorlog opgeteken is toe die betrokke persone letterkundig beter toegerus was, beter perspektief en groter objektiwiteit aan die dag gelê het en die getuienis sodoende meer tot sy reg laat kom het.

Oorlogsherinneringe van 'n persoon wat deur iemand anders opgeteken is, boet verder van hulle wetenskaplike waarde in deurdat daar nie vasgestel kan word wat van die ervarene afkomstig is en watter materiaal deur die outeur bygevoeg is nie. Die outeur was nie getuie van die gebeure nie en hy kon sy verbeelding tot groot hoogte inspan ten einde 'n vlotgeskrewe, harmonieuse en onderhoudende verhaal te laat verskyn. Verdigting, oordrywing, foutiewe interpretasie, en daarmee 'n vals beeld van die gebeure en die ervarene is nie uitgesluit nie. Aan die anderkant was sommige oorlogservarenes nie letterkundig goed toegerus om hulle ervaringe self op te teken nie en in sommige gevalle is die waarde van hulle herinneringe moontlik verhoog deurdat 'n bekwame outeur reg laat geskied het aan hulle ervaringe en heldedade.

Die bron oor die oorlog wat die felste blootstaan aan die historiese kritiek is die herinneringsgetuienis wat ter wille van groter leesbaarheid in romanvorm gepubliseer is en ter wille van populariteit moes dié werke hulle wetenskaplike waarde in 'n mindere of meerdere mate prysgee.

/Oorlogsherinneringe..

Oorlogsherinneringe in romanvorm kan in twee kategorieë verdeel word nl. waar die ervarene self sy herinneringe op skrif gestel het en tweedens waar die ervarene se herinneringe deur iemand anders in romanvorm opgeteken en verwerk is. In eersgenoemde geval het die paar outeurs slegs in 'n beperkte mate van hulle verbeeldings gebruik gemaak en hulle het waarskynlik nie veel van die werklikheid afgewyk nie aangesien hulle verbeelding op persoonlike ervaring berus. Wat die tweede kategorie betref, boet die werke egter veel meer van hulle wetenskaplike waarde in, want nie alleen is die herinneringe verwerk nie, maar die outeurs het tot groot hoogte hulle verbeeldings laat geld. Gevolglik kan die ervarene se getuienis dikwels nie geïdentifiseer word nie en dit is daarom tot groot hoogte nutteloos vir die navorser.

Die romanvorm bied andersyds aan die outeur groter bewegingsvryheid en J. Romein verwys dan ook tereg na geskiedkundige gebeure in romanvorm wat met 'n intensiteit geskilder is wat deur geen wetenskaplike noukeurigheid oortref kan word nie.[15] Ten spyte van die gebreke van herinneringe in romanvorm, bevat die werke milieuskildering wat uit kultuur-historiese oogpunt waardevol is.

2. <u>Klassifisering van herinneringe volgens die vorm waarin dit verskyn het.</u>

Herinneringe oor die oorlog het in ongeveer ses variasies verskyn[16] en die waarderangorde volgens die betroubaarheid van die getuienis is, net soos in die geval van dagboeke, nie altyd in die praktyk van toepassing nie aangesien bron en outeur elkeen op eie meriete beoordeel word.

---

15) Romein, op. cit., p. 99.
16) Kyk inhoudsopgawe.

## HOOFSTUK 3.

## OORSPRONKLIKE GEPUBLISEERDE DAGBOEKE.

In die volgende hoofstukke word 'n kort individuele waardebepaling van die onderskeie gepubliseerde outobiografiese bronne wat ek oor die Tweede Vryheidsoorlog kon opspoor, gegee. Die verskillende soorte dagboeke en herinneringe word, soos dit in die voorafgaande hoofstuk uiteengesit is, in 'n waarderangorde volgens die moontlike betroubaarheid van die getuienis gegroepeer en bespreek.

Onder die oorspronklike gepubliseerde dagboeke wat in hierdie hoofstuk bespreek word, word ingesluit dagboeke in hulle oorspronklike en onvertaalde vorm, vertaalde weergawes van oorspronklike dagboeke en oorspronklike onvertaalde briewe.

A. Onveranderde onvertaalde weergawes van die oorspronklike dagboeke mét of sónder taalkundige veranderings.

1. A.D. Lückhoff, Woman's endurance.

August Daniël Lückhoff is op 6 Julie 1874 op Colesberg gebore. Nadat hy enige jare aan die onderwys verbonde was, is hy in 1896 na die Kweekskool op Stellenbosch waar hy hom as predikant bekwaam het.[1)]

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog was hy as kapelaan in die konsentrasiekamp te Bethulie vanaf 21 Augustus tot 1 November 1901 werksaam. Hy het ingewandskoors opgedoen en geestelik versteurd geraak met die gevolg dat hy huis toe gestuur is.[2)] Na die oorlog het hy die gemeentes Caledon (1904-1905) en Darling (1912-1916) bedien. Hy het hom deurentyd beywer vir die onderwys van die verarmde en verwaarloosde kinders van veral Noordwes-Kaapland en vir die behoeftiges in die algemeen. Die Universiteit van Stellenbosch het erkenning verleen aan hierdie arbeid deur aan hom 'n eredoktors-

---

1) N.G.Kerk - jaarboek. N.G. Kerk- uitgewers, 1964, p. 590.
2) A.D. Lückhoff, Woman's endurance. Kaapstad, S.A. News Co., 1904, p. 66-67.

/graad in die.......

graad in die Opvoedkunde toe te ken. Vanaf 1916 tot 1943 was hy Algemene Armsorgsekretaris van die Kaapse N.G. Kerk. Hy is op 5 Mei 1963 oorlede. 3)

Sy doelstelling met die hou van 'n dagboek stel Lückhoff soos volg:

> „The thought suggested itself the very first day that I might desire, in after years, to recall my experiences in camp, and so I decided to keep a diary. This thought, and this alone, prompted me in the matter". 4)

Sy doel met die publikasie van die dagboek stel hy soos volg:

> „The only answer I wish to plead is that this work is a tribute to Woman's Endurance, and that it presents in the story of that endurance, and the fortitude of the Dutch women and children, one of the nobler aspects of the last war". 5)

Lückhoff het die daaglikse gebeure saans neergeskryf, en ten einde die feite so korrek moontlik weer te gee, het hy gereeld sy sakboekie geraadpleeg. Hy meld voorts dat wat in die dagboek geskryf is, in haas gedoen is, en op die ingewing van die oomblik sonder inagneming van die taal, styl of vorm. En aangesien hy saans in 'n uitgeputte toestand die inskrywings gedoen het, is die inhoud van die dagboek in 'n besondere vorm gegee, nl. in kort sinne, brokstukke van sinne, en soms slegs sleutelwoorde wat egter 'n besonder treffende effek gee en atmosfeer verleen aan die tragedie wat daar afgespeel het.

Hy meld dat die gereproduseerde dagboek wat vorm betref absoluut onveranderd gebly het en dat die enigste veranderings wat aangebring is die voluitskryf van verkortings en die verbetering van plattaal is. Hy het dit ook nodig gevind om 'n aantal verklarende voetnotas by te voeg ten

---

3) N.G. Kerk- jaarboek, 1964, p. 590.
4) Lückhoff, op. cit., voorwoord.
5) Ibid.

/einde................

einde onduidelikheid oor persone en gebeure uit te skakel.[6]

Die oorspronklike dagboek het in Engels verskyn, maar waar die kampbewoners aan die woord was, het hy Nederlands gebruik. Hierdie Nederlandse gedeeltes is onveranderd geplaas, maar die Engelse vertalings daarvan is agteraan in hakies aangegee.[7]

Behalwe die optekening van daaglikse gebeure het die aanskouing van soveel smart en ellende soms tot die openbaarmaking van die innerlike van Lückhoff gelei en die leser kom ook te wete watter indruk die gebeure op sy gemoed gemaak het. Oor die algemeen verraai die werk 'n verbasende beheersdheid.

Die dagboekhouer konstateer in die grootste gedeelte van die werk slegs die feite met weinig subjektiewe kommentaar. Dit gee aan die getuienis hoë wetenskaplike waarde. So stip hy die dag na sy aankoms in die kamp aan:

> „169;[8] Heever; four children; all sick.
> 450; great distress, Du Toit, child sick; no nourishment; young mother sick; only child dead.
> 526; De Wet; daughter delirius; dying; two others sick on floor, pathetic.
> 372; Kotze; baby dying; two others sick; great friends Oom Jacob."[9]

Op 6 September stip hy aan:

> „Sad case this evening; found mother at bedside of sick child; she has lost two already this week, and this one is the last; husband died at Greenpoint. The sorrow of it. May God spare this child's life".[10]

en so lees die dagboek bladsy na bladsy sodat Lückhoff self op 3 Oktober moet aanstip:

> „Diary becoming monotonous; too great sameness. Hospitals; visits; sick; dying; funerals; morose topic; oppressive".[11]

---

6) Ibid.
7) Vgl. voorwoord.
8) Dui tentnommers aan.
9) Ibid., p. 7.
10) Ibid., p. 21.
11) Ibid., p. 54. Van al die kampe in Suid-Afrika is die Bethuliekamp die drukste deur die doodsengel besoek en die dodetol het uiteindelik op 1714 te staan gekom. Sien K. Hamman, Dagboek van 'n Bethulie-kampdogter. Bloemfontein, N.G. Sendingpers, 1965, p. IX.

/Hoewel kapelaan............

Hoewel kapelaan H.J.C. Bekker hom bygestaan het, was sy dae gevul met 'n menigte verpligtinge wo. die daaglikse begrafnisdienste, waarvan soms twee op een dag, besoek aan die baie siekes, sy vereiste teenwoordigheid by die talle sterfbeddens, en die baie behoeftes van die kampbewoners waarmee hulle so dikwels na die pastorie gekom het. As herder moes hy troos en bemoedig, totdat dit vir hom so 'n moeite geword het dat hy op 1 September aanstip:

> „It is so hard to pray, and so very wearying. And then to comfort and cheer, when your heart is lead within". [12].

Teenoor die tragedie wat in die kamp afgespeel het, het hy magteloos gestaan.

> „This was my daily dilemma: Speak out and protest, and be removed or imprisoned - hold silence and be the coward, and remain in the work. And I chose the latter". [13]

Die groot waarde van die dagboek lê in die waarneming en uitbeelding van die lyding van vrou en kind in 'n kamp deur iemand wat, uit die aard van sy beroep, ten nouste met die kampbewoners saam geleef het.

Sy getuienis het nie slegs betrekking op 'n groepie individue soos dit die geval is in die meeste werke wat oor die konsentrasiekampe verskyn het nie, maar hy gee 'n breë oorsig van die lotgevalle van al die families wat hy moes bearbei. As sentrale figuur was hy miskien die beste daartoe in staat om met gesag 'n betroubare beeld te kon gee van die toestande wat in die Bethuliekamp geheers het.

2. <u>J.S. van der Watt,[14] Het leven der Boeren krijgsgevangenen op Ceylon.</u> [15]

Van der Watt het die dagboek op 3 Februarie 1902 begin toe hy in die distrik van Bethlehem ge-

---

12) Ibid., p. 16.
13) Ibid., p. 27, voetnoot.
14) Geen besonderhede kon van die skrywer verkry word nie.
15) Die skrywer was nie op Ceylon krygsgevangene nie, maar in Indië en die titel is gevolglik foutief.

/vang en na die kamp.........

vang en na die kamp te Kakoal in Indië gestuur is waar hy op 9 April aangekom het. Vervolgens verhaal hy sy agt maandelange verblyf in die kamp saam met ongeveer 1,400 ander bannelinge. Toe vrede gesluit word, weier 351 burgers om die eed van getrouheid aan Brittanje af te lê en hulle besluit om op instruksies van hulle leiers uit Suid-Afrika te wag.

Op 5 Desember is hulle na Fort Ahmednagar gestuur en word hulle verblyf aldaar beskryf. Alle Boerekrygsgevangenes in Indiese kampe[16)] wat nie die eed van getrouheid wou aflê nie is na Fort Ahmednagar en Fort Gavindgarh gestuur. Op 20 Januarie 1903 was daar 823 burgers in eersgenoemde kamp.

As gevolg van slegte behandeling wat hulle ontvang het, het hulle 'n brief aan pres. Kruger gerig waarin hulle op ingryping aangedring het, dog die antwoord het gelui dat hulle die eed van getrouheid moes aflê en na Suid-Afrika moet terug keer. Dit het hulle nie tevrede gestel nie en genl. De la Rey was verplig om hulle op 17 Desember 1903 'n besoek te bring. Hy het hulle persoonlik beveel om die eed van getrouheid aan Brittanje af te lê, wat die 498 man wat toe nog daar was dadelik gedoen het. Op 8 Januarie 1904 is Van der Watt vrygelaat en die laaste inskrywing in die dagboek is op 29 Januarie 1904 toe hy uiteindelik weer by sy familie in die Vrystaat aangekom het.

Hierdie werk, wat terloops geen hoofstukindeling bevat nie, moet as 'n besonder waardevolle stuk getuienis oor die lewe van die Boerebannelinge beskou word, veral vanweë sy kultuurhistoriese gegewens. Van der Watt gee 'n intensiewe

---

16) Daar was veertien kampe in Indië. Die paroolkampe waarvan Wellington, Bhimtal, Ranikhet, Murree en Dagshai die vernaamste was, was bo in die Himalaya-berge geleë en het 'n besonder aangename klimaat gehad. Die nie-eednemers is na die kampe op die vlaktes van Indië gestuur waar die klimaat uiters onaangenaam was. Die vernaamste van hierdie kampe was Trichinopoly, Kakoal, Shahjahanpur, Sailcot, Bellari en Amritzar.

/ daaglikse.........

daaglikse verslag van gebeure. 'n Groot aantal name van burgers word vermeld, terwyl die daaglikse bedrywighede van die bannelinge breedvoerig beskryf word. Selfs die weersgesteldheid word feitlik daagliks aangestip. As voorbeeld van gedétailleerde beskrywings kan volstaan word met 'n verslag van 'n godsdiensoefening wat gehou is:

> "(16 Oct.)Heden een algemeene biddag Donderdag 16 October 1902 ten 2 uur komen de onzen weder bij elkander in 8 huizen en 4 tenten onder leiding van twaalf verschillende broeders. C.J.de Jager leidt het biduur voor omtrint 300 toehoorders en laat zingen Gz 127 VI en leest Hosea 6 en doet het gebed en zingt 127 V 3-4 en spreekt over Esther 4 V 16 en zingt Gz 81 V 5. Toen zijn de broeders in het gebed voortgegaan en doen zingen na elkander elk 2 gebeden en besloten met Gz 189 V 6." 17)

Die dagboek is uniek in dié sin dat dit hoofsaaklik handel oor 'n aantal Boerebannelinge wat geweier het om die eed van getrouheid af te lê en watter behandeling hulle a.g.v. hulle onversetlikheid ontvang het.

Die behandeling in die kamp te Kakoal was volgens Van der Watt die slegste van al die kampe in Indië, maar dit was niks in vergelyking met die behandeling wat hulle in Fort Ahmednagar te beurt geval het nie. In hierdie „moordkuil" het die kampowerhede probeer kyk hoe onaangenaam hulle dit vir die bannelinge kon maak ten einde hulle te dwing om die eed van getrouheid af te lê. Veral die kosrantsoen was nie alleen totaal ontoereikend nie, maar ook van uiters swak gehalte.

Ongelukkig meld Van der Watt nie of hy die dagboek onveranderd laat publiseer en of hy wysigings aangebring het ter wille van publikasiedoeleindes nie.

---

17) J.S. van der Watt, Het leven der Boeren krijgsgevangenen op Ceylon. Amsterdam, Amsterdam-boekhandel, 1905, p. 85.

3. G.S. Preller, (red.),[18] Scheepers se dagboek en die stryd in Kaapland (1 Oktober 1901 - 18 Januarie 1902).

Met die verskyning van hierdie werk is nog 'n held uit die Tweede Vryheidsoorlog aan die vergetelheid ontruk. Soos dit met verskeie ander dokumente gedurende die oorlog die geval was, het hierdie kosbare geskrif ook byna vir die nageslag verlore geraak. Inderwaarheid is die dagboek hier onder bespreking 'n vervolg van 'n ander dagboek wat van 27 September 1899 gehou is,[19] maar wat nooit opgespoor kon word nie.[20]

Dit was Scheepers se wens dat die Graaff-Reinetse prokureur, Tom Auret, wat hom verdedig het, sy dagboek aan sy familie moes oorhandig. Op onverklaarbare wyse het die dagboek egter in die hande van 'n sekere Sam McKee gekom wat dit aan die Rand Daily Mail verkoop het. In 1904 het vertaalde uittreksels van die dagboek in laasgenoemde blad verskyn wat toe die dagboek deur bemiddeling van die South African News in Kaapstad aan Scheepers se ouers terug besorg het.[21]

Die werk bestaan uit drie dele. In die eerste deel gee Preller by wyse van inleiding 'n kort historiese oorsig van Scheepers se lewe.

Gideon Jacobus Scheepers is op 4 April 1878 in die Middelburgse distrik in Transvaal gebore en is gefussileer te Graaff-Reinet op 18 Januarie 1902.[22] In 1894 het hy by die Transvaalse Staatsartillerie aangesluit en is opgelei as heliografis.[23] Op Vrystaatse versoek is hy in 1898 na Bloemfontein om die Vrystaatse veldtelegrafie te gaan organiseer.[24]

Met die uitbreek van die Vryheidsoorlog veg Scheepers as Vrystater onder genl. P.A. Cronjé aan die wesfront. Hy was nie by Cronjé se kommando

---

18) Vir biografiese besonderhede van Preller kyk p. 123 hieronder.
19) G.S.Preller, Scheepers se dagboek en die stryd in Kaapland ( 1 Oktober 1901 - 18 Januarie 1902 ). Kaapstad, Nasionale Pers, 1938, p. 71.
20) Ibid., p. 60.
21) Ibid., p. 62-63.
22) Ibid., p. 3.
23) Ibid., p. 5.
24) Ibid., p. 10.

/ toe hy........

toe hy omsingel is nie en na laasgenoemde se oorgawe voeg hy hom by genl. C.R. de Wet en word kaptein van 'n verkennerskorps. Op las van genl. L. Botha vertrek hy op 15 Desember 1900 met twintig Transvaalse en Vrystaatse burgers om die Engelse verbindingslinies in die Kaapkolonie te gaan aantas en Kolonialers vir krygsdiens te werf. [25] Nadat hy 'n tydlank in Noordoos-Kaapland geopereer het, vertrek hy na Suidwes-Kaapland waar hy ondermeer in gevegte by Ladysmith en Riversdal betrokke was. Op 10 Oktober 1901 moes hy a.g.v. koorssiekte en met die vyand op sy hakke homself in die distrik van Prins Albert oorgee. [26]

In hoofstuk ses tree Preller self vir Scheepers in die bresse. Van hierdie „jammerlike vertoon van reg" sê hy:

> „Hy het niks gedoen wat sy aanklaers nie op baie groter skaal in die Vrystaat en Transvaal gedoen het nie. Sy aanklaers het Vrystaat en Transvaal platgebrand, maar sy verbranding van regeringsgeboue van die vyand was 'n geval van „brandstigting". [27]

Preller lê ook 'n teenklag teen die vyand deur op hulle wandade te wys en verwys met minagting na „British Justice" en „British Fairplay" wat blykbaar in oorlogstyd nie geldig is nie. Dan maak hy sy finale gevolgtrekking:

> „Scheepers is die slagoffer geword van 'n blinde oorlogshaat in 'n vuil goud-oorlog van hebsug en afguns". [28]

Hoofstukke sewe en agt handel oor Scheepers se laaste dae in die gevangenis, sy teregstelling en begrafnis aan die hand van verskillende getuies. In hoofstuk nege gaan Preller, in antwoord op die smeekgebede van Scheepers se moeder, die pogings na om die verborge graf van Scheepers op te spoor. Die eerste deel van die werk word af-

---

25) Ibid., p. 17.
26) Ibid., p. 38.
27) Ibid., p. 34.
28) Ibid., p. 38.

/gesluit met die...

gesluit met die geskiedenis van die dagboek soos hierbo vermeld.

Omdat Preller in die eerste plaas joernalis en gevolglik meer skrywer as navorser is, gaan sy inleiding tot die dagboek mank aan 'n gebrek aan ernstige bronnestudie. Hy het deurgaans gebruik gemaak van verklarings van tydgenote wat hy kon aanvul met dokumentêre getuienis wat reeds beskikbaar was in die Pretoriase argief. Dit was waarskynlik nie Preller se bedoeling om 'n uitgebreide lewen skets van Scheepers te gee nie, en daarom is dit juis so jammer dat die geleentheid nie gebruik is om die inleiding uit te bou tot 'n volledige beeld oor Scheepers se kommandoloopbaan nie.[29]

Die tweede deel van die werk bevat die dagboek[30] self wat gehou is vanaf 1 Oktober 1901, enkele dae voor Scheepers se gevangeneming, tot 18 Januarie 1902, enkele ure voor sy dood. Vanselfsprekend vorm die dagboek die middelpunt van die werk en dit is seker een van die menslikste dokumente uit ons geskiedenis waarvan die waarde moeilik oorskat kan word. In hierdie "aangrypende en ontroerende nalatenskap" leer die leser Scheepers ken as krygsman en as mens van groot siele-adel. By die lees van die dagboek word 'n mens getref deur die fynbesnaardheid van sy gees, sy menslikheid, sy ridderlikheid, sy krag en swakheid en sy patriotisme wat nooit verflou het nie, en wat sy grootste nalatenskap aan sy volk was.[31]

Ons volg hom die laaste dae van sy krygsloopbaan tot waar hy uiters siek hom aan die vyand moes oorgee en sy makkers op roerende wyse van hom afskeid neem. Van die hospitaal op Matjies-

---

29) D.W. Kruger, Scheepers se dagboek en die stryd in Kaapland (1 Oktober 1901 - 18 Januarie 1902) (boekbespreking). Ons eie boek, Julie - September 1938, p. 175-176. Vgl. ook D.W.Kruger, (boekbespreking). Die Brandwag, 10 Maart 1939.

30) Preller, Scheepers se dagboek en die stryd in Kaapland (1 Oktober 1901 - 18 Januarie 1902. p. 71-112.

31) D.W.Kruger, Ons eie boek, Julie -September 1938. p. 176.

/ fontein word........

fontein word hy na Graaff-Reinet geneem waar hy tot sy grootste skok in die tronk geplaas word.

Sy laaste hoop verflou toe hy kennis maak met die karikatuur van 'n hof wat vir hom uit die begin na „knoeiery" gelyk het. Dit tref die leser hoedat hy in sy lot berus wanneer hy dink aan die groter ellende waarin sy volk verkeer, en hy troos hom telkens met die gedagte dat hy sy regering getrou gedien het en bereid is om enige offer te bring vir sy land, volk, pres. Steyn en sy geliefde generaal De Wet.

In sy verdediging het hy die volgende dertien beskuldigings teen hom weerlê nl. sewe van moord, een poging tot moord, vier beskuldigings van wrede behandeling van nie-blankes en prisoniers en die beskuldiging dat hy prisoniers in die vuurlyn geplaas het. [32]

Hy erken 'n aantal beskuldigings van brandstigting

> „doch het was onder order van myn regering, alsook het opblazen van treinen". [33]

Hy weier om verantwoordelikheid te aanvaar vir die doodskiet van ál die persone waarvan hy beskuldig word, maar aanvaar verantwoordelikheid vir dié wat hy laat doodskiet het omdat hulle spioene was en hy,"....volgens regel van oorlog ...." die reg daartoe gehad het . [34] Hoe 'n groot klug die hele hofprosedure was, blyk uit die volgende woorde van die beskuldigde:

> „Ik vraag: is het mogelik voor myn verdediging te maken tegen die valse beschuldigen en getuigen, daar myne getuigen nog tevelde zyn, ook myne documenten en instruksie?" [35]

En dan wil hy weet hoe sy vyande hom kan veroordeel vir dade waaraan hulle hulself elke dag

---

32) Ibid., p. 92-97.
33) Ibid., p. 97.
34) Ibid., p. 101.
35) Ibid., p. 100.

/skuldig gemaak het.......

skuldig gemaak het.

Toe Scheepers moes aanhoor hoedat hy op twaalf uit die dertien aanklagte skuldig bevind word, rig hy die aanklag:

> „Ik wist al myn dagen dat de Engelsman vals was gewoest en onschuldig bloed vergoot, doch had niet gedacht dat zy zo verregaande blind zyn en de waarheid niet willen zien". 36)

Scheepers het as martelaar vir vryheid en vir reg deur sy nagedagtenis 'n blywende monument vir sy volk opgerig. 37)

In deel III gee Preller 'n „telegrafiese oorsig" van die hele guerillastryd in Kaapland met spesifieke verwysing na die rol wat die verskillende guerilla-aanvoerders daar gespeel het. Hierdie toevoeging het hy waarskynlik gemaak ten einde die leser 'n beter begrip te laat kry van Scheepers se bedrywighede aldaar. Die feite vir hierdie gepoogde geskiedskrywing is volgens Preller hoofsaaklik gehaal uit die herinneringe van kmdt. A de Wet, adj. H. van Doornik en G.C. du Plessis soos vervat in die werk <u>In Kampf um Süd-Afrika: Die Buren in der Kapkolonie im Kriege mit England</u>.

Ten slotte is vyftien bylaes tot die werk toegevoeg wo. briewe van Scheepers aan sy moeder, enkele korrespondensiestukke i.v.m. die onbekende graf van Scheepers en 'n besonder waardevolle verslag van genl. J.C. Smuts se tog deur die Kaapkolonie gedurende Augustus - September 1901.

4. <u>A. Kuit, (red.), 'n Kommando-prediker.</u>

'n Minder bekende sy van die Tweede Vryheidsoorlog word belig deur die nagelate dagboek van ds. J.M. Louw, kommando-prediker by die republi-

---

36) Ibid., p. 108.
37) D.W. Kruger, <u>Ons eie boek</u>, Julie - September 1938, p. 177.

/keinse magte..........

keinse magte, soos deur A. Kuit onder bogenoemde titel uitgegee.

James Murray Louw is op 18 Januarie 1869 te Murraysburg gebore waar sy vader predikant was. Hy matrikuleer aan die Paarlse Gimnasium en in 1894 lê hy sy proponentseksamen af aan die Universiteit van Stellenbosch. In 1895 is hy na Pretoria beroep waar hy tot 1898 werksaam was. Vandaar is hy na Boksburg beroep waar hy tot sy dood op 21 November 1939 gearbei het. Van 1912 tot 1933 was hy Scriba Synodi en van 1934 tot sy dood Assessor van die Transvaalse Sinode van die N.G. Kerk. [38]

Albert Kuit is op 9 April 1876 op Volksrust gebore. Hy ontvang sy onderwysopleiding in Pretoria en Nederland en tree daarna in diens van die Zuid-Afrikaansche Spoorwegmaatschappy. Na die Tweede Vryheidsoorlog was hy 'n tydlank verbonde aan 'n prokureursfirma te Volksrust. In 1925 is hy aangestel as Spoorwegkommissaris en daarna as Hoofspoorwegkommissaris. Na hy in 1940 afgetree het, is hy aangestel as voorsitter van die Raad van Beheer oor Regeringsdorpe vir Oudgediendes. Hy is op 13 Desember 1949 oorlede. Werke wat van hom verskyn het, is Transvaalse verskeidenheid (1940), Transvaalse gister (1942) en Transvaalse terugblikke (1945). [39]

Kuit wat as Spesiale Inspekteur van die Z.A.R. Veldpos gedurende die Tweede Vryheidsoorlog in Natal diens gedoen het, wys daarop dat a.g.v. omstandighede slegs 'n geringe aantal leraars kort na die aanvang van die oorlog nog direk met die Boeremagte in verbinding was en dat daar uiteindelik slegs ses **leraars**, waarvan Louw een was, oorgebly het. [40]

---

38) N.G. Kerk-jaarboek, 1940, p. 437.
39) Tydskrif van die Suid-Afrikaanse spoorweë en hawens, Januarie 1950, p. 32.
40) Die ander vyf is: M.A. Coetzee, E.C. Anderssen, A.P. Kriel, H.J. Neethling en J.W.G. Strasheim. A. Kuit, 'n Kommando-prediker. Pretoria, De Bussy, 1948, p. 2.

/Ten aanvang.............

Ten aanvang gee Kuit 'n kort relaas van Louw se loopbaan tot met die uitbreek van die oorlog gevolg deur 'n weergawe van die twee dagboekies. Ten slotte is verskeie los dokumente wat volgens Kuit in verband staan met die dagboekaantekeninge òf in die verduidelikings òf in die boekies se inhoud opgeneem - 'n toevoeging wat die waarde van die dagboekies verhoog. Kuit het ook plek ingeruim vir 'n sirkulêre wat deur 'n aantal leraars aan die vegtende burgers gestuur is asook vir vier briewe wat daarmee in verband staan en wat die gemoedstemminge van die kommando-predikers weergee.[41] Ook is 'n lys van woorde en uitdrukkinge bygevoeg wat Louw op kommando gehoor het, 'n lys van ses en twintig gebruike van die mielie "... die groot voedingsmiddel in die Tweede Vryheidsoorlog" en 'n lys van geraadpleegde werke en stukke.

Kuit meld dat Louw sy oorlogservaringe in drie afsonderlike dagboekies opgeteken het. Aangesien een sakboekie uitsluitlik aantekeninge bevat insake die doop van 137 kinders van die drie Afrikaanse kerke en uittreksels daarvan aan die betrokke gemeentes gestuur is, is dit nie in die werk opgeneem nie.

Die twee oorblywende sakboekies kan as twee afsonderlike dagboeke beskou word. Die eerste dagboekie waarin Louw se lotgevalle beskryf word, beslaan ses en sestig bladsye en bevat kort aantekeninge wat met enkele uitsonderings feitlik daagliks aangeteken is.

Op 12 Oktober 1899 vertrek Louw na die Natalse front waar hy tot 1 Februarie vertoef. Daarna vertrek hy na die Colesbergse front. Op

41) Ibid., p. 129-137.

/20 Februarie 1900.......

20 Februarie 1900 keer hy terug na die Natalse front. Op 9 Mei 1900 bevind hy hom op Klerksdorp.Na die val van Pretoria val hy saam met die kommando's terug langs die oosterlyn. Hy maak die vlug van die kommando's deur die Laeveld mee en voeg hom by die kommando's van genls. C. Muller en B. Viljoen op die oostelike Hoëveld. Daar vlug hy saam met die kommando's rond en ontsnap telkens ternouernood uit die hand van die vyand. Intussen moet hy, as een van die weinige leraars te velde, begrafnisse hou en kinders doop en uit sy tweede dagboekie, nl. sy "geestelike aantekeninge", blyk dit dat hy feitlik daagliks dienste vir een of ander instansie te velde gehou het. Teen die einde van die oorlog het Louw hom by die kommando van genl. H.A. Alberts bevind, totdat die kommando wapens neergelê het by Kraalstasie in die Heidelbergse distrik op 5 Junie 1902. Hierdie dagboekie is van waarde vanweë die groot aantal plekaanduidings en noukeurige tydsrekenings (dikwels tot op die minuut), asook die groot aantal kommando's en offisiere wat vermeld word.

Die tweede dagboekie beslaan ses en dertig bladsye en is net soos die eerste vanaf 12 Oktober 1899 tot 7 Junie 1902 gedateer. In hierdie dagboekie word 'n byna daaglikse verslag gegee van die datums waarop dienste gehou is, watter kommando's of burgerlikes bearbei is, waar die dienste gehou is en watter teks by elke geleentheid geneem is.

Deur te let op die keuses van die veldprediker se onderwerpe kry die leser insig in die probleme van die strydende burger soos deur die prediker gesien en word die strydende burger beter in sy stryd van hoop en wanhoop geken en verstaan. Die geestelike bearbeiding en die daarmee gepaardgaande opwekking van hoop en vertroue moet as 'n uiters belangrike faktor in die lewe van die strydende Boer gedurende die Vryheidsoorlog gesien word.[42)]

---

42) Ibid., p. 17.

Ten einde nie afbreuk te doen aan die historiese waarde van die dagboekies nie, het Kuit dit onveranderd in Nederlands weergegee. Die beknoptheid en fragmentariese aard van die aantekeninge asook onverstaanbare sinne en onverklaarbare syfers het tot gevolg dat dit soms moeilik is om altyd 'n goeie begrip van sake te kry. Hiervan dien die volgende as voorbeeld:

> "17/5/02. ICo-ad +2 +Lc P.B. weg en E.M. aan".
> "20/5/02. Vroeg terug naar Panft. 's Avonds naar Leewspruit (Koos Buys). Gistern by I "Stafsectie", "Malanchton". 43)
> "9/9/01. Door Vaalrivier (naby woning Piet Retief). Met commando's tot by ouderl. Koos Grabe (Grootwal) mev. Grabes eigen kaas. Haar "rennet" alias stremsel. (De Tegenwoordigh Gods voor mnr. Grabe, alsook andere boeken)" 44)

Ter wille van meer duidelikheid oor sake en gebeure het Kuit 'n lys van verduidelikings tot die werk toegevoeg wat egter volgens hom nie volledig kan wees nie vanweë die dood van die dagboekhouer en die lang tydsverloop.[45)]

5. Kezia Hamman, (red.),[46)] Dagboek van 'n Bethulie-kampdogter. (Dagboek van R. van der Walt).

Rensche van der Walt was in die Reddersburgse distrik woonagtig toe die oorlog uitgebreek het. Na die oorlog was sy 'n tydlank bibliotekaresse van die Gereformeerde Kerk te Reddersburg. Sy is op 2 November 1948 oorlede.[47)]

Hamman het haar tante, R. van der Walt, se oorlogservaringe vir publikasie-doeleindes in Afrikaans verwerk, waarskynlik vanweë die foutiewe taal en styl en die moeilik leesbare vorm waarin dit geskryf is. Gelukkig het sy die oorspronklike dagboek, wat aan die Bloemfonteinse oorlogsmuseum

---

43) Ibid., p. 85.
44) Ibid., p. 60.
45) Ibid., p. 17.
46) Van hierdie persoon kon geen besonderhede verkry word nie.
47) K. Hamman, Dagboek van 'n Bethulie-kampdogter. Bloemfontein, N.G. Sendingpers, 1965, p. IX.

/ geskenk is.........

geskenk is, saam met die verwerking in een band opgeneem sodat die leser terselfdertyd insae kan hê in die oorspronklike bron.

Die dagboekie wat slegs veertig bladsye beslaan, is gehou vanaf 15 Maart 1901 tot 31 Desember 1902 en bevat die ervaringe van Van der Walt en haar familie in die Bethulie-kamp en die Kubusie-kamp te Uitenhage.

In die Bethulie-kamp het 1714 persone omgekom. Gevolglik oorheers die tragiese in die vertelling en dit is 'n sombere verhaal van ellende, siekte en dood. Nogtans is dit opmerklik dat Van der Walt haar feitlik volkome weerhou het van bitterheid teenoor die vyand, want vir haar was dit die wil van God waarin sy moet berus.

Die dagboek, gekenmerk deur sy ongekunstelde eenvoud, is nie 'n daaglikse verslag van gebeure nie, maar slegs die belangrikste gebeure is aangeteken, terwyl die verskillende fasette van die kamplewe samevattend behandel word.

Die waarde van die dagboekie moet gesoek word in die beeld, hoewel slegs oorsigtelik, wat daar gegee word van die lewe in die vrouekamp te Bethulie en die openbaring van die innerlike van die kampvrou onder uiters ongunstige omstandighede. Van die kamplewe te Kubusie kom die leser weinig te wete, aangesien daar min van vertel word behalwe dat toestande daar beter was.

B. <u>Vertaalde weergawes van oorspronklike dagboeke.</u>

1. Maria E. Rothmann, (red.), <u>Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde, 1900 - 1901.</u> [48] (Die dagboek van F.L. Rothmann).

Maria Elizabeth Rothmann is op 28 Augustus 1875 op Swellendam gebore. Sy het haar skoolloopbaan op Swellendam voltooi en daarna die

---

48) Die oorspronklike dagboek is in die Transvaalse argief.

/B.A.-graad............

B.A.-graad aan die South African College in Kaapstad behaal. Daarna het sy in Transvaal en op Swellendam onderwys gegee. In 1922 het sy tot die redaksie van Die Burger toegetree. Sy is beskou as "..... die allerbeste vroueredaktrise wat hierdie dagblad gedien het". In 1938 het sy haar weer eens op Swellendam gevestig waar sy in 1971 nog gewoon het.

In 1928 was sy organiserende sekretaresse van die A.C.V.V. terwyl sy in dieselfde jaar ook lid was van die Carnegie-kommissie van ondersoek na die armblankevraagstuk in Suid-Afrika. In 1950 het die universiteite van Stellenbosch en Kaapstad 'n ere-doktorsgraad aan haar toegeken. In 1953 het sy die Hertzogprys verower. Ook is aan haar die erelidmaatskap van die Akademie van Wetenskap en Kuns toegeken. In 1965 het sy as eerste Suid-Afrikaanse vrou en vyfde Suid-Afrikaner die F.A.K. se erepenning vir voortreflike volksdiens ontvang. 49)

Van haar het o.a. verskyn Die verlore spe[illegible]lmaat (1925), Na vaste gange (1944) en Die eindelose waagstuk (1948).

Frederik Lindenberg Rothmann is in 1860 in die Swellendamse distrik gebore. 50) Tussen die jare 1865 - 1875 het hy sy skoolopleiding op Swellendam ontvang, waarna hy winkelklerk op laasgenoemde dorp geword het. 51) Later verhuis hy na die Vrystaat waar hy 'n paar jaar lank onderwys gegee het in die distrik Lindley. 52) Sy deelname aan die Malaboch-oorlog besorg hom sy Transvaalse burgerskap. 53) Hy weier om na die Tweede Vryheidsoorlog die eed van getrouheid af te lê en wyk uit na Turkye. 54)

49) S.Goldblatt, Die Huisgenoot, 12.11.1965.
50) M.E. Rothmann, Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde, 1900 - 1901. Kaapstad, Nasionale Pers, 1947, p. 8.
51) Ibid., p. 26.
52) Ibid., p. 47.
53) Ibid., p. 53.
54) Ibid., p. 51.

/Hy keer terug..........

Hy keer terug na Suid-Afrika en in 1914 was hy op 'n plasie in die Transvaalse Laeveld woonagtig. 55)

Die werk bestaan uit 'n inleiding waarin M.E. Rothmann op onderhoudende wyse die kultuurlewe van ou Swellendam in die agtiende en negentiende eeue skets om aan te dui in watter atmosfeer F.L. Rothmann opgegroei het.

Die res van die werk word in beslag geneem deur 'n vertaalde weergawe van twee dagboekies wat deur F.L. Rothmann vanaf 2 Junie tot 4 Desember 1901 gehou is.

Rothmann meld die terugtog van die Boeremagte langs die oosterlyn wat die slae van Donkerhoek (20-21 Junie 1900) en die slag van Dalmanutha (25-27 Augustus 1900) insluit.

Hy maak die vlug met die kommando's deur die Laeveld mee. Terug op die oostelike Hoëveld neem hy onder genl. B. Viljoen deel aan die slag van Helvetia (28.12.1900) en die bestorming van die forte rondom Belfast onder Viljoen en genl. C.H. Muller op 8.1.1901. 56) Hoewel Rothmann hom na laasgenoemde geveg soms by die kommando's van kommandante D.J. Schoeman en A. Malan bevind het, het hy daarna deurgaans op losse voet opgetree deur hom soms by 'n groepie kamerade of vlugtende families te voeg en om dan weer op sy eentjie rond te vlug.

Die dagboek gee nie deurgaans 'n daaglikse verslag van gebeure nie. Ook bestaan die dagboek nie uitsluitlik uit die persoonlike ervarings van Rothman nie. Tydens sy omswerwinge het hy met talle vegtende burgers asook burgerlikes in aanraking gekom en hy het heelwat getuienis wat op die guerillafase van die oorlog

55) Ibid., p. 254.
56) Ibid., p. 101-117.

/in Oos-Transvaal.............

in Oos-Transvaal betrekking het uit hulle mond opgeteken. Ongelukkig meld Rothmann nie altyd wie sy informante is nie en kan die betroubaarheid van die getuienis dikwels nie vasgestel word nie.

Hoewel F.L. Rothmann na Januarie 1901 selde saam met die kommando's opgetree het, was hy nogtans redelik goed op hoogte met die bewegings van die kommando's van genls. Viljoen en Muller en hy meld gereeld hulle krygsoperasies op die oostelike Hoëveld.

Die waarde van die dagboek lê in die beeld wat geskilder word van hoe Rothmann en sy makkers hulle by die oorlogsomstandighede moes aanpas en temidde van veg en vlug moes worstel om aan die lewe te bly. 57) Ook word insae gegee in die aandeel van die Bantoes aan die oorlog in Oos-Transvaal, die verwoesting van daardie streek deur die vyand en die lot van die vrou en kind aldaar.

**M.E. Rothmann** gee nie 'n verduideliking waarom sy dit nodig geag het om die dagboek in Afrikaans te vertaal en daarmee sy historiese waarde te ondermyn nie. G.D. Scholtz wys dan ook daarop dat al sou so 'n stuk van foute wemel dit net so onveranderd met foute en al geplaas moet word ten einde sy historiese waarde te behou. 58)

**M.E. Rothmann** het die korrespondensie tussen genl. L. Botha en lord H.H. Kitchener wat plaasgevind het na hulle samesprekings op Middelburg op 28.2.1901 in die werkie opgeneem asook twee bylaes waarvan een 'n verslag gee van F.L. Rothmann se ondervindinge tydens die slag van Dundee.

---

57) Vgl. G.D. Scholtz, <u>Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde, 1900 - 1901</u> (boekbespreking). <u>Die Huisgenoot</u>, 5.11.1948.
58) Ibid.

2. J.M.C. Reitz (Barry) Ons Japie.

Johanna M.C. Reitz is op 5 September 1884 in die distrik van Harrismith gebore. Die Tweede Vryheidsoorlog het haar skoolloopbaan onderbreek, 59) maar na die oorlog het sy haar opleiding aan die Bellevue Seminarie te Somerset-Oos voltooi. Later, waarskynlik na haar huwelik, het sy haar in Bloemfontein gevestig. Sy was voorsitster van die Suid-Afrikaanse Party en lid van die Westelike Landbou-unie in die Vrystaat, terwyl sy in 1938 op die hoofkomitee van die Verenigde Party in die Vrystaat gedien het. 60)

Die dagboek wat deur Reitz gehou is vanaf 26 September tot 13 Januarie 1903 is nie 'n streng daaglikse verslag van gebeure nie, maar slegs gebeure van belang is aangestip. Ongelukkig is daar gapings in die verhaal a.g.v. dele van die dagboek wat verlore geraak het.

Die dagboek wat in Engels en Nederlands gehou is, is deur Reitz self in Afrikaans vertaal „...sonder om aan die wese of inhoud te torring". Dele wat die gevoelens van ander families kan krenk,is egter weggelaat. 61)

Reitz verklaar dat die dagboek nie in alle opsigte aanspraak maak op historiese juistheid nie en sy onderskei tussen haar eie ervaringe en hoorsê-getuienis, asook tussen betroubare informasie, waar sy haar informante gereeld vermeld, en gerugte, waarvan die oorsprong vir haar dikwels onbekend is. 62)

Die dagboekhoudster gee verslag van haar vader se lotgevalle aan die wesfront en in die Vrystaat totdat hy gewond en gevang word. Hy lê die eed van neutraliteit af en word beveel

---

59) J.M.C. Reitz, Ons Japie. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1960, p. 1.
60) The South African Woman's Who's Who. Johannesburg, Biographies(Pty)Ltd., 1938, p. 315.
61) Reitz, Ons Japie, Voorwoord (ongenommer).
62) Ibid.

/ om na ......

om na Basoetoland uit te wyk. Haar broer, Japie, word ook gevang en na Ceylon verban waar hy aan ingewandskoors sterf.

Op 13 September 1901 word die Barry-familie na die Ficksburgse konsentrasiekamp geneem. Deur middel van haar man kry mev. Barry verlof om hulle by hom aan te sluit en hulle vertrek na Basoetoland waarheen meer as 2,000 blankes met toestemming van die vyand uitgewyk het. [63] Na 'n tien maande verblyf aldaar word dit vrede en die stryd van heropbou aangeknoop.

Ons Japie is 'n treffende stuk getuienis van 'n jong meisie op wie se weerlose en ontvanklike gemoed die oorlog 'n diep indruk gemaak het. So het die verloop van die oorlog en die lotgevalle van haar familie haar gemoedstoestand telkens geweldig beïnvloed en weer eens bewys dat die vrou tuis ook haar eie stryd tydens die oorlog te stry gehad het.

Ten spyte van die lyding wat die oorlog gebring het en die stryd wat haar jong siel as gevolg daarvan te stry gehad het, lê Reitz verbasende beheersdheid in haar dagboek aan die dag. In haar talle sielsontboeseminge openbaar sy eweneens verbasende volwassenheid en dit lewer bewys dat sy 'n opmerksame en intelligente persoon was.

Die besondere bydrae van die werk tot ons kennis oor die oorlog lê daarin dat dit 'n beeld gee van die omstandighede aan die Basoetolandse grens en die lotgevalle van die sogenaamde Boerevlugtelinge in Basoetoland tydens die oorlog. [64]

---

63) Ibid., p. 80.
64) Vgl. F.J. du Toit Spies, Ons Japie (boekbespreking). Historia, Maart 1961.

/ 3. R. de Kersausen.......

3. R. de Kersausen de Pennendreff, Ek en die Vierkleur.

Robert de Kersausen de Pennendreff, 'n Franse edelman, is op 15 Februarie 1879 te Bretagne naby Brest in Frankryk gebore. Hy behaal die B.A.-graad aan 'n kollege te Nantes. Toe die oorlog in 1899 uitbreek, kom hy na Suid-Afrika om sy lot by die Boere in te werp. [65] Na die oorlog het hy hom weer in Frankryk gaan vestig. [66] Tydens die Tweede Wêreldoorlog keer hy na Suid-Afrika terug en vestig hy en sy vrou hulle op Franschhoek waar hy in 1961 nog gewoon het. [67]

Alhoewel De Kersausen de Pennendreff onmiddellik na sy aankoms in Transvaal deur pres. Kruger as Transvaalse burger ingesweer is, moes hy tot sy teleurstelling ontdek dat die uitlanders nie baie welkom by die Boere was nie. Die rede hiervoor was waarskynlik die onkunde van die uitlanders oor dié dinge waarvan die Boere kennis gedra het, asook die feit dat hulle, uitgesonderd die Hollanders, net Engels kon praat.

De Kersausen de Pennendreff het egter besluit om 'n egte Boer te word en het derhalwe verlof gekry om by die Middelburgkommando aan te sluit. In dié hoedanigheid het hy aan verskeie gevegte op die oostelike Hoëveld deelgeneem, wo. die slag by Dalmanutha en gevegte by Warmbad en Lydenburg wat hy egter nie beskryf nie.

Hy sluit by Jan Theron se verkenners-korps aan en neem aan verskeie gevegte in die Vrystaat deel, waaronder die verowering van

---

65) R. de Kersausen de Pennendreff, Ek en die Vierkleur. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1960, p. 2.
66) Ibid., p. 140.
67) C.J. du Toit, Ek en die Vierkleur (boekbespreking). Sarie Marais, 18.1.1961.

De Wetsdorp, die geveg by Bothaville waar genl. De Wet byna gevang is en die slag by Tabaksberg.

Die vertelling tot op hierdie stadium is in die vorm van twaalf bladsye herinneringe aangesien De Kersausen de Pennendreff sy dagboek tydens die geveg by Bothaville kwyt geraak het.

Vanaf 9 Februarie 1901, met die tweede inval van De Wet in die Kaapkolonie, sit De Kersausen de Pennendreff sy vertelling in dagboekvorm voort. Tydens bg. inval is kmdt. W. Malan met vyf en twintig man, wo. die dagboekhouer self, van De Wet se kommando afgesny. Die kommando besluit toe om op sy eie in die Kaapse Middellande te opereer en De Kersausen de Pennendreff beleef talle avonture daar. So word Richmond op 23 Februarie 1901 bestorm en by Klipkraal, tussen Richmond en Victoria-Wes, word 120 Engelse deur sewe en dertig Boere oorweldig.[68)]

Op 7 April 1901 vertrek kmdt. Manie Maritz en De Kersausen de Pennendreff om die rebelleweerstand in Noordwes-Kaapland te gaan organiseer op versoek van die inwoners aldaar. Maritz het spoedig 'n goed toegeruste rebellemag van 120 man op die been gehad en hulle was voortdurend in botsing met maj. H.S. Jeudwine se kolonne.

Maritz wat in die noordweste tot generaal bevorder is, het daar in 'n uitstekende guerillaleier ontwikkel en sy kalme vasberadenheid, teenwoordigheid van gees en onverskrokkenheid het hom die held van sy burgers en van die burgerlike bevolking, maar ook die vrees van die vyand gemaak.

---

68) Ibid., p. 29-30. Generaal Wynand Malan beweer dat die geveg op die plaas Klipplaatfontein plaasgevind het en dat die vyandelike mag 250 man sterk was terwyl sestien burgers aan die geveg deelgeneem het. Kyk H.J.C. Pieterse, Oorlogsavonture van genl. Wynand Malan. Kaapstad, Nasionale Pers, 1946, p. 144-153.

Toe val die eer De Kersausen de Pennendreff te beurt om as afgevaardigde na Pres. Kruger in Nederland te gaan en hom in te lig oor toestande in die Republieke en te verneem wat die moontlikheid van Europese intervensie in die oorlog is. Vermom as Franse oorlogskorrespondent vertrek hy op 14 Julie via Suidwes-Afrika na Swakopmund vanwaar hy per boot na Europa is. Hy het die President te Utrecht besoek en sy taak volvoer. Na 'n avontuurlike reis bereik hy Kaapland weer op 17 Maart 1902.

Die geveg by Leliefontein, die verowering van Springbok en die waaghalsige perdebuitery by Tontelboschkolk het in die dagboekhouer se afwesigheid plaasgevind en hy gee 'n verslag hieroor soos hy dit van ander kommandolede gehoor het. Deurgaans word besonderhede gegee oor die aandeel van die Kleurlinge aan die stryd in die noordweste, die skrikbewind wat hulle gevoer het onder die burgerlike bevolking en die wreedhede wat hulle gepleeg het.

Nadat majoor Phillips op 6 April 1902 op Concordia met 250 man aan Maritz oorgegee het sonder om 'n skoot te skiet, is O'Kiep vanaf 10 tot 30 April aangeval, maar slegs vier van die sestien forte wat die dorp beskerm het, kon verower word. 69) Toe Maritz op die punt gestaan het om in die suide van Kaapland te gaan opereer, het die tyding gekom dat genl. Smuts, wat in bevel was van die krygsoperasies in Noordwes-Kaapland, na Vereeniging opgeroep is vir vredesamesprekinge.

Dit is nie bekend of De Kersausen de Pennendreff sy dagboek in Frans of in Nederlands opgestel het nie, maar waarskynlik het

69) De Kersausen de Pennendreff, op. cit., p. 113-124.

/hy dit self..........

hy dit self verwerk en in Afrikaans vertaal. Die verwerking en vertaling daarvan moet natuurlik afgekeur word, maar gesien dat die oorgrote gedeelte van die werk waarskynlik dagboekgetuienis is en die dagboekhouer 'n ontwikkelde persoon met 'n noukeurige waarnemingsvermoë was, wen die getuienis weer aan waarde.

Veral waardevol is die weergawe van die krygsverrigtinge in die Kaapse Middellande onder kmdt. W. Malan en die guerillakryg in Noordwes-Kaapland waar die leser 'n goeie blik kry in die krygsmanskap en persoonlikheid van Maritz. Die getuienis oor Maritz se militêre operasies in Noordwes-Kaapland is des te waardevoller as in aanmerking geneem word dat Maritz slegs vier en twintig bladsye aan sy bedrywighede aldaar wy [70] en sy verslag oor sy aandeel aan bogenoemde stryd dus totaal onvolledig is.

Die dagboek is onderhoudend geskryf en word gekenmerk deur deeglike terreinbeskrywings. Opmerklik is die vermelding van die talle plaas- en pleknamo wat deur die kommando's besoek is. Dit het tot gevolg dat die roetes van die kommando's duidelik gevolg kan word, alhoewel 'n terreinkaart ongelukkig ontbreek.

4. A.M. Coetzee, (red), Tant Miem Fischer se kampdagboek. (Mei 1901 - Augustus 1902).

Maria Adriana Fischer is op 28 September 1867 in die Ermelose distrik gebore. Op 14 Maart 1889 is sy met W.F.J. Fischer getroud en die egpaar het hulle op die plaas Bührmansvlei aan die Vaalrivier gevestig. [71] Na die oorlog het hulle op Geluksplaas naby Bethal gaan boer. Later het die gesin na die distrik van Carolina

---

70) Kyk S.G. Maritz, My lewe en strewe, p. 251 hieronder.
71) A.M. Coetzee, Tant Miem Fischer se kampdagboek. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1964, p. 1

/verhuis. Na............

verhuis. Na die dood van haar man in 1928 en haar enigste kind, Karel Jan, in 1933 het sy op Ermelo gaan woon waar sy op 18 Mei 1956 oorlede is.[72]

Hierdie werk is "....'n woordelikse uitgawe van Fischer se oorspronklike dagboek, maar met die spelling verafrikaans waar nodig."[73]

Haar kleindogter, mev. A.M. Coetzee,[74] het die dagboek, wat in haar besit is, vir publikasie voorberei en dit waarskynlik ook uit Nederlands in Afrikaans vertaal.

Die dagboek, wat nie 'n streng daaglikse verslag van gebeure is nie, neem 'n aanvang op 29 Mei 1901 toe kol. G.M. Bullock die familie-plaas, Bührmansvlei, vir die derde keer kom plunder, en Fischer en haar elfjarige seuntjie, Karel, na die Standertonse kamp weggevoer word. Op 13 September 1901 is sy en Karel na die Merebankkamp by Durban gestuur waar sy gebly het tot 31 Julie 1902, en die laaste inskrywing in die dagboek is gemaak op 6 Augustus 1902 toe sy en haar familie op Geluksplaas in die Bethalse distrik aangekom het waar hulle hul gaan vestig het.

Fischer gee 'n goeie beeld van die lewe in beide bogenoemde kampe en laat deurgaans die klem val op wat die vrou en kind te verduur gehad het. Sy wys op die gebrek aan voldoende akkomodasie in die Standertonse kamp toe sy op een stadium saam met sestig ander persone in een tent gehuisves was, terwyl 'n ander tent huisvesting aan vyf en sestig persone moes verskaf.[75]

Gedurende Junie 1901 was daar een en veertig families in die Standertonse kerk gehuisves. In die Merebankkamp was hulle eers in tente en

---

72) Ibid., p. 2.
73) Ibid., Sien titelblad.
74) Van dié persoon kon geen besonderhede verkry word nie.
75) Ibid., p. 18. Volgens J.C.Otto (Die Konsentrasiekampe. Kaapstad, Nasionale Pers, 1954, p. 57.) was gebrek aan huisvesting die hoofkenmerk van die konsentrasiekampe. Op Standerton was tente en tentwaens só onverkrygbaar dat sooihutte gebou moes word, maar a.g.v. 'n gebrek aan hout kon dit ook nie die huisvestingprobleem oplos nie.

/ later in .......

later in sinkkamers gehuisves.

Fischer verwys deurgaans na die swak voedsel en die swak mediese fasiliteite en meld met eentonige reëlmaat die talle sterftes in beide kampe. So stip sy op 11 September 1901 aan:

> „Verlede nag is daar binne sewe uur drie kinders van mev. Gouws dood. Die vierde is buite hoop siek, en die vyfde het vanoggend siek geword." 76)

'n Kenmerk van die dagboek is die verbitterde opstandigheid wat daaruit straal. In onverbloemde en in vlymskerpe taal trek Fischer te velde teen die vyand en die dagboek is gevul met uitgegote haat, veragting en verbittering, afgewissel met honende spot en wrange humor teenoor die „beskaafdheid" en "mensliewendheid" van die vyand waarvoor hy, volgens Fischer, dan bekend sou staan. Op 18 Desember 1901 teken sy aan:

> „Die kamp (Merebank) is vir vyftien dae onder kwarantyn vanweë een of twee gevalle van witseerkeel. Nou moet ons so sorgvuldig bewaak word teen besmetting! Hoe edelmoedig! Uit loutere mensliewendheid word vroue en kinders, oud, jonk, siek of gesond, uit alle hoeke van die Vrystaat by hope in klein tente of nat, vuil kamers gestop, en dan - o so genadiglik - met gekleurde suiker of liewer met vitrioelsuiker vergiftig, waardeur dan ook daagliks enige dosyn dankbare uitgeteerde lyke na die kerkhof gedra word". 77)

Op 27 Oktober 1901 is slegs 'n enkele inskrywing gemaak wat verder dui op die harde spot wat daar met die dokters en hospitale gedryf word.

> „Van die ses siekes wat in die hospitaal was, is vier al dood! Uitmuntend!" 78)

---

76) Coetzee, op. cit., p. 39.
77) Ibid., p. 66. Otto, (op. cit., p. 99, voetnoot) verklaar dat hy nêrens offisiële bevestiging vir hierdie bewering gekry het nie, maar hy verwys na getuies wat melding maak van vitrioel in suiker, o.a. E. Neethling Mag ons vergeet? p. 16, 35, M.M. Postma, Stemme uit die verlede, p. 32, 45, 64 en 147 en na 'n monster suiker in die Bloemfonteinse oorlogsmuseum met die byskrif: „Suiker met vitrioel."
78) Coetzee, op. cit., p. 56.

/Algaande.................

Algaande groei haar haat en verbittering tot so 'n mate teen die „lae gebroedsel" en „edele gespuis" dat sy aanteken:

> „As ek 'n mamba was, sou hier nie veel van die vuilgoed oorbly nie." 79)

Die vrede was vir haar, soos vir die meeste ander, 'n verpletterende skok en sy klaag dit vir oulaas uit:

> „Wat van al die gebede, die smekinge wat al die maande opgestuur is, al die bloed en trane, al die ellende en hoop en vertroue op 'n séker verlossing?." 80)

Die waarde van die dagboek lê daarin dat dit 'n momentele waarneming en ontboeseming is van 'n intelligente en fynbesnaarde vrou wat geweier het om soos baie ander kampvroue in haar lot te berus. Dit is die openbaring van die onstuimige gemoed van iemand wat midde in die situasie van naakte lyding en ellende gestaan het en dit verleen 'n persoonlike warmte aan die verhaal. Haar gedagtes, wat uit die aard van die saak nie objektief kan wees nie, is verteenwoordigend van dié van baie ander wat die smaad moes verduur, maar dit nie op só 'n wyse op skrif kon of wou stel nie.

C. <u>Oorspronklike onvertaalde briewe.</u>

1. <u>M.M. Cleaver, (red.),</u>[81] <u>A Young South African. (Briewe van F.R.M. Cleaver.)</u>

Ferrar Reginald Mostyn Cleaver is op 12 Desember 1870 in die distrik van Bethlehem as die seun van Engelse ouers gebore. Hy voltooi sy skoolloopbaan aan die Grey kollege te Bloemfontein waarna hy hom in die regte in Engeland gaan bekwaam. In

---

79) Ibid., p. 131.
80) Ibid., p. 120
81) Van hierdie persoon kon geen besonderhede verkry word nie.

/1895 begin hy as.......

1895 begin hy as advokaat in Johannesburg praktiseer. In 1898 is hy aangestel as Tweede Staatsaanklaer vir die Witwatersrand – 'n betrekking wat hy beklee het tot met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog toe hy as Transvaalse burger tot die stryd toegetree het. Op 18 November 1900 is hy as banneling op Ceylon oorlede. 82)

Mev. M.M. Cleaver het d.m.v. haar seun se briewe aan haar, 'n brief aan sy opvolger van die Rus en Orde-organisasie in Johannesburg, twee briewe aan sy susters asook 'n brief aan 'n vriend in Londen en aan sy oom in die V.S.A. die verloop van haar seun se wedervaringe gedurende die oorlog gerekonstrueer, en het, deur die briewe aan te vul met haar eie vertellings 'n harmonieuse en logiese geheel bewerkstellig.

Met die uitbreek van die oorlog is Cleaver aangestel as hoof van die Spesiale Polisie in Johannesburg met die rang van veldkornet en hy was ook verantwoordelik vir die opstel van die regulasies van „Rust en Orde" in die stad. 83)

Al spoedig het hy egter besluit dat hy sy plig aan die front behoort te doen en hy vertrek op 17 Desember 1899 na die wesfront waar hy by die Ladybrandse kommando aansluit. Daar is hy benoem tot „Rechtgeleerde Adviseur van de Krijgsraad van de Rechtervleugel", maar hy moes ook gewone burgerpligte vervul, hoewel hy nooit aan gevegte aan die wesfront deelgeneem het nie.

Op 28 of 29 Januarie 1900 het hy saam met die „Prieska-ekspedisie" vertrek. 'n

---

82) M.M. Cleaver, A Young South African. Johannesburg, Horter, 1913, p. viii-xiv.
83) Ibid., p. 15.

/ Weergawe van......

Weergawe van die onderhoud wat die Standard and Diggers News met Cleaver oor die ekspedisie gehad het, is deur mev. Cleaver in die werk opgeneem.[84] Daarin sit Cleaver die doel van die Prieska-ekspedisie soos volg uiteen: Die Prieska-ekspedisie was 'n gekombineerde Vrystaatse-Transvaalse onderneming wat uitgevoer is in die naam van die Vrystaat. Onder leiding van kmdt.. L.P. Steenekamp, genl. P. Liebenberg en kmdt.. B.J. Schutte is Noordwes-Kaapland binnegetrek.

> „The object of the trek was presumably to enter the Western Province of the Cape Colony for the purposes of raising burghers to assist us in our cause, and to proclaim the district Free State Territory,"[85]

Vervolgens gee Cleaver 'n interessante relaas van die trek. Prieska, Upington en Kenhardt is beset en as Vrystaatse gebied geproklameer, terwyl die entoesiastiese Kolonialers by die honderde aangesluit, onder Liebenberg slag gelewer en 'n oorwinning oor 'n Britse troepemag by Houwater tussen Prieska en Britstown, behaal het. Na die oorgawe van genl. Cronjé by Wolwekraaldrif is Prieska deur die vyand beset en a.g.v. die algemene terugtog van die republikeinse magte is die ekspedisie terug na die Republieke. Cleaver moes deur die Kalahari die terugtog na Transvaal aanpak en het byna van dors op die tog beswyk.[86]

Toe die Republikeinse magte oor die Vaalrivier terugval, is aan Cleaver die taak opgedra om die enigste oorblywende kanon en vrag ammunisie in Johannesburg na Pretoria te neem. Tydens 'n geveg naby Pretoria het hy sy enkel beseer en sodoende in die hande van die vyand geval.

---

84) Ibid., p. 84-96 .
85) Ibid., p. 86 .
86) In 'n brief aan sy susters op 18.8.1900 vanuit die Dyatalakamp gee hy weer eens 'n breedvoerige verslag van sy wedervaringe op hierdie ekspedisie. Ibid., p. 128-157.

/Daarop is hy..........

Daarop is hy via die Groenpuntkamp in Kaapstad na die Dyatalawakamp op Ceylon gestuur waar hy en 'n aantal bannelinge op 8 Augustus 1900 gearriveer het. Op 18 November 1900 is hy aldaar oorlede.

Hierdie werk bestaan grotendeels uit korrespondensie uit die pen van Cleaver en dit kan nie as suiwer dagboekgetuienis geklassifiseer word nie aangesien baie van die gebeure nie dadelik opgeskryf is nie, maar wel wanneer die geleentheid hom voorgedoen het.

Op grond van Cleaver se posisie wat hy gedurende die oorlog beklee het en die feit dat hy 'n intelligente waarnemer en 'n uitstekende briefskrywer was, moet sy briewe as waardevolle dokumentêre getuienis beskou word.

Op onderhoudende wyse en met volop geestigheid en humor word die kommandolewe geskilder. Sy beskrywing van die Prieska-ekspedisie is besonder waardevol en die sluier word gelig oor hierdie minder bekende faset van die Vryheidsoorlog.

Dit is opmerklik dat Cleaver, wat van Britse afkoms was, die Transvaalse regering beskou het as "... the most infamous under the sun",[87] maar bereid was om tot die bitter einde te veg, nie vir die regering nie, maar vir die behoud van die Republieke se onafhanklikheid.

2. <u>H. Watkins-Pitchford, Besieged in Ladysmith</u>.

Herbert Watkins-Pitchford het in 1895 van Engeland na Natal gekom waar hy 'n direkteurskap in die Allerton-laboratorium aanvaar en waardevolle navorsingswerk gedoen het i.v.m. runderpes,

---

87) Ibid., p. 101.

perdesiekte, ooskuskoors en ander veesiektes.[88]

Die werk bestaan uit negentien afsonderlik-gedateerde briewe wat Watkins-Pitchford vanuit die beleërde Ladysmith aan sy vrou geskryf het en waarin hy verslag lewer oor die beleëring van laasgenoemde dorp vanaf 27 Oktober 1899, toe die beleg van die dorp begin het tot 1 Maart 1900, toe die dorp deur genl. Redvers Buller ontset is.

Watkins-Pitchford gee nie 'n streng daaglikse verslag van gebeure nie, maar vermeld slegs gebeure van belang. Gevolglik bestaan 'n deel van die getuienis uit momentele waarnemings terwyl die grootste gedeelte as herinneringsgetuienis beskou kan word. Laasgenoemde getuienis is egter in die meeste gevalle slegs 'n paar dae na die gebeure opgeteken met die gevolg dat geheuefoute moontlik minimaal is.

Die maratonbrief is 'n onderhoudende verhaal van Watkins-Pitchford se persoonlike ervaringe, maar dit is ook 'n weergawe van die lotgevalle van die vasgekeerde garnisoen van 10,000 man in Ladysmith.

Wat militêre operasies betref, vermeld Watkins-Pitchford wat 'n offisier in die Natalse Vrywilligerskorps was, die skermutselings rondom die beleërde Ladysmith, die slag van Platrand (6 Januarie 1900) en die tol wat die Boere-artillerie in Ladysmith geëis het.

Hoewel Buller se kanonne vyftien myl anderkant die Tugela gehoor kon word, kon hy die langverwagte deurbraak nie bewerkstellig nie en gaandeweg het frustrasie, ongeduld en ontevredenheid onder die beleërde garnisoen toegeneem. Swak voedsel en siekte het tot gevolg gehad dat die helfte van die garnisoen teen 28 Januarie

---

88) H. Watkins-Pitchford, Besieged in Ladysmith. Pietermaritzburg, Shuter & Shooter, 1964. Kyk boekomslag.

1900 „sick and useless" was. [89] Laasgenoemde faktore en die mislukte aanslae van Buller het die garnisoen se moraal baie verlaag en hulle weerbaarheid aansienlik laat afneem.

Buller het uiteindelik Ladysmith ontset, maar wat die beleërde garnisoen asook sy eie leër betref, was hy sy reputasie kwyt. [90]

Watkins-Pitchford het nie 'n beeld probeer gee van die militêre aspekte van die beleëring van Ladysmith nie, maar die waarde van die dokument lê in die menslike aspek daarvan. Hy het met 'n skerp waarnemende oog die beleërdes se gemoedstemminge van frustrasie, woede, hoop wanhoop, vrees, dapperheid, selfsug en onselfsugtigheid waargeneem en sodoende die gees wat daar geheers het goed weergegee.

Behalwe die briewe kon ek slegs nege oorspronklike gepubliseerde dagboeke opspoor en hulle belig slegs enkele grepe uit die oorlog.

Daarby het die meeste ongelukkig beperkte inhoude. Gevolglik moet die navorser terugval op die verwerkte dagboeke waarvan die inhoude met meer twyfel bejeën word.

---

89) Ibid., p. 73
90) Ibid., p. 125

# HOOFSTUK 4.

## VERWERKTE DAGBOEKE, WAARSKYNLIK AANGEVUL MET HERINNERINGE.

Die res van die gepubliseerde dagboeke wat hieronder behandel word, het in ŉ verwerkte vorm verskyn. Die grootste aantal hiervan is deur die outeur self verwerk en waarskynlik met sy herinneringe aangevul. Tenslotte word ŉ aantal dagboeke bespreek wat deur iemand anders verwerk en waarskynlik aangevul is met die dagboekouteur se herinneringe.

A. Dagboeke deur die outeur self verwerk en moontlik aangevul met sy herinneringe.

1. A.J.L. Hofmeyr, The story of my captivity during the Transvaal War.

Adriaan Jacobus Louw Hofmeyr, seun van prof. N.J. Hofmeyr, is op 13 April 1854 op Calvinia gebore. Hy het homself as predikant op Stellenbosch bekwaam en in 1881 in die gemeente van Willowmore begin arbei. In 1883 het hy die beroep na Prins Albert aanvaar en in 1895 is hy na Wynberg waar hy tot 1899 gearbei het, 1) toe hy as predikant bedank het en korrespondent geword het van die London Times en Cape Times. (2) Geen informasie kon verkry word van sy bewegings vanaf die Vryheidsoorlog tot 1926 toe hy weer tot die kerkdiens toegetree en begin arbei het in die gemeente van Heilbron. In 1928 is hy na Kuruman waar hy tot 1933 gearbei het toe hy sy emeritaat aanvaar het. Hy is op 1 Mei 1937 op Belville oorlede. (3) Hy was bekend as een van die welsprekendste en boeiendste redenaars in die N.G. Kerk. (4)

Aangesien die grootste gedeelte van sy ervaringe in die gevangenis geskryf is (5) soos

(1) N.G. Kerk-jaarboek, 1938, p. 389.
(2) A.J.L. Hofmeyr, The story of my captivity during the Transvaal War, 1899-1900. Londen, Arnold, 1900, p. 5.
(3) N.G. Kerk-jaarboek, 1938, p. 389.
(4) ŉ Seun van die gemeente (anoniem), Gedenkboek van die Nederduits Gereformeerde gemeente te Prins-Albert 1842-1942. Kaapstad, Nasionale Pers, 1942, p. 58.
(5) Hofmeyr, op. cit., p. vii.

/die gebeure......

die gebeure afgespeel het en die res blykbaar onmiddellik na sy vrylating, dra die werk die stempel van hoofsaaklik dagboekgetuienis te wees aangevul met herinneringe.[6] Hofmeyr gee **egter** geen daaglikse verslag van sy ervaringe nie, maar slegs 'n samevatting van die belangrikste gebeure.

Na aanleiding van die uitlating wat hy in 'n toespraak in Kimberley gemaak het dat pres. Kruger moet toegee aan die stemregeise van die Uitlanders, is Hofmeyr op 15 Oktober 1899 op Lobatsi (Botswana) in hegtenis geneem deur 'n patrollie Boere onder **kmdt.** P.D. Swart en is besluit om hom as "verraaier" op Zeerust te gaan doodskiet.

Op Zeerust is hy vanaf 16 Oktober in die tronk aangehou. Dit was vir hom 'n ware nagmerrie. Die behandeling wat hy volgens hom daar as "verraaier" ontvang het, (o.a. is al sy besittings ter waarde van honderde Rand deur die burgers gesteel) asook die vreeslike taal teenoor hom gebesig deur amptenare, polisie en burgers, het tot gevolg gehad dat hy bittere aanvalle op sy vyande gedoen het en hulle beskuldig van outokrasie en ongeregtigheid.

Hy spot met die gedagte dat so 'n sogenaamde christelike regering aanspraak kon maak op seën van bowe. Ten spyte van die dokter se pleidooie dat die tronklewe Hofmeyr se einde sou beteken, het die owerhede geweier dat hy die tronk moes verlaat. Daarop het die dokter hom sonder toestemming na 'n hotel op die dorp oorgeplaas, waar hy verpleeg is.[7]

Op 26 November 1899 is hy na Pretoria oorgeplaas waar hy in die Staats Model Skool saam

---

6) Die skrywer het sy ervaringe oorspronklik in memorandumvorm opgestel. Kyk Hofmeyr, op. cit., p. 131.
7) Ibid., hoofstukke 5-16.

/met 'n aantal........

met 'n aantal gevange Britse offisiere aangehou is. As rede vir sy aanhouding is sy Kimberley-toespraak aan hom voorgehou. Dit het hom tot die gevolgtrekking laat kom dat vryheid van spraak nie in Transvaal bestaan nie.

Die inhoud van die oorblywende twintig hoofstukke wat ook die grootste deel van die werk beslaan, is tweeledig van aard nl. 'n beskrywing van gebeure in die gevangenis en hoofstukke waarin Hofmeyr sy mening lug oor die Transvaalse polisie (Z.A.R.P.S.) (hoofstuk 22); of die Groot Trek 'n fout was (hoofstuk 24); foute gemaak deur die Transvaalse regering (hoofstukke 25 en 27); die leuenary van die Standard and Diggers News en De Volksstem (hoofstuk 29); 'n laaste kans wat pres. Kruger het om die oorlog te beëindig (hoofstuk 30) en Kruger se verlore kanse (hoofstuk 33). Bogenoemde hoofstukke is nie dagboekgetuienis nie, maar Hofmeyr se eie menings en is daarom van minder waarde.

In die Staats Model Skool het Hofmeyr te doen gekry met onvriendelike bewaarders en hy en sy medegevangenes moes hul ontoereikende rantsoen aanvul deur self vir dinge soos melk en suiker te betaal.

Na die ontsnapping van drie Britse offisiere en die destydse oorlogskorrespondent Winston Churchill, is Hofmeyr en die 119 offisiere na nuwe kwartiere, een en 'n half myl noord van Pretoria, verskuif. Hulle nuwe kwartiere was volgens Hofmeyr slegs geskik vir vee, terwyl die sanitêre geriewe skandelik was.[8)]

In hoofstuk 35 meld Hofmeyr hoe hulle, deur gereeld informasie uit verskillende bronne te kry, gedurig op hoogte was met die verloop van die oorlog. Op 12 Mei 1900 is hy vrygelaat en

---

8) Ibid., p. 229-237.

/is hy via...........

is hy via Delagoabaai na Natal en vandaar na die Kaapkolonie.

In die vasstelling van die betroubaarheid van hierdie stuk getuienis is die geestesgesteldheid van die outeur nl. sy houding teenoor die gebeure, van deurslaggewende betekenis aangesien sy houding grotendeels in verband staan met die beweegredes wat tot die opstel van die gebeure gelei het. 9)

Soos aangetoon, was Hofmeyr reeds voor die oorlog anti-Kruger gesind. Toe hy nou op die koop toe, volgens hom, op onwettige wyse gevange geneem, van verraad beskuldig en daarby in 'n tronk aangehou word, het dit 'n uitbarsting van intense bitterheid, veragting en spot tot gevolg gehad wat dan ook die hoofkenmerk van die werk is. Hierdie bitter toon regverdig hy soos volg:

> „There were moments whilst in prison, when bitter feelings of anger took possession of my heart. I did so because I had to tell the truth, and because I wrote when the impressions made upon me by what I had undergone were fresh in the mind. More often I wrote with a heart full of sorrow for a misguided people, for I had learned to know how shamefully the burghers had been misled and deceived." 10)

Behalwe vermelding van die vernederende behandeling wat Hofmeyr as persoon moes verduur, het hy in oomblikke van verbittering en hartstog bevooroordeelde veralgemenings en aanvegbare bewerings gemaak wat aan twyfel onderhewig is. Dit wil voorkom of hy hom dit ten doel gestel het om terselfdertyd al die ongeregtigheid van die Krugerbewind aan die kaak te stel. Toe 'n seun van 'n Boere-offisier hom

9) Oor die belangrike rol wat die geestesgesteldheid by 'n skrywer speel, kyk die werk van E.I. Strubbe, op. cit., p. 68-69.
10) Hofmeyr, op. cit., p. 300.

in die tronk op Zeerust kom besoek het, is die volgende reaksie hom ontlok:

> "a Government boasting of its belief that God was going to give them the victory, and no one else, and here stood one of the defenders of that faith maudlin drunk and swearing, allowed admission into prison to jeer at a prisoner and curse, because he was the son of one in authority and therefore dare not be refused. Such is the Government of this Republic." 11)

Oor die vryheid van die individu in Transvaal raak hy die volgende kwyt:

> "No independent judgement was allowed to be exercised in this unhappy country, no one dares offer adverse criticism. There is no free Press and no free speech."12)

By 'n ander geleentheid maak hy die opmerking:

> "Love of freedom! Alas! the Government has no idea of the meaning of the word...."13)

Hy beweer dat Engeland geen begeerte gehad het om in 'n oorlog met Transvaal betrokke te raak nie.

> "Let me say here, that I am as positive that neither then, nor up to the last moment, was England desirous of, or ready for war, nor did she wish to be plunged into it." 14)

Sy haat vir die Hollanders blyk deurgaans. Volgens hom sou daar nie 'n oorlog gewees het as Kruger nie die Hollander-element ingevoer het nie.

> "If this war had not taken place, there would in a few years time have been not a Transvaal Republic, but a Hollander Republic with a Hollander (Leyds?) President 15)

---

11) Ibid., p. 86.
12) Ibid., p. 256.
13) Ibid., p. 242.
14) Ibid., p. 181. Natuurlik spreek Hofmeyr hier in sy onkunde. Dit is algemeen bekend dat A. Milner en J. Chamberlain doelbewus daarop uit was om Transvaal se onafhanklikheid te vernietig. Kyk G.D. Scholtz, Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899 - 1902. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1948, p. 276. Vgl. ook die geheime ultimatum van Chamberlain wat niks minder nie as 'n aanslag op die onafhanklikheid van Transvaal was. J.L. Garvin, The life of Joseph Chamberlain. Vol. III. Londen, Mac Millan, 1934, p. 463-464.
15) Ibid., p. 236.

/ Ten groote

Ten spyte van die subjektiewe strekking van die werk moet hierdie stuk getuienis as waardevol beskou word aangesien dit waarskynlik die enigste werk is wat 'n beeld gee van die lewe van 'n politieke gevangene in 'n Boeretronk tydens die Tweede Vryheidsoorlog. Die getuienis verskaf ook insae oor hoe diesulkes gevoel het as verteenwoordigers van die anti-Krugergroep in Transvaal en elders.

2. <u>H.J. Batts, Pretoria from within during the war, 1899-1900</u>.

Bogenoemde werk van 'n geesgenoot van [illegible] A.J.L. Hofmeyr is, sover ek kon vasstel, die enigste ander verwerkte dagboek van Suid-Afrikaanse oorsprong met 'n anti- Boerse strekking.

Batts het in 1878 uit Engeland na Suid-Afrika gekom [16] en in 1879 diens aanvaar in die Baptistegemeente te Port Elizabeth. In 1886 is hy na die gemeente van King Williamstown [17] waar hy tot 1895 gearbei het. [18] In 1895 het hy in Pretoria diens aanvaar [19] en daar gewerk tot Oktober 1900 toe hy na Engeland vertrek het. [20] Daar kon nie vasgestel word wanneer hy na Suid-Afrika teruggekeer het nie, maar in 1921 was hy aan 'n gemeente in Durban verbonde en hy het ook in daardie jaar uit die kerkdiens getree. [21]

Na die openbaarmaking van verskeie gebeure in Pretoria voor die Britse besetting van die hoofstad, het Britse oorlogskorrespondente en offisiere by Batts aangedring om sy wedervaringe op skrif te stel.

---

16) H.J. Batts, <u>The history of the Baptist Church in South Africa, 1820-1920</u>. Kaapstad, Maskew Miller, 192-? p. 31.
17) Ibid., p. 33.
18) Ibid., p. 77.
19) H.J. Batts, <u>Pretoria from within during the war, 1899-1900</u>. London, Arnold, 1900, p. 122.
20) Ibid., p. 224.
21) Batts, <u>The history of the Baptist Church in South Africa</u>, p. 1.

/"You ought.....

„You ought to write; your position has been unique here. The public wants to know what has been happening, and you can report from personal knowledge accurate accounts of many events of which we have heard only rumours."[22)]

Aan hierdie oproep het Batts gehoor gegee met die volgende doelstelling voor oë:

„I am therefore committing to writing a more or less disconnected account of what I saw, and did, with the object of informing the public, and, I hope, of carrying conviction to same who have persistently condemned British methods in the whole conduct of the war, and at the same time have been constant in praise of the Boer, who is deemed a sort of ideal person, harmless and pious, against whom it is an unpardonable crime to express an adverse opinion."[23)]

Batts se doel om o.a. die Boere en hulle dade in die regte lig te stel, het die verdoeming van „Krugerisme" tot gevolg gehad en die getuienis is dikwels sterk subjektief gekleur.

In sy deurgaans felle aanval op Kruger wat hy as 'n harde, onsimpatieke en gevoellose tiran bestempel,[24)] wyt hy die hoofoorsaak van die oorlog aan die President se rustelose ambisie en onversadigbare magsdrang.[25)]

Hy plaas die dood van Genl. Piet Joubert op Kruger se rekening.

„He (Joubert) had returned from Kroonstad ill. He had gone there to assume command, and there was <u>no command</u> for him, and he came home to die; and that of a broken heart. I have previously said that Paul Kruger had always played General Joubert. He was one of his figures on the chess-board, which he always played with ease. I believe I am right in stating that Joubert only realised that he was a tool at last, and the realisation of the fact killed him."[26)]

---

22) Batts, <u>Pretoria from within during the war</u>, p. 10
23) Ibid., p. 11.
24) Ibid., p. 17.
25) Ibid., p. 12.
26) Ibid., p. 111.

/Hierdie bewering.........

Hierdie bewering is ŉ duidelike bewys dat Batts daarop uit was om Kruger doelbewus in ŉ ongunstige lig te stel ongeag of hy bewyse daarvoor het of nie.

Die waarheid is dat Joubert met lord Roberts se opmars deur die Vrystaat na Bloemfontein ontbied is om die hoofstad te beskerm, maar dit was te laat. [27] Die burgers was só gedemoraliseerd dat daar op daardie stadium nie sprake van ŉ georganiseerde verdediging was nie. Enkele dae na sy aankoms in die Vrystaat het Joubert ernstig siek geword a.g.v. ŉ besering wat hy tydens die Estcourt-ekspedisie in Natal opgedoen het en op 27 Maart 1900 is hy aan sy besering oorlede. [28]

Op 9 Mei 1900 het Batts die laaste Volksraadsitting in Pretoria bygewoon en hy beeld die President uit as ŉ eiesinnige man wat sy wil sal deurvoer ongeag die besluite van die Raad. [29]

Met Kruger se vertrek na die buiteland kon Batts nog vir oulaas ŉ hou teen hom inkry.

> „They did not know Paul Kruger and his passionate selflove and love of money. He had gone, and with him the available cash assets of the State, how much it is most difficult to estimate."[30]

Oor vryheid in Transvaal het hy die volgende te sê:

> „Liberty of speech, even to a moderate extent, was not allowed in Boer land, and the Boers professed love of liberty is for himself alone, but "no Uitlander need apply" for the privilege which English people consider their birthright." [31]

---

27) J.A. Mouton, Generaal Piet Joubert in die Transvaalse geskiedenis. Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, Deel 1, 1957, p.260.
28) Ibid., p. 263.
29) Batts, Pretoria from within during the war, p.130-133.
30) Ibid., p. 161. Gustav Preller se getuienis weerlê hierdie onverantwoordelike beskuldiging van diefstal. Hy wys daarop hoedat al die goud ter waarde van nie meer nie as drie miljoen rand vir die oorlogspoging aangewend is en dat Kruger daar niks van geneem het vir eie gebruik nie. Kyk G.S. Preller, Ons Parool. Dae uit die dagboek van ŉ krygsgevangene. Kaapstad, Nasionale Pers, 1938, hoofstuk 23.
31) Batts, Pretoria from within during the war, p.42.

Batts het, behalwe sy werk as Baptiste-predikant, ook dienste gehou vir die sewe en dertig politieke gevangenes in die Pretoriase tronk asook vir die Britse krygsgevangenes by Waterval, sestien myl buite Pretoria. Hy meld onder watter treurige omstandighede laasgenoemde krygsgevangenes geleef het en staaf sy bewerings met die verslag van die kampdokter, Von Gernet.[32)]

Batts gee deurgaans verslag van die verloop van die oorlog. Hy skilder die oorlogstemming in Pretoria, die teenstrydige berigte wat die inwoners gedurig bereik het en die immer wisselende optimisme en pessimisme by Britsgesindes en Boere na gelang nuus van oorwinning of nederlaag hulle bereik het en die uiteindelike blydskap van eersgenoemdes toe die hoofstad op 6 Junie 1900 in Britse hande oorgaan.

Hy gee 'n relaas van die chaos in Pretoria net voor die val van die hoofstad en die triomfantlike intog van Roberts op 5 Junie 1900. Vervolgens word die lewe in Pretoria onder krygswet geskets. Hy meld die groot aantal ongewenstes wat deur die veroweraars uit die land gestuur is, en die eerste om te gaan, was die Hollanders

> "... who had done so much to stir up feeling against the English and who were responsible for much of the hatred the Boers entertained for the "Rooineks". 33)

Batts was as Engelssprekende nie gewild onder die Boeregesindes in Pretoria nie met die gevolg dat sy verhouding met hulle in besonder en die Republikeine in die algemeen ook nie goed was nie. So het hy o.a. die volgende mening uit te spreek oor die uithoupoging van die bittereinder:

---

32) Ibid., p. 194-198.
33) Ibid., p. 206.

/"... but there, is.....

> "... but there is little doubt that love of plunder has kept a great many in the field. They are largely of the Bijwoner class who have nothing in the world to loose, and knowing no law, they do as they please, and loot wherever opportunity offers." 34)

Batts was as predikant gedurende die oorlog in Pretoria in 'n posisie om met talle persone in aanraking te kom en hy maak ruimskoots van sulke getuienis in sy werk gebruik, hoewel hy in die meeste gevalle nie sy bronne vermeld nie. Die betroubaarheid van sulke getuienis kan gevolglik nie vasgestel word nie. Wat sy eie siening van sake betref, is dit uit bogenoemde voorbeeld duidelik dat hy sterk bevooroordeeld teen Kruger en sy Boere was en die subjektiewe siening van laasgenoemde doen dan ook ernstig afbreuk aan die wetenskaplike waarde van die getuienis.

Van waarde is egter die skildering van die oorlogstemming in Pretoria voor en na die koms van die Britte en die vernaamste gebeure wat daar afgespeel het tot met Batts se vertrek na Engeland in Oktober 1900. Die leser kry voorts 'n goeie begrip van die gevoelens van die anti-Boerse groep in Pretoria jeens Kruger en sy Boere.

3. Hellemans (Suster), Met het Roode Kruis mee in den Boeren-vrijheidsoorlog.

Hellemans 35) was lid van die Tweede Hollandse Ambulans van die Nederlandse Rooikruis wat gedurende die oorlog aan Boerekant diens gedoen het en dit is die enigste gepubliseerde dagboek oor die werksaamhede van die Nederlandse Rooikruis tydens die oorlog wat ek kon opspoor.

Hellemans het haar ervaringe in 'n dagboek aangeteken, 36) maar dit in 'n verwerkte vorm ge-

---

34) Ibid., p. 224.
35) Geen besonderhede kon van die skryfster verkry word nie.
36) Hellemans (suster), Met het Roode Kruis mee in den Boeren-vrijheidsoorlog. Amsterdam, Koster, 1901, p. vii-viii.

/publiseer wat dit 'n.......

publiseer wat dit 'n vloeiende verhaal en onderhoudende stuk leesstof maak.

Haar vertelling neem 'n aanvang toen die einde van November 1899 toe sy as lid van die ambulanspersoneel vanuit Nederland na Suid-Afrika vertrek. Nadat hulle drie dae deur 'n Engelse oorlogskip in Durban aangehou is, kom hulle op 5 Januarie 1900 in Lourenco Marques aan.

In Pretoria is hulle deur o.a. pres. Kruger verwelkom waarna hulle 'n besoek aan die Natalse front gebring het. [37] Daarna vestig hulle hul as die Nederlandse Veldambulans in die Harrismithse distrik.

Na die oorgawe van genl. P.A. Cronjé en die val van Ladysmith word Hellemans ooggetuie van die groot vlug van die Boere en die veldambulans word net so aan sy lot oorgelaat om in die vyand se hande te val nadat dit vier weke daar diens gedoen het. [38]

Generaal Buller weier om die ambulans te laat gaan, maar stuur dit na Ladysmith onder die voorwendsel dat daar agtien Boere wag om verpleeg te word. In die Intombikamp buite Ladysmith is vir die ambulans 'n staanplek aangewys waar die personeel feitlik soos gevangenes behandel en hulle ambulansvoorrade gekonfiskeer is. [39]

Nadat hulle 'n paar weke daar aangehou is, is hulle deur die veglinie na die Boerekommando's geneem en is hulle vandaar na Pretoria waar hulle op 7 April 1900 aangekom het.

Vervolgens is Hellemans aan die begin van Mei 1900 na Christiana om daar by haar ambulans aan te sluit, maar met die terugtog van die kommando's val hulle vir die tweede keer in die hande van die vyand. Hulle word egter vrygelaat en vertrek op 'n negentiendaagse tog met sestien pasiënte na Pretoria wat hulle op 23 Junie bereik. Weer eens

37) Ibid., p. 20-37.
38) Ibid., p. 62-83.
39) Ibid., p. 84-120.

/ vertrek die ambulans.....

vertrek die ambulans uit Pretoria na die kommando's, maar word op 2 Julie by Irene gevang en na Pretoria terug geneem. Op aanklag dat hulle "compromitteerende" briewe by hulle gehad het, word die drie dokters na Ceylon verban en die vier susters na Nederland terug gestuur. Hierdie optrede het as 'n geweldige skok vir hulle gekom aangesien die briewe, volgens Hellemans, onskadelik was en bestem was vir persone in Nederland en Wes-Transvaal.

Op 5 Julie 1900, ses maande nadat hulle in Lourenco Marques aan wal gestap het, is die vier susters na Oos-Londen waar hulle skeep gegaan het na Nederland.

Hierdie waardevolle toevoeging tot die kennis van die Vryheidsoorlog moes van sy wetenskaplike waarde inboet aangesien Hellemans haar dagboekgetuienis verwerk en waarskynlik aangevul het met haar herinneringe. Die verwerking en moontlike aanvullings is egter gedoen direk na haar terugkeer in Nederland toe die gebeure nog glashelder in haar geheue was.

Vir Hellemans was dit 'n nuwe avontuur in 'n vreemde land en sy het op intensiewe wyse haar indrukke van die land en sy mense opgeteken. 'n Goeie beeld word gegee van die probleme waarmee die Rooi Kruis aan Boerekant te kampe gehad het en die goeie werk wat hulle ten spyte van die struikelblokke gedoen het. Dit kom ook aan die lig hoedat die vyand by meer as een geleentheid die Geneefse Konvensie verbreek het deur o.a. die ambulans waaraan Hellemans verbonde was by twee geleenthede gevange te neem en sy twyfel by meer as een geleentheid aan die christelikheid en beskaafdheid waarvoor die vyand dan bekend sou staan. Daarteenoor word die Boere deurgaans simpatiek geskilder alhoewel sy nie aarsel om ook hulle skadukant ten toon te stel nie.

4. N. Hofmeyr, Zes maanden bij de commando's.

Nicolaas Johannes Hofmeyr is op 10 Februarie 1860 op Stellenbosch gebore. In 1883 het hy sy

/proponentseksamen op....

proponentseksamen op laasgenoemde dorp afgelê en vanaf 1885 tot 1891 in die gemeente van Warrenton gearbei toe hy die evangeliebediening vaarwel toegeroep het. Hierna het hy redakteur van De Express geword tot 1893 toe hy aangestel is as dosent in geskiedenis aan die Staatsgimnasium in Pretoria. [40]

Met die uitbreek van die oorlog in 1899 het hy op kommando gegaan met die doel om die geskiedenis van die oorlog te beskrywe. Na afkondiging van krygswet deur die vyand is hy op parool na Oudtshoorn gestuur waar hy opgetree het as die eerste redakteur van die pasgestigte koerant, Het Zuidwesten. Na die vrede is hy weer na Pretoria waar hy aangestel is as dosent in Nederlands aan die Normaalskool. 'n Paar jaar later is hy benoem tot inspekteur van skole in Transvaal, 'n betrekking wat hy beklee het tot die einde van sy loopbaan in 1919. [41] Hy is op 20 November 1932 oorlede.

Verskeie werke het van hom verskyn wo. Kykjes in onze geschiedenis (1893), De Afrikaner-Boer en de Jameson-inval en De Voortrekkers, of het dagboek van Izak van der Merwe, laasgenoemde in samewerking met sy swaer, ds. J.D. Kestell. [42]

Hofmeyr verklaar dat hy altyd 'n groot belangstelling in oorlog getoon en ook veel daaroor gelees het. Hy het dit as 'n gulde geleentheid beskou om die naakte werklikheid te ondersoek.

> "...mijn loon zou groot zijn. Ik zou immers de Waarheid der dingen zien, de koude Werklikheid betasten, en daarna met eenig gesag eene geschiedenis van den grooten Anglo-Afrikaanschen oorlog kunnen schrijven." 43)

Gevolglik is hy op die versoek deur die Uitvoerende Raad van die Z.A.R. as geskiedskrywer

---

40) P.J. Nienaber, Hier is ons skrywers, p. 133.
41) Ibid., p. 134.
42) Ibid., p. 133.
43) N.J. Hofmeyr, Zes maanden bij de commando's. 'sGravenhage, Van Stockum, 1903, p. 26.

/van die oorlog........

van die oorlog aangestel met die volmag om die verskillende kommando's te besoek. 44)

Hofmeyr meld nie of hy gereeld ŉ dagboek van die gebeure gehou het nie en dui slegs aan dat hy die werk in Pretoria tydens die oorlog begin, dit in Oudtshoorn verder voortgesit en in April 1901 voltooi het. 45) Hy maak wel melding van ŉ sakboek 46) en dit is moontlik dat, gesien in die lig van sy opdrag, hy ŉ gereelde verslag van gebeure daarop sou nagehou het.

Die grootste gedeelte van die werk is persoonlike waarnemings wat in die finale verwerking moontlik aangevul kan wees met ŉ sekere hoeveelheid van sy eie herinneringe plus die herinnerings-getuienis van persone wie hy geraadpleeg het i.v.m. gebeure waar hy nie by teenwoordig was nie.

Hofmeyr wys daarop dat dit nie sy doel was om die een of ander geliefkoosde stelling i.v.m. die oorlog te weerlê of te verdedig nie.

> „Ik heb slechts willen verhalen, uit een en ander door mij gezien en ondervonden, gedacht en gevoeld..... gedurende de eerste negen maanden van den strijd....."

wat hy as Transvaalse burger meegemaak het. Hy erken ruiterlik dat hy

> „.....met verstand en geweten zoowel als met hart en bloed..."

ŉ Republikein is en daarom maak hy geen aanspraak op objektiwiteit nie.

Dit was egter nie sy strewe om ŉ eensydige beskouing oor die oorlog te gee nie.

> „Daarbij echter, heb ik mijne oogen niet willens en wetens voor het goede en het edele in de tegenpartij gesloten."

> „De klove tusschen de twee groote blanke rassen van ons land is reeds zoo groot, en eene mannelijke verzoening

44) Ibid., p. 25-26, 176.
45) Ibid., p. 5.
46) Ibid., p. 219.

/en samenwerking.........

„en samenwerking tusschen die beide is zóó noodzakelijk voor de stoffelijke en godsdienstige welvaart van Zuid-Afrika, dat het de plicht van elke waren patriot is, om zoo veel mogelijk die kloven te dempen en de gewenschte harmonie te bevorderen." 47)

Waarskynlik het Hofmeyr a.g.v. hierdie strewe die sogenaamde "harde feite" oor die oorlog wat die rasseverhoudinge kan vertroebel doelbewus in sy werk verswyg.

Hofmeyr skets ten aanvang die atmosfeer in Pretoria net voor die uitbreek van die oorlog en gee die menings van verskeie bekende persone, waaronder genl. Piet Cronjé en die latere generaals Koos de la Rey en Christiaan de Wet oor die komende stryd en hy wys op die eensgesindheid wat daar by almal oor die Boeresaak geheers het. Hy vertrek na die oosfront waar hy op 11 Oktober arriveer en gee sy indrukke van die reis daarheen en die laerlewe aldaar.

Aangesien hy as geskiedskrywer van die oorlog op hoogte van alle gebeure wou kom, maar vanselfsprekend nie oral by kon wees nie, het hy hom dit ten doel gestel om ekstra getuienis in te win en terreine te besoek waar veldslae plaasgevind het. So besoek hy die slagveld van Elandslaagte vier dae na die slag en gee 'n beskrywing van die slagveld. Hy besoek die slagveld van Rietfontein twee dae na die slag en gee 'n kort verslag van die geveg soos deur genl. A.P. Cronjé aan hom vertel. 48) Verder besoek hy die slagveld van Nicholsonsnek 'n dag na die slag en gee 'n beskrywing van die slagveld en 'n opsomming van

47) Ibid., p. 5. Hierdie beskouing word ook by verskeie ander skrywers van dagboeke, maar veral van herinneringe, aangetref en sulke werke moes gevolglik a.g.v. 'n „meer besadigde oordeel" en 'n leer van „vergewe en vergeet" van hulle historiese waarde inboet. Sien ook in die verband p. 9 hierbo.
48) Hofmeyr, op. cit., p. 93-94.

/wat daar gebeur het.....

wat daar gebeur het. [49] Teen die middel van November 1899 besoek hy die slagveld by Dundee en gee 'n kort verslag van dié geveg. [50] Vervolgens gee hy 'n kort ooggetuieverslag van die slag van Platrand wat hy aanvul met ander getuienis. [51] Ten slotte gee hy, wat die Natalse veldtog betref, 'n verslag van die slag van Colenso soos opgeteken deur **kmdt.** Tobias Smuts. [52] Behalwe die twee vermelde gevalle gee Hofmeyr nêrens 'n aanduiding van wie en wanneer hy sy getuienis gekry het nie.

Hofmeyr het nêrens gedurende die oorlog groter waaksaamheid gesien as dié van genl. Piet Joubert nie en a.g.v. sy voorbeeld word hy die siel en held van Modderspruit en Nicholsonsnek.

Op vrae van die "vreemde attachés" waarom Ladysmith nie dadelik na bogenoemde twee oorwinnings bestorm is nie, probeer Hofmeyr 'n antwoord gee deur daarop te wys dat die oorwinnings só roemryk was dat daar nie aan verdere agtervolging gedink is nie.

> „...zij vergaten, dat onze kommando's uit gewone burgers en niet uit gehuurde troepen bestonden. Tot zulke dingen zijn onze menschen niet in staat: dat heeft de oorlog gedurig bewezen." 53)
>
> „Generaal Joubert vond dat genoeg vooreerst. Hy was tevreden. Nooit heb ik den grijzen Staatsman zoo stralend van vreugde als dien avond gezien." 54)

Modderspruit, besluit hy, het die Boeremoraal die hoogte laat inskiet en Colenso en Spioenkop moontlik gemaak.

---

49) Ibid., p. 130-132.
50) Ibid., p. 149-151.
51) Ibid., p. 168-174 asook p. 188-197.
52) Ibid., p. 208-214.
53) Ibid., p. 127-128. 'n Soortgelyke verskoning in dié verband word deur J.D. Kestell geopper, maar die stelling word deur soveel getuies weerlê dat dit nie aanvaar kan word nie.
54) Ibid., p. 128-129.

/J.A. Mouton wys.........

J.A. Mouton wys egter daarop dat Modderspruit en Nicholsonsnek slegs tydelike suksesse was en dat Joubert sy oorwinnings moes opgevolg het aangesien hy in 'n uiters gunstige posisie was om die verslane vyand te vernietig. As redes waarom Joubert nie sy oorwinnings opgevolg het nie, meld Mouton dat Joubert waarskynlik die vyand onderskat en gedink het dat hy Ladysmith maklik sou kon inneem. Voorts wys hy daarop dat Joubert 'n oorversigtige veldheer was en dat die bestorming van versterkte stede en vestings ingedruis het teen sy gevegsbeleid. 55)

Hofmeyr het wel Joubert se optrede op daardie stadium probeer goedkeur, maar toe hy die nuttelose beleëring van Ladysmith gadeslaan, kon hy hom nie van kritiek weerhou nie.

> „In Hemelsnaam, Mannen! Broeders! laat ons iets doen. De Burgers worden hier ferwijfd, ontzenuwd, gedemoraliseerd." 56)

Voorts wys hy daarop dat die rede waarom die Republikeine nie groter ondernemingsgees aan die begin van die oorlog aan die dag gelê het nie in hulle volkskarakter lê nl. om versigtig en bedaard op te tree en nie maklik nuwe dinge op die proef te stel nie.

Vervolgens wys hy op die groot flater aan Britse kant toe Joubert se inval dieper Natal in Buller van sy plan laat afsien het om oor die oop vlaktes van die Vrystaat aan te val waar hulle met flankbewegings maklik die kleiner Boeremagte kon oorrompel het. Joubert se inval het Buller laat besluit om deur die bergagtige Natal op te ruk en dit het die Britse leërs die neerlae van Colenso en Spioenkop besorg. 57)

Hofmeyr gee die volledige disposisies van die kommando's en Boere-artillerie om Ladysmith

---

55) Mouton, op. cit., p. 241.
56) Hofmeyr, op. cit., p. 165.
57) Ibid., p. 154.

/en hy maak die....

en hy maak die bewering dat die Boer nog nooit 'n goeie beleëraar was nie. Daarby het die beleg van Ladysmith nadelig op die oorlogspoging ingewerk.

Na die slag van Colenso vertrek hy na die wesfront. Daar maak hy kennis met die Koloniale rebelle en in hoofstuk 26 beskryf hy waarom hulle aangesluit het. Hierna voeg hy hom by die laer van genl. P.A. Cronjé aan die Modderrivier. Hy gee 'n beskrywing van die slagveld van Magersfontein asook 'n kort verslag van die slag self wat hy ten dele van Cronjé self en ten dele van ander ongenoemde getuies gekry het.[58] Hofmeyr beweer dat die oorwinning veel groter moes gewees het. Indien die Boere-artillerie vroeër aan die geveg begin deelneem het, kon hulle drie batterye (vier en twintig) kanonne buitgemaak het en sodoende die vyand verder gedemoraliseer het. Toe hy by Cronjé oor die stilswye van die Boere-artillerie verneem, was sy antwoord: "De kanonnen waren zoo gesteld, dat zij niet op het eigenlijke vechtterrein konden werken".[59]

Hofmeyr gee voorts sy indrukke van die beleëring van Kimberley (hoofstukke 31 en 32), 'n kopié van 'n verslag van die geveg by Koedoesberg wat genl. De Wet aan pres. Steyn gestuur het en 'n oorsig van die bewegings van die Boerekommando's aan die wesfront tot met Cronjé se oorgawe by Wolwekraaldrif op 27 Februarie 1900. Aangesien Hofmeyr hom ten tye van Cronjé se omsingeling en oorgawe nie by laasgenoemde se laer bevind het nie, berus sy getuienis oor wat daar gebeur het op wat hy verneem het, maar die bronne word weer eens nie vermeld nie.[60]

---

58) Ibid., hoofstukke 29, 30.
59) Ibid., p. 266. M. Davitt(The Boer fight for freedom. Derde druk. New York, Funk and Wagnalls, 1902, p. 220.) beskou die stilswye van die Boere-artillerie as een van die merkwaardigste kenmerke van die slag. "Three pom poms and three Krupps were away a little to the west, guarding the Boer right, the railway, and the road to Scholtznek, but near enough to sweep the open space now dotted with khaki-colored prostrate forms. Not a shot nor a sign came from Major Albrecht's artillery".
60) Ibid., p. 37.

/ In die ..........

In die voorwoord van die werk meld Hofmeyr dat hy hom die reg voorbehou om sy eie menings oor sake te lug en van hierdie selfgegunde voorreg het hy ruimskoots gebruik gemaak. So verwys hy o.a. na die onmeetlike invloed wat die veldprediker op die dapperheid, volharding, dissipline en algemene karakter van die burgers uitgeoefen het. Hulle het God se wil in alles gesien en die predikant was vir hulle 'n sigbare teken van God se nabyheid en steun. Hy verwys na die onwankelbare standvastigheid van die Boervrou en vra:

> „Ligt de Oud-Testamentiesche godsdienst niet misschien aan den wortel van den heldenmoed en de taaie volharding, door de kern der Boeren ten toon gespreid?" 61)

Die menings en gevolgtrekkings van Hofmeyr is gebaseer op eie waarnemings ten tye van die gebeure en laat sonder twyfel die dokument aan historiese waarde wen. Nogtans moet sy persoonlike menings versigtig benader en kan dit nie sonder meer aanvaar word nie, maar moet steeds na die gebeure self teruggegaan word alvorens sulke menings onderskryf of verwerp kan word.

Hierdie werk moet in 'n sekere sin as 'n unieke bydrae tot ons oorlogsliteratuur gereken word as in aanmerking geneem word hoe Hofmeyr aan sy stof gekom het. Anders as die ander getuies van die oorlog het hy uitsluitlik as waarnemer na die slagveld gegaan, en met absolute bewegingsvryheid was hy in staat om 'n goeie begrip te kry van gebeure op en van die slagveld. Daarby is alle informasie tot sy beskikking gestel sodat hy in die posisie was om 'n redelike beeld van die oorlog te kon weergee. Daarom is hierdie werk besonder waardevol vanweë die baie gegewens wat dit oor die eerste fase van die oorlog bevat.

---

61) Ibid., p. 249.

Aangesien Hofmeyr met eerlike bedoelings homself onder die verpligting gestel het om 'n geskiedenis van die oorlog te skryf en inagnemende sy vroeëre predikantstatus, is die waarskynlikheid groot dat hy die waarheid sou nagestreef het. Waar hy van ander getuienis gebruik gemaak het, sou hy hom waarskynlik eers vergewis het van die betroubaarheid daarvan alhoewel dit nêrens vermeld word nie. Dit blyk dat hy 'n skerp waarnemer was en daarby het hy oor die letterkundige vermoë beskik om dít wat hy waargeneem het goed weer te gee.

Die werk is ryklik geïllustreer met talryke anekdotes wat meer stemming aan gebeure verleen en hy slaag daarin om in beeldryke taal en op boeiende wyse die regte atmosfeer vir elke geleentheid weer te gee.

Dit was klaarblyklik die doel van Hofmeyr om 'n populêre en lesenswaardige werk oor die oorlog die lig te laat sien i.p.v. 'n streng feitlike relaas. In daardie opsig het hy in 'n groot mate geslaag, maar terselfdertyd misluk in sy strewe om as „geskiedskrywer" 'n gesaghebbende werk oor die oorlog te skryf. Ten spyte van sy voorneme om 'n geskiedenis van die oorlog te skryf, gee hy 'n betreklik onvolledige beeld van die oorlog aan die oos-en wesfront. Hy het nie van sy gunstige posisie gebruik gemaak om alle informasie in te win oor gebeure wat afgespeel het in die ses maande wat hy aan die oorlogsfronte vertoef het nie. So is sy weergawe van veldslae, selfs waarby hy teenwoordig was, onvolledig. Getuienis van gebeure waarby hy nie teenwoordig was nie, word slegs kortliks weergegee, en behalwe in enkele gemelde gevalle word nie gemeld van wie en wanneer die getuienis wat hy gebruik het, verkry is nie. Ook is dit onverstaanbaar dat hy hom van so min datums in sy werk bedien het en dit doen verder afbreuk aan die waarde van die getuienis.

/Vir 'n geskiedskrywing......

Vir 'n geskiedskrywing van die oorlog is die werk té eensydig in dié sin dat dit feitlik uitsluitlik van Boerekant benader word terwyl daar weinig lig val op die militêre bedrywighede van die vyand in die algemeen.

Die werk is sterk nasionaal gekleurd en Hofmeyr het, soos hy aan die begin gemeld het, nie objektiwiteit nagestreef nie, hoewel hy deurgaans nie aarsel om op die foute van die Boere te wys en kritiek uit te oefen nie.

Hofmeyr het die hinderlike gewoonte om gebeure vooruit te loop en later weer daarnatoe terug te keer. Hy dwaal telkens af wat tot gevolg het dat die werk soms fragmentaries daar uitsien en nie 'n logiese geheel vorm nie. Die gewoonte is ook steurend om telkens die Engelse en Nederlandse digkuns by te haal om stemming aan gebeure te verleen.

5. J.D. Kestell, Met de Boeren-kommando's.

Johannes Daniël Kestell is op 15 Desember 1854 te Pietermaritzburg gebore.[62] In 1881 voltooi hy sy studies aan die kweekskool te Stellenbosch[63] en studeer daarna 'n jaar in die teologie aan die Universiteit van Utrecht in Nederland.[64] Na sy terugkeer arbei hy vanaf 1882 tot 1894 as N.G.- leraar in die Kimberleyse gemeente en aanvaar daarna 'n beroep na Harrismith.[65] Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog vergesel hy die Harrismithse kommando as kommando-prediker en bly tot die einde van die oorlog in die veld.[66] Vanaf 1903 tot 1912 arbei hy in die Ficksburgse gemeente[67] en daarna in Bloemfontein tot 1919 toe hy na Kaapstad verhuis om die redakteurskap van De Kerkbode te aanvaar.[68]

62) P.J. Nienaber, Dr. J.D. Kestell, vader van die Reddingsdaad. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1946, p. 15.
63) Ibid., p. 33.
64) Ibid., p. 37.
65) Ibid., p. 48.
66) Ibid., p. 53-58.
67) Ibid., p. 61-62.
68) Ibid., p. 65-71.

/Die pos lê hy in..........

Die pos lê hy in 1920 neer en keer terug na Bloemfontein waar hy aangestel word as rektor van die Grey-universiteitskollege - 'n posisie wat hy tot 1927 beklee het. Daarna het hy hom aan die openbare lewe onttrek, 69) maar in 1939 is hy tot kanselier van die Universiteit van Stellenbosch benoem. 70)

In die openbare lewe het hy 'n besonder bedrywige rol gespeel. Hy was by drie geleenthede Moderator van die Vrystaatse Sinode van die N.G. Kerk. Hy is die vader van die Reddingsdaadbeweging, medestigter van die Helpmekaarbeweging asook van die Suid-Afrikaanse Akademie van Taal Lettere en Kuns. Onder sy vele pennevrugte kan sy drie biografieë genoem word nl. Het leven van professor N.J. Hofmeyr (1911), Abraham Paul Kriel (1931) en Christiaan de Wet, 'n lewensbeskrywing. (1920) Hy was verder verantwoordelik vir die vertaling van die Nuwe Testament in Afrikaans. 71) Hy is in 1941 oorlede. 72)

In 'n voorwoord wys Kestell daarop dat die boek wat hy hier aanbied vele wederwaardighede belewe het. Die eerste deel van die oorspronklike dagboek (blykbaar sy beskrywing van gebeure aan die Natalse front)

> „... werd met de beste bedoelingen
> voor de veiligheid van mijn persoon,
> door die mij het naaste bestond, 73)
> wie ik het ook trouwens niet kwalijk
> neem, aan de vlammen ten prooi gegeven." 74)

Daardie gedeelte moes hy toe weer uit sy geheue opdiep en waarskynlik kort daarna, weer oorskryf

---

69) Ibid., p. 79.
70) Ibid., p. 124.
71) Ibid., p. 84-91.
72) Ibid., p. 162.
73) Sy sestienjarige seun wat saam met hom op kommando was.
74) J.D. Kestell, Met de Boeren-commando's: Mijne ervaringen als veldprediker. Amsterdam, Amsterdam-boekhandel, 1903, voorwoord (ongenommer). Kestell verwys nie elders na hierdie insident nie sodat die leser nie te wete kom wanneer dit gebeur het nie.

/ ".... en zooals......

"... en zooals te denken valt,
is het beknopter te voorschyn
getreden dan het oorspronklijk was".75)

Te Graspan, naby Reitz, het op 6 Junie 1901 ruim 'n derde van die dagboek verlore gegaan toe Kestell saam met 'n vrouelaer by wie hy hom toevallig bevind het, deur die vyand gevange geneem is. Hy was egter slegs sewe uur in die vyand se hande toe hy deur 'n patrollie Boere ontset is.76)

Toe hy enige dae later op Fouriesburg aankom, het hy begin om alles wat hy kon herinner van die verlore deel oor te skryf. Deur 'n kalender van die Sondae te vervaardig, kon hy van byna elke werksdag wat hy aangeteken het in sy geheue terugroep.

"Mij tot den arbeid aangordende, ontdekte ik hoe verder ik schreef dat wat ik op nieuw te boek ging stellen geheel vertroubaar was, want ik herinnerde nog niet alleen wat er gebeurd was, maar ik kon ook (daar ik te Zwartklip in de maanden Januari en Februari mijn dagboek verskeidene malen had overgeschreven) geheele bladzijden van de verlore-gegane aanteekeningen woord voor woord wedergeven." 77)

Dit dien as bewys dat hy oor 'n uitstekende geheue moes beskik het.

Dit was toe hy hiermee besig was dat hy besluit het om 'n deurlopende verhaal van sy ervarings te skrywe en dit nie in suiwer dagboekvorm weer te gee soos hy oorspronklik beplan het nie.

---

75) Ibid.
76) Ibid., p. 146-149.
77) Ibid., p. 57.

/ "Dit zou ik .........

> „Dit zou - ik wist het - voor den toekomstigen geschiedschrijver voor wien een kroniek, hoe droog ook, van groote waarde is, minder aantrekkelijk; maar aangenamer, wat den vorm betreft, voor den gewonen lezer zijn." 78)

Kestell was dus bereid om die werk aan populariteit te laat wen wat dit aan wetenskaplikheid moes inboet.

In sy doelstelling met die werk maak Kestell daar geen geheim van dat hy simpatiek staan teenoor die Boere en hulle saak nie.

> „Het is mijn doel wat ik op kommando doorleefde te boek te stellen, en, volgens mij waarneming, een denkbeeld aan den lezer te geven van het lijden van een nietig volk en van zijn strijden tegen de geweldige overmacht van een Wereldryk." 79)

Dan vervolg hy:

> „Dat ik hart en ziel eens was met de groote zaak der Republieken, behoef ik niet te zeggen. Niets was nader aan mijn hart dan het heil van mijn volk...." 80)

Hy het hom dus nie ten doel gestel om algehele objektiwiteit na te streef nie, maar dit was nogtans sy strewe om die waarheid te dien.

> „Alles heb ik getracht naar waarde en naar waarheid te boek te stellen; en, waar ik hierin gefeild heb, daar ben ik toch aan mijn waarneming en overtuiging getrouw geweest. Wat betreft mijn verhaal van het vernielen van plaatsen en de mishandeling onzer vrouwen, zal een ieder, die ooggetuige daarvan is geweest, moeten getuigen dat, als ik gefeild heb, dat niet aan den kant van overdrijving, maar van het tegenovergestelde was."

---

78) Ibid.
79) Ibid., p. 3.
80) Ibid., p. 4.

/Hierdie woord van Kestell..

Hierdie woord van Kestell, saam met sy predikantstatus en sy groot integriteit as mens verleen verdere waarheidsgetrouheid aan die getuienis.

Oor sy getuienisbronne meld hy:

„Ik ga niets meer geven dan mijn eigene, beperkte ondervindingen. Slechts van dat waarvan ik ooggetuige was of van dat wat in het kommando plaats vond, waar ik op 't oogenblik toe behoore, of van hetgeen, waarop ik plotseling afkwam, geef ik in de volgende bladsijden verslag." [81)]

Gevolglik het Kestell van 'n betreklik groot hoeveelheid getuienis gebruik gemaak waarvan hyself nie ooggetuie was nie. So bv. gee hy 'n beskrywing van die slag van Groenkop aan die hand van genl. De Wet se rapport en . . .

"... wat ik uit veler mond hoorde..."[82)]

In die meeste gevalle meld hy dat hy sy getuienis van andere gekry het, maar dikwels sê hy nie wie sy informante was nie. In gevalle waar hy nie spesifiek meld dat hy sy inligting elders gekry het nie, kan nie afgelei word of hy die gebeurtenis self belewe het of nie. As voorbeeld kan genoem word die driedaagse aanval op Ladybrand deur genl. P.J. Fourie wat kortliks deur Kestell, wat eers op die aand van die derde dag daar aangekom het, geskets word sonder om te meld dat hy die verhaal van die verloop van die geveg van ander gekry het. [83)] Waarskynlik het hy hom vooraf vergewis van die betroubaarheid van geraadpleegde getuienis, hoewel dit nie vermeld word nie.

Die betroubaarheid van die getuienis soos deur Kestell self waargeneem, word verhoog weens die feit dat hy sonder twyfel 'n intelligente en nougesette waarnemer was en intellek-

---

81) Ibid., voorwoord.
82) Ibid., p. 188-190.
83) Ibid., p. 88-89.

/tueel daar-..

tueel daartoe in staat om uitdrukking te gee aan dít wat hy waargeneem het. As veldprediker het hy dikwels intieme omgang met die hoogste gesag sowel as met die gewone burgers gehad, wat tot gevolg gehad het dat hy op hoogte was met toestande en gebeure. Hoewel hy nooit geveg het nie, was hy verskeie kere in die vuurlinie waar hy verplegingswerk gedoen het, en hy het ook by verskeie geleenthede gevegte vanaf 'n afstand waargeneem.

Die dagboek word in drie dele verdeel. Deel I handel oor die tydperk vanaf die begin van die oorlog tot die ontsetting van Ladysmith. Deel II skets die verloop van die guerilla-oorlog in die Vrystaat terwyl deel III oor die vredesonderhandelings handel. Op nugtere, saaklike wyse, maar in lewendige verteltrant verhaal Kestell hoe hy as veldprediker van die Harrismithse kommando na die oosfront vertrek en op 27 Oktober 1899 in die hooflaer van genl. M. Prinsloo aankom. Hy wys daarop dat dit heeltemal onmoontlik was vir die twee Boereleërs om in hulle ongeordende toestand 'n verenigde aanval op Ladysmith te maak en dat geen generaal onder die omstandighede anders as Joubert sou gehandel het nie.[84] Hy leer die buitgees en vernielsug asook die ongedissiplineerdheid van die burgers ken en hulle teensin aan 'n gebonde kamplewe.

---

84) Hierdie bewering word egter deur soveel getuienis weerlê dat dit nie as 'n verskoning aanvaar kan word nie. So wys D. Reitz (Commando. Londen, Faber en Faber, 1929, p. 43) daarop dat die Engelse terugtog na die slae van Moddersspruit en Nicholsonsnek na Ladysmith in die aangesig van die Boereleër chaoties was en dat Joubert oor voldoende berede burgers beskik het om die vyand dwarsdeur Ladysmith te jaag. Hierdie mening word deur E.J. Weeber (Op die Natalse front. Kaapstad, Nasionale Pers, 1940, p. 83-84) onderskryf. "Die kortsigtigheid, die laksheid, die gebrek aan durf en aan 'n deurtastende krygsbeleid van ons krygsowerhede teenoor 'n verslae en totaal gedemoraliseerde vyand is eenvoudig onbegryplik." Vgl. ook die uitspraak van J.A. Mouton (op. cit., p. 241. ) in dié verband.

/ Vervolgens gee hy.......

Vervolgens gee hy 'n kort ooggetuieverslag van die slag van Colenso. Van 18 Desember tot 4 Januarie 1900 het Kestell by sy huisgesin op Harrismith vertoef met die gevolg dat hy geen verslag gee van wat in dié tyd aan die front gebeur het nie. Voorts word 'n ooggetuieverslag gegee van die mislukte bestorming van die Platrand [85] op 6 Januarie 1901. Kestell, wat verplegingswerk tydens die slag gedoen het, wys daarop hoe skandelik en misdadig die Vrystaters en Transvalers hulle makkers in die steek gelaat het toe hulle geweier het om die bevele van die krygsraad uit te voer. Ook verwyt hy die offisiere dat die artillerie nie die burgers ondersteun het soos vooraf besluit is nie.

Kestell was ook ooggetuie van die agtdaagse slag van Spioenkop wat op 17 Januarie 1900 'n aanvang geneem het en waarvan hy 'n verslag gee. [86] Hy was op Harrismith toe Ladysmith ontset is en gee as rede vir die deurbraak by Pietershoogte die afwesigheid van genl. L. Botha aldaar. Laasgenoemde het tevergeefs gewaarsku teen die swak beskerming van die Bosrant en met die sleutelstelling in vyandelike besit, was die ontsetting van Ladysmith 'n voldonge feit.

In deel II van sy werk gee Kestell ten aanvang 'n breedvoerige en waardevolle beskrywing van die lotgevalle van die Vrystaatse kommando's agter die Rooiberge waar hy hom ook bevind het, en word die gebeurtenisse en omstandighede beskryf wat daartoe aanleiding gegee het dat genl. M. Prinsloo op 29 Julie 1900 met 4,000 man aan genl. A. Hunter oorgegee het. [87] Hier bring hy aan die lig dat Prinsloo die skuld vir hierdie onvoorwaardelike oorgawe moet dra aangesien hy, wat nie eens wettig tot hoofkomman-

---

85) Kestell, Met de Boeren-commando's, hoofstuk 5.
86) Ibid., p. 43-50.
87) Ibid., deel II, hoofstukke 1,2 en 3.

/dant verkies was nie....,

dant verkies was nie, en ŉ aantal van sy offisiere besluit het om oor te gee terwyl daar nog ŉ goeie geleentheid vir die burgers was om te kon ontsnap het. [88]

Op 4 Augustus 1900 besluit Kestell om by die kommando van genl. De Wet aan te sluit. Hy vertrek saam met die kommando van genl. H. de Villiers en gee verslae van die Boere-aanvalle op Winburg (26 Aug. 1900)en Ladybrand (2 September 1900) op hierdie tog soos hy dit waargeneem en verneem het.

Hierna vertoef hy ŉ rukkie by genl. Philip Botha se kommando en vergesel op 15 November 1900 genl. De Wet op sy eerste mislukte tog na die Kaapkolonie, waartydens De Wetsdorp op 20 November 1900 verower word en waarvan hy ŉ verslag gee.

Kort verslae van die gevegte te Tafelkop (20 Des. 1901), wat hy waarskynlik van ongenoemde getuies gekry het, en Groenkop [89] (25 Des. 1901) wat saamgestel is uit De Wet se verslag van die geveg en ongenoemde getuies volg. Ook word ŉ weergawe van ŉ beëdigde verklaring van dr. H.J. Poutsma oor die aanval van kol. Rimington op die Boerehospitaal te Bezuidenhoutsdrif gegee. [90] Hy beskryf die deurbraak van De Wet by Kalkkrans en ten slotte die tog na Transvaal om pres. Steyn geneeskundig te laat behandel asook om die vyand se aandag van die Noord-Vrystaat af te trek.

In bogenoemde afdeling van die werk behandel Kestell o.a. die verskillende proklamasies[91] wat deur Kitchener uitgevaardig is om die strydendes tot hoogverraad te verlei. Hy glo dat dit meegehelp het om die korrels van die kaf te

---

88) Hierdie mening word deur genl. De Wet onderskryf. Sien C.R. de Wet, De strijd tusschen Boer en Brit. Amsterdam, Höveker & Wormser, 1902, hoofstuk 17.
89) Ibid., p. 188-190.
90) Ibid., p. 193-195.
91) Ibid., p. 166-167, 216-217 en p. 195-196.

/skei. Hy wys ........

skei. Hy wys daarop dat verraaiers en hensoppers nie 'n ongewone verskynsel by 'n ongevormde volk is nie, aangesien so 'n volk nog nie 'n samesnoerende geesteskrag, gebore uit die tradisies van die verlede, besit nie. 92)

Deurgaans wys hy op die verwoesting van eiendom deur die vyand en sy barbaarse optrede teenoor vrou en kind. Hy meld die rol van die verraaier, hoe hy die Boeresaak bemoeilik en die taak van die vyand vergemaklik het.

In deel III gee Kestell in ses hoofstukke 'n verslag van die samesprekings tussen die Boereleiers en Kitchener en Milner gedurende April en Mei 1902 wat hy as Waarnemende Sekretaris van die Uitvoerende Raad van die O.V.S. bygewoon het het. 93)

In hoofstuk I behandel hy die vredesamesprekings tussen die twee Republikeinse regerings te Klerksdorp op 9 en 10 April 1902 wat deur die Transvaalse regering onder leiding van waarnemende pres. S. Burger belê is. Die onderhoud van 'n afvaardiging van die twee Republikeinse regerings met Kitchener en Milner vanaf 12 tot 18 April, word in hoofstuk 2 geskets.

Nadat, in oorleg met Kitchener, die verskillende kommando's geraadpleeg is, het die twee Republikeinse regerings weer eens te Vereeniging vergader vanaf 15 tot 17 Mei. Hierdie onderhandelings word in hoofstuk 3 behandel. Vervolgens word die tweede reeks samesprekings tussen die Republieke en Kitchener en Milner wat vanaf 19 tot 28 Mei geduur het in hoofstuk 4 beskryf. Tydens hierdie samesprekings is hulle aansoek om "een beperkte onafhanklikheid" van die hand gewys. Tydens die finale same-

---

92) Ibid., p. 170
93) „Ik nam de betrekking van waarnemend secretaris aan, niet om het baantje, maar om stof voor mijn boek te krijgen." Ibid., p. 226.

/sprekings..........

sprekings tussen die twee Republikeinse regerings op 29-31 Mei te Vereeniging wat in hoofstuk 5 behandel word, is met vier en vyftig teen ses stemme besluit om die Britse voorstelle te aanvaar en die onafhanklikheid prys te gee. In hoofstuk ses word kortliks die ondertekening van die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 geskets. Kestell het bg. samesprekings nie woordeliks weergegee nie, [94] maar deeglik saamgevat en daarin geslaag om die stemming wat daar geheers het goed weer te gee.

Met de Boeren-Commando's moet as 'n besonder waardevolle dokument oor die oorlog beskou word vanweë die massa betroubare informasie wat dit oor die stryd aan die oos-front, die guerillafase van die oorlog in die Vrystaat en die vredesonderhandelinge bevat. Veral t.o.v. die guerillastryd in die Vrystaat is Kestell se getuienis 'n waardevolle aanvulling tot dié van genl. C.R. de Wet soos opgeteken in sy werk, De strijd tusschen Boer en Brit.

6. J.E. de la Rey, Mijne omswervingen en beproevingen gedurende den oorlog.

Hierdie werkie, is sover vasgestel kan word, die enigste gepubliseerde outobiografiese bron wat van 'n voortvlugtende eggenote van 'n Boeregeneraal verskyn het.

Jacoba Elizabeth de la Rey (geb. Greeff) is op 28 Mei 1857 [95] op Tulbach in die Kaapprovinsie gebore waar haar ouers, wat in die Vrystaat woonagtig was, toe met besoek was. Op driejarige leeftyd is Jacoba Greeff en haar ouers weer terug na die Vrystaat. [96]

---

94) 'n Volledige verslag van die vredesamesprekings is deur Kestell en D.E. van Velden in 'n aparte werk in 1909 gepubliseer, nl. De Vredesonderhandelingen tusschen de regeeringen der twee Zuid-Afrikaansche Republieken en de vertegenwoordigers der Britse regeering welke uitliepen op den vrede, op 31 Mei 1902 te Vereeniging gesloten. Pretoria, De Bussy, 1909.

95) Volgens mnr. J.H. de la Rey Krige, kleinseun van genl. en mev. De la Rey, met wie ek in verbinding was, is dít die geboortedatum wat op sy grootmoeder se grafsteen voorkom, terwyl J. Meintjies in sy biografie De la Rey - lion of the west, (Johannesburg, Keartland, 1966, p. 13) haar geboortejaar as 1856 aangee.

96) Ibid., p. 13.

Later het die Greeff-familie na Wes-Transvaal verhuis waar Jacoba se vader, Hendrik, verskeie plase in besit geneem het in die Lichtenburgse distrik.[97)]

Jacoba Greeff het ongereeld onderwys ontvang. Op 23 Oktober 1876 is sy met J.H. de la Rey getroud en die egpaar het hulle in die Lichtenburgse distrik gevestig[98)] waar hulle bly woon het. Nadat genl. De la Rey op 15 September 1914 doodgeskiet is, het Jacoba de la Rey op Lichtenburg bly woon en sy is op 12 Aug. 1923 daar oorlede.[99)]

Haar wedervaringe, wat sy in eenvoudige en ongekunstelde taal weergee, gaan terug tot 4 Oktober 1899, toe genl. De la Rey na die wesfront vertrek. Toe haar lewe op die plaas onveilig begin word, gaan vestig sy haar op Lichtenburg.

Op aanklag dat sy haar man huisvesting op Lichtenburg gegee het, word sy deur lord Methuen beveel om na Mafeking te verhuis. Sy weier hierdie versoek en besluit om dan liewer 'n swerwersbestaan te voer. Sy word egter verbied om nader as sestien kilometer van Lichtenburg te kom.

Op 1 Desember verlaat sy die dorp en nou begin haar beroemde vlug-swerftog wat oor 'n tydperk van agtien maande tot aan die einde van die oorlog sou duur.

Met haar wa, osse, melkkoeie, pluimvee, ses kinders en bediendes swerf sy van plaas tot plaas en van distrik tot distrik in Wes-Transvaal. Soms vlug sy saam met die kommando's, soms vlug sy alleen. Soms kon sy 'n paar weke

---

97) Ibid., p. 17.
98) Ibid., p. 41.
99) Dit is die datum op die grafsteen volgens De la Rey Krige terwyl Meintjies (op. cit., p. 397) haar sterfdatum as 23 Aug. 1923 aangee.

/op 'n plaas vertoef.....

op 'n plaas vertoef, soms moes sy dag en nag vlug en sy het dikwels wonderbaarlike ontkomings gehad. Die ontberings wat so 'n vlugtog meegebring het, nl. ongure weer, 'n tekort aan lewensmiddele en die gedurige vrees vir die vyand het sy en haar gesin moedig te bowe gekom en met egte Boerevernuf kon hulle daarin slaag om aan die lewe te bly.

As moeder van 'n seun op kommando en as eggenote van 'n veggeneraal probeer sy nie haar bekommernisse wegsteek nie en die leser kry nie net insae in die liggaamlike ontberinge wat sulke vroue te verduur gehad het nie, maar ook wat hulle geestelik te ly gehad het. Dwarsdeur die werk straal haar groot geloofsvertroue en wil om nie tou op te gooi nie.

Ten spyte van haar ontberinge en die feit dat haar een seun, Adriaan Johannes, gesneuwel het, verraai die werkie, hoewel sterk patrioties gekleur, min tekens van bitterheid en sy was so grootmoedig om vir Methuen 'n gebraaide hoender na sy verwonding in die slag van Tweebosch te stuur.

Die waarde van hierdie tafereel uit die Vryheidsoorlog lê daarin dat dit 'n ongewone faset van die oorlog belig nl. die ervaringe van 'n voortvlugtende vrou gedurende die stryd en dit gee 'n idee wat sommige vroue bereid was om op te offer om nie na 'n konsentrasiekamp gestuur te word nie.

De la Rey het 'n dagboekie [100] gedurende haar vlugtog aangehou, wat waarskynlik 'n kombinasie van dagboekfeite en herinneringe is, wat sy onmiddellik na die oorlog tot sy huidige vorm verwerk het. Die werkie bevat geen daaglikse verslag van gebeure nie, maar slegs 'n oorsig van gebeure word gegee, terwyl by die belangrikste insidente stilgestaan word.

---

100) J.E. de la Rey, Mijne omswervingen en beproevingen gedurende den oorlog. Amsterdam, Amsterdamboekhandel, 1903, p. 94. Volgens Krige bestaan die oorspronklike dagboekie waarskynlik nie meer nie.

/'n Paar foto's............

'n Paar foto's verhoog die interessantheid van die boekie.

7. J.F. Naudé, Vechten en vluchten van Beyers en Kemp "Bôkant" De Wet.

Jozua Francois Naudé is op Middelburg (Kaapprovinsie) op 20 Maart 1873 gebore. Hy tree tot die onderwysberoep toe, maar na die Tweede Vryheidsoorlog het hy hom as predikant bekwaam. Hy het agtereenvolgens in die gemeentes Goedemoed (1910), Roodepoort (1911-1919), Piet Retief (1919-1921) en Graaff-Reinet, van 1921 tot sy dood op 27 Augustus 1948 gearbei. Hy het op kerklike vergaderings 'n leidende aandeel gehad en was o.a. lid van die Raad van Kerke van die N.G. Kerk van Suid-Afrika. In die jaar van sy dood is hy as waarnemende actuaris van die N.G. Kerk benoem.[101)]

In die voorwoord tot die werk verklaar genls. Beyers en Kemp dat hulle en Naudé oorspronklik die boek saam sou geskryf het, maar toe besluit het om die taak aan Naudé toe te vertrou wat die hele oorlog saam met hulle deurgemaak het as veldprediker sowel as vegsman en hulle krygsrade bygewoon het. Nog 'n moontlike rede waarom die taak aan Naudé toevertrou is, is omdat hy dagboeke gedurende die oorlog aangehou het. Self verklaar Naudé:

> „Eer wij vertrokken,(Oktober 1901) begraf ik mijne boekjes, waarin ik geregeld aanteekeningen gemaakte had en waaruit dit verhaal geboren is."[102)]

Waarskynlik het Naudé dwarsdeur die oorlog 'n dagboek aangehou en sodoende 'n massa feite versamel met die oog daarop om dit in boekvorm te publiseer. Nog 'n rede waarom die taak aan Naudé opgedra is, is dat genoemde

---

101) N.G. Kerk-jaarboek,1949, p. 743.
102) J.F. Naudé, Vechten en vluchten van Beyers en Kemp "Bôkant" De Wet. Rotterdam, Nijgh en Van Ditmar, 1903, p. 304.

/generaals hom as 'n.....

generaals hom as 'n hoogaangeskrewe, ontwikkelde persoon beskou het wat ook vanweë sy bekwaamheid gekies is as een van die volksverteenwoordigers wat aan die vredesamesprekings deelgeneem het.

Die feite in die werk vervat, bestaan grotendeels uit Naudé se eie waarnemings, aangevul met die getuienis van die twee generaals. Beide generaals meld dat hulle Naudè van alle besonderhede insake gevegte en ander gebeure voorsien het waarby hy nie betrokke was nie.[103)] Deur die drie persone se bewegings na te gaan, kan die oorsprong van die getuienis redelik goed vasgestel word.

Die verhaal van die eerste fase van die oorlog tot met die aanvang van die guerillakryg bestaan hoofsaaklik uit die getuienis van Naudé self, kortliks aangevul met dié van Beyers en Kemp wie se getuienis hoofsaaklik oor veldslae waaraan hulle deelgeneem het, handel en waarby Naudé nie teenwoordig was nie.

Soos die titel van die werk aandui, val die klem van die werk op die guerillakryg. Die mees gedétailleerde beskrywings in die werk word dan ook gevind oor die guerillakryg in Wes-Transvaal waar Naudé tot die einde van die oorlog onder Kemp geveg het.

In die voorwoord tot die werk wys Naudé daarop dat hy met hierdie verhaal ten doel het om nie alleen die militêre verloop van die oorlog te beskrywe nie, maar ook om Beyers en Kemp, wat as gewone burgers op kommando gegaan en onderskeidelik as assistent-kommandant-generaal en veggeneraal teruggekeer het, aan die onkundiges voor te stel soos hy hulle op kommando leer ken het. Verder was dit sy doel om die Boer op kommando te skets, hoe hy

103) Ibid., voorwoord deur C.F. Beyers en J.C.C. Kemp (ongenommer).

/ in sy behoeftes voorsien......

in sy behoeftes voorsien het en die wyse waarop die oorlog gevoer is. 104)

Ten aanvang word kortliks die voorspel tot die stryd geskets en in hoofstuk 2 biografiese besonderhede van Beyers en Kemp verstrek, ten einde hulle aan die leser bekend te stel. Vervolgens gee Naudé 'n ooggetuieverslag van die inval in Natal en die plundering van New Castle deur 'n aantal burgers. Die slag van Talana word kortliks geskets na aanleiding van wat Naudé by Kemp verneem het wat aan die slag deelgeneem het. 105) Hier laak Naudé, wat as lid van die Boksburgse kommando onder genl. D. Erasmus gestaan het, die passiwiteit van genl. Erasmus en kmdt. J.D. Weilbach en wys daarop dat die ongehoorsaamheid en pligsversuim wat hier gepleeg is nooit gestraf is nie en die weg geopen het vir die latere optrede van die hensoppers en verraaiers. 106)

Die slag van Elandslaagte word slegs vermeld, terwyl Naudé 'n kort verslag gee van die inname van Dundee waaraan hy deelgeneem het.

Die verloop van die slag van Modderspruit, soos deur Kemp wat daarby betrokke was, aan Naudé meegedeel is, word kortliks geskets, 107) terwyl ook stilgestaan word by die beleëring van Ladysmith. Hier kritiseer Naudé genl. Piet Joubert wat nie sy oorwinnings opgevolg het nie en toegelaat het dat die burgers rondom Ladysmith versleg het.

Die dertiendaagse tog van Joubert na Estcourt in Natal, wat meegemaak is deur Naudé, Beyers en Kemp, word in meer détail beskryf 108) en die gebeure word afgewissel

---

104) Ibid., voorwoord, p. 7.
105) Ibid., p. 36-38.
106) Ibid., p. 36-37.
107) Ibid., p. 44-45.
108) Ibid., p. 49-68.

/met skilderagtige.......

met skilderagtige natuurbeskrywings. Hierdie tog, beweer Naudé, het genl. R. Buller laat afsien van sy plan om deur die Vrystaat aan te val – 'n stap wat hom duur te staan gekom het.

In hoofstuk 8 word 'n beknopte beskrywing gegee van die slag van Colenso waaraan Naudé en Kemp deelgeneem het. Die bestorming van die Platrand word nie beskryf nie, maar Naudé meld dat dit misluk het a.g.v.

> „wanbestuur en plichtsversuim van verantwoordelijke personen....."

wie se name hy egter nie vermeld nie. Van die slae by Spioenkop (23-25 Januarie 1900) en Pietershoogte (17-27 Feb. 1900) waaraan Kemp deelgeneem het, word in hoofstukke 10 en 11 respektiewelik, kort verslae gegee.

As gevolg van genl. L. Meyer se nalatigheid moes die Bosrant, die sleutelstelling tot Pietershoogte, prysgegee word en die vyandelike deurbraak by Pietershoogte wyt Naudé ook aan Meyer se nalatigheid om die Bosrant te versterk. Naudé gee van ál bogenoemde stellingsgevegte aan die oosfront slegs kort beskrywings en hy vermeld spesifiek Kemp en Beyers se aandeel daaraan.

Na die ineenstorting van die oosfront word Kemp na die wesfront verplaas terwyl Naudé saam met Beyers stelling inneem aan die Vaalrivier en daarna al vegtende via Johannesburg en Boksburg na Pretoria terugval. Te Pretoria bereik die moedeloosheid onder die burgers sy toppunt en vind 'n geweldige sifting plaas a.g.v. die burgers wat gaan oorgee. Naudé oefen hier ook kritiek uit op die Transvaalse regering wat toegelaat het dat Pretoria met al sy voorrade en ammunisie netso in die hande van die vyand val.[109)]

---

109) Hierdie bewering word ook deur E.J. Weeber in sy werk Op die Transvaalse front, p. 155, gemaak. Smuts beweer dat die ammunisie deur die Boeremagte meegeneem is. Sien W. Hancock en J. van der Poel, Selections from the Smuts papers, deel I. Cambridge, University Press, 1966, p. 544.

By Donkerhoek op 'n krygsraadsvergadering tree Beyers sterk op die voorgrond toe hy die eerste Boere-offisier word wat fel kritiek uitoefen teen die lafhartigheid en onbekwaamheid van sekere offisiere en hy kritiseer ook genl. L. Botha oor sy onferme optrede teenoor diegene wat hulle plig versaak het.

Vervolgens word verslae gegee van die gevegte te Donkerhoek (11-12 Julie 1900), Witfontein (16 Julie 1900) en Berg en Dal (Dalmanutha)(27 Aug. 1900) waaraan Naudé, Beyers en Kemp deelgeneem het.

Daarna val die kommando's waarby Beyers en Naudé hulle bevind via Lydenburg terug en in hoofstuk 18 skets Naudé die tog van die kommando's onder leiding van Beyers deur die Laeveld na Pietersburg.

Op 3 Oktober 1900 was die kommando's op Warmbad waar Kemp weer by hulle aansluit. Na 'n tweemaande verblyf aldaar vertrek hulle na Wes-Transvaal waar Naudé, Beyers, en Kemp aan die slag van Nooitgedacht op 13 Desember 1900 deelneem, wat kortliks beskryf word. 110)

Voorts word die tog van Beyers en Kemp na die oostelike Hoëveld en Beyers se mislukte aanval op die Engelse kamp te Chrissiesmeer op 6 Februarie 1901 kortliks beskryf.

Gedurende Februarie 1901 keer Kemp na Wes-Transvaal terug waarheen Naudé hom vergesel, terwyl Beyers na Noord-Transvaal vertrek.

Naudé beskryf vervolgens die gevegte waaraan Kemp in Wes-Transvaal deelgeneem het nl. die slag te Vlakfontein op 29 Mei 1901 (hoofstuk 28) en die aanvalle op Roodepoort op 3 Julie 1901 (p. 277-278), Moedwil op 30 September 1901 (hoofstuk 33), Driefontein op 24 Oktober 1901 (hoofstuk 34), Ysterspruit op 25 Februarie 1902 (hoofstuk 38),,Tweebosch op 7 Maart 1902 (hoofstuk 39) en Brakspruit op 31 Maart 1902 (p.345-349). Naudé het nie aan die slag van Rooiwal op 11 April 1902 deelgeneem nie daar hy ten tye van die geveg aan die

---

110) Ibid., p. 189-193.

/vredesamesprekings..........

vredesamesprekings deelgeneem het. Hy gee egter 'n kort verslag van die geveg soos hy dit van Kemp verneem het. Van die vredesamesprekings word slegs 'n kort verslag gegee aangesien hy reken dat J.D. Kestell dit alreeds in sy werk Met de Boeren-kommando's beskryf het.

Die stryd van Beyers in die noordelike distrikte word in slegs nege en dertig bladsye weergegee en bestaan uit Beyers se dagboekgetuienis, waarskynlik aangevul met sy herinneringe. Van die guerillastryd in Noord-Transvaal word 'n redelik onvolledige beeld gegee.

Aanvanklik het Beyers veel teenstand ondervind van die offisiere aldaar wat hom nie as hulle bevelhebber wou aanvaar nie. As gegevolg van sy ferme optrede en godvresenheid het hy spoedig eensgesindheid en lojaliteit bewerkstellig. Naudé beweer dat geen ander Boere-offisier gedurende die oorlog só 'n moeilike taak soos Beyers in Noord-Transvaal gehad het nie, a.g.v. die koors, perdesiekte, uitgestrektheid en bebostheid van die gebied en agressiewe gewapende Bantoes. Gevolglik het Beyers geen kans gekry om 'n slag van betekenis in die noorde te lewer nie. 'n Hele aantal skermutselings het egter voorgekom wat kortliks vermeld word nl. o.a. dié te Sandrivierspoort in die Nylstroomse distrik op 20 en 21 Mei 1901,[111] te Tambotierand einde Mei 1901, die bestorming van die Engelse kamp te Pietersburg op 28 Januarie 1902, die verowering van die forte te Pruizen naby Potgietersrust, die beleëring van Fort Edward naby Louis Trichardt in Maart 1902, die slag te Malepspoort waar Beyers deur ongeveer 4,000 Bantoes onder blanke leiers op 8 April 1902 aangeval en gewond is[112] en 'n geveg

---

111) G.D. Scholtz (Generaal Christiaan Frederik Beyers 1869-1914. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1941, p. 77) gee die datum aan as 20 Junie. L.S Amery (The Times history of the war in South Africa. Vol 5. Londen, Sampson Low, Marston and Co, 1907, p. 329.) gee die datum aan as einde Mei.

112) Ibid., p. 362-363.

/in die Wolkeberge.........

in die Wolkeberge op 15 April 1902.

Naudé meld ook die skrikbewind wat die Bantoes, hoofsaaklik onder aanvoering van Britse offisiere, gedurende die oorlog daar gevoer het, en beskryf verskeie koelbloedige moorde en gevalle van mishandeling.

Naudé se verslag en besonderhede van die guerillakryg in Wes-Transvaal moet as die waardevolste deel van die werk beskou word. Behalwe die rol wat Kemp gespeel het, word ook insae gegee in die krygstaktiek van genl. K. de la Rey, asook in die aandeel van die ander generaals wat daar geveg het nl. J.C. Smuts, P.J. Liebenberg, J.G. Celliers, J. van Zyl en S.P. du Toit. Verskeie terreinkaarte, asook 'n groot aantal foto's, hoewel nie altyd duidelik nie, gee meer duidelikheid oor die kryg daar.

Naudé was ongetwyfeld 'n goeie waarnemer en sy getuienis wen geweldig aan waarde as in aanmerking geneem word dat hy 'n dagboek aangehou het, dat hy sy eie getuienis aangevul het met dié van 'n persoon wat goed op hoogte van sake was, nl. Kemp, en dat laasgenoemde ook Naudé se feite kon kontroleer.

Die beskrywing van die aanvalsplan t.o.v. die slag van Nooitgedacht gee 'n aanduiding van die gesaghebbende aard en daarmee die militêre waarde van die getuienis:

> „Beyers moest den Berg, de natuurlike vesting, den sleutel tot het kamp, aanvallen en dan het kamp bestoken en bestormen.
>
> Generaal de la Rey zou onder den berg langs de Magaliesrivier met generaal Smuts zijn om de Engelse als zij vluchten dadelijk achterna te zetten en de zaak verder af te handelen.
>
> Khaki was hier te langzaam voor den Boer, hy was laat. Te middernacht liet Beyers zijn kommando naar de volgende punten trekken. Zoutpansberg, Waterberg, Krugersdorp en de Verkenners zouden den berg by Boschfontein uit-

/klimmen en al...........

"klimmen en al op den berg langs trekken naar Nooitgedacht. Oom Naas (vk. I.W. van Wijk) moest in de richting van Kroondal de wacht nemen, ingeval er een versterking van Rustenburg opdaagde. Kommandant Badenhorst met de Pretorianen moest langs den voet van den berg in de Moot af trekken en tegen halfdrie het kamp onder den berg beschieten, en alzoo de aandacht van den berg aftrekken en dan zou Beyers den berg boverop aanvallen. Beyers self trok met de Kommando's om den sleutel uit 's vijands hand te wringen". 113)

Behalwe die beskrywing van militêre gebeure, gee Naudé in hoofstuk 35 en ook elders insae in hoe die burgers hulself moes voorsien van voedsel en kleding ten einde weerbare burgers te kon bly.

Beyers se getuienis insake die stryd aan die noordfront is, hoewel onvolledig, van besondere waarde. Sy getuienis dra 'n stempel van gesag aangesien hy as bevelhebber daar goed op hoogte van sake was. Buitendien het Beyers 'n dagboekie aangehou met die gevolg dat geheuefoute waarskynlik gering sal wees. Beyers het hom deurgaans laat ken as 'n innige Christenmens en die waarskynlikheid is sterk dat hy nie die waarheid opsetlik geweld sou aangedoen het nie.

Dit is opmerklik dat daar geen dagboeke of herinneringe, sover my bekend, verskyn het oor die guerillakryg in die noordelike Transvaal behalwe dié van Beyers nie en hierdie feit maak sy getuienis nog waardevoller.114)

Hoewel die verteltrant van Naudé nugter en saaklik is, is die werk deurgaans boeiend geskryf. Hoewel hy dit o.a. ten doel gehad het om die genoemde twee generaals aan die lesers

---

113) Ibid., p. 189.
114) Daar bestaan wel 'n hoeveelheid ongepubliseerde herinneringsgetuienis van kmdt. F.E.T. Krause in die Transvaalse argief oor hierdie faset van die stryd.

/ voor te stel........

sers voor te stel, het hy hulle dade nêrens oordryf nie en nêrens in die werk word oordrewe subjektiwiteit aangetref nie. Hierdie stuk getuienis is waarskynlik die waardevolste wat verskyn het oor die guerillastryd in Wes-Transvaal.

8. J. Brandt. Het concentratiekamp van Irene.

Johanna Brandt (gebore Van Warmelo) is op 18 November 1876 op Heidelberg (Transvaal) gebore en was n dogter van ds. N.J. van Warmelo. Sy het haar skoolopleiding in Kaapstad ontvang. In die begin van die negentiger jare het sy en haar ouers na Pretoria verhuis. In 1897 is sy na Duitsland waar sy in die musiek gaan studeer het en net voor die uitbreek van die Vryheidsoorlog het sy na Suid-Afrika teruggekeer. Sy was getroud met ds. L. Brandt wat een-en-twintig jaar Moderator van die Hervormde Kerk in Suid-Afrika was. Verskeie boeke het van haar verskyn, wo. die werk onder bespreking en The Pettycoat Commando.[115)]

Brandt het n dagboek

> „dat drie jaren lang trouw bijgehouden was....."

gedurende die oorlog aangehou;

> "....een dagboek bevattende bijna duizend bladzijden, waarvan de inhoud te intiem en persoonlik was om in zijn oorspronklike vorm aan de wereld te geven." [116)]

Brandt het dus nie 'n dagboek geskryf met die doel om dit te publiseer nie en gevolglik is daar veel van haar privaatlewe in opgeneem. Die gepubliseerde dagboek wat hier bespreek word, bestaan daarom slegs uit uitreksels uit die oorspronklike dag-

---

115) Die Burger, 23.1.1964.
116) J. Brandt, 'n Kappie Kommando of, Boerevrouwen in geheime dienst . Tweede druk: Kaapstad, H.A.U.M , 1915, voorwoord (ongenommer).

/boek en beslaan ........

boek en beslaan ongeveer die helfte van die oorspronklike dokument. 117)

Na aanleiding van rapporte wat Emily Hobhouse oor die konsentrasiekampe gepubliseer het, het Brandt besluit om haar ondervindinge wat sy in die Irénekamp opgedoen het in „ruimer kring" bekend te stel. Aangesien daar tot op daardie stadium slegs enkele werke oor die konsentrasiekampe verskyn het, was sy van mening dat haar dagboek met belangstelling ontvang sou word en ook van waarde sou wees vir ons geskiedenis.

In hoofstuk 1 word ten aanvang die ontstaan van die kamp te Iréne geskets en die sending van die verpleegsters daarheen. Sy gee uitspraak oor die hensoppers en verraaiers, die Engelse eed van neutraliteit en die wrede optrede teen die kampbewoners.

Vanaf hoofstuk 2 volg 'n uittreksel van die dagboek wat handel oor Brandt se ondervindinge in die kamp vanaf 12 Mei 1901 tot 9 Julie 1901 toe sy om gesondheidsredes na haar ouerhuis in Pretoria moes terugkeer.

Sy was, al het sy geen verpleegondervinding gehad nie, een van die ses vrywillige verpleegsters wat saam met twee dokters na die gesondheid van 6,000 mense moes omsien. Dit was 'n onmoontlike taak, maar die militêre goewerneur in Pretoria, genl. J.G. Maxwell, wou nie 'n groter mediese personeel toelaat nie.

Vir Brandt was die kamp 'n tragiese instelling en sy het diep onder die indruk gekom van al die ellende wat daar geheers het. Sy stort dan ook haar hart uit oor wat sy gesien, ondervind en gevoel het

> „omdat ik behoefte had, mijn hart uit te storten, en, niemand in het kamp als confidente hebbende, mijn toevlucht nam tot pen en inkt." 118)

---

117) J. Brandt., Het Concentratiekamp van Irene. Amsterdam, H.A.U.M., 1905, voorwoord (ongenommer).
118) Ibid.

Sy wys op die gebrek aan die nodige fasiliteite vir so 'n groot aantal persone, nl. die onvoldoende beskutting van die tente, swak voedsel, 'n waterkwessie, die onvoldoende mediese personeel, die harteloosheid van die kampsuperentendent, N.J. Scholtz, diskriminasie teen vroue van vegtende burgers [119] en die strafkampe.

Sy veroordeel die stuur van families van Soutpansberg na die kamp omdat die mense nie aan die klimaat gewoond was nie en gevolglik maklik siek geword het.

Die eerste vyf weke van haar verblyf in die kamp vanaf 11 Mei tot 7 Junie was die aangenaamste, hoewel vyf en vyftig persone gedurende dié tydperk gesterf het. Die laaste vyf weke vanaf 7 Junie tot 11 Julie het sy egter nie beskryf nie

> "... want gruwel volgde op gruwel, en dood en verwoesting en wanhoop regeerden in ons midden." [120]

Gedurende die laaste twee weke van haar verblyf in die kamp het haar gesondheid só verswak en was sy só oorwerk dat sy haar dagboek slegs met die grootste inspanning kon byhou. Toe sy die toestande in die kamp aan haar moeder, Maria, openbaar, het laasgenoemde twee petisies aan die Konsul-Generaal van Portugal in Pretoria, P. Cinatti, gerig om by die Britse owerheid om verbeterings aan te dring. Hierdie pogings asook die pleidooi van E. Hobhouse het volgens Brandt daartoe gelei dat toestande in die kampe verbeter is.

Brandt laat nie na om te wys op die onkunde wat daar onder die kampbewoners geheers het oor siektes en geneesmiddele en hulle vrees vir die hospitaal nie en sy meld hulle ongehoorsaam-

---

119) Hulle het bekend gestaan as die "undesirables" en is gestraf deur aan hulle 'n verminderde rantsoen toe te ken. Kyk Otto, op. cit., p. 83-84.
120) Brandt, <u>Het concentratiekamp van Iréne</u>, p. 51. Gedurende Junie en Julie 1901 het daar 278 persone in die Irénekamp gesterf. Otto, op. cit., p. 172.

/heid om bevele van

heid om bevele van die mediese personeel uit te voer. Die mees tragiese was vir haar die kinderlyding en grootskaalse kindersterfte waarteenoor sy magteloos gestaan het.

In hoofstuk 9 ontleed sy die waarheidsgetrouheid van die Britse Bloubceke en sy wys op die gees van onwaarheid en partydigheid wat daaruit straal. Sy verwerp die bewering van dr. K. Franks daarin dat die hoë sterftesyfer gewyt moet word aan die onkunde, vuil gewoontes en die vooroordeel van die kampbewoners. 121)

Ten slotte verhaal Brandt in hoofstuk 10 hoedat die ander vrywilliger-verpleegsters kort na haar bedanking afgedank is omdat dit nadelig vir die Britse oorlogspoging was om mense in die kamp te hê wat met Pretoria in verbinding gestaan het.

Hierdie dokument oor die konsentrasiekampe moet as 'n besonder waardevolle stuk getuienis oor die vrouekampe beskou word, aangesien Brandt haar waarnemings en gevoelens in die hitte van die gebeure kon opteken. Hierdie fynbesnaarde en gevoelige gees het elke dag saam gely en as gevolg daarvan kon sy die lyding van die kampbewoners goed vertolk en weergee. Daarby was sy as verpleegster in 'n besonder gunstige posisie om op hoogte met alle toestande in die kamp te kom en uitspraak daaroor te gee. Sy verklaar dat sy dikwels by die aanskouing van al die ellende haar hart uitgestort en in opstand gekom het teen almal wat vir die ellende verantwoordelik was. Dit blyk dan ook uit die dagboek dat sy nie objektiwiteit nagestreef het nie en daar straal 'n duidelike anti-Britse gees uit die werk.

9. <u>J. Brandt, The petticoat commando or Boer women in secret service.</u>

---

121) Brandt. <u>Het concentratiekamp van Iréne</u>, p. 105. Otto ( op. cit., hoofstuk 11) wys daarop dat die Britse regering die skuld moet dra vir die hoë sterftesyfer en dat dit onmiddellik begin daal het toe 'n doeltreffende mediese diens, die vermindering van die aantal inwoners per kamp en hervormings t.o.v. voedsel, ens. ingestel is.

/ In hierdie werk........

In hierdie werk wat soos 'n besonder boeiende roman lees, vertel Brandt die verhaal van wat tydens die Driejarige Oorlog in Pretoria deur 'n aantal vroue gedoen is ter ondersteuning van die Boere in die veld, asook die moed en vindingrykheid deur die Boerespioene aan die dag gelê.

Oor die aard en oorsprong van die werk laat Brandt haar soos volg uit:

> „Zy zijn, zoals reeds gezegd, van een meer persoonlike aard en zijn niet uit het geheugen geskreven, doch zijn genomen uit een dagboek dat drie jaren lang trouw bijgehouden was, een dagboek bevattende bijna duizend bladzijden, waarvan de inhoud te intiem en persoonlik was om in zijn oorspronklike vorm aan de wereld te geven." 122)

In werklikheid het Brandt twee dagboeke aangehou nl. 'n dagboek waarin sy die alledaagse gebeure aangeteken het, en 'n spesiale dagboek, genoem die White Diary waarin sy haar avonture met die Boerespioene in suurlemoensap aangeteken het. Die skrif kon slegs gelees word indien die suurlemoensap verhit word. Hierdie metode is gevolg ingeval die boek in die hande van die owerheid sou beland. 123)

In verband met die waarheidsgetrouheid van die oorspronklike dagboek getuig Brandt:

> „I cannot vouch for the truth of every war rumour related here, nor for the accuracy of the information which I have obtained from other people, but the experiences of the diarist, as they were recorded from day to day, are correct in every detail." 124)

Die dagboek was dus nie oorspronklik geskryf met die oog op publikasie nie. Op aan-

---

122) J.Brandt, De Kappie kommando; of, Boerevrouwen in geheime dienst. Tweede druk. Kaapstad, H.A.U.M., 1915.
123) Brandt, The petticoat commando; or Boer women in secret service. Londen, Mills & Boon, 1913, p.157-158. Die Nederlandse uitgawe wat ook in 1913 verskyn het, is 'n vertaling van hd. werk.
124) Ibid., p. x.

/drang van baie..........

drang van baie persone het sy egter besluit om haar ervarings te boek te stel met die volgende doel voor oë:

> „If by inspiring feelings of patriotism in the hearts of some of my readers, especially those members of the rising generation to whom this story of adventure may appeal, I succeed in raising the standard of national life, this book will have achieved the purpose for which it was written...."

Voorts verklaar sy dat, aangesien daar min getuienis oor hierdie aspek van die oorlog bestaan, dit haar strewe is om die gevare en ontberinge verbonde aan die Geheime Diens van die Boere en die moed, volharding en vindingrykheid van die spioene bekend te stel. 125)

As gevolg van die intieme, persoonlike aard van die dagboek was sy verplig om 'n uittreksel daarvan te maak wat gestalte gevind het in die werk onder bespreking. Die oorspronklike dagboek het daar heel anders uitgesien.

> „Het onrecht ons aangedaan, de misdaden door de vijand gepleegd, het lijden in de koncentratiekampen, de bittere haat en machtelose woede van de onderdrukten - deze dingen heb ik verswegen. Zij zijn voorbij en wie van ons zou de verantwoordelikheid op zich durven nemen om de erfporsie van zulk een vreselike geschiedenis aan het nageslag te laten?." 126)

Sy gee dan ook 'n aanduiding van hoe die gepubliseerde werk van die oorspronklike dagboek verskil.

> „Hansie's diary with all the bitterness left out; Hansie's diary without its sighs and tears, its ever changing moods, and deep emotions; Hansie's diary shorn of all that makes it human, natural and real - surely what is

---

125) Ibid., p. ix.
126) J. Brandt, De Kappie kommando; of, Boerevrouwen in geheime dienst, p. viii.

/left of it must be.....

> left of it must be tame and totally unworthy of the original. And yet it needs must be. This book must be a calm, dispassionate review of the past, temperate recital of historical events as they took place, and, as fact speaks largely for themselves, I have left the details to be filled in by the readers imagination."127)

Dit is dus duidelik dat die werk baie van sy historiese waarde moes inboet, en die leser kom nie te wete wat verswyg is toe die dagboek later verwerk is nie.

Brandt het egter besluit om nie oor

> "...de daden van ontrouw en verraad door eigen vlees en bloed gepleegd.."

te swyg nie aangesien diesulkes se rol so 'n groot invloed op die verloop van die gebeure gehad het.

Die verhaal neem 'n aanvang met die inname van Pretoria deur die vyand op 5 Junie 1900. Al gou het die inwoners kennis gemaak met die ongerief van krygswet, waaronder perssensuur, maar laasgenoemde sou Brandt en haar moeder, Maria van Warmelo, omseil deur oorlogsberigte op alle moontlike maniere uit te smokkel en die sensor om die bos te lei deur met suurlemoensap te skryf wat dan deur die leser verhit moes word. Hierdie briewe was gerig aan pres. Kruger in Nederland en aan W.T. Stead, die pro-Boer joernalis in Engeland wat dit dan in sy koerant, The Review of Reviews, gepubliseer het.

In Julie 1901 128) het kaptein J.J. Naudé, hoof van die geheime diens aan Boerekant, die eerste spioenasiediens in Pretoria gestig. Die

---

127) Brandt, The petticoat commando, p. 145.
128) Kaptein J.J. Naudé (In doodsgevaar. Pretoria, Volksstem-drukkery, 1904, p. 52-53.) meld dat hy die spioenasiediens, bestaande uit ses lede reeds aan die begin van Maart 1901, net voordat hy die stad vir die eerste keer verlaat het, gestig het.

/ organisasie....

organisasie daarvan is waargeneem deur 'n Geheime Komitee bestaande uit vyf lede en hulle helpers. Hierdie spioenasiediens het 'n groot verskeidenheid bedrywighede aan die gang gehad. Hulle het die spioene van buite huisvesting gegee, hulle snags deur die stad geleide gedoen en van voorrade en informasie voorsien. Verder het hulle gegewens oor o.a. die konsentrasiekampe na Europa uitgesmokkel soos 'n getikte verslag van sestig bladsye wat in 'n kakaoblik versteek en in 'n kosmandjie na Engeland gesmokkel is waar dit deur Stead gepubliseer is en die ware feite oor die vrouekampe openbaar gemaak is.[129] Verder is verskeie verslae oor die verloop van die oorlog na pres. Kruger in Nederland uitgesmokkel. Brandt en haar moeder het aan hierdie bedrywighede 'n ruim aandeel gehad. Daarby het hulle as tussengangers gedien vir die insmokkeling van dinamiet vanaf Europa na die kommando's, terwyl hulle ook verantwoordelik was vir die uitsmokkeling uit Pretoria van 'n boek met treinroosters wat tot die opblaas van menige trein gelei het.[130]

Brandt roem die dapperheid en stale senuwees van die spioene en noem dit 'n wonderwerk dat hulle hul werk so lank kon voortsit. Een van die spioene se take was om burgers in Pretoria vir die kommando's te werf en hulle uit Pretoria te smokkel. Dit was tydens een van hierdie werwingsveldtogte dat A. Krause en 'n sekere Venter gevang en gefussileer is. En toe, soos so dikwels in die oorlog gebeur het, word verraad gepleeg waardeur die lede van die Geheime Komitee gevang en na Bermuda verban is.

---

129) Brandt, The petticoat commando or Boer women in secret service, p. 175-176.
130) Ibid., hoofstuk 22.

Op 15 Oktober 1901 het Brandt 'n nuwe Komitee gestig bestaande uit vyf vroue met haarself as sekretaresse. Harmonie, die tuiste van die Van Warmelo's, het nou die gereelde skuilplek van kapt. Naudé geword en die twee vroue moes baie angs en spanning uitstaan veral toe hulle ook onder verdenking kom.

Voortdurend is planne uitgedink hoe om 'n veilige verblyf vir Naudé te verseker en hulle taak is bemoeilik omdat daar so baie troepe rondom die huis gestasioneer was.

Vir Brandt was die vredestyding 'n geweldige skok en die vraag het haar gemartel waarom die Boere die stryd laat vaar het. Dan kom sy tot die gevolgtrekking dat dit nie die konsentrasiekampe of die bewapening van die Nie-Blankes was nie, maar wel die Nasionale Verkenner.

> „They broke our strength. Not by their skill in the use of arms, not by their knowledge of our country and our methods - no. They broke our strength by breaking our ideals, by crushing our enthusiasm, by robbing us of our inspiration, our faith, our hope.. 131)

Op 9 Februarie 1902 het kapt. Naudé 'n laaste besoek aan Harmonie gebring en kort daarna het Brandt haar dagboek gestaak.

Sekere hoofstukke wat nie met die verhaal in verband staan nie, soos hoe dr. F.E.T. Krause, Spesiale Kommandant vir die Witwatersrand, verhoed het dat regter A.F. Kock die goudmyne opblaas, (hoofstuk 2) en die oorgawe van Johannesburg is in die Afrikaanse uitgawe weggelaat. Die getuienis oor hierdie insidente het Brandt waarskynlik van Krause gekry.

---

131) Ibid., p. 370.

/ Hierdie ......

Hierdie werk met sy patriotiese inslag se waarde lê daarin dat dit saam met die herinneringe van kapt. Naudé die enigste gepubliseerde getuienis is wat die lig laat val op 'n minder bekende faset van die Vryheidsoorlog, nl. die werksaamhede van die enigste geheime diens aan Boerekant gedurende die oorlog. Brandt was ongetwyfeld 'n intelligente waarneemster en sy het oor die letterkundige vermoëns beskik om dít wat sy waargeneem het, goed weer te gee. Sy het, soos sy in die voorwoord van haar werk opgemerk het, gesorg dat bitterheid teenoor die vyand in die verwerking agterweë bly.

10. G.S. Preller, Ons parool. Dae uit die dagboek van 'n krygsgevangene.

Gustav Schoeman Preller is op 4 Oktober 1875 net buite die destydse Pretoria gebore. Na slegs weinig onderwysopleiding het hy agtereenvolgens as winkelbediende en prokureursklerk gewerk waarna hy as klerk diens gedoen het in die departement van mynwese tot met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog. 132) Gedurende die oorlog het hy by die Staatsartillerie diens gedoen en terselfdertyd opgetree as oorlogskorrespondent van De Volksstem en De Zoutpansberg Wachter. 133)

Op 11 Januarie 1901 is hy gevange geneem en na Indië verban. Na die oorlog in September 1902 het hy redakteur van Land en Volk geword. Dié koerant het in 1903 met De Volksstem verenig en Preller het van laasgenoemde koerant die hoofredakteur geword. Gedurende die volgende jare het Preller hom onderskei as kampvegter vir Afrikaans en in 1905 ver-

---

132) P.J. Nienaber, Ons Taalhelde. (Tweede druk). Kaapstad, Nasionale Opvoedkundige Uitgewery Bpk., 1965, p. 65.
133) P.J. Nienaber, Hier is ons skrywers. Deel I. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1949, p. 331.

/skum sy bekende

skyn sy bekende artikelreeks in De Volksstem "Laat 't ons toch ernst wezen."[134)]

Vanaf 1915 tot 1922 was hy mederedakteur van Die Brandwag.[135)] In 1925 bedank hy om politieke redes as hoofredakteur van De Volksstem en in dieselfde jaar aanvaar hy die hoofredakteurskap by Ons Vaderland, later Die Vaderland. In 1935 het hy die pos neergelê en hom voltyds op die geskiedskrywing begin toelê.[136)] In 1930 is 'n eredoktorsgraad in die Lettere en Wysbegeerte deur die Universiteit van Stellenbosch aan hom toegeken.[137)]

Die belangrikste werke wat van hom verskyn het, is Piet Retief (1906), Kaptein Hindon (1916), Voortrekkermense, deel 1 - 6, (1918 - 1938), Dagboek van Louis Trichardt (1917), Oorlogsoormag en ander sketse en verhale (1923), Andries Pretorius (1938), Scheepersse dagboek en die stryd in Kaapland (1 Oktober 1901 - 18 Januarie 1902) en Talana (1942)

Verskeie dagboeke wat na die Tweede Vryheidsoorlog in 'n verwerkte vorm verskyn het, is hersien "....in die lig van 'n meer besadigde oordeel...." en in die lig van die leer van "vergewe en vergeet". Gevolglik word nie 'n getroue weergawe gegee van die geestesgesteldheid van die dagboekhouer of houdster ten tye van die opstel van die dagboek nie en word 'n vals beeld van die stemming waarin die dagboek tot stand gekom het, gegee. Sulke boeke moet dus noodwendig

134) Ibid.
135) Nienaber, Ons Taalhelde, p. 72.
136) Nienaber, Hier is ons skrywers, p. 331.
137) Ibid.

/van hulle waarde inboet.........

van hulle historiese waarde inboet.

Preller het hom egter nie aan "...... daardie aanpassing aan die nuwer landsomstandighede...." oorgegee nie, maar historikus gebly in diens van slegs die waarheid. [138] Daarom verseker Preller die leser dat dit sy strewe was om nie alleen die waarheid in sy vertelling te dien nie, maar ook om niks in boosaardigheid neer te skryf nie. [139] Bogenoemde versekering van Preller gee die leser dus by voorbaat 'n goeie aanduiding van die gesindheid waarmee, en die gees waarin hy hierdie werk aangepak het.

Die eerste twee dele van Preller se dagboek wat deur sy vrou in bewaring gehou is, asook die laaste twee dele wat in sy besit was toe hy gevange geneem is, is deur die Engelse in bewaring geneem, maar hy het die eerste twee dele wat tot Junie 1900 gaan nooit weer terug gekry nie. Dit was nie alleen 'n groot persoonlike verlies vir Preller nie, maar ook vir die geskiedskrywing oor die oorlog,

> „want dit het uitvoerige aantekeninge en syfers bevat wat ek van die kommandante, generaals en ander hoofoffisiere uit die eerste hand gekry het oor die samestelling van die Boere-strydmagte aan die begin van die oorlog en oor die ganse Natalse veldtog - dinge wat niemand ooit weer kan kry nie." [140]

... Met 'n lewendigheid, tintelende uitbeeldingsvermoë en dramatiese inslag waarin die leser 'n intieme kyk kry, nie alleen van die fisieke ontberings nie, maar ook in die

---

138) F.R., Ons parool (boekbespreking). Die Huisgenoot, 22.4.1938.
139) G.S. Preller, Ons Parool. Dae uit die dagboek van 'n krygsgevangene. Kaapstad, Nasionale Pers, 1938, voorwoord (ongenommer ).
140) Ibid., p. 30.

/ gedagtelewe....

gedagtelewe van die Boer, behandel Preller sy ervaringe, eers as stryder en daarna as banneling. Op pakkende wyse verhaal hy sy ervaringe op kommando gedurende die laaste paar dae voor hulle gevangeneming en gee daarmee ook die sprekende verhaal van die moed, vernuf, ontbering en volharding waarmee die ongelyke stryd voortgesit is.

Op 11 Januarie 1902 breek die "beroerdste" dag van die oorlog vir Preller en 'n aantal van sy makkers aan toe hulle deur verraad in die Ermelose distrik gevange geneem en beroof word van hulle besittings en daarna via die verwoeste Ermelo na Standerton geneem word. Vandaar word die reis in steenkoolwaens, sonder enige sanitêre geriewe, voortgesit tot in Durban waar hulle ingeskeep word na Indië. Vermaaklik is die beskrywing van die metodes deur die Engelse aangewend om die maandelikse aantal "krygsgevangenes" hoog te hou deur allerhande soorte ongeskiktes waaronder jong seuns, ou mans, asook hensoppers aan boord te stuur, hulle dan terug te stuur land toe en slegs die regte krygsgevangenes weg te stuur. Die bedoeling was om

> ".... Engeland se oorlogsaandele in die hoogte te hou teen moontlike intervensie". 141)

Boere op see (hoofstuk 12), wat reeds in 1923 in 'n vorige werk van Preller nl. <u>Oorlogsoormag en ander sketse en verhale</u> verskyn het, is een van sy beste sketse.

---

141) Ibid., p. 85-86. Volgens 'n lys in die Pretoriase argief was daar op 6 Junie 1902, 32,561 burgers in Engelse kampe, maar dit blyk uit talle getuienis dat daar hoogstens 26,600 was. Ook die groot aantal ongeskiktes wat weggestuur is, dui daarop dat Engeland aan die wêreld wou toon dat die stryd suksesvol verloop. K. Roodt-Coetzee, Die lief en leed van die banneling. J.H. Breytenbach, <u>Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog.</u> Kaapstad, Nasionale Pers, 1949, p. 507-508.

/ Sonder die skets.......

Sonder dié skets sou die werk soveel armer gewees het. Hier op die Tagus met net die see en lug om hulle, en baie tyd om na te dink, kan Preller op gepaste wyse aandag gee aan die gemoedstoestand van die bannelinge. Vir die jong seuns is dit 'n avontuurlike ondervinding, maar by die oues is dit anders.

> "Die pynlikste gedagtes deursomber die afgeleefde siele, en diep in die meeste van hulle sink daar 'n galbitterheid af, die droesem van 'n onverdiende smaad, die besinksel van geduldig verduurde hoon, wat sigself vrugteloos sou verteer in die lang dae wat aanstaande is". 142)

In Indië aangekom, kon die bannelinge kies of hulle na 'n kamp op die vlakte wou gaan of na 'n nuwe kamp in die Nilghiriheuwels naby Wellington. In laasgenoemde kamp wat gesonder was, sou hulle heelwat vryheid geniet, maar dan moes hulle parool teken wat beteken het dat die bannelinge moes beloof dat hulle die kampregulasies sou gehoorsaam en nie sou probeer ontsnap nie. Baie, waaronder Preller, het dit gedoen en hulle het in dié kamp gebly tot die einde.

Die oorsigtelike beskrywing van die kamplewe word afgewissel met 'n paar dramatiese episodes. Dié in homself gekeerde vk. F. Fourie herken die moordenaar van sy vrou, John Wister, onder die bannelinge en stoot hom oor 'n krans - 'n gebeurtenis wat Preller eers tien jaar later van 'n mede-banneling gehoor het. Die treffendste is die geval van die vyf en sewentig-jarige oom Piet wat hom die lot van 'n eensame jonge-

142) Ibid., p. 93-94

/ ling, Japie........

ling, Japie Greyling, wat siek is a.g.v. 'n ou wond, erg aantrek en vir hom blomme bring, maar Japie sterf kort daarna. Na die vrede moet oom Piet self 'n ernstige operasie ondergaan en hy versoek Preller om 'n bietjie geld wat op Rusplaas begrawe lê aan 'n broerskind te oorhandig en sy gebeente oor te bring na Suid-Afrika. Terug in Transvaal het Preller verneem dat die broerskind op Bermuda dood is

> "...sodat oom Piet se geldjies nog op Rusplaas begrawe lê, en hy.... in Indië". 143)

Dit is sulke eenvoudige episodes wat 'n onuitwisbare indruk van die oorlogstragedie nalaat. Hier bewys Preller hom weer eens nie net as historikus nie, maar ook as kunstenaar wat ontroer deur sy uitbeelding van menslike leed. 144)

Vervolgens hou Preller hom besig met die vraagstukke van Indië en wanneer 'n kampbewoner in vreemde bodem ter ruste gelê word, bespiegel hy oor waar al die dapperes wat weggestuur is 'n graf gevind het en hy spreek die wens uit dat hulle nagedagtenis eendag gedenk sal word deur brons en yster

> "....opdat dies wat verby gaan, sien en, miskien, nadink". 145)

Van geskiedkundige waarde is ook die stemming waarin die vredestyding deur die banneling ontvang is: eers ongeloof, dan verslaenheid, dan verset en ten slotte berusting. So leef die leser die lewe saam met die banneling: hulle vreugdes, ontberings, gedagtes

---

143) Ibid., p. 171.
144) P.C. Schoonees, Die prosa van die Tweede Afrikaanse Beweging. Derde druk. Pretoria, De Bussy, 1939, p. 533.
145) Preller, Ons parool, p. 209.

/en menslikheidjies, totdat....

en menslikheidjies totdat hulle terugkeer na 'n verwoeste vaderland wat wag om opgebou te word.

Die grootste gedeelte van Ons Parool bestaan uit Preller se verwerkte dagboekaantekeninge vanaf 11 Januarie 1902 tot sy terugkeer uit Indië in Augustus 1902, terwyl die res van die werk uit hoofstukke bestaan wat eintlik niks met die dagboek te doen het nie en hoofsaaklik herinneringsgetuienis is.

Toe Preller as gevangene deur Standerton geneem word, oormeester sy herinneringe hom en hy onderbreek sy vertelling deur twee hoofstukke te wy aan sy jeugjare wat hy daar deurgebring het. In hoofstuk 10 word aandag gegee aan 'n merkwaardige geval van "Kaffer-telegrafie". Na aanleiding van 'n meningsverskil onder 'n aantal bannelinge oor die sogenaamde "Krugermiljoene" word ook aan hierdie saak aandag gegee. In hoofstuk 23 word hierdie legende finaal deur Preller opgeklaar. Hy was voor die oorlog klerk van die departement mynwese en het self die goudstawe, gemunte goud en goudplaat onder toesig van staats-prokureur J.C. Smuts na die stasie vervoer waarna dit na Oos-Transvaal geneem en mettertyd gebruik is.

Ten slotte eindig hierdie baie verdienstelike werk in 'n antiklimaks deurdat Preller hom in die hede en toekoms verdiep. In hoofstuk 27 volg 'n voorlesing wat hy op Geloftedag in 1903 gehou het waarin hy wys op die nutteloosheid van oorlog en hy 'n beroep doen op die Afrikanernasie om te bou aan 'n nuwe toekoms.

Uit hierdie voorbeelde blyk weer eens Preller se reputasie vir byvoegsels, afwykings en bespiegelings waarop 'n groot mate

/van die bekoring....

van die bekoring van sy werk berus hoewel dit soms tot gevolg kan hê dat die totaal indruk daardeur versteur word. 146)

Waarskynlik het Preller met die verwerking van sy dagboek 147) herinneringsgetuienis bygevoeg wat na soveel jare versigtig benader moet word. Die vraag is of die werk in sy huidige verwerkte vorm nie groter waarde as die oorspronklike dagboek gekry het nie. 'n Dagboek wat andersins slegs 'n kroniekagtige mededeling van feite sou gewees het, is nou omskep in 'n aangrypende kunswerk waardeur die kuns en geskiedenis gedien word. 148) Ons Parool het soos Preller se ander werke, 'n wetenskaplike en artistieke waarde, maar met die verskil dat in hierdie werk die kunstenaar die historikus oorvleuel. 149)

Waar Preller gebeure uit sy geheue moes opdiep, lewer hy bewys dat hy oor 'n stale geheue beskik het. Vir P.C. Schonees bly die vernaamste eienskap van die werk Preller se vermoë om gebeure wat al in die verlede verdof het weer te laat herrys

> ".....en hulle te beglans met die lig van 'n onmiddellike realiteit". 150)

Hoewel Preller hom streng bepaal by die historiese werklikheid, slaag hy daarin om sy karakters psigologies te deurgrond en hulle "as mense" te laat herleef. 151)

Die warme intimiteit wat uits sy sketse straal, bewys dat Preller self die ervarene

---

146) Anon., Ons Parool (boekbespreking). Die Burger, 12.3.1938. Vgl. F.R., Ons Parool. (boekbespreking) Die Huisgenoot, 22.4.1938.
147) Dit is in die Staatsargief in Pretoria.
148) P.J. Nienaber, Perspektief en Profiel. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1951, p. 149.
149) Antonissen, op. cit., p. 82.
150) P.C. Schoonees, Die Prosa van die Tweede Afrikaanse beweging. Derde druk. Pretoria, De Bussy, 1938, p. 531.
151) Nienaber, Perspektief en profiel, p. 148.

/ was.......

was. Hierdie historiese gebeure

> "....beglans met die lig van 'n skeppende verbeelding....."

openbaar die menslike sy van die oorlog.[152)]

Preller se voorliefde vir vreemde archaïse terme wat soms die effek waarna hy streef, vernietig asook sy voorliefde vir onafrikaanse draaie in sy styl word ook in hierdie werk aangetref. Sy "beeldende taal en robuuste styl" dwing egter hierdie tekortkominge op die agtergrond. [153)]

11. M.E. Rothmann (red.), Tant Alie van Transvaal. Die dagboek van Alie Badenhorst.

Mev. A.M. Badenhorst is in 1866 in die Klerksdorpse distrik gebore. [154)] In 1886 is sy getroud met F.J. Badenhorst, 'n boer van dieselfde distrik. Sy is op 1 April 1908 oorlede. [155)]

Reeds in 1923 is Badenhorst se geskrif deur Emily Hobhouse in Engels vertaal onder die titel Tant Alie of Transvaal. Oud-president F.W. Reitz was só getref deur die verhaal dat hy teen die einde van sy lewe begin het om die oorspronklike dagboek in Afrikaans te vertaal, maar a.g.v. swak gesondheid kon hy slegs sewe en sestig bladsye voltooi. [156)]

M.E. Rothmann (skuilnaam M.E.R.) het die res van die dagboek toe verder in Afrikaans vertaal. Dit is nie bekend wat van die oorspronklike dagboek geword het nie.

In die titel van die werk verwys M.E.R. na die "dagboek" van Badenhorst, terwyl C.J.S. Strydom ook sonder meer na die werk as 'n dag-

---

152) Schoonees, op. cit., p. 525.
153) D.W. Kruger, Ons Parool (boekbespreking). Koers, Junie 1944, p. 198.
154) M.E. Rothman Tant Alie van Transvaal. Die dagboek van Alie Badenhorst. Kaapstad, Nasionale Pers, 1939, p. 4.
155) Ibid., p. 376.
156) Ibid., p. 152-219.

/boek verwys.............

boek verwys. [157] Dit blyk egter dat die werk nie 'n suiwer dagboek is nie. Badenhorst en haar vyf seuns is op 15 April 1901 inderhaas op hulle plaas kom haal en na die konsentrasiekamp op Klerksdorp geneem.

> „Die Engelse het my nie eens soveel tyd gegee dat ek my geskiedenisboek wat ek aan skrywe was, kon saamneem nie. Ek moes weer daarmee begin; en so is hierdie boek geskryf in my ballingskap." [158]

Met"geskiedenisboek" bedoel Badenhorst blykbaar die dagboek self. Dit beteken dat die dagboek tot op bogenoemde datum verlore gegaan het en sy gevolglik ál die voorafgaande gebeure uit haar geheue moes opdiep. Hierdie deel van haar teboekgestelde ervaringe moet dus as herinneringe beskou word, terwyl slegs die gedeelte vanaf 15 April 1901 tot aan die einde van die oorlog as suiwer dagboekgetuienis beskou kan word. [159]

In die eerste sewe hoofstukke word Badenhorst se kinderdae, haar minnelewe en haar troue met F.J. Badenhorst vertel asook die Naturelle-onluste in Transvaal en die burgers se aandeel daaraan.

Met die uitbreek van die oorlog word haar man na die wesfront gestuur. Sy gee gereeld verslag van berigte van haar man oor die stryd alaaar, mondelingse berigte van ander persone en persberigte. Uit die aard van die saak is hierdie gegewens egter dikwels foutief en die betroubaarheid daarvan moet gewantrou word. Belangriker hier is die wisselende gemoedstemminge by die vrou en moeder op ontvangs van die tyding van oor-

---

157) C.J.S. Strydom, Tant Alie van Transvaal (boekbespreking). Ons eie boek, Desember 1939, p. 231.
158) Rothmann, Tant Alie van Transvaal, p. 246.
159) Die oorspronklike dagboek is aan 'n argief geskenk. Ek kon dit egter nie in die Transvaalse argief opspoor nie.

winning en nederlaag en die voortdurende spanning en angs oor en die verlange na dierbares.

Toe die nuus van die omsingeling van Cronjé aan die Modderrivier haar bereik, pak vertwyfeling en vrees haar beet. Haar man word gevang en na Simonstad gestuur waar hy in die Bellevue-kamp was tot die einde van die oorlog. Vandaar het hy 'n gereelde briefwisseling met haar gevoer waaruit 'n redelike denkbeeld gevorm kan word van kamptoestande aldaar.

Op 14 November 1900 word die Badenhorsts se vee van hulle plaas weggevoer en van toe af leef Bandenhorst in groot angs vir Bantoebendes en die kakies. Op 15 April 1901 word die plaas verwoes en sy en haar vyf seuns na die konsentrasiekamp op Klerksdorp geneem. Al die gebreke waaraan die kamplewe mank gegaan het, word hier aangestip, nl. swak fasiliteite, swak voedsel, die altyd teenwoordige siekte en dood, en die provoos H. Howard wat vir alles die skuld kry en vuriglik gehaat is deur almal.

Badenhorst, reeds in die doodsgreep van tering, bekommer haar steeds oor die lot van haar volk en sy verag die "scouts" onder leiding van Andries Cronjé [160] wat gemene saak met die vyand gemaak het. Die berig van die verlies van hulle onafhanklikheid het almal soos 'n donderslag getref en vir oulaas het die trane gevloei by dié wat nog kon ween. Ook by Badenhorst, deur wie se dagboek daar deurgaans groot geloofsvertroue straal, het dit gestorm en gebruis.

---

160) Hy is 'n broer van genl. P.A. Cronjé en het wapens neergelê op 9 Mei 1900 in die Klerksdorpse distrik. Later het hy by die vyand aangesluit. Ibid., p. 171, 355.

/„O God, .....

> „O God, het ek gesê, waarom het U ons so swaar beproef? Was daar dan nie meer krag in U om ons te verlos nie?"

En dan weer met berou:

> „O God, maak my onder U heilige wil tevrede; leer my U wil te eerbiedig; U ken self my opstandige hart." 161)

Vir Emily Hobhouse is twee uitstaande kenmerke van die dagboek die uitbeelding van die oorlogslyding van die vrou wat hier so suiwer, naak, maar sonder verbittering weergegee word en die hulpvaardigheid en edele opoffering van die vroue aan die lydendes. 162)

Badenhorst gee nie 'n daaglikse verslag van gebeure nie, maar sy het haar ervaringe in romanvorm opgestel wat dit 'n besonder lesenswaardige stuk lektuur maak. Die verhaal tref deur die eenvoud, opregtheid en menslikheid en gevolglik besef die leser des te beter wat daar werklik gely is. Hier word oorlog ontdoen van al die romantiese wat dit mag aankleef en staan die leser by die naakte ellende wat oorlog meebring. 163)

Hierdie dagboek moet, sover dit Badenhorst se persoonlike ondervindinge betref, as 'n waardevolle aanvulling tot die bestaande literatuur oor die konsentrasiekampe beskou word. Die feit dat dit grotendeels 'n dagboek is en volgens E. Hobhouse gehou is deur iemand wat toebedeel was met seldsame geestelike gawes, 164) verhoog die waarde van die getuienis. Die gedeelte oor die oorlog wat die verblyf in die konsentrasiekamp vooraf-gaan, het Badenhorst in die kamp oorgeskryf

---

162) E. Hobhouse, Tant Alie of Transvaal. Londen, Allen & Unwin, 1923, p. 8.
163) C.J.S. Strydom, Tant Alie van Transvaal (boekbespreking). Ons eie boek, Desember 1939, p. 231.
164) Hobhouse het Badenhorst persoonlik geken. Hobhouse, Tant Alie of Transvaal, p. 7.

toe die gebeure nog vars in haar geheue was. Die gedétailleerde beskrywings van hierdie fase van haar ervarings getuig van 'n besonder helder geheue.

Emily Hobhouse kon al die feite in die dagboek oor die konsentrasiekamp staaf.

> "It is but a peep behind the scenes, but I can vouch for the truth of the picture. I met nearly all the people mentioned in the pages, and, excepting military events of which I have no first hand knowledge, the facts agree with my experience". 165)

Hoewel die vertaling deur M.E.R. en Reitz goed versorg is, moet die vraag gestel word hoeveel vryheid hulle hul veroorloof het by die omskrywing van die oorspronklike teks. Dit sou ook die waarheidsgetrouheid van die werk verhoog het indien M.E.R. die foutiewe gegewens oor die oorlog, soos dit in die oorspronklike manuskrip verskyn, by wyse van voetnote kon reggestel het.[166)]

12. A.M. Jackson, (red.),[167)] Uit die dagboek van 'n wildeboer. (Die dagboek van P.S. Lombard.)

Petrus Stephanus Lombard is op 30.7.1876 gebore. Na die Tweede Vryheidsoorlog het hy in diens van die Rhodesiese spoorweë getree. Later het hy in Rhodesië gaan boer.[168)]

Lombard meld dat hy "hierdie boek" met die aanvang van die oorlog begin het. Na die oorlog was hy baie besig

> ".... en die voltooiing van my dagboek moes maar altyd wag en weer wag".

In 1935 toe Die Vaderland om meer inligting oor die oorlog gevra en hy ook 'n ernstige

---

165) Ibid.
166) Strydom, Tant Alie van Transvaal (boekbespreking). Ons eie boek, Desember 1939, p. 232.
167) Van hierdie persoon kon geen besonderhede verkry word nie.
168) P.J. Nienaber, Bibliografie van Afrikaanse boeke. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1943, p. 217.

/ siekbed........

siekbed gehad het, het hy tot die besef gekom

> "....dat my boek nog altyd onvoltooid is. Daarop het ek my dagboek, my aantekeninge, ens. ter hand geneem en my werk klaar gemaak." 169)

Die "boek" waarna Lombard verwys, is blykbaar die verwerkte produk in sy huidige vorm. Hy het waarskynlik nog gedurende die oorlog met die verwerking begin, maar dit is nie bekend hoe 'n groot deel hy toe voltooi het nie. Waarskynlik het hy deurgaans van sy herinneringe bygevoeg. Die werk boet dus van sy waarde as historiese bron in in die opsig dat dit 'n vertaalde verwerking is van die oorspronklike dagboekfeite en dat herinneringsfeite moontlik bygevoeg is wat geheuefoute mag bevat.

Ten aanvang verhaal Lombard sy ervaringe as heliografis aan die wesfront en hy word ooggetuie van die halfhartige beleg van Mafeking deur genls. P.A. Cronjé en J.P. Snyman. 170)

Vervolgens neem hy onder genl. De Wet deel aan die gevegte te Brandfort (5 Mei 1900) en aan die Vetrivier (9 Mei 1900), wat hy kortliks vermeld. Hy vergesel die kommando van De Wet na Wes-Transvaal en as adjudant van pres. Steyn vergesel hy die Vrystaatse regering na Nelspruit en terug waar laasgenoemde samesprekings gaan voer het met pres. Kruger. Lombard gee ooggetuieverslae van die verowering van De Wet se kamp by Rooibult (Bothaville) (6 Nov. 1900), die verowering van De Wetsdorp (18-19.11. 1900), die eerste mislukte tog van De Wet na die Kaapkolonie en

---

169) A.M. Jackson, Uit die dagboek van 'n wildeboer. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1939, voorwoord (ongenommer).
170) Ibid., hoofstukke 3 en 4.

/laasgenoemde se.........

laasgenoemde se vlugtog deur Sprinkaansnek (14.12.1900).

Op 29 Desember keer Lombard terug na Transvaal. Onder genl. Smuts neem hy deel aan die geveg by Modderfontein (30.1.1901), die mislukte aanval op Lichtenburg (2.3.1901) en die geveg te Lemoenfontein (19.3.1901).

Vanaf 19 Mei 1901 bevind Lombard hom by genl. De la Rey onder wie hy tot die einde van die oorlog geveg het. Hy gee verslag van die slag van Driefontein (24.10.1901) soos hy dit van n ongenoemde informant verneem het en beskryf ten slotte die slag van Ystersspruit (25.2.1901) en Tweebosch (7.3.1902) waaraan hy deelgeneem het.

Die dagboek is nie n streng daaglike verslag van gebeure nie, maar slegs die belangrikste gebeure word aangestip. Lombard meld dat hy nie alleen sy persoonlike ervarings opgeteken het nie, maar ook alle ander gebeure waarvan hy kennis geneem het hetsy d.m.v. rapporte van Boere-offisiere of mondelinge getuienis. Laasgenoemde getuienis waarvan die informante nie altyd vermeld word nie, moet uit die aard van die saak met versigtigheid bejeën word. So byvoorbeeld verskil al Lombard se ongevallesyfers t.o.v. die slae van Driefontein, Ystersspruit, Tweebosch en Roodewal met dié wat verskyn in die werk van genl. J.C. Kemp, Vir Vryheid en vir reg. 171)

Aan Lombard se eie ervaringe kan besondere waarde geheg word. Hy gee heelwat besonderhede oor die bewegings van die kommando's waaraan hy verbonde was. Insae word gegee

171) So bv. meld Lombard dat Kemp in die slag van Roodewal ses en negentig man aan gesneuweldes verloor het, terwyl Kemp slegs drie en veertig meld. Sien J.C.G. Kemp, Vir vryheid en vir reg. Kaapstad, Nasionale Pers, 1941, p. 464.

/in die rol wat hy....

in die rol wat hy as heliografis in die oorlog gespeel het. Laasgenoemde funksie het hom in noue aanraking met verskeie belangrike persone, waaronder genls. De Wet, De la Rey en presidente Steyn en Kruger gebring, met die gevolg dat hy verskeie wetenswaardighede omtrent hulle kan meedeel.

13. F.D. Conradie, Met Cronjé aan die wesfront (1899-1900) en waarom het die Boere die oorlog verloor?.

Francois D. Conradie is in 1867 in die distrik Worcester gebore. Na sy skoolopleiding op o.a. Worcester en Wellington het hy 'n paar jaar in die Cradockse distrik skoolgehou. 1889 is hy na Pretoria waar hy na aflegging van die nodige eksamens in 1893 toegelaat is as prokureur-notaris. In 1894 het hy deelgeneem aan die Malaboch-veldtog. In 1896 het hy 'n regspraktyk op Potchefstroom geopen. In 1907 het hy hom met sy gesin in Argentinië gevestig waar hy verskillende neringe beoefen het waaronder boer, onderwyser, boekhouer en transportryer. In 1937 keer hy na Suid-Afrika terug en vestig hom op Laingsburg waar hy in 1942 nog werksaam was in 'n prokureurskantoor.[172)]

Conradie het gedurende die oorlog 'n dagboek aangehou wat hy na sy terugkeer na Suid-Afrika in 1937 verwerk[173)] en waarskynlik aangevul het met sy herinneringe.

Ten einde 'n volledige beeld van genl. P.A. Cronjé aan die wesfront te gee, het Conradie ook van gebeure waarby hy nie teenwoordig was nie, verslag gegee met behulp van verskillende bronne. Ook wat sy eie ervaringe betref, het hy dit nie by 'n blote relaas van feite gelaat nie, maar 'n poging aangewend om toestande te ontleed en oorsaak en gevolg na te vors met

---

172) F.D. Conradie, Met Cronjé aan die wesfront (1899-1900) en waarom het die Boere die oorlog verloor? Kaapstad, Nasionale Pers, 1943. Voorwoord deur E.C.Pienaar.
173) Ibid. Voorrede deur F.D. Conradie(ongenommer).

/behulp van ander...

behulp van ander bronne. 174) Gevolglik besit die werk 'n tweeslagtige karakter in die sin dat dit deels 'n beskrywing van sy eie ervaringe bevat en deels gepoogde geskiedskrywing is.

Die waardevolste deel van die werk is die ervaringe van Conradie self hoewel dit uitvoeriger kon gewees het. Met sy gepoogde geskiedskrywing lewer hy egter geen nuwe bydrae tot die geskiedskrywing oor die Vryheidsoorlog nie, aangesien sy geskiedskrywing mank gaan aan gebrekkige navorsing en tydgenootskaplike waardering steeds gevaar loop om die subjektiwiteit te dien soos dit dan ook in hierdie geval gebeur. 175)

Waarskynlik was geen ander aanvoerder van die Republikeinse strydmagte aan nóg so 'n felle kritiek onderwerp as juis Cronjé in hierdie werk nie. Dit is bekend dat sy oorgawe by Wolwekraaldrif op 27.2.1900 'n ramp was waarvan die Boeremagte nooit weer herstel het nie en die teleurstelling en verontwaardiging was só groot dat daar selfs op verraad gesinspeel is.

Conradie, wat onder Cronjé geveg het, het hom dit ten doel gestel om die vermoëns van Cronjé as veldheer te bepaal en hy maak sy gevolgtrekkings oor Cronjé nie net op grond van sy strategiese flaters wat gelei het tot laasgenoemde se oorgawe by Wolwekraaldrif nie, maar op grond van sy hele militêre loopbaan vanaf die begin van die oorlog tot by sy oorgawe. 176)

Conradie voer aan dat die aanstelling van Cronjé noodlottig, maar natuurlik was omdat hy 'n persoonlike vriend van pres. Kruger was en hy daarby heelwat roem ingeoes het met vorige oorloë. Hy glo dat Cronjé se mislukte veldheerskap gedeeltelik in sy karakter gesoek moet word.

---

174) Vgl. G.D. Scholtz, Met Cronjé aan die wesfront (1899-1900) en waarom het die Boere die oorlog verloor? (boekbespreking). Die Huisgenoot, 5.11.1943.
175) Ibid. Vgl. D.W. Kruger, Met Cronjé aan die wesfront (1899-1900) en waarom het die Boere die oorlog verloor? (boekbespreking). Koers, Aug. 1943.
176) A.N. Pelzer, Met Cronjé aan die wesfront (1899-1900) en waarom het die Boere die oorlog verloor? (boekbespreking). Historiese studies, 1943, p. 112.

/Hoewel.................

Hoewel Cronjé geen bang haar op sy kop gehad het nie, was hy 'n styfhoofdige despoot wie se vorige roem na sy kop gegaan het. Sy koppigheid het meegebring dat hy nie vatbaar was vir oortuiging nie. Daarby het hy eie bekwaamheid hopeloos oorskat en dié van sy vyande onderskat.[177)]

Conradie skets ten aanvang sy eerste kennismaking met Cronjé toe hy en sewentien ander rapportryers wat deur kommandant-generaal Piet Joubert aan Cronjé gestuur is deur laasgenoemde op onvriendelike wyse afgedank word en hy boonop weier dat 'n ambulans by sy laer toegelaat word. Waarskynlik het eersgenoemde gebeurtenis tot gevolg gehad dat Conradie 'n persoonlike gevoel teen Cronjé ontwikkel het en dit was moontlik een van die faktore wat bygedra het tot sy skerp en soms bevooroordeelde veroordeling van Cronjé.

Vervolgens gee Conradie 'n verslag van die mars na die wesgrens en hy wys daarop dat Mafeking ten tye van die uitbreek van die oorlog 'n swak verdedigde dorpie was wat bestorm moes gewees het voordat kol. R.S.S. Baden-Powell kans kon gekry het om dit te verskans. Maar in plaas daarvan het Cronjè Mafeking met 6,000 burgers wat elders kon gebruik gewees het, laat beleër. [178)]

Hy neem aan die eerste mislukte aanval op Mafeking deel, maar a.g.v. 'n besering het hy die laer op 13 November 1899 verlaat om 'n operasie op Potchefstroom te ondergaan. Op 23

---

177) Hierdie siening word onderskryf deur o.a. H.P. van Coller (<u>Generaal P.A. Cronjé, 'n lewenskets</u>. Pretoria, 1945, p. 267). Na aanleiding van Cronjé se oorgawe by Wolwekraaldrif meld hy: Sy (Cronjé) minagting vir die vyand, sy oormoedigheid en eiewysheid het sy lot verseël.
178) 'n Paar halfhartige stormaanvalle is wel gemaak dog sonder enige sukses. H.P. van Coller, <u>Genl. Piet Cronjé en die stryd aan die westelike front</u>. Breytenbach, <u>Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog</u>, p. 108.

/ Januarie .......

Januarie 1900 was hy weer terug in Cronjé se laer.

Voorts behandel Conradie die slae van Modderrivier en Magersfontein, wat in sy afwesigheid plaasgevind het, hoofsaaklik na aanleiding van W.F. Andriessen se Gedenkboek van den oorlog in Zuid Afrika, De strijd tusschen Boer en Brit van C.R. De Wet en Conan Doyle se The great Boer war. Hier kritiseer Conradie Cronjé omdat hy sy stellings by Modderrivier prysgegee het en nie sy oorwinning na die slag van Magersfontein opgevolg het nie.

Van waarde is die beskrywing van die slag van Magersfontein deur 'n burger wat daaraan deelgeneem het, nl. E.P. Steinhobel. Vir Steinhobel is dit onverstaanbaar dat die Boere-artillerie eers teen die einde aan die slag deelneem het,[179)] dat Cronjé nie drie batterye Britse kanonne ingebring het wat ure onbeskermd op die vlakte gestaan het nie en dat ongeveer 5,000 van Cronjé se burgers, i.p.v. die terugvallende vyand te agtervolg, in hulle posisies gebly het, en, behalwe in die geval van die Ficksburgers, gladnie aan die geveg deelgeneem het nie.[180)]

Vervolgens wys Conradie daarop hoedat Cronjé se passiwiteit na die slag van Magersfontein weer eens die inisiatief in die hande van die vyand geplaas het en hoedat genl. C.R. De Wet se pleidooie om die vyand se spoorwegverbindinge te gaan afsny deur Cronjé geweier is.[181)]

---

179) As rede hiervoor voer Van Coller (op. cit., p. 245) aan dat Cronjé dit waarskynlik nie nodig geag het nie aangesien die vyandelike voetvolk verspreid oor die vlakte gelê het.

180) Laasgenoemde twee beskuldigings is ook deur verskeie ander burgers gemaak wat aan die slag deelgeneem het, maar Van Coller meld niks hieroor nie.

181) Cronjé het die opdrag van sy regering om die verbindings van die oprukkende Lord P.S.Methuen te gaan vernietig, geïgnoreer met die verskoning dat sy stellings dan verswak sou word. Van Coller, op. cit., p. 248-249. Dit is waarskynlik ook die rede waarom hy De Wet se versoek geweier het.

Conradie kritiseer die gebruik van Cronjé om 'n groot walaer met vroue en kinders met hom saam te neem. Buitendien het die aanwesigheid van hulle families 'n slegte uitwerking op die moreel van die burgers gehad.

Conradie gee voorts 'n kort verslag van die inval van genl. P.J. Liebenberg in Noord-Kaapland, aan die hand van 'n ongenoemde getuie. Aangesien Conradie gevoel het dat daar tot op daardie stadium nog niks oor Danie Theron te boek gestel is nie, het hy die taak op hom geneem en word 'n skets van hom gegee.[182)]

Dan word die militêre bedrywighede aan die wes-front waarby Conradie van 9 tot 17 Februarie 190( betrokke was, verhaal. Op laasgenoemde datum is hy gewond en gevange geneem tydens die buitmaking van 'n konvooi deur genl. De Wet by Watervaldrif.

Aan die hand van bg. bronne asook verklarings van oudstryders gee Conradie 'n relaas van Cronjé se laaste tog tot sy oorgawe by Wolwekraaldrif.[183)] Hy wys op Cronjé se verlore geleenthede om te ontsnap, maar fouteer waar hy beweer dat Cronjé persoonlik verantwoordelik was vir die oorgawe.[184)]

Hy sluit sy vertelling af met 'n kort verslag van sy laaste dae in die Jacobsdalse hospitaal tot hy weggestuur is na 'n krygsgevangenekamp by Kaapstad.

In die tweede deel van die werk probeer Conradie die vraag beantwoord waarom die Boere die oorlog verloor het. Die hoofoorsaak plaas hy op die rekening van die Boere-offisiere. Die grootste blaam lê hy eerstens op Cronjé. As gevolg van sy handelswyse staan hy "....

---

182) Conradie, op. cit., p. 112-117.
183) Ibid., p. 147-166.
184) Cronjé se offisiere het besluit om oor te gee met slegs die teenstem van kmdt. Brits en Cronjé self. Van Coller, op. cit., p. 288-289.

/".... veroordeel as die......

"....veroordeel as die eerste en grootste aanleidende oorsaak tot die ondergang van die twee republieke".[185)]

Ook word die name genoem van genls. M. Prinsloo, P. Joubert, J. Prinsloo, J.H. Olivier, B.J.E. Erasmus en J.P. Snyman. As gevolg van die "Joubertiaanse oorlogsfilosofie" waarvolgens die

"...godsdienstige opvatting van offisiere in botsing gekom het met die praktiese eise van oorlogvoering",

is telkens versuim om oorwinnings op te volg en die inisiatief is telkens aan die vyand besorg.

Oor die aanstelling van offisiere maak hy dié gewaagde bewering:

"Verder was dit die gebruik dat verantwoordelike posisies aan sekere persone en hulle familiebetrekkings toegeken word. Ek sal nie name noem nie, maar daar was minstens ses families....... wat gedurig gevoer is uit die staatsdiens-voorraadskuur van betrekkings."[186)]

Ander faktore wat volgens Conradie die Boereneerlaag bewerkstellig het, is die rol van die "renegatepers", die gebrek aan dissipline en die vyandelike oormag.

Die redes wat Conradie aanvoer, gee egter geensins 'n volledige antwoord op die vraag wat Conradie hom ten doel gestel het om te beantwoord nie. Uitgebreide navorsing sal aantoon dat verskeie ander faktore ook 'n rol gespeel het in die veroorsaking van die Boereneerlaag.[187)]

Die tweede deel van die werk bevat feitlik niks nuuts nie, maar dit is nogtans nie onbelangrik nie. Van belang is Conradie se bewerings van oorlogsbaantjies vir boeties tydens die Krugerbewind en die s.g. "Joubertiaanse oorlogsfilosofie.

185) Conradie, op. cit., p. 182.
186) Ibid., p. 181.
187) Scholtz, Met Cronjé aan die wesfront 1899- 1900 en waarom het die Boere die oorlog verloor? Die Huisgenoot, 5.11.1943.

wat nie sonder meer geïgnoreer kan word nie.

As oudstryder wat in die hitte van die stryd gestaan het, boet Conradie se werk a.g.v. sy krasse en selfs bevooroordeelde uitlatings 'n mate van objektiwiteit en perspektief in en die inhoud moet vir wetenskaplike doeleindes versigtig gebruik word. [188]

14. A.F. Louw, My eerste neëntig jaar.

Abraham Faure Louw is op 28 Desember 1866 op Fauresmith gebore waar sy vader predikant was. Nadat hy sy matrikulasie-eksamen aan die Paarlse Gimnasium afgelê het, is hy na die Victoriakollege op Stellenbosch waar hy in 1894 as predikant gelegitimeer is. In 1895 het hy sy eerste beroep na Graaff-Reinet aanvaar. [189] Op eie versoek het hy op 31 Aug. 1900 na St. Helena vertrek om daar onder die Boerebannelinge te gaan arbei. [190] Nadat sy dienstydperk verstreke was, is hy terug na Kaapstad waar hy op 26 Februarie 1901 gearriveer het. As gevolg van krygswet kon hy nie na Graaff-Reinet terugkeer nie met die gevolg dat hy weer op 3 April 1901 na St. Helena vertrek het. [191] Daar het hy tot die einde van die oorlog gearbei en op 20 Augustus 1902 het hy weer na Suid-Afrika teruggekeer.

In 1903 is hy aangestel as hoof van die Boere Sending-instituut op Worcester, maar in 1906 het hy om gesondheidsredes bedank. [192]

---

188) Kruger, Met Cronjé aan die wesfront 1899-1900 en waarom het die Boere die oorlog verloor? Koers, Aug. 1943, p. 38. Vgl. Pelzer, Met Cronjé aan die wesfront 1899-1900 en waarom het die Boere die oorlog verloor? Historiese studies, 1943, p. 114.
189) J. Louw, Ds. A.F. Louw op St. Helena: Briewe en belewenisse. Kaapstad, N.G. Kerk-uitgewers, 1963, p. 9.
190) Ibid., p. 11.
191) Ibid., p. 13.
192) Ibid., p. 23.

/In 1908 het hy weer tot...

In 1908 het hy weer tot die bediening op Graaff-Reinet toegetree. In 1912 is hy aangestel as die eerste Organiserende Sendingsekretaris van die Kaapse N.G. Kerk. Van 1917 tot 1920 was hy leraar op Aberdeen en van 1920 tot 1927 leraar van die gemeente Bloemfontein-Noord. Vanaf 1928 was hy verbonde aan die Stellenboschse gemeente waar hy in 1946 op tagtigjarige leeftyd afgetree het. Daarna het hy hom op Somerset-Wes gaan vestig waar hy op 16 Augustus 1960 oorlede is.193)

In sy lewensbeskrywing, My eerste neëntig jaar, wy Louw ses en sestig bladsye aan sy wedervaringe as kamp-prediker op St. Helena gedurende die Tweede Vryheidsoorlog. Hy sê van sy dagboek:

> „Voor my lê 'n dagboek waarin veel opgeteken staan van my ondervindinge gedurende die tyd van ballingskap" 194)

Hy meld egter dat toe hy op versoek sy lewensgeskiedenis op skrif gestel het, hy dit moes verkort aangesien dit te veel was vir een boekdeel. Dit het tot gevolg gehad dat hy dié deel wat oor sy ervaringe op St. Helena handel, moontlik ook verkort het.

Louw haal slegs enkele kere uit sy dagboek aan, maar waarskynlik is sy ervaringe soos in bogenoemde werk te boek gestel, 'n samevattende verwerking van die oorspronklike dagboek, aangevul met herinneringsfeite.

Hy gee 'n bondige verslag van o.a. kunstige handwerk deur die bannelinge verrig, ontsnappingspogings, dranksmokkelary, onderwysaangeleenthede, posdag op die eiland en hospitalisasie.

---

193) Ibid., p. 24.
194) A.F. Louw, My eerste neëntig jaar. Kaapstad, N.G. Kerk-uitgewers, 1958, p. 121-122.

Vanselfsprekend word die meeste aandag gewy aan die geestelike sy van die bannelingslewe en word verwys na die geestelike oplewing wat daar plaasgevind het.

Louw was sonder twyfel 'n persoon van groot integriteit en dit is onwaarskynlik dat hy die waarheid opsetlik geweld sou aangedoen het. Hoewel hy hier slegs 'n kort samevatting van sy dagboek gee, het hy daarin geslaag om die vernaamste fasette van die kamplewe te belig en die getuienis is vanweë sy kultuur-historiese waarde van belang.

15. R.W. Schikkerling, Commando courageous, a Boer diary.

Roland William Schikkerling is op 28 November 1879 op Potchefstroom gebore.[195] Hy het hom as prokureur bekwaam en in Johannesburg gepraktiseer waar hy in 1944 oorlede is.[196]

Schikkerling se dagboek het, volgens mej. M.M. Webster wat dit in 1964 uitgegee het,[197] byna vyftig jaar in manuskripvorm gesluimer voordat dit gepubliseer is.

Mary Morison Webster is in Edinburg, Skotland gebore. Sy verhuis na Suid-Afrika en tree in die huwelik met R.W. Schikkerling. Sy is sedert 1930 boekresensente vir die Sunday Times en Rand Daily Mail. Verskeie novelles, waaronder Evergreen en digbundels waaronder Tomorrow en The silver flute het van haar verskyn.[198] In 1971 het sy nog in Johannesburg gewoon.

Die werk is egter nie in sy geheel 'n dagboek nie en net minder as 'n vyfde (ongeveer vier en tagtig bladsye) bestaan uit herinneringe. Webster het persoonlik aan my meegedeel dat Schikkerling vanaf die aanvang van die oorlog 'n dag-

195) R.W. Schikkerling, Commando courageous, a Boer diary. Johannesburg, Keartland, 1964, voorwoord (ongenommer).
196) L. Sowden, Commando courageous (boekbespreking). Rand Daily Mail, 18.12. 1964.
197) Hierdie feit word nie in die werk vermeld nie en is deur Webster aan my meegedeel.
198) Sunday Times, 17.5.1964.

/boek in Engels aangehou..

boek in Engels aangehou het, maar die eerste deel het verlore geraak. Schikkerling verwys self na dié deel van die dagboek wat hy gehou het tot November 1900, maar dit het verlore gegaan tydens 'n vlugtog by Tautesberg in die omgewing van Roossenekal.[199] Hy meld egter dat hy nog die aantekeninge oor die eerste deel van die oorlog gehad het en aangesien die gebeure nog helder in sy gemoed afgedruk was, kon hy dit sonder moeite weer neerskryf.[200]

Die dagboek self, wat nie 'n streng daaglikse verslag van gebeure is nie, dateer vanaf 16 November 1900 tot 18 Junie 1902 en handel uitsluitlik oor die skrywer se deelname aan die guerillafase van die oorlog.

N. Haupt wat die Engelse manuskrip in Afrikaans vertaal en in 1964 onder die titel Hoe ry die Boere uitgegee het, het my meegedeel dat die werk in sy huidige vorm 'n aansienlike verkorting van die oorspronklike dagboek, wat waarskynlik verlore geraak het, is. Webster het die getikte manuskrip, wat aan die Johannesburgse stadsbibliotеek geskenk is, vir publikasiedoeleindes verder verkort en gewysig.

Daar is aanduidings dat daar met die verwerking van die dagboek deur Schikkerling ook byvoegings gemaak is en 'n deel van die inhoud is blykbaar herinneringsgetuienis. Schikkerling se soms diepsinnige, filosofiese beskouinge, insig in sake en wêreldwyshede verleen 'n groot mate van volwassenheid aan die werk en laat twyfel ontstaan of dit alles die gedagtes kon gewees het van iemand van negentien tot twee en twintig jaar, hoewel erken moet word dat hy 'n intelligente en goedbelese persoon was.

---

199) Schikkerling, op. cit., p. 178.
200) Ibid., voorwoord (ongenommer).

/Schikkerling meld dat hy die..

Schikkerling meld dat hy die Natalse veldtog slegs vlugtig weergee, aangesien daardie gebeure al so dikwels opgeteken is. Dit bewys dat hy sy dagboek op 'n later stadium, nadat daar alreeds 'n hoeveelheid lektuur oor die oorlog verskyn het, moes verwerk het.

In 'n boeiende verteltrant en beeldryke taal en styl verhaal die dagboekhouer sy en sy kamerade se wedervaringe en die immerwisselende erns, luim en humor laat die werk soos 'n roman lees.

As lid van die Johannesburgse kommando veg Schikkerling aan die Natalse front en hy gee sy ervaringe aldaar in enkele bladsye weer. Na die val van Johannesburg vertrek hy saam met die kommando's na Pretoria. Hulle val al vegtende langs die oosterlyn terug en hy neem aan die laaste stellingsgeveg te Dalmanutha op 26 Aug. 1900 deel. Hierna volg 'n interessante beskrywing van Schikkerling en sy maats se tog via Waterval-Onder na Hectorspruit.

Terwyl 'n deel van die vlugtende Boeremagte waarvan die meeste "papbroeke" was onder leiding van Frans Pienaar oor die Portugese grens gaan om geïnterneer te word, aanvaar Schikkerling en sy maats die moeilike en gevaarlike tog deur die laeveld na Pietersburg om sodoende uit die vyandelike omarming te ontsnap. In hoofstukke 13 en 14 gee Schikkerling 'n onderhoudende beskrywing van hierdie tog deur die hittegeteisterde, onherbergsame en waterlose streek. Op 30 Oktober 1900 word Pietersburg na 'n seswekse tog bereik en op 16 November 1900 was hy terug op die oostelike Hoëveld.

Vervolgens beskryf hy sy ervaringe tydens die aanval op Balmoralstasie (19 November 1900), die slag te Renosterkop (28-29 November 1900), die aanvalle op Helvetia (28 Desember 1900) en Belfast (7-8 Januarie 1901).[201]

Hy gee 'n realistiese beskrywing van die be-

201) Ibid., p. 123-130.

/storming en verowering.

storming en verowering van die kamp van die Queensland Mounted Cavalry by Wilmansrust in die Bethalse distrik op 12 Junie 1901 onder leiding van genl. C.Muller. Die oortog oor die spoorweg tussen Brug- en Balmoralstasie op 26 Junie 1901 onder 'n koeëlreën, nadat 'n fort langs die spoor eers verower moes word, is een van die talle heldedade deur Schikkerling en sy kamerade verrig.

Uit die vertelling blyk dit hoedat tydens die laaste fase van die oorlog daar voortdurend gevlug moes word om uit die vyand se hande te bly, maar dat daar ook geveg moes word ten einde die noodsaaklike voorrade van die vyand te bekom.

As gevolg van die meedoënlose agtervolging van die vyand en die vooruitsig op volop lewensmiddele het genl. Ben Viljoen besluit om met 'n deel van die Johannesburgse kommando na die Laeveld uit te wyk en die kommando arriveer op 19 September 1901 op Pelgrimsrust. Daar het hulle tot die einde van die oorlog deurgebring. Behalwe skermutselings met Engelse patrollies en vyandige Bantoes het daar geen gevegte van betekenis in die Laeveld plaasgevind nie. Na die gevangeneming van genl. Viljoen op 26 Januarie 1902 is sy broer, kmdt. Wynand Viljoen, in 'n waarnemende hoedanigheid in sy plek aangestel.

In die Laeveld het Schikkerling en sy kamerade 'n heelwat rustiger en gemakliker lewe gelei aangesien hulle veel minder las van die vyand gehad het en daar nooit 'n skaarste aan voedsel was nie. Hierdie twee faktore, beweer hy, het egter tot gevolg gehad dat hulle as vegtende burgers versleg het.

Dit was nie Schikkerling se doel om 'n wetenskaplike relaas oor die verloop van veldslae en die oorlog te skets nie, maar

> ".... an intimate narrative, speaking much of myself and my immediate friends, ....." 202)

---

202) Ibid., voorwoord (ongenommer).

/ In hierdie doelstelling..

In hierdie doelstelling het hy dan ook geslaag en die persoonlike element wat aanwesig is, verleen aan die werk sy diep menslike karakter wat dit so 'n waardevolle dokument maak. Heldemoed, halfhartigheid, pligsbesef, verraad, ellende en ontbering, wanhoop en moed, afgewissel met luim en sprankelende humor is deur 'n skerp waarnemende oog boeiend weergegee.

Interessante karaktersketse laat verskeie figure met wie Schikkerling in aanraking was, voor die leser lewe soos die beeld van Daan de Villiers, hulle perdewag:

> "Of the good things, Fate had dealt him only 6/8 in the pound. He is nevertheless happy; either because he is too philosophic to be unhappy, or, because he had at one time become so submerged in wretchedness that his point of view had shifted, and the standard by which he erstwhile measured his condition, shrunk. He agrees with Sancho "That every man is as God made him, and some a great deal worse." 203)

Nog 'n kenmerk van die dagboek is die groot verskeidenheid fasette van die oorlog wat belig word waaronder Schikkerling se siening van die Boer as vegsman, van die uitlander, en sy huldeblyk aan die perd, muil, donkie, mielie asook verskeie Boerehelde. Hy laat die soeklig op die vrou tydens die oorlog val en van haar sê hy o.a.:

> „The female bootmaker, cattle-driver and farmer is a by-product of this war. She is a fighter, grim and lone, not on the so-called glorious field of combat but in the quiet cornfield and the pastures, not in the smoke of battle but in her wrecked and burnt-down home, with no noise nor show to sustain her courage, and no officers save only duty and devotion to direct her. She is a by-product, which by some subtle alchemy outshines the primary product, as silver is often a by-product of copper and lead, and gold is retorted from baser metals and refined

203) Ibid., p. 260.

/by an ordeal of fire.......

by an ordeal of fire." 204)

Vlymskerp is sy oordeel oor die verraaiers.

> „They are so hated for their perfidy that the blackest oaths of vengeance are registered against them. They will never receive Quarter. What enmity is so deep as that between kith and kin? And who are so unforgiving?. But for these infamous people, who will be everlastingly branded, the enemy would never have penetrated our fastnesses. Time will no more erase the black from their souls than it will the blue from the heavens." 205)

Van besonder belang is die feite wat verstrek word oor die aandeel van die Oos-Transvaalse Bantoes aan die oorlog en die stryd wat die Boere teen hulle te voer gehad het.

Schikkerling gee interessante beskrywings oor die vindingrykheid wat die Boer, veral gedurende die guerillafase van die oorlog, aan die dag gelê het om ŉ weerbare burger te bly. Hy meld die talle metodes wat die Boere gebruik het om uit die vyand se hande te bly, lewensmiddele en ammunisie van hom te bekom of lewensmiddele elders vandaan te kry. In laasgenoemde geval moes óf die natuur dit lewer, óf dit is op wettige wyse van die inboorlinge, boslansers en boereplase, óf op onwettige wyse van laasgenoemde drie instansies verkry. Hieruit blyk dit weer duidelik hoeveel tyd die burgers spandeer het om lewensmiddele in hande te kry terwyl dit by die vyand nie ŉ probleem was nie. Sout was altoos ŉ weelde-artikel en Schikkerling meld hoedat vyf man twee dae lank moes swoeg om vier en twintig onse bitter sout uit brakgrond te verwerk. Kleding het steeds ŉ probleem gebly en selfs die binneste seillae van ou rubberpype is gebruik om klere van te maak.

---

204) Ibid., p. 179.
205) Ibid., p. 375-376.

/Schikkerling konstateer..

Schikkerling konstateer in die voorwoord van die werk dat hy die waarheid nêrens geweld aangedoen het nie, behalwe waar hy korswil, en dat hy hulle goeie sowel as slegte dade opgeteken het ten einde die beeld oor die oorlog so getrou moontlik weer te gee. Die talryke staaltjies, waarvoor hy nie altyd vir die waarheid wil instaan nie, verhelder die vertelling nog meer.

Dit is nie duidelik waarom die werk so lank na die oorlog gepubliseer is nie. Die bewering word gemaak dat Schikkerling geglo het dat die verskyning van Deneys Reitz se Commando in 1929 die publikasie van sy dagboek onnodig gemaak het.[206] Op 'n vraag van my waarom die dagboek nie voor 1929 gepubliseer is nie het Webster aangevoer dat geen uitgewer geïnteresseerd was om die werk te publiseer nie wat verbasend is as in aanmerking geneem word dat dit een van die lesenswaardigste boeke oor die Tweede Vryheidsoorlog is.

B. Dagboek deur iemand anders vertaal, verwerk en aangevul met die verwerker se herinneringe.

1. G.S. Preller (red.), Kaptein Hindon: Oorlogsavonture van 'n baasverkenner.

Oliver John (Jack) Hindon is op 20 April 1874 in Skotland gebore. Hy immigreer in 1888 na Transvaal en maak 'n bestaan as messelaar. Gedurende die Jameson-inval veg hy aan Boerekant en sluit daarna by die Transvaalse polisie aan. In 1899, met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog, neem hy as Transvaalse burger die wapen teen die vyand op.[207] Na die oorlog het Hindon enige jare in Nederland en Noord-

---

206) H.H.H., Commando courageous (boekbespreking). Sunday Times, 17.1.1965. Vgl. Sowden, op. cit.
207) G. Aucamp, Suid-Afrikaanse heldegalery. Kaapstad, Rieck, 1947, p. 205.

/Amerika rondgeswerf.......

Amerika rondgeswerf. 'n Senuweesiekte het hom mettertyd verlam en op 2 Februarie 1919 is hy tydens 'n operasie in Pretoria oorlede. 208)

As ons nasionale historikus by uitnemendheid sou Preller hom na die twee hoogtepunte in sy volk se verlede wend naamlik die Groot Trek en die Tweede Vryheidsoorlog. Hoewel sy eerste werk nl. Piet Retief, oor die Groot Trek handel, het sy Transvaalse agtergrond en die veelbewoë tyd voor en tydens die Tweede Vryheidsoorlog wat hy so intens beleef het tot gevolg gehad dat daar verskeie werke van hom oor laasgenoemde gebeurtenis verskyn het.

Oor die inhoud van Kaptein Hindon sê Preller:

> „Wat in die volgende bladsye opgeskryf staan, is namelik g'n herinnering nie, maar 'n getroue weergawe van die middelike dagboekaantekeninge van die krygsman self."

Hier verwys Preller slegs na dié deel wat op die oorlog self betrekking het. Die res van die werk, naamlik die inleidende deel tot met die uitbreek van die oorlog berus op 'n ".....later opgetekende herinnering..." van Preller self.

Preller meld dat Hindon aantekeninge gehou het

> „...van al die vernaamste gebeurtenisse om hom heen: Die aantekeninge het hy onmiddellik na die oorlog in Nederland vir die Engelse pers klaar gemaak, maar nie uitgegee nie en hierdie boek is van laasgenoemde 'n bewerking." 209)

Die oorspronklike dagboek is dus eers deur Hindon verwerk(in welke vorm is nie bekend nie) en daardie verwerking toe weer deur Preller in sy huidige vorm.

---

208) G. Preller, Kaptein Hindon: oorlogsavonture van 'n baasverkenner. Pretoria, Van Schaik, 1916, p. 281.
209) Preller, op. cit., voorwoord, p. 7.

/Preller vertel dat hy.....

Preller vertel dat hy nie 'n willekeurige bewerking gedoen het nie.

> „Die dagboek word gehandhaaf nie alleen nie, maar waar die skrywer se waardéring van die stof dit so meegebring het, word in oorleg met kaptein Hindon, sommige van die belangwekkendste momente uitvoeriger behandel, en aan ander weer 'n meer beskeie verhouding toegeken."

Voorbeelde van laasgenoemde is gebeure wat buite Hindon se onmiddellike waarneming geval het en die persoonlike menings van Preller t.o.v. bv. oorlogstrategie en taktiek. 210)

Preller het hom hierdie vrymoedigheid veroorloof aangesien hy die grootste gedeelte van dieselfde gebeure,

„...al was dit net op 'n afstand,..." meegemaak het. Dit het „... 'n Lewendiger opvatting by die beskrywing...." en „.....'n gevolglik dieper-ingeleefde voorstelling..." tot gevolg gehad. Nogtans het die werk gebly „... 'n getroue, met historiese nougesetheid neergeskrewe uiteensetting...." van Hindon se oorlogservaringe. 211)

Hoewel die „uitvoerige aantekeninge" wat Preller oor die Natalse veldtog gemaak het, verlore gegaan het, 212) kan uit bg. aangehaalde woorde afgelei word dat hy gepoog het om goed op hoogte te kom met toestande aan die Natalse front en hy het waarskynlik heelwat van daardie dagboek-herinneringsfeite in hierdie werk gebruik, veral in dié gedeelte wat oor die Natalse veldtog handel. Sodoende het Preller se bewerking nie slegs 'n opeenvolging van die persoonlike avonture van Hindon geword nie, maar word sy ervaringe gesien teen die groter agtergrond van die oorlog, en word die oorlogsfeite

---

210) Ibid.
211) Ibid., p. 7-8.
212) Preller, <u>Ons parool</u>, p. 20.

/wat op Hindon betrekking...

wat op Hindon betrekking het ingeskakel in die groter geheel. [213]

Gemeet aan die eise van ŉ blote lewensbeskrywing sou die beswaar egter geopper kan word dat baie gedeeltes niks met Hindon te doen het nie. Gevolglik word die persoon van die held dikwels in die skadu gedruk. Hier kan verwys word na veral die Natalse veldtog waar Hindon se naam baie ongereeld genoem word. Soms word gevoel dat ŉ mens die persoon van Hindon self aan die woord sou wou hê. Daarom het die persoonlike klank in die dagboek verlore gegaan. [214]

Aan die ander kant het die werk juis daardeur baie gewen, want deur ŉ groot deel van die verloop van die stryd aan die hand van waarskynlik betroubare getuienis in die werk te betrek, is sy historiese waarde vergroot en is dit nie hinderlik nie omdat dit handig tussen Hindon se avonture ingevleg is. [215]

Preller meld dat tydsverloop en die verskyning van ander bronne dit moontlik gemaak het om verskeie gebeure aan die getuienis van ander te toets en ŉ aantal bronne in dié verband word aangehaal wo. Scapegoats of the British Empire van G.R. Witton, Vechten en vluchten van Beyers en Kemp "bôkant" De Wet deur J.F. Naudé en Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-oorlog van B. Viljoen.

Ten aanvang word gewys op die imperialistiese motiewe van Brittanje t.o.v. Transvaal (hoofstukke 2 en 3) waarna in hoofstuk 5 ŉ beskrywing gegee word van die militêre disposisies van die Boere aan die begin van die stryd asook hulle veldtogplanne.

Vanaf die slag van Dundee (20 Oktober 1899)

---

213) Schoonees, op cit., p. 521.
214) Anon., Kaptein Hindon (boekbespreking). Ons Vaderland, 7.11.1916. Vgl. B.D.W., Kaptein Hindon (boekbespreking). Die Huisgenoot, September 1921.
215) B.D.W., Kaptein Hindon. Die Huisgenoot, September 1921.

/kom Hindon, wat

kom Hindon, wat lid van die Middelburgse kommando was, se dagboekervaringe ter sprake en dit was ook tydens hierdie slag dat hy sy vuurdoop ontvang het. Hier tree Preller vir genl. Piet Joubert, wie se leërleiding dikwels gekritiseer is, in die bresse.

> „En tog staan dit vas dat die ou krygsowerste nooit skitterender talent aan die dag gelê het as met sy Natalse veldtogplan nie en dat die wyse waarop hy die hoof gebied het aan teenslae, gebrek aan samewerking, ongehoorsaamheid en ontrou, en die totale verydeling van sy planne, hom as veldheer tot groot eer strek." 216)

Preller glo dat die neerlaag te Elandslaagte en die "werkeloosheid" van genl D. Erasmus op die Impatiberg 217) tydens die slag van Dundee verreikende gevolge gehad het.

> „Daar (Dundee) en nie op n ander plek nie, word ons Tweede Vryheidsoorlog verloor." 218)

Vervolgens word die verlore kanse na die slae van Nicholsonsnek en Modderspruit (30.10. 1899) vermeld en word n kort verslag gegee van die verkenningstog van genl. P. Joubert dieper Natal in, wat Hindon meegemaak het.

Hindon het nie aktief aan die slag van Colenso (15.12.1899) deelgeneem nie, maar kon vanuit n uitstekende posisie met n verkyker iedere beweging aan albei kante gadeslaan. Van hierdie slag gee Preller dan ook n kort verslag.

In hoofstuk 9 word n kort beskrywing van die slag van Spioenkop, gevolg deur n waardevolle verslag van die slag van Platrand, waaraan Hindon deelgeneem het, gegee.

Die beskrywing van die stellingsgevegte aan die Natalse front word afgesluit met n relaas van die vyandelike deurbraak by Pieters-

---

216) Preller, op. cit., p. 57.
217) In n latere werk, Talana, (Kaapstad, Nasionale Pers, 1942, p. 192-224) probeer Preller om die "werkeloosheid" van Erasmus te regverdig.
218) Preller, op cit., p. 56.

/hoogte waaraan beide......

hoogte waaraan beide Preller en Hindon 'n aandeel gehad het.

Tot op hierdie stadium word Hindon slegs ongereeld genoem, maar hy tree meer op die voorgrond vandat hy met die aanvang van die guerillagevegte by Danie Theron se verkennerskorps aansluit. Die gevegte waaraan die korps onder genl. C.R. de Wet deelgeneem het, word kortliks geskets wo. die gevegte naby Lindley op 27 Junie 1900 en die verdediging van Bethlehem wat op 7 Julie 1900 prysgegee moes word.

In hoofstukke 14 en 15 word 'n oorsig gegee van die bedrywighede van die Transvaalse Verkenners Korps in die Vrystaat na die val van Bethlehem en aan die Witwatersrand tot Theron se dood op 5 September 1900 in die Gatsrand.

Op 16 September 1900 verlaat Hindon en vier ander verkenners wo. Henry Sleghtkamp, die T.V.K. en stig hulle eie korps. Hindon is deur kommandant-generaal L. Botha as kaptein aangestel met die opdrag om met sy korps langs die oosterlyn te opereer. Hy sou Theron as verkenner ewenaar en as waaghals oortref.

Aanskoulik word die talle heldedade van Hindon en sy maats waar hulle treine ontspoor, verhaal. Op 26.12.1900 ontspoor hulle die eerste trein op die oosterlyn en op 16 Januarie 1901 vang hulle drie treine naby Balmoralstasie. Op 9 Augustus 1901 vind 'n verwoede geveg met die troepe van 'n ontspoorde trein naby Naboomspruit plaas waartydens ses verkenners sneuwel. 219) Net soos in die eerste deel van die werk word Hindon se ervaringe geskets teen die agtergrond van die guerilla-oorlog op die oostelike hoëveld.

---

219) Kaptein H. Slegtkamp (D. Mostert, Slegtkamp van Spioenkop. (Tweede druk). Kaapstad, Nasionale Pers, 1938, p. 170) maak melding van sewe gesneuweldes. Hindon (Preller, Kaptein Hindon, p. 214) meld dat sestig man aan die geveg deelgeneem het, terwyl Slegtkamp (Mostert, op. cit., p. 170) die getal op vyf en dertig stel.

/Tussendeur word verskillende.

Tussendeur word verskillende ander fasette van die oorlog belig wo. die gebruik van Nie-Blanke spioene, die perskampanje van die vyand teen die Boere, die verwoesting van die plase, die gebruik van gewapende Bantoes teen die Boere en in hoofstuk 24 word die gewapende optrede van die Bantoehoofman, Malakoet, teen wie Hindon ook te staan gekom het, behandel.

In hoofstuk 25 dwaal Preller, soos so dikwels in die verhaal, af van die onderwerp en vertel hy van die moord op twintig persone in Noord-Transvaal deur luitenant Handcock, Morant en G.R. Witton van die Australian Bushveld Carbineers - feite wat hy hoofsaaklik uit G.R. Witton se Scapegoats of the Empire gehaal het.

Die werk word afgesluit met die wapenneerlegging van Hindon toe vredesonderhandelings al aan die gang was. Hindon het na raadpleging van Boere-offisiere tot hierdie stap oorgegaan aangesien geen belofte van amnestie t.o.v. sy treinopblasery aan hom deur die vyand gemaak kon word nie en hy het 'n geskrewe waarborg van die vyand gekry

> „...teen vervolging weens enige daad voortspruitende uit die oorlog."

Nasionale historikus wat hy was, het Preller nooit sy gevoelens onder tafels en stoele weggesteek nie en hy het hom geensins aan die wette van objektiwiteit onderwerp nie.[220) ] Self verklaar hy:

> „...aan die onvolprese objektivasie-herlewing van vandag het ek my nie veelgeleë laat lê nie. Menigeen wat daarmee te keer gaan, skyn nie te begryp hoe onbereikbaar volkome objektiwiteit is. Nietemin bly ek teenoor my stof so objektief staan as wat dit my as Afrikaner gegee is

---

220) Oor Preller se siening van die objektiwiteit in die geskiedenis sien die werk van J.S. du Plessis, Dr. Gustav Preller as historikus van die Groot Trek. Ongepubliseerde M.A. -verhandeling, Potchefstroom ,1945, p. 111-112.

/om te doen.................

om te doen. Iets anders is ek nie
en sou ek ook nie begeer om te wees
nie." 221)

Hoewel sterk nasionaal gekleur kan Preller nie beskuldig word van eensydigheid of chauvinisme nie.[222] So skilder hy die Engelse soldate simpatiek wat ook moes ly ".... om die hebsug en afguns te bevredig van 'n paar onversadelike ellendelinge".[223]

Preller het, soos reeds gemeld, die reg voorbehou om sy eie menings oor sake daarop na te hou. So lig hy die sluier oor genl. Ben Viljoen en spreek die oortuiging uit dat a.g.v. die ontmoedigende uitwerking wat sy lustelose houding t.o.v. die voortsetting van die oorlog op die burgers gehad het dit beter vir hom sou gewees het indien hy na Mei 1901 sy generaalskap neergelê het.[224]

Vlymskerp is sy oordeel oor ".... die sieklike uitwerpsel van 'n kerngesonde nasie", nl. die verraaier.

"Daar is niks wat ooit die handelwyse
kan regverdig van dié godvergete ellendelinge,
wat die heilige saak van hul land en volk
versaak het in die uur van hul hoogste nood,
wat, erger nog, 'n besoedelde hand daarteen
gekeer het, wat 'n veragtelike karkas
verskuil het agter die bloed van vrou en
kind en broer". 225)

Preller is nie net historikus nie, maar ook kunstenaar. Deur sy styl en tegniek het hy kuns en wetenskap tot 'n eenheid verbind en die andersins droë historiese feite in 'n romantiese en realistiese weergawe van die verlede omskep.[226] Sy vertelgawe in en die ar-

---

221) G.S. Preller, Talana, p. iii.
222) D.W. Kruger, Preller as geskiedskrywer. Koers, Junie 1944, p. 198.
223) Preller, Kaptein Hindon, p. 168.
224) Ibid., p. 266. As gevolg van voedselskaarste het Viljoen met die Johannesburgse kommando na Pelgrimsrust verskuif en hy het sedertdien nie meer 'n betekenisvolle rol in die oorlog gespeel nie.
B.J. Viljoen, op. cit., p. 268.
225) Preller, Kaptein Hindon, p. 252.
226) J. S. du Plessis, op. cit., hoofstuk 6.

/ tistieke inslag van...

tistieke inslag van Kaptein Hindon het verder daartoe bygedra dat Preller verhef is tot ons mees gelese historikus. Hy slaag daarin om gebeure en persone te laat lewe deur sy sober, kernagtige styl, gekenmerk deur 'n natuurlik-dramatiese en spierkragtige kwaliteit. 227)

Hoe Preller hierdie gawe van hom aanwend om veldslagindrukke weer te gee en werklik te laat lewe, blyk uit die volgende:

> „Die eienaardige dubbele koeka-knal van die Engelse Leemetford-gewere, wat mens in die begin duidelik kon onderskei van die dowwe mauser se enkele dodelike "doef" - slaggie, smelt nou saam in één gelykmatige kraakgeluid, wat soos springmielies in 'n vetpot sing deur die laagte en teruggewerp word van die bergkante af, deurmekaar in 'n swaar dreuning, waarin net die kanonne-bas naderhand oorheers. By die skansmuurtjies ziep-ziep die klein koeëltjies teen die klippe, en stukkies fluit vrolik eenkant toe, of dit skuur met so 'n snaakse sing-sangetjie skielik deur die lug oorheen, waarvan mens die dodelike vyandskap eers merk as dit raak is, en 'n man inmekaar sak op die grond, of die fyn blaartjies van die momosaboompies hier bokant afspat op die filthoede." 228)

In dieselfde trant word voor die oog getower die weerstand van die Krugerdorpers teen die verwoede aanslag van die Dublin Fuseliers by Pietershoogte:

> „....staan die Boere met een akkord penregop in hulle posisies voor die aanstormende Engelse sodat iedereen duidelik die bruin bestowe, van liddietgeel, soos goudgekleurde, en met rooibloed bevlekte mannegestaltes kan uitken van tersye in hul posisies, en van voor teen die luglyn swaar gesilhoeëteer, moeg en gedaan maar vas aanmekaar soos 'n muur." 229)

---

227) D.W. Kruger, Preller as geskiedskrywer. Koers, Junie 1944, p. 198.
228) Preller, Kaptein Hindon, p. 53.
229) Ibid., p. 104.

/Preller het deurgaans...

Preller het deurgaans die beskrywing van militêre gebeurtenisse op aangename wyse afgewissel met talryke anekdotes wat 'n interessante lig werp en insae gee in toestande tydens die oorlog.

Hierdie historiese bron waarin daar so 'n groot hoeveelheid feite vervat is oor die stellingsgevegte aan die oosfront en Hindon se guerilla-oorlogsloopbaan, moet as Preller se waardevolste bydrae oor die oorlog beskou word.

C. Dagboeke deur iemand anders verwerk en waarskynlik aangevul met die herinneringe van die betrokke dagboekhouer.

1. D. Mostert (red.) Slegtkamp van Spioenkop: oorlogsherinneringe van kaptein Slegtkamp.

Dirk Johannes Jacobus Mostert is op 29 September 1897 op Middelburg (Transvaal) gebore. Hy ontvang sy skoolopleiding te Bethal en Villiersdorp. In 1920 behaal hy die B.A.-graad aan die Grey-universiteitskollege te Bloemfontein en hy gee vervolgens onderwys aan verskeie Transvaalse skole. In 1926 word hy staatsekonoom in die departement van Landbou. In 1928 is hy aangestel as prinsipaal van die Landbouskool op Brits en daarna word hy hoof van die hoër-handelskool op Oudtshoorn. In 1939 is hy aangestel as hoofsekretaris van die Afrikaanse Taal en Kultuurvereniging. [230] Vanaf 1948 [231] tot 1966 was hy Volksraadslid vir Witbank. [232] Werke wat van hom verskyn het, is ondermeer Petaljes van oom Bart (1934) en Moleste in die Moot (1936). Hy was in 1971 in Kaapstad woonagtig.[233]

Henry Frederick Slegtkamp is op 19.4.1873 in Nederland gebore. Hy verhuis na Suid-Afri-

230) P.J. Gibson, Who's who of Southern Africa. Johannesburg, Combined Publishers, 1968, p. 677.
231) J.P. Scannel, Die Afrikaanse Kernensiklopedie. Kaapstad, Nasionale Pers, 1965, p. 547.
232) Die Volksraad van Suid-Afrika, Debatte; Deel 17, Kaapstad, 1966, p. 6.
233) Gibson, op. cit., p. 677.

/ka tydens die............

ka en tydens die Jameson-inval doen hy diens in die Middelburg-kommando. 234)

Na die Tweede Vryheidsoorlog moes hy as banneling die land verlaat, maar na 'n verblyf van agt maande in Nederland keer hy na Transvaal terug. 235) Hy werk tot 1912 vir 'n boer op 'n plaas in die Standertonse distrik en gaan boer daarna op sy eie plasie naby Witbank. In 1928 is hy aangestel as Droogte-Noodlenigingsinspekteur by die Landbank. 236) Gedurende die Tweede Wêreldoorlog word hy hoofgeneraal van die Ossewa Brandwag in Transvaal. 237) Hy is op 2 Februarie 1951 op Middelburg (Transvaal) oorlede. 238)

Die enigste opdrag wat Slegtkamp aan Mostert gegee het, was:

> „Vertel hulle die naakte waarheid, maar moenie die name van die mense wat gewankel het in die boek neerskryf nie. Ons moenie opnuut die ou wonde laat bloei nie." 239)

Gevolglik is dié dele van die dagboek wat aanstoot kan gee, weggelaat. Hierdeur wen die werk aan populariteit te koste van

> „...historiese volledigheid en ongeskonde waarheid van die totaalbeeld." 240)

In verband met die vorm waarin die werk sou verskyn het Mostert belowe:

> „Ek sou dit net in Afrikaans oorvertel ....... Verder sou ek hier en daar die gebeurtenisse effens meer in die gewenste verband opstel om also 'n beter verloop aan sake te gee. Maar ek sou nie 'n enkele feit verdraai of verwater nie. Dit het ek in hierdie gedenkskrif-

---

234) N. Diederichs, <u>Die Afrikaner-Personeregister</u>. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1942, p. 249.
235) D. Mostert, <u>Slegtkamp van Spioenkop: Oorlogsherinneringe van Kaptein Slegtkamp</u>. Kaapstad, Nasionale Pers, 1938, p. 230.
236) Ibid., p. 235.
237) Diederichs, op. cit., p. 249.
238) E. Rosenthal, <u>Ensiklopedie van Suidelike Afrika</u>. Johannesburg, Central News Agency, 1967, p. 462.
239) Mostert, op. cit., p. 2.
240) F. Malherbe, <u>Slegtkamp van Spioenkop</u> (boekbespreking). <u>Ons eie boek</u>, Januarie 1935, p. 10.

/te ook nie gedoen nie.....

> te ook nie gedoen nie. Dit wou hy
> ook nie toelaat nie." 241)

En verderaan versekor Mostert die leser weer dat hy die verhaal

> ".... in alle essensiële opsigte ge-
> trou weergegee...."

het. 242)

Ten spyte van Mostert se bewerings dat hy daarna gestreef het om die dagboek so ongeskonde as moontlik weer te gee, is die werk in der waarheid 'n bewerking van die oorspronklike dagboek volgens die resep wat Preller gebruik het met die verwerking van Hindon se dagboek, Kaptein Hindon.

Enersyds het die bewerking die dagboek aan waarde laat wen. Mostert het daarin geslaag om die waarskynlik dor-eentonige relaas van gebeure soos dit in die dagboek opgeteken is 243) om te skep in 'n kleurvolle, vlotgeskrewe, boeiende en luimige verhaal, gereeld opgehelder met 'n tikkie humor. 244) Ongelukkig laat die taal en styl waarin die werk geskryf is veel te wense oor.

Volgens aanhalings uit die dagboek word die indruk verkry dat die dagboekhouer 'n nugter en beskeie mens was wat nie graag met sy prestasies geroem het nie. Dit kan tot gevolg hê dat die dagboekhouer nie reg laat geskied het aan sy talle heldedade nie. Met die verwerking van die dagboek het Mostert die geleentheid te baat geneem om Slegtkamp se prestasies tot hulle reg te laat kom.

Die moontlikheid bestaan dat Mostert 'n hoeveelheid herinneringe van Slegtkamp in die verwerking bygevoeg het ten einde dit 'n logiese en

---

241) Mostert, op. cit., p. 2.
242) Ibid., p. 3.
243)"'n Dagboek is en bly maar 'n aaneenskakeling van die gebeurtenisse van dag tot dag, sonder perspektief, sonder homogeniteit en sonder afronding." A., Slegtkamp van Spioenkop (boekbespreking). Die Burger, 20.5.1935.
244) S.P.E. Boshoff, Slegtkamp van Spioenkop.(boekbespreking). Die Huisgenoot, 17.5. 1935.

/harmonieuse verhaal......

harmonieuse verhaal te maak.

Daar kan 'n besondere mate van betroubaarheid aan die feitlike inhoud van die werk geheg word aangesien die oorgrote gedeelte van die getuienis waarskynlik dagboekfeite is en gevolglik nie die produk van 'n feilbare geheue is nie. Dit blyk ook uit aanhalings uit die oorspronklike dagboek. 245) dat die dagboekhouer 'n noukeurige waarnemer was.

Aangesien Slegtkamp se dagboek nie woordeliks en onvertaald weergegee word nie, word die waarde van die oorspronklike dagboekgetuienis in die verwerking andersyds dokumentêr-histories erg geskaad. 246) Dikwels is dit nie moontlik om vaste stel wat van die bewerker en wat van Slegtkamp afkomstig is nie, terwyl in talle ander gevalle Mostert onmiskenbaar aan die woord is. So skryf hy na aanleiding van die Bantoes wat die wapen teen die Boere opgeneem het:

> „Die vegtery teen die swartgoed het in hierdie dae van uiterste nood feitlik sonder genade gegaan. Wanneer 'n volkie alreeds platlê en aan die doodbloei is soos 'n gekweste wilde dier en die wolwe kom dan die bloed uit die wonde drink, dan kan 'n mens begryp dat jy met die diepste gevoel van wraak en verwoesting teen hulle sal optrek met die kragte wat nog in jou oorbly." 247)

Dit is nie bekend of Slegtkamp 'n daaglikse verslag van gebeure daarop nagehou het nie en die verwerking dui dit ook nie aan nie. In der waarheid bestaan die werk soos hy nou daar uitsien uit 'n aantal aaneengeskakelde insidente en nie uit 'n vertaalde dagboek wat slegs hier en daar verander is nie.

Dit is opmerklik hoe min datums in die werk gevind word en op talle plekke word verwys na"'n sekere oggend" of "op 'n sekere dag". Mostert

---

245) Ek kon nie vasstel wat daarvan geword het nie.
246) Malherbe, op cit., p. 10.
247) Mostert, op. cit., p. 207.

/kon datums en...........

kon datums en plekke in baie gevalle nader bepaal het.

Die vertelling neem 'n aanvang toe Slegtkamp in 1899, Swaziland, waar hy hom bevind het, verlaat en hy, terwille van die avontuur, besluit om sy lot by dié van die Boere in te gooi. Hy neem agtereenvolgens aan die slag van Talana, Nicholsonsnek en Colenso deel wat slegs kortliks vermeld word. Hy speel 'n helderol in die slag van Taba Myama wat die slag van Spioenkop voorafgegaan het toe hy, Jack Hindon en Jan de Roos 'n sleutelposisie met groot onderskeiding teen 'n oormag van die vyand verdedig het. 248)

Na die val van Ladysmith sluit Slegtkamp by die Iers-Amerikaanse Verkennerskorps onder kol. J.Y.F. Blake aan en in hoofstuk 6 beskryf hy die bedrywighede van die korps in die Vrystaat soos hulle al vegtende noordwaarts terug geval het.

Na die val van Pretoria sluit Slegtkamp by Danie Theron se Transvaalse Verkennerskorps aan. Intussen het hy ook kennis gemaak met die goeie en die slegte in die Boerenasie nl. o.a. sy ongedissiplineerdheid wat hy as die grootste oorsaak beskou waarom die oorlog verloor is, die hensopper, die verraaier, maar ook die Boereheld. Saam met die onverskrokke Theron vir wie hy die grootste bewondering gekoester het, maak hy talle avonture mee en hy doen in 'n geveg tussen Lindley en Bethlehem sy enigste wond op.

Na die dood van Theron vertrek Slegtkamp, Hindon en drie ander verkenners na genl. L. Botha op die oostelike Hoëveld en in hoofstukke 12 en 13 word 'n relaas gegee van dié avontuurlike tog. Daar op die oostelike Hoëveld stig Hindon sy eie verkennerskorps en hy en Slegtkamp sou in 'n dodelike kombinasie ontwikkel wat die vyand vir

---

248) Ibid., p. 33-36.

/die res van die oorlog....

die res van die oorlog oneindig baie las sou gee.

> „Hulle het mekaar aangevul: Wat Hindon uitgedink het, het Slegtkamp uitgevoer. Hindon was die dinamiet van die verkenners, Slegtkamp was die ontploffing." 249)

Vervolgens word die menigte avonture waaraan Slegtkamp deel gehad het, verhaal. Hy het hom spesifiek toegespits op die opblaas van treine en het menige trein op die oosterlyn in die lug laat spring. Hierdie soort oorlogvoering het egter meesal met groot lewensgevaar gepaard gegaan. Dit is o.a. deur die treinontsporing naby Naboomspruit bewys toe sewe verkenners gesneuwel het.

Slegtkamp se dade getuig deurgaans van groot onverskrokkenheid en vreesloosheid en hier kan slegs gemeld word die perdebuitery in die hartjie van Middelburg (Transvaal) wat onder sy leiding geskied het.

Behalwe die dood wat Slegtkamp en sy makkers gedurig moes trotseer, was daar die altyd teenwoordige honger, koue en tallose ander ontberinge wat hulle moes verduur ter wille van 'n ideaal.

Gedurende die laaste maande van die oorlog was die neteligste probleem waarmee Slegtkamp en sy makkers te kampe gehad het die verraaiers en die Bantoes wat met die vyand saamgewerk het. Hoe 'n belangrike faktor dit in die oorlog was, blyk uit die volgende stelling:

> „As daar geen Kaffers en National Scouts was om teen te veg nie, dan sou die oorlog nie so lank aangehou het nie, en die uitslag daarvan sou waarskynlik ook anders gewees het." 251)

Hierdie werk vorm 'n waardevolle aanvulling tot G.S. Preller se Kaptein Hindon t.o.v. die stryd aan die oosfront, die bedrywighede van Theron se verkennerskorps en die aandeel van die Hindonkorps aan die oorlog.

---

249)Ibid., p. 5.
250)Ibid., p. 166-170.
251)Ibid, p. 203.

/2. Burger (red)..........

2. A.J.V. Burger, (red.), Worsteljare: herinneringe van A.P. Burger, veldprediker by die Republikeinse magte tydens die Tweede Vryheidsoorlog.

Alewyn Petrus Burger is op 10 Mei 1855 op Montagu gebore. In 1883 het hy sy proponentseksamen op Stellenbosch afgelê en in 1884 het hy predikant te Middelburg (Transvaal) geword, waar hy vier en veertig jaar gearbei het. In 1928 het hy sy emeritaat aanvaar en op 30 Oktober 1937 is hy te Middelburg oorlede.[252)]

Adriaan Johann Victor Burger (Jurg Vaber) is op 23 September 1900 op Middelburg (Transvaal) gebore. Gedurende die oorlog was hy in die konsentrasiekamp op Howick. Hy het op Middelburg gematrikuleer en daar na gegradueer aan die T.U.K. te Pretoria. In 1924 is hy na die kweekskool op Stellenbosch en in 1927 is hy as predikant gelegitimeer. In 1928 is hy na Paulpietersburg beroep waar hy tot 1939 gearbei het toe hy 'n beroep na Pretoria-Noord aanvaar het. In 1947 is hy na die gemeente Johannesburg-Noord.[253)] In 1955 is hy na die gemeente Johannesburg-Oos en in 1957 het hy hoofredakteur van Die Voorligter geword.[254)] Godsdienstige romans soos Moderne Jongmense (1933), Wankelende jeug (1938) asook godsdienstige dramas soos Jafta, Naäman en Rut, het van hom verskyn.[255)] Burger was op 27.10.1967 in Linden, Johannesburg, woonagtig.[256)]

Burger junior verwys in die titel van die werk onder bespreking sowel as in sy eie voorwoord na die "herinneringe" van sy vader terwyl prof. J.A. Wiid,[257)] prof. P.C. Schoonees[258)] en dr.

252) N.G. Kerk-jaarboek, 1938, p. 392.
253) P.J. Nienaber, Hier is ons skrywers. p. 36.
254) N.G.Kerk-jaarboek, 1966, p. 43.
255) P.J. Nienaber, Hier is ons skrywers. p. 36.
257) Anon, Worsteljare (boekbespreking). Die Burger, 28.11.1936.
256) Die Transvaler, 27.10.1967.
258) P.C. Schoonees, voorwoord tot Worsteljare (ongenommer).

/ C.J.S.Strydom........

C.J.S. Strydom 259) ook na die herinneringe van A.P. Burger verwys.

Gustav Preller beweer egter dat die werk geen herinnering is nie.

> „Hy het 'n dagboek aangehou en middellike aantekeninge gedoen van die dinge, na gelang dit gebeur, sodat sy werk geen herinnering van die gebeure was nie, maar die beskrywing van 'n momentele waarneming,..."260)

In die werk word duidelike bewyse gevind dat A.P. Burger wel aantekeninge van sy ondervindinge tydens die oorlog gemaak het soos hieronder aangetoon sal word. Die aantekeninge soos deur sy seun verwerk, is egter nie alles dagboekfeite nie en Preller fouteer deur die werk sonder meer as verwerkte dagboekaantekeninge te klassifiseer.

Tydens die dagboekskrywer se wilde vlug naby Dullstroom op 22 Desember 1901 het hy ál sy besittings verloor:

> „My Bybel, my aantekeninge en papier, alles het in die slag gebly,....". 261)

Toe hy op 20 Feb. 1902 gevange geneem is, het die vyand alles van hulle afgeneem.

> „Hierby was ook al my oorlogsaantekeninge ingesluit van die laaste paar maande. Gelukkig het ek, net voor die inname van Middelburg al my aantekeninge oor die vroegste gedeelte van die oorlog in my vrou se sorg gelaat." 262)

Toe mev. Burger na die Howickse kamp gestuur is, is die aantekeninge in 'n bank op Middelburg in bewaring gehou.

Die enigste dagboekaantekeninge van Burger oor die verloop van die oorlog wat dus behoue gebly het, handel oor die vroegste gedeelte van die oorlog waarskynlik tot ongeveer die val van Pretoria op 6 Junie 1900 en beslaan twee en vyf-

---

259) C.J.S. Strydom, Vorstejare (boekbespreking). Ons eie boek, Deel 2, Jan.-Maart 1936, p. 125.
260) G.S. Preller, Vorstejare (boekbespreking). Die Burger, 28.11. 1936.
261) A.J.V. Burger, op. cit., p. 97.
262) Ibid., p. 106.

/tig bladsye..............

tig bladsye. By twee geleenthede het Burger dus al sy aantekeninge kwyt geraak en hy meld ongelukkig nie vanaf wanneer die verlore aantekeninge dateer nie. Hy was dus verplig om hierdie gebeure uit sy geheue op te diep, maar hy meld nie wanneer dit gebeur het nie. Hierdie deel van sy ervaringe wat waarskynlik vanaf Junie 1900 tot Feb. 1902 strek, moet dus nie as dagboekgetuienis nie, maar as herinneringsgetuienis beskou word.

Die grootste probleem waarmee A.J.V. Burger te kampe gehad het, was die "oorvloedige stof" wat deur sy vader sedert sy jeugjare opgeteken is en hy het gevolglik gepoog om die stof te sif en "alleen feite van **algemene belang" vir die** leser aan te bied.[263] Omdat die leser nie wis wat van"algemene belang" is nie en die verwerker van die dagboek ook geen historikus is nie, bestaan die moontlikheid dat belangrike historiese feite verlore kon gegaan het,[264]

Die verwerker het die getuienis se wetenskaplike waarde egter nog verder aangetas. In sy voorwoord verklaar hy:

> „In sommige hoofstukke is die oorspronklike aantekeninge, met wysiginge hier en daar, uit die Nederlands vertaal, en in ander hoofstukke weer is die stof geheel omgewerk."[265]

In sy strewe om 'n populêre bewerking van die oorspronklike aantekeninge die lig te laat sien, was die verwerker dus feitlik verplig

om die bron af te water en hom van sy oorspronklike waarde te laat inboet.

Die historiese waarde van die werk word egter in 'n mate gered deur die gelukkige omstandigheid dat A.P. Burger met die publikasie van die werk nog geleef het en die feite self kon kontroleer,

---

263) Ibid., A.J.V. Burger, voorwoord (ongenommer).
264) Vgl. Preller, _Worsteljare_, _Die Huisgenoot_, 19.3.1937 asook Strydom, _Ons eie boek_, Deel 2; Jan.-Maart 1936, p. 125.
265) A.J.V. Burger, op. cit., voorwoord (ongenommer).

/ sodat .........

sodat die feite wat daarin staan, hoewel nie volledig nie, waarskynlik tog nie strydig met die dagboekhouer se eie ervaringe is nie.[266] Volgens Schoonees en die verwerker van die dagboek was Burger 'n noukeurige en skerpsinnige waarnemer.[267]

Daarby was die dagboekhouer as veldprediker in 'n besonder gunstige posisie om die oorlogsituasie in oënskou te neem. Ten slotte wen die getuienis aan betroubaarheid deurdat 'n bekwame outeur dit verwerk het.

Die verwerker het ongelukkig nagelaat om d.m.v. voetnote aan te dui waar die bewerings van die dagboekskrywer van die werklike historiese feite verskil.

Ten spyte van die kontrole van die feite met behulp van ander bronne en persone waarna die verwerker in sy voorwoord verwys, het foute tog ingesluip soos bv. waar die dagboekskrywer van hoorsêgetuienis gebruik gemaak het. Growwe voorbeelde hiervan word gevind op bladsye vyf en dertig en ses en dertig waar die dagboekskrywer, wat toe aan die Natalse front was, die Engelse verliese by Modderrivier en Magersfontein sterk oordryf. Volgens die "berig" wat hy gekry het, is by Modderrivier 3,500 Engelse buite geveg gestel, terwyl die werklike gedood en gewond (daar was geen gevangenes) ongeveer 500 beloop het.[268] In die slae van Magersfontein en Scholtznek is volgens die dagboekskrywer 5,000 van die vyand buite aksie gestel waarvan 2,000 gedood is. In werklikheid was die Britse ongevalle in die grootste van die twee veldslae, nl. dié van Magersfontein 971 waarvan 215 gesneuwel het, 690 gewond is en ses en sewentig gevang is.[269]

---

266) Vgl. Preller, <u>Die Huisgenoot</u>, 19.3.1937.
267) Burger, op. cit., voorwoord (ongenommer).
268) H.P. van Coller, <u>Genl. Piet Cronjé en die stryd aan die Westelike front</u>. Breytenbach, <u>Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog</u>, p. 112.
269) Ibid., p. 114.

Op bladsy......

Op bladsy 42 word dieselfde oordrywing t.o.v. die slag van Spioenkop gevind. Burger beweer dat daar in hierdie veldslag ongeveer 1500 Engelse gesneuwel het, terwyl die werklike getal byna 400 is. 270) Hierdie foutiewe gegewens noop die leser om alles in die werk wat Burger nie self waargeneem het nie met agterdog te bejeën. Tydens veldslae het Burger hom by die ambulans of bevelvoerende offisiere bevind en waar hy verslae van gevegte gee, meld hy nie wie sy informante is nie en sulke getuienis kan nie sonder meer aanvaar word nie.

Op 5 Oktober 1899 vertrek Burger na die oosfront en hy maak as veldprediker van die Middelburgse kommando die hele Natalse veldtog mee. Hy meld die disposisies van die Boere aan die Natalse front en gee in hoofstuk 3 'n verslag van die slag van Talana soos hy dit van getuies, wie se name egter nie vermeld word nie, gehoor het. Die dag na die slag besoek hy die slagveld en gee 'n volledige naamlys van die gesneuwelde en gewonde Boere wat aan die slag deelgeneem het. Hy wys op genl. D.J.E. Erasmus se "skromelike pligsversuim" tydens die slag van Talana en dat genl. P. Joubert nie Schalk Burger of Lukas Meyer as sy opvolger wou aanstel nie terwyl sy vernaamste beswaar teen Louis Botha was dat hy te jonk was. Colenso het die weg na die kus geopen, maar Burger beweer dat Botha wat onder Joubert se bevel gestaan het geen vrye hand gehad het om na goeddunke op te tree nie. Hy wyt ook die prysgawe van die Bosrant aan Joubert se afwesigheid wat toe siek in sy tent gelê het en blykbaar nie op hoogte van sake was nie. Gevolglik wou hy nie Meyer van die nodige versterkings voorsien om die strategiese Bosrant te verdedig nie. 271)

---

269) Ibid., p. 114.
270) Ibid., p. 98.
271) J.A. Mouton (op.cit., p. 251) vermeld hierdie feit nie, maar hy meld wel genl. Joubert se ontevredenheid toe hy gehoor het dat die Vrystaters die Bosrant prysgegee het. I.J. Weeber (<u>Op die Natalse front</u>, p. 168-169) wys daarop dat die Boere-opperbevel behoort te geweet het dat die Bosrant aangeval gaan word en dat die minder as 1,000 man veels te swak was vir die ongeveer 30,000 Britse troepe en vyftig kanonne.

/Burger verwys deurgaans....

Burger verwys deurgaans na die belangrikste veldslae aan die oos- en wesfront sonder om die name van sy informante te noem.

Na die val van Pretoria trek Burger saam met die kommando's langs die oosterlyn af en hy vertoef later saam met die twee staatspresidente te Waterval-Onder onderwyl die laaste stellingsgeveg te Dalmanutha gestry word. Hy vergesel pres. Steyn tot diep in die Bosveld en maak daarna die ontsettende vlug van die Hoëveldse families van Oos-Transvaal na Swaziland mee.

Steeds vlugtende slaag hy daarin om uit die vyand se hande te bly tot dat hy uiteindelik op 20 Feb. 1902 op Bothasberg in Oos-Transvaal gevang word.

In hoofstuk II staan Burger stil by die funksies wat hy as veldprediker te vervul gehad het. Hy het nie alleen dienste gehou nie, maar ook dooies begrawe, gewondes verpleeg en burgers vertroos en bemoedig. Daarby het hy gereeld die krygsraadsvergaderings bygewoon en krygstaktiek aan die hand gegee wat selde in die wind geslaan is.

Op 20 Maart 1902 het hy saam met ander bannelinge in Bombaai gearriveer. In die Shahjahanpur-kamp met sy byna 2,000 bannelinge het hy sy werksaamhede voortgesit. Behalwe dat hy 170 katkisante gehad het, moes hy ook nog omsien na 120 skoolkinders wat 'n bewys is van hoe baie jong seuns na die kampe gestuur is.[272)]

Op 19 April het hy na die Bhimtal-kamp vertrek waar hy sy werk voortgesit het.[273)] Hy gee deurgaans interessante beskrywings van die land en sy mense, maar dit is opvallend dat hy so min oor die alledaagse lewe in die kampe meedeel. In hoofstuk

---

272) Ibid., hoofstukke 17-18.
273) Ibid., hoofstukke 19-20.

/ 20 word egter........

20 word egter besondere aandag gegee aan die vredesgerugte wat die bannelinge gedurig bereik het, wat hulle reaksie daarop was en die skok toe die waarheid uiteindelik bekend geword het. Burger se indrukke wat hy as krygsgevangene opgedoen het, moet van belang geag word vanweë die kultuur-historiese waarde daarvan. In September 1902 keer hy na sy gemeente terug en begin die opbouwerk wat in hoofstukke 22 en 23 beskryf word.

In die eerste van twee belangwekkende aanhangsels word 'n skets van Burger se lewe en werk in Transvaal voor die Tweede Vryheidsoorlog gegee deur sy seun A.J.V. Burger. In die tweede aanhangsel word 'n hoeveelheid aantekeninge wat mev. Burger waarskynlik kort voor haar dood, op 1 Julie 1932, gemaak het, in die werk opgeneem. Hierdie ondervindinge het sy op Middelburg tydens die oorlog en later in die kamp te Howick deurgemaak waarheen sy in Oktober 1901 gestuur is omdat haar man wapens in die oorlog sou gedra en hom skuldig sou gemaak het aan opstokery.[274)]

Die werk is boeiend, in onopgesmukte en sobere styl geskryf, sonder enige jag na effek.[275)]

Hoewel die tragiese in die werk oorheers, is dit sonder bitterheid geskryf en dit ontbreek nie aan die komiese nie.[276)] Die werk is versier met talryke anekdotes wat die leser 'n goeie beeld gee van die oorlogsmentaliteit van die burgers, waar Burger hulle, in sy eie woorde, vir die eerste keer waarlik as mense leer ken het.

---

274) Ibid., p. 260.
275) P.W.S. Schumann, Worsteljare (boekbespreking). Die Vaderland, 27.11.1936.
276) J.A. Wiid, Worsteljare (boekbespreking). Die Burger, 28.11. 1936.

/ 3. H. Scholtemeijer..

3. H.Scholtemeijer (red). Die balling oor die see. (Die dagboek van J. Scholtemeijer).

J. Scholtemeijer is op 26 Augustus 1862 in Nederland gebore.[277] Aan die begin van 1898 verhuis hy na Transvaal waar hy onderwys gee in die distrikte Marico en Rustenburg. Hoewel hy nie die wapen tydens die oorlog opgeneem het nie, is hy gevange geneem en na St. Helena verban. Op 22 November 1902 is hy saam met die ander uitlanderbannelinge van St. Helena na Europa teruggestuur. In 1903 het hy na Suid-Afrika teruggekeer en weer begin onderwys gee in Transvaal.[278] In 1924 het hy met pensioen uit die onderwys getree en hy is op 5 September 1942 oorlede.[279]

Herman Scholtemeijer is op 4.1.1906 gebore.[280] Werke wat van hom verskyn het, is o.a. Chris Davel (1945) en Deur die lange eeue heen (1950).

Die dagboek wat byna daagliks deur J. Scholtemeijer gehou is, neem 'n aanvang toe hy op 12 September 1900 in die Rustenburgse distrik gearresteer word omdat hy na bewering 'n Engelse spioen sou doodgeskiet het. Ten spyte van sy onskuld is hy na St. Helena verban.

In 'n kort, maar boeiende oorsig word die lewe in Deadwoodkamp, waar Scholtemeijer hom bevind het, geskets en die leser neem kennis van al die fasette van die kamplewe, wo. die verskillende bedrywighede van die bannelinge, hospitalisasie en verraad onder die krygsgevangenes. Vanweë die oorsigtelike aard van die dagboekie verryk dit nie die beeld oor die bannelingkampe veel nie. Nogtans kry die leser 'n kykie in die gemoedslewe van die banneling en hy word gesien ten tye van opstand, pret, maar ook droefheid,

---

277) H. Scholtemeijer, Die balling oor die see. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1949, p. 6.
278) Ibid., p. 88.
279) Ibid., p. 7
280) Nienaber, Bibliografie van Afrikaanse boeke. Deel II. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1948, p. 182.

/want die posdag het meer...

want die posdag het meer droefheid en leed gebring as vreugde soos die dagboekskrywer self ondervind het toe hy moes verneem van die dood van sy vrou en twee van sy kinders in die konsentrasiekamp.

Ongelukkig moes ook hierdie dagboek van sy historiese waarde inboet aangesien dit in 'n verwerkte en vertaalde vorm gepubliseer is.

4. P.J. Nienaber (red.), Boere op St. Helena. (Dagboek van H. de Graaf.)

H. de Graaf is op 9 Augustus 1869 in Deventer, Nederland, gebore. Op twaalfjarige leeftyd het hy diens aanvaar in die drukkersbedryf en in 1896 het hy na Transvaal geïmmigreer waar hy lettersetter by die Staatsdrukkery in Pretoria geword het. Na sy terugkeer vanaf St. Helena in November 1902 het hy in diens van De Volkstem getree. In 1904 het hy die Het Westen-drukkery op Potchefstroom geopen en in dieselfde jaar 'n koerant Het Westen begin uitgee waarvan die naam in 1915 na Het Volksblad verander is. In 1916 het De Graaf Het Volksblad na Bloemfontein oorgeplaas. Die volgende jaar het hy sy drukkery aan die Nasionale Pers Bpk. verkoop en 'n sakeonderneming in Bloemfontein begin. As gevolg van siekte het hy laasgenoemde verkoop en op 'n plaas naby Pretoria gaan woon. Later het hy hom in Pretoria gevestig waar hy in 1942 nog gewoon het. 281)

Petrus Johannes Nienaber is op 1 Oktober 1910 in die distrik Fauresmith gebore. Nadat hy sy studies aan die universiteite van Bloemfontein en Amsterdam voltooi het, is hy in 1936 as lektor in Afrikaans aan die Universiteit van die Witwatersrand aangestel. 282) In 1957 het hy 'n pro-

---

281) P.J. Nienaber, artikel in Die Huisgenoot, 17. 7. 1942.
282) P.J. Nienaber, Hier is ons skrywers, p. 277.

/fessoraat......

fessoraat aan genoemde universiteit gekry. Tot 1967 het ongeveer 500 publikasies uit sy pen verskyn.[283]

Die dagboek wat nie 'n streng daaglikse verslag van gebeure is nie, begin op 3 Oktober 1899 toe De Graaf as lid van die Hollanderkorps van Pretoria na die Natalse front vertrek. Tydens die slag van Elandslaagte, wat in hoofstuk I beskryf word, word hy gevang en saam met die ander bannelinge via Durban na Kaapstad verskeep.

Na hulle van die een na die ander transportskip, waar die toestande gewoonlik ellendig was, oorgeplaas is, is hulle vanaf 3 Februarie tot 27 Maart 1901 in die Bellevue-kamp te Simonstad geplaas en 'n kort beskrywing van hulle verblyf aldaar word gegee. Na allerlei vertragings is die bannelinge op 22 Mei 1901 op St. Helena aan wal gesit waar hulle in Deadwoodkamp geplaas is. Nog 'n kamp, Broadbottom, het in Februarie 1901 tot stand gekom.

Vervolgens gee De Graaf 'n breedvoerige verslag van alle aspekte van die kamplewe in Deadwoodkamp. 'n Groot aantal bannelinge het hulself besig gehou deur allerhande artikels met o.a. die knipmes te vervaardig. 'n Skoenmakery, kleremakery, verskeie winkels en eetplekke is deur burgers met inisiatief begin en goeie sake is gedoen. Twee koerante, nl. Kamp Kruimels en De Krijgsgevangene, het gereeld verskyn en dit was ook twee van die bronne waaruit die dagboekhouer sommige van sy informasie gekry het. 'n Aantal gevangenes het vir die owerheid gewerk, maar dit is deur ander afgekeur. Sewe dae parool per maand is aan die bannelinge toegestaan en dan kon hulle by wyse van afwisseling die res van die eiland gaan besoek.

Ten tye van pres. Kruger se verjaardag is fees gevier en 'n sportprogram afgehandel terwyl Koningin Wilhelmina se verjaardag ook gevier is.

Berigte oor die wisselende verloop van

283) Die Transvaler, 18 Maart 1967.

/ die oorlog wat ........

die oorlog wat beurtelings hoop en wanhoop gebring het, het verder die eentonigheid van die kamplewe verbreek.

Verskillende pogings is aangewend om te ontsnap, maar De Graaf meld net een geval wat geslaag het nl. dié van J. Balderacchi. Onder die bannelinggeledere was daar ook hensoppers en verraaiers teen wie daar sterk gediskrimineer is deur die res van die bannelinge. Daar het egter ook 'n ander soort verraaier in die kamp ontstaan nl. 'n aantal burgers wat die res probeer oorhaal het om petisies te teken waarin die burgers te velde versoek word om die wapens neer te lê.[284] Verder is die bannelinge deur die verraaiers bearbei om die eed van getrouheid af te lê. Hierdie oorlopers is, om hulle teen die ander te beskerm, in 'n aparte kamp die "jamkamp" geplaas. Hierdie gebeure het tot gevolg gehad dat die kampatmosfeer vertroebel is en dat niemand mekaar meer vertrou het nie.[285]

Burgers wat met die kampowerhede in botsing gekom het, is in Fort High Knoll opgesluit. De Graaf meld ook die name van drie en twintig Kaapse rebelle wat streng apart van die ander bannelinge hulle vonnis van lewenslange verbanning met harde arbeid moes uitdien. Genl. P.A. Cronjé en sy vrou het in 'n huis 'n ent van die kamp af gewoon. Kort voor die einde van die oorlog het 'n tweede Boeregeneraal op St. Helena aangekom nl. Ben Viljoen.

Voorts bewys De Graaf d.m.v. beëdigde verklarings van bannelinge dat die doodskiet van J.F. Viljoen en M.T. Goddefroy deur die kampwagte moord was. Hy meld ook twee pogings tot moord deur die kampwagte. In verband met die

284) Nienaber, Boere op St. Helena, p. 78-79.
285) Ibid., p. 86-93.

/doodskiet van H.J. Bantjes

doodskiet van H.J. Bantjes deur die kampwagte besluit De Graaf:

„H.J. Bantjes was die slagoffer van die moordsug van die Engelse huurlinge." 286)

Bogenoemde sake is nooit verhoor nie en die wagte is van alle blaam vrygespreek.

Daar is ruimskoots voorsiening gemaak vir ontspanning en verskeie verenigings en klubs het in die kamp gefungeer. Onder die sosiale verenigings was "Tot nut en Vermaak" die grootste, terwyl die Duitssprekendes die "All Deutschland" gestig het. Daar was ook twee lewenskragtige debatsverenigings nl. De Krijgsgevangen Samenkonst Debatsvereniging en De Krijgsgevangen Debat-Vereniging. Wat sport betref, was daar 'n boks-, krieket-voetbal- en skermklub. Daar was drie Christelike verenigings nl. de Christelijke Broederkring Immanuel, De Christelijke Krijgsgevangen Jongelieden Vereniging Immanuel en De Christelijke Strevers-Vereniging.

De Graaf gee ook 'n verslag oor die kampskole onder beheer van die voormalige Transvaalse inspekteur van skole, J.K.M. Boekhorst. Op 'n stadium was daar 400 leerlinge bestaande uit volwassenes sowel as kinders waarvan die jongste nege jaar oud was. 287)

Onder 'n opskrif "Hospitale" verwys De Graaf na die skokkende behandeling van siek gevangenes op skepe, die swak voedsel van die bannelinge en die swak toestande in die hospitaal van Deadwoodkamp. 'n Naamlys is bygevoeg van die 150 bannelinge wat op St. Helena oorlede is.

Ten slotte word 'n verslag gegee van instansies en persone in Nederland en in die Kaapkolonie wat so gereeld geskenke aan die bannelinge gestuur het. Die werk word afgesluit met 'n

286) Ibid., p. 135.
287) Ibid., p. 83, 197.

/aantal gedigte deur.......

aantal gedigte deur die bannelinge geskryf.

In die inleiding van die werk verklaar De Graaf dat hy steeds die waarheid nagestreef het, maar dat hy te kort skiet om die behandeling te beskryf wat hulle van die vyand ontvang het. Die getuienis dra dan ook 'n stempel van waarheid en gesag a.g.v. die talle beëdigde verklarings wat deur kmdt. S. Eloff afgeneem is, asook 'n hoeveelheid ander dokumentêre getuienis wat in die dagboek opgeneem is.

Hierdie dagboek moet as 'n besonder waardevolle toevoeging tot ons oorlogsliteratuur beskou word, veral vanweë sy kultuur-historiese waarde. Dit bevat 'n menigte gegewens wat die leser 'n deeglike insae gee in die kamplewe op St. Helena.

Ongelukkig moes die dagboek, soos deur Nienaber gepubliseer, van sy wetenskaplike waarde inboet aangesien laasgenoemde die oorspronklike dagboek verwerk en daarby vertaal het. Gelukkig het die dagboek behoue gebly en dit is aan die Provinsiale Biblioteek in Kaapstad geskenk. De Gaaf verwys in die voorwoord van die werk na foto's, maar in die verwerkte dagboek is daar niks. Nienaber het met die verwerking geen voorwoord geskryf om bogenoemde dinge te verduidelik óf om die betekenis van die bron aan die lig te bring nie.[288]

5. <u>J. Louw, (red.),[289] Ds. A.F.Louw op St. Helena: Briewe en belewenisse.</u>

Die feit dat A.F.Louw[290] slegs 'n beknopte verslag van sy ervaringe op St. Helena in sy lewensbeskrywing, <u>My eerste neëntig jaar,</u>[291] gegee het, het sy seun J. Louw, waarskynlik beweeg om die dagboek meer tot sy reg te laat kom.

Die werk bestaan, soos in die titel aangedui , in die eerste plaas uit 'n aantal briewe wat

---

288) H.B.Thom, <u>Boere op St. Helena</u> (boekbespreking). <u>Ons eie boek</u>, Julie-September 1951, p. 20.
289) Geen besonderhede kon van die persoon opgespoor word nie.
290) Vir besonderhede oor hierdie persoon sien p. 144.hierbo.
291) Sien p. 144 hierbo.

/ A.F. Louw vanaf.........

A.F. Louw vanaf St. Helena aan Die Kerkbode gerig het en wat nie in sy werk My eerste neëntig jaar verskyn nie. Die oorgrote gedeelte van die werk bestaan uit die dagboekhouer se "belewenisse" op St. Helena wat intensiewer beskryf word as in laasgenoemde werk. 'n Gedeelte van hierdie ervaringe is gedateerde inskrywings uit sy oorspronklike dagboek wat blykbaar slegs in Afrikaans vertaal is, terwyl die res verwerkte dagboekinskrywings is.

Die klem val weer eens op die geestelike lewe van die bannelinge en J. Louw meld die gereelde godsdiensoefeninge en bidure wat deur groot getalle bannelinge bygewoon is, die grootskaalse Bybelstudie, die werksaamhede van die Christelike Strewersvereniging en die geestelike oplewing wat daar plaasgevind het. As leraar was A.F. Louw goed op hoogte met die geestelike lewe van die bannelinge en hy gee 'n simpatieke en intieme relaas van hulle reaksies en gewaarwordinge van hoop, wanhoop, moed en geloof.

Daar word ook heelwat gegewens verskaf oor die algemene lewe van die bannelinge, waaronder hulle daaglikse bedrywighede, onderwysaangeleenthede en hospitalisasie, terwyl daar gereeld gegewens verskaf word van bannelinge wat oorlede is.

Die oorspronklike dagboek is deur 'n betroubare getuie opgestel, maar die verwerking boet van sy waarde in as in aanmerking geneem word dat die getuienis verwerk en vertaal is deur iemand anders en die vraag moet gestel word hoeveel vryheid die verwerker hom veroorloof het met die verwerking en vertaling van die oorspronklike bron.

Onderstaande inskrywing uit die dagboek toon die intieme persoonlike klank wat grotendeels verlore gaan sodra dit verwerk word en

/dit is gevolglik jammer

dit is gevolglik jammer dat die dagboek nie in sy oorspronklike vorm by die briewe ingevoeg is nie. Op 16 Februarie 1901 is aangeteken:

> „Van morgen na bkfst (breakfast) Manie gezien. One of the saddest experiences of my life. Kwam langzamerhand ermee uit, hij terugvallen! Wil niet terug... Niet geboren om Christen te zijn. Zoo veel maal geprobeerd! etc..... Lang met hem gesproken! It is sad." 292)

Hierdie werk lewer 'n belangrike bydrae tot 'n vollediger beeld oor die bannelingkampe op St. Helena en dit is 'n waardevolle aanvulling van die gegewens wat verstrek word deur H. de Graaf in die werk Boere op St Helena.

D. Dagboek deur houer self verwerk en aangevul uit ander gepubliseerde bronne en moontlike herinneringe van die dagboekhouer.

1. H. Ver Loren van Themaat, Twee jaren in den Boerenoorlog 1899 - 1902.

Ver Loren van Themaat is op 27.1.1874 te Hoorn, Nederland gebore. Hy onderbreek sy studies in die regte aan die Universiteit van Leiden om die twee republieke in hulle worstelstryd te kom help. In April 1902 keer hy na Nederland terug en voltooi sy studies aan bg. universiteit en die gimnasium te Zutphen. Hier te Zutphen word hy as regter aangestel en hy was ook by geleentheid burgemeester van Bafta en Velsen in Nederland. 293) Hy keer weer na Suid-Afrika terug en aanvaar in 1920 'n lektoraat in Staatsreg en Algemene Regsleer aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy word hoogleraar van gemelde fakulteit - 'n pos wat hy tot 1954 beklee het. 294)

---

292) J. Louw (red), Ds. A.F. Louw op St. Helena: Briewe en belewenisse. Kaapstad, N.G. Kerk-Uitgewers, 1963, p. 21.
293) N. Diederichs, e.a., Afrikaner-personeregister, 1942, p. 289.
294) H.R. Hahlo e.a., The South African law journal, vol. LXXXIII, deel 2. Mei 1966, p. 122.

/Ver Loren van Themaat het..

Ver Loren van Themaat het twee jaar lank 'n dagboek aangehou [295] vanaf sy vertrek uit Europa in November 1900 tot sy terugkeer in Nederland in April 1902 en hy het onmiddellik daarna begin om sy dagboekaantekeninge in boekvorm te verwerk.

Ver Loren van Themaat meld dat, aangesien hy nie bekend was met die "raadslagen en plannen" van die Boere-offisiere nie en in die begin min kennis gedra het van plekke en persone, het "veel" vir hom eers duidelik geword nadat hy genl. C.R. de Wet se De stryd tusschen Boer en Brit en J.D. Kestell se By de Boeren-commando's gelees het. In sy werk het hy ook gegewens opgeneem wat hy verkry het uit die dokumente van dr. Ten Siethoff van Scheveningen,[296] maar hy meld nêrens watter gegewens dit is nie.

Hy verklaar dat toe hy met die teboekstelling van sy ervaringe begin het

> "...drong een vloed van herinneringen op mij aan; ik was verplicht mij te beperken, bijkomstigen voorvallen met een enkel woord aan te stippen, slechts de groote gebeurtenissen en belangrijke indrukken geheel tot hun recht te doen komen." 297)

Waarskynlik het Ver Loren van Themaat hoofsaaklik van dagboek plus herinneringsfeite asook van bogenoemde drie bronne se feite gebruik gemaak en hoewel hy soms na die werke van De Wet en Kestell verwys, kan die oorsprong en identiteit van die getuienis nie vasgestel word nie.

Ver Loren van Themaat meld voorts dat hy ook volledigheid nagestreef en voorvalle daagliks

---

295) H. Ver Loren van Themaat, Twee jaren in den Boerenoorlog. Haarlem, Tjeenk Willink, 1903, voorwoord (ongenommer).
296) Geen gegewens kon van hierdie persoon opgespoor word nie.
297) Ibid.

/opgeteken het indien......

opgeteken het indien nodig. In hierdie strewe het hy geslaag en 'n kenmerk van die werk is die noukeurigheid waarmee hy sy ervaringe en waarnemings waarskynlik oorspronklik opgeteken het.

Ver Loren van Themaat verklaar dat hy nie net alleen na noukeurigheid gestreef het nie, maar ook na opregtheid en daar kan gekonstateer word dat hy hom nêrens aan oordrywings skuldig gemaak het nie. Die getuienis wen in die eerste instansie aan betroubaarheid omdat die grootste gedeelte van die feite waarskynlik dagboekfeite is en die moontlikheid van geheuefoute gevolglik grotendeels uitgeskakel is. Daarby is die moontlike herinneringe wat daaraan toegevoeg is onmiddellik na sy terugkeer in Holland opgeteken toe dit nog neutvars in sy geheue was. Ten slotte is aanvullings uit die twee betroubare werke van De Wet en Kestell en die waarskynlik betroubare dokumente van Ten Siethoff gedoen, terwyl hy ook die werke van Kestell en De Wet as kontrole vir sy eie feite gebruik het. Die massa détail in die beskrywing van gebeure is 'n bewys dat hy 'n intelligente en skerp waarnemer was wat verder bydra tot die betroubaarheid van die getuienis.

Nadat Ver Loren van Themaat in Pretoria as Transvaalse burger ingesweer is, vertrek hy na die oosfront waar hy op 6 Januarie 1900 aankom. Na enkele dae vertrek hy saam met die Hollandse ambulans na die Suid-Vrystaat en hy beskryf in hoofstuk 3 sy wedervaringe as lid van die ambulans. Na Cronjé se oorgawe val hy saam met die Boeremagte na die noorde terug en hy gee ooggetuieverslae van die gevegte te Brandfort en aan die Vetrivier.[298] Op 30 Maart 1901 sluit hy as gewone burger by die Heidelbergers onder kmdt. J.D. Weilbach aan.

Nie lank daarna nie sluit hy by Danie Theron se Transvaalse Verkenners Korps op Middelburg aan en vertrek saam met die korps op 6 Junie na die Vrystaat. Daar maak hy al die op-

298) Ibid., hoofstuk 6.

windende avonture met die korps mee en neem aan al die voor- en agterhoedegevegte deel waarby die kommando van De Wet betrokke was wo. die geveg by Lindley op 24 Junie 1901,[299] die geveg by Elandsfontein op 4 Julie [300] en die verdediging van Bethlehem op 7 Julie 1901. [301]

Toe De Wet oor die Vaalrivier in die rigting van Ventersdorp trek, verlaat die korps sy kommando en opereer in die omgewing van Johannesburg. Na die dood van Theron op 7 September 1901 kom daar 'n skeuring in die korps se geledere, maar Ver Loren van Themaat besluit om by die oorspronklike korps onder die nuwe kaptein, Jan Theron, te bly.

Na die gevegte by Frederikstad (25-29 Oktober 1901) en De Wetsdorp (22-23 November 1901) maak hy die eerste [302] en tweede inval [303] van De Wet in die Kaapkolonie mee. Tydens hierdie laaste tog verlaat hy die T.V.K. en sluit op 4 Februarie 1901 by die korps van kapt.. Andries Wessels aan wat onder genl. C.C. Froneman dien.

Op daardie stadium besluit Ver Loren van Themaat om na Holland terug te keer aangesien die oorlog miskien nog jare kon aanhou. Hy vertoef gedurende die winter van 1901 in die berge van die Oos-Vrystaat onder kapt. L.J. Rautenbach. Hy vertrek op 22 September 1901 na Swakopmund waar hy skeepgaan en kom op 30 April 1902 in Nederland aan. [304]

Ver Loren van Themaat lug interessante menings oor die Boere en Britte en maak die bewering dat die Boer 'n individualis is wat baie beter tot sy reg kom in 'n klein groepie as in die massa waar hy sy selfvertroue verloor. Leeglêery, het hy tereg besef, was een van die grootste gevare vir die ongedissiplineerde burger gedurende die oorlog.

---

299) Ibid., p. 111-114.
300) Ibid., p. 123.
301) Ibid., hoofstuk 10.
302) Ibid., hoofstukke 16, 17.
303) Ibid., hoofstukke 19,20,21.
304) Ibid., hoofstuk 24.

/Hy verstrek ook interessante..

Hy verstrek ook interessante gegewens oor die T.V.K. Die leser maak kennis met hulle beroemde leier, hoe hy daarin geslaag het om die korps die beroemdste in die oorlog te maak, en wat die omvang van sy bedrywighede was. [305] Die verdere lotgevalle van die korps na Theron se dood is minder bekend en daarom is sy relaas hiervan besonder waardevol. Van besondere waarde is ook die beskrywing van die **intieme** kommandolewe en die aanpassing van die burger by die wisselende omstandighede ten einde 'n weerbare burger te bly. Die leser maak kennis met verskeie persone wo. De Wet en sy krygstaktiek, pres. Steyn e.a. Boere-offisiere.

In sy geheel gesien, vorm die werk 'n belangrike aanvulling tot die werke van genl. De Wet en Kestell oor die guerillakryg in die Vrystaat. Hoewel Ver Loren van Themaat 'n groot bewondering vir die Boere ontwikkel het, het hy tog objektiwiteit nagestreef deur nie te skroom om op die tekortkominge van die Boer as vegsman en mens te wys nie. Die insluiting van drie kaarte van De Wet asook sy eie togte saam met en sonder die kommando's het tot gevolg dat die leser veel meer duidelikheid kry oor die verloop van die beskrewe gebeure.

E. <u>Dagboek deur iemand anders in romanvorm verwerk.</u>

1. Wilhelmina R. Vis, (red.) <u>Tien maanden in een "vrouwenkamp". (Dagboek gehou deur mev. E. Jansen).</u>[306]

In 'n mate is die titel van bogenoemde werk misleidend, want ongeveer drie sewendes van die boek word gewy aan die lotgevalle van die Jansen-familie op hulle plaas in die Rustenburgse distrik voordat hulle in die kamp beland het. Die

305) Ibid., hoofstuk 8.
306) Van hierdie twee persone kon geen besonderhede opgespoor word nie.

/ verhaal begin met die...

verhaal begin met die Eerste Vryheidsoorlog, gevolg deur 'n kort verslag van die wedervaringe van die familie gedurende die tydperk tussen die twee vryheidsoorloë. In hoofstuk 5 en 6 word die verdere lotgevalle van die familie geskets teen die agtergrond van die eerste fase van die Tweede Vryheidsoorlog totdat Jansen, haar drie kinders en skoonouers in Augustus 1900 na die renbaankamp in Johannesburg weggevoer word.

Die barbaarse wegvoering en die afbrand van die huis word geskets, gevolg deur 'n beskrywing van hulle verblyf in die renbaankamp met sy swak voedsel, ontoereikende huisvesting en gevreesde dokter. Alreeds 'n swaarbeproefde a.g.v. die dood van haar seun, Frans, op die slagveld, die verbanning van haar man na Ceylon en die onbekende lot van haar twee jong seuns, Dirk en Edward wat ontsnap het toe die vyand hulle op die plaas kom haal het, word sy nog swaarder beproef deur die dood van haar skoonouers en van haar een dogtertjie Anneke, in die kamp.[307)]

Gedurende die somer van 1900-1901 word Jansen en haar twee kinders na die Irenekamp oorgeplaas waar toestande in sekere opsigte beter was, maar hier sou sy die beker van smarte tot die droesem ledig toe sy albei haar kinders, Jantje en Liesbeth, aan die dood moes afgee.[308)] Deur middel van haar familie in Kaapstad word sy na ongeveer tien maande in Junie of Julie 1901 uit die kamp ontslaan en na Kaapstad gestuur en die vertelling eindig met haar aankoms aldaar.

Met behulp van 'n dagboekie [309)] wat Jansen gedurende die oorlog gehou het, het sy haar ervaringe direk na haar aankoms in Kaapstad opgeteken. Waarskynlik is die verhaal verder aangevul uit haar herinneringe wat toe nog neutvars

---

307) W.R. Vis, Tien maanden in een "vrouwenkamp". Rotterdam, Daamen, 1902, hoofstuk 7.
308) Ibid., hoofstukke 10-14.
309) Ibid., p. 73-74.

/was. Gevolglik.........

was. Gevolglik behoort geheuefoute minimaal te wees.

Hierdie feite het sy toe tot die beskikking van Vis gestel wat die getuienis in romanvorm verwerk het om die verhaal blykbaar so lesenswaardig moontlik te maak. Hieroor sê Vis:

> „Het volgend verhaal, voor zoover het den oorlog en de "kampen" betreft, berust op feite. Al is dus de inkleding van mijn hand, zoo ontvang de lezer hier toch geen verdichting...".

Dit is nie moontlik om vas te stel in hoeverre Vis met haar "inkleding" feite weggelaat, maar veral bygevoeg het ten einde die werk in 'n lesenswaardige vorm, en in dié geval in romanvorm, aan te bied nie. Deur die verwerking van Jansen se getuienis deur Vis, moes die werk noodwendig van sy wetenskaplike waarde inboet.

Jansen het dit haar plig geag

> „....om aan het papier toe te vertrouwen wat mij brandt op het hart, wat mij vervult met diepe verontwaardiging, zoo menigmaal ik genoodzaakt ben er aan te denken." 310)

Ten spyte van die diep waters waardeur Jansen gegaan het, kom daar min bitterheid in die werk voor en die skryfsters maak hulle nêrens aan oordrywings skuldig nie.

Die mededelinge van Jansen oor die lyding van vrou en kind gedurende die oorlog besit besondere waarde en word die wonderlike geloofsvertroue te midde van smaad en verdriet van die Boerevrou van daardie tyd geopenbaar.

Die meerderheid van bg. dagboeke het, hoewel hulle in 'n verwerkte vorm gepubliseer is, 'n besonder waardevolle bydrae tot die kennis oor die oorlog gelewer. Daar word lig gewerp op al die belangrikste fasette, maar veral oor die militêre verloop van die oorlog en oor die bannelingkampe het 'n aantal besonder inhoudryke werke verskyn.

---

310) Ibid., voorwoord (ongenommer).

# HOOFSTUK 5.

## OORLOGSHERINNERINGE DEUR DIE ERVARENES SELF OPGETEKEN.

Van die twee en sewentig gepubliseerde herrinneringsgeskrifte wat ek oor die oorlog kon opspoor, is sewe en veertig deur die ervarenes self in drie variasies opgeteken. Die herinneringsgeskrifte word, net soos in die geval van die dagboeke, in ŉ rangorde van betroubaarheid geplaas en behandel. In hierdie hoofstuk word ten aanvang aandag gegee aan herinneringe deur die ervarenes self in gewone verhaalvorm opgeteken. Dit word gevolg deur ŉ bespreking van herinneringsgeskrifte bestaande uit eie herinneringe gekombineer met ander getuienis. Derdens word herinneringe behandel wat deur die ervarenes in romanvorm opgestel is.

### A. HERINNERINGE IN GEWONE VERHAALVORM.

#### 1. D.S. van Warmelo, Mijn commando en guerilla commando-leven.

Ditlof Siegfried van Warmelo is op 4 Augustus 1872 op Heidelberg (Transvaal) gebore waar sy vader, ds. N.J. van Warmelo, predikant was.[1] Na sy vader se dood in 1892 het die familie na Pretoria verhuis waar Van Warmelo hom nog bevind het toe die Tweede Vryheidsoorlog in 1899 uitgebreek het.[2] Hy het drie jaar lank in Nederland gestudeer,[3] waarskynlik voor die uitbreek van die oorlog.

Van Warmelo het sy herinneringe onmiddellik na sy aankoms in die Ahmednagarfort in Indië in Mei 1901 begin opstel. Die manuskrip is na Nederland gesmokkel en nog in dieselfde jaar gepubliseer.

Van Warmelo se oorlogservaringe begin waar hy onder genl. D. Erasmus na die Natalse front vertrek, maar a.g.v. ŉ kniebesering neem hy tot met die val van Ladysmith slegs aan.....

---

1) A.D. Pont, Nicolaas Jacobus van Warmelo, 1835-1892. Utrecht, Keminck en zoon, 1935, p. 106.
2) D.S. van Warmelo, Mijn commando en guerilla-commando-leven. Amsterdam, Versluys, 1901, p. 48.
3) Ibid., p. 178. /die mislukte aanval

die mislukte aanval op die Rooirartjies op 9 November 1899 deel. Hy veroordeel die beleg van Ladysmith wat nooit moes plaasgevind het nie. Hy wys daarop hoe selfversekerd die burgers was dat Buller nooit oor die Tugela sou kom nie. As gevolg van praatjies het die burgers begin staatmaak op buitelandse hulp en die ywer het verflou om self iets te doen.

Na die val van Pretoria val Van Warmelo saam met die kommando's langs die oosterlyn terug. Op 11 Julie 1900 neem hy aan die slag van Silkaatsnek onder genl. De la Rey deel waarvan hy 'n goeie beskrywing gee. 4) Van Warmelo was lid van die ekspedisie wat pres. Steyn na pres. Kruger op Nelspruit vergesel het en van hierdie heen en weer tog gee hy 'n onderhoudende beskrywing.

Hy neem vervolgens deel aan die slag van Nooitgedacht op 13.12.1900 (hoofstuk 11), 'n geveg in die Moot, die aanval op Kaalfonteinstasie (hoofstuk 12), die geveg by Boesmanskop in die Heidelbergse distrik (29.1.1901), die mislukte bestorming van die kamp van genl. H.L. Smith Dorien by **Chrissiesmeer** ( 6.2.1901 ) en die slag van Geduld (24.3.1901).

Slegs Van Warmelo se persoonlike aandeel in bogenoemde gevegte word beskryf en sy getuienis is gevolglik uit 'n militêre oogpunt minder waardevol.

Op 3 April 1901 is Van Warmelo naby Lichtenburg gevange geneem en na Indië verban en die vertelling eindig waar hy in die Ahmednagarfort geplaas is.

As gevolg van praktiese probleme het Van Warmelo besluit om nie 'n dagboek aan te hou nie. Gevolglik was hy verplig om sy

---

4) Ibid., p. 46.

/ervaringe sonder.....

ervaringe sonder die hulp van enige notas neer te skrywe met die gevolg dat fyner besonderhede soos syfers en datums daarin ontbreek. Dit is dan ook 'n ernstige leemte in die werk.

Hy konstateer dat die waarskynlikheid van ernstige geheuefoute gering sal wees aangesien die gebeure hom nog helder voor die gees gestaan het toe hy sy herinneringe opgeteken het. Aan sy belofte dat hy hom in sy vertelling by sy eie ondervindinge sal bepaal, het hy getrou gebly alhoewel hy tog soms van ander getuies, waarvan die name nie altyd vermeld word nie, gebruik gemaak het ter wille van volledigheid.

Die werk lewer geen besondere bydrae tot die krygskundige aspek van die oorlog nie. Van Warmelo se eie waarnemings is egter van waarde, want dit het hy gedoen met 'n fyn waarnemende oog en op 'n boeiende wyse sonder oordrywings weergegee. As ontwikkelde persoon was hy letterkundig goed toegerus om d.m.v. goeie beskrywingskuns die regte atmosfeer te skep vir elke situasie. Ook lewer die hele werk daarvan bewys dat hy oor 'n goeie geheue beskik het.

In 'n waardevolle hoofstuk „Commandoleed" [5] word die kommandolewe uitgebeeld met al sy wel en wee en Van Warmelo gee hier, maar ook elders in die werk, die intieme kommandolewe weer waaronder 'n ontboeseming van die gemoedstoestand van die vegtende burger soos hy voortdurend rondgeslinger is tussen hoop en wanhoop.

2. <u>C.R. de Wet, De strijd tusschen Boer en Brit</u>.

Christiaan Rudolph de Wet is op 7 Oktober 1854 in die Smithfieldse distrik gebore.[6]

---

5) Ibid., hoofstuk 13.
6) J.D.Kestell, <u>Christiaan De Wet, 'n lewensbeskrywing</u>. Kaapstad, Nasionale Pers, 1920, p. 3.

/ Op sewejarige ............

Op sewejarige leeftyd het sy ouers hulle naby De Wetsdorp gevestig.[7] In 1877 verhuis hy na die distrik van Kroonstad en in 1880 vestig hy hom in die Heidelbergse distrik.[8] Hy neem as Transvaalse burger aan die Eerste Vryheidsoorlog deel en verwerf die rang van veldkornet.[9] Hy word vervolgens gekies as volksraadslid vir Heidelberg.[10]

In 1885 keer hy na die Vrystaat terug en vestig hom op sy vader se plaas by De Wetsdorp.[11] Vanaf 1890 tot 1898 was hy Volksraadslid vir die wyk Bo-Modderrivier in die Bloemfonteinse distrik.[12] In 1896 verhuis hy na die Heilbronse distrik.[13]

In 1907 word hy Volksraadslid vir Vredefort en vanaf laasgenoemde jaar tot Uniewording in 1910 was hy minister van Landbou van die Oranjerivier-kolonie.[14] In 1909 is hy gekies as afgevaardigde om die Nasionale Konvensie in Durban en Kaapstad by te woon.[15] In 1914 is hy vir sy deelname aan die Rebellie tot ses jaar tronkstraf gevonnis waarvan hy elf maande uitgedien het en toe vrygelaat is.[16] Hy het weer eens in die distrik van De Wetsdorp gaan boer waar hy op 3 Februarie 1922 oorlede is.[17]

Generaal De Wet het sy herinneringe opgeteken omdat

> ".... het mijn plicht was, mijne persoonlijke ondervindingen in dezen krijg te boek te stellen, voor het tegenwoordige en voor de toekomst, niet alleen voor het Afrikaansche volk, maar voor de geheele wêreld".

Hy het die taak egter ook aangepak omdat 'n aantal persone w.o. verskeie Engelse offisiere, daarop aangedring het.[18]

---

7) Ibid., p. 5.
8) Ibid., p. 19.
9) Ibid., p. 20-29.
10) Ibid., p. 33.
11) Ibid., p. 35.
12) Ibid., p. 36.
13) Ibid., p. 43.
14) Ibid., p. 165.
15) M.C.E. Van Schoor, e.a., Christiaan Rudolph de Wet, 1854-1922. Bloemfontein, N.G. Sendingpers, 1954, p. 17.
16) Kestell, Christiaan de Wet, 'n lewensbeskrywing, p. 244.
17) Van Schoor, op. cit., p. 18.
18) C.R. De Wet, De strijd tusschen Boer en Brit. Amsterdam, Höveker en Wormser, 1902, voorwoord (ongenommer).

/ De Wet het sy boek........

De Wet het sy boek in ongeveer drie weke aan boord van die Saxon voltooi toe hy saam met genls. Botha en De la Rey na Europa gereis het. Volgens ds. J.D. Kestell wat die groepie vergesel het, het hy die taak met 'n toewyding, konsentrasie en kragsinspanning uitgevoer wat selde aangetref word. [19)]

Kestell meld dat hy op versoek van De Wet sy boek in „literariese vorm" gebring het

> „....sonder dat iets aan die karakter van die boek verander is." [20)]

Alles wat hy opgeskryf het, is weer aan De Wet vir goedkeuring voorgelê.

Op nugtere saaklike wyse en in ongekunstelde taal en styl verhaal De Wet sy ervaringe beginnende waar hy as gewone burger by die Heilbronse kommando onder kmdt. L. Steenekamp aansluit. Reeds op 11 Oktober 1899 word hy tot waarnemende kommandant gekies en hy neem aan sy eerste geveg te Moddersspruit op 24 Oktober deel wat hy kortliks beskryf. Op die inisiatief bestorm en verower hy en kmdt. Steenekamp Swartbooiskop op 30 Oktober om sodoende die Boere-oorwinning by Nicholsonsnek 'n voldonge feit te maak. [21)]

De Wet meld die beleëring van Ladysmith slegs kortliks aangesien hy op 9 Desember 1899 deur pres. Steyn tot veggeneraal aan die wesfront bevorder is en nog dieselfde dag daarheen vertrek het. Aan die wesfront moes hy ongelukkig onder genl. P.A. Cronjé dien wat telkens sy inisiatief gesmoor het.

Op 11 Feb. 1900 behaal hy sy eerste oorwinning by Koedoesberg en volg dit op 16 Februarie op met die buitmaking van 'n

---

19) Van Schoor, op. cit., p. 90.
20) Kestell, *Christiaan de Wet, 'n lewensbeskrywing*, p. 149.
21) C.R. de Wet, op. cit., p. 13-20.

groot konvooi by Blauwbank aan die Rietrivier.[22]

Enige twyfel oor wat presies by Wolwekraaldrif gebeur het, word uit die weg geruim deur De Wet se relaas oor hierdie ramp wat hy in hoofstuk 6 beskryf. Deur sy toedoen is aan Cronjé twee geleenthede gebied om uit die omarming van Roberts te ontsnap, maar hy wou nie sy walaer in die steek laat nie. De Wet wys daarop dat die verslaenheid en moedeloosheid na Wolwekraaldrif tot die einde van die stryd op die oorblywende Boere deurgewerk het.

Na die ramp te Wolwedraaldrif en die ineenstorting van die oosfront het 'n wilde vlug gevolg soos De Wet, wat toe hoofkommandant in die plek van genl. I.S. Ferreira geword het, nooit voorheen of daarna gesien het nie. Die halfhartige weerstand by Poplar Grove (7 Maart 1900) en Abrahamskraal (18 Maart 1900) en die prysgawe van Bloemfontein sonder slag of stoot was in sy oë 'n skande.[23] Hy was verplig om die gedemoraliseerde burgers vir 'n paar dae huistoe te stuur sodat hulle tot verhaal kon kom.

Op Kroonstad, die nuwe regeringstelsel, is o.a. besluit om tot guerilla-oorlogvoering oor te gaan, 'n soort kryg waarmee De Wet vir hom roem sou verwerf en die vyand met magteloosheid sou slaan.

Hierdie soort oorlogvoering het by De Wet se haastige geaardheid gepas, maar hy het terdeë besef dat hulle teen groot oormagte geen kans het nie.

> "Wij moesten de vijand dus in overleg overtreffen, en de beste wijse om dit te doen, was om rad te zijn: rad in het vechten, rad in het verkennen, rad, (als het noodig was) in het vluchten".[24]

Om dit te kon doen, is veel strenger dissipline toegepas en die walaers is ter wille van beweeglikheid afgeskaf.

---

22) Ibid., hoofstuk 5.
23) Ibid., hoofstuk 7.
24) Ibid., p. 112.

/ Die nuwe soort .........

Die nuwe soort oorlogvoering is ingelui met twee skitterende oorwinnings te Sannaspos (30 Maart 1900) en Mosterthoek, 4 myl vanaf Reddersburg, op 3-4 April 1900. 25)

Vervolgens word in hoofstuk 11 'n beknopte verslag gegee van die mislukte sestiendaagse beleëring van kol. E.H. Dalgety se kolonne by Jammersberg tussen De Wetsdorp en Wepener vanaf 17 tot 22 April 1900. Dan volg die verowering van 'n konvooi by Swawelkrans op 5 Mei, 'n geveg op 24-25 Junie te Elandsfontein twaalf myl oos van Lindley en die inname van Bethlehem deur die vyand op 7 Julie 1900.

Teen die einde van Mei 1900 het die Vrystaat slegs 8,000 man in die veld gehad - die res het die wapen neergelê na lord Roberts se proklamasie dat indien hulle die wapen sou neerlê hul in vrede en veiligheid na hul plase kon terugkeer en dat hulle eiendom gerespekteer sou word.

Die grootste buit wat ooit gedurende die oorlog deur 'n Boere-offisier geneem is, is deur De Wet by Rooiwal geneem op 7 Junie 1900 en in hoofstuk 14 gee hy 'n goeie verslag van sy oorwinning aldaar.

Een ding wat De Wet bitter ongelukkig gemaak het, was die verraad onder sy eie mense en hieroor sê hy:

> „Het was mij gemakkelijker tegen het groote leger van Engeland te vechten als tegen zulke laagheden onder mijn volk." 26)

Dit was 'n verbitterde De Wet wat die verpletterende tyding moes aanhoor van die oorgawe van genl. M. Prinsloo agter die Rooiberge op 29 Julie 1900 met ongeveer 4000 man. Volgens De Wet kon die ramp verhoed gewees het deur die onwettig verkose assistent-hoof-

---

25) Ibid., hoofstuk 9.
26) Ibid., p. 152.

/kommandant.

kommandant.

„Zij was een gruwelijke moord gepleegd op Regeering, Land en Volk". 27)

Om sy meedoënlose agtervolgers af te skud, trek De Wet met 2500 man Transvaal binne tot aan die Krokodilrivier, maar op 21 Augustus 1900 was hy alweer terug op Vrystaatse bodem.

Na intensiewe werwingswerk het daar nog in 1900 weer byna 3000 Vrystaters wat die wapen neergelê het by die Boeremagte aangesluit. Hierdie verbreking van die eed van neutraliteit regverdig De Wet deur daarop te wys dat lord Roberts eerste die eed verbreek het deur nie sy beloftes van die beskerming van die persone wat die wapen neergelê het en hul besittings nagekom het nie. 28)

Vervolgens word die mislukte aanval op Frederikstad en die vyandelike verrassing by Bothaville op 6 November 1900 waar De Wet byna gevang is, kortliks behandel.

Op 21-23 November 1900 word De Wetsdorp verower, terwyl in hoofstuk 23 die eerste mislukte inval in die Kaapkolonie gedurende Desember 1900 verhaal word.'n Intensiewe verslag word gegee van die tweede inval in die Kaapkolonie gedurende Januarie-Februarie 1901 en De Wet moes met die vyand op sy hiele die vol Brak-en Oranjerivier trotseer om weer veilig op Vrystaatse bodem aan te land. 29)

De Wet het die deurbreek-en ontsnapkuns toegepas en ontwikkel soos geen ander Boeregeneraal nie en sy blitsvinnige handelinge was die resultaat van 'n onmiddellike en rake opsomming van 'n situasie.

Omdat die aandurf van groot troepemagte buite die kwessie was, het De Wet hom later in die stryd almeer daarop toegespits om die

27) Ibid., p. 180.
28) Ibid., p. 215-216.
29) Ibid., p. 25,26.

/verbindinge van....

verbindinge van die vyand te versteur. Die bou van blokhuislinies was vir hom 'n verkwisting en ook bespotlik siende dat dit nooit 'n doel gedien het nie. Die "drives" waarin duisende troepe gebruik is om die Boere te omsingel, het beter resultate gelewer hoewel dit ontsaglik baie mannekrag en tyd geëis het. Die nagtelike aanvalle van die vyand sedert die winter van 1901 het egter die Boeremagte groot skade berokken danksy die hulp van die "National Scouts".

Na 'n mislukte aanval op die vyand naby Harrysmith op 18 Desember 1901 het De Wet op 25 Desember 1901 sy laaste groot oorwinning met die slag van Groenkop op die plaas Tweefontein tussen Harrysmith en Bethlehem behaal.[30)]

Steeds was oorweldigende oormagte op De Wet se spoor. Op 6 Februarie 1902 breek hy deur die blokhuislyn in Noordoos-Vrystaat en op 27 Februarie 1902 storm hy deur 'n reuse kraal by Kalkkrans.[31)]

Die godvresenheid en menslikheid van hierdie ongeëwenaarde guerillaleier was welbekend aan vriend en vyand. Dat hy dit reggekry het om tot die einde van die oorlog uit die vyand se hande te bly, het hy by verskeie geleenthede toegeskryf aan die wil van God.

Ten slotte word die vredesamesprekings tussen die Vrystaatse en Transvaalse leiers op Klerksdorp vanaf 9 -- 11 April 1902 beskryf, asook die onderhandelings gevoer met lord Kitchener vanaf 12 tot 18 April. Vervolgens word kort verslae gegee van die samesprekings tussen die Transvaalse en Vrystaatse leiers te Vereeniging op 15 Mei en die onderhandelings te Pretoria met Milner en Kitchener.

Die neerlegging van die wapens was vir

---

30) Ibid., p. 340-350.
31) Ibid., hoofstuk 34.

/ hierdie groot..........

hierdie groot patriot 'n onbeskryflike oomblik en hy verklaar dat geen smart vir hom so groot was as toe hy die begrafnis van sy volk moes aanskou nie.

Terwille van volledigheid het De Wet 'n hoeveelheid korrespondensie in die werk opgeneem w o. 'n brief van die Transvaalse regering, dd. 10 Mei 1901, aan die Vrystaatse regering waarin die beëindiging van die oorlog bepleit word, die proklamasie van lord Kitchener van 7 Augustus 1901 waarin hy alle vegtende burgers met lewenslange verbanning dreig indien hul nie voor 15 September 1901 oorgee nie en die brief van pres. Steyn aan lord Kitchener waarin hy op voortreflike wyse Engeland se aandeel aan die ontstaan van die oorlog aan hom skets. Ook word Kitchener ingelig oor die algemene toestand in die republieke om hom te laat verstaan dat die strydende Boer se posisie nie so hopeloos is as wat hy, Kitchener, beweer nie.

Agter in die werk is 'n hoeveelheid korrespondensie opgeneem wat gevoer is tussen die Republikeinse regerings en die Britse regering, asook die notules van die vredesamesprekings wat gehou is te Vereeniging en Pretoria gedurende Mei 1902.

Die herinneringe van De Wet moet sonder twyfel as een van die waardevolste dokumente beskou word wat daar oor die Tweede Vryheidsoorlog bestaan en is as bron vir die navorser, oor veral die guerillafase van die oorlog in die Vrystaat, onontbeerlik.

Aan die Natalse front was De Wet feitlik vanaf die begin van die oorlog waarnemende kommandant, aan die wesfront was hy veggeneraal, terwyl hy reeds voor die val van Bloemfontein waarnemende hoofkommandant van die Vrystaatse magte was en kort daarna hoofkommandant tot die einde van die oorlog.

/Gevolglik was hy ......

Gevolglik was hy vanaf die begin van die oorlog op hoogte van sake, maar veral as opperbevelhebber van die Vrystaatse magte was hy beter op hoogte met krygstoestande in daardie staat as enige ander persoon en sy getuienis dra 'n stempel van gesag wat in 'n besonder groot mate onaantasbaar is. Hoewel De Wet die aktiwiteite van verskeie van sy ondergeskikte offisiere wat dikwels onafhanklik van hom geopereer het, slegs kortliks vermeld, kry die leser nogtans 'n beeld van hulle bedrywighede en dit dra by tot 'n vollediger beeld oor die guerillakryg in die Vrystaat.

Die bekwame wyse waarop De Wet sy militêre operasies weergee, getuig van 'n intelligente en skerp waarnemingsvermoë. Daarby het hy onmiddellik na afloop van die oorlog toe die hele oorlogstoneel nog glashelder voor sy geestesoog gelewe het sy herinneringe opskrif gestel.

Volgens Kmdt. C.A. van Niekerk het De Wet 'n stale geheue gehad [32] en Kestell meld dat hy baie noukeurig met getalle en datums was.[33] Hierdie bewerings word deur die inhoud van die werk gestaaf. Teen die einde van die oorlog het al De Wet se dokumente in die hande van die vyand geval. Nogtans was hy in staat om 'n verbasende groot aantal datums, getalle en ander besonderhede in sy werk te kon noem. Dit is nie bekend of al die feite in die werk vermeld sy eie is nie en of hy hulp ontvang het van ds.Kestell wat vir die grootste gedeelte van die stryd saam met hom was en 'n dagboek aangehou het.

---

32) C.R. De Wet, <u>Die Stryd tussen Boer en Brit</u>. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1959, voorwoord (ongenommer).

33) Kestell, <u>Christiaan de Wet 'n lewensbeskrywing</u>, p. 150.

/Die volgende voorbeeld.....

Die volgende voorbeeld dien as illustrasie van die redelik intensiewe wyse waarop krygsverrigtinge beskryf word en die magdom gegewens wat teen 'n reëlmatige tempo dwarsdeur die werk verstrek word.

> "Daartoe trok ik voort in de richting van Zandriviersbrug tot op de plaats van den heer Jacobus Bornman.
> Daar ergens verdeelde ik de commando's. Gen. Froneman zond ik met de Vredesche en Heilbronsche burgers tusschen Doorn en Zandrivier over het spoor om terug te gaan, en in de noordelijke gedeelte van den Staat te opereer. Ik nam met mij Com. Lategan van Colesberg met ongeveer honderd twintig manschappen, en Com. Jan Theron met tachtig, en trok den 10 den of 11 den November over het spoor tusschen Doornrivier en Theronskoppen, met het doel om mijn plan uit te voeren om in de Kaapkolonie een inval te doen. Wij deden het spoor en eenige brugjes in de lucht vliegen en trokken in de richting van Doornberg, waar ik Com. Hasebroek en zijne burgers ontmoette. Ik zond ook orders aan Gen. Philip Botha, om met de Harrismithsche en Kroonstadsche manschappen onder hem naar mij te komen, en zij kwamen tegen 13 November bij ons aan". 34)

Uit die karakter van De Wet, nl. sy diep godvresendheid en eerlike opregtheid kan afgelei word dat hy nie die waarheid met voorbedagte rade geweld sou aangedoen het nie. Nêrens word oordrywings aangetref nie en die verhaal word met groot peïteit en eerlikheid vertel.[35)]

Dit beteken egter nie dat De Wet se getuienis sommer sonder meer aanvaar kan word nie. Ook sy geheue was feilbaar en hy gee dikwels syfers en datums by benadering. In verskeie gevalle verskil sy gegewens met dié van ander burgers, w o. dagboekhouers. So beweer De Wet dat hy met kommandante A. Cronjé, P. Fourie, Scholtz en D. Lubbe op 10 Februarie 1900 vanaf Cronjé se laer by Magersfontein uitgetrek het om die oprukkende Franch te keer.[36)]

---

34) De Wet. op. cit., p. 232.
35) De Wet, <u>Die Stryd tussen Boer en Brit</u>. Anonieme kommentaar op die boekomslag.
36) De Wet, <u>De Strijd tusschen Boer en Brit</u>, p.27.

/ F.D.Conradie.....

F.D. Conradie beweer in sy dagboek dat slegs Scholtz en Lubbe uitgetrek het en wel op die elfde Februarie en dat tot die twaalfde Februarie nóg De Wet nóg Cronjé by Scholtz en Lubbe opgedaag het.[37] Verdere voorbeelde van teenstrydige gegewens kan gevind word in o.a. Uit die dagboek van 'n wildeboer van P.S. Lombard en A.J.J. Ebeling se Met De Wet en Steyn in het veld.

Kommandant van Niekerk wat gedurende die oorlog onder De Wet gedien het, wys daarop,[38] en dit blyk ook uit die werk dat De Wet 'n beskeie mens was wat nie met sy vermoëns te koop geloop het nie en hy laat gevolglik nie reg geskied aan sy eie rol in die oorlog nie.

De Wet het die objektiwiteitsbeginsel tot groot hoogte in sy werk gedien, en hoewel hy met gloeiende verontwaardiging oor die vrouelyding skryf, aarsel hy nie om sy eie mense, en veral die verraaiers te gésel waar dit hulle toekom nie. Ook het hy hom nie van lof t.o.v. die vyand weerhou waar hulle dit verdien het nie.

'n Gemis in die werk is die afwesigheid van skets- en terreinkaarte van slagvelde. Die afwesigheid van eergenoemde bemoeilik die taak van die leser om die generaal se talle bewegings noukeurig te volg, terwyl terreinkaarte van slagvelde die historiese waarde van die werk verder sou verhoog het.

De Wet se pittige styl, die sprankies humor, talle anekdotes en die menslikheid wat deur die werk straal, maak dit 'n leesbare en onderhoudende stuk lektuur en die werk is reeds in Afrikaans, Engels, Duits, Frans, Russies, Pools en Tsjeggies vertaal.[39]

---

37) Conradie, op. cit., p. 122.
38) De Wet, Die Stryd tussen Boer en Brit, voorwoord (ongenommer).
39) Van Schoor, op. cit., p. 93.

/ 3. P.J. Kloppers.....

3. **P.J. Kloppers**, "Alles zal rech kom!"

Kloppers was 'n Nederlandse onderwyser [40] wat op 27 April 1899 na Suid-Afrika gekom het. [41] Hy het twee jaar van die oorlog in Suid- Afrika deurgebring [42] as sekretaris van die Nederlandse Rooikruis. [43] Hy is egter voor die einde van die oorlog deur die Britse militêre owerheid na Holland teruggestuur. [44]

Kloppers meld dat dit nie sy doel was om die verhaal van die oorlog te vertel nie, maar slegs los sketse te gee, waarskynlik met die doel om die vernaamste fasette van die oorlog te belig. Dit was ook nie sy oogmerk om sy eie avonture te verhaal nie en hy verwys slegs in enkele gevalle daarna.

Die feite in die werk vervat, is uit drie bronne afkomstig nl. Kloppers se eie ervarings, getuienis van ander burgers waarvan hy ruimskoots gebruik gemaak het, en die geskiedenis wat die stryd vooraf gegaan het wat Kloppers waarskynlik uit een of meer geskiedeniswerke gekry het.

In die eerste hoofstuk skets Kloppers hoe Britse imperialisme onder leiding van C.J. Rhodes, J. Chamberlain en A. Milner tot die oorlog aanleiding gegee het.

Vervolgens gee hy 'n oorsig van die slae van Talana en Elandslaagte [45] en staan kortliks stil by ander krygsoperasies aan die oosfront w.o. die slag van Colenso. Tydens die eerste fase van die oorlog was hy aan die wesfront gestasioneer en die getuienis wat hy oor gebeure aan die oosfront vermeld, is afkomstig van 'n aantal getuies wie se name nie genoem word nie.

---

40) P.J.Kloppers, "Alles zal rech kom!". 's Gravenhage, Voorhoeve, 1902?, p. 6.
41) Ibid., p. 9.
42) Ibid., p. 5.
43) Ibid., p. 6, 46.
44) Ibid., p. 5.
45) Ibid., p. 24-26 en p. 36-42.

/ Wat die .......

Wat die wesfront betref, word kort verslae gegee van die slae van Modderspruit en Magersfontein asook van die oorgawe van genl. P.A. Cronjé by Wolwekraaldrif. Wat die slae aan die wesfront betref, het Kloppers van ongenoemde getuies gebruik gemaak en daar kan nie vasgestel word watter getuienis Kloppers s'n is en watter getuienis hy van ander gekry het nie. Hoewel hy konstateer dat geloofwaardige getuies hom van informasie voorsien het, kan die stelling nie altyd onderskryf word nie. In sy subjektiewe siening van die Boer gebruik hy soms feite wat oordrewe is hoewel hy miskien gedink het dat dit die waarheid is. So byvoorbeeld word die Engelse verliese by Magersfontein sterk oordryf waar hy beweer dat meer as 2,500 Engelse tydens die veldslag gedood en gewond is[46] en hy stel by 'n latere geleentheid die getal selfs op 5,500.[47] Inderwaarheid is die werklike getal 905 dood en gewond terwyl 76 gevang is.[48]

Vervolgens staan Kloppers by twee van sy Boerehelde stil nl. genls. L. Botha en C.R. De Wet. Hy gee huldeblyke aan die Boer as vegsman, die Boerevrou en die Boerekind. Ook word kortliks aandag gegee aan die konsentrasiekampe, die verwoestingswerk van die vyand en die bannelinge op St. Helena. Ten slotte word 'n aantal oorlogstaferele in romanvorm aangebied waarin o.a. die rol van die verraaier uitgebeeld word. Kloppers vermeld niks van sy verdere lotgevalle na die ineenstorting van die wesfront totdat hy in Februarie 1901 na Nederland teruggestuur is nie.

---

46) Ibid., p. 45.
47) Ibid., p. 96.
48) H.P. Van Coller, Genl. Piet Cronjé en die stryd aan die Westelike front. Breytenbach, <u>Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog</u>, p. 114.

/ 'n Kenmerk van........

'n Kenmerk van die werk is die heroïese verheerliking van die Boer as vegsman en as mens en hy tree deurgaans as kampvegter vir hulle saak op. Daarteenoor gésel hy die "goudwolwe" genadeloos vir hul "schandelijke misdaad" en hy spot met hulle sogenaamde beskaafdheid asook met hulle onvermoë om die klein Boerevolkie onder die knie te kry.

Die volgende dien as voorbeeld van die swaar emosiebelaaide toon wat in die werk aangeslaan word:

> "Lezer, trek uw schoenen van de voeten, nu ge het slagveld betreedt, want de grond, waarop ge staat, is heilige grond. Hier wordt een Godsgericht gehouden over schijnheiligheid en huichelarij, over leugen en geweld, over gouddorst en dwazen nationalen trots. Hier gaat de zon van een natie onder in donderwolken van gruwel en schande. Ja, hier is God". 49)

Die subjektiewe karakter van die werk is waarskynlik te wyte aan die feit dat die getuienis op skrif gestel is deur 'n verbitterde persoon.

So verklaar Kloppers dat hy Holland vol ideale verlaat het

> ".... om ginds een werk te doen in den worstelstrijd tusschen het Hollandsch element en de zedelijke paramountcyzucht van den Brit, en dat Hollandsch element te sterken en uit te breiden". 50)

Soos dit met talle ander Nederlanders die geval was, is hy egter na Nederland terug gestuur en dit het al sy ideale verpletter en van hom 'n teleurgestelde mens gemaak. 51)

Die werk lewer geen bydrae tot die verloop van die oorlog nie en die waarde daarvan moet gesoek word in die siening van die hele oorlogsituasie deur die bril van 'n Nederlander, wie se siening, hoewel sterk subjektief, tog oor die algemeen strook met historiese feite.

---

49) Kloppers, op. cit., p. 47.
50) Ibid., p. 9.
51) Ibid., p. 10.

4. B.J. VILJOEN, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boerenoorlog.

Terwyl die Tweede Vryheidsoorlog nog aan die gang was, het die verbanne assistent-kommandant-generaal, B. J. Viljoen, sy herinneringe op St. Helena te boek gestel en die werk het reeds in 1902 verskyn.

Benjamin Johannes Viljoen is in 1868 in die Kaapkolonie gebore. As jongman het hy na Transvaal verhuis waar hy o.a. in die Krugerdorpse polisie diens gedoen het en ook 'n **tydlank** joernalis was. Tydens die Jameson-inval veg hy aan Boerekant en verwerf Transvaalse burgerskap. Ten tye van die uitbreek van die oorlog het hy Krugersdorp in die Tweede Volksraad verteenwoordig.[52]

Na die oorlog vertoef hy vir 'n wyle in Pretoria, maar sy rustelose geaardheid dwing hom na die V.S.A en hy laat sy vrou in Suid-Afrika agter. Op 'n stadium het hy hom in Meksiko en later in Los Angeles bevind waar hy in 1917 aan die koors oorlede is.[53] In 1904 het 'n roman, Under the Vierkleur, van hom verskyn en in 1916 'n Afrikaanse bewerking daarvan onder die titel Danie.

In die inleiding bied Viljoen verskoning aan vir die gebreke in sy werk wat hy wyt aan die feit dat dit sy eerste ondervinding as skrywer is, dat al die oorspronklike aantekeninge met sy gevangeneming in die hande van die vyand geval het nadat gedeeltes daarvan by twee vorige geleenthede ook in die vyand se besit gekom het en op 'n ander keer weer verbrand het, asook die moeilike omstandighede waaronder hy die werk op St. Helena geskryf het.[54]

---

52) Aucamp, op. cit., p. 185.
53) R.B., The Cape Times, 10.9.1949.
54) B.J. Viljoen, Mijne herinneringen uit den Anglo-Boerenoorlog. Amsterdam, Versluys, 1902. Kyk inleiding, p. 9.

/ Op nugtere.......

Op nugtere, saaklike, maar onderhoudende wyse skets Viljoen sy oorlogsloopbaan beginnende waar hy as een en dertigjarige kommandant van die Johannesburgse kommando na die Natalse front vertrek. Hy neem aan die slag van Elandslaagte deel en wys op die koppigheid van genl. Kock toe hy Viljoen verplig het om teen die instruksies van Joubert na Elandslaagte op te ruk. Tydens die vlugtog van die Boere, tydens laasgenoemde slag, ontsnap Viljoen ternouernood deur in die Sondagsrivier skuiling te vind. Toe hy verslag van die geveg aan Joubert lewer, het die Kommandant-generaal kwaai te velde getrek teen hulle ongehoorsaamheid om verder as die Biggarsberge te trek, die lafhartigheid van Meyer by Dundee, hulle powere vertoning by Elandslaagte en die pligsversuim van Erasmus ten tye van die slag van Talana.[55] Daarna is die Johannesburg -kommando, van wie Joubert geen hoë dunk gehad het nie, onder genl. S. Burger geplaas.

Die beleg van Ladysmith word deur Viljoen as "dom en primitief" beskou en hy het dit as onnodig beskou dat die ".... kleingeestige legeraanvoerder," Joubert, op die Nataltog gegaan het en hy beweer dat as die ekspedisie onder Botha gestaan het hulle minstens tot by Pietermaritzburg sou deurgedring het.

Viljoen het aan die slag van Colenso geen direkte aandeel gehad nie, maar hy wys daarop dat indien die oorwinning daar opgevolg is, die verloop van die oorlog veel anders sou gewees het. Hy het ook nie aan die slag van Spioenkop deelgeneem nie en vermeld dit slegs kortliks.

Aan die slag van Vaalkrans het die Johannesburgers egter 'n groot aandeel gehad en die slag was vir Viljoen en sy kommando die hewigste en belangrikste van die hele oorlog.[56]

---

55) Ibid., p. 36-37.
56) Ibid., p. 51-57

/ As gevolg van ......

As gevolg van Viljoen se verwonding by Vaalkrans het hy nie aan die slag by Pietershoogte deelgeneem nie en hy gee slegs 'n kort verslag van die aandeel van sy kommando daaraan soos hy dit van vk. P. van der Bijl verneem het. Hy het ook nie aan die mislukte bestorming van die Platrand deelgeneem nie, maar wyt die mislukking daarvan aan jaloesie onder 'n paar generaals wat gebrekkige samewerking tot gevolg gehad het.

Vir die chaotiese terugtog na die Biggarsberge het Viljoen verskeie generaals, wie se name egter nie vermeld word nie, te blameer. Hy maak egter 'n uitsondering vir genl. Botha wat die aftog op bekwame wyse gedek het.

Op 19 Mei 1900 is Viljoen na die Vaalrivier verplaas om die Britse opmars na Johannesburg te probeer stuit, maar die pogings het misluk a.g.v. 'n gebrek aan veggees by die burgers.

In Pretoria was Viljoen ooggetuie van 'n moedelose Boeremag wat in groot getalle gehensop het. Vervolgens word 'n kort verslag gegee van die slag by Donkerhoek, ongeveer twaalf myl noord-oos van Pretoria, waaraan hy deelgeneem het.

Op daardie stadium is Viljoen tot veggeneraal bevorder en hy loods in die hoedanigheid sy eerste aanval op die vyand tussen Tijgerspoort en Babsfontein op 13 Julie 1900.

Na die slag van Berg-en-Dal (Dalmanutha) waaraan Viljoen deelgeneem het en waarvan hy 'n kort verslag gee,[57] kry hy opdrag om die 2,000 Britse gevangenes wat in Oos-Transvaal by Nooitgedachtstasie geplaas was los te laat. Die chaos by Nelspruitstasie en Hectorspruit was 'n bewys van die minimale beheer van die offisiere oor die burgers en die laksheid van regeringsamptenare.

---

57) Ibid., p. 113-115.

/ Botha het die ........

Botha het die onaangename plig aan Viljoen opgedra om aan die voetganger-burgers opdrag te gee om, liewer as om in die hande van die vyand te val, hulle aan die Portugese owerhede te gaan oorgee.[58] Een honderd en vyftig burgers onder leiding van J.Coetzer het egter uitgevlug terwyl 800 man oor die grens gegaan en geïnterneer is.

Op 18 September 1900 vertrek Viljoen met 'n kommando van 2,000 man op 'n twee en dertigdaagse uitputtende tog deur die Laeveld en van hierdie tog word 'n onderhoudende beskrywing gegee.[59] Op 19 Oktober 1900 arriveer die kommando op Pietersburg en trek vandaar oor Nylstroom terug na die oostelike Hoëveld.

Die res van sy herinneringe wy Viljoen aan sy aandeel aan die krygsverrigtinge op die oostelike Hoëveld. Onderhoudend word die vyftien-uur lange slag van Renosterkop, vyftien myl noord-oos van Bronkhorstspruit, beskryf wat op 29 November 1900 plaasgevind het. Viljoen moes egter terugval a.g.v. 'n tekort aan ammunisie. Een van sy beste krygsprestasies tydens die guerillafase van die oorlog was die nagtelike bestorming en inname van Helvetia op 29 Desember 1900 met behulp van genl. C. Muller.[60] Hoewel Muller merendeel onafhanklik van Viljoen op die oostelike Hoëveld opgetree het, gee Viljoen nogtans verslag van Muller se vernaamste krygsoperasies aldaar.

Op bevel van Botha is die Engelse linies op 7 Januarie 1901 oor 'n front van twee en twintig myl tussen Panstasie en Machadodorp deur verskeie generaals, w.o. Viljoen, aangeval en hy gee 'n goeie verslag van sy aandeel aan die gevegte nl. die bestorming van die forte om Belfast wat in die duisternis moes plaasvind.[61]

---

58) Botha het, i.p.v. vanaf Lydenburg na Noord-Transvaal uit te wyk, na Hectorspruit getrek. Daar is hy deur die Britse magte teen die Portugese grens vasgedruk en hy was verplig om die voetgangerburgers in die steek te laat. A.N.Pelzer, Generaals Louis Botha, Ben Viljoen en Christiaan Muller en die stryd in die ooste. Breytenbach, Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog, p. 148-149.

59) Ibid., p. 131-149

60) Ibid., p. 178-187

61) Ibid., p. 191-200

/Voorts word .........

Voorts word verslag gegee van die skermutselings ten suide van die spoor waar Viljoen hom vanaf die eerste week in Mei tot 27 Junie 1901 bevind het. Hy gee gereeld aandag aan die verraaierselement wat in hierdie fase van die oorlog so 'n groot rol gespeel het. Ook word 'n goeie beeld gegee van die uiters moeilike taak van die kommando's om uit die hande van die geweldige oormagte te bly wat gedurig op hul hakke was.

Vervolgens verhaal Viljoen die verowering van die rowersnes beman deur winkeleienaars, jagters, smokkelaars [62] en Naturelle te M'pisaansfort deur 'n deel van Viljoen se kommando onder kommandante P. Moll en D. Schoeman op 6 Augustus 1901 waartydens Moll en vyf burgers sneuwel. Na 'n korrespondensie tussen Viljoen en Kitchener is die ongeveer vyftig Naturellekrygsgevangenes tereggestel en die vier en twintig Engelse is aan die vyand uitgelewer.

---

62) Hierdie struikrowers was lede van die berugte Steynacker's Horse bygestaan deur 'n Bantoe-afdeling van enige honderde. Viljoen, op. cit., p.257 Bogenoemde geval is een van talle wat in dagboeke en herinneringe vermeld word waar Nie-Blankes of onder die wapen teen die Boere gestaan het of direk by die Britse oorlogspoging betrokke was. Onder die opskrif "A White Man's War" laat Amery (op. cit., deel 2, p. 138, 139) hom egter soos volg uit:

> "From the first the British Government decided that the war in South Africa was to be a white man's war, and so strictly did it interpret its self-imposed restraint that no troops not of pure European blood were used throughout the war, ......"

In 'n voetnoot word bygevoeg:

> " i.e. for fighting purposes large numbers of "Cape Boys" and Kaffirs were employed on the transport and as scouts, especially in the later stages of the war"

Ibid., p. 139.

/ As gevolg......

As gevolg van voedselskaarste versit Viljoen in September 1901 met die Johannesburg-kommando na Pelgrimsrust waar lewensmiddele nog volop was. Na enkele skermutselings met die vyand in die omgewing van Pelgrimsrust en Lydenburg kry Viljoen opdrag om die Transvaalse regering vanaf die Hoë-veld na Pelgrimsrust oor te bring. Voor hy sy taak kon uitvoer, is hy op 25 Januarie 1902 gevang en na St. Helena verban, waar hy in die Broadbottomkamp geplaas is. In 'n kort oorsig skets hy toestande aldaar met die belofte om sy bannelingskap later breedvoeriger te beskryf - iets wat egter nooit gebeur het nie.

In 'n aantal waardevolle byvoegsels gee Viljoen ten slotte 'n interessante verslag oor die voedsel en kleding van die burger te velde, die buitmaak van treine, die Brit versus Boer as vegsman, die wapens wat gedurende die oorlog gebruik is en hulle waarde, die misbruik van die witvlag en verlore kanse aan albei kante tydens die oorlog. Hier trek hy weer eens te velde teen die gebruik om lede van die Uitvoerende Raad tot generaals te benoem. Generaal Joubert was volgens hom nie geskik vir moderne oorlogvoering nie, terwyl hy nog 'n generaal op sy swart lys plaas, nl. genl. H. Schoeman, wat hy as 'n "verrader" en 'n "beruchte lafaard" bestempel.

Viljoen gee deurgaans goeie beskrywings van die vernaamste gevegte waarby hy betrokke was, toegelig met goeie terreinbeskrywings. Nogtans is 'n goeie terreinkaart van die oostelike Hoëveld 'n gemis hier aangesien dit moeilik is om Viljoen se talle bewegings noukeurig te volg. In die Engelse uitgawe is wel 'n agttal terreinkaarte van veldslae opgeneem.

Hierdie inhoudryke werk moet sonder twyfel as 'n waardevolle naslaanbron vir navorsers oor veral die guerillafase van die stryd op die oos-telike Hoëveld beskou word.

/Viljoen was ........

Viljoen was vanaf die begin van die oorlog, eers as kommandant, sedert Julie 1900 as generaal en later as assistent kommandant-generaal deurgaans op hoogte met militêre gebeure waarby hy betrokke was. Gevolglik het sy getuienis besondere gesaghebbende waarde.

Aangesien Viljoen sy herinneringe sonder sy aantekeninge, wat hy blykbaar dwarsdeur die oorlog gehou het, op skrif moes stel, word datums slegs ongereeld vermeld en hy erken op verskeie plekke dat hy nie seker is van 'n gemelde feit nie. Nogtans was sy ervaringe nog vars in sy geheue toe hy dit op skrif gestel het, met die gevolg dat growwe geheuefoute waarskynlik nie veel sal wees nie. Uit die vertelling blyk dit dat Viljoen 'n intelligente en noukeurige waarnemer was en die talle gedétailleerde beskrywings dui op 'n uitstekende geheue. Daarby het Viljoen oor die letterkundige vermoë beskik om dit wat hy waargeneem het, goed weer te gee. Die volgende beskrywing van 'n geveg na die slag van Donkerhoek gee 'n aanduiding van die trant waarin militêre operasies beskryf word:

> "Gedurende den nacht van den dertienden Juli 1900, trokken wij in de volgende orde op: Rechts de Johannesburg en Germiston kommando's in het midden het Krugersdorp kommando en de Johannesburg politie; links de Boksburg- en Middelburgkommando's. Bij het breken van den dag gaf ik order gelijktijdige vijandelijke schansen te bestormen. Ik plaatste een Krupp- en een Creusotkanon op mijn linker-, een Kruppkanon en een pom-pom op den rechterflank, terwijl ik in het midden een Engelschen Armstrong 15 ponder opstelde. Bij de bestorming werden verscheidene posities ingenomen zonder veel tegenstand; alleen mijn rechtervleugel stuitte op een dappere verdediging van een sterk verschanst punt dat door een kompagnie Australiërs bezet was. Tegen zonsopgang was ook deze positie in ons bezit en waren daarenboven een kapitein, een luitenant, en 32 man krijgsgevangenen gemaak". 63)

---

63) Ibid., p. 107

In die inleiding van sy werk wys Viljoen heeltemal tereg daarop dat 'n persoon se geskrifte beoordeel moet word volgens die tyd waarin dit opgestel is.

Volslae onpartydigheid kan nie van hom verwag word nie, aangesien hy pas die slagveld verlaat het. Hy vervolg dat dit egter nogtans sy strewe was om so onpartydig moontlik te wees.[64] Hoewel daar 'n redelike sterk patriotiese gees deur die werk straal, blyk dit dat Viljoen hom nêrens aan oordrywings skuldig gemaak het nie en hy prys ook die vyand waar hy reken dat dit hom toekom. Hy verklaar voorts dat hy daarna gestreef het om hom sover moontlik van kritiek oor die oorlog te weerhou en hom net by die feite te hou.[65] Hierdie belofte het hy t.o.v. die Britse leërleiding nagekom, maar waar hy blykbaar gereken het dat kritiek persone aan Boerekant toekom, het hy nie geaarsel om diesulkes te veroordeel nie.

Ook meld Viljoen dat hy deurgaans getrag het om slegs gebeure neer te skryf wat hy persoonlik ondervind het en hy waarborg die betroubaarheid van die inhoud.[66] In werklikheid beskryf hy die lotgevalle van sy hele kommando en hy moes hier vanselfsprekend van sy ander offisiere en verkenners en waarskynlik ook van ander lede van die kommando se getuienis gebruik maak, wie se identiteit hy nie altyd vermeld nie sodat die waarheidsgetrouheid van sulke getuienis dus nie sonder meer aanvaar kan word nie.

---

64) Ibid., sien inleiding, p. 9.
65) Ibid.
66) Ibid.

/ 5. Badenhorst.........

5. C.C.J. BADENHORST, Uit den Boeren-Oorlog 1899-1902

Die werk bevat die "ervaringen en aantekeningen" van assistent-hoofkommandant Badenhorst van die "westelijke afdeeling" van die Oranje-Vrystaat.

Christoffel Cornelis Johannes Badenhorst is op 11.8.1872 in die Boshofse distrik gebore. Hy is op 29.11.1911 in die distrik van Christiana oorlede.

Badenhorst verdeel die oorlog in twee tydperke nl. die tydperk vanaf die begin van die oorlog tot die ineenstorting van die wesfront toe hy as gewone burger diens gedoen het en die tydperk van die guerillakryg waartydens hy as assistent-hoofkommandant waargeneem het.

As adjudant van kommandant J. du Plessis van die Boshofse kommando neem Badenhorst aan die slae van Rooilaagte, Belmont, Modderrivier en Magersfontein deel, maar bogenoemde gebeure asook die lotgevalle van sy kommando tot Mei 1900 word in slegs negentien bladsye vermeld aangesien hy van mening is dat hy nie weer dinge wil herhaal wat alreeds op skrif gestel is nie.[68)]

Na die ineenstorting van die wesfront vertrek Badenhorst met slegs sewe en twintig burgers - die res van die Boshofkommando het almal gaan wapens neerlê-na generaal De Wet en sluit by hom aan in die noordelike Vrystaat op 1 Junie 1900.

Sy lotgevalle saam met De Wet gee hy ongelukkig "zeer in het kort ...." weer aangesien hy van mening is dat De Wet dit reeds op skrif gestel het. In Augustus 1900 word Badenhorst tot kommandant bevorder en hy kry opdrag van generaal De Wet om die burgers van die distrikte Hoopstad en Boshof wat wapens neergelê het te gaan opkommandeer en in kommando's te organiseer.

---

67) W.J. De Kock, Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, Kaapstad, Nasionale uitgewers, Handelsdrukkerye Bpk., 1968, p. 10.

68) C.C.J. Badenhorst, Uit den Boeren-Oorlog 1899-1902. Amsterdam Boekhandel (voorheen Höveker en Wormser,) 1903, voorwoord, p. vii.

/ Vervolgens skets........

Vervolgens skets Badenhorst sy werwings- en organisasiewerk in bogenoemde distrikte en sy probleem om almal van wapens en ammunisie te voorsien. Teen November 1900 was 400 burgers van Hoopstad en 600 van Boshof gewerf en toegerus vir die stryd.[69]

Hoewel geen groot veldslae in die distrikte van Boshof en Hoopstad gedurende die guerillafase van die oorlog plaasgevind het nie, vermeld Badenhorst, wat op 21 April 1901 as assistent-hoofkommandant van bogenoemde area aangestel is, talle skermutselings wat op die lange duur die vyand betreklik groot skade berokken het.

Aansienlike Britse leërmagte is daar deur Badenhorst en sy kommandante besig gehou en op een stadium, in Augustus 1901, het daar sestien Britse kolonnes bestaande uit 16,000 troepe geopereer terwyl Badenhorst op daardie stadium hoogstens 2,000 man onder sy bevel gehad het.[70]

Op 1 Januarie 1902 is 'n mobiele kommando gestig wat hom net op veg toegelê het, terwyl die res van die verspreide kommando's die dorpe en kosvoorrade teen stropers beskerm het. Die gevolg was dat die betrokke twee distrikte teen die einde van die oorlog nog meer as genoeg graan en vee gehad het, terwyl die hele Boeremag daar nog "oorvloedig bewapend" was.

Die leser maak ook kennis met die verwoesting van hierdie deel van die Vrystaat en Badenhorst gee 'n aantal beëdigde verklarings van mense wat ooggetuies van hierdie barbarisme was.[71]

---

69) Ibid., p. 80.
70) Ibid., p. 134.
71) Ibid., p. 128-133.

/ Badenhorst meld dat ....

Badenhorst meld dat hy nie die bou van blokhuis-linies in die betrokke twee distrikte probeer verhoed het nie aangesien dit eerder tot voordeel van die vegtende burgers as hulle nadeel gestrek het daar die vyand te veel daarop staatgemaak het as 'n middel om die Boere se bewegings te belemmer.

Vervolgens word 'n verslag gegee van die wapenneerlegging op 14 Junie 1902 en die toespraak van generaal De Wet by daardie geleentheid. Ten slotte gee Badenhorst die inhoud van 'n petisie wat deur vyf en veertig Vrystaatse offisiere aan J. Chamberlain op 5 Februarie 1903 in Bloemfontein voorgelê is waarin op 'n aantal griewe voortspruitende uit die vredesbepalings gewys en op die oplossing daarvan aangedring word. 'n Verslag word ook van die konferensie gegee waar hulle eise van die hand gewys is.[72]

Die werk word afgesluit met 'n bylae wat bestaan uit 'n verslag wat reeds in 1897 opgestel is deur kaptein A.H. Welley-Dod, lid van die inligtingsdiensafdeling van die Britse Oorlogskantoor. Daarin word 'n beskrywing gegee van die deel van die Vrystaat vanaf Bloemfontein tot aan die Vaalrivier, met die oog op die naderende oorlog.[73]

Badenhorst hou ook verskillende menings oor sekere aspekte van die oorlog daarop na. Hy kritiseer generaal Cronjé dat hy nie sy reserwemag tydens die slag van Magersfontein in die veld gestoot en so die oorwinning volkome gemaak het nie. Hy verklaar dat Kimberley eerder deur verwarring en swak disipline ontset is as deur generaal French. Hy blameer die Boere-offisiere vir die groot wapenneerlegging na die ramp te Paardekraal, asook die predikante wat niks gedoen het om die moraal te herstel nie.

Uit die titel blyk dit dat Badenhorst 'n hoeveelheid aantekeninge gedurende die oorlog gemaak het.[74]

---

72) Ibid., p. 167-179.
73) Ibid., p. 180-205.
74) Ibid., kyk titelblad.

/ Dit tesame met ......

Dit tesame met sy herinneringe het hy kort na die oorlog in 'n verwerkte vorm op skrif gestel met behulp van sy sekretaris en adjudant gedurende die oorlog, landdros Schujt. Die waarskynlikheid van geheuefoute is gevolglik klein en daarby kon die kennis van Schujt sowel as die werk van De Wet, De Strijd tusschen Boer en Brit, as kontrole van sy feite dien.

As offisier vanaf die begin van die oorlog en as bevelhebber vanaf April 1901, was Badenhorst steeds goed op hoogte van sake met die gevolg dat sy verslag, veral oor die guerillafase van die oorlog in die westelike Vrystaat, besondere gewig moet dra. Die betroubaarheid van die getuienis word verder verhoog deurdat Badenhorst sy feite staaf met 'n groot aantal besonder waardevolle dokumente wat hy gedurende die oorlog op verskeie plekke begrawe het. Hieronder kan die volgende drie proklamasies van pres. Steyn as reaksie op vyandelike proklamasies vermeld word: Teen lord Roberts se proklamasie waarin hy beskerming beloof aan almal wat die wapens neerlê, het pres. Steyn op 26 Junie 1900 'n proklamasie uitgevaardig dat alle bittereinders na die oorlog vergoed sal word vir enige verliese gely. Op 19 Julie 1900 het Steyn geproklameer dat alle hensoppers en verraaiers met die dood gestraf en hul besittings gekonfiskeer kan word.[75] Op 3 Oktober 1901 het Steyn lord Kitchener se dreigement dat alle burgers wat nie voor 15 September 1901 wapens neerlê nie verban sal word, verwerp.

Voorts is in die werk 'n hoeveelheid korrespondensie van genls. De Wet, P. Botha, J.B.M.Hertzog, pres. Steyn en kmdt. J. Jacobs opgeneem, die korrespondensie tussen L. Botha en lord Kitchener insake hul vredesamesprekings op 28 Februarie 1901

---

75) Ibid., p. 53-54.

/ te Middelburg.......

te Middelburg, Botha se verslag i.v.m. bogenoemde onderhandelings aan die burgers te velde, asook 'n proklamasie van De Wet, gedateer 28 Augustus 1901, waarin hy straf beloof aan almal wat die vyand in sy oorlogspoging help.

Badenhorst se herinneringe vorm geen deurlopende verhaal nie, maar hy het hom hoofsaaklik by die vernaamste insidente bepaal, en hoewel beknop weergegee, vorm hierdie nugtere saaklike vertelling 'n waardevolle stuk getuienis oor 'n minder bekende faset van die oorlog en dit is die enigste gesaghebbende gepubliseerde werk wat oor die guerillakryg in die westelike Vrystaat handel.

---

/ 6. P. Prins.............

6. P. PRINS,[76] Van Transvaal over St. Helena naar Nederland.

In hierdie werkie gee Prins intensiewe beskrywings van die tog van die kommando's, wo. die Hollanderkorps waarby hy hom bevind het, na die oosfront, die kamplewe te Zandspruit waar die Boeremagte gelaer was [77] en die tog van Zandspruit na Elandslaagte.[78] Uit die vertelling blyk dit hoe swak georganiseerd o.a. die voedselvoorsiening in die Boereleër was en dat elkeen maar self moes toesien waar die lewensmiddele vandaan kom.

Hy gee 'n kort verslag van sy aandeel aan die slag van Elandslaagte waartydens hy beseer en gevang is. Van hul tog via Durban na Kaapstad waar hul in die Bellevue-kamp by Simonstad geplaas is, word weer eens 'n onderhoudende beskrywing gegee.

Op 14 April 1900 is Prins en 'n aantal makkers na St. Helena verskeep. Na die reis word slegs kortliks verwys, terwyl 'n kort oorsig gegee word van die lewe van die bannelinge op die eiland.

Die historiese waarde van die werkie moet gesoek word in die uitbeelding van die intieme kommandolewe, wo. die slegte, maar soms ook goeie behandeling wat die Boere-bannelinge te beurt geval het. Prins gee sy indrukke daaromtrent op 'n bekwame wyse sonder oordrywings weer.

---

76) Van dié persoon kon geen besonderhede verkry word nie.
77) P. Prins, Van Transvaal over St. Helena naar Nederland. Groningen, Van der Kamp, 1903, p. 9 - 24.
78) Ibid., p. 24-25.

/ 7. Johanna Rijksen..........

7. JOHANNA RIJKSEN, 79) Vrouwenleed.

In die eerste deel van die werkie skets Rijksen haar gelukkige dae op die plaas in die distrik Reitz totdat die vyand die plaas verwoes en sy en haar familie, waarskynlik in die winter of lente van 1900, na die kamp op Pietermaritzburg weggevoer word.

Ten slotte word 'n beknopte oorsig van die kamplewe gegee. Gedurende die eerste helfte van 1901 word 'n aantal kampbewoners, w o. Rijksen, op parool uitgelaat en hulle het by vriende op Pietermaritzburg gaan inwoon tot vrede gesluit is.

Op ongekunstelde en somber wyse word 'n beeld deur Rijksen geskilder van wat die vrou en kind te verduur gehad het tydens die oorlog, en 'n kenmerk van die verhaal is die bewonderingswaardige geloofsvertroue wat deur hierdie vrou en diegene saam met haar aan die dag gelê is. In alles het hul die hand van God gesien en alles het hul aan Hom opgedra. Daarom verraai die werkie min tekens van bitterheid en nêrens word oordrywings aangetref nie. Dit blyk uit die verhaal dat Rijksen 'n besonder godvresende vrou was en gevolglik is die waarskynlikheid groot dat sy nie die waarheid met voorbedagte rade geweld sou aangedoen het nie.

Die feit dat die getuienis opgeteken is net na die oorlog toe die gebeure nog helder in haar geheue geleef het, verhoog die betroubaarheid van die getuienis.

Die getuienis dra by tot die openbaring van die innerlike van die Boerevrou tydens die oorlog in tyd van swaarkry en ellende.

---

79) Van hierdie persoon kon geen besonderhede verkry word nie.

/ 8. J.L. De Villiers......

8. J.L. DE VILLIERS, Hoe ik ontsnapte.

J.L. de Villiers is in 1871 in die Paarl gebore en het sy skoolopleiding aan die Paarlse Gimnasium ontvang. Nadat hy hom as siviele ingenieur in England bekwaam het, het hy hom in Pretoria gevestig. In 1899 het hy as offisier by die Transvaalse magte aangesluit en in 1901 is hy gevange geneem. Na die oorlog het hy hom in die Paarl gevestig waar hy in 1910 oorlede is.[80)]

Die verhaal van De Villiers neem 'n aanvang toe hy saam met 500 ander krygsgevangenes op 4 Junie 1901 te Madras aan wal stap en in die kamp te Trichinopoly geplaas word.

De Villiers slaag daarin om na deeglike voorbereiding[81)] op 10 Maart 1901, soos 'n Indier vermom, te ontsnap.

Hy reis per trein vanaf Trichinopoly tot op Villupuram en daarvandaan te voet na die Franse gebied Pondicherry aan die ooskus van Indië waar hy geesdriftig deur die Franse ontvang is.

Nadat hy ses weke in Pondicherry vertoef het, bied 'n Noorweegse skeepskaptein aan om hom na Marseilles te neem en hy vertrek op 30 Mei 1902. As gevolg van 'n brandstof-tekort is die boot verplig om Aden aan te doen. Die Britse owerhede eis sy uitlewering wat egter deur die kaptein geweier word en die skip vaar weg toe die soldate op die punt staan om hom te kom arresteer. In Marseilles hoor De Villiers tot sy grootste teleurstelling dat vrede reeds gesluit is en hy vertrek na Nederland waar hy by sy familie aansluit.

Dit is sonder twyfel 'n merkwaardige verhaal van een van die weinige ontsnappingspogings uit 'n krygsgevangenekamp wat geslaag het en De Villiers het daarin geslaag om sy avonture op boeiende wyse weer te gee.

---

80) J.L. De Villiers, Hoe ek ontsnap het. Pretoria, De Bussy, 1934, inleiding (ongenommer).

81) J.L. De Villiers, Hoe ik ontsnapte. Amsterdam-Pretoria-Boekhandel (Voorheen Höveker en Wormser), 1903, hoofstukke 3, 4.

/ 9. J.J. Naudé .........

9. J.J. NAUDÉ, In doodsgevaar.

Jacobus Johannes Naudé is in 1876 in die Smithfieldse distrik gebore en hy ontvang sy eerste skoolonderrig op Edenburg.

Op elfjarige leeftyd verhuis hy na Johannesburg waar hy 'n kort rukkie vertoef om daarna na die Rustenburgse distrik te verhuis waar hy 'n jaar lank onderwys ontvang het. Daarna vestig hy hom in Pretoria.[82] Hy neem aan die oorlog teen Malaboch deel en doen daarna diens teen die Jameson-invallers. Ten tye van die uitbreek van die oorlog was hy in Pretoria woonagtig.[83]

In 1910 is hy aangestel as inspekteur van blanke arbeid in Pretoria. Na sy uittrede uit die staatsdiens het hy hom op sy plaas naby Groot Marico gevestig.[84] In 1954 het hy hom weer eens in Pretoria gevestig waar hy op 27.6.1956 oorlede is.[85]

Met die publikasie van sy herinneringe in 1904 het Naudé 'n heel besondere faset van die oorlog openbaar gemaak nl. die werksaamhede van die Transvaalse spioenasiediens gedurende daardie stryd.

Hy verhaal hoedat hy as lid van die Krugersdorpse kommando aanvanklik by die ambulans aan die oosfront gestasioneer was, maar later op eie versoek na die Colesbergse front oorgeplaas is waar hy as verkenner onder generaal Lemmer diens gedoen het. Hy gee vervolgens 'n kort beskrywing van die oorgawe van Pretoria waar hy op bevel van generaal Botha agter bly ten einde die rol van spioen te speel.

---

82) G.D.Scholtz, In doodsgevaar. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1940, p. 9.
83) Ibid., p. 10.
84) Ibid., p. 232.
85) Die Transvaler, 29.6.1956.

Aanvanklik doen hy diens as sersant van die ryende polisie van Pretoria en toe dit afgeskaf word, was hy verplig om die eed van neutraliteit af te lê, maar op 21 Maart 1901 maak hy kontak met 'n Boere-afdeling buite Pretoria onder kommandant C.P.S. Badenhorst.

Hy slaag daarin om 'n goed-georganiseerde informasiediens in Pretoria op te bou wat hom op sy besoeke aan die stad van allerlei informasie insake die vyand sou voorsien. So het hy na willekeur 'n hele aantal kere die hoofstad binnegekom en menige noue ontkoming gehad. Op 23 Junie 1901 is hy deur Botha as kaptein en "Hoofd van Speciale Diensten" aangestel.

Wanneer hy nie met spioenasiebedrywighede besig was nie het hy op die oostelike Hoëveld en in en om Pretoria aktief teen die vyand opgetree. So buit hy gedurende April 1901 'n aantal perde binne-in Pretoria terwyl 'n groot aantal beeste wat vir die garnisoen in Pretoria bestem was van tyd tot tyd deur hom weggevoer is.

Hy neem deel aan die aanvalle op Florida en Roodepoort onder kommandant J.C.G.Kemp, die slag van Bakenlaagte (30.10.1901) onder generaal L.Botha en Boesmanskop (5.- 6 Maart 1902) onder generaal P.R.Viljoen in die Heidelberg distrik. Ten slotte word die deurbraak onder kommandant O.A.I. Davel deur die vyandelike kraal tussen Bethal en Ermelo beskryf en Naudé lê uiteindelik die wapen onder generaal H.A.Alberts by Kraalstasie in die Heidelbergse distrik neer.

Gedurende Oktober 1901 is die spioenasiediens verraai en ongeveer honderd persone is verban. Daarna sou Naudé dit nog twee keer binne Pretoria waag en wel in Britse offisiersuniform en beide kere het hy ternouernood daarin geslaag om te ontkom.

/In 'n byvoegsel............

In 'n byvoegsel "De dood trotseren" verhaal mev. Maria Van Warmelo Naudé se laaste twee besoeke aan Pretoria en hoe sy en haar dogter hom onder die neuse van die vyand in haar huis versteek het.

Naudé se herinneringe het, voordat dit gepubliseer is, reeds in die pers verskyn. Die publikasie daarvan onmiddellik na die oorlog skakel geheuefoute grootliks uit.

In die voorwoord van die werkie meld Naudé dat hy sy ervaringe slegs ten dele kan meedeel

> ".... omdat aan zoo een openbaring voor anderen dan myzelven zekere mate van gevaar, misschien onaangenaamheid verbonden kon zijn, ....."

Daarby het hy sy ervaringe besonder beknop weergegee en aan sy eie aandeel 'n baie beskeie plekkie toegeken. Gelukkig is sy volledige verhaal later deur G. D. Scholtz opgeteken.

---

86) Ibid., p. 44-47.

/ 10. Kritzinger.............

## 10. P.H. KRITZINGER en R.D. MCDONALD, IN THE SHADOW OF DEATH.

Pieter Hendrik Kritzinger is op 20 April 1870 in die distrik van Port Elizabeth gebore.[87] In 1882 het hy en sy ouers hul in die distrik Ladybrand gevestig.[88] In 1887 het hy na die distrik Rouxville verhuis.[89] Na die Tweede Vryheidsoorlog het hy hom in die Cradockse distrik gevestig. In 1929 is hy tot L.P.R. van laasgenoemde kiesafdeling verkies,[90] wat hy gebly het tot met sy dood in 1935.[91]

Roelof Daniël McDonald is op 15.2.1873 op Bethulie gebore. Hy het sy teologiese opleiding op Stellenbosch ontvang en was later aan die gemeentes van Murraysburg en Ceres verbonde. Sedert 1942 was hy emeritus te Wellington.[92] Hy is op 28.11.1949 oorlede.[93]

Bogenoemde werk wat in 1939 deur McDonald se seun, ds. J.A.J. McDonald, en laasgenoemde se vrou in Afrikaans vertaal is onder die titel In die skaduwee van die dood was tot op laasgenoemde datum onbekend aan die publiek aangesien die werk destyds alleen vir privaatsirkulasie bedoel was[94] en dit, sover vasgestel kon word, nooit in die handel verskyn het nie.[95] In werklikheid is dit foutief dat op die titelblad beide Kritzinger en McDonald se name as outeurs vermeld word aangesien McDonald alleen of feitlik alleen vir die samestelling van die gegewens verantwoordelik was.[96]

---

87) N.G.Kerk-jaarboek, 1957, p. 578.
88) P.H.Kritzinger en R.D.McDonald, In die skaduwee van die dood. Kaapstad, Nasionale Pers, 1939, p.2.
89) Ibid., p. 3.
90) Ibid., p. 4.
91) Ibid., p. 7.
92) Scannel, op. cit., p. 459.
93) Aucamp, op. cit., p. 159.
94) P.H.Kritzinger en R.D.McDonald, In the shadow of death. Londen, Clowes and Sons Ltd., 1904, titelblad.
95) D.W.Krüger, In die skaduwee van die dood (boekbespreking). Ons Eie Boek, Junie 1940, p. 15.
96) Kritzinger en McDonald, In die skaduwee van die dood, voorwoord (ongenommer).

McDonald was in die posisie om tot aan die einde van die oorlog in die veld te kon bly as gewone burger, veldprediker en militêre sekretaris van Kritzinger en na laasgenoemde se gevangeneming het hy in dieselfde hoedanigheid onder kommandant L. Wessels gedien. 97) Hy was dus in 'n posisie om veel te kon waarneem en te oordeel aan 'n redelike groot aantal datums wat in die werk vermeld word, het hy waarskynlik, veral toe hy militêre sekretaris van Kritzinger was, 'n hoeveelheid aantekeninge oor die krygsverrigtinge daarop nagehou wat hy kon gebruik toe hy hulle ervaringe opskrif gestel het. Daarby was hy 'n intelligente en opmerksame waarnemer en letterkundig goed toegerus om dít wat hy waargeneem het goed weer te gee. In agnemende sy predikantstatus is die waarskynlikheid groot dat hy die waarheid sou gedien het.

McDonald het ook van Kritzinger se getuienis gebruik gemaak wat uit die aard van laasgenoemde se posisie hoë gesaghebbende waarde moet hê. Ten slotte wen die getuienis aan waarde as in aanmerking geneem word dat dit slegs twee jaar na afloop van die oorlog op skrif gestel is toe alles nog neutvars in hul geheues was.

Die werk verraai geen tekens van bitterheid nie. Die doelstelling van McDonald was dan ook om reg te laat geskied aan Boer sowel as Brit:

> "...... to write and reconcile, not to separate and embitter, two Christian peoples destined to live together in one land". 98)

McDonald verklaar in die voorwoord dat hy hulle oorlogsondervindinge nie in die vorm van 'n dagboek opgestel het nie.

---

97) Ibid.
98) Kritzinger en McDonald, In the shadow of death, voorwoord (ongenommer).

/Gevolglik het hy, wat die ......

Gevolglik het hy, wat die inhoud betref, nie kronologies te werk gegaan nie en dit is geen deurlopende verhaal van sy en Kritzinger se lotgevalle nie. 'n Beswaar teen die vorm van die inhoud is dan ook dat dit te fragmentaries is. Gebeurtenisse word soms vooruitgeloop en dikwels word gebeure nie met mekaar in kousale verband gebring nie.[99] Omdat McDonald hom slegs tot die belangrikste gevegte waaraan hulle deelgeneem het, beperk het, is die beeld van Kritzinger se bedrywighede totaal onvolledig.[100] Ongelukkig meld hy niks van die bedrywighede van kommandant L. Wessels onder wie hy gedien het na Kritzinger se gevangeneming nie.

Veldslae waaraan in 'n mindere of meerdere mate aandag gegee word, en waarby Kritzinger en McDonald betrokke was, is dié by Stormberg (10.12.1899), Sannaspos (31.3.1900-), Mosterthoek (3-4-4.1900), die aanvalle op Ladybrand (Augustus 1900) en Jamestown (Julie 1901), asook die suksesvolle aanvalle op die kolonnes van kol. Murray naby Zastron (20.9.1901), kol. Spragge by Lindley (Mei 1900 en kaptein Spandow in die Cradockse distrik.

In 'n hoofstuk onder die opskrif "In tight corners" skets McDonald 'n aantal noue ontkomings wat die kommando gehad het en hoe dikwels hulle in lewensgevaar verkeer het - gebeure waaraan die boek sy naam ontleen het.[101]

In 'n verslag van McDonald aan Kritzinger net na De Wet se tweede inval in Kaapland wat deur eersgenoemde meegemaak is, wyt hy die mislukking van die inval aan die konvooi wat die kommando vergesel en hul bewegings bemoeilik het, asook swak disipline en organisasie. Twaalf of vyftien kommando's moes die Kolonie gelyktydig binnegeval het.[102]

---

99) Kruger, <u>In die skaduwee van die dood</u> (boekbespreking). <u>Ons eie boek</u>, Junie 1940, p. 16.

100) Aan Kritzinger se hele militêre loopbaan word slegs ses en sewentig bladsye gewy.

101) Kritzinger en McDonald, <u>In the shadow of death</u>, hoofstuk 4.

102) Ibid., p. 68.

/Vervolgens gee McDonald....

Vervolgens gee McDonald 'n verslag van die verhoor van Kritzinger deur 'n Britse krygsraad waar hy tereggestaan het op vier aanklagte van moord, vernietiging van treine en mishandeling van prisoniers. Hoofsaaklik a.g.v. druk uitgeoefen deur die openbare mening in die buiteland wat ontevrede was oor die onregverdige teregstelling van Scheepers, is Kritzinger vrygespreek.[103)]

In 'n interessante hoofstuk onder die opskrif "Why we surrendered" gee McDonald die faktore wat die Boer as vegsman bevoordeel het nl. sy beter kennis van die gevegsterreine en land, sy groter beweeglikheid, en die feit dat hy vir sy vryheid geveg het. Ten nadele noem hy die feit dat die Boer van die buitewêreld afgesny was, die beperking van sy bewegings a.g.v. die blokhuise, hul kleiner getalle, gebrek aan voorrade en ammunisie, hul onervarenheid in die krygskuns aan die begin van die oorlog, gebrek aan dissipline, bewapening van die inboorlinge en die bydrae van die "National Scout".[104)]

In 'n hoofstuk onder die opskrif "The Boer as seen in the light of the war" wys hy daarop dat die oorlog die swakste en beste in die Boer na vore gebring het. Hy prys twee dominerende eienskappe by die Boer aan nl. hul vryheidsdrang en godsdienssin - twee faktore waarmee die vyand nie rekening gehou het nie en wat die oorlog so lank laat aanhou het.[105)]

Vervolgens spreek McDonald menings uit oor waarom die Kaapkolonie teen die Britse gesag in opstand gekom het nl. oorlogvoering teen 'n verwante ras wat later met uitroeiing bedreig is, die feit dat die Kolonialers onbeskermend gelaat is en aan gevaar en verleiding blootgestel is, veeleisende proklamasies en krygswetregulasies deur die vyand en die bewapening van Nie-Blankes.[106)]

103) Ibid., hoofstuk 7.
104) Ibid., hoofstuk 8.
105) Ibid., hoofstuk 9.
106) Ibid., hoofstuk 10.

/ In hoofstuk 11 onder....

In hoofstuk 11 onder die opskrif "War Incidents" word grappige insidente uit die oorlog beskryf, terwyl in hoofstuk I by twee van die rampe wat die Boeremagte getref het, nl. die oorgawe van generaals P.A. Cronjé en M. Prinsloo, stilgestaan word.

Ten spyte van die feit dat die krygsloopbaan van Kritzinger nie volledig belig word nie, moet die getuienis nogtans as 'n belangrike bydrae tot ons oorlogsliteratuur beskou word, omdat dit meehelp om die oorlog in al sy fases behoorlik te rekonstrueer. Met hierdie werk word nie alleen 'n groot krygsman aan die vergetelheid ontruk nie, maar word 'n waardevolle siening van die oorlogstoestande gegee deur iemand wat in die hitte daarvan gestaan het.

---

/ 11. N.J. van der Merwe...

11. <u>N.J. van der Merwe, Marthinus Theunis Steyn 'n lewensbeskrywing.</u>

Marthinus Theunis Steyn is op 2 Oktober 1857 in die distrik Winburg gebore.[107] Nadat hy sy skoolopleiding aan die Grey-kollege te Bloemfontein voltooi het, studeer hy te Leiden en Londen in die regte.[108] In 1882 begin hy as advokaat in Bloemfontein praktiseer. In 1886 word hy staatsprokureur van die Vrystaat en in dieselfde jaar regter. In 1896 word hy tot staatspresident verkies. Na die oorlog het hy onvermoeid geywer vir die heropbou van sy volk. As afgevaardigde na die Nasionale Konvensie het hy 'n onskatbare bydrae tot die stigting van Unie in 1910 gelewer.[109]

Hy is beskou as 'n moontlike kandidaat vir die premierskap van die eerste Unie-regering, maar a.g.v. swak gesondheid kon hy nie vir die pos oorweeg word nie.[110] Tydens die Rebellie het hy telkens as bemiddelaar tussen die Rebelle en die Regering opgetree.[111] Hy is op 28.11.1916 op Bloemfontein oorlede.[112]

Nicolaas Johannes van der Merwe (1888-1940) is in die distrik Senekal gebore. Hy bekwaam hom eers as onderwyser en later as predikant. In 1921 behaal hy die doktorsgraad aan die Universiteit van Amsterdam. Na sy terugkeer, tree hy weer in die bediening in die Vrystaat en hy word o.a. voorsitter van die Vrystaatse Helpmekaar-vereniging. Vanaf 1924 verteenwoordig hy Winburg in die Volksraad vir die Nasionale Party en vanaf 1934 tot 1940 was hy leier van die Nasionale Party in die Vrystaat. Hy was die stigter van die Voortrekkerbeweging in 1930. Hy was 'n oortuigde republikein en was o.a. leier in die Vrystaat teen die koalisie-beweging van 1933-34.[113]

---

107) N.J. van der Merwe, <u>Marthinus Theunis Steyn 'n lewensbeskrywing</u>. Kaapstad, Nasionale Pers, 1921, p. 12.
108) Rosenthal, op. cit., p. 485.
109) Ibid., p. 486.
110) Van der Merwe, op. cit., p. 235-236.
111) Ibid. hoofstuk 13.
112) Ibid., p. 352.
113) Scannell, op. cit., p. 841.

/ In sy biografie.......

In sy biografie oor president Steyn wy Van der Merwe ses hoofstukke aan Steyn se **aandeel** aan die oorlog waarvan vier hoofstukke hier van belang is aangesien dit 'n gedikteerde verslag van Steyn aan sy vrou is [114] en derhalwe as herinneringe beskou moet word.

Bogenoemde mededelinge is ".... woordelik deur president Steyn aan mev. Steyn meegedeel",[115] nie met die oog op publikasie nie, maar op versoek van familie en vriende wat wou verhoed dat die waardevolle kennis wat Steyn oor die oorlog in hom omgedra het verlore gaan. Van der Merwe het bogenoemde mededelinge onveranderd geplaas ten spyte van die feit dat Steyn versoek het dat indien dit later gepubliseer word dit gesuiwer moet word "... van alles wat met die oog op die tydsomstandighede liefs moet verswyg word".[116] Hiermee erken Van der Merwe, is sy taak wat dié deel van die biografie aanbetref veel ligter gemaak.[117]

Bogenoemde herinneringe is deur Steyn voor sy siekbed van 1912 gedikteer. Hy het 'n besondere geheue gehad wat nooit deur sy siekte aangetas is nie hoewel hy fisies algaande gekwyn het.[118] Steyn se onkreukbare integriteit, sy regskapenheid, beginselvastheid en eerlike opregtheid bring mee dat hy nie die waarheid met voorbedagte rade geweld sou aangedoen het nie en al bogenoemde faktore plaas sy getuienis tot groot hoogte bo verdenking. Daarby gee sy posisie as staatspresident aan sy getuienis 'n gesaghebbende status wat feitlik onaantasbaar is.

---

114) Van der Merwe, op. cit., deel I, p.116, voetnoot. Vgl. ibid, deel II, p. 103.
115) Ibid., deel I, p. 116, voetnoot.
116) Ibid., p. iv en v.
117) Ibid., p. ii,
118) Ibid., p. iii,

/ In Steyn se eie.............

In Steyn se eie vertelling oor die krisisjare tot die uitbreek van die oorlog[119]) wat as oorspronklike bron vir die historikus van onskatbare waarde is, leer ons die President ken as staatsman en diplomaat wat t.s.v. aggressiewe Britse druk steeds die voorstander van onderhandelings bly en elke moontlike middel aanwend om die oorlog te voorkom. Steeds het hy sy dienste aangebied om vrede te bewerkstellig en hy het nie geskroom om druk op Transvaal uit te oefen om nog meer konsessies aan Brittanje te maak nie. Uit die verskillende dokumente wat in hierdie hoofstukke opgeneem is, blyk dit duidelik dat die President Transvaal nie blindelings in die oorlog gevolg het nie. Dit was hý wat president Kruger tot op die laaste weerhou het van die stuur van die ultimatum hoewel Steyn toe al reeds besef het dat oorlog onvermydelik was.

Na afloop van die Bloemfontein-konferensie wat deur Steyn gereël is as 'n laaste poging om die oorlog te voorkom, het hy nog eens 'n onderhoud met Milner gehad en na afloop daarvan het hy die hele situasie soos volg opgesom:

> "Doe wat ik wil, ik kon van mij de overtuiging niet wegdoen dat al de grieven van de Uitlanders maar 'n middel waren om hun doel te bereiken, nl. om de rijke goudvelden van de Transvaal in handen te krijgen evenals indertyd de aanspraken van Waterboer 'n middel waren om de diamantvelden in te palmen. Het was mij duidelik dat wij konden doen wat wij wilden, maar dat de oorlog zou komen. Ik kon de overtuiging niet luid uitspreken, maar moest de schijn bewaren alsof ik ook nog werkelik geloofde dat sir Alfred Milner werkelik verlangde 'n uitweg uit de krisis te krygen. De konferentie werd slechts gebruikt om Engeland 'n schijn van recht te geven. Zo sterk was de overtuiging bij mij, dat toen ik van mijn bezoek van Milner op mijn kantoor terugkwam, instrukties gaf dat dadelik 'n paar duisend mausers en een millioen patronen uit Duitsland zouden besteld worden." 120)

---

119) Ibid., hoofstukke 8, 9, en 10.
120) Ibid., p. 191.

/As gevolg van ..........

As gevolg van dringende werksaamhede, siekte en sy dood kon Steyn nie sy herinneringe oor die oorlogsverklaring en die verloop van die oorlog op skrif laat stel nie.

In 'n hoofstuk "Siel van die Vryheidstryd" beskryf Van der Merwe die onberekenbare invloed wat Steyn, nie net op die Vrystaatse, maar ook op die Transvaalse burgers uitgeoefen het. Die getuienis in laasgenoemde hoofstuk vervat, is 'n kombinasie van gegewens uit o.a. die werke van C.R. de Wet (De Strijd tusschen Boer en Brit) en J.D. Kestell (Met de Boeren-Kommando's), die herinneringe van die President self asook die van familie en vriende. Steyn se oorlogsloopbaan word egter onvolledig beskryf wat te wyte is aan die feit dat Van der Merwe nie weer dinge wat alreeds in bogenoemde twee werke beskryf is, wou herhaal nie.[121)]

In die hoofstuk "Poginge tot Vrede" is Steyn self weer aan die woord en hy behandel die verskillende pogings wat aangewend is om vrede te verkry en wat sy houding daaromtrent was.

Steyn het besef dat elke poging tot vrede die weerstand van die burgers sal verswak en as aansporing vir die vyand sal dien om met die stryd voort te gaan. Die eerste poging tot vredesamesprekings het van generaal Piet Joubert net na die oorgawe van generaal Piet Cronjé gekom. President Kruger het die voorstel aan Steyn voorgelê wat dit egter verwerp het.[122)] Na die inname van Kroonstad het president Kruger weer eens op aanbeveling van Sammy Marks 'n voorstel dat wapens onder protes neergelê moet word aan Steyn voorgelê, dog dit is eweneens deur hom verwerp.[123)]

---

121) Ibid., deel II, p. 16
122) Ibid., p. 52-59.
123) Ibid., p. 59.

/ In Julie 1901 is ..........

In Julie 1901 is 'n besluit van die Transvaalse krygsraad om vrede te maak ook deur Steyn en De Wet verwerp. Tydens Steyn se besoek aan Kruger te Waterval-Onder en Nelspruit het generaal L. Botha weer eens 'n versoek in dier voege aan die twee Presidente gerig ".... daar hij geen kans zag om de oorlog langer voort te zetten", maar die versoek is op 'n gesamentlike Uitvoerende Raadsvergadering verwerp.[124)]

Na 'n rapport van Botha waarin hy sy besluit meedeel om met Kitchener oor vrede te beraadslaag aangesien sy regering begin wankel, het die twee regerings in April 1901 in die distrik Vrede vergader en is besluit om die oorlog voort te sit.

Steyn se vrees dat die Transvalers hulle in die steek gaan laat, is bewaarheid toe Botha, sonder om die Vrystaat te raadpleeg, onderhandelings met Kitchener op Middelburg aangeknoop het. Weer eens het Steyn daarop gewys dat dit "volksmoord" sou wees. Ook Smuts se aanbeveling nl. "Het was beter de oorlog nu te doen ophouden en om over vijftien of twintig jaar de stryd opnieuw te vervatten" is deur Steyn geopponeer.[125)]

Op Waterval in die distrik Standerton waar die Vrystaatse en Transvaalse leiers bymekaar gekom het, was dit weer eens die Vrystaatse leiers, w o. Steyn, wat die deurslag gegee het tot voortsetting van die oorlog.

Tydens die samesprekings tussen die twee republikeinse regerings te Klerksdorp was Steyn steeds teen oorgawe gekant en hy is derhalwe deur 'n paar Transvaalse leiers van koppigheid beskuldig. Steyn was van mening dat die Britte oorlogsmoeg was, dat die tyd aan die Boere se kant was en dat daar nie meer gevaar was dat die Afrikanernasie uitgedelg sou word nie.[126)]

---

124) Ibid., p. 64.
125) Ibid., p. 75.
126) Ibid., p. 85-91.

/Steyn wat lid.........

Steyn wat lid van die kommissie was wat die vredesvoorstelle aan Kitchener gaan voorlê het, het in Pretoria alles in sy vermoë gedoen om die onderhandelings te laat skipbreuk ly.

Te Vereeniging wou Steyn, wat alreeds ernstig siek was, nie Kitchener se voorwaardes aanvaar nie, maar die Transvalers was vasbeslote om vrede te sluit. Die President wat 'n geweldige sielestryd in dié dae deurgemaak het se reaksie op die vredestyding was: "Had ik geen vrouw en kinderen, de dood zou welkom zij geweest".[127] Die gedagte wat hom die meeste gekwel het, was dat daar nie amnestie vir die rebelle verkry is nie. Nogtans kon hy die voldoening smaak dat hy, getrou aan sy belofte, tot die einde aan die onafhanklikheid vasgehou het.

Ook hierdie hoofstuk is net soos die vorige getuienis uit die mond van Steyn as historiese bronnemateriaal onvervangbaar en die bydrae daarvan tot ons oorlogsliteratuur is van die grootste waarde.

Van der Merwe het met die woordelikse plasing van Steyn se herinneringe nie aan die "gebou" gewerk nie, maar slegs die "boustof" gelewer wat miskien in sy oorspronklike vorm van meer waarde vir die navorser is as die verwerking daarvan deur die biograaf.

---

127) Ibid., p. 97-103.

/ 12. Lenie Boshoff..............

## 12. LENIE BOSHOFF, MOEDERSMART EN KINDERLEED.

Lenie Boshoff is in 1879[128] op die dorpie Hartebeesfontein naby Klerksdorp gebore.[129] In 1921 was sy in Heidelberg (Transvaal) woonagtig.[130]

In hierdie tafereel word die sluier weer eens gelig oor die vernedering en lyding, maar ook oor die moed en standvastigheid van die Boerevrou tydens die Tweede Vryheidsoorlog en word geopenbaar hoe die Afrikanervrou deur die smeltkroes moes gaan en die toets van haar nasiebestaan moes aflê. Die verhaal begin op 18 Februarie 1901 toe Boshoff se tuisdorp, Hartebeesfontein, deur die Engelse geplunder en verbrand word. Op 6 Mei 1901 word hulle op vyftien minute kennisgewing na die konsentrasiekamp op Klerksdorp weggevoer.

Vervolgens word 'n beeld gegee van die kamplewe met sy gebrek aan die nodige fasiliteite wat noodwendig die grootste ongerief meegebring het. Roerend is die siekte- en sterftetonele en daar het nie 'n dag of nag verloop waarop daar nie geween is nie. Soms is daar meer as twintig lyke per dag na die kerkhof gedra totdat die dodetol volgens Boshoff uiteindelik op 2,886 te staan gekom het.[131]

Boshoff verwerp met minagting die idee dat hul "refugees" was en glo dat die kampbewoners niks anders as krygsgevangenes was nie en dikwels as sulks behandel is. Sy skryf hul meeste swaarkry in die kampe aan die hensoppers toe. Sy wys daarop dat voedselgebrek, siekte en dood nie die enigste faktore was wat tot hul leed bygedra het nie, maar ook die vernederende wyse waarop hulle deur die outoriteite behandel is veral as hulle familie nog op kommando was.[132]

---

128) Lenie Boshoff, Moedersmart en kinderleed. Pretoria, Noordelike Drukpers, 1921, p. 5.
129) Ibid., p. 6.
130) Ibid., p. 9.
131) Ibid., p. 21. Die sterfsyfer in die betrokke kamp was veel laer. Britse Blouboeke stel die sterftesyfer tussen April 1901 en April 1902 op 1096 persone wat waarskynlik weer te laag is. Kyk Otto, op. cit., p. 172.
132) Ibid., p. 62.

/ In oop beestrokke.........

In oop beestrokke is 'n aantal van hulle na Howick vervoer waar toestande heelwat beter was, hoewel hulle ook daar heelwat ongerief moes verduur.

Deel II van die werk bestaan uit 'n vyftal kort fragmente waarin persoonlike insidente uit die oorlog in romanvorm aangebied word.

Boshoff verklaar dat sy haar ondervindinge gedurende die oorlog nooit sal vergeet nie en intensiewe beskrywings van talle insidente lewer bewys dat die gebeure haar nog helder voor die gees gestaan het ondanks 'n tydsverloop van bykans twintig jaar na die afspeel van die gebeure.

Die werk vorm 'n waardevolle stuk getuienis wat bydra tot 'n vollediger beeld oor die vrouekampe gedurende die oorlog.

13. D. Reitz, Commando.

Deneys Reitz is op 2 April 1882 in Bloemfontein gebore as seun van die latere Vrystaatse President en Transvaalse Staatsekretaris, F.W. Reitz. Hy onderbreek sy skoolopleiding op die vooraand van die oorlog en sluit by die Transvaalse kommando's aan. Na die oorlog wyk hy na Madagaskar uit waar hy tot 1905 gebly en toe na Suid-Afrika teruggekeer het. Daarna het hy hom as prokureur bekwaam en hom op Heilbron gevestig.

Gedurende die Eerste Wêreldoorlog veg hy in Duits-Suidwes-Afrika en in Duits-Oos-Afrika en daarna aan die Europese wesfront waar hy tot die rang van kolonel bevorder is.

As lid van die Suid-Afrikaanse Party word hy Volksraadslid vir Bloemfontein-Suid in 1920 en kort daarna lid vir Port Elizabeth.[133] In 1923 word hy minister van Lande in die Smutskabinet,[134] maar verloor sy portfeulje toe Smuts in 1924 in die Algemene verkiesing deur generaal Hertzog verslaan is. Vanaf 1929 tot 1942 verteenwoordig hy Baberton in die Volksraad.[135]

133) De Kock, op. cit., p. 700.
134) Aucamp, op. cit., p. 223.
135) The Cape Times, 20.10.1944.

/ In 1933.......

In 1933 word hy minister van Lande in die koalisie-kabinet van Hertzog. In 1935 word hy minister van Mynwese. Van 1939 tot 1943 was hy minister van Naturellesake en adjunk-premier in Smuts se oorlogskabinet. Vanaf 1943 tot sy dood op 19.10.1944 was hy Suid-Afrikaanse hoëkommissaris in Londen.[136)]

Ander werke wat van hom verskyn het, is Trekking On (1933) en No Outspan (1943).

In ongekunstelde taal en styl, maar op boeiende wyse, afgewissel met humoristiese sketse gee Reitz sy persoonlike relaas van die groot verskeidenheid opwindende avonture wat hy gedurende die worstelstryd beleef het. Sy ervaringe waarvan generaal Smuts die waarheidsgetrouheid in die voorwoord bevestig, neem 'n aanvang toe hy en sy broer, Joubert, as lede van die Pretoria-kommando na die oosfront vertrek. Wat die Natalse veldtog betref, gee hy verslag van die slag van Nicholsonsnek (hoofstuk 5) die beleg van Ladysmith (hoofstuk 6) die slae van Spioenkop (hoofstuk 10) en Pietershoogte en die wanordelike terugtog na die Biggarsberge.

Op 30 April 1900 vertrek Reitz na die Vrystaat waar hy by die slag aan die Vetrivier betrokke was en ooggetuie word van die terugtog deur die Noord-Vrystaat. Voorts word die geveg aan die Kliprivier net buite Johannesburg en die vlug tot in Pretoria kortliks beskryf. Vervolgens word kort verslae gegee van die slae te Dalmanutha en Nooitgedacht.

Reitz trek saam met Beyers na die oostelike Hoëveld en hy maak kennis met die verwoesting van die land. Dit het volgens hom die Boere meer vasberade gemaak het om aan te hou veg. Toe Beyers na Noord-Transvaal vertrek, besluit Reitz en sy makkers om by generaal De la Rey aan te sluit.

---

136) De Kock, op. cit., p. 700.

/In Wes-Transvaal ...........

In Wes-Transvaal besluit hy om in die Kaapkolonie te gaan veg en hy verhaal in hoofstukke 18 en 19 sy en sy kamerade se avontuurlike tog gedurende die winter van 1901 deur die westelike Vrystaat tot by Zastron waar hul Smuts met 'n kommando van 300 man aantref op pad na die Kaapkolonie en daarby aansluit.

Deur aanhoudende reën, modder, bittere koue, met karige beskutting en 'n minimum ammunisie en aanhoudend agtervolg deur Britse kolonnes word die tog deur Oos-Kaapland voortgesit totdat die kommando naderhand totaal ongeskik is vir oorlogsdoeleindes. In wanhoop word 'n Engelse kamp op 17 September 1901 in die omgewing van Sterkstroom bestorm en verower en die kommando kon weer alles bekom wat hulle nodig gehad het.[137)]

Daarna word al vegtende en vlugtende voortgetrek tot vyftig myl van Port Elizabeth. Reitz en 'n groot aantal van die burgers was op daardie stadium in Britse uniforms geklee en hy verdedig die gebruik daarvan deur die Boere omdat baie nie geweet het van lord Kitchener se proklamasie in dié verband nie. 'n Paar van die kommandolede is dan ook om dié rede deur die vyand doodgeskiet.

Ten einde makliker voorrade in die hande te kry en die vyand makliker te ontkom, verdeel Smuts sy kommando in die distrik van Somerset-Oos. Die twee kommando's waarvan die een onder bevel van kommandant J.L. van Deventer sou staan, sou onafhanklik van mekaar na Noordwes-Kaapland trek waar hulle sou opereer. Tydens 'n vlugtog in die distrik van Aberdeen dwaal Reitz en sewe burgers van die res van die kommando af, maar volg die kommando deur die Swartberge. Op hierdie tog beleef hy en sy kamerade benoude avonture, maar danksy gereelde hulp van bevriende boere slaag hul daarin om uit die vyand se hande te bly.

---

137) Ibid., hoofstuk 21.

/ Vervolgens gee ............

Vervolgens gee Reitz 'n oorsig van sy aandeel aan die militêre bedrywighede in Noordwes-Kaapland. Hy gee 'n kort verslag van die verowering van 'n groot konvooi deur kommandant Van Deventer in die distrik Calvinia waaraan hy gedeeltelik deelgeneem het.[138] Ten slotte word beskrywings gegee van die verowering van Springbok en van twee forte rondom O'Kiep.[139]

In hoofstuk 26 skets Reitz sy tog as ordannans van generaal Smuts na Transvaal waar die vredesonderhandelings plaasgevind het. By Balmoral lê hy en sy vader die wapen neer. Hulle weier om Britse onderdaanskap te aanvaar en hy wyk uit na Madagaskar en sy vader na Amerika.

Reitz het op sewentienjarige leeftyd tot die oorlog toegetree, juis op 'n ouderdom toe die oorlog 'n geweldige indruk op sy jong ontvanklike gemoed gemaak het, met die gevolg dat hy 'n massa indrukke in fyn besonderhede kon weergee. Daarby het hy sonder twyfel oor 'n skerp waarnemingsvermoë beskik en hy kon dít wat hy waargeneem het op 'n bekwame wyse en in 'n boeiende verteltrant weergee. Die waarde van die getuienis word verder verhoog deurdat hy die gebeure kort na die oorlog op skrif gestel het, toe alles nog vars in sy geheue was. Hoewel hy baie min datums en ander statistiek vermeld, is die gedétailleerde beskrywings van talle episodes 'n bewys van 'n helder geheue soos blyk uit sy beskrywing van die geveg op 17 September 1901 in die omgewing van Storkstroom:

> "As we were going through the fringe of thorn trees on the other side, we rode straight into fifteen or twenty troopers cantering towards us. Most of our men were still among the trees, but four or five of us were in advance, and when we leaped to the ground the soldiers were not more than ten yards away.

---

138) Ibid., p. 282-286.
139) Ibid., p. 299-313.

/ Opening fire we .........

> Opening fire we brought down several, and the rest turned and galloped back along the road. I fired my two last cartridges here, and my first thought was to run to a dead soldier and seize his rifle and bandolier, abandoning mine rusty weapon, then I rushed for my mare and joined in the chase.
> "The troop-horses were in much better condition than ours, but the soldiers were delayed by a gate, so we got close again, dropping two or three more from the saddle. At the gate Van Deventer himself and half a dozen men turned aside to a kopje for observation, but the rest of us, about twelve in number, followed the retiring patrol to a low stony ridge further down the road". 140)

Reitz was sonder twyfel 'n dapper vegter, maar hy maak hom nêrens aan oordrywings skuldig nie. Nêrens verraai die werk tekens van bitterheid nie en omdat hy sy teenstanders as soldate en nie as politici gesien het nie is hy nie met haat teenoor hulle vervul nie.[141)]

Reitz wat dwarsdeur die oorlog as gewone burger geveg het, bepaal hom in sy vertelling hoofsaaklik by sy eie ondervindinge. Nogtans is sy getuienis i.v.m. die militêre bedrywighede aan die Natalse front, maar veral in Noordwes-Kaapland van groot waarde. Sy verslag van die tog na Suidwes-Kaapland is 'n waardevolle toevoeging tot die verslag van generaal Smuts hieroor.[142)]

Die grootste waarde van die werk lê egter in die uitbeelding van die menslike sy van die oorlog.[143)]

---

140) Ibid., p. 226.
141) Vgl. D.J.T. <u>Commando</u> (boekbespreking). <u>Die Burger</u>, 30.12.1932.
142) Vir die verslag van Smuts kyk Preller, <u>Scheepers se dagboek en die stryd in Kaapland (1 Okt.1901 - 18 Jan. 1902)</u>, p. 200-208.
143) "The Boer War was other than most wars. It was a vast tragedy in the life of a people, whose human interest far surpassed its military value". Ibid., voorwoord deur J.C. Smuts.

/'n Blik word gegee..........

'n Blik word gegee in die siel van die Boer in tye van voor- en teenspoed en ons leer hom ken onder toestande van uiterstes gedurende die guerillafase van die oorlog toe geweldige eise aan hom gestel en sy uithouvermoë tot die uiterste beproef is. Hierdie verhaal van onversaagde moed en taaie volharding tref deur sy ongekunstelde eenvoud, kalme intensiteit en realisme [144] en moet as 'n waardevolle bydrae tot die lektuur oor die oorlog beskou word.

Reitz meld dat hy sy herinneringe direk na die oorlog in Madagaskar opgeteken en in 1903 voltooi het. Oorspronklik is die grootste gedeelte van die herinneringe in Nederlands en die res in Engels opgestel. Om een of ander onbekende rede het hy sy ervaringe eers in 1929 in Engels laat publiseer nadat hy die Nederlandse gedeelte in Engels vertaal het.[145]

Dit is nie bekend of hy met die oog op publikasie die oorspronklike memorandum verwerk het nie. In 1932 het 'n swak vertaling van die werk deur Reitz, in medewerking met S. du Plessis, in Afrikaans verskyn.

---

144) Ibid.
145) D. Reitz, Kommando. Bloemfontein, White, 1932, titelbladsy.

/ 14. J.M.Jooste...........

14. **J.M. JOOSTE,[146] AVONTURE VAN 'N KRYGSGEVANGENE EN ANDER VERHAALTJIES.**

Jooste het op versoek van sy seun besluit om slegs sy avonture as krygsgevangene te boek te stel en nie sy rol in die oorlog nie aangesien dit:"....... weer ou wonde van bloed en laag verraad....." sal open.[147]

Alhoewel Jooste nog onder die kommandeer-ouderdom was toe die oorlog uitbreek, loop hy van die huis af weg en sluit by die Thaba Nchu-kommando aan. Hy word tydens die slag van Sannaspos gevang en na die Dyatalawa-kamp op Ceylon gestuur. Na 'n driemaande verblyf aldaar ontsnap hy met behulp van 'n Indiër wat hom egter weer verraai met die gevolg dat hy weer aangekeer word.

Tydens die verwarring wat ontstaan a.g.v. 'n treinbotsing naby die kamp ontsnap hy weer eens. Op sy vlugtog vel die malaria hom neer en hy word na 'n sendingstasie geneem waar hy hom voordoen as 'n kapelaan van die Skotse Hooglanders.

Na sy herstel vlug hy in die rigting van Colombo. Hy word een aand deur 'n medikus en natuurnavorser, dr. Fits Gerald, betrap wat hom in sy huis versteek. Met behulp van die dokter word hy aan boord van 'n skip gesmokkel. Te Swakopmund stap hy aan wal en hy slaag daarin om met die hulp van 'n spekulant en deur goeie toneelspel Piketberg te bereik waar hy by 'n Engelse spioenkorps aansluit.[148]

Tydens 'n verkenningstog stap hy oor na die Boere, maar hulle glo nie sy storie nie en hy word as spioen tot die dood veroordeel.

---

146) Van hierdie persoon kon geen besonderhede verkry word nie.

147) J.M.Jooste, Avonture van 'n krygsgevangene en ander verhaaltjies. Pietermaritzburg, Natalse Pers, 1930, p. 3.

148) Ibid., p. 42.

/ Net voor sy ................

Net voor sy fussilering daag iemand op wat hom herken en 'n koerantberig toon waarin sy ontsnapping vermeld word. Hy word vrygespreek en as luitenant aangestel.

Die res van die werkie word in beslag geneem deur 'n drietal verhaaltjies wat niks met die oorlog te doen het nie.

Jouste het daarin geslaag om dít reg te kry waarin vele gedurende die oorlog gefaal het nl. om uit 'n krygsgevangenekamp te ontsnap en weer by die Boeremagte aan te sluit.

Die waarde van die onderhoudende vertelling moet dan ook gesoek word in die ontsnappings-avontuur en die daarmee gepaardgaande gevare wat hy bereid was om te trotseer ter wille van 'n ideaal.

15. C. H. MULLER, OORLOGSHERINNERINGE VAN GENERAAL CHRISTIAAN H. MULLER.

Christiaan Hendrik Muller is op 4 Januarie 1865 in die distrik Somerset-Oos gebore. In 1874 het hy saam met sy ouers na die Vrystaat verhuis. In 1886 het hy hom op Elsburg in Transvaal gevestig. Tydens die Jameson-inval dien hy in die Heidelbergse kommando en in 1898 neem hy aan die Mpêfu-oorlog in Noord-Transvaal deel.[149)]

In 1907 is hy aangestel as direkteur van die Transvaalse Landbank en later word hy lid van die Transvaalse Landraad.

Vanaf 1910 tot 1914 was hy direkteur van die Unie Landbank en voorsitter van die Transvaalse Landraad. Vir sy deelname aan die Rebellie van 1914 is hy tot twee jaar tronkstraf gevonnis.

---

149) Nienaber, Hier is ons skrywers, p. 255.

/Vanaf 1920 tot..............

Vanaf 1920 tot 1926 was hy volksraadslid van die Nasionale Party vir die kiesafdeling Pretoria-Suid. Later is hy weer as direkteur van die Unie-Landbank aangestel - 'n pos wat hy tot 1941 beklee het. Hy is op 14 Januarie 1945 oorlede.[150]

Op tipiese praattoon en sonder 'n poging tot mooidoenery of selfverheffing vertel Muller op eenvoudige en sobere wyse[151] sy ervaringe vanaf die Jameson-inval tot die Rebellie van 1914. Sy aandeel aan die Jameson-inval, Mpêfu-veldtog en die Rebellie word egter slegs kortliks beskryf.

Wat betref sy aandeel aan die Tweede Vryheidsoorlog, word sy deelname aan die slae van Dundee[152] Modderspruit, Colenso,[153] Spioenkop en Pietershoogte baie kortliks beskryf.

Ewe oorsigtelik word sy rol tydens die terugtog van die Boere na Pretoria en vandaar langs die oosterlyn geskets. Die waardevolste deel van sy herinneringe is sy verslag oor sy deelname aan die guerillastryd in Oos-Transvaal. Ongelukkig word die krygsverrigtinge waarby hy daar betrokke was weer eens slegs kortliks vermeld terwyl na verskeie kleiner gevegte slegs verwys word.

Die vernaamste slae waarby Muller tydens die guerillakryg op die oostelike **Hoëveld** betrokke was, was die slag by Renosterkop, sy en Ben Viljoen se oorwinning by Helvetia, die nagtelike aanval op die vyandelike forte by Belfast en sy oorwinning by Vaalkop (Wilmansrust) op 12 Junie 1901[154] wat 'n bewys van sy ondernemingsgees was.

---

150) Ibid., p. 256.
151) Vgl. E.C. Pienaar, Oorlogs herinneringe van generaal Christiaan H. Muller (boekbespreking). Die Huisgenoot, 29.5.1936.
152) C.H. Muller, Oorlogsherinneringe van generaal Christiaan H. Muller, Kaapstad, Nasionale Pers, 1936, p. 28-30.
153) Ibid., p. 39-40.
154) Ibid., p. 127-131.

/Ten slotte................

Ten slotte word die sluier oor die wel en wee van die kommandolewe gelig en die leser neem ook kennis van die munting van goue ponde in die veld om betalings te doen. In Mei 1902 is hy deur sy verskillende kommando's afgevaardig om die vredesamesprekings te Vereeniging by te woon.

Deur bekwaamheid en dapperheid het Muller van veldkornet in Mei 1900 gevorder tot assistent-veggeneraal in Desember 1900 en tot assistent-kommandant-generaal in Februarie 1902 in die plek van Ben Viljoen wat gevang is. Gevolglik dra sy getuienis besondere gesaghebbende waarde.

Ten spyte van die lang tydsverloop sedert die oorlog toon die inhoud van die werk dat Muller oor 'n goeie geheue beskik het. Ook vermeld hy 'n hele aantal name van o.a. gesneuwelde burgers, datums en ander statistiek waarvan hy waarskynlik aantekening gehou het. Die getuienis wen verder aan waarde as in aanmerking geneem word dat Muller 'n beskeie en waarheidsliewende mens was wat nie selfbewieroking nagejaag het nie.

As gevolg van die oorsigtelike aard van die vertelling is die inhoud vanuit 'n militêre oogpunt minder waardevol en die klem val eerder op die persoonlike rol wat Muller gespeel het. Nog 'n leemte in die werk is dat Muller, in ag nemende die belangrike posisie wat hy beklee het, nie meer van sy eie menings oor sake en mense gegee het nie.[155) ]
Uit Muller se getuienis blyk dit dat generaal Ben Viljoen oorlogsmoeg begin word het. Toe hulle planne van die vyand in die hande kry waarin die totale uitwissing van die Boeremagte op die oostelike Hoëveld beoog word, was Viljoen se woorde aan Muller:

155) J.A.Wiid, Oorlogsherinneringe van generaal Christiaan H. Muller (Boekbespreking). Die Burger, 17.8.1936.

/ "Ek gaan die ...............

"Ek gaan die oorlog hier klaarmaak,
ek gaan al my ammunisie wegskiet
en wapens neerlê net soos generaal
Piet Cronjé" 156)

Hy verwys ook na die vreedsame en aangename bestaan van Viljoen se kommando's op Pelgrimsrust. Na Viljoen se gevangeneming het hy hulle beveel om nader aan die vyand te trek en te veg waar dit moontlik is.[157)]

Ten spyte van die werk se tekortkominge vorm Muller se getuienis 'n waardevolle aanvulling tot veral die werk van generaal B. Viljoen, <u>Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-oorlog</u>, oor die guerillastryd op die oostelike Hoëveld.

---

156) Muller, op. cit., p. 117.
157) Ibid., p. 165. Prof. A.N. Pelzer verdedig Viljoen se onaktiwiteit op grond daarvan dat dit 'n algemene verskynsel op daardie stadium van die oorlog was. Kyk A.N. Pelzer, Generaals Louis Botha, Ben Viljoen en Christiaan Muller en die stryd in die ooste. Breytenbach, <u>Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog</u>, p. 163-164.

/ 16. O.J. Snyman........

14. O.J. Snyman, (Sarah Raal),[158] Met die Boere in die veld.

Dit was op versoek van vriende en familie, maar ook a.g.v. 'n pligsbesef teenoor volk en vaderland[159] dat Raal besluit het om haar herinneringe te boek te stel.

Met haar vier broers en sustertjie in die konsentrasiekamp, bly sy alleen op die plaas in die Edenburgse distrik agter, maar sy weier opsluit om na 'n konsentrasiekamp geneem te word. Daar lewe sy met die hulp van twee getroue bediendes vir sewe maande in die grootste angs vir Brit en Bantoe.

Toe sy kennis kry dat sy kamp toe geneem gaan word, vlug sy, maar word gevang en na die konsentrasiekamp op Springfontein geneem vanwaar sy egter ontsnap en by die kommando van kmdt. Nieuwoudt waar twee van haar broers hul bevind, aansluit.[160]

Sy maak 'n avontuurlike lewe deur van veg, vlug en ontberings, maar ook van pret saam met die kommando en sy lewer haar bydrae deur self verkenningswerk te doen, te veg en gewondes te verpleeg.[161]

Hierdie unieke prestasie deel sy met soveel beskeidenheid mee asof dit vir haar niks buitengewoons is nie, hoewel sy nie nalaat om haar groot angs tydens veg en vlug te beskryf nie. Deur dit alles bly sy tipies vrou en sy huil saam met die tommie toe sy kameraad doodgeskiet word.

Weer eens word sy gevang, dié keer egter onder die wapen, en sy word as gevangene in die reën na Edenburg aangejaag en in die proses deeglik verneder. Deur dit alles bly sy die vurige patriot wat weier om haar nederlaag te erken en almal wat moeilikheid soek, loop onder haar tong deur.

---

158) Van hierdie persoon kon geen besonderhede verkry word nie.
159) O.J. Snyman, Met die Boere in die veld (Vierde druk). Kaapstad, Nasionale Pers, 1945, voorwoord.
160) Ibid., p. 37.
161) Ibid., hoofstukke 3 en 4.

/ Daarvandaan word.......

Daarvandaan word sy eers na Bloemfontein en daarna na Kroonstad gestuur waar sy naby die vrouekamp in die "bird cage"[162] geplaas word. Daar word sy aan soveel ellende blootgestel dat haar gestel dit nie kan verduur nie en sy uiteindelik amper sterwende na die hospitaal vervoer word. Maar nog knak haar trots nie en sy vra geen genade nie. Na haar herstel word sy na die vrouekamp op Kroonstad gestuur waar sy die namelose ellende van die kamplewe leer ken en 'n kort verslag daarvan gee.

Na 'n sesmaande verblyf in laasgenoemde kamp word sy na haar ouers op Uitenhage gestuur waar 'n blye weerontmoeting plaasvind. Met trots kon sy die meer as R1,000 wat sy dwarsdeur die oorlog met haar saam gedra en haar soveel bekommernis besorg het aan haar vader oorhandig.

Roerend word die reaksie onder die kampbewoners op die ontvangs van die vredestyding beskryf en die familie keer na die verwoeste plaas terug om 'n nuwe begin te maak.

Raal deel haar unieke ervaringe[163] op 'n onderhoudende en ongekunstelde wyse mee en sy skets 'n beeld van ongelooflike durf en volharding en die daarmee gepaardgaande lyding van 'n vrou wat geweier het om na 'n konsentrasiekamp gestuur te word. Nêrens word oordrywings in die verhaal aangetref nie en nooit probeer Raal haar doelbewus as heldin van die verhaal voordoen nie. Dit is 'n verhaal vol avontuur, romantiek, humor en tragiek en haar getuienis vorm deel van die boustof van 'n grootse monument wat die Boerevrou tydens die oorlog vir haarself opgerig het.

---

162) 'n Draadkamp een honderd treë in omtrek.
163) Sy het 'n dagboek aangehou wat ongelukkig deur die Engelse buitgemaak is. Ibid., p. 106.

/17. P.J. Du Plessis.......

## 17. P.J. DU PLESSIS, OOMBLIKKE VAN SPANNING.

Philippus Jacobus du Plessis is op 16.8.1883 te Nu-Bethesta in die Oostelike Provinsie gebore. Hy ontvang sy opleiding te Richmond en Stellenbosch en gee daarna onderwys aan die Dale-Kollege te Kingwilliamstown. In 1913 is hy as predikant gelegitimeer en hy het o.a. op Benoni, Sterkstroom, Queenstown, De Aar en Pinelands in die bediening gestaan. In 1951 het hy sy emeritaat aanvaar en op 1.7.1961 is hy oorlede.[164)]

In hierdie werk deel Du Plessis, wat as agtienjarige rebel in Januarie 1901 by kommandant W. Fouché aangesluit het, op eenvoudige, maar pakkende wyse sy ervaringe tydens die oorlog in Oos-Kaapland mee.

> "Dat hierdie beskrywinge maar grepe is uit die menigvuldige lotgevalle van die Fouché-kommando sal wel begryp word, en dat alle insidente nie altyd kronologies en geografies juis sal wees nie, sal ook verstaan word, veral wanneer in gedagte gehou word dat na ses en dertig jaar die grootste gedeelte uit die geheue opgediep word" 165)

Du Plessis meld voorts dat wat bepaalde datums, persone en plekke aanbetref dit die waarheid is - 'n stelling wat soveel meer gewig dra as in aanmerking geneem word dat hy as predikant hoogswaarskynlik die waarheid sou nagestreef het. J.A. Smith wat 'n deel van die avonture met Du Plessis meegemaak het, kon sy feite kontroleer en het heelwat bystand verleen waar sy geheue hom in die steek gelaat het.[166)]

Die feit dat Du Plessis so 'n massa fyn besonderhede na so 'n lang tydsverloop kon opdiep en rangskik, dui op 'n skerp waarnemingsvermoë en 'n uitstekende geheue.

Die rede waarom hy die uiters gewaagde stap gedoen het om te rebelleer, kan ook van toepassing gemaak word op baie ander rebelle. "Nee, ek wil nie rebelleer nie. Dit kan ek eerlik getuig, maar bloed is dikker dan water,.....

---

164) N.G.Kerk-jaarboek, 1962, p. 554.
165) Ph.J.Du Plessis, Oomblikke van spanning. Kaapstad, Nasionale Pers, 1938, inleiding (ongenommer).
166) Ibid.

/ en die gedagte

en die gedagte aan my vlees en bloed in so 'n ongelyke stryd teen sulke oormagte, en die vroue en kinders in die sogenaamde weldadigheidskampe, met wonings en plase verbrand, het my met 'n onweerstaanbare drang vervul om my lot met die twee Republieke in te werp...." 167)

Du Plessis doen sy eerste ondervinding as guerillavegter op toe Fouché se kommando al vegtende en vlugtende oor die moeilik-oorkombare Kamnassie-berge tot nie vêr van Mosselbaai af nie trek. Daarna word 'n roete weer oor die Kamnassie- en Swartberge tot in die Oostelike Provinsie gevolg waar die kommando tot die einde van die oorlog bedrywig was.

Daar het min dae omgegaan dat Fouché nie aanvallend of verdedigend geveg het nie en daarom bestaan die verhaal uit 'n aaneenskakeling van spannende oomblikke waaraan die boek sy naam ontleen het. Die leser neem met verbasing kennis hoedat hierdie groepie dapperes[168] onder die baie bekwame leiding van Fouché gedurig in die noute verkeer vanweë die vyandelike oormag, maar tog telkens daarin slaag om te ontkom en die vyand terselfdertyd telkens gevoelige verliese toe te dien. Behalwe die talle skermutselings, het daar ook gevegte van groter omvang plaasgevind soos die oorrompeling van 'n vyandelike mag op die plaas "The Willows" in die Middelburgse distrik.[169] Roekelose waaghalsigheid was aan die orde van die dag soos die perdebuitery in Aberdeen op 19.5.1902 waartydens kmdt. C. van Heerden gesneuwel het.[170]

Verskeie male gee Du Plessis die leser 'n blik in die hart van die Koloniale Afrikaner in sy verhouding tot die republieke.

---

167) Ibid., p. 9.
168) In die winter van 1901 was die kommando ongeveer 200 man sterk.
169) Ibid., p. 143-151.
170) Ibid., p. 156-164.

/ Wanneer kennis...........

Wanneer kennis geneem word van al die swaarkry, ellende en ontbering van die rebelle op hul swerf- en vlugtogte, hul ongelyke stryd teen 'n oormagtige vyand en die gevaar om gevang te word, dan kom die vraag op hoe hulle te midde van alles kon volhard. Du Plessis wys daarop dat hulle vir dieselfde ideaal geveg het as die Republikeinse burgers omdat hulle nie hulle gewete t.o.v. hul bloedbroers kon verkrag nie. Hy laat ook nie na om op die belangrike aandeel te wys wat die Kolonialers in die oorlog gespeel het nie. "As dit nie vir die Kolonialers was wat saamgestry het nie, sou die oorlog vroeër beëindig gewees het." 171)

Behalwe inligting oor krygsoperasies word 'n goeie insae in die daaglikse intieme kommandolewe met sy lief en leed gegee.[172] Die veg- en vluginsidente word gereeld afgewissel met 'n ryke skat van oorlogsanekdotes, waarin o.a. kennis gemaak word met die komiese sy van die oorlog. Bitterheid teenoor die vyand word feitlik nêrens in die werk aangetref nie.

Hoewel die werk geen aanspraak maak op volledigheid t.o.v. Fouché se krygsoperasies nie moet hierdie grepe as besonder waardevolle getuienis oor die oorlog beskou word. Dit handel oor 'n faset van die oorlog waaroor daar min getuienis bestaan en dit dien ook as gedeeltelike aanvulling en kontrole van die getuienis van generaal W. Malan soos op skrif gestel in sy werk <u>Oorlogsavonture van generaal Wynand Malan</u>.

Du Plessis kon daarin slaag om Fouché se talle bewegings redelik noukeurig te rekonstrueer en die roetes is op 'n kaart agter in die werk aangebring. Die werk word afgesluit met 'n besonder waardevolle naamlys van die 207 Kolonialers wat onder Fouché en Malan die wapens op Cradock neergelê het.

---

171) Ibid., p. 178.
172) Vgl. Schoonees, op. cit., p. 576.

/ S.G. Maritz............

18. S.G. MARITZ, MY LEWE EN STREWE.

Salomon Gerhardus Maritz is op 26.7.1876 in Kimberley gebore.[173] Hy het min skoolopleiding ontvang en op negentienjarige ouderdom verhuis hy na Johannesburg. As gevolg van vrywillige diens tydens die Jameson-inval verwerf hy Transvaalse burgerskap. Na die Jameson-inval sluit hy by die Transvaalse polisiediens aan. Omdat hy nie Britse onderdaanskap wou aanvaar nie, vertrek hy na die Tweede Vryheidsoorlog na Europa. Daarna vertoef hy ses maande in Madagaskar en keer daarna weer na Europa terug.

In 1904 keer hy na Suid-Afrika terug en word hooforganiseerder van vervoer vir die Duitse regering gedurende die Herero-opstand in Suidwes-Afrika. In 1907 vestig hy hom in die distrik Ventersburg. In 1912 word hy aangestel as kommandant in die Suid-Afrikaanse polisie, maar hy aanvaar nog in dieselfde jaar 'n majoorskap in die Unie-verdedigingsmag.

Op 9 Oktober 1914 rebelleer luit.kol. Maritz met byna 1,000 man van die verdedigingsmag in die distrik Calvinia. Na verskeie gevegte saam met generaal Kemp moes die rebelle-kommando's oorgee. Maritz het na Angola uitgewyk waar hy ses maande gevange gehou is. In 1916 is hy na Portugal gestuur en hy het tot 1920 daar en in Spanje gewoon. Daarna het hy hom in Berlyn gevestig.

In 1923 keer hy na Suid-Afrika terug en hy word tot drie jaar gevangenisstraf gevonnis, maar na drie maande is hy vrygelaat. Na 1927 is hy aangestel as welsynsbeampte vir die hulpbehoewendes in Namakwaland. Later boer hy in Suidwes-Afrika. Sy werk, My Lewe en Strewe, waarin hy die Jode aanval, het tot gevolg gehad dat hy deur 'n Windhoekse hof skuldig bevind is aan die verspreiding van rassehaat.

Na die aanvang van die Tweede Wêreldoorlog

---

173) De Kock. op. cit., p. 535.

/ stig..............

stig Maritz, wat toe in Transvaal woonagtig was, organisasies om die Smutsregering te beveg.[174] Op 19.12.1940 is hy oorlede a.g.v. beserings wat hy in 'n motorongeluk opgedoen het.[175]

Hy was 'n dapper en genadelose vegter in die stryd. Hy het sterk persoonlike aantrekkingskrag gehad, maar sy eiewaan, opvlieënde humeur en patologiese rassevooroordeel het hom baie vyande besorg.[176]

Die werk bestaan uit drie dele nl. 'n kort oorsig van Maritz se aandeel aan die Tweede Vryheidsoorlog wat een en vyftig bladsye beslaan, sy lotgevalle na die oorlog, w.o. sy aandeel aan die Rebellie van 1914, en sy anti-semitiese beskouinge. Laasgenoemde twee gedeeltes is toegelig met 'n groot aantal bylaes wat byna die helfte van die werk beslaan. In die inleiding van die werk maak Maritz daarvan gewag dat die werk nie bedoel is om 'n oorlogsverhaal, geskiedenisboek of lewensbeskrywing te wees nie, maar dit is sy bedoeling om slegs 'n kort oorsig van sy loopbaan te gee ter illustrasie van sy lewensbeskouing t.o.v. die Jode ".... die werklike vyand van ons volk".

In eenvoudige ongekunstelde verteltrant deel hy ten aanvang sy ervaringe aan die oosfront mee en alreeds in die slag van Moddersspruit word kennis gemaak met sy roekelose onverskrokkenheid. Hy neem aan die slag van Colenso en die beleëring van Ladysmith deel en doen daarna diens aan die Colesbergse front. Hy beleef al die avonture saam met Theron se verkennerskorps,[177] en na die dood van laasgenoemde veg hy onder kommandant Wynand Malan in die Kaapkolonie.[178]

Hy kies Noordwes-Kaapland as sy oorlogsterrein en sy krygsoperasies daar getuig van sy bekwaamheid en dapperheid. Tydens sy inval in die Boland dring hy sover suid as Darling en Mooreesburg deur en hy verower beide dorpe.

---

174) Ibid., p. 537.
175) Ibid., p. 538.
176) Ibid., p. 538.
177) S.G.Maritz, _My lewe en strewe_. Pretoria, S.G.Maritz, 1938, p. 18-24.
178) Ibid., p. 25-29.

/ Vervolgens..........

Vervolgens word 'n volledige beskrywing van die poging van die Kleurlinge om hom en 'n paar maats by Leliefontein se sendingstasie te vermoor, gegee en hy beskryf hoedat agt en dertig Kleurlinge in 'n daaropvolgende geveg doodgeskiet is.[179] Sy aandeel aan die perdebuitery op Tontelboschkolk waartydens hy swaar gewond is, illustreer sy roekelose waaghalsigheid.

Saam met generaals Smuts en J. van Deventer word Springbok en Concordia verower en hulle was nog besig om die forte in en om O'Kiep te verower toe Smuts na Vereeniging opgeroep is om die vredesamesprekings by te woon. Op daardie stadium was die hele Noordweste in Boerehande. Maritz het geweier om die eed van getrouheid af te lê en hy het na Europa uitgewyk.

Hierdie beknopte samevatting van Maritz se aandeel aan die oorlog is bedoel om slegs 'n oorsig te wees met die gevolg dat die historiese waarde daarvan beperk is.

Hoewel veertig jaar verstryk het sedert die oorlog en geheuefoute gevolglik nie uitgesluit is nie, dra Maritz se getuienis uit die aard van sy posisie as generaal in Noordwes-Kaapland groot gesagswaarde. Kenmerke van die vertelling is die beskeie wyse waarop Maritz sy aandeel aan die stryd skets en die volkome afwesigheid van bitterheid teenoor die Britse troepe. Aangesien daar so min gesaghebbende getuienis oor die stryd in die Noordweste bestaan, moet ook hierdie oorsig verwelkom word ter wille van 'n vollediger beeld oor die stryd aldaar.

---

179) Ibid., p. 48-50.

/ J.A. Smith.................

19. J.A. Smith, Ek rebelleer.

Johannes Anthonie Smith is in 1886 op Aberdeen, Kaapland, gebore. Hy was nog besig met sy hoër-skoolopleiding op Aberdeen toe die Tweede Vryheids-oorlog uitbreek en hy by die Boere aansluit. Na die oorlog het hy sy studies op Stellenbosch voortgesit en daarna het hy gaan boer. Teen 1914 het hy die redakteurskap van die Het Westen te Potchefstroom aanvaar en die pos 'n paar jaar lank beklee.[180)]

Daarna het hy redakteur geword van Ons Koerant op Graaff-Reinet tot 1922 toe hy die redakteurskap van Die Afrikaner te Pietermaritzburg aanvaar het. Vervolgens was hy 'n tyd lank aan die redaksie van Die Burger in Kaapstad verbonde. Sedert 1947 was hy op sy plaas in die distrik George woonagtig. Hy het mettertyd 'n bekende kunsskilder geword en was nege jaar lank een van die regering se verteenwoordigers op die Raad van Kuratore.[181)]

As veertienjarige seun van Aberdeen het die lot van die Republieke vir Smith en ander jong seuns só aangetrek dat hulle besluit het om ook hulle deel by te dra in die stryd vir vryheid en vir reg. Hy en 'n paar maats ontsnap uit die dorp en sluit by kmdt. G. Scheepers se kommando aan. Daarna volg een spannende avontuur na die ander.

Na Malan se vertrek na die noorde om met die leiers aldaar samesprekings te gaan voer oor die stryd in Kaapland, het Smith deelgeneem aan en was hy ooggetuie van die afbranding van etlike huise van verraaiers. Hierdie opdrag is deur Scheepers gegee met die doel om die afbranding van huise in die Republieke te beëindig.[182)]

---

180) P.J. Nienaber, Hier is ons skrywers, p. 382.
181) Ibid., p. 383.
182) J.A. Smith, Ek rebelleer. Kaapstad, Nasionale Pers, 1946, p. 42.

/ Scheepers besluit.......

Scheepers besluit om 'n inval in Suidwes-Kaapland te doen en onder sy en die negentienjarige kommandant Piet van der Merwe se leiding bereik hul al vegtende die Humansdorpse distrik en kon hulle daarop aanspraak maak dat dit die eerste keer was dat 'n Boerekommando so ver suidwaarts deurgedring het. Deur Langkloof gaan die tog tot in die distrik Riversdal waar die laaste huis deur Scheepers afgebrand is. In die Suidwestelike Distrikte het die kommando swaar geleef a.g.v. die vyandiggesindheid van die inwoners en die talle Kleurlingspioene wat die vyand gedurig op hoogte van hulle bewegings gehou het.

Daarna word die vyand uit Barrydale en Montagu verjaag en vat die kommando koers in die **rigting van Laingsburg.** Op Driefontein in die Laingsburgse distrik word die kommando van nege en sewentig man onder kommandant Van der Merwe op 9 September 1901 deur kol. Crabbe met 700 man, w.o. die helfte Kleurlinge, verras en verloor hul agt en twintig man w.o. kommandant Van der Merwe wat daar sneuwel.[183)]

Vanaf Prins Albert trek die kommando vervolgens na Calvinia. Vandaar vergesel Smith Maritz na die Boland en dring so ver suidwaarts deur as Darling. Op dié tog is 'n groot aantal Kleurlingspioene tereggestel, tot soveel as vyf op 'n dag.

Daarna sluit Smith weer by generaal Wynand Malan aan. Op pad na die Kaapse Middellande word 'n groot konvooi van drie en sestig waens van kol. Crabbe buitgemaak.[184)] Daarna wyk die kommando, terwille van beter weiding, uit na die Kamdeboberge. Op hierdie tog sterf Smith byna aan maagkoors, maar na 'n paar weke kon hy weer deelneem aan die gevegte in die Middellande.

---

183) Ibid., p. 67-73.
184) Ibid., p. 107-112.

/ Onder andere..........

Onder andere gee hy 'n goeie beskrywing van die perdebuitery op 18 Mei 1902 in Aberdeen waartydens drie burgers, wo. kommandant Carel van Heerden, sneuwel.[185)]

Dan volg die laaste groot geveg aan die Visrivier waar generaal Malan dodelik gewond word. Smith veg verder voort onder waarnemende generaal Fouché, onwetend van die vredesluiting, totdat hulle op 3 Junie 1902 wapens neerlê op Cradock. Na die vrede is al die rebelle aan hoogverraad skuldig bevind, maar begenadig, hoewel hul kiesreg hul vir lewenslank ontneem is.[186)]

Hierdie oorlogsboek bevat, soos Smith in die voorwoord opmerk, sy eie persoonlike ervarings en waarnemings van toestande en gebeure onder Scheepers Malan, Maritz, Van der Merwe en Fouché. Dit is opgeteken uit sy herinneringe en hier en daar aangevul uit 'n aantal ongenoemde bronne. Die resultaat is 'n werk wat tot van die beste in ons oorlogsliteratuur gereken moet word. Geskryf in vloeiende taal en lewendige styl, boei dit van begin tot einde en Smith slaag daarin om die leser terug in die gees en atmosfeer van daardie oomblikke te verplaas.[187)]

Uit historiese oogpunt gesien, lê die groot verdienste van die getuienis daarin, dat, by gebrek aan dokumentêre getuienis oor die guerillafase van die oorlog, dit as noodsaaklike bron dien vir die geskiedvorser wat 'n duidelike beeld wil kry oor die bewegings van die verskillende klein kommandotjies gedurende die oorlog.[188)]

---

185) Ibid., p. 157-166.

186) In 1906 is egter volle amnestie aan rebelle verleen. S.D.Naudé, Die smaad van die Kaaplandse Afrikaner.
Breytenbach, Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog. p. 485.

187) D.W.Kruger, Ek Rebelleer (boekbespreking). Die Brandwag, 7.6.1940.
Vgl. P.J.Nienaber, Ek Rebelleer (boekbespreking). Ons eie boek, Junie 1939, p. 92.

188) D.W.Kruger, Ek Rebelleer, Die Brandwag, 7.6.1940.

/ So gee Smith...........

So gee Smith 'n waardevolle oorsig van die tog van kommandante Scheepers en Van der Merwe na die Suidwestelike Distrikte en terug (p. 14-75) waaroor daar min getuienis bestaan. Van Maritz se inval in die Boland word 'n kort verslag gegee, terwyl die res van die werk gewy word aan die bedrywighede van generaal Malan en kommandant Carel van Heerden in die Middellande. Laasgenoemde gedeelte dien as waardevolle aanvullende getuienis tot die herinneringe van Malan nl. Oorlogsavonture van generaal Wynand Malan.

Die oorlog het 'n onuitwisbare indruk op die jong en ontvanklike gemoed van Smith gemaak met die gevolg dat hy, ondanks 'n tydsverloop van ongeveer veertig jaar, daartoe in staat was om 'n intensiewe verslag van sy ervaringe te gee. Behalwe dat hy oor 'n goeie geheue beskik het, was hy ook intellektueel en letterkundig goed toegerus om sy ervaringe helder voor die oë van die leser te laat lewe. Ten slotte word die juistheid van die verhaal deur generaal Malan, onder wie Smith vir 'n groot gedeelte van die oorlog geveg het, bevestig.[189] Geen bitterheid of oordrywings word in die werk aangetref nie en hoewel Smith in die eerste persoon skryf, probeer hy nêrens as held poseer nie.

Besonder waardevol is ook die duidelike beeld wat van die intieme kommandolewe gegee word. Spanning, humor, tragiek, vreugde en ontbering is met 'n vaardige pen geteken en Smith se beskrywingskuns maak dit 'n besonder lesenswaardige werk.190)

---

189) Ibid., voorwoord (ongenommer).
190) D.W.Kruger, Ek rebelleer (boekbespreking). Die Brandwag, 7.6.1940.

/ Voorts word...............

Voorts word heelwat interessante gegewens oor die oorlog verstrek. Die leser maak nader kennis met Malan, Scheepers en Van Heerden. Ook word kennis geneem van die rol van en die optrede teen Kleurlingspioene en hensoppers. Interessante syfers word verstrek soos die feit dat daar 13,000 Kleurlinge in Kaapland onder die wapen was,[191] en dat in 1901 ongeveer 2,000 Boere 45,000 Engelse in Kaapland besig gehou het.[192]

Die werk is toegelig met 'n kaart waarop die trekroetes van die kommando's waarin Smith was, aangebring is, terwyl agterin 'n lys verskyn van die name van die 134 rebelle wat onder generaal Malan wapen neergelê het.

Die bespreking van oorlogsherinneringe deur die ervarenes self opgeteken, word in die volgende hoofstuk voortgesit.

---

191) Smith, op. cit., p. 112.
192) Ibid., p. 48.

/ Hoofstuk 6..........

## HOOFSTUK 6. VERVOLG.

### 1. A. Kuit, Transvaalse verskeidenheid.

Ongeveer twee derdes van hierdie herinneringe van Kuit word aan 'n geheel en al onbekende faset van die oorlog gewy, nl. die funksie van die Transvaalse poswese aan die front tydens die eerste fase van die oorlog.

As posmeester van Volksrust kry Kuit van genl. Joubert bevel om op 12 Oktober 1899 'n veldpos vir sy kommando's aan die Natalse front te open en 'n verslag van die funksionering daarvan word gegee.

Vervolgens skets Kuit die troostelose en ordelose terugtog na die Biggarsberge toe die gedemoraliseerde burgers selfs nie eens Joubert se bevele wou gehoorsaam nie.[1] Op bevel van die posmeester-generaal, Isaac van Alphen, het Kuit daarop alles wat waardevol was uit alle Oos-Transvaalse poskantore verwyder en na Machadodorp gestuur. Die hoofveldposkantoor is stelselmatig na Volksrust, Amersfoort en uiteindelik na Ermelo verskuif.

Kuit wys op die absolute besluiteloosheid betreffende die patroon van die verdere stryd wat daar onder die offisiere en burgers geheers het toe hulle Transvaal binnegestroom het. Talle burgers wou nie hul plase alleen laat nie en het in 'n afwagtende houding weer gaan boer met die hoop dat die vyand hul alleen sou laat.

Toe Kuit bevel kry om die posverbinding met die Vrystaat te gaan herstel, het hy en 'n paar man met lewensgevaar deur die oprukkende Britse magte gevleg tot op Vrede in die Vrystaat waar die nodige reëlings met die betrokke Vrystaatse amptenare getref en ook belangrike dokumente en geld aan hul oorhandig is.

---

1) A. Kuit, Transvaalse verskeidenheid. Pretoria, Van Schaik, 1940, p. 28-35.

/ Op eie versoek........

Op eie versoek het Kuit hierna magtiging gekry om 'n posverbinding tussen die Republieke en die buiteland oor Lourenco Marques te probeer bewerkstellig. Na 'n avontuurlike reis het hy en 'n paar makkers Lourenco Marques bereik en kontak gemaak met die Hollandse konsul, Pott, en Republikeinse amptenare, maar hul poging was vrugteloos aangesien Portugal alreeds die Britse anneksasie van die Republieke erken het en die Republieke vyandiggesind was.[2]

Toe die veldposkonvooi aan die begin van 1901 deur die Engelse in beslag geneem is, het die veldposdiens opgehou om te bestaan en Kuit het daarna as gewone burger diens gedoen. Ten spyte van die talle probleme waarmee die posdiens te kampe gehad het, het dit tog, volgens Kuit, vlot gewerk, en 'n goeie doel gedien.

Die feit dat Kuit feitlik die enigste persoon was wat met gesag oor hierdie faset van die oorlog kon praat, maak sy getuienis besonder waardevol en dit dien as 'n noodsaaklike aanvulling tot die daarstelling van 'n totaalbeeld van die oorlog.

## 2. J. N. Brink, Oorlog en ballingskap.

Jan Neethling Brink is op 28.12.1877 in die Rustenburgse distrik gebore. Nadat hy sy studies op Wellington voltooi het, gee hy onderwys in die Vrystaat.[3] Na die Tweede Vryheidsoorlog het hy vir 'n aantal jare in Johannesburg onderwys gegee. In 1918 is hy na Londen waar hy diens aanvaar het in die Britse Oorlogskantoor. In 1932 vestig hy hom op 'n plaas in die distrik Clocolan waar hy op 2.10.1963 oorlede is.[4]

---

2) Ibid., p. 64-85.
3) Die Vaderland, 4.10.1963.
4) The Friend, 3.10.1963.

Op versoek van die oud-krygsgevangenes van Ceylon sowel as die oud-burgers van die Ladybrand-Ficksburg- en Senekal-kommando's het die herinneringe van Brink reeds in 1904 onder die titel Ceylon en de bannelingen verskyn.

Die Afrikaanse uitgawe verskil aanmerklik van die Nederlandse aangesien die inhoud nie alleen uitgebrei is nie, maar vier nuwe hoofstukke ook bygevoeg is. Blykbaar het Brink die oorspronklike werk tydens sy bannelingskap geskryf,[5] 'n feit wat die getuienis baie aan waarde laat wen aangesien baie getuienis waarskynlik momentele waarnemings was wat dadelik opgeteken en nie aan geheuefoute onderhewig is nie. Die getuienis is egter nie uitsluitlik dié van Brink nie. Daar is ook

> "...... verschillende bijdragen door verscheidene schrijvers over verschillende onderwerpen...."

in die werk opgeneem.[6] Waarskynlik het Brink hom vooraf vergewis van die betroubaarheid van hierdie getuies.

Wat betref die Afrikaanse uitgawe van die werk is die oorgrootste gedeelte van die getuienis oor die bannelingkampe net so uit die Nederlandse uitgawe oorgeneem, maar ongelukkig het 'n aantal waardevolle foto's oor die kampe en kamplewe op Ceylon in die Afrikaanse uitgawe agterweë gebly. 'n Waardevolle toevoeging van vier hoofstukke wat oor 'n paar veldslae tydens die oorlog handel, is egter in die Afrikaanse uitgawe gemaak. Hierdie getuienis het Brink bykans veertig jaar na afloop van die oorlog op skrif gestel met die gevolg dat geheuefoute nie uitgesluit is nie. Aan die anderkant wen hierdie getuienis asook dié wat Brink en sy mede-bannelinge op Ceylon op skrif gestel het weer aan waarde as in aanmerking geneem word dat hy sonder twyfel 'n intelligente uitkyk op sake gehad het, oor 'n goeie geheue

---

5) Ibid. Kyk ook J.N. Brink, Ceylon en de bannelingen. Amsterdam, H.A.U.M., 1904, p. 55, 119.
6) Ibid., voorwoord (ongenommer).

/ beskik en letterkundig....

beskik en letterkundig goed toegerus was om dit wat hy waargeneem het goed weer te gee. Daarby besit sy getuienis oor die stryd veel gesaghebbende waarde as in aanmerking geneem word dat hy as sekretaris van genl. P.J. Liebenberg en adjudant van kmdt., later genl. J. Crowther, gedurig op hoogte van sake was.

Ten aanvang beskryf Brink die tog van die Ladybrandse kommando, waarvan hy lid was, na die wesfront en hy gee 'n kort oorsig van die slag by Rooilaagte waarby hy betrokke was. Vervolgens gee hy 'n beskrywing van die slag van Magersfontein waarby 'n onderhoudende verslag van 'n Engelse oorlogskorrespondent van die Daily Chronicle ingesluit is.[7] Brink verhaal hoedat die Hooglanders op een stadium agtien kanonne op die slagveld agtergelaat het, maar dat Cronjé, t.s.v. die gesmeek van sommige offisiere, nie die kanonne wou laat inhaal nie omdat hy nie lewens in gevaar wou stel nie.

Vervolgens gee Brink 'n waardevolle verslag van die inval van kmdt. L.P. Steenkamp in Noordwes-Kaapland[8] met die doel om die hele Wes-Kaapland tot republikeinse gebied te proklameer. Met 'n klein kommando van twee en dertig man wo. Brink, gevolg deur genl. P. Liebenberg met 200 man, is die tog suidwaarts agterom die Britse magte aanvaar. Prieska is verower en daarna is die hele omliggende gebied by die Vrystaat "ingelyf". Terselfdertyd is die Kolonialers aldaar opgekommandeer. In die slag van Houwater (6.3.1900) in die distrik Britstown het hierdie Kolonialers uitstekende rekenskap van hulself gegee toe hulle onder leiding van genl. Liebenberg 'n kolon van kol. J. Adye gedug verslaan het.[9] Juis toe hulle 'n aanval op De Aar beplan

---

7) Ibid., p. 11-28.
8) Ibid., hoofstukke 3 - 5.
9) Ibid., p. 45-46.

/ het om lord........

het om lord Roberts se verbinding met die Noorde af te sny, het genl. De Wet, a.g.v. die ramp te Wolwekraaldrif, hulle beveel om na die Vrystaat terug te keer, 'n bevel wat Steenkamp, wat self 'n rebel was, erg teen sy sin moes gehoorsaam.

Volgens Brink het De Wet, wat blykbaar onbekend met toestande in die Kolonie was, met hierdie bevel 'n groot flater begaan. Deur hul noordelike wapenbroers in die steek gelaat, het hierdie rebelle, wat met soveel entoesiasme die stryd aangeknoop het, in groot moedeloosheid hul wapens neergelê. Baie is later gevang en in die tronke gestop of beboet, terwyl 'n klein aantal die kommando na die Noorde vergesel het. Hiermee was 'n gulde geleentheid om 'n grootskaalse opstand in Noordwes-Kaapland te bewerkstellig finaal verby.

> "Van al die foute wat ons leiers in die begin van die oorlog begaan het, is hierdie noodlottige gebeurtenis seker een van die grootste wat ooit begaan is".10)

Aangesien Brink van mening is dat reeds verskeie verslae oor die slag van Biddulphsberg onvolledig en onbetroubaar is, gee hy in hoofstuk 6 'n volledige verslag van hierdie slag waaraan hy deelgeneem het.

In hoofstuk 7 verstrek Brink heelwat gegewens oor die gevegte by Slabbertsnek en Retiefsnek. Die oorgawe van M. Prinsloo 11) wyt Brink aan twee faktore nl. die gedemoraliseerde gemoedstoestand van die burgers na die oorgawe van Cronjé en die eersugtigheid en lafhartigheid van Prinsloo wat 'n posisie wou beklee waarvoor hy nie geskik was nie.

Vervolgens wy Brink breedvoerig uit hoedat Prinsloo sonder magtiging daartoe onderhandelings met die vyand aangeknoop het wat op die uiteinde-

---

10) Ibid., p. 53.
11) Ibid., hoofstukke 8 - 10.

/ like oorgawe........

like oorgawe van ongeveer 4,000 man agter die Rooiberge in die Oostelike Vrystaat op 29.7.1900 uitgeloop het. Die voormalige kommandant Vilonel wat kort tevore weens verraad tot vyf jaar harde-arbeid gevonnis is en wat veronderstel was om Prinsloo se gevangene te wees, is deur laasgenoemde gestuur om die onderhandelings met Hunter te voer.

Terselfdertyd verdedig hy genl. P. Roux, daar sekere blaam ook op hom geval het, o.a. oor sy gevangeneming daar.[12]

Die tweede deel van die werk handel oor die bannelingslewe na die oorgawe van Prinsloo. Ten aanvang skets Brink die reis na Ceylon, en hy gee 'n beskrywing van die eiland en sy mense.

'n Duidelike beeld word van die kamporganisasie en kamplewe van die Diyatalawa-kamp, waarheen Brink gestuur is, gegee. Die bannelinge het gereelde onderwys ontvang, terwyl Christelike Strewersvereniging en debatsvereniging goeie ondersteuning geniet het. Godsdiensoefening is gereeld gehou, konserte is aangebied, 'n biblioteek is opgerig en die Afrikaanse feesdae is in stand gehou. Daar is handel gedryf in die kamp met sy 4,335 inwoners, terwyl die bannelinge hulle in hul ledige ure besig gehou het met die vervaardiging van allerhande soorte artikels uit hout, ivoor en been.[13]

12) Volgens Brink was die aanleidende oorsaak van die oorgawe van Prinsloo die feit dat daar twee waarnemende hoofkommandante oor die Boere-kommando's agter die Rooiberge aangestel was. De Wet(op. cit., p. 178)beweer dat slegs Roux in bogenoemde posisie aangestel was terwyl Prinsloo onder hom, De Wet, moes dien. Sekere offisiere wou egter nie onder Roux dien nie en hy het toegelaat dat 'n onvoltallige krygsraad op onwettige wyse Prinsloo tot waarnemende hoofkommandant verkies. Roux verklaar egter dat pres. Steyn self vir Prinsloo in bogenoemde posisie aangestel het. (Brink, <u>Oorlog en ballingskap</u>, p. 102.) Prinsloo het gevolglik gedink dat hy volmag het om met die hele Boereleër oor te gee. Daarna het Roux soos "'n kind" gehandel toe hy gaan protesteer het teen Prinsloo se oorgawe en Hunter was nog 'n prisonier ryker. (De Wet, op. cit., p. 180)
13) Brink, op. cit., p. 140-157.

/ Brink verskaf........

Brink verskaf ook interessante gegewens oor toestande in die Ragama-kamp, nege myl vanaf Colombo, waarheen alle vreemde nasionaliteite wat in die Boereleërs geveg het, gestuur is. Later is ook ongewenste Boere-bannelinge, wo. Brink, daarheen gestuur.[14] Opstandelinge onder die banneliinggeledere is in die Welikada-tronk, waar kriminele gevangenis aangehou is, geplaas.

In hoofstukke 5 en 6 word onderhoudende beskrywings van 'n reis wat Brink en genl. Roux op Ceylon na die vrede onderneem het, gegee. Ten slotte word die oorlogservarings en kampondervindinge van luit. W. J. Hefer, lid van die Vrystaatse artillerie, beskryf. Interessante staaltjies word van Hefer en sy kamerade vertel wat gedurig teen die kampowerhede in verset gekom het en dienooreenkomstig gestraf is. In 'n byvoegsel word die getalsterkte van die Britse leër aangegee, asook Boere- en Britse verliese gedurende die oorlog.

Met die verskyning van hierdie werk is waardevolle feite wat andersins verlore sou gegaan het aan die vergetelheid ontruk. Behalwe dat verskeie Boere-offisiere onder die soeklig kom, word heelwat nuwe feite oor krygsgebeure in Kaapland, aan die wesfront en in die oostelike Vrystaat bekend gestel. Die groot hoeveelheid gegewens oor die Boere se ballingskap op Ceylon besit groot kultuur-historiese waarde.

3. E. J. Weeber, Op die Natalse front.

Egbert Julius Weeber is op Middelburg (Transvaal) gebore waar sy vader landdros was.[15]

14) Ibid., hoofstuk 4.
15) E.J. Weeber, Op die Natalse front. Kaapstad, Nasionale Pers, 1940, p. 10.

/ Hy ontvang.........

Hy ontvang sy opleiding aan die staatsgimnasium te Pretoria[16] waarna hy aangestel word as klerk van die Staatsekretaris van die afdeling Buitelandse Sake.[17] In 1911 was hy in die departement van Lande werksaam.[18] Daarna het hy tot die onderwys toegetree. Teen 1940 was hy boer en joernalis.[19]

Hierdie uitstaande werk bevat een van die volledigste verslae oor die verloop van die Natalse veldtog tot op bogenoemde datum. As lid van die Middelburg-kommando neem Weeber aan die slag van Talana deel. Hy deel in die Boereoorwinning te Moddersspruit en woon die begin en einde van die beleg van Ladysmith by. Gedurende hierdie tyd maak hy die inval van Joubert dieper Natal in mee en was betrokke by die slae van Colenso, Spioenkop[20] en die prysgawe van die twee sleutelposisies aan die Tugelafront nl. die Bosrant en Pietershoeuwel. Daarna was hy ooggetuie van die terugtog van die Boeremagte tot by die Biggarsberge waar vir die laaste keer tevergeefs weerstand gebied is teen die oprukkende Buller.

Ten einde 'n volledige relaas van die Natalveldtog te gee, verskaf hy ook gegewens oor gebeure waarby hy nie teenwoordig was nie en wat hy by ongenoemde getuies gekry het. Die vernaamste gebeure in dié verband is die slae van Elandslaagte, Nicholsonsnek, Vaalkrans en die bestorming van die Platrand.

As klerk van die Staatsekretaris van die afdeling Buitelandse Sake was Weeber goed op hoogte met die onderhandelinge tussen Transvaal en die Britse regering wat uitgeloop het op die Transvaalse oorlogsverklaring. Die oorlogsgees wat in Pretoria geheers het, word geskets en die leser maak kennis met invloedryke figure soos

16) Ibid., p. 5.
17) Ibid., p. 1.
18) Ibid., p. 38.
19) Ibid., foto-onderskrif teenoor titelblad.
20) Ibid., hoofstuk 3.

/Kruger ....

Kruger, Steyn, Botha, Meyer en Joubert met wie Weeber almal persoonlike kontak gehad het.

Toebedeel met 'n kritiese gees skroom Weeber nie om die leemtes en foute van die Republikeinse leërleiding bloot te lê nie. In Joubert as krygsaanvoerder was hy uit die staanspoor teleurgestel vanweë sy pessimisme oor die komende oorlog waarteen hy in elk geval gekant was. "Hoe kon 'n opperbevelhebber wat so pessismisties is omtrent ons kanse in 'n stryd met Groot Brittanje die stryd deurtastend aanpak?"[21] Hy wys daarop dat dit die "papbroekerige krygsbeleid" van die krygsowerstes was wat die Boere die oorlog laat verloor het. Joubert het 'n afsku in bloedvergieting gehad en sy humanistiese neigings het hom gedwing om telkens wapenstilstande toe te staan i.p.v. sy oorwinnings op te volg.

Hy wys op die ongeorganiseerde aanval op Dundee en wyt Erasmus se passiwiteit aan sy onwilligheid om die vyand oor 'n oop vlakte aan te val. Die ramp by Elandslaagte plaas hy op genl. Kock se rekening omdat hy uitdruklik beveel is, om hom nie aan 'n veldslag met die vyand te waag nie, maar slegs verkenningswerk te doen en die spoorlyn te vernietig.

Beter organisasie en beplanning het op twee skitterende oorwinnings by Moddersprruit en Nicholsonsnek uitgeloop en Ladysmith was vir 'n tweede keer aan die genade van die Republikeinse magte oorgelewer, maar Joubert staan op die kritieke moment 'n wapenstilstand van drie dae aan die vyand toe wat sodoende tot verhaal kon kom. Ook is toegelaat dat versterkings Ladysmith binnestroom alvorens die stad aan die suidekant ingesluit is. "Die kortsigtigheid, die laks-

21) Ibid., p. 29.

/heid ....

heid, die gebrek aan durf en aan 'n deurtastende krygsbeleid van ons krygsowerhede teenoor 'n verslane en gedemoraliseerde vyand is eenvoudig onbegryplik".[22)]

Alle krediet word aan Botha gegee vir die roemryke sege by Colenso wat agter nie opgevolg is nie hoewel die hele regtervleuel passiewe toeskouers tydens die geveg was. Met die slag van Spioenkop was kanonvuur vir die grootste aantal ongevalle in 'n enkele veldslag tydens die oorlog verantwoordelik en weer eens kom die oorwinning Botha toe.

Weeber blameer Joubert vir die prysgawe van die Bosrant wat as sleutelposisie heeltemal te swak verdedig was. Hy bring hulde aan die Krugersdorpers wat verwoed weerstand gebied het by Pietershoogte tydens 'n bombardement wat selfs dié van Spioenkop oortref.[23)]

Op die Sondagsrivierbrug het Joubert gemaai wat hy gesaai het toe hy die moedelose stroom burgers probeer ompraat het om die oprukkende vyand te keer. Vir oulaas verwyt Weeber hom dat hy nooit van sy reg as krygsowerste gebruik gemaak het om dissipline af te dwing nie - vandaar die baie leegleërs en die verontagsaming van sy bevele deur sy ondergeskikte offisiere. Hy bring ook aan die lig hoe swak die proviandvoorsiening was en met hoe min die burgers die mas moes sien opkom teen die oorweldigende vyand.

Weeber wat as gewone burger diens gedoen het gedurende die oorlog het ongetwyfeld 'n intelligente uitkyk op sake gehad en die gedétailleerde beskrywings dui op 'n fyn waarnemingsvermoë en 'n goeie geheue. Die werk is veel meer as net 'n herinnering. Dit is 'n krygskundige geskiedenis van die grootste gedeelte van die Natalse veldtog

---

22) Ibid., p. 83-84.
23) Ibid., hoofstuk 9.

/waarin ....

waarin die algemene krygsbeleid aan beide kante krities in oënskou geneem word.[24] Dit vul die argivaliese bronne wat oor hierdie fase van die oorlog bestaan aan en sy kritiek teenoor die republikeinse leërleiding is van belang, hoewel die vraag hom voordoen of sommige van die kritiek nie maar agterna gesien is nie.

Daar het ongeveer veertig jaar verloop voordat Weeber die gebeure opgeteken het en hoewel gedétailleerde beskrywings verwelkom word, moet dit nie onvoorwaardelik aanvaar word nie, want hoe dieper die oudstryder in besonderhede gaan hoe groter is die kanse dat hy flaters mag begaan. Daarby het hy as gewone burger nie 'n oorsig van die hele slagveld en al die krygsverrigtinge gehad nie en berus baie van wat hy vertel op wat hy van ander gehoor het. Hierdie getuienis se oorsprong word in die meeste gevalle nie vermeld nie en dit kan gevolglik nie sonder meer aanvaar word nie.

Bewyse van hoe Weeber se geheue hom in die steek gelaat het, word o.a. gevind op bladsy 112 waar verhaal word hoedat 'n engel hom meegedeel het dat 'n maansverduistering die teken wou wees van 'n Boere-oorwinning by Colenso, 'n gebeurtenis wat in werklikheid eers ná die slag plaasgevind het.[25] Nog 'n growwe vergissing word op bladsy 42 gevind waar Weeber meld dat die twee Republieke oor tussen 90,000 en 100,000 man aan die begin van die oorlog beskik het waarvan gedurende die oorlog 30,000 wapens neergelê het, 14,000 op die slagveld omgekom het, terwyl 23,500 bittereinders geword het. Hierdie skattings het

---

24) P.C. Coetzee, Aan die Natalse front (boekbespreking). Historiese studies, Januarie 1942. Vgl. D.W. Kruger, Aan die Natalse front (boekbespreking). Die Huisgenoot, 21. 2. 1941.

25) Kruger, Aan die Natalse front Die Huisgenoot, 21. 2. 1941.

/hy ....

hy van Botha gekry wat later deur F.W. Reitz bevestig is. [26] In werklikheid het die twee Republieke aan die begin van die oorlog oor 53,604 weerbare manskappe beskik[27] waarvan 6189 gedurende die oorlog omgekom het. Hiervan het 3,990 gesneuwel, 924 is dood aan siekte op kommando, 157 het verongeluk, terwyl 1118 in die bannelingkampe oorlede is.[28] Teen April 1902 was daar ongeveer 17,500 Republikeine in die veld en tussen 2,500 en 3,000 Kaapse rebelle.[29] Daar was waarskynlik ongeveer tussen agt en twaalf duisend hensoppers en verraaiers.

Nogtans is die werk oor die algemeen baie betroubaar en die verhaal word in vloeiende styl en gespierde taal op boeiende wyse aan die leser meegedeel.

Die groot aantal aanhalings uit Conan Doyle se The great Boer war mag steurend op die gang van die verhaal inwerk, maar die bedoeling van Weeber was blykbaar om dié Engelse werk as kontrole te gebruik en Doyle word weerspreek of aangehaal ter stawing van sy bewerings.

4. J.P. la Grange Lombard, Bang plekke.

J.P. la Grange Lombard is in die Standertonse distrik gebore.[30] In die neëntiger jare het hy en sy ouers na die Middelburgse distrik verhuis, maar sy skoolopleiding het hy te Pretoria ontvang.[31] Tydens die oorlog word hy op die

---

26) Weeber, op. cit., p. 42.
27) W.H.H. Waters, German official account of the war in South Africa. Londen, J. Murray, 1904, p. 19.
28) Maritz, op. cit., p. 262.
29) Kestell en Van Velden, op. cit., p. 56-57, 61.
30) J.P. La Grange Lombard, Bang plekke. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1941, p. 133.
31) Ibid., p. 134.

/ oostelike.......

oostelike Hoëveld gewond en hy val in die hande van die vyand. Van die hospitaal op Waterval Boven is hy na Pretoria gestuur [32] waarna hy op parool na Middelburg is.[33] Omdat sy herstel baie langsaam was, is hy later na die Merebankkamp gestuur waar hy allerhande ligte takies moes verrig en tot die einde van die oorlog gebly het.[34] Na die oorlog het hy o.a. 'n joernalistieke loopbaan gevolg.[35]

In hierdie werk, waarvan die titel baie onvanpas is, word geen verloop van die oorlog gegee of stilgestaan by veldslae nie, maar is dit suiwer anekdoties van aard met die klem of die alledaagse, die menslike element in die oorlog. Die wye verskeidenheid anekdotes wat die een op die ander volg, het tot gevolg dat die werk in sy geheel baie wydlopig en los van bou is.[36] Ongelukkig is die taal en styl waarmee La Grange Lombard hom bedien het uiters onversorg. Dit wemel van spelfoute, onafrikaanse wendinge en foutiewe sinskonstruksies.[37]

Die werk is van belang, nie soseer vanweë sy historiese gegewens nie, maar terwille van sy milieutekening. Grappige insidente word afgewissel met spannende avonture en droewige voorvalle en hierop hou La Grange Lombard sy eie persoonlike menings na.[38] Hy gee o.a. heelwat aandag aan die verraaierselement en die behandeling wat hulle tydens en na die oorlog te beurt geval het.[39]

---

32) Ibid., p. 36.
33) Ibid., p. 40.
34) Ibid., p. 62.
35) M.S.B. Kritzinger, Bang plekke (boekbespreking). Die Brandwag, 27.3.1942.
36) Ibid.
37) Vgl. B. Kok, Bang plekke (boekbespreking). Die Huisgenoot, 24.10.1941.
38) Vgl. P.C. Coetzee, Bang plekke (boekbespreking). Historiese studies, Januarie 1942, p. 48.
39) Lombard, op. cit., hoofstukke 12-16.

/ La Grange Lombard.......

La Grange Lombard het van baie hoorsê-getuienis gebruik gemaak en sulke feite moet dus versigtig benader word. Nogtans het hy die talle staaltjies met smaak opgedis en dit is 'n bydrae tot 'n groot leemte wat daar in ons oorlogsliteratuur bestaan.

5. A. Kuit, Transvaalse Gister.

In hierdie werk beskryf Kuit die geskiedenis van sy dorp en distrik Amersfoort met as uitgangspunt die grondlegging, verwoesting en heropbou daarvan asook interessante vertellings oor die kleurryke persone wat daar gewoon het.

Hy beskryf in ongeveer twintig bladsye sy ervaringe tydens die oorlog aldaar en aanskou hoedat sy tuisdorp feitlik tot op die grond verwoes word. Verskeie inwoners van die kontrei se dade word kortliks vermeld. As gevolg van die oorsigtelike beeld wat Kuit van sy oorlogservaringe gee, het die getuienis slegs beperkte waarde.

6. E.J. Weeber, Op die Transvaalse front. (1942).

Hierdie boeiende werk is 'n vervolg op Weeber se Op die Natalse front en dit dek die tydperk vanaf 1 Junie 1900 tot 31 Oktober 1900.

Nadat Weeber 'n nuttelose week saam met 'n burgermag aan die Vaalrivier verspil het, val hy saam met die Boeremagte langs die oosterlyn terug en hy gee 'n kort beskrywing van die slag van Dalmanutha.

Omdat Weeber die Bosveld goed geken het, het genl. L. Botha hom in sy staf opgeneem met die oog op die reorganisasie van die krygsmagte in bogenoemde gebied en in hoofstukke 4 en 5 verhaal Weeber sy ervaringe saam met die Kommandant-generaal. Op hierdie tog is Erasmus van sy generaalskap onthef

omdat hy na die slag van Donkerhoek na die Bosveld uitgewyk het i.p.v. om saam met die ander kommando's aktief langs die oosterlyn op te tree.

Van die voetganger-burgers wat aan die Portugese oorgegee het, het Weeber geen hoë dunk gehad nie.

> "'n Voetganger-Boer was dit van pure slegtigheid en het gevolglik nooit geveg of iets beteken nie". 40)

In 'n nabetragting oor die verdediging van die oosterlyn wys Weeber daarop dat genl. G.H.J. Gravett gekant was teen die verdediging daarvan en hy wou gehad het dat die guerillakryg onmiddellik na die inname van Pretoria ingevoer moes gewees het. Vir Weeber was die verdediging van die Delagoabaailyn noodlottig in soverre dit net gelei het tot verbrokkeling en demoralisering van die Boeremagte.

Toe die Hindon-korps aan die einde van 1900 gestig is, het 'n groot aantal jong burgers wo. Weeber, aangesluit. Later het hy die genoegdoening gehad om drie en tagtig vernielde lokomotiewe in Pretoria te sien, wat hoofsaaklik die werk van die Hindon-korps was. Hy blameer die owerhede dat a.g.v. hulle nalatigheid drie miljoen mauserpatrone, duisende bomme en ontsaglik baie dinamiet in Pretoria in die hande van die vyand geval het.[41] Met meer dinamiet tot hul beskikking kon hulle die vyand baie meer skade berokken het.

Weeber wy byna die helfte van die werk aan sy avonture saam met Hindon se treinbuiterskorps. Waarskynlik omdat in die werke van G. Preller (Kaptein Hindon) en D. Mostert (Slegtkamp van Spioenkop) die bedrywighede van die Hindonkorps alreeds beskryf is, staan Weeber stil by slegs drie aanvalle op treine waarby hy betrokke was

---

40) E.J. Weeber, Op die Transvaalse front. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1942, p. 51.
41) Smuts beweer dat die ammunisie deur die terugvallende Boeremagte meegeneem is. Hancock en Van der Poel, op. cit., p. 544.

/ wo. die nood-.....

wo. die noodlottige treinaanval by Naboomspruit waartydens sewe burgers gesneuwel het.[42]

Die Hindon-korps se bedrywighede was egter nie net tot treinbuitery beperk nie. Hulle moes ook die Boeremagte heen en weer oor die spoorlyn lei en rapporte aflewer aan die offisiere weerskante van die spoor. Verder het hulle feitlik daagliks aktief teen die vyand opgetree, maar Weeber vermeld slegs die belangrikste insidente. Onder hierdie aktiwiteite kan die mislukte aanval op Panstasie, die waaghalsige perdebuitery in Middelburg,[43] hul skermutselings met Bantoes onder die wapen, die geveg aan die Elandsrivier in samewerking met genl. Muller en hul optredes teen verraaiers en Bantoe-huurlinge in diens van die vyand genoem word.

Weeber openbaar hom as 'n onderhoudende verteller en sy gedétailleerde beskrywings van gebeure [44] soos uit die volgende paragraaf sal blyk, verraai 'n skerp waarnemingsvermoë en 'n uitstekende geheue.

> "Kaptein Hindon het byna onmiddellik daarna op verkenning uitgegaan met die oog op 'n aanval op 'n trein tussen Witbank en Balmoral. Eers het hy homself van die samewerking van veldkornet Piet Minnaar en kmdt. Hendrik Grobler van Bethal verseker. Die terrein deur hom uitgekies, was 'n plek waar die spoor oor 'n spruit gaan en dan tussen twee los koppies wegswaai, op een waarvan 'n stewige klipfortjie deur die vyand gebou was, omtrent 600 of 800 treë van die plek af waar die dinamietmyn gelê sou word. In die nag sou kaptein Hindon, luit. Slegtkamp en nog twintig man posisie inneem in 'n sloot langs die spoor ( nog die geweerslot-metode). Die res van die kommando's sou posisie inneem in naby geleë plantasies en murasies aan die suidekant van die spoor. Tien, onder wie ek was,

---

42) Ibid., p. 250-262.
43) Ibid., p. 182-185.
44) Weeber wy byna 300 bladsye aan slegs vyf maande se ervaringe.

> sou die perde van die kêrels in die sloot by die spoor bewaak in 'n afgebrande huis. Sodra die ontploffing plaasvind, moes ons inja en die ander perde meeneem - ook die burgers van die ander kommando's, behalwe veldkornet Minnaar, wat met 'n klompie van sy kêrels 'n skynaanval op die fortjie sou doen om te belet dat die besettingsmag daarvan die troepe op die trein te hulp sou gaan". 45)

Aangesien die avonture van die Hindon-korps alreeds beskryf is, moet die waarde van Weeber se vertelling gesoek word in die aanvullende getuienis wat hy oor die gebeure gee.

Die grootste waarde van die werk lê egter in die persoonlike menings oor mense en gebeure gelug deur 'n persoon wat in die hitte van die stryd gestaan het, hoewel die gevaar bestaan dat sommige van die kritiek wat hy uitspreek agterna gesien is en gevolglik van minder waarde is.

Voor en gedurende die oorlog was Weeber in die geleentheid om nader kennis te maak met verskeie Boere-offisiere en hy lug interessante menings oor hulle. So roem hy genl. L. Botha, wie hy persoonlik geken het, se krygsmanskap en magnetiese persoonlikheid, maar terselfdertyd veroordeel hy hom.

> "Deur sy teerheid van hart het hy die Boerevolk onteenseglik groot kwaad berokken. Net soos die bekende afkeer van bloedvergieting, genl. Piet Joubert ongeskik gemaak het om as Kommandant-generaal van die Boeremagte op te tree teen 'n magtige vyand, was die teerhartigheid en fyngevoeligheid van genl. Botha tot groot nadeel vir hom en sy volk in sy hoedanigheid as opperbevelhebber waardeur hy in baie opsigte verkeerd gehandel het in sake waar 'n strenge hand nodig was." 46)

---

45) Ibid., p. 205-206.
46) Ibid., p. 85.

/ Hierdie stelling......

Hierdie stelling staaf Weeber deur o.a. na die sagte optrede teen die verraaiers te verwys.

Hy bring hulde aan Boerehelde wo. F.W. Reitz, J. Hindon en genls. Beyers, Viljoen, Gravett, De la Rey, Muller en Spruyt. Ook ander minder bekende Boerehelde word aan die vergetelheid ontruk soos vk. P. Minnaar die broers W. en G. Steyn en korp. G. du Toit wat vyf stormende tommies doodgeskiet en die sesde met sy eie mes dood gesteek het.[47)]

Interessant is ook sy bewering dat die opgevoede Afrikaner oor die algemeen 'n beter patriot as sy minder ontwikkelde medeburger was omdat eersgenoemde geestelik beter bewapen was. Hierdie stelling word gestaaf deur die feit dat vyf persent van die dorpse Middelburgers gedurende die oorlog ontrou geword het teenoor twintig persent van die distriksburgers. Hierdie verskynsel het ook in ander kommando's voorgekom.

Hy trek te velde teen die Britse metodes van oorlogvoering onder die dekmantel van "British fairplay". Hy laak die eensydige beeld wat die Britse pers oor die oorlog gegee het en wys op die Boere se magteloosheid om Britse beskuldigings te weerlê.

Weeber het hom nie streng by sy eie ondervindinge gehou nie, maar ook van 'n hoeveelheid getuies gebruik gemaak waarvan die name dikwels nie vermeld word nie. Behalwe hierdie getuienis moet Weeber se weergawe van sy eie ondervindinge, inagnemende die lang tydsverloop sedert die oorlog, versigtig beoordeel word.

---

47) Kommandant A.F. du Toit weerlê laasgenoemde bewering. Dit was sy broer, W. du Toit, wat twee stormende Tommies doodgeskiet, een gewond en 'n kaptein met sy eie mes dood gesteek het. P.H.S. van Zyl, Waar en trou. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1948, p. 149.

Die werk toon 'n sterk patriotiese inslag en die warmte wat dit uitstraal, weerspieël die gevoelens van 'n vaderlander wat aan die woord is.

Van Weeber se belofte om sy verdere lotgevalle op die slagveld, asook oorlogservarings van verskeie vooraanstaande Boere-offisiere op skrif te stel, het ongelukkig niks tereg gekom nie.

7. C. R. Kotzé, My ballingskap.

Christiaan Rudolph Kotzé is in Januarie 1881 op Piketberg gebore. In 1910 is hy as predikant gelegitimeer en daarna het hy agtereenvolgens in die gemeentes van Salisbury, Dutoitspan, Tarkastad, Heidelberg (Kaap), Rietfontein en Bloemfontein in die bediening gestaan. In 1947 het hy sy emeritaat aanvaar. Hy is op 25 Desember 1950 oorlede. Hy was lid van talle kerklike kommissies en was ook Vrystaatse medewerker van Die Kerkbode.[48)]

Kotzé en 'n vriend, J.B. de Villiers, het op St. Helena elkeen 'n plakboek aangehou met

"... alle moontlike dokumentêre gegewens"

oor alle fasette van die kamplewe in die Deadwoodkamp daarin.

Kotzé het mettertyd tot die besef gekom dat die huidige en toekomstige geslagte weinig of niks van die inhoud van die plakboeke sou begryp nie tensy alles daarin verklaar en opgehelder word deur iemand wat alles self beleef het. Vir Kotzé, wat bewus was van die leemte wat daar in ons oorlogsliteratuur oor die bannelingkampe bestaan, het dit 'n gewetensaak geword om die inhoud van die plakboeke te boek te stel en só te verhoed dat belangrike gegewens aan die vergetelheid prysgegee word.

---

48) N.G. Kerk-jaarboek, 1951, p. 568.

/ Hy skets.......

Hy skets ten aanvang politieke toestande in Johannesburg net voor die uitbreek van die oorlog soos gesien deur die Boerebril. Op agtienjarige leeftyd vertrek hy na die Natalse front, word met die slag van Elandslaagte gewond en gevang en hy vermeld kortliks sy en sy medegevangenes se tog na Kaapstad, hul verblyf in die kamp te Simonstad vanaf Februarie tot April 1900 en hul tog na St. Helena.

Met behulp van die twee plakboeke en sy eie herinneringe het Kotzé in 'n aantal kort hoofstukke alle moontlike fasette van die kamplewe probeer beskryf. Hy gee 'n beskrywing van die eiland en Deadwoodkamp en 'n meesterlike illustrasie van die bannelinge se vernuf op die gebied van "kunsvlyt",[49] en beskryf verder tentoonstellings, die alledaagse kamplewe, kinders in ballingskap, posdag, die geestelike lewe, die verenigings- en kultuurlewe,[50] leesstof, sport, kos- en watervoorsiening,[51] hospitalisasie, verraad onder die bannelinge, die doodskiet van J.F. Viljoen en M.J. Goddefroy deur die kampwagte, protesvergaderings, brandewynsmokkelary en die reaksie van die bannelinge op die vredestyding.

Die vertelling is toegelig met dertien interessante foto's en die name van die 145 bannelinge wat op die eiland oorlede is volgens 'n naamlys in die oorlogsmuseum te Bloemfontein. Volgens Kotzé kom daar verskeie foute in die naamlys voor en hy stel enkeles in sy werk reg.

Kotzé se status as predikant, sy goeie geheue, letterkundige vermoë en die feit dat hy oor die dokumentêre getuienis in die plakboeke beskik het,

49) C.R. Kotzé, My ballingskap. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1942, p. 50 - 53.
50) Ibid., p. 71 - 77, 106-109.
51) Ibid., p. 92 - 98.

/ maak die feitelike......

maak die feitelike inhoud van die werk besonder betroubaar. Hoewel bondig saamgevat, het Kotzé die kamplewe aanskoulik voorgestel en sy getuienis vorm 'n waardevolle aanvulling tot die getuienis wat reeds oor die Deadwoodkamp in die besonder verskyn het.

8. O. van Oostrum, Bestendige onbestendigheid.

Omius van Oostrum, gebore in 1862 in Nederland, kom in 1898 na Transvaal om die onderwys te kom help opbou.[52] Na die oorlog gee hy in die Vrystaat en Transvaal onderwys en in 1913 is hy aangestel as dosent aan die Normaalskool te Pretoria waar hy tot 1926 werksaam was.[53] 'n Groot aantal skoolhandboeke het van hom verskyn.[54] Hy is op 12 November 1948 oorlede.[55]

In slegs twee en twintig bladsye word 'n oorsig van Van Oostrum se ervaringe onder Cronjé aan die wesfront en van sy bannelingskap te Simonstad, Groenpunt en Ceylon gegee. Van Oostrum meld dat hy nie weer dinge wou beskryf wat alreeds bekend is nie. Die res van die werkie word gewy aan onderwystoestande in Transvaal voor en na die oorlog. Hierdie onderhoudende oorsig besit besondere kultuur-historiese waarde.

Van Oostrum se herinneringe oor die oorlog dra weinig tot die bestaande kennis by en dit moet betreur word dat hý, wat oor 'n vaardige pen en 'n goeie waarnemingsvermoë beskik het, van die standpunt uitgegaan het dat dinge oor die oorlog wat reeds beskryf is nie weer herhaal hoef te word nie. Hy het waarskynlik nie besef dat daardie getuienis vol leemtes is nie.

---

52) Nienaber, Hier is ons skrywers, p. 287.
53) Ibid., p. 289.
54) Ibid., p. 289-290.
55) Ibid., p. 291.

/ 9. Anderssen...........

9. E.C. Andersson, Die verlede herleef.

Edwin Cheere Andersson is op 22. 3. 1868 te Ceres gebore.[56] In 1892 is hy te Stellenbosch as predikant gelegitimeer. Hy het agtereenvolgens in die gemeentes van Umtata (1893-1896), Maclear (1896-1899), Vryheid (1899-1921) en Vrededorp (1928-1935) gearbei. Sedert 1936 was hy emeritusprediker in Johannesburg en hy is tussen 1948 en 1951 oorlede.[57]

In 'n inleiding verklaar Andersson dat hy nooit juis die noodsaaklikheid daarvan ingesien het om sy ervaringe tydens die oorlog op skrif te stel nie aangesien hy die versekering gehad het dat die Boereoffisiere wel 'n noukeurige verslag van elke dag se gebeure laat opstel het. Daarby het die aanwesigheid van verskeie lewensbeskrywings, w.o. dié van De Wet en Steyn, die begeerte na boekstawing van die ondervindinge laat afneem. Desnieteenstaande het hy, nadat 'n beroep op oudstryders deur Die Transvaler gedoen is om hul herinneringe te boek te stel, besluit om " .... een en ander ..." oor die oorlog op te teken.

Die inhoud van die werkie handel hoofsaaklik oor die lotgevalle van die Vryheidse kommando gedurende die oorlog. Die kort oorsig wat hy gee van die kommando se aandeel aan die gevegte te Dundee, Modderspruit, Colenso, Spioenkop en Pietershoogte is min of meer bekend. Enkele menings van Andersson is hier egter van belang. Hy toon aan hoedat Meyer en sy offisiere, a.g.v. swak strategie en organisasie, deels self verantwoordelik vir die neerlaag te Talana was. Hy blameer ook die Boereleiers dat hulle te genadig was betreffende hul oorlog-

56) Engelenburg, e.a., op.cit., p. 230.
57) N.G. Kerk-jaarboek, 1951, p. 419.

/voering ....

veering deur nooit hul oorwinnings op te volg het nie.

Sy kort oorsig oor die guerillabedrywighede van die Vryheidsekommando in laasgenoemde distrik is waardevoller en belangrike gegewens word verskaf oor minder bekende gevegte daar soos dié te Scheepersnek, Spieshoek,[58] en Taleni. Hy beskryf ook die barbaarse optredes van die Zoeloes in die distrik wat 'n hoogtepunt bereik het met die Holkransmoord waartydens ses en vyftig burgers vermoor is.[59] Naamlyste van die vermoordes en die gesneuwelde burgers van die Vryheidse kommando is in die werk opgeneem.

Die laaste helfte van die werk is die waardevolste en bevat sketse van elf helde uit die Vryheidse kommando, kort biografiese aantekeninge oor die ses bittereinder-kapelane t.w. J.M.Louw, A.P.Kriel, J.G.W.Strasheim, J.D.Kestell en E.G. Anderssen, en enkele wetenswaardighede oor 'n paar Boereleiers.

Met die beskrywing van die heldedade van bogenoemde burgers het Anderssen 'n veld aangedui wat steeds braak bly lê het. Meesal is net die offisiere in die kalklig gestel. Anderssen het ook die onbekende burger se heldedade aan die vergetelheid ontruk.[60]

Anderssen wat die oorlog tot die einde deurgemaak het, het vanselfsprekend aan geen gevegte deelgeneem nie. As kapelaan van die Vryheidse kommando was hy egter ooggetuie van verskeie gevegte, terwyl hy die res van sy getuienis tydens die oorlog by kommandolede en "waardevolle informasie" by inwoners in die Vryheidse distrik aan die begin van die veertiger jare gekry het. Hoewel die werk deurgaans 'n gees van waarheid adem, dwing die lang tyds-

58) E.C. Anderssen, Die verlede herleef. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1943, p. 37-39.
59) Ibid., p. 45-48.
60) Vgl. A.N. Pelzer, Die verlede herleef (boekbespreking). Historiese studies, 1944, p. 77.

/ verloop.........

verloop die navorser om ook hierdie getuienis nie sommer sonder meer te aanvaar nie.

Anderssen was dikwels in genl. L. Botha se tent waar laasgenoemde die gebeure van die dag laat opteken het. Ook was hy dwarsdeur die oorlog as kapelaan en vertroueling van die offisiere in 'n baie gunstige posisie om gereeld op hoogte van sake te wees. Hoewel hy daarvan bewus gemaak is hoe dringend noodsaaklik alle moontlike getuienis oor die oorlog is, het hy tog sy herinneringe baie beknop opgestel, waardeur dit gevolglik veel van sy waarde as historiese bronnemateriaal moes inboet.

10. D.H. Van Zyl, In die konsentrasiekamp.

Senator David Hermanus van Zyl is op 10 Mei 1893 in Bloemfontein gebore. Hy ontvang sy onderwysopleiding te Petrusburg en Bloemfontein. In 1930 word hy L.P.R. vir Kuruman en daarna vir Hopetown. Hy het 'n besonder bedrywige openbare lewe gehad en was o.a. algemene sekretaris van die Helpmekaar-vereniging, lid van die Nasionale Kultuurraad en voorsitter van die Finansiële Kommissie van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Kaapland. In 1952 was hy in Kaapstad woonagtig. Twee werke wat van hom verskyn het, is Swerwerspore en Griekwa -"ietsigheit".[61]

Van Zyl was ongeveer agt jaar oud toe hy en sy familie gevange geneem is waarna hul agtien maande in die Bloemfonteinse kamp vertoef het. Die verwoesting van die plaas en die uitroeiing van die plaasdiere is deur sy kinderoë waargeneem en dié gebeure sowel as hul wegvoering na die kampe en die kamplewe self het 'n onuitwisbare indruk op sy ontvanklike kindergemoed gemaak.

Nugter, saaklik en sonder bitterheid word die kamplewe geskets. Die Bloemfontein-kamp

61) K. Donaldson, South African Who's Who. 1952, p. 630.

het al die tekortkominge gehad wat by die meeste ander kampe aanwesig was. Die vleis was taai, slymerig en maer en toe die kampowerhede nie beter vleis wou voorsien nie, is die kampkommandant tydens 'n opstootjie só met stukke vleis toegetakel dat beter voedsel daarna gegee is.

Vuurmaakhout is vir minstens 'n jaar nie voorsien nie en later is selfs boomwortels uitgegrawe. Die kampbewoners het 'n doodse vrees vir die hospitaal gehad waar die fasiliteite swak was en ten einde te verhoed dat hulle daar beland, moes die siekes hul as gesond voordoen en het die moeders hulle kinders op alle denkbare plekke tydens die inspeksierondtes van die mediese personeel versteek.

Van Zyl bring ook aan die lig hoe daar teen families van wie lede op kommando was gediskrimineer is, maar die kosrantsoene wat hy aangee, verskil heelwat van dié wat deur J.C. Otto aangegee word.[62]

Dat die jeug hul lewenslus nie in die kampe verloor het nie word bewys deur die verskillende vorms van pret waarmee hulle hul besig gehou het. Speletjies soos albaster, slingervel en vuisgevegte tussen bendes het hul aandag afgelei van die sombere kamplewe, terwyl hulle 'n deel van hul vrye tyd aan skoolgaan moes wy.

Tereg wys C. R. Swart in die voorwoord tot die werk daarop dat daar 'n behoefte bestaan aan 'n omvattende werk oor die rol van die kind in die Vryheidstryd aangesien ook hulle nie net lyding en dood trotseer het nie, maar ook onsterflike roem en eer verwerf het, as lede van die kommando's, as vlugtendes dwarsdeur die oorlog óf as bannelinge en konsentrasiekampbewoners.

62) J.C. Otto, op. cit., p. 101-102.

Daar het .........

Daar het min jeugherinneringe oor die oorlog verskyn en daarom lewer hierdie getuienis, hoewel baie beknop weergegee, 'n belangrike bydrae om ook daardie sy van die oorlog te belig.

11. J.G. Van den Heever, Op kommando onder kmdt. Buys.

J.G. van den Heever is waarskynlik in 1883 in die Heidelbergse distrik gebore en hy was ook daar woonagtig met die uitbreek van die oorlog.[63] In 1941 het hy nog steeds in bogenoemde distrik gewoon.

Hierdie werk sou nooit verskyn het as dit nie was dat Van den Heever weens rumatiek 'n volslae invalide geword het nie. Die optekening van sy herinneringe het hom in sy hulpeloosheid aansienlik afleiding verskaf en die aanmoediging uit verskeie oorde het hom laat volhard tot die werk klaar was.[64]

Die verhaal begin 'n jaar voor die oorlog toe Van den Heever nog maar sestien jaar oud was. Die oorlog het 'n geweldige indruk op sy jongelingsgemoed gemaak, gevolglik kon hy baie insidente, bykans veertig jaar na die oorlog, nog noukeurig beskryf - 'n feit wat ook van 'n goeie geheue getuig.

Dit was nie sy bedoeling om die verloop van krygsgebeure waarby hy betrokke was te beskryf nie, maar om die leser 'n blik te gee in die kommandolewe self.[65] Gevolglik word die krygsverrigtinge waaraan hy deelgeneem het slegs broksgewyse meegedeel.

Hy veg as lid van die Heidelberg-kommando onder kmdt. S. Buys aan die oosfront en val daarna saam met die Boeremagte terug tot in Pretoria en

63) J.G. Van den Heever, Op kommando onder kmdt. Buys. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1944, p. 4.
64) Ibid., sien voorwoord (ongenommer).
65) Ibid.

/vandaar ....

vandaar langs die oosterlyn. Die kommando vertoef 'n tyd lank in Oos-Transvaal om daarna vir die res van die oorlog in die Heidelbergse distrik te opereer. Op 20 November 1901 word Van den Heever en Buys gewond en na Bermuda verban.

Vanuit 'n krygskundige oogpunt gesien, besit Van den Heever se getuienis oor die bedrywighede van Buys se kommando tydens die guerillafase van die oorlog enige waarde. Dit blyk dat Buys 'n besonder bedrywige offisier was en behalwe die talle skermutselings met die vyand word o.a. die buit van drie swaarbelaaide goederetreine en 'n aanval op die Engelse kamp te Grootvlei beskryf. Van die reis na en die lewe op Bermuda word slegs 'n kort oorsig gegee.

Juis omdat Van den Heever nog 'n tienderjarige op kommando was en hy oorgeborrel het van jeugdige ywer en lewenslus, het hy 'n ryke skat van ervaringe gedurende die oorlog opgedoen. Toe hy sy herinneringe opgeteken het, kon hy hom weer goed terug verplaas na sy jeugjare en hy het sonder twyfel oor die letterkundige vermoë beskik om sy oorlogservaringe onderhoudend en in vloeiende styl weer te gee.

In 'n gemoedelike verteltrant word die alledaagse intieme kommandolewe, ryklik versier met talle anekdotes, tussen die krygsgebeure ingevleg. Hoofstukopskrifte soos "Jag, dolosse en tamerynslaai" (hoofstuk 14), "Planne vir klere" (hoofstuk 16), "Die whisky-trein" (hoofstuk 20), "Bye en speenvarkies" (hoofstuk 25), "'n Fees en 'n nadraai" (hoofstuk 27) gee 'n aanduiding van die trant waarin die verhaal geskryf is.

Die leser neem kennis van hoe die burgers in hulle daaglikse behoeftes moes voorsien ten einde weerbare burgers te kon bly. Humoristiese en luimige sketse word afgewissel met die erns van die oorlog, veral wanneer die wyse van oorlogvoering deur die vyand en die Boereverraaiers onder die soeklig kom. Vir die jonger burgers het die oorlog steeds 'n avontuur gebly en hulle talle

/ kwajongstreke........

kwajongstreke was 'n bewys dat die swaarkry nooit hul lewenslus gedemp het nie. Die vernaamste bydrae van die werk tot ons oorlogsliteratuur lê dan ook daarin dat dit as aanvulling dien tot ons kennis oor die kommandolewe en veral die rol wat die jong burgers daarin gespeel het, uitbeeld.

12. Gertruida E. Bezuidenhout, Uit die donker woud.

Mevrou G.E. Bezuidenhout is op 5 Augustus 1864 in die Vrystaat gebore.[66] Ten tye van die uitbreek van die oorlog was sy in die distrik Luchoff woonagtig.[67] Na die oorlog het die gesin hulle agtereenvolgens op Philippolis,[68] Springfontein,[69] Brandfort,[70] en Bloemfontein[71] gevestig. Later het sy na Kaapstad verhuis en in 1944 was sy in Johannesburg woonagtig.[72]

"Tallose moeilikhede" het Bezuidenhout veertig jaar daarvan weerhou om haar herinneringe op skrif te stel, maar gedurige aansporing deur familie en vriende het haar uiteindelik oorreed. Sy erken dat toe sy in 1940 begin het met die neerskryf van haar herinneringe dit uiters moeilik gegaan het om die gebeure weer in haar geheue op te roep. Nogtans was sy in staat om 'n heel intensiewe beeld van haar ervarings tydens die oorlog te skilder hoewel dit heelwaarskynlik geheuefoute sal bevat.

Die werk bestaan uit drie dele nl. eerstens haar ervaringe op die plaas totdat sy na die kamp geneem is[73] en haar ervaringe as kampmoeder,[74]

66) Die Vaderland, 8. 8. 1944.
67) G.E. Bezuidenhout, Uit die donker woud. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1946, p. 1.
68) Ibid., p. 181.
69) Ibid., p. 189.
70) Ibid., p. 190.
71) Ibid., p. 192-193.
72) Die Vaderland, 8. 8. 1944.
73) Ibid., p. 1-64.
74) Ibid., p. 65-169.

/terwyl ....

terwyl die laaste deel van die werk gewy word aan die lotgevalle van haar gesin na die oorlog tot ongeveer 1918.

Met haar man op kommando, moes Bezuidenhout alleen die boerdery behartig, maar toe die vyand die vroue begin wegvoer na die kampe, verlaat sy die plaas en slaag daarin om al vlugtende uit die hande van die vyand te bly. Sy moes egter te veel ontberinge verduur en sy keer na die plaas terug waar sy op 26 Julie 1901 deur die vyand gevang en na die kamp te Norvalspont geneem word.

Sy gee 'n onderhoudende beskrywing van kamptoestande aldaar en bring aan die lig hoe die kampbewoners hulle moes aanpas by uiters ongunstige toestande ten einde hulself te kon handhaaf. Sy verskaf ook 'n hoeveelheid getuienis oor 'n paar ander kampe wat sy blykbaar na die oorlog van ander kampvroue gekry het.

Uit die getuienis wat Bezuidenhout se twee bediendes, wat ook na 'n kamp vir Nie-Blankes weggestuur is, aan haar verskaf het, blyk dit dat hulle voedselrantsoen veel meer te wense oorgelaat het as die blankes s'n en dat hulle sterftesyfer besonder hoog was.

In eenvoudige taal, maar in 'n lewendige verteltrant gee Bezuidenhout sonder bitterheid 'n kleurryke verhaal van selfopoffering, moed, lyding en stryd wat die vrou en kind se deel gedurende die oorlog was en dit blyk dat sy haar nêrens aan oordrywings skuldig gemaak het nie.

Aangesien toestande van kamp tot kamp verskil het, moet die getuienis oor die Norvalpontse kamp as 'n waardevolle bydrae tot 'n totaalbeeld oor die konsentrasiekampe beskou word.

13. P.H.S. van Zyl,[75] (red.), Waar en trou.

Die werk bevat 'n sestal interessante vertellinge van oudstryders wat elkeen 'n besondere bydrae tot die reeds bestaande getuienis oor die oorlog lewer.

In die vertelling onder die opskrif "Platrand" gee J.H. Labuschagne ten aanvang 'n kort verslag van sy persoonlike ervaringe as lid van die Harrismithse kommando tot met die beleg van Ladysmith.

Johannes Hendrik Labuschagne is op 9 Julie 1867 gebore. Ten tye van die uitbreek van die Vryheidsoorlog het hy in die Harrismithse distrik geboer. Hy is in 1908 oorlede.[76]

Vervolgens gee Labuschagne 'n kort beskrywing van die slag van Colenso soos opgeskryf deur E.M.C. Williams wat blykbaar saam met hom in die krygsgevangenekamp by Ladysmith was.

Labuschagne gee ook kort verslae van sy persoonlike ervaringe tydens die slag van Spioenkop en van M.M. Vorster van die slag by Pietershoogte. Vorster het laasgenoemde verslag ook in die Ladysmithse kamp aan Labuschagne verskaf.

Die hoogtepunt van die vertelling is egter die slag van Platrand.[77] Labuschagne verhaal sy eie ervaringe gedurende die slag. Hy rond die vertelling af met naamlyste van die sewe en twintig gesneuwelde en drie en dertig gewonde Vrystaters asook 'n naamlys van al die Vrystaters wat aan die slag deelgeneem het. Hy meld dat van die 1500 Vrystaters wat volgens krygsraadsbesluit aan die bestorming moes deelgeneem het, slegs 263 aan die bevel gehoor gegee het.

---

75) Van hierdie persoon kon geen besonderhede opgespoor word nie.

76) P.H.S. van Zyl, Waar en trou. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1948, p. 1.

77) P.H.S. van Zyl, op. cit., p. 19-38.

/ Ten einde........

Ten einde die leser 'n algemene perspektief van die slag te gee, het Van Zyl 'n vertaalde verslag van die slag soos dit in The Times History of the War in South Africa verskyn, ingevoeg.

Labuschagne, Williams en Vorster het hulle herinneringe in 1901 in die "Tintown" krygsgevangenekamp te Ladysmith opgeteken toe alles nog neutvars in hulle geheues was met die gevolg dat geheuefoute waarskynlik minimaal sal wees. Daarby kan Van Zyl konstateer dat Labuschagne 'n besadigde en betroubare persoon was ".... aan wie alle grootspraak vreemd is".78)

Labuschagne se verslag wat in die Vrystaatse argief is, het "... in gebrekkige skrif en taal verskyn" en is ter wille van die leser deur Van Zyl gemoderniseer, maar die verhaal is nogtans "...... nagenoeg in sy eie woorde" weergegee.79) Bogenoemde getuienis dien aanvullend tot die getuienis oor die Natalse veldtog en help mee

> ".... om die doodsbeendere van die argiewe met vlees en been te beklee".80)

Tweedens volg die verbasende verhaal van die drie en twintigjarige Vrystater, Piet Robinson, wat drie keer op waaghalsige wyse uit die hande van die vyand ontsnap het en later het hy selfs as gewonde telkens daarin geslaag om die vyand te ontglip. In dié proses het hy die grootste ontberinge verduur eerder as om in die vyand se hande te val. Behalwe die insae wat hy in die guerillakryg in die Suid-Vrystaat gee, skets hy ook die verwoesting van huis en haard aldaar, die vlug van

78) Ibid., p. 2.
79) Ibid.
80) Ibid.

/ die vroue en kinders........

die vroue en kinders en hulle behandeling in die kampe. Sy wedervaringe bevat ook nog 'n romantiese element, nl. sy waagstuk om sy nooi, en latere eggenote Lavina Coetzee, onder die neuse van die vyand op hulle plaas en later by twee geleenthede in die kamp op Bethulie te besoek.

Van Zyl het ook in hierdie geval van Robinson se "eenvoudige onopgesmukte aantekeninge" gebruik gemaak en sy ervaringe "nagenoeg in sy eie woorde" weergegee.[81)]

'n Derde en korter bydrae is die verhaal van die tienjarige Japie J.C. Greyling wat Van Zyl in 1946 uit sy mond opgeteken het. Van Zyl vergelyk bogenoemde getuienis met die beskrywing van die destydse kapt. J.E.B. Seely, later genl. lord Mottistone, oor die episode.[82)]

Vervolgens word 'n kort verslag gegee van die slag by Frederikstad soos opgeteken deur H.G.J. Lintvelt uit die mond van P.A. Vermaas wat aan die slag deelgeneem het. Dit vul die beskrywing van C.R. de Wet wat die slag slegs in breë trekke in sy De Stryd tusschen Boer en Brit beskryf, aan.

In 'n kort hoofstuk word die onverskrokke dade van B.J. Viljoen se baasverkenner, kapt. J. Mellema, verhaal. Ten slotte volg 'n kort beskrywing van die dapper kmdt. A.F. du Toit se oorlogsavonture in Oos-Transvaal wo. sy deelname aan die verowering van die rowersnes te Mpisanisfort waar, volgens Du Toit, 365 Bantoes doodgeskiet is. Hierdie verhaal het Van Zyl aan Du Toit se aantekeninge ontleen.

Behalwe in die geval van "Japie Greyling" en "Platrand" vermeld Van Zyl nie wanneer die oudstryders hulle herinneringe neergeskryf het nie wat 'n belangrike faktor is by die bepaling van die betroubaarheid van historiese getuienis.

---

81) Ibid., p. 57-58.
82) Ibid., p. 119-128.

In die geval van die getuienis van Du Toit kom dit weer eens aan die lig hoe oorlogservarenes se getuienis van mekaar verskil sodra dit gekontroleer word.

Du Toit se getuienis oor die Mpisanisfort-episode verskil in verskeie opsigte van die getuienis van genl. Viljoen daaroor. So bv. beweer Viljoen dat die ekspedisie na Mpisanisfort onder bevel van kmdte. P. Moll en D. Schoeman gestaan het,[83] terwyl Du Toit beweer dat hy en Moll die bevel gevoer het.[84]

Van Zyl het deurgaans daarin geslaag om die soepele ongekunstelde verteltrant van die oudstryders tot hulle reg te laat kom.[85] 'n Aantal foto's dra by tot die interessantheid van die werk.

14. J. A. van Blerk, Op die Bermudas beland.

Jan Albertus van Blerk is op 9 Mei 1871 op Malmesbury gebore. In 1900 is hy gelegitimeer as predikant. Nadat hy vir kort tydperke te Kalkbaai en Laingsburg in die bediening gestaan het, is hy na Bermuda om die Boerebannelinge aldaar te bearbei. Na sy terugkeer was hy hulpprediker op Potchefstroom en van 1904 tot hy sy emeritaat in 1942 aanvaar het, was hy verbonde aan die gemeente van Warrenton. Daarna was hy hospitaalbearbeider in die Skiereiland. Hy is op 20 April 1963 oorlede.[86]

Ten spyte van aanmoediging uit verskeie oorde het dit Van Blerk aan moed ontbreek om sy herinneringe te boek te stel omdat hy gevoel het dat hy nie daarvoor in die wieg gelê was nie. Na bykans veertig jaar se wik en weeg, het sy pligsbesef teenoor sy volk hom egter daartoe gedwing.[87]

---

83) Viljoen, op. cit., p. 259.
84) Van Zyl, op. cit., p. 154.
85) W.J. de Kock, Waar en trou (boekbespreking). Die Huisgenoot, 17.12.1948.
86) N.G. Kerk-jaarboek, 1963, p. 594.
87) J.A. van Blerk, Op die Bermudas beland. Balkema, Kaapstad, 1949, voorwoord (ongenommer).

/ Op versoek.......

Op versoek van ds. A. Murray vertrek Van Blerk op 25 Augustus 1901 op eie onkoste via Londen en New York na Bermuda. Hy vestig hom eers op Morganseiland,[88] maar a.g.v. siekte het hy in Januarie 1902 by ds. J.R. Albertyn in Hamilton, die hoofstad van die eilande, gaan woon.

Omdat mev. Albertyn en Van Blerk daarvan verdink is dat hulle hul invloed gebruik het om die burgers te laat volhard om nie die eed van getrouheid af te lê nie, moes die Albertyns die eilande op 3 Maart 1902 verlaat. Van Blerk het hom toe op Hawkinseiland gaan vestig. Ten einde die rebelle en die 150 bannelinge wat nie die eed van getrouheid wou aflê nie te bearbei, het hy eers op 17 Januarie 1903 via Amerika en Europa na Suid-Afrika teruggekeer.

Op nugtere wyse skets Van Blerk die verskillende fasette van die kamplewe soos hy dit na soveel jare nog kon onthou en hy laat heelwat klem op sy persoonlike ondervindinge val.

Hy gee aandag aan sy verblyf te Morganseiland en die daaglikse bedrywighede van die bannelinge, wo. die vervaardiging van kuriositeite. In hoofstuk 6 word insiggewende feite vermeld oor die lot van die 256 Koloniale rebelle op Hawkinseiland en hy beskryf watter wrede behandeling hul ontvang het.

Die sterftesyfer onder die bannelinge was laag, maar voedsel, kleding en ander fasiliteite was swak, met die gevolg dat J. Reitz, seun van F.W. Reitz, 'n brief na Amerika uitgesmokkel het waarin op die swak toestande gewys is. 'n Liefdadigheidsorganisasie het daarop 'n afgevaardigde na Bermuda gestuur om ondersoek te gaan instel met die gevolg dat die Amerikaners op groot skaal klere en voedsel vir die bannelinge gestuur het. Ook het daar 'n groot verbetering in die behandeling van die bannelinge ingetree.[89]

---

88) Die Bermudas bestaan uit verskeie eilandjies en die 4,600 bannelinge was op Burteiland, Darrelseiland, Hawkinseiland, Tuckerseiland en Morganseiland gevestig.

89) Ibid., p. 61-65.

/ In hoofstuk .......

In hoofstuk II meld Van Blerk hoedat die owerhede die 200-300 kinders teen die einde wou "speen van hul republikeinse gesindheid" deur hulle almal op Hinson-eiland te plaas waar Engelsgesindes hulle probeer indoktrineer het. Dit het egter die rebelsheid by die jeugdiges opgewek met die gevolg dat die poging misluk het. Dit is interessant om te weet dat die sing van die Psalms van Dawid nie in die kamp toegelaat is nie omdat dit opruiende taal sou bevat.

Van Blerk staan ook kortliks stil by die geestelike lewe en opvoeding terwyl hy ook die verhale meedeel van die ontsnapping van F.J. du Quesne en die avonture van M. Teinert.

Onder die aantal bylaes agter in die werk kom o.m. voor 'n waardevolle naamlys van die rebellebannelinge met hulle ouderdomme, adresse, beskuldigings teen hulle en hul straf, enkele vertellinge van bannelinge oor hul gevangeneming en behandeling deur die vyand en 'n naamlys van die drie en dertig bannelinge wat gedurende 1901 op Bermuda oorlede is met vermelding van die datums en oorsaak van hulle dood. Die werk is toegelig met meer as vyftig waardevolle outentieke foto's deur Van Blerk self op die eiland geneem.

Ten spyte van 'n tydsverloop van meer as veertig jaar was Van Blerk in staat om 'n groot hoeveelheid waardevolle gegewens oor die kampe op Bermuda te verstrek en dit getuig van 'n opmerksame, intelligente waarnemingsvermoë en 'n goeie geheue. As predikant was hy in gedurige kontak met die bannelinge en daarom ook redelik goed op hoogte met die kamplewe. Gevolglik besit die getuienis 'n sekere gesaghebbende waarde en dit dra by tot 'n vollediger beeld oor die kamplewe op die Bermudas.

15. I.J.C. de Wet,[90] Met genl. De Wet op kommando.

Dit was beskeidenheid wat veroorsaak het dat De Wet nie sy herinneringe gedurende sy jeugjare neergeskryf het nie. Na bykans vyftig jaar het hy op

90. Van hierdie persoon kon geen besonderhede verkry word nie.

/ aandrang van andere......

aandrang van andere uiteindelik besluit om dit te doen. Waarskynlik omdat sy vader genl. C.R. de Wet, op wie se staf hy gedien het, reeds die krygsgebeure beskryf het, het hy besluit om nie weer die hele krygsverloop kronologies te herhaal nie, maar slegs aanvullende getuienis t.o.v. sy vader se krygsloopbaan te verskaf. Hierdie getuienis is die vrug van sy

> ".... persoonlike belewenisse t.o.v. sekere veldslae of gevegte, geheimsinnige bewegings, uitoorlê taktiek by aanvallende sowel as verdedigende optrede, amuserende en hartroerende tonele". 91)

Die inhoud van die werk vorm dan ook geen logiese samehangende geheel nie, maar bestaan uit 'n reeks los fragmente.

Die leser maak weer eens vlugtig kennis met van die belangrikste krygsprestasies van De Wet wo. Nicholsonsnek, die verowering van die reuse konvooi te Blauwbank aan die Rietrivier, die pogings van De Wet om Cronjé te bevry, die rapport van De Wet aan Cronjé en die verhaal uit die mond van Theron wat dit gaan aflewer het. Die leser beleef weer die stormloop deur Sprinkaansnek en die slag by Jammerbergdrif. Hy verduidelik hoe die treinopblaasapparaat gewerk het en in hoe 'n mate die ontsporing van treine Britse krygsoperasies in die wiele gery het.

'n Interessante feit wat De Wet aan die lig bring, is die reuse aandeel van die hoof van De Wet se verkennerskorps, kapt. M.J. van Schoor, aan baie oorwinnings soos Rooiwal,[92] Groenkop,[93] Graspan (Reitz), die deurbraak by Kalkkrans en die invalle in Kaapland.

Hy wys op die belangrike rol wat die rapportryer in die oorlog gespeel het en dat oorwinning

---

91) I.J.C. de Wet, Met genl. De Wet op kommando. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1954, voorwoord (ongenommer).
92) Ibid., p. 63-68.
93) Ibid., p. 94-105.

/ en neerlaag, ........

en neerlaag, ja die lot van die burgers van hom afgehang het. Al die eienskappe wat die ideale rapportryer moet hê, was in vk. W. Pretorius teenwoordig. Terselfdertyd word d.m.v. die beskrywing van enkele van sy heldedade hierdie held aan die vergetelheid ontruk.

Huldeblyke word t.o.v. verskeie persone w.o. genl. C.C. Froneman, mev. De Wet en kmdt. C.A. van Niekerk verstrek, terwyl kleiner insidente tussendeur vermeld word soos die doodskiet van die verraaier Morgendal deur genl. Froneman en die lotgevalle van die vrou en kind gedurende die oorlog.

ŉ Aansienlike hoeveelheid van die feite i.v.m. die krygsprestasies van genl. De Wet is reeds bekend. Hy verskaf egter ŉ hoeveelheid waardevolle aanvullende getuienis oor sommige aspekte van De Wet se militêre loopbaan wat nie elders verkry kan word nie.

De Wet verklaar in sy voorwoord dat hy die gebeure beskryf het sonder om doekies om te draai d.w.s. " .... met dié gevoel en in dié gees waarmee die verdedigers van land en volk destyds teenoor die vreemde indringers met agressiewe motiewe besiel en tereg tot barstens toe gevul was." Hy wou nie die Boeregees probeer verdoesel nie omdat dit die latere geslagte sou mislei en dit op verraad van sy kant sou neerkom.

Gevolglik is die werk sterk subjektief gekleurd. Erns, luim, spot, woede en sarkasme wissel mekaar gereeld af en hy maak van lagwekkende segswyses en woordspelinge gebruik om sy gevoel teenoor die vyand bloot te lê. Die waarde van hierdie gevoelsuitinge teenoor die vyand lê daarin dat dit as illustrasie dien van hoe ten minste sommige van die Boere tydens die oorlog teenoor die vyand gevoel het en hy verhoed dat daar soos met soveel ander herinneringe die geval is, ŉ vals beeld van die verhouding tussen Boer en Brit geskep word.

/Hoewel ....

Hoewel die leser 'n redelike beeld van C.R. de Wet as strateeg kry, vind 'n mens weinig oor hom as mens. Sulke feite sou die waarde van die werk baie kon verhoog.[94] Hoewel I.J.C. de Wet baie van sy tyd in die teenwoordigheid van die Generaal deurgebring het, kry die leser slegs nou en dan, gewoonlik voor 'n veldslag, insae in sy persoonlikheid.

Behalwe oordrywings hier en daar adem die werk deurgaans 'n gees van opregtheid en betroubaarheid. Daarom is dit jammer dat I.J.C. de Wet nie onder leiding van 'n historikus groter wetenskaplik-historiese samehang aan sy getuienis gegee het soos H.J.C. Pieterse gedoen het met die herinneringe van genl. Malan nie.[95]

Die hinderlike gewoonte van De Wet om dwarsdeur die werk oproepe aan die adres van die nageslag te rig en selfs sy kampanje teen en sy oordeel oor Brittanje tot die huidige te voer, werk steurend in op die gang van die verhaal en moes liefs weggelaat gewees het.[96] Met hierdie uitlatinge het De Wet beoog om 'n politieke doel te dien en hy lewer daarmee geen bydrae tot die geskiedenis van die oorlog nie.

16. P.R. van der Westhuizen, Wat van ons?

Phillipus Rudolf van der Westhuizen is omstreeks 1887 in die Potchefstroomse distrik gebore, waar die familie met die uitbreek van die oorlog nog woonagtig was.[97] In 1905 het hulle na Lindley verhuis.[98]

Hy neem aan die Rebellie

94) M.C.E. van Schoor, Met genl. De Wet op kommando (boekbespreking). Die Huisgenoot, 15.4.1955.
95) Ibid., Kyk p. 360 hieronder.
96) Vgl. Van Schoor, Die Huisgenoot, 15.4.1955.
97) P.R. van der Westhuizen, Wat van ons? Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1959, p. 1.
98) Ibid., p. 53.

/ deel.........

deel[99] en word in die Fort te Johannesburg aangehou,[100] tot 1915 toe hy na sy ouerhuis terugkeer.[101] In 1943 was hy in Transvaal woonagtig.[102]

Die ongewone titel van die werk is ontleen aan 'n brief wat Van der Westhuizen in 1943 aan genl. Smuts gerig het waarin hy wys op die vooroordeel wat daar by die Smutsregering se ondersteuners bestaan teenoor die standpunte en ideale van diegene wat destyds saam met Smuts geveg het.[103]

Slegs ongeveer 'n derde van die werkie handel oor sy en sy familie se ervaringe gedurende die oorlog terwyl die res van die werk oor hul ervaringe na die oorlog en sy ervaringe tydens die Rebellie handel. Volgens Van der Westhuizen is die vertelling saamgestel uit herinneringe en dagboekaantekeninge. Omdat hy ten tye van die uitbreek van die oorlog nog maar twaalf jaar oud was, het hy waarskynlik nie 'n dagboek oor daardie gebeure aangehou nie, maar wel oor die Rebellie.

Hy beskryf ten aanvang toestande op hul plaas nadat sy vader op kommando gegaan het en gee 'n ooggetuieverslag van 'n geveg waartydens selfs die skool waarin die skoliere hul bevind het onder vuur geneem word. Tydens 'n ander geveg in die distrik ondervind hulle die wreedheid van oorlog en maak kennis met die dooies en gewondes op die slagveld.

Hy beskryf die afbranding van hulle huis en die wegvoering van die familie na die kamp te Potchefstroom. In twee kort hoofstukke word hulle verblyf in die kamp met al sy leed en ellende geskets en alhoewel sy moeder en broertjie siek word, sterf nie een nie.[104] Na die vrede keer

99) Ibid., p. 64.
100) Ibid., p. 128.
101) Ibid., p. 134.
102) Ibid., inleiding (ongenommer).
103) Ibid.
104) Ibid., p. 27-36.

/sy ....

sy vader terug vanaf St. Helena en hy beskryf die weeropbou van die verwoeste plaas.

Van der Westhuizen beklemtoon dat wat sy kinderoë alles moes aanskou 'n onuitwisbare indruk op sy gemoed gemaak het. Daarom lê die waarde van die vertelling in die uitbeelding van die kind se gemoedslewe ten tye van oorlogsgeweld en lyding. Van enige waarde is ook 'n skets wat in die werk opgeneem is van ds. Stulting oor toestande in die Bloemfonteinse konsentrasiekamp en die notule van 'n Burger-Vrede-Komiteevergadering gehou te Belfast onder voorsitterskap van M. de Kock.

17. W.K. Hancock en J. van der Poel, Selections from the Smuts Papers, vol. I.

Jan Christiaan Smuts is op 24 Mei 1870 in die distrik Riebeeck-Wes gebore. In 1898 is hy aangestel as staatsprokureur van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Tydens die Tweede Vryheidsoorlog was hy in bevel van die Boeremagte in Noordwes-Kaapland. Gedurende die jare 1919 -1924 en 1939-1948 was hy Eerste Minister van Suid-Afrika. Hy is op 11 September 1950 oorlede.[105)]

Onder die opskrif "Memoires of the Boer War" word in deel 5 van bogenoemde werk 'n weergawe van 127 bladsye van Smuts se herinneringe oor die oorlog gegee.

In 'n voorwoord tot die herinneringe word verduidelik dat die Generaal 'n werk van twintig hoofstukke beplan het wat sou strek vanaf die val van Pretoria tot hy vrygestel is van sy burgerlike pligte en hy op kommando gegaan het, tot sy laaste plig as Boeregeneraal, nl. die ontbinding van die Boerekommando's in die Kaapkolonie. Die werk

---

105) De Kock, op. cit., p. 765- 786.

/ het.........

het egter 'n groter omvang aangeneem as wat hy beplan het, want sy eerste sewe hoofstukke het vermeerder tot tien wat slegs die tweede helfte van 1900 dek. Dit is dus moontlik dat die werk uiteindelik dertig of meer hoofstukke sou beslaan het.

Daar kan nie vasgestel word wanneer Smuts sy herinneringe opgeteken het nie, maar volgens Hancock en Van der Poel moes dit tussen 1903 en 1906 gewees het. In 1906 is die vertelling skielik gestaak toe hy met die elfde hoofstuk besig was. Waarskynlik het sy toenemende politieke bedrywighede toe ál sy tyd begin opeis. Daarna het hy sy oorlogsboek skynbaar vergeet, want in sy latere geskrifte word feitlik nêrens weer daarna verwys nie. 106)

Die vertelling neem 'n aanvang voor die val van Pretoria op 6 Junie 1900, toe Smuts en S.Burger in Pretoria moes agter bly om die regering te verteenwoordig en orde te handhaaf. Na Burger se vertrek na Lydenburg moes Smuts alleen die verantwoordelikheid van die hoofstad dra, maar hy het geen gesag gehad nie en is geopponeer deur die "rus en orde" - komitee en hy kon nie verhoed dat die regeringsmagasyne geplunder word nie.

Hy woon 'n byeenkoms van Boeregeneraals in Pretoria by, waartydens daar besluit is om vrede te sluit, maar Steyn het d.m.v. 'n boodskap die gedagte die nek ingeslaan. Die Boereweerstand by Sesmylspruit was volgens Smuts slegs daarop gemik om die geld, goud en ammunisie uit Pretoria te verwyder. Hy was ooggetuie van 'n moedelose Boeremag wat na die val van die hoofstad op groot skaal wapens neergelê het en hy gee 'n insiggewende sielkundige ontleding van

---

106) W.K. Hancock en J. van der Poel, Selections from the Smuts papers. Vol. I. Cambridge University Press, 1966, p. 536.

/ die gemoedstoestand.....

die gemoedstoestand van die duisende burgers wat vertroue in hul offisiere en in hulself verloor het.

Die vredesonderhandelings wat Roberts na die val van Pretoria met Botha gevoer het, word 'n klug en 'n belediging vir Botha genoem.

Vervolgens word 'n intensiewe verslag gegee van die laaste groot afweergeveg waaraan al die kommando's deelgeneem het, nl. die slag van Donkerhoek en hy blameer T. Smuts dat hy vir De la Rey daar in die steek gelaat en hom sodoende van moontlik sy grootste oorwinning gedurende die oorlog beroof het.[107)]

Daarna is dit aan De la Rey opgedra om met 'n guerillakryg in Wes-Transvaal te gaan begin en op laasgenoemde se versoek het Smuts in die tweede week in Julie 1900 by hom aangesluit.

Met die herverskyning van die Boerekommando's in Wes-Transvaal was die "papierokkupasie" plotseling verby en oral het nuwe kommando's ontstaan. Hier tree Smuts in die bresse vir die talle Wes-Transvalers wat die eed van neutraliteit verbreek het. Nie op hulle moet die blaam geplaas word nie, maar ".... blame rather those British authorities who were abusing their power as conquerors and violating the rules of international morality and debauching the minds of these people by making them swear an illegal oath in conflict with their plain duty as burghers, for which they were liable to be punished by their officers, while the military authority could not afford them any protection."[108)]

Smuts beweer dat vier persone hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik was dat die moedelose Wes-Transvalers weer na die wapens gegryp het, nl.

---

107) Ibid., p. 555-561.
108) Ibid., p. 578.

/ S. Oosthuizen.........

S. Oosthuizen se werwingswerk en sy geveg met genl. H.L. Smith-Dorrien te Dwarsvlei op 11 Julie 1900, De la Rey se oorwinning te Selikatznek op 11 Julie 1900, Lemmer se werwingswerk in die distrikte Rustenburg, Marico en Lichtenburg, sy aanval op Rustenburg en sy oorwinning te Wysfontein, asook Liebenberg se optrede in die Potchefstroomse distrik wo. sy inname van Klerksdorp. Smuts het nie aan bogenoemde operasies deelgeneem nie en sy getuienis oor bogenoemde gevegte het hy waarskynlik by die onderskeie bevelvoerders gekry.

Toe Smuts by De la Rey arriveer, was laasgenoemde op die punt om kol. C.O. Hore se kamp aan die Elandsrivier aan te val. Die tevergeefse beleëring van die kamp word in détail beskryf.

Na die geveg besoek De la Rey en Smuts die distrikte van Marico en Lichtenburg en die siviele gesag op die dorpe word herstel terwyl die burgers in groot getalle weer die wapen opneem. Daarna vind die geveg te Slypsteenkoppie plaas, waar kol. E.H. Dalgety ontsnap a.g.v. die pligsversuim van Liebenberg.

Dit was nie Smuts se bedoeling om 'n geskiedenis oor die oorlog te skryf nie, maar slegs om die operasies van die kommando's met wie hy persoonlike kontak gehad het te beskryf en ter wille van 'n totaalbeeld slegs na die bedrywighede van die ander kommando's te verwys. In die sogenaamde Magaliesberg-veldtog (Sept. - Desember 1900) het Smuts onder De la Rey gedien en van hierdie fase gee hy 'n intensiewe verslag. Die Magaliesberg-veldtog is ingelui toe Clements in September 1900 die Moot binnetrek en begin het om dié digbewoonde gebied stelselmatig te verwoes. By die Maanhaarrand raak De la Rey met Clements slaags en hoewel Smuts geen rang beklee het nie was hy aanvoerder van 'n deel van die kommando in hierdie en die daaropvolgende gevegte.

/ Vervolgens........

Vervolgens word die byeenkoms te Cyferfontein in Oktober 1900, wat bygewoon is deur lede van die Vrystaatse regering, Botha, Smuts en ander offisiere, beskryf. Daar is tot die besef gekom dat Engeland die Republieke slegs d.m.v. 'n uitputtingsoorlog kan oorwin, wat tot gevolg kan hê dat die Boerenasie uitgeroei sal word. Gevolglik is besluit om die verdere verwoesting van die Republieke te beëindig deur die oorlog na die Kaapkolonie en Natal te verplaas, waar Brittanje nie die koloniale gebied sal verwoes nie, terwyl die moontlikheid bestaan dat die Kaapkolonie sy lot by die Republieke sal ingooi. Van die plan om die kolonies met ongeveer 11,000 man binne te val, het egter niks gekom nie en slegs Smuts is met 'n klein mag na die Kaapkolonie.

Voorafgegaan deur verskeie skermutselings word die Magaliesberg-veldtog afgesluit met die slae van Buffelshoek en Nooitgedacht.[109)]

Omdat in die suidwestelike distrikte van Transvaal 'n slap gees ontwikkel het a.g.v. die passiewe optrede van sekere offisiere, is die taak aan Smuts opgedra om die verskeie kommando's daar te gaan organiseer en hier sluit Smuts sy herinneringe af.

Smuts het hom egter nie net by 'n beskrywing van die verloop van krygsgebeure gehou nie, maar hy hou ook deurgaans 'n eie mening oor persone en gebeure daarop na.

Hy sien die oorlog in sy geheel en van beide kante as 'n oorlog van strategiese foute. Van Britse kant was Roberts se opmars na Pretoria een van die grootste flaters aangesien hy gedink het dat die val van Pretoria die einde van die oorlog sou beteken. Indien hy Buller opdrag gegee het om terselfdertyd die Boere se oostelike roete af te sny, kon die val van Pretoria van deurslaggewende betekenis gewees het.

---

109) Ibid., p. 641-647.

/ Een van die.......

Een van die kardinale foute van die Boere-leërleiding was die defensiewe beleid wat gevolg is. De la Rey se terugtog vanaf Colesberg was 'n fatale flater, want indien hy Roberts se kommunikasiemiddele in die Kaapkolonie vernietig het, sou dit sy inval verlam en kon De la Rey Cronjé by De Aar gered het. Dit was ook 'n groot flater om die Vrystaat en Wes-Transvaal aan die genade van die vyand oor te laat. Hy wys op die swak gehalte Boereoffisiere aan die begin van die oorlog en hoedat daar na die slag van Donkerhoek sewe Boeregeneraals ontslaan is.

Hy wys op verskeie gevalle van verraad aan Boerekant en vermeld die ongelooflike verhaal van H. Schoeman wat as gewone burger tydens die Natalse veldtog Kruger oorgehaal het om hom bevelhebber aan die Colesbergse front te maak. Later is hy weens hoogverraad ter dood veroordeel, maar is twee keer deur die Engelse bevry. Hy is ten slotte in sy eie huis deur 'n bom gedood wat hy van die Colesbergse front saamgebring het.

Na aanleiding van B.J. Vorster, volksraadslid vir Soutpansberg, se lafhartige rol en sy verraad later in die oorlog laat hy die volgende kwyt:

> "Fare thee well, Barend Vorster junior, type among a people of types, Volksraad member and concession hunter, Native Commissioner and Kaffir Chief rolled into one, defender of the gates of Jerusalem and usurper of its authority, evil of reputation but good of heart, full of human nature and human kindness, with whom I at least sympathize far more than with the spotless whited sepulchres of our civilization". 110)

Behalwe dat hy waardevolle insae in die strategie van De la Rey gee, lug hy ook menings oor die Boere- en Britse krygstaktiek in die algemeen. Vlug volgens plan was deel van die Boere se krygstaktiek en dit het nie hulle moreel

---

110) Ibid., p. 572.

/ geaffekteer nie, .....

geaffekteer nie, maar het die vyand uitgeput en moedeloos gemaak. As rede waarom Britse veldtogskemas so dikwels in duie gestort het, voer hy aan dat die vyand as gevolg van 'n gebrek aan selfvertroue weifelend opgetree het en gevolglik nie sukses kon behaal nie.

Dit moet gekonstateer word dat Smuts se herinneringe veral vanuit 'n krygskundige oogpunt, besonder waardevol is en dit is uiters jammer dat hy nie sy taak voltooi het nie. Sy weergawe van die eerste fase van die guerillakryg in Wes-Transvaal vorm 'n waardevolle aanvulling tot die getuienis daaroor soos op skrif gestel deur o.a. J.F. Naude.[111] Die volgende beskrywing dui aan in watter trant krygsoperasies beskryf word:

"Colonel Hore's force consisted of about 300 Australian Bushmen and Rhodesians, with an effete 7-pounder, stationed on a remarkably well-chosen place consisting of a boulder-covered kopje, surrounded in all directions by open country, and situated about half a mile west of Elands River and half a mile from the junction of Doorn River and Elands River. An advance post was stationed on an eminence overlooking the junction of the two rivers and in such a way as to command for some distance the course of the Doorn River. Still further, beyond the Doorn River, on a small bush-covered kopje in the angle formed by the junction of the two rivers, another part of the force was posted in a high commanding position from which it was possible to protect the approaches of the camp to the Elands River, on which the camp depended for its water supply. This whole position was situated between two parallel ridges of low hills running from east to west for a considerable distance which are pierced by the Elands River flowing from south to north, and enclosing a valley of from two to

---

111) Kyk p.106 hierbo.

three miles.............

three miles broad in which the main road from Zeerust to Rustenburg runs". 112)

Smuts se getuienis besit 'n hoë mate van betroubaarheid as in aanmerking geneem word dat hy dit enkele jare na die oorlog neergeskryf het, dat hy in 'n besondere gesagsposisie en dus deurgaans op hoogte van sake was, dat hy oor 'n skerp waarnemingsvermoë beskik het en daarby intellektueel buitengewoon goed toegerus was om dít wat hy waargeneem het op bekwame wyse weer te gee.

Sy herinneringe vorm in die geheel 'n besonder onderhoudende stuk leesstof wat in skilderagtige taal en in vloeiende styl aangebied is. Die erns van die stryd word gedurig afgewissel met interessante anekdotes oor mense en gebeure, filosofiese beskouinge en sprankies humor, spot en luim.

Daar straal 'n warm patriotisme deur die werk en hoewel Smuts nie skroom om Boerekant aan kritiek te onderwerp nie, word die Boer oor die algemeen simpatiek geskilder en die vyand dikwels gegésel waar hy die wette van humaniteit oortree het.

B. Herinneringe deur ervarene self opgeteken en of gekombineer met ander bronnegetuienis en getuienis van mede-ervarenes.

1. Eliza Neethling (Murray), Should we forget?

Eliza Neethling, dogter van ds. A. Murray, is in 1855 op Graaff-Reinet gebore.113) Sy is in 1875 met ds. H.L. Neethling getroud.114) Teen 1882 het die egpaar hulle op Utrecht, Transvaal, gevestig waar E. Neethling, wie se man haar in 1890 ontval het, met die uitbreek van die oorlog nog steeds

---

112) Ibid., p. 589.
113) J. du Plessis, The life of Andrew Murray of South Africa. Londen, Marshall, 1919, p. 23.
114) Ibid., p. 32.

/ gewoon het.......

gewoon het.[115] In 1916 was sy in Kaapstad woonagtig.[116]

Kort na die vrede in 1902 is Neethling deur genl. L. Botha versoek om na Europa te gaan om die mense daar op hoogte te bring aangaande die konsentrasiekampe en te bevestig wat Emily Hobhouse daaroor geskryf het.[117] Op aandrang van dr. Andrew Murray het sy toe besluit om alles i.v.m. die saak op skrif te stel. So het Should we forget? nog in Desember 1902 verskyn en wel in Engels omdat die boek spesiaal vir die buiteland bedoel was. Die doel van die werk was om toestande in die konsentrasiekampe aan die wêreld bekend te stel en te openbaar hoe wreed oorlog kan wees " .... particularly wars of greed and agression".[118]

Toe Neethling en haar twee dogters voor die keuse gestel is om óf hul invloed te gebruik om die boere. wapens te laat neerlê óf hulle tuiste op Utrecht te verlaat, het hulle besluit om nie hul volk te verraai nie, wat daartoe gelei het dat hulle op 5 April 1901 na die kamp te Pietermaritzburg gestuur is.[119] Tydens hulle verblyf daar is sy toegelaat om verskeie kampe in die omtrek te besoek naamlik dié te Volksrust, Howick, Pinetown, Merebank, Jacobs en Wentworth en sy kon goed op hoogte kom met kamptoestande in Natal.

Na aanleiding van anonieme getuies met wie Neethling onderhoude gevoer het, word in hoofstukke 3, 4 en 5 'n beeld gegee van die hartelose en barbaarse wegvoering van die vroue na die kampe en die verwoesting van huis en haard deur die vyand. In hoofstuk 6 word op die vraag "What were Concentrationcamps for?" die antwoord van Britse offi-

115) Eliza Neethling, Should we forget?. Kaapstad, H.A.U.M., 1902, inleiding (ongenommer).
116) E. Neethling, Vergeten?. Kaapstad, Nasionale Pers, 1917, p. iii.
117) Kyk die werk van E. Hobhouse, The brunt of the war and where it fell. Londen, Metuen, 1902.
118) Neethling, Should we forget?, p. 12.
119) Ibid., inleiding (ongenommer). /siere ....

siere hierop gegee nl. dat die vroue die oorlog verleng het deur die mans van kos te voorsien,[120] maar ook dié wat aan die Engelse volk gegee is nl. dat dit die vroue sou red van 'n hongerdood.[121] Die ironie, verklaar Neethling, is dat talle siekes juis 'n hongerdood in die kampe gesterf het.

In Britse Blouboeke wat deur Neethling gelees is, word die kampe verdedig as o.a. 'n metode van beskerming teen die Bantoes, " .... and for military reasons."[122] Vir Neethling is die ironie van die saak egter dat dit juis die Brit was wat die Bantoe teen die Boere ingespan en sodoende 'n gevaar geskep het wat die eerste jaar van die oorlog nie bestaan het nie.

Vervolgens noem Neethling nog 'n aantal gevalle van Britse barbarisme, die tiranniese behandeling in verskeie kampe, diskriminasie teen kampfamilies wie se mans op kommando was, en Bantoegeweld onder leiding van Britse offisiere.[123]

In hoofstukke 9 en 10 gee sy 'n verslag van toestande in die beste kamp in Natal, nl. dié te Pietermaritzburg, soos sy dit self waargeneem het, asook woordelikse weergawes van onderhoude wat sy met verskillende vroue daar gevoer het. Toestande in die Merebank- en Volksrustkampe word onder die soeklig geplaas in hoofstuk II.

In hoofstuk 12 weerlê sy verskeie bewerings in die Blou Boeke, o.a. dat die kampe 'n toevlugsoord vir die vroue was. Sy wys ook daarop dat talle vroue elders by vriende kon gaan inwoon het, soos die vroue van genls. J.B.M. Hertzog en

---

120) Ibid., p. 46.
121) Ibid.
122) Ibid., p. 56, J.C. Otto (op.cit., p. 42) maak die stelling dat die Britte 'n uitsluitend militêre doel met die konsentrasiekampe voor oë gehad het, nl. om d.m.v. die kampe die oorlog tot 'n spoedige einde te dwing.
123) Neethling, op.cit., p. 59-72.

/De ....

De Wet, maar dat dit geweier is omdat hulle mans op kommando was. In 'n slothoofstuk wys Neethling daarop dat die Boere oorgegee het omdat daar gevrees is dat die vroue en kinders uitgewis sou word.

Die getuienis soos in die werk vervat, bestaan uit die persoonlike waarnemings van Neethling self asook dié van ander getuies wat sy geraadpleeg het. As kampmoeder was sy goed op hoogte van sake en sy verskaf waardevolle getuienis oor die Pietermaritzburgse kamp en ander kampe wat sy besoek het. Neethling het haar nie aan oordrywings skuldig gemaak nie en haar status as predikantsvrou verhoog die waarskynlikheid dat sy die waarheid sou nagestreef het.

Die getuienis wen verder aan waarde as in aanmerking geneem word dat sy haar getuienis op skrif gestel het toe alles nog neutvars in haar en haar informante se geheues was.

2. <u>A.G. de Wet, e.a., Im Kampf um Süd-Afrika. Deel 4. Die Buren in der Kapkolonie im Kriege mit England</u>.

Bogenoemde werk is, sover vasgestel kan word, die enigste outobiografiese bron wat aan die hand van verskeie getuies 'n geheelbeeld van die verloop van die Tweede Vryheidsoorlog in Kaapland probeer gee.

In 'n inleidende hoofstuk van die werk beskryf kmdt. A. de Wet [124] hoedat Afrikaner-nasionalisme in die Kaapkolonie tot rebellie teen Brittanje gelei het. Hy wys daarop dat minstens 150,000

---

124) Van hierdie persoon kon geen besonderhede verkry word nie behalwe dat hy op twintigjarige leeftyd uit die Kaapkolonie na Transvaal verhuis het. De Wet, e.a., <u>Die Buren in der Kapkolonie im Kriege mit England</u>. München, Lehmanns Verlag, 190?, p. 6.

/ Kolonialers.........

Kolonialers in hulle harte rebelle was hoewel slegs 5,000 die wapen opgeneem het waarvan 3,000 bittereinders geword het.

In hoofstuk 2 onder die opskrif "Der erste Einfall in der Kapkolonie" verhaal G.C. du Plessis[125] die krygsgebeure aan die wesfront wo. die verowering van die pantsertrein te Kraaipan, die beleëring van Kimberley en die slae te Belmont, Graspan, Modderrivier en Magersfontein asook die gevegte wat die ontsetting van Kimberley en Mafeking vooraf gegaan het.

Du Plessis beskryf bogenoemde slae waaraan hy deel geneem het in slegs twee en veertig bladsye, maar dit is 'n saaklike, inhoudryke verslag wat heelwat waarde besit. Te oordeel aan die vermelding van 'n redelike aantal datums en statistiek het hy waarskynlik aantekeninge van die gebeure gehou. Sy dikwels gedétailleerde beskrywings getuig ook van 'n skerp waarnemingsvermoë. Hy skryf soos volg oor die verowering van die pantsertrein by Kraaipan:

"Endlich schwieg sein Feuer, und Kommandant Vermaas konnte nun die Übergabe der Engländer entgegennehmen: es waren 17 Freiwillige, 2 Officiere, 11 Eisenbahnarbeiter und 9 Kafferen. Dazu wurden erbeutet 35 Le Metford-Gewehre und verschiedene Kisten Munition, worunter eine Menge Lyddit und eine Anzahl Kisten mit der Marke "Dum Dum Nr. 3". Die beiden Officiere, 5 Freiwillige und 4 Kafferen waren verwundet". 126)

Vervolgens beskryf H. van Doornik[127] die inbesitname van Colesberg waaraan hy deelgeneem het. Die slag van Stormberg word deur Du Plessis beskryf, maar dit is nie bekend van wie hy sy getuienis gekry het nie aangesien hy op daardie

125) Hierdie persoon is in 1893 tot kommandant van Vryburg verkies en in 1898 as vrederegter van laasgenoemde dorp aangestel. In 1899 het hy as rebel by die Boere aangesluit. Ibid., p. 17-18.
126) Ibid., p. 16.
127) Van hierdie persoon kon geen besonderhede verkry word nie.

/ stadium aan .......

stadium aan die wesfront was.

De Wet gee voorts 'n onderhoudende oorsig van die sogenaamde Prieska-ekspedisie[128] wat hy onder bevel van genl. P. Liebenberg en kmdt. L. Steenkamp meegemaak het. Met 200 man en twee kanonne is Noordwes-Kaapland binnegeval en Prieska en Kenhardt is tot Republikeinse gebied geproklameer. Binne 'n maand is 700 rebelle gewerf. Na die terugslae aan die oos- en wesfront is die ekspedisie teruggeroep en die rebelle is t.s.v. De Wet se teenkanting net so aan hulle lot oorgelaat. Dit is 'n waardevolle verslag van 'n minder bekende faset van die oorlog en dit vul die getuienis van F.R.M. Cleaver, soos dit in sy werk A Young South African[129] verskyn, aan.

In hoofstuk 5 gee Van Doornik 'n verslag van genls. De Wet, J.B.M. Hertzog en kmdt. G. Brand se invalle in die Kaapkolonie terwyl hy in hoofstuk ses genl. P.H. Kritzinger se bedrywighede in die Vrystaat en sy drie invalle in die Kaapkolonie beskryf. Van Doornik het "sorgfältige Aufzeichnungen" oor die bedrywighede van die kommando's waarin hy in die Kaapkolonie gedien het, gehou soos die inhoud van sy beskrywings bewys. Van Doornik se getuienis oor die bedrywighede van Kritzinger is 'n waardevolle aanvulling tot die onvolledige verslag van sy oorlogsloopbaan soos dit deur R.D. Mac Donald in sy werk, In the shadow of death,[130] beskryf word. As adjundant van Kritzinger was Van Doornik goed op hoogte van sake en sy getuienis besit gevolglik 'n sekere gesaghebbende waarde.

Vervolgens gee Van Doornik 'n oorsig van slegs vier bladsye van die lotgevalle van die kommando van kmdt. H. Lategan wat hy aan laasgenoemde se aantekeninge ontleen het. Lategan was die enigste

128) Ibid., p. 68-84.
129) Kyk p. 68 hierbo.
130) Kyk p. 223 hierbo.

/ rebelle-offisier.......

rebelle-offisier wat van die begin van die oorlog tot die einde in die veld was en daarom is dit jammer dat sy guerillaloopbaan so onvolledig weergegee word.

Onder die opskrif "Die Fliegende Kommandos in der Kapkolonie" beskryf Van Doornik hoofsaaklik die bedrywighede van kmdt. L.B. Wessels wat Kritzinger opgevolg het na laasgenoemde se verwonding en gevangeneming op 17 Desember 1901. Hierdie getuienis is besonder waardevol aangesien Mac Donald die lotgevalle van Kritzinger se kommando slegs tot met laasgenoemde se gevangeneming beskryf. Van Doornik gee ook gereeld die bewegings van ander guerillaleiers in Kaapland w.o. dié van kmdt. J.C. Lötter, L. Botha, C.H.P. van Reenen, J.P. Neser, P.J. Smith en genl. W. Malan.

Die res van die werk is deur A. de Wet geskryf en handel oor die stryd in Noordwes-Kaapland. Na die val van Pretoria is De Wet via Delagoabaai na Duitsland waar hy 'n operasie ondergaan het. Op 18 Oktober 1901 het hy via Suidwes-Afrika weer in Noordwes-Kaapland aangekom.

Ten einde 'n geheelbeeld van die stryd in Noordwes-Kaapland te probeer gee, het De Wet van Maritz se aantekeninge asook van die getuienis van sy twee broers wat op Maritz se staf was, gebruik om Maritz se bedrywighede vanaf sy aankoms in die Noordweste in Maart 1901 tot De Wet se aankoms in Noordwes-Kaapland in Oktober 1901, te beskryf.[131]

Maritz het spoedig na sy aankoms in die Noordweste 'n mag van 250 rebelle op die been gehad wat later tot 1,200 man aangegroei het. Behalwe die Britse troepe moes hy egter rekening hou met 800 gewapende Kleurlinge. De Wet gee nie 'n volledige verslag van Maritz se bedrywighede nie en slegs die vernaamste insidente word beskryf. Sy getuienis dien egter as 'n waardevolle aanvulling tot

131) Ibid., p. 163-181.

/die ....

die **outobiografiese** getuienis wat later oor die stryd in Noordwes-Kaapland verskyn het. w.o. die werk van Maritz self, nl. My lewe en strewe.[132]

Ten slotte word, wat die stryd in die Noordweste betref, genl. J.C. Smuts se rol in die stryd in Kaapland geskets.[133] Eerstens word die uiters waardevolle verslag van Smuts oor sy inval in die Kaapkolonie gedurende September en Oktober 1901 weergegee.[134] Vervolgens gee De Wet 'n oorsig van Smuts en Maritz se bedrywighede vanaf Smuts se aankoms in Noordwes-Kaapland tot die vredesluiting. As kommandant en as lid van Smuts se staf was hy goed op hoogte van sake en sy getuienis oor hierdie tydperk van die stryd besit heelwat gesaghebbende waarde. Onder die bedrywighede van Smuts, Maritz en genl. J. van Deventer vanaf Oktober 1901 tot die vredesluiting kan genoem word die gevegte te Middelpos, Windhoek, die geveg van Maritz met die Kleurlinge te Leliefontein naby Garies, die verowering van Springbok en Concordia en die beleëring van O'Kiep deur Maritz.

Gedurende Maart 1902 is De Wet gewond met die gevolg dat hy die verowering van Springbok, Concordia en die beleëring van O'Kiep nie bygewoon het nie. Sy verslag oor hierdie insidente berus op die getuienis van Maritz en De Wet se broer, Piet.

Vervolgens gee De Wet 'n kort oorsig oor die **vrouekampe.** Hy beskryf die ontvangs van die vredestyding deur die rebelle, die wapenneerlegging te Soetwater in die distrik Calvinia en Smuts se toespraak by dié geleentheid. 'n Aantal burgers w.o. Maritz, Lategan, De Wet en Van Doornik het geweier om Britse onderdaanskap te aanvaar en is via Suidwes-Afrika na Europa.

---

132) Kyk p. 251 hieronder.
133) A.G. de Wet, op.cit., hoofstuk 10.
134) Ibid., p. 183-194.

/In ....

In 'n slothoofstuk bespiegel De Wet of die vrede permanent sal wees en hy besluit dat die ontwakende Afrikanernasionalisme nie op die lange duur Britse heerskappy sal duld nie.

Die navorser wat 'n studie van die stryd in Kaapland wil maak, kan hierdie werk onmoontlik nie ignoreer nie. Hoewel die verloop van die stryd in Kaapland in slegs 220 bladsye beskryf word, word a.g.v. die kernagtige weergawe van gebeure, 'n groot hoeveelheid baie waardevolle gegewens, veral oor die guerillastryd in Kaapland, verstrek.

Die tot groot hoogte objektiewe getuienis besit waarskynlik 'n redelike hoë mate van betroubaarheid as in aanmerking geneem word dat die skrywers van hulle eie aantekeninge oor die gebeure asook van die getuienis van kmdte. Lategan, E. Conroy, Heser, genls. Maritz, Smuts en van die twee broers van De Wet, wat staflede van Maritz was, gebruik gemaak het. Omdat die skrywers en bogenoemde getuies nie altyd oral teenwoordig kon wees nie, is daar ook van ander ongenoemde getuies gebruik gemaak en al die getuienis sal eers deeglik gekontroleer moet word alvorens dit as geskikte bronnemateriaal geklassifiseer kan word.

'n Gedeelte van die gegewens bestaan waarskynlik uit herinneringsgetuienis. Aangesien die skrywers die gegewens in 1902 of kort daarna te boek gestel het, behoort geheuefoute egter beperk te wees.

Die werk besit nie net as aanvullende bron groot waarde nie, maar ook as kontrolebron. Dit is egter ongelukkig ook so dat hoe meer outobiografiese werke daar oor 'n sekere faset van veral die guerillafase van die oorlog verskyn, hoe meer word die navorser deur teenstrydighede in die getuienis verwar. So verskil De Wet se getuienis in talle opsigte van dié van Maritz (<u>My lewe en strewe</u>), terwyl laasgenoemde twee getuies op hulle

/beurt ....

beurt weer verskil van die dagboekhouer R. de Kersausen de Pennendreff (Ek en die Vierkleur). 'n Enkele voorbeeld kan as illustrasie dien:

Oor die skermutseling te Bloukop in die distrik Calvinia getuig bogenoemde drie getuies soos volg: Maritz beweer hy het die vyand met 13 man bestorm.[135] Tydens die geveg is hy twee keer gewond. Die vyandelike verliese was twee dood en twee gewond.[136] De Wet beweer dat tien man gestorm het. Maritz het een wond opgedoen terwyl drie van die vyand gedood en vyf gewond is.[137] De Kersausen de Pennendreff beweer dat sewe man aan die aanval deel geneem het,[138] dat Maritz een keer gewond is[139] en dat die vyandelike verliese twee dood en vier gewond was.[140]

Du Plessis se getuienis, waarvan die meeste waarskynlik uit 'n gesaghebbende bron afkomstig is, kan ook as kontrole gebruik word aangesien genl. P.A. Cronjé nie altyd akkuraat was met sy opgawes aan sy regering nie. So berig Cronjè bv. dat daar ongeveer 2,000 Engelse tydens die slag van Magersfontein gesneuwel het[141] terwyl die werklike getal 215 was.[142]

De Wet, Van Doornik en Du Plessis het hulle getuienis oorspronklik in Nederlands opgestel en die vertaling in Duits deur A. Schowalter vermin-

---

135) S.G. Maritz, My lewe en strewe. Pretoria, S.G. Maritz, 1938, p. 33.
136) Ibid., p. 34.
137) A.G. De Wet, e.a., op.cit., p. 166.
138) R. de Kersausen de Pennendreff, op.cit., p. 63.
139) Ibid., p. 64.
140) Ibid., p. 65.
141) H.P. van Coller, op.cit., voetnoot, p. 246.
142) H.P. van Coller, Genl. Piet Cronjè en die stryd aan die Westelike front. Breytenbach, Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog, p. 114.

/der ....

der die wetenskaplike waarde daarvan. Ongelukkig is die werk nie ook in Nederlands uitgegee nie met die gevolg dat dit vir die Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika tot groot hoogte onbekend gebly het.

3. Eliza Neethling, Vergeten?.

Op aandrang van professor Von Orelli wat Neethling in 1902 in Switserland ontmoet het en ook omdat niemand anders dit wou doen nie, het Neethling besluit om 'n vollediger verhaal oor die konsentrasiekampe as bogenoemde bespreekte werk van haar nl. Should we forget?, die lig te laat sien.

Vir Neethling was dit noodsaaklik dat die verhaal van die vrou en kind gedurende die oorlog nie aan die vergetelheid oorgegee sal word nie. "Onze nageslacht moet het weten, en als wij niet sorgen, dat onze kinderen het van ons horen, zullen zij het van anderen horen; van diegenen, die moedswillig de waarheid zullen verdraaien, of van vreemden die, na een paar jaar in Zuid-Afrika gewoond te hebben menen, dat zij er alles van af weten".[143]

Haar doelstelling strek egter verder, nl. " .... dat het helpen zal om onze kinderen trots op hun voorouderen te maken, hun volksliefde te vermeerderen, en wat 't edelst in een volkskarakter is op te bouwen".[144]

Na 1902 het Neethling baie moeite gedoen om mededelinge van vroue oor die oorlog te versamel, maar sy het nie veel sukses behaal nie. Gelukkig het sy die uiters waardevolle versameling herinnerings wat mnr. Horak, redakteur van Die Transvaler, in 1904 versamel het om self 'n boek oor die kampe te skryf, bekom.[145]

143) Neethling, Vergeten?, p. 10.
144) Ibid., p. xiii.
145) Ibid., p. xii.

/In ....

In 1917 het toe 'n heelwat uitgebreider werk van Neethling onder die titel Vergeten? verskyn waarin opgeneem is: die ervaringe van een en dertig persone, wo. dertig vroue, 'n brief van pres. Steyn aan lord Kitchener waarin hy protesteer teen die barbaarse behandeling van vroue en kinders, 'n uittreksel van 'n brief van genl. Smuts aan pres. Steyn oor die verwoesting van die land en 'n rede gelewer deur pres. Steyn by die Vrouemonument.

Ten einde 'n verteenwoordigende beeld van die lotgevalle van die vrou en kind gedurende die oorlog te gee, het Neethling selektief te werk gegaan en mededelinge uit verskeie distrikte en kampe in die twee republieke en Natal in die werk opgeneem.[146] Die getuienis gee insae in die vernaamste fasette van die vroue- en kinderlyding, nl. die wegvoering van die vrouens en kinders na die kampe, die lewe in die kampe self, die vlugtelingvrou en kind en die vroue wat in tronke beland het. Hierdie reeks verhale vorm 'n byna eentonige relaas van ongelooflike lyding, smaad en verguising en is 'n grootste monument van byna bomenslike uithouvermoë en 'n onwrikbare Godsvertroue.[147]

Deurgaans word die barbaarse optrede van die Britse soldate tydens die wegvoering van die vroue en kinders gemeld. Soms is hulle bygestaan deur hensoppers en soms deur Bantoes. Op hierdie togte, wat dikwels in die ergste weerstoestande onderneem is, is sonder genade opgetree. Veral in Noord-Transvaal het Bantoes dikwels eiehandig vroue op die plase gaan haal en daar het hulle in gedurige doodsangs gelewe.

---

146) Ibid., vgl. p. xiii.

147) E.B. Groskopf, Mag ons vergeet? (boekbespreking). Die Suiderstem, 23.4.1938. Vgl. P.H.S. van Zyl, Mag ons vergeet? (boekbespreking). Die Vaderland, 14.5. 1938.

/ Al die getuies.........

Al die getuies se beskrywings van kamptoestande is feitlik altyd dieselfe, nl. swak huisvesting en voedsel, slegte behandeling van die vyand en die hensoppers wat as die grootste ergernis in die kampe beskryf word, swak higiëniese toestande, 'n water- en brandstofkwessie en swak mediese fasiliteite en behuising. Dit is opmerklik hoe dikwels die feit genoem word dat baie sterfgevalle veroorsaak is deur verhongering.

Hierdie getuienis gee gesamentlik 'n goeie beeld van wat die vroue en kinders gedurende die oorlog te verduur gehad het en die bitterheid van sommige getuies gee aan die leser 'n insae in die gemoedstoestand van hierdie mense. Die gedurige herhaling van sekere wantoestande deur verskillende.persone lewer bewys dat dit onteenseglik waar was en nie in 'n oomblik van haat die produk van 'n vrugbare verbeelding was nie.

Die meeste van die getuienis is ongeveer twee tot drie jaar na afloop van die oorlog opgeteken toe alles nog neutvars in almal se geheues was. Daarby was hulle lyding so diep in hul gemoed ingekerf dat verskeie getuies dit beklemtoon dat hulle dit nooit sal vergeet nie. Die getuies was gevolglik in staat om baie insidente tot in die fynste besonderhede te beskryf en die volgende kan as voorbeeld aangehaal word:

"Op Woensdag, 6 Februarie kwam gen. French met zijn troepen het dorp Ermelo in.

Op Vrijdag, 8 Febr., kwam de provoostmarschalk vernemen of ik wapens had en waar mijn man was. Ik vroeg hem of het waar is, dat de vrouwen weggevoerd worden. Hy antwoordde neen, tenzij ik het verlangde. Ik zeide: Neen, ik verlang het niet; ik zal liever hier blijven als om weggevoerd te worden".

Op Zondagmiddag, om 3½ ure, werd mij aangezegd om 5 uur klaar te zijn; dan zouden zij mij halen. Om 8 uur die avond kwam een open

/wagen ....

wagen om mij en mijn kinderen te halen. Wij werden naar 't engelsche kamp gebracht; ons beddegoed werd op de grond gegooid op een plaats waar muilen of paarden 5 dagen lang gestaan hadden en geen mest of modder weggeruimd was. Twee wagens waren naast elkander getrokken erover; onder deze twee wagens waren behalwe ik en mijn vier kinderen, de volgende families: genl. Oppermans vrouw met vier kinderen, mevr. Mantel met drie kinderen, mev. Wolhuter en mej. Jordaan - tezamen 16 personen".148)

Ook hierdie uitbeelding van vrouelyding, offervaardigheid en trou het as historiese bron ontskatbare waarde.

4. G.S. Preller, Oorlogsoormag en ander sketse en verhale.

'n Aantal verhale van Preller wat in die loop van verskeie jare in o.a. Die Brandwag verskyn het, vind ons saamgebundel onder bogenoemde titel. Die doel met die teboekstelling van hierdie insidente uit die oorlog skets hy soos volg: "Die hele oorlog dof al so langsamerhand weg uit ons herinneringe, soos 'n ongefikseerde **portret** in die sonlig; die àltyd-grote daaruit, wat àlmal moet onthou, vergeet ons terwille van die geskiedvorser; die kleine wat in kleine kring eina-seer gemaak het, vryf ons uit om 'n kleurlose politiek te behaag - Colenso, Magersfontein, Spioenkop - dit word name, met klompies Engelse en klompies Boere wat skiet en skiet; die gons van die koeëls en die kreun van diè wat seer gekry het, die honger en dors en die benoudheid - alles raak weg uit die memorieleitjie soos die meester se huiswerk toe ons kinders was".149)

148) Neethling, Vergeten?, p. 162.
149) G.S. Preller, Oorlogsoormag en ander sketse en verhale. Derde druk. Kaapstad, Nasionale Pers, 1931, p. 1.

/Hier ....

Hier kan Preller hom uitleef as uitbeelder van die verskillende fasette van die oorlog sonder dat sy vertelgawe belemmer word deur die noodsaaklike aanhaling van historiese feite.[150] 'n Kombinasie van historiese feite en persoonlike fantasie, gebaseer op eie ervaring gee aan hierdie werk sy bekoring. In sy openbaring van die siel van sy oorlogsfigure bereik Preller groot hoogtes en ontroer hy in sy menslike sketse.[151]

Ons verneem van die dapper Boerenooientjie, Lettie, wat 'n kakie-offisier met haar skietkuns verras hom uiteindelik ontwapen en in vernedering kamp toe laat draf. Die prys wat sy hiervoor moet betaal, is die afbrand van haar ouerhuis en hulle wegvoering na die kamp.[152]

Dan is daar Johanna wat 'n paar kakie-offisiere met tee en koek onthaal en met boeiende vertellings vergas oor die berugte perdedief, Jaap van Deventer, sodat Danie Theron genoeg geleentheid kan kry om 'n trein in die lug te blaas.[153]

Pragtig is die skets van die eenvoudige, maar dapper oom Hans voor en tydens 'n geveg en wat na die oorlog 'n pynlike dood sterf. Met smaak word die Boerevernuf geskets waarmee twee burgers 'n gepantserde wa aanmekaar flans en daarmee twee Engelse blokhuise bestorm en tot oorgawe dwing.[154]

Onder die opskrif "Die Krugermiljoene" verhaal Preller die wegvoer van die sogenaamde Krugermiljoene waarby hy en genl. Smuts betrokke was en hy slaan met hierdie vertelling alle onwaarhede en legendes oor bogenoemde die nek in.[155]

---

150) Dekker, op. cit., p. 169.
151) Schoonees, op. cit., p. 524.
152) Preller, <u>Oorlogsoormag en ander sketse en verhale</u>. p. 1-7.
153) Ibid., p. 24-42.
154) Ibid., p. 49-70.
155) In sy werk <u>Ons parool</u> gee Preller in hoofstuk 23 weer eens 'n oorsig van hierdie insident.

/ 'n ........

'n Mooi stemmingstukkie vol humor is "Boere op See". Insae word gegee in die gemoedstoestand van 'n aantal krygsgevangenes op pad na Indië en hier vind ons Preller se kragtig-beeldryke styl op sy beste.[156)]

Sy liefde vir die heroïese gebeure uit die oorlog vind ons in sy beskrywing van die tweegeveg tussen die Britse artillerie en twee Krupps aan Boerekant tydens die slag van Dalmanutha waartydens die bediening van die twee Boerekanonne met onverskrokke heldemoed hul posisies behou het tot die einde om sodoende die aftog van die linkervleuel van die Boeremagte te dek.

Preller beskryf hierdie oorlogstaferele met die warme intensiteit van iemand wat dit self meegemaak het.[157)] Dit is sy seggingskrag, realisme en meesterlike hantering van die taal wat die historiese gebeure laat lewe en bydra tot die bekoring wat hy as historikus vir die leser het.

5. J.C.G. Kemp, Vir vryheid en vir reg.

Jan Christoffel Greyling Kemp is op 10.6.1872 in die huidige distrik Amersfoort gebore. Hy ontvang sy opvoeding aan die staatsgimnasium te Pretoria, waarna hy in 1889 klerk word in die onderwysdepartement van die Z.A.R. Kort daarna is hy na die mynkommissaris se kantoor op Krugersdorp oopgeplaas en in 1899 was hy hoofklerk aldaar.

Hy neem aan die Magato-oorlog van 1895 deel en dien in die Transvaalse magte teen die Jameson-invallers. Na die Tweede Vryheidsoorlog was hy agent op Krugersdorp en daarna boer in die

156) Hierdie hoofstuk is deel van sy dagboek wat later onder die titel Ons parool verskyn het. Kyk hoofstuk 12 van laasgenoemde werk.
157) Schoonees, op. cit., p. 525.

/ distrik.........

distrik Piet Retief.

In 1912 sluit hy by die pasgestigte Unieverdedigingsmag aan.[158] In 1914 rebelleer majoor Kemp en sluit na 'n beroemde tog deur die Kalahariwoestyn by Manie Maritz aan. Na enkele gevegte met die regeringsmagte gee Kemp op 2 Februarie 1915 oor. Hy word tot sewe jaar tronkstraf en R2,000 boete gevonnis, maar na byna agtien maande gevangenisstraf is hy vrygelaat.

Vanaf 1920 tot sy dood het hy die Nasionale Party in die kiesafdeling Wolmaransstad verteenwoordig. Vanaf 1924 tot 1934 was hy minister van Landbou, in Hertzog se kabinet. In 1935 word hy minister van Lande in die Verenigde Party-kabinet en in 1936 en 1938 was hy tydelik minister van Verdediging.

In 1939 steun Kemp Hertzog se neutraliteitsbeleid en gaan saam met hom in opposisie. Daarna sluit hy by die Herenigde Nasionale Party aan.[159] Hy is op 31. 12. 1946 oorlede.[160]
Kemp was 'n vurige republikein, " .... vasberade, reguit, kragtig en onstuimig op die slagveld sowel as op politieke gebied.[161] 'n Tweede gedenkskrif het in 1942 van hom verskyn, nl. _Die pad van die veroweraar_.

In sy werk _Vir vryheid en vir reg_ word die kronologiese verloop van die oorlog vollediger uitgebeeld as in enige ander werk wat voor daardie tyd verskyn het.

Die boek kan in drie dele verdeel word. In die eerste agt hoofstukke word die konflik tussen Boer en Brit vanaf 1795 tot 1899 geskets en daarop gewys hoedat stelselmatige en meedoënlose Britse agressie die Boere-republieke uiteindelik in die Tweede Vryheidsoorlog gedwing het. Hier

158) De Kock, op.cit., deel 1,p. 439.
159) Ibid., p. 440.
160) Ibid., p. 439.
161) Ibid., p. 440.

/die ...

die inleiding, wat as gepoogde geskiedskrywing beskou moet word, is uit histories-wetenskaplike oogpunt die mins geslaagde deel van die boek.162)

In die volgende tien hoofstukke word in 'n kronologiese oorsig van die eerste fase van die oorlog 'n relaas van ongeveer sewentien stellingsgevegte gegee terwyl na ander slae verwys word. Die derde deel van die werk, bestaande uit 'n verdere tien hoofstukke, handel oor die guerilla-oorlog en hier beperk Kemp hom hoofsaaklik tot die Wes-Transvaalse krygstoneel.

Die relaas oor die oorlog word ingelui met 'n verslag oor die militêre sterkte, militêre disposisies en veldtogplanne van die Republikeine op die vooraand van die oorlog.163)

Ten opsigte van die eerste fase van die oorlog gee Kemp 'n relaas van die slae van Talana (20 Oktober 1899), Elandslaagte (21 Oktober 1899), Rietfontein (24 Oktober 1899), Moddersprúit en Nicholsonsnek (30 Oktober 1899), Modderrivier (28 November 1899), Stormberg (9 Desember 1899), Magersfontein (11 Desember 1899), Colenso (15 Desember 1899), Platrand (6 Januarie 1900), Taba Myama (19-22 Januarie 1900), Spioenkop (23-25 Januarie 1900), Vaalkrans (5-6 Februarie 1900), Pietershoogte (23-27 Februarie 1900), Paardeberg (15-27 Februarie 1900), Donkerhoek (11-12 Junie 1900) en Dalmanutha (27 Augustus 1900).

Kemp het aan nege van die sewentien gevegte deelgeneem, nl. as gewone burger aan die slae van Dundee en Moddersprúit, as vk. aan dié by Colenso, Taba Myama, Spioenkop, Pietershoogte en Donkerhoek en as kommandant aan die slag van Dalmanutha. Op twee na het Kemp dus aan al laasgenoemde gevegte as offisier deelgeneem en hy was gevolglik goed op hoogte van sake. Sy persoon-

---

162) Vgl. G.D. Scholtz, Vir vryheid en vir reg (boekbespreking). Die Volksblad, 5.8.1941.

163) J.C.G. Kemp, Vir vryheid en vir reg. Kaapstad, Nasionale Pers, 1941, p. 176-190.

/ like waarnemings.....

like waarnemings is dan ook hier van besondere waarde.

Ten einde laasgenoemde krygsoperasies in hul regte perspektief te stel, het Kemp aan sy persoonlike ervaringe ʼn minder belangrike plek toegeken en die gebeure vanuit ʼn krygskundige oogpunt benader deur ʼn totaalbeeld van die krygsgebeure te probeer gee. Om dit te kon regkry, het hy ruimskoots van Engelse bronne, waarvan L.S. Amery se The Times History of the war in South Africa die vernaamste is, gebruik gemaak. Ten einde militêre gebeure van Boerekant te kon rekonstrueer, het Kemp van sy eie waarnemings asook van ander ongenoemde bronne, hetsy mondelings hetsy skriftelik, gebruik gemaak.

Wat bogenoemde gevegte waaraan Kemp nie deelgeneem het nie betref, het hy hom hoofsaaklik van Engelse bronne bedien. Waar hy die militêre gebeure van Boerekant gee, word op enkele uitsonderings na geen bronne vermeld nie, met die gevolg dat die wetenskaplike waarde van hierdie gepoogde geskiedskrywing ernstig aangetas word.

Vervolgens skets Kemp die verloop van die guerillakryg in Wes-Transvaal, waar hy as aanvoerder van die Krugersdorpse kommando sy grootste roem behaal het. In samewerking met verskeie ander Boere-offisiere, w o. genl. De la Rey, het hy deelgeneem aan die slae van Nooitgedacht (13 Desember 1900), Geduld (22 Maart 1901), Vlakfontein (30 Mei 1901), Moedwil (30 September 1901), Driefontein (24 Oktober 1901), Ystersspruit (25 Februarie 1902), Tweebosch (7 Maart 1902), Boschbult (31 Maart 1902) en Roodewal (11 April 1902).

Kemp is op 7 Februarie 1901 as veggeneraal aangestel en sy getuienis oor laasgenoemde gevegte besit gevolglik besondere gesaghebbende waarde. Nege terreinkaarte van veldslae asook kaarte van Noord-Natal en Wes-Transvaal, waarop die veldslae aangedui word, en ses en vyftig

/penskets ....

pensketse en foto's verhoog die waarde en interessantheid van die werk.

Ten einde militêre gebeure waarby hy tydens die guerillakryg betrokke was van Boerekant te kon rekonstrueer, het Kemp van sy eie waarnemings asook van ander ongenoemde bronne, wo. die werk van J.F. Naude,[164] gebruik gemaak.

In die voorwoord tot laasgenoemde werk meld Kemp en Beyers dat hulle en Naudé oorspronklik die werk saam sou geskryf het, maar dat hulle die taak toe aan Naudé opgedra het. Hulle het Naudé nietemin van al die informasie voorsien wat hy nie d.m.v. eie waarneming kon bekom nie. Of Kemp hom toe die reg toegeëien het om stof uit laasgenoemde se boek te neem sonder om dit te vermeld, is 'n ope vraag. Die feit bly egter staan dat Naudé die verkreë informasie verwerk het en gevolglik die skrywer van die werk is en daarom aangehaal en of erken moes gewees het.

Kemp het hom egter aan 'n nog groter ongerymdheid skuldig gemaak deur talle gedeeltes uit Naudé se werk só letterlik oor te neem dat dit aan plagiaat grens. 'n Enkele voorbeeld hiervan is die volgende:

Oor die slag van Vlakfontein skryf Naudé: "Dit plan zou een tamelijk sukses geweest zijn waren het niet dat een burger zich niet kon bedwingen toen de Engelse dicht bij kwamen om een schot te lossen, waardoor de Engelsen, die zoo zwak verken den, dat er Boeren in den rand geen 400 yards van hen af waren. Die bange burger had de zaak weggegeven, de voorposten sprongen om en nu moesten wij ook maar schieten, terwyl er nog een kans was, hoe flauw dan ook". 165)

Só het Kemp hierdie reëls oorgeneem: " Die

---

164) Kyk p. 106 hierbo.
165) Naudé, op. cit., p. 247.

/ plan sou 'n taamlike........

plan sou 'n taamlike sukses gewees het as dit nie was dat een burger hom nie kon bedwing om 'n skoot te skiet toe die Engelse naby kom nie, waardeur hulle gewaar word dat daar Boere in die rant geen 400 treë van hulle af is nie. Die bang burger het ons aanwesigheid verraai; die vyandelike voorposte spring om, en ons moes nou maar skiet so hard ons kan, terwyl die kans nog daar is."[166)]

In hoofstuk 22 gee Kemp o.a. 'n uittreksel van 'n rapport van Smuts aan Steyn waarin hy op "onoortreflike wyse" 'n beskrywing van die verwoestingswerk van die vyand gee. In hoofstuk 26 word die volledige rapport van Smuts aan Kruger weergegee waarin 'n "onverbeterlike oorsig" van landstoestande aan die begin van 1902 gegee word. Daarin veroordeel hy die konsentrasiekampe en bring hulde aan die vroue in hulle stryd teen die ".... barbaarschen Bantu en nog barbaarscher Brit..". Ook wys hy op die metode om Nie-Blankes teen die Boere te gebruik, die laakbare wyse waarop hulle met leuentaal beveg word en hoedat Brittanje in sy pogings om die oorlog te beëindig almeer van onregverdige metodes gebruik maak.

Dwarsdeur die werk teken Kemp vir die leser sy eie temperamentvolle persoonlikheid. Hy draai nooit doekies om nie en sê sy sê op tipiese Kempiaanse manier.[167)] Hoewel hy geensins sy gevoelens verberg nie, streef hy tog objektiwiteit na deur nie te skroom om sy eie mense te gésel waar hulle verbrou het en Britse dapperheid aan te prys waar hulle dit verdien nie. Hy brandmerk lord Roberts as die vader van die vernietiging van Boerewonings en van die konsentrasie-

---

166) Kemp, op. cit., p. 392.
167) A.C. Cilliers, Vir vryheid en vir reg (boekbespreking). Ons eie boek, September 1941, p. 135.

/ kampe en lê .........

kampe en lê 'n hartstogtelike aanklag teen Engeland dat hy van sulke metodes moes gebruik maak " .... omdat Engeland se krygsliede te vrot was om aan Engeland se hebsug te voldoen sonder die toepassing van barbaarse oorlogsmetodes".[168)]

Hy veroordeel die beleëring van Ladysmith en Mafeking en beskuldig genl. Snyman van passiwiteit en genl. J. Prinsloo van lafhartigheid. Hy spreek sy verbasing uit oor die swak of geen verkenning van gevegsterreine deur die vyand wat tot groot neerlae by o.a. Stormberg, Modderrivier, Magersfontein en Colenso gelei het.

Die mislukte bestorming van Platrand wyt hy aan " .... laakbare wanbestuur en pligsversuim deur verantwoordelike persone".[169)] Wat die prysgawe van die lewensbelangrike Bosrant aan die Tugelafront aanbetref, blameer hy Meyer wat te laat versterkings na hierdie swak skakel in die Boerelinie gestuur het. Hy beskuldig dieselfde generaal van koppigheid om die linkervleuel by Pietershoogte te versterk waar die Krugersdorpers en Standertonners die spit moes afbyt en diè stellings en daarmee die hele Tugelalyn moes prysgee. Hy kom tot die gevolgtrekking dat Joubert te mensliewend van inbors was om onder die nuwe wyse van oorlogvoering as 'n suksesvolle krygsman bestempel te word - vandaar al die verlore geleenthede.

Kemp se bydrae tot ons kennis oor die oorlog, in soverre dit Vir vryheid en vir reg aanbetref, moet gesoek word in die aanvullende getuienis by die werk van Naudè. Maar behalwe dat daar nuwe lig op verskeie krygsgebeure gewerp word, lê die waarde van die werk ook daarin dat dit 'n ryklik gedokumenteerde en pakkende stuk oorlogslektuur

168) Kemp, op.cit., p. 350.
169) Generaals S. Burger en M. Prinsloo het o.a. daar bevel gevoer.

/is ....

is wat tot die beste gereken moet word wat tot op daardie stadium aan Boerekant verskyn het.[170] Kemp se dramatiese verteltrant en vleiende styl laat die oorlogsinsidente voor die geestesoog lewe en die interessantheid daarvan word verder verhoog deur talle kantkykies op persone en gebeure.[171]

Kemp was sonder twyfel 'n intelligente en skerp waarnemer met 'n uitstekende geheue en hoewel hy 'n gedeelte van sy herinneringe bykans veertig jaar na die oorlog opgeteken het, het hy dié voordeel gehad dat hy hom grootliks kon laat lei deur die feite in Naudé se werk wat uit die aard van die saak waarskynlik baie betroubaar moet wees.[172]

6. V. T. Pohl, Adventures of a Boer-family.

Victor Theodore Pohl is in die Oos-Vrystaat, waarskynlik in die distrik Ladybrand, gebore waar hy ook sy jeugjare deurgebring het.[173] Hy matrikuleer aan die Kingswood Kollege te Grahamstad, bestudeer vir drie jaar musiek te Brussel en gee daarna vir jare musiek-onderrig in Bloemfontein.

Hy het bekendheid verwerf as violis, grootwildjagter en skrywer. Van hom het ongeveer sewe werke verskyn wo. Bushveld adventures (1940) en Farewell the little people (1968). In 1968 was hy nog in Bloemfontein woonagtig.[174]

In hierdie werk beskryf Pohl die ervaringe van sy drie ouer broers wat op kommando was, dié van sy jonger broertjie en sy eie indrukke wat hy van die worstelstryd opgedoen het.

---

170) G.D. Scholtz, Vir vryheid en vir reg (boekbespreking). Die Volksblad, 5. 8. 1941.
171) P.H.S. van Zyl, Vir vryheid en vir reg (boekbespreking). Die Vaderland, 6.12.1941.
172) Vir 'n waardebepaling van Naudé se getuienis kyk p. 106 hierbo.
173) V.T. Pohl, Adventures of a Boer-family. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1943, p. 2.
174) The Friend, 23.10.1968.

/ Ten aanvang.........

Ten aanvang word die ervaringe van W. Pohl aan die Natalse front geskets en word kortliks stilgestaan by die slae van Colenso en Spioenkop (hoofstuk 2). In die volgende hoofstuk word F. Pohl se relaas van die slag van Magersfontein asook aanvullende getuienis van S. van Rensburg van die slag en gebeure aan die Colesbergse front verhaal.

Na die ineenstorting van die Boere op die wesfront tree S.en F. Pohl as verkenners in De Wet se kommando op en hulle beleef een avontuur na die ander totdat eersgenoemde tydens De Wet se tweede inval in die Kaapkolonie gevang en na Indië verban word.

Afwisselend met sy broers se ervaringe skets Pohl ook die lotgevalle van sy familie tuis. Op aanklag dat hy as boodskapper vir die Boere opgetree het, word hy gevang en na die Groenpuntse kamp gestuur, maar op versoek van sy suster Priscilla,en vriende word hy na Grahamstad gestuur waar hy sy skoolloopbaan voort sit.[175)]

Ten slotte word die ervaringe van sy twaalfjarige broertjie, Dudley, en die Boesmantjie, Plaatjie, geskets. 'n Paar maande voor die einde van die oorlog word die twee gevang op aanklag dat hulle hulp aan die Boere verleen het. Hulle is in die soldatekamp te Thaba Nchu aangehou waar hulle algou vriende met die soldate gemaak en tot die einde van die oorlog gebly het. Waarskynlik a.g.v. hulle Britse afkoms is hulle vader en moeder nooit na die kampe weggevoer nie en hulle huis en plaas is ook nie verwoes nie.

Dit was nie Pohl se doel om 'n geskiedenis oor die oorlog te skryf nie en hy gee slegs 'n

---

175) Ibid., hoofstukke 8 - 11.

/ aantal fragmente.........

aantal fragmente uit sy en sy broers se oorlogsloopbane.

Uit 'n krygskundige oogpunt gesien, het die werk gevolglik min waarde en die bydrae van die getuienis tot 'n vollediger beeld oor die oorlog moet gesoek word in die weergawe van die lotgevalle van 'n paar individue teen die agtergrond van die groot worstelstryd.

Dit kan nie vasgestel word wanneer Pohl die res van die getuienis by sy broers gekry het nie. Hoewel die objektiewe vertelling deurgaans die indruk van waarheid skep, is geheuefoute a.g.v. die lang tydsverloop baie waarskynlik. So beweer hy dat Theron Cronjé drie keer in sy omsingelde laer by Wolwekraaldrif gaan besoek het, terwyl dit in werklikheid slegs een keer gebeur het.

7. <u>H. C. Hopkins, Maar één soos hy</u>.
(Biografie van C.A. van Niekerk).

Henry Charles Hopkins is in 1913 op Heidelberg (Kaapprovinsie) gebore. Na sy skoolopleiding te Heidelberg[176)] is hy in 1943 as predikant gelegitimeer. Hy was agtereenvolgens in die gemeentes Rossville, Alice, Fort Beaufort, Robertson en Oudtshoorn werksaam terwyl hy in 1971 veldprediker in Wynberg was.[177)] Minstens veertien werke het van hom verskyn wo. verskeie gedenkboeke van gemeentes.

Christiaan Andries van Niekerk is op 26 Augustus 1874 in die distrik Heilbron gebore. Hy matrikuleer te Wellington, maar laat vaar sy teologiese studies aan die Universiteit van Stellenbosch om in 1899 by die Boere-magte aan te sluit. Na die oorlog gee hy 'n tyd lank onderwys.[178)] Vanaf

---

176) H.C. Hopkins, <u>Maar één soos hy</u>. Kaapstad, Tafelberguitgewers, 1963, Kyk boekomslag.
177) <u>N.G. Kerk-jaarboek</u>, 1971, p. 68.
178) <u>Die Burger</u>, 26 Augustus 1954.

/ 1907 tot 1910.........

1907 tot 1910 verteenwoordig hy Kroonstad in die Vrystaatse parlement. Vervolgens verteenwoordig hy Boshof in die Volksraad vanaf 1910 tot 1923 toe hy lid van die Senaat word. Vanaf 1930 tot 1940 en weer vanaf 1948 tot 1960 was hy President van die Senaat.[179)] Hy is op 2 Januarie 1966 op Oudtshoorn oorlede.[180)]

Terwyl Hopkins op Oudtshoorn in die bediening gestaan het, het hy Van Niekerk intiem leer ken en gedurende daardie tyd het die gedagte van eersgenoemde se vrou uitgegaan dat hy Van Niekerk se lewensverhaal op skrif moet stel.

Vir die lewensbeskrywing van Van Niekerk, was Hopkins aangewys op verskeie argiewe, koerante en tydskrifte, maar dit was sy bedoeling om Van Niekerk sover moontlik self aan die woord te laat. Gevolglik is Van Niekerk se relaas van sy verlede gedurende 1960 - 61 deur hom op 'n dikteermasjien opgeneem.

Wat hier vir Van Niekerk se lewensbeskrywing in sy geheel geld, geld natuurlik ook vir sy oorlogsloopbaan, wat ongeveer een derde van die biografie beslaan. Ten opsigte van Van Niekerk se oorlogsloopbaan, het Hopkins deur navorsing en persoonlike besoeke aan Vrystaatse plase, dorpe en gevegsterreine die vertellings "... gekontroleer, gesif en hier en daar gekorrigeer".[181)]

Van Niekerk se oorlogsloopbaan, soos tewens ook die res van die biografie, is gevolglik half biografies half outobiografies[182)] wat beteken dat die gedikteerde getuienis van Van Niekerk ter wille van volledigheid en harmonie aangevul is met 'n hoeveelheid geskiedskrywing.

---

179) Scannel, op. cit., p. 845.
180) <u>Die Burger</u>, 4 Januarie 1966.
181) <u>Hopkins</u>, op. cit., voorwoord (ongenommer).
182) M.C.E. van Schoor, <u>Maar één soos hy</u> (boekbespreking). <u>Kriterium</u>, Julie 1964, p. 31.

/ Hopkins.........

Hopkins kan egter geen aanspraak maak op wetenskaplike hantering van hierdie aanvullende stof nie, want behalwe dat geen bronnelys verskaf word nie, word geen bronne in voetnote aangehaal nie hoewel na enkele geraadpleegde bronne w.o. dié van Kestell en De Wet verwys word. Uit die voorwoord blyk dit dat hy ook van Van Niekerk se getuienis verwerk het, maar dit word nêrens in die aanvullende getuienis vermeld nie.

Die oorgrote gedeelte van Van Niekerk se oorlogsloopbaan word in beslag geneem deur Van Niekerk se herinneringe wat met hakies van die ander feite onderskei word.

Een beswaar teen die werk as biografie is dat daar nie voldoende verwerking van die historiese bronnemateriaal is nie.[183] Aan die ander kant besit die getuienis van Van Niekerk in sy onverwerkte vorm besondere waarde vir die historiese navorser wat 'n studie oor daardie deel van die oorlog wil maak.

Van Niekerk was 'n persoon van onkreukbare integriteit, nederig en edel, " .... 'n mens in wie daar geen haat of bitterheid is nie, maar wie se hart slegs met liefde jeens sy Skepper, sy medemens en sy volk gevul is."[184] 'n Kenmerk van sy getuienis is dan ook die volkome afwesigheid van enige bitterheid jeens die vyand. Uit sy karakter kan afgelei word dat hy hoogswaarskynlik 'n waarheidsgetroue getuie was.

Alhoewel ongeveer sestig jaar sedert die oorlog verloop het, was Van Niekerk in staat om intensiewe beskrywings van gebeure te gee. Hy het ongetwyfeld oor 'n helder geheue beskik en Hopkins maak ook van die feit gewag nadat hy sy getuienis gekontroleer het. Sy getuienis besit ten slotte

---

183) J.I. Rademeyer, Maar één soos hy (boekbespreking). Tydskrif vir geesteswetenskappe, Junie 1964, p. 138.

184) M.C.E. van Schoor, Kriterium, Julie 1964, p. 31-32.

/besondere ....

besondere gesagswaarde as in aanmerking geneem word dat hy vir die grootste gedeelte van die oorlog 'n kommandantskap beklee het en hy was gevolglik goed op hoogte met kryggsgebeure in sy eie kring.

Op eenvoudige, maar onderhoudende wyse verhaal Van Niekerk sy kommandoloopbaan beginnende waar hy as lid van die Kroonstad-kommando onder kmdt. C.H. Nel na die Natalse front vertrek. Hy kry sy vuurdoop in die slag van Rietfontein waar hy gewond word. Tydens sy herstel neem hy as skoolhoof op Heilbron waar, maar toe hy tyding kry van die val van Bloemfontein, laat hy sy betrekking oombliklik vaar en sluit weer eens by sy kommando aan.

Hy neem vervolgens aan die slag van Sannaspos deel[185] en het kort daarna aandeel aan De Wet se oorwinning by Mostertshoek. Op 12 April 1900 word hy waarnemende kommandant en drie maande daarna word hy formeel deur die burgers tot kommandant verkies.

Na 'n reeks terugslae by Toeba-Toebakop, Tabaksberg en Doringberg oorval 'n groot moedeloosheid die burgers, maar by Swawelkrans in die distrik Heilbron word die bordjies weer verhang. Daarna volg die oorwinning by Rooiwal en hy gee die presiese aantal Engelse wat daar gevang is aan, nl. 1276.[186]

Na 'n hardnekkige verdediging van Bethlehem trek 'n deel van die Vrystaatse magte, w.o. Van Niekerk se kommando, Transvaal tot sover as Warmbad binne. As gevolg van die lamlendigheid van 'n sekere groep Transvalers misluk Van Niekerk se poging om die Britse opmars na Pietersburg te stuit.

---

185) Ibid., p. 65-71.
186) Ibid., p. 79-86.

Op Saaiplaas, tussen Kroonstad en Lindley, bewys Van Niekerk weer sy dapperheid toe hy en drie burgers 'n geveg teen ses en twintig Engelse aanknoop en nege van die vyand gedood en sestien gewond word.

As gevolg van sy aandeel aan die opblaas van treine word daar R.1,000 op Van Niekerk se kop geplaas. 'n Bewys van sy vasberadenheid om hom nie deur die vyand te laat vang nie was toe hy tussen vier en vyf uur in die yswater van Otterspruit met slegs sy neus bo die water skuil. Hopkins gee geen deurlopende verslag van Van Niekerk se kommando-loopbaan nie en slegs die belangrikste gebeure word aangestip. So bv. word in die tydperk vanaf 28 September 1900 tot Mei 1901, slegs van 'n treinontsporing deur Van Niekerk melding gemaak.. Die bedrywighede van Van Niekerk se kommando vanaf September 1901 tot April 1902 word in slegs vier of vyf bladsye verhaal.

Die insidente word soms ook nie in kronologiese volgorde gegee nie en die vermelding van 'n klein aantal datums het tot gevolg dat die leser geen bewys het dat die volgorde van die gebeure korrek is nie.

Dit is vanselfsprekend dat die oorlogstrategie van De Wet weer onder die soeklig kom, aangesien Van Niekerk merendeel onder hom geopereer het. Sy sienswyse hieroor en sy eie kommando se krygsoperasies later in die oorlog met Vredefort as sentrum, vorm 'n waardevolle aanvulling tot die bestaande getuienis oor die guerillakryg in die Vrystaat.

Interessante anekdotes oor die wel en wee van die kommandolewe dra by tot die interessantheid van die vertelling en verhoog die waarde van die getuienis in die algemeen.

/C. ....

C. Herinneringe deur die ervarenes self in romanvorm opgeteken.

1. H. Oost, Gestreden.

Harm Oost is op 21 Julie 1877 in Oostwald Nederland gebore. Hy het op jeugdige leeftyd na Suid-Afrika verhuis. Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog was hy lid van 'n los kommando wat met dinamiet agter die vyandelike linies gewerk het. Hy is gevang en na St. Helena verban.

Tydens die Rebellie van 1914 was hy hoof van genl. De Wet se lyfwag en hy is agtien maande gevangenisstraf opgelê vir sy aandeel aan die opstand.[187)]

In 1906 het hy saam met G. Preller die Tweede Afrikaanse Taalbeweging begin. Hy was vyf en twintig jaar lank joernalis, eers op die redaksie van "De Volkstem" vanaf 1907 tot 1911[188)] en daarna redakteur van sy eie blad, De Week, wat hy in 1913 gestig het om genl. J.B.M. Hertzog te steun. Vervolgens het hy op die redaksie van Ons Vaderland, later Die Vaderland, gedien.

Sedert 1919 het hy die Nasionale Party in die Provinsiale Raad in die kiesafdeling Brits verteenwoordig. Vanaf 1924 tot 1943 en weer vanaf 1948 tot 1953 was hy L.V. vir die Nasionale Party vir Pretoria-distrik. Hy is op 18 Mei 1966 op sy plaas buite Pretoria oorlede.[189)]

'n Paar werke wo. Wie is die skuldiges?(1957) het van hom verskyn.

Dit word nie in die werk vermeld nie, maar volgens die datum van publikasie het Oost waarskynlik sy herinneringe tydens sy ballingskap

---

187) P.J. Nienaber, Hier is ons skrywers. p. 287.
188) Die Vaderland, 21.5.1964.
189) Ibid., 19.5.1966.

/ of ........

of net na die oorlog in romanvorm of skrif gestel.

Hy skets geen verloop van veldslae nie, maar gee slegs enkele fragmente van sy ondervindinge aan die Natalse front weer. Hy gee wel 'n skilderagtige beskrywing van 'n geveg aan die Tugela, maar die leser kom nie te wete waar dit was nie.

Hy word gevang en na St. Helena verban. Hy meld dat hy nie sy ervaringe as krygsgevangene wil beskryf nie aangesien die verhaal dan te lank sal wees. Daarby het hy ook geen behoefte gehad om hul "troostelose bestaan" op St. Helena op te teken nie.

Die werkie lewer geen besondere bydrae tot ons kennis oor die oorlog nie. Van waarde is egter die skildering van die intieme kommandolewe, die burgers se probleme, hul lief en leed en die metodes van die altyd teenwoordige verraaier. Oost het daarin geslaag om dit wat hy waargeneem het in boeiende verteltrant weer te gee en stemming aan gebeure te verleen.

2. H. van der Merwe, Onthou.

Hendrina van der Merwe is in 1877 in die distrik Fauresmith gebore.[190] Ten tye van die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog was sy en haar man, Sarel, op 'n plaas naby Oos-Londen woonagtig.[191] Na die oorlog het hulle hul op haar geboorteplaas gaan vestig.[192]

Toe die oorlog uitbreek, sluit Van der Merwe by die Vrystaatse Rooikruis en haar man by 'n Vrystaatse kommando aan. Sy vergesel 'n kommando na P.A. Cronjè se laer aan die wesfront en doen daarna diens in die Jacobsdalse hospitaal.[193]

---

190) H. van der Merwe, Onthou. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1940, p. 3 en 336.
191) Ibid., p. 9.
192) Ibid., p. 336.
193) Ibid., hoofstuk 5.

/In ....

In 'n Boere-aanval op Jagersfontein word die gevangenes, w.o. haar man en haar broer, Faan, bevry. Syself, wat haar op die dorp bevind het, word deur die vyand daarvan beskuldig dat sy verantwoordelik was vir die doodskiet van vier Britse soldate tydens die geveg en word daarop in die tronk gesit.

Vervolgens word sy na die Port Elizabethse kamp gestuur en sy gee 'n redelike beeld van die kamptoestande daar.[194] Dit geluk haar en 'n vriendin H. Marais, om uit die kamp te ontsnap, maar op Graaff-Reinet word hul gevang en in die tronk gesit.[195] Vandaar is die "Fighting woman of Jagersfontein" na Bethulie se tronk oorgeplaas waar higiëniese toestande haglik was. Daar was sy die enigste blanke saam met 'n aantal Bantoes in die selle regoor hare. Haar gesondheid het totaal ingegee, maar steeds het sy geweier om om genade te smeek.[196] Nadat sy die winter en 'n deel van die lente van 1901 in die Bethulietronk was, is sy deur die toedoen van die dokter daar na die Bloemfonteinse tronk oorgeplaas waar toestande beter was.

In 'n deeglike beskrywing van haar tronklewe in Bloemfontein[197] wys Van der Merwe daarop dat van die 130 vroue wat in die Bloemfonteinse tronk ten tye van haar gevangeneskap was slegs vyf verhoor is. Een van die gevalle wat verhoor is, was dié van 'n jong meisie, J. Geldenhuys, wat 'n Britse soldaat sou doodgeskiet het. Al die feite het egter daarop gedui dat sy onskuldig is. 'n Vonnis van een jaar hardearbeid is haar nietemin opgelê.

Ook die groot aantal kinders moes saam met hul moeders ly en snags het hul gehuil van honger en koue deur die selle weerklink. Dit was by

---

194) Ibid., hoofstuk 11.
195) Ibid., hoofstuk 12, 13.
196) Ibid., hoofstuk 14, 15.
197) Ibid., hoofstukke 16, 17, 18.

/hierdie ....

hierdie geleenthede dat sy 'n beroep op haar volk gedoen het om hierdie dinge te onthou en die titel van die boek is dan ook ontleen aan die smarte wat die vrou en kind in die oorlog gely het.

Deur middel van familie is Van der Merwe op parool uitgelaat en na Stellenbosch gestuur, maar na verloop van tyd het sy besluit dat die Britse regering vir haar onderhoud moet betaal en op haar versoek is sy na die Springfonteinkamp gestuur waar sy op die dag van die vredesluiting aangekom het.

In die voorwoord verklaar Van der Merwe dat sy haar ervaringe oor die oorlog sewe en dertig jaar lank in haar "boesem versmoor" het, maar van tyd tot tyd een en ander opgeteken het wat egter weer verlore geraak het. Die drang was egter steeds daar om die gebeure aan die opkomende geslag mee te deel, maar omstandighede het dit verhoed.[198)]

Sy het 'n dagboek gehou vanaf die dag toe oorlog verklaar is, maar dit is waarskynlik in Augustus in die Bethulietronk deur die owerhede verbrand.[199)] Daarna het sy nog steeds haar ervaringe op skrif gestel waarvan sommige gesteel en ander deur die vyand vernietig is.[200)]

Die vermelding van baie détail, w o. 'n redelike aantal datums, dui daarop dat sommige van haar aantekeninge wat sy gedurende die oorlog gemaak het waarskynlik behoue gebly het. Hoewel haar dagboek verlore gegaan het, het die skryf daarvan waarskynlik die gebeure verder in haar geheue ingeskerp. Daarby was haar vernedering en lyding só intens dat dit 'n onuitwisbare indruk op haar geheue nagelaat het. Wat die egtheid van

198) Ibid., voorwoord, p. 3.
199) Ibid., p. 248.
200) Ibid., p. 260.

/die ....

die getuienis aanbetref, verseker sy die leser dat sy niks oordryf het en geen onwaarhede neergeskryf het nie. Sy erken egter dat sy baie verswyg en name weggelaat het " .... nie omdat ek hulle vergeet het nie, maar omdat ek jammer voel vir hul nageslagte, ...."[201]

Dwarsdeur hierdie treffende verhaal, wat in romanvorm geskryf is, klop 'n warm vrouehart vol deernis vir die smart en lyding van haar volk. Nogtans word die verhaal nie versteur deur lang klaagsange en sentimentele ontboeseminge nie, maar dra hierdie vrou haar kruis met durf en moed en 'n mens bewonder haar humorsin, wat die verhaal fris en lewendig hou. Haar uitlatings teen die vyand en die hanskakies moet gesien word in die lig van die omstandighede waaronder sy in die tronke verkeer het.

Die seldsame beeld wat Van der Merwe oor Boerevroue en kinders in tronke tydens die oorlog gee, is 'n waardevolle bydrae tot 'n vollediger beeld oor die lotgevalle van die vrou en kind gedurende daardie tydperk.[202]

## 3. M.J. Venter, Joop gaan op kommando.

Michael Joseph Venter is op 18 September 1884 [203] in die Lichtenburgse distrik gebore.[204] Op vyftienjarige leeftyd het die oorlog sy skoolloopbaan onderbreek,[205] maar hy het verdere onderwys in die kamp op die Bermudas ontvang.[206] In 1917 was hy stasiemeester te Koekemoer[207] terwyl hy gedurende die jare 1940-1942 waarskynlik

201) Ibid., p. 4.
202) Ibid., C.J.S. Strydom, Onthou (boekbespreking). Ons eie boek, Junie 1940, p. 32.
203) M.J. Venter. Joop gaan op kommando. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1945, p. 102.
204) Ibid., p. 54.
205) Ibid., p. 1.
206) Ibid., p. 174-176.
207) Ibid., p. 145.

/in ....

in dieselfde betrekking op Burgersdorp gestaan het. 208)

Die ".... persoonlike ervarings, petaljes en ontmoetings...." van Venter gedurende die oorlog wat hy in romanvorm hier weergee, verskil in een belangrike opsig van die meeste ander getuienis oor die oorlog nl. dat die gebeure deur die bril van 'n jong penkop gesien is. Venter kon in ongeveer veertig jaar daarin slaag om homself terug te verplaas na sy jeugjare, die gebeure weer eens inniglik te deurlewe en die oorlogsgebeure vanuit die gesigspunt van 'n penkop aan die leser voor te stel.

Vir Joop as eenvoudige en ongekunstelde plaasjapie was die oorlog 'n vreemde avontuur wat 'n onuitwisbare indruk op sy jong ontvanklike gemoed gemaak het. Alles het hy met 'n nuuskierige en opmerksame oog betrag en danksy 'n goeie geheue kon hy baie insidente nog in fyn besonderhede onthou. Sy eenvoudige, maar lewendige verteltrant, gepaard met die treffende styl van 'n egte Boerseun, maak dit 'n boeiende stuk lektuur, veral vir die jeug. 209) Só beskryf Venter sy insouting as brandwag: "Elke aand kom jy op 'n later skof. Na oom Hennie ons by die wagte gebring het, fluister hy die wagwoord in elkeen se oor. Elke nag is die wagwoord anders en dit word streng geheim gehou. Met alles is ek eers op hoogte gebring. Nie praat nie. Doodstil sit. Fyn luister, en so diep moontlik die donker intuur. Sodra jy iets hoor, moet jy jou maat se aandag trek. Kom die geritsel nader, dan moet jy betyds uitroep "Werda!" Dit moet drie maal gedoen word voor jy skiet. As die antwoord kom "Vriend!" dan moet jy sê: "Gee die wagwoord". Dit is die woord wat in jou oor gefluister is: "olifant", "tier", "wolf", "jakkals" of enigiets.

---

209) Ibid., voorwoord deur S.J. van der Walt (ongenommer).

/Gee hy die ........

Gee hy die regte wagwoord vir die nag, dan laat jy hom nader kom. Gebeur dit nie, moet jy maar losbreek in die rigting van die geraas".[210]

Venter hou hom hoofsaaklik by sy persoonlike ervaringe en daarmee gee hy waardevolle insae in die intieme lewe van die vegtende burger en banneling. Die verhaal tref dan ook vanweë die menslikheid daarvan. Terselfdertyd word die rol wat die penkop gedurende die oorlog gespeel het, uitgebeeld.

Dit was vir die vyftienjarige Joop 'n groot oomblik toe sy vader in Januarie 1900 sy moeder per brief vanaf die wesfront verwittig dat Joop as sy plaasvervanger moet kom optree solank hy met verlof huistoe kom. Ten spyte van sy jeug merk ook hy die gebrek aan dissipline onder die burgers aan die wesfront met saalpak-dra, beesvelgooi, jukskeiry en laerskoonmaak as enigste tugmiddels.

Na die ontsetting van Mafeking, volg Joop die kommando's na Johannesburg. Hy keer saam met die kommando van De la Rey na Wes-Transvaal terug en neem aan die geveg by Silkaatsnek deel.

Joop word rapportryer, maar word gevang en na Kaapstad gestuur waar hy in die Groenpuntse kamp geplaas word. Na 'n sewemaande verblyf daar[211] word hy na Bermuda weggestuur om weer op 10 Oktober 1902 vandaar na Suid-Afrika terug te keer.

Vir Joop was die oorlog, en selfs die kamplewe, 'n avontuurlike gebeurtenis waarvan hy die omvang en komplikasies nog nie ten volle besef het nie; vandaar sy neiging om die ligtere sy van die oorlog te sien. Nogtans gee Venter waardevolle beskrywings van die lewe van die bannelinge in die kampe te Groenpunt en op die Bermudas[212] asook van die reise na en van Bermuda wat as aanvulling dien tot die gegewens wat reeds daaroor verskyn het.

---

210) Ibid., p. 16 - 17.
211) Ibid., hoofstuk 6.
212) Ibid., hoofstukke 8 en 9.

/ C.F. MacDonald.........

4. C. F. MacDonald, Kalahari Mac.

C. Freddie MacDonald is op Graaff-Reinet gebore. Hy ontvang 'n bietjie skoolonderrig op Kenhardt.[213] Daarna het die familie na Kakamas verhuis en teen 1899 was hulle op Schuitdrif woonagtig.[214] Na die Tweede Vryheidsoorlog neem hy aan die oorlog teen die Bondelswarts in S.W.A deel. In 1914 rebelleer hy onder Maritz en word vir vyftien jaar verban. Na 'n swerftog deur Europa keer hy na die bewindsaanvaarding van Hertzog in 1924 na Suid-Afrika terug.[215] Hy was o.a. jagter, delwer en gids in die Kalahari. Verskeie boeke het van hom verskyn wo. Agter die skerms met die rebelle en Twaalf jaar as banneling. Hy is op 19 Julie 1958 oorlede.[216]

Toe die oorlog uitbreek, was MacDonald se vader by die polisiepos te Schuitdrif gestasioneer en toe die Boerekommando's die gebied besoek, sluit sy vader en die twee konstabels op die polisiestasie by hulle aan. Kort daarna besluit hulle egter om hulle aan die Engelse te gaan oorgee en hulle word as rebelle op Springbok aangehou.

Vir MacDonald, wat toe twaalf jaar oud was, was die uitbreek van die oorlog 'n heuglike gebeurtenis en uit die staanspoor het hy hom dit sy lewensideaal gemaak om "Rooinekke" te gaan skiet.

Hy besluit om na die Boerekommando's te gaan soek sodat hulle sy vader kan gaan bevry en hy

---

213) C.F. MacDonald, Kalahari Mac. Johannesburg, L.en S. Boek-en Kunssentrum, 1948, p. 2.
214) Ibid., p. 9.
215) The Star, 6.9.1957.
216) The Cape Times, 19.7. 1958.

/ vertrek een nag........

vertrek een nag vanaf Pella waar die familie vertoef het. Na groot ontberings deur die waterlose streek kom hy uiteindelik by 'n paar trekboere uit. Daar word hy skaapwagter by die hardvogtige oom Japie in die hoop om met die Boere in aanraking te kom.

Uit vrees vir die vyand trek hulle S.W.A. binne waar MacDonald byna 'n dorsdood sterf toe hy na perde moes gaan soek het.

Toe hy gerugte van Boerekommando's in die Kenhardtse distrik hoor, loop hy en die Koranna-skaapwagtertjie, Kolm, en sy getroue hond, Leeu, weg. Hulle probeer tevergeefs oor die vol Oranje kom, is verplig om deur die gevaarlike gebied van Bont Bors, die gevreesde Korannaleier te gaan en kom uiteindelik, byna dood van die honger, op Schuitdrif aan.

Daar word hulle met 'n skuit oor die Oranje geneem en MacDonald sluit kort daarna by die rebellekommando onder kmdt. J. Louw aan. Hy verneem dat sy vader na Kaapstad gestuur is en na 'n hartstogtelike pleidooi word hy tot sy grootste vreugde in die kommando opgeneem.

Kort daarna ondergaan hy sy eerste vuurdoop toe die kommando van drie en tagtig man 'n mag van 1,000 Engelse in die tweedaagse slag van Omkyk by Kakamas verslaan. So het die jong penkoppie sy ideaal verwesenlik om "Rooinekke" te skiet en sy beker loop oor toe hy op die koop toe 'n jong Engelsman vang en die trotse eienaar van sy twee blink patroonbande word.

In die laaste ses hoofstukke word insidente uit die kommandolewe beskryf. 'n Daad wat 'n brandmerk op MacDonald se geheue gelaat het, was die onskuldige veroordeling van 'n burger, Van den Berg, wat diefstal sou gepleeg het en die wrede straf wat hy gekry het. Ook word grappige insidente uit die kommandolewe vermeld en word beskryf hoe kos gaar gemaak is op kommando. Die verlies van hulle onafhanklikheid was 'n

/ groot skok.......

groot skok en bewus van die straf wat op die rebelle wag, het Mac Donald, sy broer Michael, kmdt. Louw, e.a. na S.W.A. uitgewyk.

Mac Donald meld dat dit nie sy bedoeling was om 'n geskiedenis oor die oorlog te skryf nie. Hy het slegs sy ervaringe tot met die slag van Omkyk breedvoerig beskryf om aan die leser te toon hoedat hy uiteindelik sy ideaal om "Rooinekke" te skiet, verwesenlik het. Hy verwys slegs hier en daar na die res van sy oorlogservaringe en sodoende het waardevolle getuienis oor 'n minder bekende faset van die oorlog onherroeplik verlore gegaan.

Hierdie werk is egter een van die waardevolle jeugherinneringe uit die oorlog. Mac Donald het op onderhoudende wyse in romanvorm sy ervaringe weergegee en die gedétailleerde beskrywings van gebeure getuig van 'n uitstekende geheue. Hy het na al die jare goed daarin geslaag om hom terug te verplaas na sy jongelingsjare en deur realistiese milieuskildering het hy 'n spanningsverhaal gelewer wat enige fiktiewe verhaal na die kroon steek.

Sy bewondering vir die Boere, sy swak opinie van die vyand, sy vretende begeerte om 'n geweer en perd te besit om "Rooinekke" te skiet, en die opofferings wat hy bereid was om te maak om daardie ideaal te bereik, dien in 'n groot mate as voorbeeld van baie ander penkoppe wat dieselfde drome gekoester het en wat 'n veel duurder prys vir daardie ideaal moes betaal.

Van historiese waarde is ook die beskrywing van die oorlogstoestande in Noordwes-Kaapland en die rol wat die rebelle daar gespeel het.

Daar straal 'n gees van waarheidsgetrouheid deur die werk en aan sy belofte van objektiwiteit het Mac Donald tot 'n groot mate getrou gebly.

/ A.M.M. Liebenberg.....

5. <u>A. M. M. Liebenberg, Sarie Marais vertel.</u>[217]

Sarie Marais (gebore Zietsman) is in Botswana omstreeks 1880 gebore.[218] Haar vader het later na Wes-Transvaal verhuis.[219] Na haar troue het sy haar weer in Botswana gevestig.[220] Aan die begin van die vyftiger jare was sy in die Karoo woonagtig.[221]

Op versoek van haar dogter, A.M.M. Liebenberg, het Marais ingestem om haar herinneringe oor die oorlog neer te skryf waarop eersgenoemde dit in gereedheid gebring het vir publikasie. Die hele vertelling bestaan uit vyftien briewe waarin Marais haar ondervindinge vertel en terselfdertyd antwoorde gee op die vrae wat haar dogter oor sekere gebeure aan haar stel.

Die eerste drie briewe handel oor haar jongmeisie- en huwelikslewe tot met die uitbreek van die oorlog.

Toe die oorlog uitbreek, keer Marais na Wes-Transvaal terug en begin haar swerwersbestaan wat tot die einde van die oorlog sou duur. Op onderhoudende wyse en in gemoedelike verteltrant met wisselende erns, luim en humor word hierdie veelbewoë swerwerslewe deur 'n vaardige pen in romanvorm geskets. Dit is nie duidelik in hoe 'n mate die oorspronklike briewe verwerk is tot hulle huidige vorm nie.

Met haar wa, osse en vee onder die sorg van die getroue beeswagtertjie, Armaans, swerf sy en haar seuntjie, Giepie, wat gedurende die laaste helfte van die oorlog gebore is soms saam met 'n groot

---

217) Van hierdie persoon kon geen besonderhede opgespoor word nie.
218) A.M.M. Liebenberg, <u>Sarie Marais vertel</u>. Pretoria, Van Schaik, 1956, p. 96.
219) Ibid., p. 7.
220) Ibid., p. 24.
221) Ibid., p. 100.

/ vrouelaer, en ..........

vrouelaer, en soms alleen kruis en dwars deur Wes-Transvaal. Met taaie volharding het sy die probleme getrotseer wat so 'n vlugbestaan gekenmerk het nl. die vyand, die elemente en die tekort aan lewensmiddele en beskutting. Daarby het sy in gedurige vrees gelewe dat haar man wat 'n rebel was, gevang en doodgeskiet kon word.

Met verbasende vindingrykheid het sy gesorg dat hulle gevoed en geklee gaan. Dit het deel van haar bestaan geword om gedurig te vlug en waaksaam te wees en alleen haar verbasende uithouvermoë en geloofsvertroue het haar laat uithou tot die einde en sy het nooit in die hande van die vyand geval nie.

Dit is duidelik dat Marais 'n intelligente waarnemer met 'n besondere geheue was. So verklaar sy self dat die gebeure van vyftig jaar gelede haar helder voor die gees staan, maar dat haar geheue haar, wat betref onlangse gebeure, maklik in die steek laat.

Min bittereindervroue het hulle vlugervaringe gedurende die oorlog op skrif gestel en daarom vorm elke stuk getuienis in dié verband 'n besonder belangrike bydrae tot die reedsbestaande getuienis oor hierdie faset van die oorlog.

Die inhoude van bg. bespreekte herinneringsgeskrifte toon dat die oorlogservarenes 'n groot hoeveelheid getuienis wat oor feitlik alle fasette van die oorlog handel, eiehandig opgeteken het. Hier is die deelnemers aan die oorlog self aan die woord, 'n feit wat die getuienis van veral die meer inhoudryke werke besonder waardevol maak.

/ Hoofstuk 7.......

## HOOFSTUK 7.

## HERINNERINGE VAN ERVARENES DEUR IEMAND ANDERS OPGETEKEN.

### A. Herinneringe in gewone verhaalvorm.

Tenslotte word hieronder ses en twintig werke behandel waarin die getuienis van oorlogservarenes deur iemand anders opgeteken is. Hierdie ervaringe het in drie variasies verskyn te wete herinneringe wat deur iemand anders in gewone verhaalvorm opgeteken is, herinneringe wat aangevul is met ander bronnegetuienis en herinneringe wat deur iemand anders in romanvorm opgeteken is.

1. A.H. van Gent, Met De Wet en Steyn in het veld. (Die herinneringe van O.T. de Villiers) [1)]

> De Villiers, woonagtig in die Paarl, besluit om by die Engelse leër aan te sluit, om sodra die geleentheid hom voordoen, na die Boere oor te stap. Hy sluit op 16 Januarie 1900 by die Britse leër aan en slaag daarin om veertien dae later by genl Cronjé se laer uit te kom.
>
> Aangesien De Villiers 'n rebel was, is hy in die poskantoor aan die front aangestel. Tydens sy kort verblyf aan die wesfront leer hy Cronjé as 'n dapper, maar oormoedige man ken.
>
> Vervolgens word hy as sekretaris van die Kommissie van Rus en Orde in Johannesburg aangestel, maar hy vind die werk te oninteressant en vertrek na Machadodorp waar hy aangestel word as opsigter van die leërvoorrade aldaar.
>
> Na die slag van Dalmanutha vergesel hy pres. Steyn deur die Laeveld via Pietersburg en Klerksdorp na die Vrystaat en dié tog word kortliks in hoofstuk ses beskryf.
>
> Vervolgens vermeld De Villiers sy ondervindinge vanaf 5 November 1900 tot 22 Februarie 1901 saam met genl. De Wet en hy gee o.a

1) Van bogenoemde twee persone kon geen besonderhede verkry word nie.

/beskrywings van .......

beskrywings van die vyandelike verrassing by Bothaville,[2] die inname van De Wetsdorp en die eerste en tweede tog van De Wet na die Kaapkolonie. As adjudant van die guerillaleier was De Villiers in die posisie om hom as krygsman en as mens goed te leer ken en hy verklaar dan ook in die voorwoord van sy werk dat twee van die redes waarom hy sy ervaringe op skrif laat stel het, was om reg te laat geskied aan De Wet as krygsman. Dan het hy dit ook ten doel gehad om De Wet as mens aan die leser voor te stel. Hoewel De Villiers in hierdie twee strewes slegs in 'n mindere mate geslaag het, is sy waarnemings in dié verband tog van waarde.

Hoewel De Villiers gebeure nie so intensief soos De Wet beskryf nie, meld hy in sekere gevalle tog feite wat De Wet nie in sy werk vermeld nie en die twee skrywers verskil ook oor verskeie feite. So meld De Villiers dat met die inname van De Wetsdorp twee kanonne, een maxim en 600 gewere buit gemaak is,[3] terwyl De Wet slegs van die kanonne melding maak.[4] In verband met dieselfde geveg meld De Wet dat vyftig Bantoes gevange geneem is[5] terwyl De Villiers melding maak van twee en sewentig.[6]

Tydens De Wet se tweede tog na die Kaapkolonie verlaat De Villiers en twee makkers hom op 22 Februarie 1901 met die voorneme om 'n eie rebellekommando in die Kaapkolonie op die been te bring, maar hul sou eers gaan vasstel wat die bestaansmoontlikhede vir so 'n kommando in die Kaapkolonie sou wees.

---

2) A.H. van Gent, <u>Met De Wet en Steyn in het veld</u>. Amsterdam, Elsevier, 1903, p. 42, 43.
3) Ibid., p. 49.
4) C.R. de Wet, op. cit., p. 240.
5) Ibid.
6) Van Gent, op. cit., p. 49.

/ In hoofstukke 14..........

In hoofstukke 14, 15, en 16 verhaal De Villiers hulle uiters avontuurlike en gevaarlike tog na die suidelike Kaapkolonie en hy maak kennis met die moeilike omstandighede waarin die Kolonialer hom bevind het, nl. dat hy graag hulp aan die Republikeine wou verleen, maar steeds die risiko daaraan verbonde in die gesig moes staar.

De Villiers besluit om sy ouers te besoek terwyl sy twee makkers na Kaapstad gaan waar hulle egter gevang word. Met die vyand dag en nag op sy spoor vorder hy tot in die Paarlse distrik waar hy verplig word om om te draai. Ternouernood slaag hy telkens daarin om te ontsnap en gehelp deur pro-Boergesindes vind hy uiteindelik skuiling in 'n grot in die distrik Piketberg waar hy ses maande, vanaf April tot Oktober 1901, vertoef. Intussen word hy voëlvry verklaar, maar slaag daarin om met behulp van 'n bevriende boer wat hom gereeld van lewensmiddele voorsien het uit die vyand se hande te bly. Tot sy grootste blydskap kom verlos Manie Maritz hom van sy grotbestaan in Oktober 1901.

In die laaste deel van die werk verhaal De Villiers sy aandeel aan die guerillakryg in Kaapland. Behalwe die talle skermutselings waarby hy onder Maritz, B.D. Bouwer en S. Schoeman betrokke was, het hy ook aan gevegte van groter omvang deelgeneem nl. die verowering van twee forte aan die Olifantsrivier wat onder sy leiding geskied het [7] en die gevegte te Bovendam en Windhoek.

De Villiers het in sy derde doelstelling met sy werk, [8] nl. om die lig te laat val op toestande in die Kaapkolonie tydens die

7) Ibid., hoofstuk 18.
8) Ibid., p. 254.

/oorlog, redelik.........

oorlog, redelik goed geslaag. Hy verskaf waardevolle inligting i.v.m. die verskillende krygsoperasies in Noordwes-Kaapland en die verhouding tussen die kommando's en die Kolonialers aldaar. Daar het die burgers nie alleen te staan gekom teen kakies nie, maar ook teen gewapende Nie-Blankes, verraaiers en jingo's.

Die verlies van die onafhanklikheid en die vredesvoorwaardes was vir almal, maar veral vir die rebelle, 'n geweldige skok wat nou, terwille van hulle eie veiligheid, in ballingskap moes gaan. Gevolglik vertrek De Villiers na Nederland waar sy ervaringe te boek gestel is.

De Villiers het aantekeninge van sy ervaringe gedurende die oorlog gemaak, maar dit het ongelukkig verlore gegaan. Gevolglik moes hy uitsluitlik op sy geheue staat maak. Uit die gedétailleerde beskrywings wo. die vermelding van verbasend baie statistiek en datums, blyk dit dat De Villiers 'n goeie waarnemer met 'n goeie geheue was.

De Villiers het die beginsel van objektiwiteit tot groot hoogte gedien en hom nêrens aan growwe oordrywings skuldig gemaak nie. Hy het hom egter nie net by sy eie ervarings gehou nie, maar ook dikwels van hoorsê-getuienis gebruik gemaak wat versigtig benader moet word.

Mev. A.M. van Gent van Hilversum in Nederland het De Villiers se ervaringe op boeiende wyse, toegelig met talryke anekdotes, te boek gestel. Die verwerking deur iemand anders het egter onvermydelik die wetenskaplike waarde van die werk as historiese bron aangetas. Ses en twintig foto's en een kaart waarop De Villiers se omswerwinge aangedui word, verhoog die waarde van die werk.

/G. Jordaan, Hoe.........

2. G. Jordaan, [9] Hoe zij stierven.

Hierdie werk bestaan uit mededelinge en briewe aangaande die aard van oortredinge en die laaste ure van veertig persone wat gedurende die oorlog die doodstraf in Kaapland ontvang het.

Volledige gegewens van die veroordeeldes kon egter nie deur Jordaan bekom word nie en hy erken ook in die voorwoord van sy werk dat hy van sommige geen besonderhede in hande kon kry nie.

Op aandrang van belangstellendes en om 'n bydrae tot die geskiedenis te lewer, het hy nogtans besluit om die versameling te publiseer. Dit was Jordaan se bedoeling om die feite vir hulself te laat spreek en hy het hom soveel moontlik van persoonlike kommentaar onthou. [10] Gelukkig kon hy daarin slaag om vyf en twintig foto's in te sluit sodat die leser nader kennis kan maak met die slagoffers.

By die behandeling van elke geval het Jordaan min of meer dieselfde patroon gevolg deur waar gegewens beskikbaar was, kortliks die aard van die oortreding van die veroordeelde te noem, gevolg deur die verhoor, die uitspraak en die teregstelling. Die meeste ruimte in die werk word in beslag geneem deur die briewe wat die veroordeeldes aan hulle familiebetrekkinge geskryf het en hulle verkeer met hul predikante in die ure voor die teregstelling. Hierdie sielsontboeseminge is, hoewel dikwels kinderlik, tog diep roerend en dit tref hoe kalm en vol berusting hierdie manne hulle God tegemoet gegaan het soos hulself diep oortuig geglo het.

---

9) Van hierdie persoon kon geen besonderhede verkry word nie.
10) G. Jordaan, Hoe zij stierven. Kaapstad, H.A.U.M., 1917, p. 10.

Die mees algemene aanklag teen die veroordeeldes was dié van hoogverraad, maar daar was ook aanklagte van treinontsporing, moord, poging tot moord, brandstigting, diefstal en rowery, terwyl 'n Transvaler, J.A. Baxter en 'n Kolonialer, Bester, die doodstraf gekry het omdat hulle in kakie geklee was.

Jordaan wys daarop dat die 800 krygswetvonnisse wat gedurende die oorlog gevel is nie minder nie as 328 doodvonnisse ingesluit het, maar dat die meeste nie voltrek is nie. Dit is 'n bewys dat sekere instansies hul mag misbruik en dikwels doodvonnisse vir niksbeduidende oortredings gevel het. Die vraag is: In hoeverre het reg en geregtigheid t.o.v. hierdie veroordeeldes geseëvier? Hierdie vraag kan beantwoord word na aanleiding van die volgende gevalle: Hendrik van Heerden is sonder verhoor doodgeskiet omdat die Boere hom 'n besoek sou gebring het wat op sy samewerking met hulle gedui het. [11] Karel en Petrus Nienaber en Jan Nieuwoudt is tereggestel omdat hulle genl. Malan sou gehelp het om 'n trein te ontspoor, 'n beskuldiging wat deur hulle en Malan ontken is. [12] C. Claasen en I. Nel was perdewagters by die Boere en moes met hulle lewens betaal. [13] J.G.W. Jansen en ene Rautenbach is gehang omdat hulle diere geroof het, maar volgens hulle moes hulle dit op bevel van die kommandant doen. [14] P.W. van Heerden wat met 'n bril slegs sowat tien treë kon sien, is onverhoord tot die dood veroordeel op grond daarvan

---

11) Ibid., p. 12-14.
12) Ibid., p. 23.
13) Ibid., p. 57-58, 69.
14) Ibid., p. 100-103

/ "..... dat......

> "....dat hij sich by den vijand heeft aangesloten de wapens tegen zijn wettige regeering heeft opgenomen en aldus getracht heeft moord te plegen,....."[15]

Gideon Scheepers is ter dood veroordeel sonder dat sy getuies te velde die kans gegun is om sy onskuld te bewys.[16]

Hierdie werk lewer 'n baie belangrike bydrae tot ons oorlogsliteratuur oor 'n minder bekende deel van die oorlog waarvan baie van die gegewens elders nie verkry kan word nie.

3. J.D. Kestell, Christiaan de Wet, 'n lewensbeskrywing.

In sy voorwoord tot bogenoemde werk meld Kestell dat hy met die versameling van stof vir die lewensbeskrywing van De Wet moes ontdek dat daar feitlik geen persoonlike briewe van die Generaal bewaar gebly het nie en hy verwys spesifiek na al De Wet se dokumente en briewe wat tydens die oorlog deur die Engelse buit gemaak en nooit weer teruggevind is nie.

Kestell kan ongelukkig geen aanspraak maak op wetenskaplike hantering van sy bronne insake De Wet se aandeel aan die oorlog nie. Hoewel hy in die voorwoord na "oorlogsboeke" verwys, word dit nie in die bibliografie vermeld nie. Dit blyk uit die werk dat Kestell swaar geleun het op De Wet se herinneringe nl. De Strijd tusschen Boer en Brit, terwyl hy ook 'n hoeveelheid getuienis uit sy eie werk, Met de Boeren-Kommando's, geneem het.

Die enigste ander bronne wat deur Kestell vermeld word, is die "onskatbare" getuienis wat hy uit die mond van die Generaal gedurende die oorlog en enkele maande voor die publikasie van

---

15) Ibid., p. 218.
16) Vir 'n bespreking van Scheepers se dagboek sien p. 47 hierbo.

/die werk gehoor ........

die werk gehoor het.[17)]

Die besonderhede wat hy i.v.m. mev. De Wet meedeel, het hy byna uitsluitlik uit haar mond opgeteken, terwyl vriende en ander familie waaronder De Wet se oudste seun, J.I. de Wet, wat saam met sy vader op kommando was, ook heelwat gegewens aan hom kon verskaf. 'n Sekere deel van hierdie mondelinge getuienis het sekerlik betrekking op die oorlog self gehad, maar dit kan ongelukkig nie in die teks geïdentifiseer word nie.

Kestell het slegs sewe en negentig bladsye aan De Wet se oorlogsloopbaan gewy en hy het gevolglik oorsigtelik te werk gegaan. Daarom lewer die werk geen besondere bydrae tot die reedsbestaande kennis oor De Wet se oorlogsloopbaan nie alhoewel 'n hoeveelheid feite tog vermeld word wat nog nie tevore te boek gestel is nie. Kestell het slegs in 'n mate daarin geslaag om De Wet as krygsman in die regte perspektief te plaas ten spyte van die feit dat hy dwarsdeur die oorlog aan sy sy was.

Die lotgevalle van mev. De Wet is kortliks tussen dié van haar man ingevleg. Nadat sy 'n tyd lank rond gevlug het, is sy gevang en na Johannesburg geneem waar sy en haar kinders vir nege maande gewoon het. Vandaar is sy na die kamp te Pietermaritzburg gestuur waar sy tot die einde van die oorlog gebly het. Haar verblyf in Johannesburg en in die kamp te Pietermaritzburg word nie beskryf nie.

4. L.A. Visagie, Terug na Kommando.

Lukas Andries Visagie is op 10.11.1891 op Ficksburg gebore. Hy ontvang sy opleiding aan die Universiteitskollege te Bloemfon-

---

17) J.D. Kestell, Christiaan de Wet 'n lewensbeskrywing. Kaapstad, Nasionale Pers, 1920, voorwoord (ongenommer).

tein en gee daarna onderwys. Sedert 1929 was hy skoolhoof op Carolina, 'n pos wat hy in 1942 nog beklee het.[18]

In hierdie werk het Visagie die avonture van Willie Steyn en 'n paar ander krygsgevangenes en kamerade op onderhoudende en aanskoulike wyse "tot 'n dramatiese en afgeronde geheel verwerk", en die verhaal lees in der waarheid soos 'n roman. Die getuienis wat deur Willie Steyn aan Visagie verskaf is om die verhaal te kan opstel, bestaan eerstens uit Steyn se herinneringe vanaf hulle gevangeneming tot waarskynlik hul tog op die Russiese troepeskip na Rusland. Waarskynlik het hy van toe af tot die einde van die oorlog 'n dagboek aangehou.[19]

Dwarsdeur die verhaal tref die onverskrokke vasberadenheid en onuitblusbare patriotisme van die groep Boere wat alles feil gehad het vir die Boeresaak en nie bereid was om as passiewe krygsgevangenes die einde van die oorlog in Ceylon te gaan afwag nie.

Reeds op pad na Kaapstad, nadat Steyn en sy makkers, Tielman Roos, Attie van Niekerk en Piet Botha kort na die slag van Rooiwal as lede van De Wet se kommando gevange geneem is, het hulle planne beraam om te ontsnap, maar die kans het hom nie voorgedoen nie. In die kamp op Groenpunt grawe hulle twee tonnels en vyl daarna die kampdrade af, maar elke keer word hulle planne deur verraad gedwarsboom.[20]

Op 15 November 1900 word Steyn en sy maats saam met 600 ander bannelinge na Ceylon gestuur. In die hawe Colombo slaag Steyn en sy maats nl. Piet Botha, Lou en George Steytler en 'n Duitser, Hausner, daarin om van die skip af te spring en alhoewel die plan was dat hul na

---

18) Diederichs, op. cit., p. 296.
19) L.A. Visagie, Terug na Kommando. Kaapstad, Nasionale Pers, 1932, p. 149, 150-151, 223-224.
20) Ibid., hoofstukke 8, 9.

verskillende skepe in die hawe sou swem, beland almal per toeval op die Russiese troepeskip die Gherson. Hulle word met oorstelpende hartlikheid deur die Russe ontvang wat 'n bewys was van die Russiese simpatie jeens die Boeresaak. By die Britse basis Aden is hul in een van die skip se skoorstene versteek.

Op pad na St. Petersburg het die vyf Boere se verskyning telkens groot belangstelling uitgelok en daar is op verskillende maniere tydens hul reis fondse vir die Boeresaak ingesamel. 21)

In Nederland, net soos in Duitsland, het hulle n gulle en geesdriftige ontvangs geniet. Dit illustreer die simpatie op die vasteland van Europa teenoor die strydende Boerevolk. Dr. H.N.P. Muller, konsul-generaal van die Vrystaat in Nederland, het die groep se passaat na Suid-Afrika betaal en op 6 April 1901 het hulle in Swakopmund aan wal gestap. Na 'n drie en twintig-daagse uitputtende tog deur die woestyn kom hulle in 'n uitgeputte toestand op Keetmanshoop aan. 22) Nadat hulle perde bekom het, het hulle op 1 Junie 1901 in die Kaapkolonie aangekom, byna 'n jaar nadat hulle gevange geneem is.

Na verskeie skermutselings met Hottentotbendes aan weerskante van die Oranjerivier word genl. Manie Maritz uiteindelik opgespoor en Steyn en Hausner besluit om hulle lot by hierdie onverskrokke krygsman in te gooi. Die res van die groep is terug Vrystaat toe, maar almal is gevang en sy boesemvriend, Piet Botha, sterf deur 'n Hottentotkoeël.

Steyn, wat onder Maritz tot kommandant bevorder is, gee ongelukkig geen besonderhede oor die krygsverrigtinge waarby hy onder Maritz in Kaapland betrokke was nie, en hy verhaal slegs kortliks sy en sy kamerade se lotgevalle totdat

21) Ibid., hoofstukke 17, 18.
22) Ibid., hoofstuk 25.

/vrede gesluit is........

vrede gesluit is.

Die avonture van Steyn en sy kamerade is 'n unieke verhaal uit die oorlog van 'n groep krygsgevangenes wat net nie in hulle lot wou berus nie. Telkemale het hulle hul lewens op die spel geplaas om te ontsnap en uiteindelik het hulle daarin geslaag. Na 'n jaarlange swerftog wat hulle feitlik halfpad om die aarde gevoer het, was hul terug op Suid-Afrikaanse bodem om die stryd te kom voortsit. Die geesdriftige ontvangs wat Steyn en sy makkers in Europa te beurt geval het, illustreer die belangstelling en simpatie wat daar op die vasteland van Europa jeens die Boerevolk bestaan het en hierdie aspek van die verhaal is van besondere historiese waarde.

5. M.M. Postma, Stemme uit die verlede.

Magdalena Margaritha Postma is op 18.8. 1908 gebore. Verskeie dogtersverhale het van haar verskyn.[23)]

Bogenoemde werk bestaan uit 'n versameling van nege en dertig verklarings, waaronder agt en dertig van vroue wat tydens die oorlog in 'n groot aantal konsentrasiekampe verkeer het. Hierdie getuienisse, waarvan 'n groot aantal beëdigde verklarings is, is reeds in 1925 deur Postma in pamfletvorm uitgegee. Haar bedoeling daarmee was nie om nuwe bitterheid te verwek nie,

> "... maar enkel om die lesers opnuut te herinner aan die diep waters waardeur God ons volk gelei het...."

en om te wys op die bydrae van die vrou van Suid-Afrika in die opbou van land en volk.[24)]

Uit hierdie getuienisse blyk dit weer eens dat daar nouliks 'n ontsettender metode bestaan

---

23) Nienaber, Bibliografie van Afrikaanse boeke, Deel 6, p. 143.
24) M.M.Postma, Stemme uit die verlede. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1939, voorwoord deur L.M. Fick (opgenommer).

/om 'n volk te onderwerp

om 'n volk te onderwerp as wanneer die vyand dit teen die vrou en kind van die strydende mik. Weer eens kom die leser onder die besef van hoe groot en heroïes die aandeel van die vrou en kind in die worstelstryd was, en sien ons weer hoe byna ongelooflik hul liggaamlike, maar veral hul geestelike lyding was. Deur sy eenvoud en soberheid spreek hierdie getuienis des te feller tot die leser. 25)

Deurgaans, met byna eentonige reëlmaat, speel dieselfde tonele oor en oor af nl. die barbaarse vernielsug van die besoekende vyand aan die boerplase, hul harteloosheid wanneer die huise in 'n paar minute ontruim moet word en hul ongevoeligheid teenoor kind, ou mens, sieke en swanger vrou wanneer hulle ongeag koue of reën, na die kampe aangejaag word. Hierdie prentjie het nog 'n swarter kleur gekry wanneer Bantoes daarby betrokke was.

In die kampe was die fasiliteite sodanig dat die dood 'n ryk oes ingesamel het. Daar het, a.g.v. ontoereikende fasiliteite, hele gesinne uitgesterf, en die vernedering wat die hensoppers hulle aangedoen het, moes ook nog gesluk word. 'n Groot aantal getuies maak gewag van die ontoereikende hospitaalgeriewe, onsimpatieke en dikwels onbekwame personeel wat van die hospitale 'n onheilsplek gemaak het.

Deurgaans blyk ook die minagting wat die vyand, maar ook die hensopper, van wie die name verswyg word, vir die Boerevrou en kind gehad het en dit kom weer duidelik aan die lig dat die Afrikanernasie nêrens so diep verneder is as tydens die Tweede Vryheidsoorlog nie.

Aangesien bogenoemde verklarings tussen

---

25) J.R.L. Van Bruggen, Stemme uit die verlede (boekbespreking). Die Brandwag, 17.5.1940.

/ 1916 en ........

1916 en 1925 gemaak is, wen dit baie aan betroubaarheid aangesien die geheues toe nog betreklik vars was. Hoewel die meeste van die feite in hierdie aanvullende bron oor die lot van die vroue tydens die oorlog alreeds bekend is, lê die waarde daarvan daarin dat dit ter stawing dien van getuienis wat reeds daaroor verskyn het.

6. G.D. Scholtz, In doodsgevaar.

Gert Daniël Scholtz (D.Litt M.A., L.L.B) is op 15.8.1905 op Philipstown gebore. Na voltooiing van sy studies te Amsterdam, word hy staatsamptenaar,[26] maar in 1937 tree hy tot die redaksie van Die Transvaler toe waarvan hy later die hoofredakteur tot op 16.8.1970 was.[27] Daar het meer as twintig werke van hom verskyn waaronder Europa en die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902 (1939), Hoe die wêreldpolitiek gevoer word (1952) en Die stryd om die wêreld: Rusland en die Kommunisme (1962).

Op versoek van J.J. Naudé het Scholtz, wat sedert sy jeugjare 'n groot bewondering vir Naudé gehad het, sy volledige herinneringe in 1940 laat verskyn.[28] Leemtes in Naudé se werk soos die weglating van die name van verskeie persone wat hy nie in die verleentheid wou bring nie asook gebeurtenisse wat óf onvolledig beskryf is óf waaroor daar nie duidelikheid vir die leser was nie, is met die werk van Scholtz uit die weg geruim. Scholtz kon ook nou laat reg geskied aan die heldedade van Naudé wat in laasgenoemde se werkie nie die geval was nie.

Weer eens word Naudé se aandeel in die stryd in Natal en aan die Colesbergse front

---

26) Diederichs, op. cit., p. 243.
27) Die Transvaler, 15. 8. 1970.
28) Vir 'n bespreking van die herinneringe van Naudé kyk p. 220 hierbo.

/hoofstukke 2 en 3......

(hoofstukke 2 en 3), die perdebuitery in Pretoria (hoofstuk 6), die slag van Bakenlaagte (hoofstuk 15) en sy ander bedrywighede in die veld (hoofstukke 9, 13, 17 en 18 ) geskets.

Scholtz laat egter die klem veel swaarder op Naudé se spioenasiebedrywighede val en gee baie aandag aan Naudé se tien besoeke aan die stad. Die vertelling geskied nie in die eerste persoon nie, maar Scholtz slaag terdeë daarin om die leser onder die besef te bring van hoe gevaarlik en waaghalsig die besoeke veral later geword het en hy slaag daarin om Naudé tot 'n ware held te verhef.

Naudé het waardevolle inligting d.m.v. die geheime diens in Pretoria verkry en aan die kommando's besorg soos troepebewegings van die vyand, naamlyste van die „National Scouts" in Pretoria, verslae van die vroue oor toestande in die konsentrasiekampe, koerantuitknipsels wat die Boere-offisiere op hoogte gehou het t.o.v. buitelandse reaksie op die oorlog, asook briewe van aanmoediging van pres. Kruger aan die burgers te velde. Terselfdertyd het Naudé boodskappe van die Kommandant-generaal oorgebring na die Van Warmelo's wat dit dan na Kruger in Nederland versend het en hy en die Van Warmelo's was van die weinige verbindingskakels tussen die burgers te velde en die President in Europa. [29]

Toe die spioenasiediens in duie stort, wou Botha, wat op daardie stadium van die oorlog baie pessimisties was, nie hê dat Naudé met sy gevaarlike bedrywighede moet aangaan nie. Buitendien het Botha geglo dat sy spioenasiewerk tog nie meer 'n verskil aan die uitslag van die oorlog sou maak nie. [30]

---

29) Die enigste ander kommunikasiemiddel was spesiale boodskappers wat deur Duits-Wes-Afrika en Portugees-Oos-Afrika na Europa gereis het.

30) G.D.Scholtz, <u>In Doodsgevaar</u>, 1940, p. 169.

/ 'n Bewys.......

'n Bewys van die hoofbrekens wat Naudé die vyand besorg het, is die bedrag van R4,000 wat op sy kop geplaas is en genl. Maxwell se verklaring later aan hom dat hulle R18,000 gespandeer het om hom te vang.

Naudé se aanvullende getuienis wat byna veertig jaar na die oorlog op skrif gestel is, moet versigtig beoordeel word aangesien geheue-foute baie waarskynlik sal wees.

Dit is ook jammer dat Scholtz nie meer uitgewy het oor die aard van die geheime informasie wat Naudé gehanteer het nie. So verwys hy na

„....die waardevolste informasie..."

wat Naudé van 'n Britse offisier oor troepebewegings gekry het (p.126) en

„....belangrike informasie...."

wat Naudè aan Botha oorgebring het (p. 141). Dit sou die spanning en interessantheid van die werk asook die gewigtigheid van Naudé se besoeke verhoog het. [31)]

Nogtans moet die getuienis van Naudé in sake die enigste spioenasiediens aan Boerekant gedurende die oorlog as besonder waardevol beskou word aangesien hy die enigste persoon was wat met gesag daaroor kon praat. Hierdie getuienis tesame met dié wat verskyn het in The Petticoat Commando [32)] gee aan die leser en navorser 'n redelike beeld oor 'n unieke aspek van die oorlog waaroor daar, sover bekend, geen ander getuienis bestaan nie.

7. H.J.C. Pieterse, Oorlogsavonture van genl. Wynand Malan.

Hendrik Johannes Christoffel Pieterse is op 21.1. 1906 op Swellendam gebore. Hy voltooi sy studies aan die Universiteit van Stel-

---

31) D.W. Kruger, In Doodsgevaar (boekbespreking). Die Brandwag, 24.5. 1940.
32) Kyk p. 117 hierbo.

/lenbosch ..............

lenbosch [33] en gee vanaf 1927 tot 1936 onderwys in Tanganjika. Vanaf 1937 tot 1949 was hy verbonde aan die Hoërskool Maitland naby Kaapstad. Van hom het verskyn Volksaltare, My Tweede Vryheidstryd, Baanbrekers in die maalstroom en Oorlogsavonture van genl. Wynand Malan. [34]

Wynand Charl Malan is in 1872 [35] op Franschhoek gebore. Hy verwerf Transvaalse burgerskap na sy deelname aan die M'Pefu-oorlog in 1898. Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog was hy in die Krugersdorpse distrik woonagtig. [36] In 1907 het Malan na Tanganjika verhuis [37] waar hy vir baie jare 'n leidende figuur in die samelewing was en bekend gestaan het as 'n persoon van onkreukbare integriteit. [38] Hy is op 10.2.1953 in Tanganjika oorlede. [39]

Met die teboekstelling van die oorlogsavonture van genl. Malan het Pieterse verhoed dat een van die dapperste helde uit die Tweede Vryheidsoorlog aan die vergetelheid oorgelaat is en dat 'n belangrike hoeveelheid historiese gegewens onherroeplik vir die nageslag verlore gaan. In 1907 het Malan na Tanganjika verhuis en behalwe sy strydmakkers wat sy naam in herinnering gehou het, het die jonger geslag niks van hom geweet nie en hy is dood gewaan, selfs deur Gustav Preller. [40]

Nadat herhaalde versoeke tot Malan gerig is om sy herinneringe te boek te stel, het hy hom uiteindelik, hoofsaaklik deur die toedoen van J.A. Smith wat onder hom geveg het en J.H.M. Viljoen, redakteur van Die Huisgenoot, laat beweeg om sy herinneringe deur Pieterse

---

33) Nienaber, Hier is ons skrywers, p. 313.
34) Ibid., p. 314.
35) Die Vaderland, 11.2.1953.
36) H.J.C. Pieterse, Oorlogsavonture van genl. Wynand Malan. Kaapstad, Nasionale Pers, 1946, p. 1.
37) Ibid., p. 2.
38) Ibid., p. 8.
39) Die Vaderland, 11.2.53.
40) Pieterse, Oorlogsavonture van genl. Wynand Malan, p. 2.

/...

te laat opteken. Vir hierdie doel het Malan langer as 'n jaar in Suid-Afrika vertoef.[41]

Ten spyte van die tydsverloop van bykans veertig jaar was Malan in staat om 'n massa détail van krygsverrigtinge waarby hy betrokke was te onthou en te rekonstrueer. Hierdie feit is des te merkwaardig as in aanmerking geneem word dat Malan se guerillaloopbaan 'n snel opeenvolging van veg en vlug oor 'n groot area tot aan einde van die oorlog was en dat so 'n aktiewe krygsloopbaan vanselfsprekend geweldig inhoudryk moet wees. Malan was sonder twyfel 'n skerp waarnemer en hy het oor 'n uitstekende geheue beskik. Die volgende reëls illustreer die intensiewe wyse waarop veral sy guerillaloopbaan deurgaans beskryf word:

> "Inmiddels het die stryd in alle erns begin. 'n Afdeling ruitery beweeg in die rigting van komdt. Smith se stelling, blykbaar met die doel om hom te omsingel, want hulle bly so ver moontlik onder skoot uit. Die oorgrote meerderheid bind egter die stryd te voet aan. Hulle bestaan uit twee afdelings. Die een groep peil na die rant wat op my posisie in die hoek doodloop. Ten einde hierdie flankbeweging te ondersteun, nader die ander afdeling voetvolk vanaf ses honderd tot op vier honderd tree en val toe plat. Maar Hulle sprei eers en beset die hele vlakte voor ons. Voortaan onderhou hierdie verspreide groep 'n gestadige geweervuur op ons stellings. Die eintlike doel is om ons aandag af te trek van die naderende strydmag voor ons in die rant. Dit was nogal 'n oulike taktiek. Komdt. Smith verkeer oombliklik in gevaar. Voor hom beheers Kakie die vlakte, om hom swaai 'n afdeling ruitery, en as hulle agter toemaak, is hy vasgekeer. Ek hoor dan ook iemand uitroep: "Kyk, komdt. Smith se kêrels gee pad".[42]

---

41) Ibid., voorwoord (ongenommer).
42) Ibid., p. 207.

/ Gelukkig.......

Gelukkig is Malan se herinneringe aangevul met dié van oudstryders, belangstellendes en strydmakkers soos J.A. Smith en H. van Rensburg wat onder hom geveg het, terwyl J.H. Viljoen ook waardevolle leiding gegee het.[43] Werke soos Ek Rebelleer (J.A. Smith), My Lewe en Strewe (S.G. Maritz), Twee Jaren in den Boerenoorlog (H. Ver Loren van Themaat) en The Times History of the War In South Africa (A.L. Amery) is as aanvullende of kontrolebronne gebruik en dit verhoog die wetenskaplike waarde van die getuienis.

Malan se posisie as kommandant en later as generaal tydens die guerillafase van die oorlog verleen aan sy getuienis, wat daardie fase van die oorlog betref, groot gesaghebbende status.

Malan het as gewone burger met groot hartetog tot die stryd toegetree. Al dadelik het hy blyke van buitengewone dapperheid, krygslis en inisiatief gegee en hy was telkens 'n besielende figuur in menige waaghalsige onderneming.

Bemin deur sy kamerade en hooggeag deur sy vyande, was hy iemand met geweldige energie en hy word beskou as die Boeregeneraal wat waarskynlik die grootste aantal van die vyand persoonlik onskadelik gestel het. Sy bekwaamheid word bewys deur sy opgang van gewone burger tot luitenant in Theron se verkennerskorps en agtereenvolgens tot kommandant (Februarie 1901), generaal (Desember 1901) en tenslotte tot assistent kommandant-generaal - 'n aanstelling wat a.g.v. die beëindiging van die oorlog nie bekragtig is nie.

Ten aanvang word Malan se aandeel aan die

---

43) Ibid., voorwoord.
44) Ibid., hoofstukke 6 - 10.

/slae te Colenso......

slae te Colenso en Spioenkop kortliks weergegee. Die nuus van Cronjé se oorgawe het 'n noodlottige bydrae tot die ramp by Pietersheuwel die volgende dag gelewer. Verlate stellings waar genl. L. Meyer die opperbevel gevoer het, het sonder slag of stoot in die vyand se hande geval en selfs die Boere-artillerie het nie eens probeer om die vyand te beskiet nie.

Na die ineenstorting van die Tugelafront word Malan lid van Theron se verkennerskorps. Vir Theron het Malan die hoogste lof gehad en hy glo dat De Wet se beweeglikheid hoofsaaklik deur Theron en sy korps moontlik gemaak is. Hy prys egter De Wet aan as die grootste guerilla-taktikus en strateeg van die oorlog. Van sy ervaringe saam met Theron en De Wet word slegs enkeles aangestip waaronder enkele van Theron se bedrywighede en die verrassingsaanval op De Wet se laer by Bothaville. 44)

Nadat Malan 'n opdrag van De Wet uitgevoer het om Philipstown in te neem wat moes saamval met De Wet se tweede inval in Kaapland, besluit Malan om met sy vyf en twintig man in Kaapland te bly en twee derdes van die werk word aan die stryd in Kaapland gewy waar Malan sy grootste roem sou verwerf.

Malan wys daarop hoedat die Rebelle by twee geleenthede deur die Republieke in die steek gelaat is en dat indien De Wet se inval in Kaapland geslaag was, die gebied in opstand sou gekom het en sou die oorlog 'n totaal ander wending geneem het.

Die geheim van Malan se sukses as guerillaleier het in sy roekelose verrassingsaanvalle wat hy en sy klein bende met dodelike vasberadenheid uitgevoer het, gelê. So slaag agtien Boere daarin op 250 Engelse tussen Richmond en Victoria-Wes te oorrompel. 45)

---

44) Ibid., hoofstukke 6-10.
45) Ibid., p. 144-146.

/By 'n ander geleentheid...

By 'n ander geleentheid het ses man agt en veertig Engelse in die Murraysburgse distrik tot oorgawe gedwing en dit word deur Malan as die skitterendste wapenfeit in Kaapland beskou. 46) By nog 'n geleentheid jaag vyf man 198 Engelse op die vlug en waag twintig man dit om 1000 Engelse in 'n hinderlaag te lei en aan te val. Binne die eerste maand van hul optrede in Kaapland het Malan en sy groep dan ook 400 Engelse op hul kerfstok waaronder 100 gesneuweldes. 47)

Die besondere aanleg van Malan as leier en strateeg word bewys deur sy aanvalle op verskeie dorpe waaronder Richmond, die vernietiging van kol. E.M.S. Crabbe se konvooi van drie en sestig waens in die distrik van Frazersburg aan die begin van Februarie 1902 en die daaropvolgende geveg met hierdie kolonel in laasgenoemde distrik waartydens die Engelse meer as 400 ongevalle gely het. 48)

Na 'n kort besoek aan die Vrystaat lewer Malan een slag na die ander teen die kolonnes van French in die Kaapse Middellande en hy hou duisende van die vyand daar besig. In die Kaapse Middellande was die vyand veel bedrywiger as in die res van die Kaapkolonie en hulle het talle ongelooflike ontkomings gehad. In sy laaste geveg, vier dae voor die vrede, word Malan vir die vyfde keer gewond en hoewel die wond dodelik was, het hy herstel.

As gevolg van die lang tydsverloop sedert die oorlog haal Malan baie min datums aan wat as 'n leemte in die werk beskou moet word. Aan die anderkant vermeld hy deurgaans die name van plekke en plase wat sy kommando besoek het met die gevolg dat die navorser hulle talle bewegings min of meer kan bepaal. Nogtans is

---

46) Ibid., p. 153-155.
47) Ibid., p. 158-159.
48) Ibid., p. 293-297.

/'n kaart met...........

'n kaart met sy roetes daarop 'n gemis hier vir die gewone leser. Terreinkaarte van die belangrikste gevegte sou die waarde van die werk verder verhoog het.

Die groot geskiedkundige waarde van die werk lê daarin dat dit getuienis gee oor 'n fase van die oorlog wat van Boerekant arm is aan dokumente. Hier word die karakter van die guerillastryd in Kaapland pragtig geïllustreer, nl. klein kommando's wat oor 'n groot oppervlakte teen 'n oormag van die vyand veg en in die proses talle noue ontkomings en avonture belewe. Terselfdertyd kry die leser insig in die vegmetodes van die Engelse en hoeveel sukses hul daarmee teen die guerillas behaal het. Die reuse-aandeel van die Kaapse Rebelle, van wie Malan 'n hoë agting gehad het, word beskryf, asook die gesindheid van die Kaaplanders teenoor die Boere en hul probleme onder krygswet.[49)]

Pieterse het Malan se herinneringe op uitstekende wyse te boek gestel, hoewel die leser soms die indruk mag kry dat Pieterse en nie Malan nie aan die woord is. Die eenvoudige en nugtere verteltrant verleen die nodige effek aan gebeure en Pieterse het d.m.v. goeie beskrywingskuns daarin geslaag om dit 'n warm menslike verhaal te maak waaraan die werk dan ook sy groot bekoring te danke het.

Malan het tot groot hoogte die objektiwiteitsbeginsel gedien en hy staan by verskeie geleenthede simpatiek teenoor die gewone tommie wat per slot van rekening tog maar gebind was aan die bevele van sy offisier.

Waar Malan in die eerste persoon vertel,

---

49) D.W. Kruger, Oorlogsavonture van genl. Wynand Malan (boekbespreking). Koers, Oktober 1942, p. 84. Vgl. P.J. du Plessis, Oorlogsavonture van genl. Wynand Malan (boekbespreking). Die Huisgenoot, 5.9.1941.

/probeer hy .....

probeer hy nie doelbewus as die enigste held in die verhaal poseer nie, maar hy vermeld gereeld die heldedade van sy kamerade wat ook tot sý roem bygedra het.

Deurgaans is die spannende avonture ryklik versier met tintelende anekdotes wat daartoe bydra om die werk besonder lesenswaardig te maak.

8. <u>K. van den Heever, Vryheidsheld ontsnap die dood</u>.

In slegs ses en veertig bladsye word die ervaringe van die Kaapse rebel, P.J. Viljoen, verhaal soos waarskynlik deur Viljoen se vrou, Johanna, aan Van den Heever vertel. 50)

Met die inval van **kmdt.** J.H. Olivier in Kaapland word Viljoen tot veldkornet verkies. Hy word op Wepener gevang en ter dood veroordeel, maar met die hulp van die sipier, Van Straaten, en C. du Preez word hy deur **kmdt.** J. de Beer bevry. Op versoek van pres. Kruger vertrek hy na Amerika waar hy die Boeresaak gaan propageer en geld ingesamel het vir die weduwees en wese in die twee republieke.

Die getuienis besit vanweë die onvolledige en fragmentariese aard daarvan, weinig waarde.

9. <u>H.J.C. Pieterse, My tweede vryheidstryd</u>.

Die persoonlike herinneringe van P.C. Joubert, soos onder bogenoemde titel opgeteken deur Pieterse, is 'n verdere welkome en waardevolle aanvulling tot die reeds bestaande sekondêre bronne oor die Tweede Vryheidsoorlog.

Pieter C. Joubert is op 24 Desember 1859 in die distrik Aliwal-Noord gebore. Teen die jaar 1877 het hy hom in die distrik Middelburg (Tvl.) waar sy vader Volksraadslid was, bevind. In 1898 is hy tot lid van die Tweede Volksraad vir Ermelo gekies. Tydens die Eerste Vryheids-

50) Van hierdie persone kon geen besonderhede verkry word nie.

/oorlog neem hy o.a.......

oorlog neem hy o.a. aan die slae van Laingsnek en Majuba deel. In 1905 vestig hy hom in Tanganjika waar hy bly woon het tot sy dood in 1945. [51]

Wat krygsgebeure betref, val die klem in hierdie werk nie soseer op oorlogstrategie nie, maar word breedvoeriger stil gestaan by die skildering van veldslae en slagveldtonele waarby Joubert betrokke was. [52]

Joubert het as lid van die Ermelo-kommando deelgeneem aan die inname van Dundee, die beleg van Ladysmith, die slag van Modderspruit, die Estcourt-ekspedisie [53] en die afweergevegte aan die Tugela. Hy val saam met die kommando's deur die Vrystaat na Pretoria en vandaar langs die oosterlyn terug en neem aan die slae van Donkerhoek en Dalmanutha deel. Ten slotte skets hy sy ervaringe saam met die Ermelo-kommando op die oostelike Hoëveld en hy gee o.a. beskrywings van die slae van Bakenlaagte [54] en Chrissiesmeer. Joubert se persoonlike ervaringe het, vanuit 'n militêre oogpunt gesien, dié besondere waarde dat hy terselfdertyd die lotgevalle van die Ermelo-kommando waaroor daar tot op daardie stadium min bekend was, beskryf. [55]

Een van die doelstellinge van Pieterse was om die klem meer te laat val op nuwe gesigspunte t.o.v. die Boereleërleiding en die stryd in die algemeen. Een van die grootste verdienstes van die werk is dan ook die intieme kyk op die karakters en handelswyses van sommige van die Boereleiers. So veroordeel Joubert Erasmus vir sy passiwiteit en Weilbach

---

51) H.J.C. Pieterse, My tweede vryheidstryd. Kaapstad, Nasionale Pers, 1945, voorwoord (ongenommer).
52) Vgl. A.N. Pelzer, My tweede vryheidstryd (boekbespreking). Historiese studies, Januarie 1942, p.238.
53) Pieterse, My tweede vryheidstryd, p. 34-47.
54) Ibid., p. 151-154.
55) Pelzer, Historiese studies, Januarie 1942, p. 238.

/vir sy ongehoorsaamheid

vir sy ongehoorsaamheid tydens die slag van Talana. Hy verwyt generaal C.E. Fourie dat hy die Ermeloërs by die Bosrant in die steek gelaat het.[56] Ook L. Botha moet dit ontgeld omdat hy teen die wil van sy krygsraad op die Vaalrivier as verdedigingslinie teen die oprukkende Roberts besluit het. Tobias Smuts, onder wie Joubert gedien het, was een van die offisiere wat by tye te onbevoeg was om die

> „...mees elementêre taktiese bemaneuver deur te voer"

en met hom het Joubert dikwels gebots.

Joubert se kritiek is van belang aangesien hy as veteraan uit die Eerste Vryheidsoorlog en as volksraadlid in die bevoorragte posisie was om krygsraads- en offisiersvergaderings by te woon en hy was gevolglik deurgaans op hoogte met besluite wat geneem is. Omdat Joubert dit as teenstrydig met die Transvaalse grondwet beskou het om tegelyk volksraadslid te wees en 'n offisiersrang te beklee, het hy geweier om 'n permanente militêre aanstelling te aanvaar. Nogtans het hy verskeie kere as waarnemende veldkornet, kommandant en generaal van die Ermelo-kommando opgetree. Hy was selfs vir tien dae Waarnemende President toe S. Burger op besoek in Swaziland was. Sy kritiek en getuienis in die algemeen dra dus 'n sekere gesaghebbende waarde.

Vir die eerste keer onthul Joubert dat genl. P. Joubert hom teen die plan om Ladysmith te beleër, verset het. Hy wou, soos reeds voor die uitbreek van die oorlog deur die Volksraad besluit is, met die hele Boereleër na Durban opruk en slegs 1500- 2000 man by Ladysmith laat. Sy voorstel is

---

56) Pieterse, My tweede vryheidstryd, p. 51-56.

/ „....byna eenpariglik...

„...byna eenpariglik..."

deur sy krygsraad verwerp en sy profetiese woorde daarop was:

„Julle sal nimmer Ladysmith se val sien nie." 57)

Dit is 'n belangrike feit aangesien die flater vir die beleg tot op daardie stadium veelal op die skouers van genl. Joubert gelaai is. Hy het genl. Joubert hooggeag terwyl hy van al die Britse veldhere die meeste respek vir Buller gehad het vanweë sy humane optrede teenoor die burgerlike bevolking.

Voorts word die mooie en die lelike in die Boer geopenbaar en die leser maak weer eens kennis met heldedade, onbevoegdheid, veraad, selfsug en onkunde. Hy belig die voor- en nadele van die kommandostelsel en wys op die uitstekende persoonlike inisiatief teenoor die byna ongeloeflike gebrek aan **dissipline by** die burgers.

Uit al die grappige insidente wat die erns van die verhaal afwissel, leer ons die burger in al sy ongekunstelde eenvoud ken. Weer eens word die barbaarse uitroeiing van die veestapel en die tragiese lot van die vrou en kind aangestip, terwyl ook aandag gegee word aan die verskillende vredespogings van die kant van Transvaal waarby Joubert betrokke was.

Joubert was al oor die tagtig jaar oud toe sy herinneringe opskrif gestel is, en hoewel J.M.H. Viljoen, redakteur van <u>Die Huisgenoot</u>, gevind het dat sy geheue op vier en tagtigjarige ouderdom nog

„....so helder is as dié van 'n jong man" 58)

moet sy getuienis met versigtigheid betrag word. Dit toon naamlik al die gebreke van

57) Ibid., p. 36.
58) Ibid., voorwoord, p. ix.

/derglike herinneringe..

derglike herinneringe wat soveel jare na die oorlog opgeteken is, nl. onvolledigheid, vaagheid en soms onbetroubaarheid. So gee hy 'n foutiewe relaas van die gevangeneming van Churchill.[59] Hy vergis hom waar hy beweer dat Kruger nie die laaste vergadering van die volksraad toegespreek het nie.[60] Hy verhaal 'n besoek van Smuts aan die Transvaalse regering in April 1902 met die oog op vredesamesprekings en dat Smuts by daardie geleentheid in telegrafiese verbinding met Kruger was.[61] In der waarheid was Smuts op daardie stadium in Namakwaland en Joubert verwar die gebeure met 'n vroeëre vredespoging in Mei 1901 toe Smuts in telegrafiese verbinding met Kruger was.[62] Deur 'n wetenskaplike benadering van die getuienis kon Pieterse d.m.v. voetnote dié ernstige foute reggestel het.

Ten spyte van sy leemtes bly die werk vir die historikus waardevol aangesien dit bestaande getuienis aanvul en d.m.v. intieme agtergrondskildering bydra tot 'n juister totaalbeeld oor die oorlog.[63]

10. C. Bosman, Slaan en vlug. (Die herinneringe van J.P. Bosman.)

Jacobus Petrus Bosman is op 7 Maart 1878 in die Kaapprovinsie gebore.[64] Teen 1903 was sy ouers op Botlary naby Stellenbosch woonagtig.[65] In 1899 het hy onderwys begin gee in die distrik Burgersdorp,[66] en na sy vrylating uit die tronk in 1903 het hy sy onderwysloopbaan daar hervat.[67]

---

59) Ibid., p. 37. Kyk in die verband die getuienis van Kemp, op. cit., p. 215-217.
60) Pieterse, op. cit., p. 73. Kyk ook D.W. Kruger, Die verlede herleef (boekbespreking). Ons eie boek, Maart 1946, p. 26.
61) Pieterse, op. cit., p. 190-194.
62) G.D. Scholtz, My tweede vryheidstryd (boekbespreking). Die Huisgenoot, 2. 11. 1945.
63) D.W. Kruger, My tweede vryheidstryd. Ons eie boek, Maart 1946, p. 26.
64) C. Bosman, Slaan en vlug. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1946, p. 249.
65) Ibid., p. 276.
66) Ibid., p. 6.
67) Ibid., p. 276.

/Vir hierdie Kaapse rebel...

Vir hierdie Kaapse rebel, wie se persoonlike oorlogsondervindinge in bogenoemde werk deur sy seun beskryf word, was dit vanselfsprekend dat hy sy mede-Afrikaner in sy worstelstryd sou help, ongeag die gevare daaraan verbonde.

Op onderhoudende wyse word die geesdrif vir die oorlog onder die jong mans in die Burgersdorpse distrik aan die begin van die oorlog geskets.

In 'n kort oorsig word die slag van Stormberg en die aandeel van die verskillende kommando's daaraan verhaal waaronder meer spesifiek die aandeel van die Burgersdorpse kommando onder die rebel-kommandant Steenekamp.[68] Toe verlof van hoofkmdt. Grobler gevra is om Gatacre te agtervolg, was sy woorde:

„Nee broer. Dis Sondag, en hul vlug nou."[69]

Na enkele verdere skermutselings is Bosman saam met 'n aantal rebelle na Bloemfontein waar hulle 'n tydlank werkloos gelê het aangesien die Vrystaatse offisiere hulle nie in die vuurlinie wou plaas nie uit vrees wat met hulle sal gebeur indien die vyand hulle vang.

Tot hulle teleurstelling is besluit dat Bloemfontein nie verdedig sal word nie, maar kort daarna kon Bosman sy deel bydra in die gevegte te Sandrivier en Sannaspos.

Daarna vertrek Bosman na Pretoria waar hy die Wonderboomfort help bewaak en die laaste sitting van die Transvaalse volksraad bywoon. Terug in die Vrystaat neem hy aan die slae te Biddulpsberg en Lindley deel.[70] Vervolgens besoek hy Machadodorp waar hy pres. Kruger persoonlik ontmoet.

68) Ibid., p. 21-30.
69) Ibid., p. 29.
70) Ibid., p. 72-76.

/Hy neem aan die slag....

Hy neem aan die slag van Dalmanutha deel en vergesel daarna, saam met 'n aantal burgers, pres. Steyn deur die Bosveld via Pietersburg terug na die Vrystaat. Daar veg hy onder De Wet en na die beroemde deurbraak by Sprinkaansnek word „slaan - en - vlug" - bendes gevorm bestaande uit **vyftien** tot twintig man wat ten doel gehad het om, soos die benaming aandui, skielik toe te slaan en net so skielik weer te verdwyn. Onder hierdie soort oorlogvoering beleef Bosman talle asemrowende avonture, maar slaag telkens daarin om te ontkom.

Bosman besluit om saam met Smuts na Kaapland te gaan, maar hulle kry, in teenstelling met wat aan die begin van die oorlog gebeur het, 'n koel ontvangs van die Kolonialers. Hy het aandeel aan die oorwinning by Elandsrivierpoort in Noordoos-Kaapland, maar doen kort daarna malaria op en val in die vyand se hande. Na sy herstel, word hy na die tronk op Cradock oorgeplaas waar sy identiteit vasgestel word en hy die doodstraf opgelê word. Hy word na Stellenbosch gestuur waar 'n hersiene vonnis van lewenslange tronkstraf hom opgelê word. Daarna is hy agtereenvolgens in die tronke op Worcester en Tokai aangehou totdat hy op 21 Maart 1903 vrygelaat is.

Die werk wat vlot en onderhoudend geskryf is, lees soos 'n roman en die klem val op die uitbeelding van die heroïese by die Boer. Bosman se hoë idealisme en onbaatsugtige vaderlandsliefde straal dwarsdeur die boek en vind uiting in die talle onverskrokke dade vir die saak van vryheid en reg. 71)

Die dikwels gedétailleerde beskrywings getuig van 'n skerpsinnige oog en 'n goeie geheue.

---

71) J.R.L. van Bruggen, Slaan en vlug (boekbespreking). Die Brandwag, 8. 11.1946.

/Waar die persoonlike...

Waar die persoonlike ervaringe van Bosman verhaal word, staan die navorser, a.g.v. 'n gebrek aan kontrolebronne magteloos om die waarheid van die feite vas te stel. Waar hy egter sy aandeel aan bekende krygsgebeure verhaal, kom sy feilbare geheue en waarskynlik foutiewe waarneming onmiddellik aan die lig. Bosman was veral geneig om die prestasies van die Boere te oordryf.

So beweer hy dat 1170 Engelse asook vyf kanonne met die slag van Stormberg in Boerehande geval het. [72] Volgens Amery is 624 Engelse gevang en nege en tagtig gedood en gewond, [73] terwyl twee Engelse kanonne buitgemaak is. [74] Bosman beweer dat by Sannaspos slegs 'n paar burgers ligte beserings opgedoen het. [75] In der waarheid is kmdt. G. van der Merwe daar swaar gewond, terwyl vier ander burgers gewond en drie gesneuwel het. [76]

In verband met die slag aan die Elandsrivier beweer Bosman dat genl. Sandeman drie myl van die gevegstoneel gelaer was. In werklikheid was kapt. Sandeman die aanvoerder van die bataljon tydens die geveg en het hy onder bevel van kol. Haig gestaan wat sy kamp in die nabyheid gehad het. [77]

Die waarde van die werk moet miskien gesoek word in die realistiese uitbeelding van die kommandolewe, hoe die rebel oor die Republikeinse saak gevoel het en die opofferings wat hy bereid was om te maak vir 'n mede-Afrikaner in die verdrukking. Waardevolle insae

---

72) Bosman, op. cit., p. 28.
73) Amery, op. cit., vol. 2, p. 380-381.
74) Breytenbach, Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog, p. 113.
75) Bosman, op. cit., p. 58.
76) C.R. de Wet, op. cit., p. 100.
77) Amery, op. cit., vol. 5, p. 388.

/word gegee in............

word gegee in die guerilla-oorlog in die kleine, nl. die intense bedrywighede van die burgerpatrollies wie se geweldige rol in die oorlog dikwels onderskat word. Insiggewende feite word verder verskaf oor die behandeling wat Bosman in die verskillende tronke ontvang het en dit is interessant om te weet dat die rebelle nie soos krygsgevangenes behandel is nie, maar soos gewone misdadigers.

11. W.H. Ackermann, Opsaal: herinneringe aan die Tweede Vryheidsoorlog.

Bogenoemde werk is die resultaat van waarskynlik die laaste poging wat aangewend sal word om die herinneringe van nog lewende oudstryders op te teken en ons is Ackermann dankbaar dat hy nog vir oulaas wou red wat te redde is ten spyte van die gebreke waaraan sy poging mank gaan.

Wilhelmus Hendrikus Ackermann is op 26 April 1910 in die distrik Warrenton gebore. Hy geniet sy skoolopleiding te Kimberley en bekwaam hom aan die dorp se opleidingskollege as onderwyser. Hy het tot sy aftrede in 1967 agtereenvolgens onderwys gegee aan die Windsortonweg-laerskool en die hoërskole Christiana en Bethal. [78)]

Die inhoud van die werk bestaan uit die getuienis van veertig oudstryders en een Nie-Blanke agterryer. 'n Aantal van hierdie herinneringe het Ackermann tussen 1964 en 1967 op band opgeneem. Daarby het hy beskik oor die herinneringe van kmdt. H.S. Grobler wat "jare gelede" deur 'n Ermelose skoolhoof, B. Roberts, opgeteken is en die herinneringe van 'n vyftal Bethallers wat teen 1969 reeds oorlede was, maar hulle herinneringe "jare gelede uit eie mond" aan Ackermann oorgedra het.

---

78) W.H. Ackermann, Opsaal: herinneringe aan die Tweede Vryheidsoorlog. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1969. Kyk boekomslag.

/ 'n Bietjie minder as 'n.....

ŉ Bietjie minder as ŉ derde van die werk (115 bladsye) bestaan uit ŉ beskrywing van die lotgevalle van die Bethalse kommando met die getuienis van Grobler as hoofbron, aangevul met die getuienis van verskeie Bethalse oudstryders. Die res van die werk bestaan uit ŉ reeks losstaande vertellings van ŉ aantal oudstryders.

Die werk toon dieselfde leemtes wat al die outobiografiese bronne oor die oorlog het nl. die afwesigheid van wetenskaplike bewysvoering van die getuienis en die gebrek aan biografiese gegewens oor die getuies. 79)

Waar die feite gekontroleer kan word met bestaande getuienis oor gebeure soos die lotgevalle van die Bethal-kommando het die navorser nog in'n mate grond onder sy voete. Verreweg die grootste gedeelte van die getuienis bestaan egter uit persoonlike herinneringe van vir die navorser onbekende persone, en hierdie geïsoleerde feite moet met die grootste omsigtigheid gehanteer word. Dit moet in gedagte gehou word dat die betrokke oudstryders in 1968 tussen nege en sewentig en 102 jaar oud was met die gevolg dat geheuefoute baie waarskynlik sal wees. Daarby dra die oorgrote gedeelte van die getuienis vanweë die oorsigtelike aard daarvan min tot die bestaande kennis by. So beslaan kmdt. P. Erasmus se ervaringe slegs ses bladsye en uit ds. Liebenberg se dagboek is slegs ŉ paar uittreksels geneem.

Uit ŉ krygskundige oogpunt gesien, besit veral die getuienis van Grobler oor die lotgevalle van die Bethal-kommando en die vermelding van ŉ groot aantal name van burgers ŉ sekere waarde. Daar word dikwels na die verraaiers verwys, maar hulle name word, soos in die meeste getuienis oor die oorlog, steeds sorgvuldig verswyg.

---

79) M.C.E. v. Schoor, Opsaal: herinneringe aan die Tweede Vryheidsoorlog (boekbespreking). Tydskrif vir geesteswetenskappe, Maart 1970, p. 76.

/As pouplêre leesstof.......

As populêre leesstof slaag die werk goed. Daar word 'n groot verskeidenheid insidente op ongekunstelde, maar onderhoudende wyse vertel en die leser kry insae in hoe die verskillende oudstryders die stryd as jongelinge deurloop het.[80]

B. Herinneringe van ervarene deur iemand anders opgeteken en aangevul met ander bronnegetuienis.

1. M.J. Grobler, Met die Vrystaters onder die wapen.

Met hierdie werk word nog 'n Boeregeneraal, nl. A.M. Prinsloo, aan die vergetelheid ontruk.

Anthonie Michael Prinsloo het ten tye van die uitbreek van die oorlog in die distrik Bethlehem geboer.[82] In 1912 is hy as distrikskommandant van Bethlehem aangestel.[83] Hy neem nie aan die Rebellie deel nie omdat hy van mening was dat die Afrikaner sy ideale d.m.v. konstitusionele metodes moes en kon bereik.[84] In 1921 vestig hy hom tydelik in Johannesburg.[85] Hy keer egter weer na Bethlehem terug en dien o.a. op die Bethlehemse stadsraad.[86] Hy is op 12.11.1930 deur 'n geestelike versteurde doodgeskiet.[87]

Prinsloo is as gewone burger van die Bethlehemse kommando na die Natalse front. Hy neem as onder-veldkornet aan die slag van Modderspruit deel wat slegs vermeld word. In November 1899 vertrek die Bethlehem-kommando na die Colesbergse front en 'n kort verslag van die gevegte aldaar word gegee.[88] Prinsloo

---

80) Ibid.
81) Van hierdie persoon kon geen besonderhede verkry word nie.
82) M.J. Grobler, Met die Vrystaters onder die wapen. Bloemfontein, Nasionale Pers., 1937, p. 12.
83) Ibid., p. 136.
84) Ibid., p. 141.
85) Ibid., p. 143.
86) Ibid., p. 144.
87) Ibid., p. 145-146.
88) Ibid., p. 37-45.

/het hom gou onderskei........

het hom gou onderskei en in Februarie 1900 word hy aangestel as kommandant in die plek van kmdt. H. Naudé wat bedank het.

Van die res van die krygsgebeure waaraan Prinsloo in die Vrystaat deel gehad het, word eweneens 'n kort oorsig gegee. Die belangrikste groot gevegte waarby hy betrokke was, was by Lindley, Langberg en Groenkop.[89)]

In die Noordoos-Vrystaat het hy hom so verdienstelik gemaak dat hy in Julie 1901 tot generaal bevorder is.

Tydens die vredesonderhandelings verklaar hy hom ten gunste van die voortsetting van die oorlog. Ten slotte word 'n kort oorsig gegee van sy doen en late tot sy dood.

Die inhoud van die werk bestaan uit 'n „bewerking" van Prinsloo se herinneringe aangevul met gegewens afkomstig uit die Vrystaatse argief en Die Volksblad en van die Departement van Verdediging en senator Malan.[90)] Omdat daar na geen bronne in voetnote verwys word nie is dit dikwels moeilik om vas te stel watter herinneringsfeite is en watter feite van bogenoemde bronne afkomstig is. In sommige gevalle waar menings gelug word, is dit nie moontlik om vas te stel of dit die menings van die Generaal of van Grobler is nie.

Ten spyte van die gebruikmaking van bogenoemde bronne het Grobler nogtans 'n baie onvolledige beeld van Prinsloo se krygsloopbaan gegee en sy getuienis sou waarskynlik van groter waarde vir die historikus gewees het indien dit onverwerk gepubliseer is.

Grobler meld nie in 'n voorwoord of hy persoonlik Prinsloo se herinneringe opgeteken het, en indien wel, wanneer dit gebeur het nie. Die

---

89) Vir 'n oorsig van laasgenoemde slag sien p. 98-104 in bogenoemde werk.
90) Ibid., J.D. Kestell, voorwoord (ongenommer).

/leser kom ook nie

leser kom ook nie te wete waarom die werk eers in 1937 gepubliseer is nie.

Grobler het egter gepoog om Prinsloo aan die vergetelheid te ontruk en daarin moet die waarde van die werkie dan ook gesoek word. ɱ Beeld, hoewel onvolledig, word van die generaal se rol as lid en leier van die Bethlehemse kommando gegee en daarmee word ook die lotgevalle van daardie kommando beskryf en hoe sy bedrywighede ingeskakel het by die groter krygsplan van genl. C.R. de Wet. Grobler het ook gepoog om die mens Prinsloo aan die leser bekend te stel hoewel die poging slegs ten dele geslaagd was.

Waarskynlik is die oorsigtelike aard van die vertelling daaraan te wyte dat Prinsloo veel van die détail van sy oorlogservaringe sedertdien vergeet het. Die getuienis wat hy wel gegee het, wen andersyds weer aan waarde as in aanmerking geneem word dat hy ɱ diep godsdienstige en beskeie mens was.[91] en waarskynlik nie die waarheid opsetlik geweld sou aangedoen het nie.

Agter in die werk is ɱ naamlys van die 104 burgers van die Bethlehem-kommando wat in die oorlog gesneuwel het met besonderhede oor waar, wanneer en onder watter offisier hulle omgekom het. Hierdie besonderhede gee die leser meteens ɱ aanduiding van die omvang van die bedrywighede van die Bethlehemse kommando.

C. Herinneringe van ervarenes deur iemand anders in romanvorm te boek gestel.

A.J.J. Ebeling, Met Steyn en De Wet.

Hierdie werk bestaan uit die persoonlike ervaringe van ɱ Transvaalse telegrafis, Philip Pienaar, soos verwerk deur A.J.J. Ebeling.[92]

---

91) Ibid., p. 12. Vgl. J.D. Kestell in sy voorwoord tot die werk.
92) Van hierdie twee persone kon geen besonderhede verkry word nie.

/Ten tye van die uitbreek...

Ten tye van die uitbreek van die oorlog was Pienaar te Pelgrimsrust gestasioneer. Toe versterkings uit Oos-Transvaal na die Natalse front gestuur word, het hy besluit om van sy verloftyd gebruik te maak en 'n besoek aan die Natalse front te bring.

Hy besoek die slagveld van Colenso net na die slag en gee enkele indrukke daarvan. Hy gee 'n kort ooggetuieverslag van die slag van Platrand wat hy belewe het toe hy aangebied het om ammunisie vir die burgers te gaan wegbring. Hy neem in sy hoedanigheid as telegrafis aan die slag van Spioenkop deel en vermeld sy ervaringe tydens die slag. 93)

Hy vermeld kortliks die slag van Vaalkrans soos hy dit waarskynlik van ander gehoor het, asook die slag van Pietershoogte waarby hy betrokke was.

Tydens die terugtog van die Boeremagte na die ineenstorting van die oosfront word Pienaar op eie versoek na die Vrystaat verplaas omdat die lewe in Natal vir hom te vervelig geword het, Daar voeg hy hom by die kommando van genl. De Wet en hy sit sy werk as telegrafis voort totdat hy na die inname van Bethlehem by genl. P.J. Liebenberg in Wes-Transvaal gaan aansluit. Vervolgens vergesel hy 'n ekspedisie van vyftig man wat pres. Steyn na pres. Kruger in Oos-Transvaal geneem het.

Omdat die telegrafiste geen belangrike rol meer in die voorgestelde guerilla-oorlog sou kon speel nie, het hulle besluit om 'n eie korps onder leierskap van Pienaar te vorm. Toe hy en 'n kameraad egter na Lourenco Marques gaan om toerusting vir die korps te kry, is hulle deur die Portugese gevang en saam met die voetganger-burgers wat aan die Portugese oorgegee het na Portugal gestuur waar Pienaar in die klooster te Thomar as krygsgevangene aangehou is. Hierdie oorgawe kon verhoed gewees het indien pres. Steyn se raad gevolg en die

93) P. Pienaar, Met Steyn en De Wet. Middelburg, Den Boer, 1902, p. 35-46.

guerilla-oorlog onmiddellik na die slag van Dalmanutha begin is, maar pres. Kruger wou dat die spoorlyn tot die einde verdedig word. [94)]

Wat hier te boek gestel is, is grotendeels Pienaar se eie ervaringe wat hy in die krygsgevangenekamp in Portugal op skrif gestel het. As gevolg van die kort tydsverloop sedert die oorlog behoort geheuefoute minimaal te wees. Ongelukkig is die herinneringe deur iemand anders in romanvorm verwerk. Dit is gevolglik nie moontlik om vas te stel in hoeverre die oorspronklike manuskrip verander is ten einde dit die lesenswaardige werk te maak wat dit nou is nie.

Die waarde van die werk lê in die beskrywing van die rol wat die Boeretelegrafis gedurende die oorlog gespeel en die probleem waarmee hul te kampe gehad het om die Boeremagte in kontak met mekaar te hou. As telegrafis was Pienaar nie direk by gevegte betrokke nie en sy kortlikse vermelding daarvan dra weinig tot die bestaande kennis by. Datums en offisiere se name word selde vermeld, terwyl nêrens syfers aangehaal word of die verloop van krygsgebeure in détail geskets word nie. Pienaar gee egter 'n onderhoudende beskrywing van sy talle omswerwinge en avonture. Origens besit die getuienis ook waarde vanweë die intieme kommandolewe wat dit uitbeeld.

Hoewel hy fel te velde trek teen die vyand oor veral die konsentrasiekampe, aarsel hy nie om kritiek teenoor sy eie mense uit te spreek nie en hy het interessante menings te lug oor verskeie Boereleiers met wie hy kennis gemaak het.

Van genl. De Wet, wat volgens hom, "alle beschaving mist", het hy die volgende te sê:

> „Vergeleken by Louis Botha, en het-
> meerendeel onzer generaals, bood
> De Wet een treurigen aanblik. Hy

94) Ibid., p. 182-186.

/heeft ruwe en.............

„heeft ruwe en linksche manieren, en zijne kleeding is ten hoogste achteloos. Zijn gebrek aan tact, de kortaangebondenheid, waarmede hy spreekt, en zijne gewoonte om zijne tong by ieder syllabe, tegen het verhemelte te slaan, vermeerderen nog de onloochenbare weerzinwekkenheid zijner verschijning." 95)

Nogtans erken hy dat dit net aan pres. Steyn en De Wet te danke was dat die oorlog nie beëindig is met die val van Pretoria nie.

2. Trienie Meij, Diep Waters.

In hierdie werk deel Meij die ervaringe van Fransiena van Graan,[96] die vrou van kmdt. Danie van Graan, mee. Die werk lees soos 'n historiese roman, maar in die voorwoord van die werk verklaar Meij dat die werk nie 'n historiese roman wil wees nie en die bedoeling van die werk is om die wêreld te laat kennis maak met 'n meer onbekende aspek van die oorlog, nl. die lewe van die vlugtende vroue in die veld. Meij verklaar voorts dat aangesien die inhoud op herinneringe berus dit nie aanspraak wil maak op absolute historiese juistheid nie.

In enkele inleidende hoofstukke word die swerwersbestaan van Danie van Graan en sy vrou, Fransiena, geskets tot hul vestiging in die Potchefstroomse distrik.

Toe die oorlog uitbreek, vergesel Van Graan se twee oudste seuns, Annas en Willie, hom na die wesfront en sy vrou met haar kinders bly alleen op die plaas agter. Op 19 Junie 1900 word die plaas verwoes en toe 'n Engelse patrollie op die punt staan om haar na Potchefstroom te neem, word sy deur'n patrollie Boere onder leiding van haar man ontset.[97]

95) Ibid., p. 104.
96) Van hierdie twee persone kon geen besonderhede opgespoor word nie.
97) T. Meij, Diep Waters. Kaapstad, Nasionale Pers, 1935, p. 89-90.

/Van toe af het sy..........

Van toe af het sy vir twee jaar lank met haar ses kinders in Wes-Transvaal rond gevlug, soms saam met die kommando's,maar dikwels ook alleen en Meij gee ŉ realistiese beeld van die byna ongelooflike ontberinge wat Van Graan en haar kinders moes deurmaak.

Verskeie kere het sy wonderbaarlik ontkom, maar ten spyte van die angs, koue, reën, honger, uitputting en siekte het die trotse vrou besluit om nooit oor te gee nie. Op 6 Julie 1901 word haar baba in ŉ bouvallige kamertjie gebore. ŉ Bantoevrou red haar baba van ŉ gewisse hongerdood, maar uiteindelik kom sy weer by ŉ vrouelaer aan. Toe die meeste van die vlugtende vroue na die murasies op die plase teruggegaan om daar te gaan skuil, besluit sy om liewer naby die vlugtende kommando's te bly. Maar toestande word al hagliker.

> „Soos ŉ flougejaagde hasie wanhopig ŉ laaste paar draaie probeer maak voor ŉ groot windhond so vlug die kommando's nou met ŉ laaste bietjie kraginspanning tussen die gevare voor die vyand uit." 98)

En met byna bomenslike uithouvermoë het Van Graan haar uitgeputte liggaam voortgesleep en al vlugtende vry gebly tot die vrede, maar toe was sy reeds ŉ gebroke vrou.

Meij het al die losstaande insidente gedurende Van Graan se swerftogte behoorlik georden en saamgevoeg tot ŉ deurlopende spanningsverhaal. Sy het daarin geslaag om die waarskynlik kroniekagtige vertelling van Van Graan deur intense meelewing om te skep in ŉ lewende beeld van wat ŉ vrou gedurende die oorlog te ly gehad het. Die psigologiese beeld wat van Van Graan gegee word, is verteenwoordigend van talle ander vroue wat dieselfde smaad moes verduur en hierdie aspek van die verhaal is van besondere historiese waarde. Ten slotte vorm

---

98) Ibid., p. 185.

/hierdie ongewone verhaal....

hierdie ongewone verhaal 'n waardevolle stuk getuienis van 'n vlugtende vrou se ervaringe dwarsdeur die oorlog en dit lewer bewys wat sy bereid was om op te offer om nie in 'n konsentrasiekamp tereg te kom nie.

3. J.R.L. van Bruggen, Bittereinders.

Jan Reinder Leonard van Bruggen is op 15 September 1895 in Johannesburg gebore. Hy ontvang sy skoolopleiding te Johannesburg en behaal daarna die B.A.-graad aan die destydse Transvaalse Universiteitskollege in Pretoria. Na die Eerste Wêreldoorlog is hy na die Universiteit van Amsterdam waar hy sy doktorsgraad in 1922 behaal.

Terug in Suid-Afrika gee hy vyf jaar lank onderwys in Johannesburg waarna hy vyftien jaar lank Afrikaans aan die Potchefstroomse Onderwyskollege doseer.[99] Vier bundels gedigte, agt romans, twee bundels kortverhale en drie dramas het van hom verskyn.[100] Hy is op 9 Mei 1948 in Johannesburg oorlede.[101]

Die historiese gegewens oor die lyding en ontberinge van die vroue en kinders in die konsentrasiekampe was tot 1935 meesal die getuienis van enkellinge of van bepaalde huisgesinne en 'n samevattende beeld wat die volle omvang van die moedersmart en kinderleed daar kon stel, het nog ontbreek. In hierdie werk het Van Bruggen daartoe oorgegaan om die skriftelike getuienis van meer as 41 persone[102] uit die Mafekingse konsentrasiekamp, versamel deur H. W. Huysner, wat ook in die kamp was, in verhaalvorm te verwerk.

In 'n voorwoord verklaar Van Bruggen dat wat die

> "....ontwikkeling van die verhaal betref...."

---

99) P.J. Nienaber, Hier is ons skrywers, p. 31.
100) Ibid., p. 32.
101) Ibid., p. 31.
102) J.R.L. van Bruggen, Bittereinders. Potchefstroom, Huysner, 1935. Kyk p. 203 vir die name van die persone.

/hy sy verbeeldingskrag.....

hy sy verbeeldingskrag laat geld het..." behalwe waar die feite van die geskiedenis en die getuienis van sy bronne dit anders bepaal het. Ook is die karakters denkbeeldig en die benamings fiktief. Wat die **geloofwaardigheid** van die getuienis betref, glo hy dat aangesien daar soveel ooreenstemming tussen die verskillende getuienis is dit waar moet wees. Dit is ongelukkig nie bekend wanneer Huysner bogenoemde gegewens versamel het nie.

Die verhaal neem op 6 Junie 1901 ŉ aanvang met die besoek van die kakies aan tant Hannie se plaas, Doringhoek, in Wes-Transvaal. Kort daarna word die plaas verwoes en vind die uitputtende en vernederende tog na die konsentrasiekamp op Mafeking plaas.[103)]

Nadat tant Hannie en haar kinders drie dae op die kaal kalkbulte van die Mafekingse kamp in die bytende winterkoue moes deurbring, word hul in ŉ tent gehuisves en hulle maak al gou met die harde werklikheid van die kamplewe kennis nl. die ontoereikende kosrantsoen, die water- en brandstofkwessie, die primitiewe higiëniese voorsorgmaatreëls en die buffelagtigheid en onbeskoftheid van die hanskakies.[104)]

Die onhigiëniese toestande en ontoereikende voedsel moes noodwendig siektes meebring en spoedig sprei die doodsengel sy vleuels oor die ongeluksplek totdat daar dertig tot veertig lyke daagliks in sakke toegespeld in die gate gerol word en vind drie tot vier kinders in dieselfde graf hulle laaste rusplaas.

Die vroue koester die grootste wantroue in die kamphospitaal waar die swak pasiënte twee keer per dag ŉ bietjie melk met ŉ teelepel brandewyn kry, met die gevolg dat hulle verkies om

---

103) Ibid., hoofstukke 1 en 2.
104) Ibid., hoofstuk 3.

/hul kinders self ........

hul kinders self te verpleeg. Nadat die kamp twee weke sonder brandhout was, kom die opgekropte gevoelens tot uitbarsting. Dertien waens word deur die woedende vroueskaar kort en klein gekap en na die tente weggedra terwyl "Kent gy dat Volk" uitdagend oor die kalkbulte dawer.[105] Hierdie houtopstootjie laat die vroue die mag van gesamentlike optrede besef en 'n waaksaamheidskomitee word in die lewe geroep om toestande verbeter te kry.

Toe die gehate kampkommandant, Mac Cowat, nie reageer op hulle vertoë nie, marsjeer 400 vroue na Mafeking om hul saak voor die owerhede te lê . Toe Mac Cowat steeds nie op hul versoeke reageer nie, bars die opgesweepte gevoelens in vernielsug los. Mac Cowat vlug en sy kantoor asook die gehate rantsoenhuisie word verwoes. Hierdie bandelose uitbarsting van ordeliewende vroue is 'n bewys van hoe die kampellende die moederharte tot 'n punt van wanhoop gedryf het.

Dit is op hierdie stadium (Oktober 1901) dat tant Hannie besluit het om te vlug en die gevaarlike onderneming word dan ook na sorgvuldige voorbereiding uitgevoer. Na vele ontberinge en gevare bereik sy en haar kinders die berge in die distrik Marico waar hulle saam met ander vroue skuil gehou het tot die einde van die oorlog.[106]

In die kamp het sake nog sy gewone gang gegaan.

> „Die vroue was gedaan. Hul moed was gebreek. Die rouklagte wat met die begin van die somer na die hemel opgeskeur het, het verstom. 'n Aaklige swye, nog baie meer deurdringend as die jammerlikste noodgekerm, het soos 'n lamferfloers oor die kamp gedaal. Doellose berusting, soos by 'n klomp uitgehongerde wintervee, het die vroueharte bevang. Outomaties het die geveg teen die Dood nog voort-

---

105) Ibid., p. 96-98.
106) Ibid., hoofstuk 7.

/gegaan, maar dit was.........

> gegaan, maar dit was of die arms kragteloos was en die wil om te laat lewe, lamgeslaan. Dit was amper of die bronaar van moederliefde opgedroog het, so stil, so kalm, so berustend is die dierbares afgegee en gebêre. Maar dit was 'n volksleed hierdie wat te diep geskryn het vir woorde en dit was 'n volksmart wat te seer geskroei het vir trane." 107)

Die besoek van Emily Hobhouse het egter tot gevolg gehad dat kamptoestande baie verbeter is en dat die sterftesyfer onmiddellik afgeneem het. Maar 'n onuitwisbare stempel was reeds op hulle afgedruk.

> „Hulle was nie meer plaasvroue nie, maar kampmense, getjapte wesens, nommerpas gemaak, en deur leed en ontbering stomp en moedeloos gebrei." 108)

Toe die berig van die verlies van hul onafhanklikheid hul bereik, was dit of alles verlore en tevergeefs was, maar met die terugkeer na die verwoeste plase het nuwe moed weer langsamerhand begin oplewe. Vir tant Hannie sou hul lyding nie tevergeefs wees nie, want dit sou die krag van die kinders word.

Die taak wat Van Bruggen op hom geneem het om so 'n delikate onderwerp aan te pak, was sekerlik nie 'n maklike een nie en het ongetwyfeld baie selfbeheersing vereis. Hy kon maklik, aangegryp deur die droewige gebeure, in 'n hartstogtelike aanklag teen die skuldiges losgebars het. As talentvolle kunstenaar het Van Bruggen juis deur die soberheid van sy weergawe van die gebeure die gewenste effek bereik en word die lyding van vrou en kind met deernis, maar sonder haat uitgebeeld. Hy het daarin geslaag om in 'n kleurige beeld die diep menslike met sy lyding, droefheid en humor te openbaar. 109) Van Bruggen het hom goed in-

---

107) Ibid., p. 172.
108) Ibid., p. 188.
109) G. Dekker, Bittereinders (boekbespreking). Koers, Februarie 1936, p. 30-31.

/geleef in die.............

geleef in die heroïese lyding van die kampbewoners, en hy was daartoe instaat om die bestaande dokumentêre getuienis tot 'n lewende werklikheid te herskep. 110)

In 'n poging om die meer as een en veertig stukke getuienis tot 'n verhaal van 'n paar families te verwerk om sodoende 'n algemene beeld van die kamplewe te gee, het Van Bruggen ongelukkig soms die eenheid van die verhaal versteur deur veral die laaste aspek van die verhaal nl. die ontvlugting van 'n groep vroue. Die doel van Van Bruggen was om d.m.v. individue en enkele families van die besondere na die algemene uit te styg om sodoende die individu of groep as vertolker van die massa te laat optree. Die massa-aktiwiteit van die kollektiewe groep word egter nie oortuigend uitgebeeld nie, bv. die optog van die vroue na die kampkommandant in Mafeking en die afgestompte sleurgang van die vrouegroep in sy geheel.

Gevolglik ontbreek dit Van Bruggen aan komposisievermoë vir 'n grootse geheel en die verdienste van die werk moet veel eerder gesoek word in 'n aantal goed-geskilderde momentopnames en minatuurbeeldjies wat mooi paneeltjies vorm vir 'n grootse literêre monument oor die konsentrasiekampe wat nog opgerig moet word. 111)

4. Talitha C. Pienaar, 'n Merk vir die eeue.

Talitha Catharina Pienaar is in die Lichtenburgse distrik gebore. Sy ontvang haar opleiding aan 'n plaasskool 112) en aan 'n hoërskool op Potchefstroom waar die familie hulle later gevestig het. Sy bekwaam haar vervolgens as onderwyseres en hou op verskeie plekke in Transvaal skool. 113) Minstens twee en dertig romans het tot 1970 van haar verskyn.

---

110) P.C. Schoonees, Bittereinders (boekbespreking). Die Vaderland, 17.1.1936.
111) S.P.E. Boshoff, Bittereinders (boekbespreking). Die Huisgenoot, 14.2.1936.
112) P.J. Nienaber, Hier is ons skrywers, p. 309.
113) Ibid., p.311.

Pienaar roep met hierdie uitbeelding van moedersmart en kinderleed nogmaals die haas ongelooflike tonele uit ons worstelstryd in herinnering. In romanvorm word die barbaarse verwoesting van huis en haard geskilder, die hartelose wegvoering van die vroue en kinders na die kampe en die langsaam-martelende proses van uitwissing wat daar plaasvind.

In Oktober 1900 word Bettie, vrou van kmdt. J. van Rensburg, haar twee kinders, Sannetjie en Kosie, en haar suster Miemie na die kamp op Klerksdorp weggevoer. Op hierdie tog sterf Bettie se kind wat onder die blote hemel die vorige dag gebore is. Na vele ontberinge kom hulle saam met 'n ander groep vroue op Klerksdorp aan en hulle maak kennis met hulle verblyfplek waar die droewige tragedie reeds besig is om af te speel.

> „Nee, die dood is hier die verlossing waarom menigmaal gebid word. Hier word hulle op die folterbank gelê, en die mate van hul lydingskrag sal uiteindelik die beslissing aan hul nasie se toekoms moet gee. Hier wag die grootste foltering wat 'n moederhart kan verduur.....Sy moet hier die langsame verhongering en lyding van haar kind aanskou, terwyl sy magteloos is. Dis die skrikbeeld wat elke vegtende man rasend maak van woede, slap maak van magteloosheid". 114)

Meegesleep deur die droewige gebeure kon Pienaar nie altyd selfbeheersing beoefen nie en haar gevoel kom tot uiting in bitterheid, snydende sarkasme, maar ook in humor. 115) Daar kom oomblikke dat die spanning deurbreek en 'n hartstogtelike aanklag uitgestort word teen diegene wat vir al die leed verantwoordelik was.

„Die oorlog moet gewen word om die eer

---

114) T.C. Pienaar, 'n Merk vir die eeue. Derde druk. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1939, p. 93.
115) P.J. Nienaber, 'n Merk vir die eeue (boekbespreking). Die Transvaler, 2.4.1938.

/van die Britse ryk te......

> „van die Britse ryk te red ongeag die metodes wat gebruik word. As Engeland moet kennis dra van die gruweldade wat hier gepleeg word in die naam van reg en geregtigheid! Maar die Engelse nasie sal dit nooit hoor nie, en dié wat dit hoor, sal dit nie kan glo nie, en dié wat dit glo, sal dit nie kan besef nie." 116)

Dít, besluit Pienaar, is die wrede ironie van die saak.

Die leser maak kennis met die weergalose veragting van die kampvroue vir die verraaiers wie se veragtelike rol dwarsdeur die werk geskets word. Teen die vroue wie se mans of familie nog op kommando is, word daar gediskrimineer en hulle rantsoene word ingekort of weggeneem wanneer verneem word van 'n treinontsporing of buitmaking van voorradekonvooie. Pienaar glo dat dit 'n fyn deurdagte beleid van die owerheid was om die moed van die vegtende burgers te breek.

Miemie wat gedurig om wraak roep, vind egter berusting in die wete dat die vyand slegs 'n werktuig in die hande van God is om haar volk te louter en te sterk.

Tussendeur word roerende tonele geskilder soos die sterfte van Kosie. Na 'n lang siekbed sterf Bettie en kort daarna Sannetjie. Miemie word na Natal weggestuur.

Dit word nie vermeld nie, maar Pienaar het blykbaar haar gegewens uit die mond van 'n aantal kampvroue opgeteken.

Deur die aaneenskakeling van 'n reeks tragiese gevalle wou Pienaar die tragiek van die vroueleed illustreer, maar sy het nie goed daarin geslaag om 'n samevattende beeld van die kamplewe in al sy fasette te gee nie. 117) Daarby is die beeld wat sy van die kamplewe gee slegs 'n fotografiese oorsig wat uit kunsoogpunt nie

---

116) Pienaar, op. cit., p. 94.
117) P.C. Schoonees, _'n Merk vir die eeue_ (boekbespreking). _Die Volksblad_, 19.3.1938.

/bevredig nie omdat........

bevredig nie omdat dit geen heggeboude raamwerk het wat tot 'n klimaks voer nie. 118)

Sy het op 'n paar vrouetipes gekonsentreer wat d.m.v. hul reaksies op die kamplewe ~~toestande~~ aldaar moet uitbeeld. 119) Sy besit egter nie 'n skeppende verbeelding om die inhoud fel te laat leef nie met die gevolg dat haar karaktertekening oppervlakkig en vaag is en haar karakters as lewende persoonlikhede nie tot hulle reg kom nie. 120)

Die werk is nie oral van sentimentaliteit vry te pleit nie en 'n andersins onopgesmukte verhaal word soms ontsier met hoogdrawende paragrawe soos o.a. die volgende:

> „Soos 'n rollende oseaan spoel die kampgedagte die môrevreugde weg na die dieptes van gevaar en onsekerheid." 121)
> „In die winter breek die konsentrasienoodgeween en angsgesmuk soos die kermende dreuning van 'n magtige see deur die versmorende gedemp van vyande-taktiek heen." 122)

Dis 'n roerende stuk getuienis wat 'n besliste aanwins vir die literatuur oor die vrouekampe is hoewel die navorser, soos in verskeie gevalle waar getuienis oor die oorlog in romanvorm verwerk is, voor die probleem te staan kom dat hy nie die verhouding tussen waarheid en verdigting kan bepaal nie. Hoewel besonder lesenswaardig, sou die werk waarskynlik aangrypender en beslis waardevoller gewees het indien Pienaar slegs blote herinneringe gegee het. 123)

5. <u>D. Stegman, 124) Nooit gevang nie</u>.

In hierdie kort werkie verhaal Stegman die wedervaringe van mev. A.G. Janse van Rensburg 125) wat saam met 'n aantal families daarin geslaag

---

118) Ibid., vgl. P.J. Nienaber, <u>Die Transvaler</u>, 2.4. 1938.
119) Anon., <u>'n Merk vir die eeue</u> (boekbespreking). <u>Die Burger</u>, 22.1.1938.
120) Nienaber, <u>Die Transvaler</u>, 2.4.1938.
121) Pienaar, op. cit., p. 35.
122) Ibid., p. 236.
123) Vgl. anon., <u>Die Burger</u>, 22.1.1938.
124) Van hierdie persoon kon geen besonderhede verkry word nie behalwe dat daar ongeveer tien werke van hom verskyn het waarvan die meeste romans is.
125) Van haar kon geen besonderhede verkry word nie.

/het om nooit in n

het om nooit in 'n konsentrasiekamp tereg te kom nie.

Toe haar man en seun op kommando vertrek, moes sy self die boerdery behartig. Die plaas, geleë in die Ficksburgse distrik, is periodiek deur die Boere en Engelse besoek, maar toe die vroue en kinders op groot skaal na die konsentrasiekampe geneem word, verlaat sy en haar baba die plaas en hul vlug saam met 'n aantal families onder beskerming van kmdt. J. van Schalkwyk tot die einde van die oorlog in die Noordoos-Vrystaat rond.

Hulle maak al die ontberinge wat die lot van 'n vlugtende vrou en kind gedurende die oorlog was deur nl. honger, ongunstige weersomstandighede, die nimmereindigende vrees, vlugtogte oor ongebaande weë en die gedurige bekommernis oor familielede op die slagveld. Hulle vrees vir die kampe, teenspoed op die trekpad en hulle aanskouing van die barbaarse uitroeiing en verwoesting op die plase het hul egter gestaal om te volhard tot die einde.

Dit is 'n waardevolle verhaal van 'n aantal vroue en kinders vir wie geen opofferings te groot was om uit die vyand se hande te bly nie en 'n interessante beeld word gegee van hoe die vlugtendes hulself onder uiters moeilike omstandighede gehandhaaf het.

Stegman het daarin geslaag om 'n redelike lesenswaardige verhaal in romanvorm die lig te laat sien alhoewel die vryheid wat hy hom veroorloof om in die verhaal in te gryp ten einde situasies tot hul reg te laat kom die wetenskaplike waarde van die werk skaad.

6. Maria J. van Straten:[126] Saam verban. (1940)

Hierdie werk wat in romanvorm gepubliseer is, verhaal ten aanvang die oorlogservaringe van

---

126) Van die outeur kon geen besonderhede verkry word nie behalwe dat daar verskeie werke van haar verskyn het wo. godsdienstige werke, romans en kinderverhale. Haar eggenoot, ds. H.P. van Straten, is in 1928 as predikant georden en in 1938 gedemitteer. N.G.Kerk-jaarboek, 1940, p. 443.

ŉ jong rebel, Chris de Wet, uit die distrik Barkley-Oos. Hy neem aan die gevegte in Noord oos-Kaapland deel en na die oorgawe van Cronjé val hy en ŉ aantal rebelle saam met die Vrystaters terug oor die Oranje waar die rebelle hulle onder genl.A.I. de Villiers skaar. In die Vrystaat neem De Wet aan die gevegte te Reddersburg en Biddulphsberg deel en hulle geliefde generaal sneuwel in laasgenoemde slag. Sy dood stem die rebelle so moedeloos dat hulle besluit om van die aanbod van die owerheid gebruik te maak om die Britse krygsgevangenes by Nooitgedacht in Oos-Transvaal te gaan oppas.

Omdat De Wet sonder perd was, moes hy en die ander voetgangers hulle na die slag van Dalmanutha onder ŉ sekere Pienaar op Komatipoort gaan voeg. Skielik het die voetgangers bevel gekry om oor die Portugese grens te trek en tot hulle verbystering moes hulle uitvind dat hulle krygsgevangenes was. [127)]

Vervolgens is die geïnterneerdes na ŉ kamp te Rubenspoint by Lourenco Marques gestuur waar hulle ŉ groot mate van vryheid geniet het en selfs hulle eie woonplekke kon huur. Tog het niemand probeer ontsnap nie.

Na ŉ verblyf van vyf maande aldaar is almal na Portugal verskeep. De Wet en ŉ aantal krygsgevangenes is na die dorpie Peniche aan die Portugese kus gestuur, maar De Wet is na ŉ ruk op eie versoek na Caldas da Rainha oorgeplaas waar ongeveer sewentig families uit Transvaal hulle bevind het. Laasgenoemde groep vroue en kinders het oor die Portugese grens gevlug en hulle is ook via Rubenspoint na Portugal gestuur.

Te Caldas da Rainha ontmoet De Wet vir Ellen Swanto wat saam verban was en hulle romanse word verhaal totdat hulle na die vrede

---

127) M.J. van Straten, Saam verban. Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1940, p. 43.

/in Suid-Afrika

in Suid-Afrika getroud is. Tussendeur word ook die verhaal vertel van die lotgevalle van 'n ander meisie, Cato, met wie De Wet 'n verhouding gehad het en wat in die konsentrasiekamp te Aliwal Noord tereg gekom het.

Hierdie werk, is sover my bekend, die enigste gepubliseerde getuienis oor die lotgevalle van Boere-bannelinge in Portugese kampe en dit bevat gegewens oor die enigste Boere-families wat gedurende die oorlog verban is.

'n Beeld word gegee van die lewe van die geïnterneerde mans en vroue in die kamp te Rubenspoint, [128] die ondervindinge van die bannelinge op see en 'n beskrywing van die bannelingslewe in Portugal te Peniche en Caldas da Rainha. [129] Daar is ook bannelinge aangehou op 'n derde plek nl. te Alcobasa, maar geen gegewens word daaroor verstrek nie. Uit die getuienis blyk dit dat die bannelinge hulle tyd verwyl het deur allerhande artikels te vervaardig, die talle besienswaardighede naby hulle verblyfplekke te besoek terwyl daar ook aandag aan onderwys gegee is. Heelwat ruimte word bestee aan die beskrywing van besienswaardighede in Portugal en aan die Portugese gewoontes en gebruike.

Uit die getuienis blyk dit dat die Portugese owerhede oor die algemeen 'n betreklik genaakbare houding teenoor die bannelinge ingeneem het en dat hulle heelwat vryhede geniet het. Dit is opmerklik dat geen melding gemaak word van ontsnappings nie en dit wil voorkom of daar geen pogings in die verband aangewend is nie.

---

128) Van Straten, op. cit., hoofstukke 5,7.
129) Ibid., hoofstukke 11,12,13, en 17.

/Siende dat die waarskynlik...

Siende dat dit waarskynlik die enigste gepubliseerde getuienis oor Portugese bannelingkampe is, is dit te betreur dat daar so 'n onvolledige beeld van die bannelinge gegee word. Daarby sou die werk veel meer historiese waarde gehad het indien Van Straten, i.p.v. die werk in romanvorm te gee, haar slegs by die optekening van die blote herinneringe van De Wet en sy vrou, Ellen, bepaal het.

7. E. Steenkamp,[130] Helkampe.

Hierdie werk wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog verban was, is volgens Steenkamp nie bedoel om rasschaat aan te wakker nie, maar om hulde aan die gestorwe vroue en kinders in die kampe te bring, te verhoed dat belangrike geskiedenis verlore gaan en om die gruwels van die oorlog te openbaar. Steenkamp voel hom genoodsaak om die ware feite oor die kampe te openbaar omdat daar miljoene in Engeland en duisende in Suid-Afrika is wat die ware feite oor die "moordkampe" verwerp.[131] Daarby het Steenkamp dit ten doel gehad om die beskuldigings teen die kampbewoners dat hulle o.a. onhigiënies en lui was te weerlê.

In 'n spesiale inleiding om die agtergrond waarteen die oorlog geveg is te verduidelik, wys hy daarop hoedat Brittanje sy toevlug tot die kampe moes neem toe hy die oorlog nie kon wen nie en hoedat sewe artikels van die Haagse Konvensie in die proses verbreek is.

Ten einde die lyding van die vroue en kinders in al sy fasette te belig, het Steenkamp van die metode gebruik gemaak deur een familie, in dié geval mev. Martha Maré en haar seuntjie Kosie, as hoofkarakters in die drama te laat

130) Van hierdie persoon kon geen besonderhede verkry word nie.
131) E. Steenkamp, Helkampe. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1941, inleiding (ongenommer).

/optree. Hulle..........

optree. Hulle ervaringe word aangevul met dié van 'n aantal ander vroue soos hulle dit in die kamp aan Maré vertel het.

Ten aanvang word die barbaarse verwoesting van Maré se plaas en hul wegvoering na die kamp geskets en word die hardvogtigheid en onbeskoftheid van die offisiere wat daarby betrokke was, geopenbaar. [132]

Die fasiliteite in die kamp te Volksrust waarheen hulle gestuur is, was swak. Die meeste van die mediese personeel was onsimpatiek en een gruwel na die ander het in die hospitaal plaasgevind.

Die res van die werk bestaan uit 'n aaneenskakeling van gebeure in die kamp, afgewissel met die ervaringe van 'n aantal vroue wat hulle óf persoonlik aan Maré vertel het óf d.m.v.korrespondensie aan haar meegedeel het en verskeie kampe kom in die proses onder die soeklik.

So word insidente verhaal waar diere lewendig verbrand is, die vernedering van blanke vroue deur Bantoes in Britse diens [133] word geskets asook die "sanitêre skandaal" in die Bethulie-kamp, [134] "staalhoeke in blikkies vleis," die wegvoering van vroue en kinders in oop veetrokke sonder sanitêre geriewe, "meisies in draadhokke" op Aliwal-Noord, die gebruik van dum-dum koeëls deur die vyand, Britse propaganda as deel van die haatveldtog teen die Boere, terwyl by twee geleenthede stil gestaan word by die teregstelling van 'n aantal Kaapse rebelle.

Die werk word afgesluit met statistiek oor die aantal vroue en kinders in die verskillende kampe, die sterftesyfers in die verskillende kampe en die kampbewoners se rantsoenskale.

---

132) Ibid., hoofstukke 2-4.
133) Ibid., hoofstuk 10.
134) Ibid., hoofstuk 11.

/Steenkamp konstateer.......

Steenkamp konstateer dat al sy feite "eerstehandse inligting" is en dat hy deur navorsing vasgestel het dat "alles" in die boek die "onbetwiste waaragtige koue waarheid is." 135) In hoofsaak stem die getuienis in die werk ooreen met ander getuienis wat oor die lotgevalle van die vroue en kinders gedurende die oorlog verskyn het. Steenkamp het egter die getuienis bykans veertig jaar na die oorlog opgeteken met die gevolg dat geheuefoute baie waarskynlik is.

Volgens die inhoud van die werk het verskeie getuies mededelinge aan Maré gedoen en indien Steenkamp dit by laasgenoemde gekry het, is dit nie meer "eerstehandse inligting" nie en moet sulke getuienis versigtig benader word.

Die getuienis het daarby grotendeels van sy wetenskaplike waarde ingeboet deurdat Steenkamp nie die name van sy getuies vermeld nie en dit is onbegryplik hoekom hy in die geval van die vroue en kinders van skuilname gebruik gemaak het.

Die werk word in"verhalende vorm", m.a.w. in romanvorm aangebied, maar Steenkamp verseker die leser dat selfs die dialoog wat gebesig word werklik plaasgevind het. Dit is 'n gevaarlike bewering wat soms sterk betwyfel moet word, veral waar Steenkamp d.m.v. sommige van sy karakters aan die woord is. Die vraag moet ook gestel word: Het die kampbewoners wel al die besonderhede oor die teregstelling van die rebelle verneem soos dit in die werk aangegee word of is dit uit die werk van Jordaan, <u>Hoe zij stierven</u>, oorgeneem?

Steenkamp wou, soos reeds aangehaal, die gruwels van die oorlog openbaar en in die proses het hy die "imperialistiese agressors" nie gespaar nie. Die inhoud van die werk verraai oor die algemeen 'n opswepende karakter en moet vanweë sy subjektiewe aard versigtig beoordeel word.

---

135) Ibid., voorwoord (ongenommer).

/8. M.J. Bornman...............

8. <u>M.J. Bornman (Buurman),</u>[136] <u>Oorlogswolke oor die Republieke. (Die herinneringe van M.J. Bornman)</u>

Buurman se doelstelling met hierdie werk was om 'n bydrae tot die "volksgebou" te lewer en

> "..   ....die kontak met die verlede vir ons nageslag te bewaar en liefde vir die volkseie aan te kweek".

Om te verseker dat hierdie getuienis oor die worstelstryd die leser sal bereik, bied hy nie 'n "geskiedkundige verhandeling" aan nie, maar hy het die persoonlike ervaringe van M.J. Bornman wat blykbaar familie van hom is in 'n spannende avontuurverhaal in romanvorm verwerk.[137]

Meyndert Jacobus Bornman is op 28 Augustus 1870 in die Ficksburgse distrik gebore.[138] Ten tye van die uitbreek van die oorlog het hy naby Theunissen geboer.[139] Na die oorlog het hy die boerdery hervat en teen 1940 was hy waarskynlik nog op dieselfde plaas woonagtig.[140]

Ten aanvang word 'n kort oorsig van Bornman se ervaringe aan die wesfront gegee wo. sy deelname aan die beleëring van Kimberley, en die slae van Modderrivier en Magersfontein. Daarna neem hy onder De Wet aan die slae van Sannaspos en Mosterthoek deel.

Na die mislukte bestorming van Wepener deur De Wet word Bornman gevang en die doodvonnis opgelê omdat hy Britse wapens sou versteek het. Die vonnis word egter verander en hy word as krygsgevangene weggestuur. Op Noupoortstasie ontsnap hy van die trein, organiseer 'n rebellemag en beleef daarna as veldkornet onder kmdt. G.H.P. van Reenen een spannende avontuur na die ander in Noordoos-Kaapland. Onder hulle talle

---

136) Van hierdie persoon kon geen besonderhede verkry word nie.
137) Buurman, <u>Oorlogswolke oor die Republieke</u>. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1944, voorwoord (ongenommer).
138) Ibid., p. 7.
139) Ibid., p. 15.
140) Ibid., p. 7.

/suksesse daar kan die ver....

suksesse daar kan die verowering van die kamp van die Brabants Horse in die distrik Steynsburg,[141] die verowering van Murraysburg en die inval in Molteno genoem word.

In Junie 1901 word Bornman, nou reeds kommandant, weer eens gevang en na Bermuda weggestuur en van sy verblyf daar word ŉ kort oorsig gegee. Toe vrede gesluit word, weier Bornman en ŉ aantal bannelinge om Britse onderdaanskap te aanvaar, maar verander later van plan en Bornman keer in 1904 na die Vrystaat terug.

As gevolg van die oorsigtelike beeld van die stryd aan die wesfront en elders in die Vrystaat dra die werk weinig tot die bestaande kennis oor die betrokke gebeure by. Bornman se getuienis oor sy en kmdt. Van Reenen se guerillabedrywighede in Kaapland besit meer waarde, maar ook dít word ongelukkig baie oorsigtelik behandel. Waarskynlik het Bornman a.g.v. die lang tydsverloop reeds baie détail oor die oorlog vergeet. Maar selfs met die feite wat hy onthou het, het hy fouteer. So beweer hy dat P.W. Kloppert op Steynsburg gefussileer is terwyl hy in werklikheid op Burgersdorp opgehang is.[142] Ook beweer hy dat 170 Boere in die slag van Magersfontein gedood en gewond is terwyl die werklike getal 250 is.[143]

In sy geheel geneem, besit die werk as ontspanningsleesstof waarde en gee dit ook insae in die lewe van die vegtende burger waar hy nie alleen ŉ hopelose stryd te stry gehad het nie, maar ook die vretende bekommernis met hom moes saamdra oor die onsekere lot van sy familie in die konsentrasiekamp.

9. D. Stegman, Murasies. (Die herinneringe van N.G. Venter).

---

141) Ibid., p. 157-160.
142) Jordaan, op cit., p. 47-55.
143) H.P. van Coller, Genl. Piet Cronjé en die stryd aan die Westelike front. Breytenbach, Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog, p. 114.

/Met ŉ skrale klompie......

Met 'n skrale klompie feite, die herinnering van N.G. Venter tot sy beskikking, het Stegman 'n waarskynlik kroniekagtige vertelling laat uitgroei tot 'n volwaardige lesenswaardige verhaal in romanvorm en het hy getuienis op skrif gestel wat waarskynlik andersins verlore sou gegaan het.

Nicolaas Gerhardus Venter is op 19.3.1868 in die distrik Fauresmith gebore. Gedurende sy jongelingsjare het sy vader in die distrikte Boshof en Ladybrand geboer. 144) Na sy huwelik het Venter hom in die Winburgse distrik gevestig, 145) waar hy nog woonagtig was toe die oorlog uitbreek. Na die oorlog het hy sy boerdery hervat. 146) Met die publikasie van hierdie werk was hy nog in die lewe.

As lid van die Ventersburgse kommando neem Venter aan die slae van Swartbooiskop, Besterskop, Platrand, Colenso en Spioenkop deel wat kortliks beskryf word. Agter die Rooiberge wou Prinsloo kmdt. S. Haasbroek in wie se kommando Venter was, ook oorhaal om oor te gee, maar Haasbroek het die bevel verontagsaam en daarin geslaag om te ontkom.

Vervolgens word kort verslae van die gevegte te Doringberg, Biddulphsberg, Lindley, Rooiwal 147) en De Wet se tog na die Bosveld gegee, terwyl die twee togte van De Wet na Kaapland slegs vermeld word. Daar word ook kortliks stilgestaan by die belangrikste slae aan die wesfront wo. Belmont, Graspan en Magersfontein. Hierdie gegewens het Stegman of Venter waarskynlik van laasgenoemde se twee broers, G. en E. Venter en sy drie neefs N, D. en P. Breedt gekry wat daar geveg het.

144) D. Stegman, Murasies. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1942, p. 5.
145) Ibid., p. 6.
146) Ibid., p. 179.
147) Ibid., p. 121-127.

/Op 19 Maart 1901..........

Op 19 Maart 1901 sneuwel Haasbroek en Venter word gevang en by Durban in 'n kamp aangehou totdat vrede gesluit is. Na die vrede keer hy na sy plaas terug waar hy net murasies aantref, maar ook sy gemoed is net 'n murasie - 'n oorblyfsel van dinge wat was.

Waarskynlik het Venter se geheue baie afgestomp geraak met die jare en sy getuienis oor die verskillende krygsgebeure lewer geen besondere bydrae tot die reedsbestaande kennis daaroor nie.

Stegman het redelik goed daarin geslaag om hom in te leef in die gebeure. Hy slaag in 'n mate daarin om die leser insae te laat kry in die gemoedstoestand van Venter ten tye van hoop, wanhoop, haat en verbittering.

Onder die foutiewe gegewens wat in die werk verskyn, is die bewering dat agtien kanonne met die slag van Colenso gebuit is terwyl die werklike getal tien is. 148) Volgens Venter en Stegman het die slag van Platrand voor die slag van Colenso plaasgevind. In werklikheid het die slag van Colenso op 15 Desember 1899 plaasgevind en die slag van Platrand op 6 Januarie 1900. Sulke vergissings noop die leser en navorser om fyner besonderhede wat soveel feller blootstaan aan geheuefoute met groot versigtigheid te benader.

10. Sannie Visser, Via Dolorosa.

Hoewel hierdie werk met die eerste oogopslag na 'n roman lyk, is dit inderwaarheid 'n herinnering wat in romanvorm aangebied word. Visser meld nêrens dat die vermelde feite op persoonlike ervaringe berus nie, maar gegewens in die vertelling dui wel daarop. Visser het die werk aan haar moeder, Salomina M. Visser, opgedra wat blykbaar ook die moeder van die

148) Breytenbach, op. cit., p. 95.

/hoofkarakter in die verhaal..

hoofkarakter in die verhaal, Truia Prinsloo,[149] is. Waarskynlik het Prinsloo haar wedervaringe aan Visser vertel wat dit toe verwerk het.

Toe Jan Prinsloo, woonagtig in die Klerksdorpse distrik, opgekommandeer word, moes sy vrou, Truia, self die mas sien opkom op die plaas en later toe die vyand ook dié deel van die land in besit neem, moes sy in gedurige angs leef vir Bantoes en plunderende Engelse kolonnes. Na 'n paar besoeke deur die vyand aan die plaas, word sy skielik op 'n dag beveel om na die kamp op Klerksdorp te gaan en word die plaas afgebrand.

In die kamp maak sy kennis met die kamplewe in al sy wrede fasette en haar grootste vrees was dat sy haar twee kinders sal verloor. Hoewel haar suster, Lena, 'n beleid van "wees vriendelik met die hensoppers, dan kry jy alles" volg, het Truia hulle steeds met koue veragting behandel, hoewel hulle dikwels toenadering by haar gesoek het.

Soos deur ander kampmoeders voorspel is, besoek die doodsengel ook haar en gee sy met groot smart haar sesmaande oue dogtertjie, Nottie, aan die dood af. Toe klein Hansie ook siek word, pleit sy om hom self in die hospitaal te mag verpleeg, en hy word weer gesond.

Later word Truia kampsuster en tree as 'n ware engel van genade op in teenstelling met die "bloedhonde" wat elke sieke kom uitsnuffel om hulle na die hospitaal en so na 'n sekere dood neem.

Na die wapenaflegging sluit haar man weer by haar aan en hulle vertrek met geleende geld na hul verwoeste plaas om weer van vooraf te begin.

As roman slaag die werk ten dele aangesien Visser nie oor die uitbeeldingsvermoë beskik om

---

149) Van hierdie persone kon geen besonderhede verkry word nie.

haar hoofkarakters tot hulle reg te laat kom nie.[150] Sy het haar egter goed ingeleef in die historiese gebeure en met realistiese milieuskildering slaag sy daarin om die regte atmosfeer aan die gebeure te verleen. [151]

As oorlogsdokument besit die werk enige waarde. 'n Insiggewende beeld word gegee van die dikwels moeilike omstandighede waaronder die vroue en kinders op die plase tydens die oorlog moes lewe en die gedurige angs wat hulle moes uitstaan. Na aanleiding van Prinsloo se ervaringe kry die leser 'n redelike beeld van kamptoestande in die algemeen en haar getuienis dien aanvullend tot die reedsbestaande getuienis oor die Klerksdorpse kamp.

11. A. Roodt, Kaapse rebel. (Die herinneringe van E.A. Conroy).

Severus Gerhardus Smidt (skuilname A.Roodt, A. van der Post en D. Fouché), is op 2 April 1911 op Frankfort gebore waar hy ook sy skoolopleiding geniet het. [152] Later dien hy op die redaksie van Die Vaderland. In 1938 word hy beroepskrywer. In 1949 het hy op Lydenburg gewoon. Teen 1949 het daar reeds vyf en sestig werke van hom verskyn. [153]

Edwin Alfred Conroy is op 2.11.1879 te Hannover gebore. Teen 1899 was hy op Britstown woonagtig. [154] In 1912 word hy Provinsiale Raadslid in die Vrystaat. Hy neem as generaal aan die Rebellie deel en word gevonnis tot vier jaar tronkstraf, maar is in 1916 vrygelaat. Vanaf 1920 was hy Volksraadslid vir Hoopstad en later vir Vredefort.

---

150) P.C. Schoonees, Via dolorosa (boekbespreking). Ons eie boek, Desember 1942, p. 173.
151) Anon., Via dolorosa (boekbespreking). Die Transvaler, 23.4.1942.
152) Nienaber, Hier is ons skrywers, Deel I, p.378.
153) Ibid., p. 379.
154) A. Roodt, Kaapse rebel. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1945, p. 1.

/Hy is om........

Hy is op 10.2.1947 oorlede. 155)

Vir die twintigjarige Conroy was dit 'n groot oomblik toe 'n Boerekommando onder kmdt. G. Brand sy tuisdorp, Britstown, besoek en hy en vyf ander aansluit. Hy veg eers onder Brand en sy bekwaamheid en onverskrokkenheid besorg hom na 'n kort tyd 'n kommandantskap.

Hy kry van De Wet opdrag om 'n dertigtal rebelle van Kakamas te gaan aanvoer. Op pad na sy bestemming ontmoet hy Maritz en neem saam met hom aan die geveg te Tontelboskolk deel. 156) Te Kakamas word Conroy met oorweldigende entoesiasme ontvang en hy werf 409 slegtoegeruste voetgangers.

Op een van sy togte om perde in die hande te kry raak hy en 'n paar makkers in 'n geveg met basters te Nagoeras betrokke. Al vyf en twintig hulle perde word doodgeskiet en die gewondes word gedurende die nag toe die ander gaan hulp soek, vermoor. Daarop vaardig Conroy 'n proklamasie uit dat hy alle gewapende basters sal doodskiet. Hy het hierdie dreigement stiptelik uitgevoer met die gevolg dat hy die skrik onder die basters geword het en daar is vir die res van die oorlog naarstigtelik deur die vyand gepoog om hom in die hande te kry. Binne 'n kort tyd het Conroy soveel perde en gewere gebuit dat hy sy hele kommando kon voorsien.

Ten einde kos en klere vir die inwoners van Kakamas in hande te kry, val hy Keimoes wat sterk gefortifiseer was aan en jaag die vyand na 'n tweedaagse geveg op die vlug. 157 In die Griekwastadse distrik val hy en genl. De Villiers 'n Engelse konvooi aan en 'n groot buit word gemaak.

---

155) D.J. Potgieter, ea. <u>Standard encyclopaedia of Southern Africa</u>. Vol. 3. Kaapstad, Nasou, 1971, p. 404.
156) Roodt, op. cit., p. 80-87.
157) Ibid., p. 139-151.

/Hierna stel hy vk. J. Louw..

Hierna stel hy vk. J. Louw as kommandant aan en stuur hom met 300 Kakamassers na Kakamas om daar verder te opereer. Hyself trek met veertig man na die Noordweste en sy kommando groei binne 'n maand aan tot bykans 300 man. Die bestorming van 'n sterk verdedigde perdekamp besorg hom tussen 400 en 500 perde sodat hy al die voetgangers van perde kon voorsien. Die laaste harde hou wat hy die vyand toegedien het, was toe hy die helfte van 'n groot konvooi gebuit het, veertig van die vyand gedood en 251 gevang het.[158)]

Hy onderhandel met die vyand te Britstown en Victoria-Wes ten einde toestemming te kry om die vredeskonferensie te Vereeniging by te woon, dog tevergeefs. Toe Smuts hom meedeel dat geen amnestie aan rebelle verleen sal word nie, vertrek hy na Suidwes-Afrika en vandaar saam met Maritz en kmdt. Lategan na Europa. Daar hou hy byna ander half jaar lesings om fondse vir die inwoners van die twee voormalige Republieke in te samel. Hy keer in 1903 na Suid-Afrika terug, maar in Kaapstad deel genl. Botha hom mee dat daar vyf en sewentig aanklagte van moord op basters teen hom is en dat hy nie sal kan land nie. In Durban slaag hy daarin om aan wal te gaan en hy kry dit reg om Transvaal te bereik.

Op aanbeveling van Smuts neem hy die skuilnaam J.P. Marais aan en hy gaan boer op die plaas van genl. L. Botha in die Vrystaat waar hy met rus gelaat is alhoewel die owerhede van sy identiteit bewus was.

Roodt het Conroy se ervaringe opgeteken en nadat dit gedurende 1941-42 in _Die Brandwag_ verskyn het, is dit in romanvorm gepubliseer. Die outentieke getuienis uit die mond van hierdie rebellekommandant moet as besonder waardevol en onontbeerlik vir 'n redelike beeld oor

158) Ibid., p. 221-230.

/die guerilla-bedrywighede..

die guerilla-bedrywighede in Noordwes-Kaapland beskou word, veral aangesien dit die enigste gepubliseerde werk is wat sy bedrywighede in 'n redelike mate beskryf. Conroy was uit die staanspoor bevelvoerder van sy rebelle-kommando met die gevolg dat sy getuienis besondere gesaghebbende waarde besit.

Conroy kon baie insidente tot in die fynste besonderhede weergee, maar die lang tydsverloop het waarskynlik tot gevolg gehad dat daar feitlik geen datums vermeld word nie. Gevolglik het die leser geen tydsbesef t.o.v. die verskillende gebeure nie. Omdat plek en plaasname in baie gevalle ontbreek en Conroy se talle bewegings ook nie op 'n kaart aangedui word nie, is dit dikwels onmoontlik om sy bewegings te bepaal. Ongelukkig word daar na sommige krygsbedrywighede slegs verwys met die gevolg dat daar gladnie 'n totaalbeeld van sy rol as guerillaleier gevorm kan word nie.

Roodt stel Conroy as heldefiguur voor en hy moet, volgens sy heldedade, as een van die mees onverskrokke en energieke offisiere in die oorlog gereken word. Roodt, bekend vir sy spanningsverhale, het in vloeiende taal reg laat geskied aan die talle spannende avonture van Conroy hoewel die navorser steeds moet probeer onderskei tussen die hoë vlugte van die verbeelding van die romanskrywer en die ware feite.

12. <u>Sannie Visser, Die wit vlag</u>.

In hierdie werk wat in romanvorm aangebied word, word die rol van P.A. Cronjé in die Eerste Vryheidsoorlog, die Jameson-inval en die Tweede Vryheidsoorlog beskryf en ongeveer die helfte van die werk word aan laasgenoemde gebeurtenis gewy.

Ten aanvang word die persoonlike ervarings van J. de Kock en Dries (van ontbreek) tydens die slag van Modderrivier kortliks weergegee. Vervolgens word 'n verslag gegee van die slag van Magersfontein na aanleiding van getuienis van

/H. Visser en bogenoemde.....

H. Visser en bogenoemde twee getuies. [159] Toe Cronjé se broer, Andries, die verslane vyand tydens laasgenoemde slag met sy perdekommando wou bestorm, was Cronjé se woorde aan hom:

„Nee Andries, dis nie nou die tyd nie."

Twee weke later wou Cronjé egter Lord Methuen se kamp bestorm, maar sy staf het hom oorgehaal om af te sien van so 'n dwase daad. Cronjé het vas geglo dat die vyand nooit by Magersfontein by sy kommando's sou kon verby kom nie.

Visser gee 'n redelik intensiewe verslag van Cronjé se tog vanaf Magersfontein na Wolwekraaldrif en sy oorgawe aldaar. [161] Haar getuienis het sy hoofsaaklik uit die mond van H. Visser, en N. Grobler, wat albei in Cronjé se laer was, opgeteken.

Baie offisiere wou hê dat Cronjé bo-om Kimberley, waar daar nog geen Engelse was nie moes trek, maar Cronjé het besluit om langs die Modderrivier op te trek waar De Wet se perdekommando later beskerming aan hom sou verleen. [162]

Ten spyte van sy staf se versoeke wou Cronjé nie sy walaer prysgee nie vanweë die ammunisie wat dan in die vyand se hande sou val.

Cronjé was daarvan oortuig dat sy posisie by Wolwekraaldrif onneembaar was en dat hy spoedig deur A. Cronjé en De Wet ontset sou word. Elke dag het hy die vyandelike aanslae verwoed afgeweer, [163] maar in die laer moes die vrouens, kinders, mans en diere verskriklik ly a.g.v.

---

159) S. Visser, Die uit vlag. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1946, p. 113-122.
160) Ibid., p. 121.
161) Ibid., p. 129-175.
162) Cronjé het die weg met die minste hoop op sukses gekies. Hy het sy rigting eerder instinkmatig as oordeelkundig gekies. H.P. van Coller, Genl. Piet Cronjé en die stryd aan die Westelike front. Breytenbach, Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog, p. 116-117.
163) Gedurende die tiendaagse weerstand het die Britse verliese 268 gesneuweldes, 1,367 gewondes en 232 vermistes beloop. Sien Breytenbach, op. cit., p. 123.

/die meedoënlose bombardement

die neodoënlose bombardement waaraan hulle blootgestel was en die toestande in die laer en die atmosfeer wat daar geheers het, word goed deur Visser weergegee.

Toe Cronjé van Theron, wat deur die vyandelike linies gekruip het, verneem dat De Wet hom a.g.v. die vyandelike oormag en tweedrag onder die burgers wat hom moes ontset, nie kon help nie, het hy besluit om De Wet se raad te volg en 'n uitval te doen, maar sy offisiere en manskappe het hom geopponeer en een kommandant het hom selfs met die dood gedreig. Met slegs die steun van kmdt. F.J. Roos en 'n veldkornet van Waterberg was hy magteloos. Die volgende oggend het sy offisiere oorgegee.

Henning Visser se getuienis van die slag van Magersfontein, maar veral van die oorgawe van Cronjé is van besondere waarde as in aanmerking geneem word dat hy tydens laasgenoemde twee gebeure as staf- en familielid van Cronjé in noue kontak met die Generaal was en sodoende gedurig op hoogte was met besluite wat geneem is. Terselfdertyd maak die leser nader kennis met Cronjé die mens en veldheer. Hoewel Visser familie van Cronjé was, het hy tot groot hoogte objektiwiteit nagestreef t.o.v. Cronjé se veldheerskap. Hy meld Cronjé se dapperheid, maar probeer hom nie verdedig waar sy optredes rampspoedige gevolge gehad het nie. Hy laat dit aan die leser oor om die gevolgtrekkings te maak.

Die getuienis is meer as veertig jaar na die gebeure op skrif gestel met die gevolg dat geheuefoute nie uitgesluit is nie. So. bv. meld Dries en J. de Kock dat hulle na die slag van Magersfontein "...op 'n klein kolletjie" op die slagveld 270 lyke getel het, terwyl die totale aantal gesneuweldes maar 215 was.[164] Hierdie en ander vergissings behoort deur Visser in

164) Vgl. Breytenbach, op. cit., p. 114.

/voetnote reggestel.........

voetnote reggestel te gewees het.

14. A.M. De Villiers Esterhuysen, Corneels Kanniedood. (J.C. du Preez).

Abraham Matthys de Villiers Esterhuysen is in 1917 as predikant gelegitimeer en het agtereenvolgens die gemeentes Standerton, Delarey, Stella, Christiana, Hoopstad, Petrusburg, Melsetter en Rusape in Rhodesië bedien. Na aanvaarding van sy emeritaat in 1955 het hy as hospitaalbearbeider in Bloemfontein opgetree. Hy is op 18 Oktober 1959 oorlede. 165)

J. Cornelius du Preez is op 4 Oktober 1879 gebore. In 1883 vertrek sy vader vanuit die distrik Oudtshoorn 166) en vestig hom op Hoopstad waar Du Preez sy skoolopvoeding ontvang het. Daarna het hy in die Hoopstadse distrik gaan boer. 167) Hy vergesel pres. Steyn na Europa waar laasgenoemde vir twee en 'n half jaar mediese behandeling ontvang het en behartig daarna die boerdery op Steyn se plaas, Onze Rust, in die Bloemfonteinse distrik. In 1907 vestig hy hom agtereenvolgens in die distrikte Ladybrand 168) en Bethlehem. 169) Daarna vestig hy hom agtereenvolgens in Suid-Rhodesië by Melsetter 170) en Inyazura 171) waar hy teen 1953 nog woonagtig was. 172)

Hierdie onbesproke adjudant van pres. Steyn het sy bynaam gedurende die oorlog gekry omdat hy altyd daarin kon slaag om uit talle gevare waarin hy hom telkens bevind het te ontkom.

In romanvorm word op onderhoudende wyse die wedervaringe van die onverskrokke en avontuurlustige Vrystater gedurende die oorlog ver-

---

165) N.G. Kerk-jaarboek, 1960, p. 556.
166) A.M. de Villiers Esterhuysen, Corneels Kanniedood. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1953, p. 1.
167) Ibid., p. 6-7.
168) Ibid., p. 214.
169) Ibid., p. 215.
170) Ibid., p. 216.
171) Ibid., p. 228.
172) Ibid., p. 231.

/haal terwyl in 'n..........

haal terwyl in 'n laaste agt hoofstukke sy wedervaringe saam met die President in Europa geskets word. Nadat hy aan die gevegte te Modderrivier en Magersfontein deelgeneem het, word hy as adjudant van Steyn aangestel. In die hoedanigheid beleef hy al die avonture saam met die kommando van De Wet tot die einde van die oorlog. Hy het veel van sy tyd aan verkennings- en rapportryerswerk gewy en in die proses is hy menigkeer deur die vyandelike koeëls gedra, maar sy getroue perd, Harry, het hom altyd veilig uit die gevaar gebring. Deur homself as hensopper voor te doen, het hy waardevolle spioenasiewerk verrig en hy slaag o.a. daarin om die tot die dood veroordeelde rebel **kmdt.** H. Viljoen met behulp van **kmdt.** J. Wessels uit die tronk op Wepener te bevry. 173)

Aangesien Du Preez hoofsaaklik sy persoonlike ervaringe verhaal, het sy getuienis beperkte militêre waarde. Hy gee egter 'n waardevolle weergawe van dr. Poutsma se verslag aan pres. Steyn oor die aanval van die Rymington Scouts op die veldhospitaal te Bezuidenhoutsdrift waartydens verpleegster L. Raubenheimer swaar gewond is. 174)

Hoewel steeds op die voorpunt en altyd **bereid** om 'n nuwe avontuur aan te pak, bly Du Preez egter die toegewyde adjudant van die President en die leser kry 'n intieme kyk in die kommandolewe van laasgenoemde. Ons sien die President waar hy in dolle vaart op sy ryperd, Scott, oor Sprinkaansnek jaag, hoe hy saam met die burgers deur die modderpan by Houtkraalstasie spartel en hoe hy al die ontberinge van die guerilla-oorlog saam met die burgers deurmaak.

By Bothaville word die hele laer byna ge-

---

173) Ibid., hoofstuk 6. Die relaas wat deur K. van den Heever in die werk 'n Vryheidsheld ontsnap die dood oor hierdie insident gegee word, verskil in verskeie opsigte van Du Preez se getuienis. Onder andere word in laasgenoemde werk beweer dat **kmdt.** De Beer Viljoen bevry het.
174) De Villiers Esterhuysen, op cit., hoofstuk 18.

/vang en die President......

vang en die President moes vir die soveelste keer vir sy lewe jaag terwyl hy by 'n latere geleentheid op Reitz sekerlik gevang sou gewees het as sy getroue Griekwa-agterryer, Ruiter, hom nie betyds gewaarsku en die vyand om die bos gelei het nie. 175)

Nooit het Du Preez hom hoor kla of wanhoop nie. Steeds het hy besiel, geïnspireer en bemoedig. 'n Weergawe van die talle gesprekke tussen die President en Du Preez dra verder by tot ons beter kennismaking met Steyn die mens. Vir Steyn, wat a.g.v. sy siekte nie die vredesonderhandelings kon bywoon nie, was die verlies van die onafhanklikheid 'n ontsettende slag en insae word gegee in die sielestryd wat die President in dié dae gehad het.

Hoewel De Villiers Esterhuysen in die voorwoord die waarheid van Du Preez se ervaringe bevestig, het die lang tydsverloop meegebring dat sy geheue hom in 'n mindere of meerdere mate in die steek gelaat het. So word bv. verwys na "'n paar duisend dooies...." wat na die slag van Magersfontein begrawe is en na 'n monument in Skotland waarop die name van "...ontrent 3,000..." Hooglanders voorkom wat by Magersfontein gesneuwel het. Is die volgende bewering 'n onvergeeflike flater of is dit dalk 'n drukfout?

> „Generaal De Wet het die selfde taktiek uitgehaal wat Andries Pretorius destyds op Majuba laat seëvier het." 176)

Sulke onjuisthede t.o.v. historiese feite bring mee dat die kritiese leser en navorser noodwendig skepties moet staan teenoor die getuienis in die algemeen, veral siende dat dit in romanvorm aangebied word.

Die betekenis van die werk lê daarin dat 'n kleurryke figuur uit die oorlog, nl. Du Preez,

175) Ibid., hoofstuk 25.
176) Ibid., p. 120.

/aan die vergetelheid

aan die vergetelheid ontruk is. Insae word gegee in die alledaagse kommandolewe en 'n hoeveelheid belangrike aanvullende getuienis word verstrek i.v.m. die persoonlike lewe van pres. Steyn gedurende die oorlog.

14. J.H. Meyer e.a., Kommando-jare. (Die herinneringe van I.J. Meyer).

Kolonel Izak Johannes Meyer (D.T.D. D.S.O) is op 5 September 1882 in die Potchefstroomse distrik gebore. 177) Na voltooiing van sy laerskoolloopbaan in bogenoemde distrik het hy sy studies aan die gimnasium te Pretoria voortgesit. 178) Na die Tweede Vryheidsoorlog het hy hom as prokureur bekwaam en in 1969, op ses en tagtigjarige ouderdom, het hy nog in dié hoedanigheid op Potchefstroom gepraktiseer. Tydens die verowering van Suidwes-Afrika deur die Suid-Afrikaanse magte in 1914 was hy tweede in bevel onder genl. J. van Deventer. Hy het 'n bedrywige openbare lewe, veral in belang van die opvoeding, gevoer. Hy was o.a. lid van die Potchefstroomse Universiteitsraad en voorsitter van die raad van die Potchefstroomse Onderwyskollege. Hy was ook erekolonel van die regiment Danie Theron. 179)

Toe gerugte van oorlog in 1899 die rondte doen, dros die sewentienjarige Meyer van die skool in Pretoria en sluit by die Boeremagte op die wesfront aan.

Hy neem onder genl. De la Rey aan die verowering van die pantsertrein by Kraaipan deel en word ooggetuie van die halfhartige beleg van Mafeking.

Hy verhaal sy ondervindinge tydens die slae van Modderrivier 180 en Magersfontein 181)

177) Who's who in Southern Africa, 1960, p. 454.
178) J.H. Meyer, e.a. Kommando-jare. Kaapstad, Human en Rousseau, 1971, p. 11.
179) The Star, 12.6.1957.
180) Meyer, op. cit., p. 43-55.
181) Ibid., p. 56-68.

/en gee 'n verslag van die....

en gee 'n verslag van die insluiting van Cronjé deur Roberts aan die Modderrivier en De Wet se pogings om eersgenoemde by Wolwekraaldrif te ontset.[182]

Hy aanskou die swak weerstand en vlug van die Boeremagte by Poplar Grove en Abrahamskraal en neem aan die aanval op Boshof deel waar genl. De Villebois Mareuil sneuwel.

Na sy deelname aan die gevegte aan die Kliprivier, tien myl suid van Johannesburg, en Donkerhoek, keer Meyer na Wes-Transvaal terug waar hy onder Smuts en Liebenberg veg.

As gevolg van die passiwiteit van Liebenberg stig ongeveer sestig penkoppe 'n eie korps, die sogenaamde Transvaal Brigade, onder bevel van Fritz Breytenbach. Hy gee 'n breedvoerige verslag van hierdie korps se bedrywighede en hulle aandeel aan die gevegte te Stompies, Frederikstad en Modderfontein.

Byna die helfte van die werk word gewy aan Smuts se epiese tog na Noordwes-Kaapland wat 'n aanvang geneem het in die Potchefstroomse distrik. Hy beskryf die uiters uitputtende tog deur Oos-Kaapland, die geveg te Modderfontein aan die Elandsrivier[183] asook verskeie ander skermutselings.

In die distrik Somerset-Oos het Smuts die kommando verdeel en Meyer gee vervolgens 'n beskrywing van die lotgevalle van die een deel van die kommando waarby hy hom bevind het wat onder kmdt. Van Deventer via Richmond tot in Noordwes-Kaapland getrek het.

Wat die stryd in Noordwes-Kaapland betref, word o.a. beskrywings gegee van die gevegte te Middelpos, veertien myl suid van Calvinia, Tontelboskolk, Windhoek, tien myl suid van Van Rhynsdorp, van die verowering van Springbok en van Meyer se laaste geveg onder Van Deventer te Steinkopf.

---

182) Ibid., p. 69-103.
183) Ibid., p. 250-258.

/ Die verskyning van

Die verskyning van herinneringe van 'n oudstryder, bykans sewentig jaar na die oorlog, moet seker met gemengde gevoelens verwelkom word. Meyer het aan my verklaar dat hy, a.g.v. sy bedrywige lewe, nooit gedurende sy jonger jare tyd gehad het om sy herinneringe op te teken nie. Die kritikus moet egter versigtig wees om nie die waarde van outobiografiese getuienis oor die Tweede Vryheidsoorlog sonder meer volgens die lang tydsverloop sedert die afspeel van die gebeure en die optekening daarvan te bepaal nie, maar hy moet deeglik rekening hou met die waarnemingsvermoë, geheue en geestesgesteldheid van die getuie.

Meyer het in 1965 op twee en tagtigjarige leeftyd begin om sy herinneringe te laat opteken. Op ses en tagtigjarige ouderdom is hy nog as "baie aktief en skerpsinnig" beskryf.[184) ] en in laasgenoemde jaar het hy nog as prokureur gepraktiseer. Meyer was 'n intelligente persoon en hy was met 'n skerp waarnemingsvermoë en 'n besondere geheue begiftig. Hiervan getuig sy herinneringe wat 341 bladsye beslaan, en oor die algemeen deur intensiewe beskrywings gekenmerk word. Sy seun, I.J. Meyer, het aan my verklaar dat sy vader na al die jare gebeure nog net so in détail kan vertel soos toe hy jonger was. Meyer het self aan my verklaar dat die gebeure hom nog net so helder voor die gees in 1960 gestaan het as wat dit die geval in 1930 was. Hy vertel dat hy met behulp van 'n landkaart sy oorlogsloopbaan na al die jare weer kon rekonstrueer. Hy het ook van ander oudstryders se getuienis gebruik gemaak waar sy geheue hom in die steek gelaat het, maar dit word ongelukkig nêrens in die werk vermeld nie.

Meyer deel die reeds bekende slae aan die wesfront op onderhoudende wyse mee en sy per-

184) Die Beeld, 12.1.1969.

/soonlike ervaringe.........

soonlike ervaringe is hier van waarde. Sy beskrywing van die guerillakryg in Wes-Transvaal, wo. die bedrywighede van die s g. Transvaal Brigade, vorm 'n waardevolle bydrae tot 'n vollediger beeld oor die guerillakryg aldaar.

Die waardevolste deel van die getuienis is egter Meyer se verslag van Smuts se tog na Kaapland en die lotgevalle van Van Deventer se kommando tot aan die einde van die oorlog. Smuts se aantekeninge [185] en verslag [186] oor hierdie tog is totaal onvolledig met die gevolg dat die navorser sal moet terugval op. o.a. die enigste twee gepubliseerde bronne sover my bekend hieroor nl. die herinneringe van D. Reitz (Commando) en die getuienis van Meyer. Meyer verskaf 'n groot hoeveelheid feite oor hierdie tog wat nie deur Smuts of Reitz vermeld word nie. Sy getuienis oor die bedrywighede van Van Deventer op wie se staf hy as luitenant-adjudant gedien het, is waardevol aangesien daar betreklik min oor dié generaal se militêre loopbaan in die Noordweste verskyn het.

Oor die algemeen stem Meyer se getuienis oor die verloop van die stryd aan die wesfront, die tog van Smuts na Noordwes-Kaapland en die guerillastryd aldaar ooreen met bestaande getuienis. Dié deel van sy getuienis wat kontroleerbaar is, is egter nie foutloos nie. So beweer hy dat Cronjé by Vendusiedrif oorgegee het, terwyl die oorgawe in werklikheid by Wolwekraaldrif plaasgevind het. Hy het hom ook van hoorsê-getuienis bedien sonder om die getuienis se identiteit te vermeld. Sulke getuienis moet met die grootste versigtigheid benader word. So beskryf hy die aanval van die Kleurlinge op Maritz binne-in die kerk te Leliefontein terwyl die skermutseling inderwaarheid buite die kerk plaasgevind het. 'n Deel van Meyer se gegewens dra verder by tot die uiteenlopendheid

185) Hancock, e.a., op. cit., p. 407-416.
186) Ibid., p. 422-430.

/en teenstrydigheid wat......

en teenstrydigheid wat daar by die reeds bestaande **outobiografiese** getuienis oor die oorlog bestaan. Meyer meld bv. dat met die geveg te Windhoek vyf Boere gesneuwel en sestien gewond is.[187] A. de Wet beweer dat twaalf gedood en tien gewond is.[188] Daarteenoor beweer O.T. de Villiers dat vier dood en tien gewond is.[189]

Meyer het die objektiwiteitsbeginsel tot groot hoogte gedien. Hoewel hy 'n bewonderaar en volgeling van Smuts in sy latere lewe was, word Smuts se dade nêrens opgehemel of oordryf nie.

Meyer het sy ervaringe aan sy neef, J.H. Meyer, 'n afgetrede landdros van Potgietersrust, vertel wat die verhaal in medewerking met E.P. du Plessis[190] te boek gestel het. Dit is nie bekend in hoe 'n mate laasgenoemde twee persone die oorspronklike getuienis tot sy huidige vorm verwerk het nie. Die verwerking van Meyer se ervaringe deur iemand anders en die inkleding daarvan in romanvorm skaad egter die wetenskaplike waarde van die getuienis.

Gebrek aan voldoende getuienis en teenstrydighede in die bestaande getuienis bring mee dat ook hierdie werk deur die navorser verwelkom moet word as 'n verdere bydrae tot 'n vollediger beeld oor die guerillafase van die oorlog in Wes-Transvaal en in Kaapland.

Hoewel die herinneringe van oorlogservarenes wat deur iemand anders opgeteken is, die sterkste deur die historiese kritiek aangetas word van alle outobiografiese getuienis van die oorlog, het 'n aantal outeurs herinneringe op 'n bekwame wyse opgeteken en sodoende 'n belangrike bydrae tot die bestaande kennis oor die oorlog gelewer. Veertien van die werke **wat in romanvorm verskyn het en 'n aantal persoonlike ervaringe het beperkte waarde.**

187) Meyer, op. cit., p. 314-315.
188) A. de Wet, op. cit., p. 210.
189) **Van Gent,** op.cit., p. 228.
190) Geen besonderhede kon van hierdie twee persone verkry word nie.

# HOOFSTUK 8.

## DIE BYDRAE VAN DIE GEPUBLISEERDE OUTOBIOGRAFIESE BRONNE TOT DIE KENNIS OOR DIE TWEEDE VRYHEIDS-OORLOG -- 'N SAMEVATTING.

Soos in die inleiding van hierdie studie gestel is, het ek my uitsluitlik by gepubliseerde outobiografiese bronne oor die Tweede Vryheidsoorlog bepaal en daarvan 'n waardebepaling probeer gee. Die volle waarde, en daarmee die bydrae van hierdie getuienis tot 'n vollediger beeld oor die oorlog, sal egter eers nader bepaal kan word wanneer ook 'n waardebepaling gemaak is van alle offisiële oorlogstukke, ongepubliseerde dagboeke, herinneringe,[1] korrespondensie, ens. wat dwarsdeur ons land in argiefbewaarplekke, biblioteke en in private besit is, asook van alle getuienis wat in die pers verskyn het. Maar selfs dán sal so 'n waardebepaling slegs ook nog by benadering kan wees aangesien die navorser, a.g.v. die leemtes in die getuienis,[2] op tallose vrae geen defnitiewe antwoorde kan gee nie en 'n groot deel van die getuienis gevolglik nie finaal geklassifiseer sal kan word nie.

A. Militêre waarde.

Van die 106 gepubliseerde outobiografiese werke wat in hierdie studie behandel word, handel ses en vyftig, waarvan sestien dagboeke is, in 'n mindere of meerdere mate oor die militêre aspek van die oorlog en hieronder word aangedui wat daar veral oor die verskillende gevegsareas verskyn het.

1. Natal. (Drie en twintig werke).

| | |
|---|---|
| J.F. Naudé. | Vechten en vluchten van Beyers en Kemp "bokant" De Wet. |
| N. Hofmeyr. | Zes maanden bij de commando's. |
| J.D. Kestell. | Met de Boeren-kommando's. |

---

1) In die staatsargief te Pretoria is ongeveer dertig dagboeke plus vier fragmente van dagboeke en ongeveer nege en twintig herinneringe waarvan slegs die dagboeke van F.L. Rothmann, G.S. Preller en genl. De Villebois Mareuil gepubliseer is.

2) Kyk hoofstuk 2 van hierdie studie.

/ G.S.Preller.......

| | |
|---|---|
| G.S. Preller. | Kaptein Hindon. |
| A.J.V. Burger. | Worsteljare. |
| D. Mostert. | Slegtkamp van Spioenkop. |
| C.R. de Wet. | De strijd tusschen Boer en Brit. |
| B.J. Viljoen. | Mijne herinneringen uit den Anglo-Boerenoorlog. |
| D. Reitz. | Commando. |
| C.H. Muller. | Oorlogsherinneringe van genl. Christiaan H. Muller. |
| H.J.C. Pieterse. | Oorlogsavonture van genl. Wynand Malan. |
| E.J. Weeber. | Op die Natalse front. |
| J.C.G. Kemp. | Vir vryheid en vir reg. |
| E.C. Anderssen. | Die verlede herleef. |
| H.J.C. Pieterse. | My tweede vryheidstryd. |
| P.H.S. van Zyl. | Waar en trou. |
| A. Kuit. | Transvaalse verskeidenheid. |

Minder waardevolle werke:

| | |
|---|---|
| D.S. van Warmelo. | Mijn commando en guerilla commando-leven. |
| P. Prins. | Van Transvaal over St. Helena naar Nederland. |
| H. Oost. | Gestreden. |
| D. Stegman. | Murasies. |
| H.Watkins-Pitchford. | Besieged in Ladysmith. |
| A. Kuit. | 'n Kommando-prediker. |

2. Oos-Transvaal (veertien werke).

| | |
|---|---|
| G.S. Preller. | Kaptein Hindon. |
| D. Mostert. | Slegtkamp van Spioenkop. |
| R.W. Schikkerling. | Commando courageous. |
| B.J. Viljoen. | Mijne herinneringen uit den Anglo-Boerenoorlog. |
| C.H. Muller. | Die oorlogsherinneringe van genl. Christiaan H. Muller. |
| E.J. Weeber. | Op die Transvaalse front. |

/ H.J.C. Pieterse........

| | |
|---|---|
| H.J.C. Pieterse. | My tweede vryheidstryd. |
| P.H.S. van Zyl. | Waar en trou. |
| A. Kuit. | Transvaalse verskeidenheid. |

Minder waardevol is:

| | |
|---|---|
| M.E. Rothmann. | Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde. |
| D.S. van Warmelo. | Mijn commando en guerilla commandoleven. |
| W.H. Ackermann. | Opsaal: herinneringe oor die Tweede Vryheidsoorlog. |
| A. Kuit. | Transvaalse gister. |
| A. Kuit. | 'n Kommando-prediker. |

3. Wes-Transvaal. (Vyftien werke).

| | |
|---|---|
| J.F. Naudé. | Vechten en vluchten van Beyers en Kemp "bôkant" De Wet. |
| F.D. Conradie. | Met Cronjé aan die wesfront. |
| J.N. Brink. | Oorlog en ballingskap. |
| J.C.G. Kemp. | Vir vryheid en vir reg. |
| S. Visser. | Die wit vlag. |
| W.K. Hancock en J. van der Poel. | Selections from the Smuts papers. Deel I. |
| I. Meyer. | Kommandojare. |

Minder waardevol:

| | |
|---|---|
| D.S. van Warmelo. | Mijn commando en guerilla commandoleven. |
| P.J. Klopper. | "Alles zal rech kom!". |
| M.J.Bornman (Buurman). | Oorlogswolke oor die Republieke. |
| O. van Oostrum. | Bestendige onbestendigheid. |
| V. Pohl. | Adventures of a Boer family. |
| M.J. Venter. | Joop gaan op kommando. |
| P.R. van der Westhuizen. | Wat van ons?. |

/ 4. Noord-Transvaal.....

4. Noord-Transvaal.

| | |
|---|---|
| J.F. Naudé. | Vechten en vluchten van Beyers en Kemp "bokant" De Wet. |

5. Suid-Transvaal.

| | |
|---|---|
| J.G. van den Heever. | Op kommando onder kmdt. Buys. |

6. Vrystaat. (Negentien werke)

| | |
|---|---|
| H. Ver Loren van Themaat. | Twee jaren in den Boeren-oorlog. |
| J.D. Kestell. | Met de Boeren-kommando's. |
| A.M. Jackson. | Uit die dagboek van 'n wildeboer. |
| C.C.J. Badenhorst. | Uit den Boeren-oorlog. |
| C.R. de Wet. | De strijd tusschen Boer en Brit. |
| A.H. van Gent. | Met De Wet en Steyn in het veld. |
| P.H. Kritzinger en R.D. McDonald. | In the shadow of death. |
| J.N. Brink. | Oorlog en ballingskap. |
| P.H.S. van Zyl. | Waar en trou. |
| I. de Wet. | Met genl. De Wet op kommando. |
| H.C. Hopkins. | Maar één soos hy. |
| N.J. van der Merwe. | Marthinus Theunis Steyn, 'n lewensbeskrywing. |

Minder waardevol:

| | |
|---|---|
| J.D. Kestell. | Christiaan de Wet, 'n lewensbeskrywing. |
| M.J. Grobler. | Met die Vrystaters onder die wapen. |
| M.J. Bornman ( Buurman.) | Oorlogswolke oor die Republieke. |
| D. Stegman. | Murasies. |
| C. Bosman. | Slaan en vlug. |
| A.M. de Villiers Esterhuysen. | Corneels Karniedood. |
| A.J.J. Ebeling. | Met Steyn en De Wet. |

/ 7. Kaapkolonie.........

7. Kaapkolonie. (Drie en twintig werke).

| | |
|---|---|
| F.R.M. Cleaver. | A Young South African. |
| R. de Kersausen de Pennendreff. | Ek en die Vierkleur. |
| A.H. van Gent. | Met De Wet en Steyn in het veld. |
| P.H. Kritzinger en R.D. McDonald. | In the shadow of death. |
| D. Reitz. | Commando. |
| P.J. du Plessis. | Oomblikke van spanning. |
| S.G. Maritz. | My lewe en strewe. |
| J.A. Smith. | Ek rebelleer. |
| J.N. Brink. | Oorlog en ballingskap. |
| A. Roodt. | Kaapse rebel. |
| W.K. Hancock en J. van der Poel. | Selections from the Smuts papers. Deel I. |
| I. Meyer. | Kommandojare. |
| G.S. Preller. | Scheepers se dagboek en die stryd in Kaapland ( 1 Oktober 1901 - 18 Januarie 1902). |
| G. Jordaan. | Hoe zij stierven. |
| H.J.C. Pieterse. | Oorlogsherinneringe van genl. Wynand Malan. |

Minder waardevolle werke oor die stryd in Kaapland is die van C. Bosman (Slaan en Vlug), K. van den Heever, (Vryheidsheld ontsnap die dood) en C.F. MacDonald (Kalahari Mac).

Soos dit uit die bostaande tabelle blyk, het daar oor die meeste gevegsareas 'n betreklike groot aantal outobiografiese werke verskyn waarin 'n redelike hoeveelheid informasie oor die militêre verloop van die oorlog vervat is.

/ Gelukkig het daar..........

Gelukkig het daar 'n aantal gesaghebbende bronne wat die meeste oorlogsterreine in 'n mindere of meerdere dek, verskyn. Dié bronne is vir die navorser wat 'n studie oor veral die guerillakryg wil maak, onontbeerlik.[3)]

Benewens die aantal gesaghebbende bronne wat gebeure hoofsaaklik vanuit 'n militêre oogpunt benader, het daar 'n groot aantal persoonlike ervaringe wat oor die militêre verloop van die oorlog handel, verskyn. Uit die aard van die saak besit persoonlike ervaringe beperkte militêre waarde. Nogtans bevat die meeste van hierdie werke waardevolle getuienis wat óf as aanvullende óf as kontrolegetuienis kan dien hoewel daar geweldig baie teenstrydighede, veral wat fyner besonderhede betref, in die outobiografiese getuienis oor die algemeen voorkom.

Persoonlike ervarings besit 'n verdere waarde deurdat die ervarene terselfdertyd die lotgevalle van die eenheid waaraan hy behoort het in 'n mindere of meerdere mate beskryf. Gevolglik word daar tog 'n sekere hoeveelheid kennis i.v.m. die bedrywighede van die betrokke kommando meegedeel en hierdie getuienis is veral waardevol in die geval van kommando's waaroor daar min bekend is.[4)]

Deur middel van sy getuienis net die Boer homself as soldaat bekend gestel. 'n Intieme kyk word verkry in die oorlogsmentaliteit van die ongekunstelde, ongedissiplineerde en individualistiese burger en ons leer hom ken as swakkeling, maar ook as onwankelbare patriot tot die bitter einde. Dit blyk dat sy individualisme gedurende die guerilla-oorlog 'n uiters belangrike bate was.

---

3) Hier kan maar slegs verwys word na die werke van C.R. de Wet (De strijd tusschen Boer en Brit), J.F. Naudé (Vechten en vluchten van Beyers en Kemp "bokant" De Wet), H.J.C. Pieterse (Oorlogsavonture van genl. Wynand Malan) en B.J. Viljoen (Mijne herinneringen uit den Anglo-Boerenoorlog).

4) 'n Goeie voorbeeld is die werk Op kommando onder kmdt. Buys van J.G. van den Heever wat die enigste gepubliseerde outobiografiese bron is wat 'n oorsig van dié kommandant se bedrywighede gee.

/ In teenstelling.......

In teenstelling met die opgeleide Britse soldaat wat van bevele afhanklik was, was hy sy eie generaal en die inisiatief deur hom aan die dag gelê, was een van die redes waarom hy soveel roem tydens die guerillakryg kon behaal. Die deugde, ondeugde en leemtes by 'n groot aantal Boere-offisiere is deur 'n hele aantal oorlogservarenes in hulle getuienis bekend gestel - feite waarvan sommige waarskynlik nie elders verkry kan word nie.

Die meeste van bogenoemde outobiografiese bronne verhaal nie net die militêre operasies nie, maar gee dikwels insiggewende beskrywings van die intieme kommandolewe waaruit dit blyk hoe die Boere se militêre masjien gefungeer het. Dit word geopenbaar onder watter moeilike omstandighede die Boere tydens die guerillafase van die oorlog moes veg en die metodes wat deur hulle gevolg is om weerbare burgers te kon bly.

Getuienis oor die bedrywighede van die verskillende kommando's en ervaringe van individue in die veld gee insae in die groot variasie in guerillataktiek wat deur die Boere teen oorweldigende oormagte toegepas is. Deur kennis te neem van die bedrywighede van die verskillende kommando's, kleiner eenhede en selfs van enkelinge kan begryp word hoedat dit vir minder as 20,000 Boere moontlik was om so lank teen bykans 'n kwart miljoen van die vyand staande te bly. Teenoor die Boer word die Engelse soldaat aan die wêreld bekend gestel. Engelse metodes van oorlogvoering word beskryf en hoeveel sukses hulle daarmee behaal het. Hierdie gegewens besit baie belangrike militêre waarde aangesien Engelse bronne oor die oorlog maar alte dikwels geneig is om 'n eensydige beeld van die hele militêre aspek van die stryd te gee.

Veral burgers wat hulle persoonlike ervarings beskryf het, het ook hulle innerlike gevoelens t.o.v. die oorlog opgeteken. Hierdie sielsontboeseminge het ook militêre waarde, want dit het hulle wisselende moraal weerspieël wat nou saamgehang het met oorwinning, nederlaag en die vooruitsigte op voortsetting van die oorlog.

/ Hoewel die ............

Hoewel die Republikeine 'n vergeefse stryd vir vryheid en vir reg gestry het en die Vryheidsoorlog inderdaad 'n uitroeiingsoorlog was wat met baie smart en ontbering gepaard gegaan het, sou 'n mens verwag dat hulle getuienis 'n sterk en selfs oordrewe subjektiewe karakter sou besit het. Vanweë hulle Christelike lewensbeskouing en die lang tydsverloop sedert die oorlog het min oorlogservarenes hulle egter aan oordrewe subjektiwiteit skuldig gemaak en dit is 'n belangrike positiewe eienskap wat die herinneringsgetuienis oor die militêre verloop van die oorlog besit.

In teenstelling met suiwer krygskundige beskrywings waar die individu aan die leser onbekend bly, is talle van die gewone burgers, veral in die beskrywing van persoonlike ervarings, aan die vergetelheid ontruk.

Sonder die outobiografiese getuienis sou die Boer as krygsman tot groot hoogte vir die nageslagte onbekend gebly het.

Leemtes in die outobiografiese getuienis insake die militêre verloop van die oorlog.

I. Beperkte aantal gesaghebbende bronne.

Vanselfsprekend sal die navorser hom in die eerste plek na die getuienis van die hoogste militêre gesag wend aangesien die bevelvoerende offisiere nie alleen op hoogte met alle krygsplanne moes gewees het nie, maar ook 'n redelike oorsig oor die hele of 'n groot deel van die slagveld moes gehad het.

'n Opname het getoon dat daar ongeveer een en tagtig generaals (waaronder ingesluit is die kommandante-generaal, assistent kommandante-generaal en hoofkommandante)

/ twaalf ................

twaalf kolonels en 279 kommandante op een of ander stadium van die oorlog aan Boerekant bevel gevoer het.[5] Van die bogenoemde ses en vyftig outobiografiese werke is slegs tien van generaals en drie van kommandante afkomstig.[6] Wat die herinneringe van die generaals betref, het drie beperkte waarde vanweë die oorsigtelike aard daarvan, nl. dié van Maritz, Prinsloo en Muller, terwyl dié van Smuts slegs tot 'n klein gedeelte van die oorlog beperk is. Wat die herinneringe van die kommandante betref, het dié van H.S. Grobler vanweë die oorsigtelike aard daarvan ook beperkte waarde.

Die res van die offisiere se getuienis toon egter self talle leemtes waaraan alle outobiografiese getuienis oor die oorlog mank gaan, met die gevolg dat selfs húlle getuienis nie sommer sonder meer deur die navorser gebruik kan word nie. Bogenoemde tien generaals gee betreklik onvolledige verslae van die bedrywighede van die kommando's wat onder hulle bevel gestaan, maar in 'n groot mate onafhanklik geopereer het. Aangesien verreweg die grootste aantal van hierdie kommando's se offisiere nie hulle ervaringe opgeteken het nie, bestaan daar ook geen gesaghebbende getuienis oor hierdie kommando's se bedrywighede gedurende die guerillafase van die oorlog nie. Gevolglik kan 'n betroubare geskiedenis van hierdie kommando's nie geskryf word nie.

---

5) P.H.S. van Zyl, Die helde-album: verhaal en fotos van aanvoerders en helde uit ons vryheidstryd. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1944. Kyk ook 'n aanvullende lys van offisiere van die Z.A.R. opgestel deur A. van der Hoek, T.A. lêer no. A1134.

6) Die enigste ongepubliseerde dagboeke en herinneringe van hoër Boere-offisiere in die Transvaalse argief is dié van luit. kol. S.P.E. Trichardt, kmdt. L.E. Krause (G.S. Preller-versameling, band I, lêer A787), kmdt. J.P. Theron (lêer A 219) en kol. J.P. Brits (lêer A247).

/ 2. Beperkte militêre.........

2. <u>Beperkte militêre waarde van die gewone burger se getuienis.</u>

Bogenoemde leemtes in die offisiere se getuienis noodsaak die navorser om op die outobiografiese getuienis van die gewone burger terug te val. Die gewone burger was egter nie op hoogte met krygsraadsbesluite en die algemene beplanning van militêre aktiwiteite nie. Daarby was sy waarneming op die slagveld gewoonlik tot sy onmiddellike omgewing beperk. Vanselfsprekend sal sy getuienis oor militêre aangeleenthede dus minder gesag dra en daarom ook van minder waarde wees. In die geval van kleiner guerillabedrywighede was die gewone burger wel in staat om die hele krygstoneel in oënskou te neem en sy beskrywing van so 'n geveg kan van net soveel waarde wees as bv. dié van die kommandant wat daar bevel gevoer het.

Soos hierbo aangetoon is, besit persoonlike ervarings oor die militêre aspek van die oorlog beslis waarde, maar dit is beperk. Omdat die gewone burger moontlik sy beperkte kennis aangevul het met hoorsê-getuienis, moet sy getuienis veel kritieser benader word as dié van die offisier. Inagnemende die ongepubliseerde outobiografiese getuienis is die waarskynlikheid buitendien groot dat daar van 'n aantal kommando's se bedrywighede tydens die guerillakryg niks of baie min opgeteken is en dit veroorsaak leemtes in die getuienis oor die militêre verloop van die hele oorlog.

3. / Die hoeveelheid outobiografiese getuienis oor die oorlog.......

3. <u>Die hoeveelheid outobiografiese getuienis oor die oorlog is misleidend</u>.

Die redelike groot aantal werke wat oor die verskillende gevegsareas verskyn het, is erg misleidend en kan nie as aanduiding dien van die volledigheid waarmee die onderskeie militêre gebeure beskryf is nie. Dieselfde geld vir die omvang van die individuele werke en die ruimte wat daarin aan die verskillende militêre aktiwiteite afgestaan word.

Die rede hiervoor is dat verreweg die meeste burgers besef het dat hulle nie oor voldoende kennis beskik het om die oorlog vanuit 'n krygskundige oogpunt te benader nie. Daarby wou hulle met die oog op die leserspubliek die klem op die avontuurlike laat val en hulle het hul gevolglik hoofsaaklik by die optekening van hulle persoonlike ervaringe bepaal. Dit het tot gevolg gehad dat selfs in gevalle waar verskeie werke oor 'n bepaalde krygsgebeure handel daardie getuienis min of geen nuwe bydrae tot die bestaande kennis daaroor gelewer het nie.

Die burgers het hulle feitlik deurgaans nie streng by hulle persoonlike ervarings gehou nie, maar reeds bekende militêre gebeure waarby hulle betrokke was ter wille van volledigheid in die breë probeer beskryf. Veral in werke wat in die veertiger jare en daarna verskyn het, word daar dan ook dikwels herhalings van dieselfde feite oor veldslae aangetref, wat inderwaarheid geen nuwe bydrae tot die bestaande kennis lewer nie. 'n Herhaling van feite deur verskillende outeurs kan egter ook dien as 'n bewys van die betroubaarheid van daardie getuienis mits die getuies nie ontlenings

/gemaak en dit as.........

gemaak en dit as hulle eie waarnemings opgeteken het nie. Dikwels is die ervarene se weergawe van 'n militêre gebeure egter deurspek, met wat hy van ander, meesal ongeïdentifiseerde getuies, gehoor het. Sulke getuienis is moeilik kontroleerbaar en die navorser word in die grootste twyfel geplaas of hy die getuienis kan gebruik of nie.

4. Dit ontbreek die outobiografiese getuienis aan wetenskaplike bewysvoering.

Hoewel in enkele werke wat oor die militêre verloop van die oorlog handel, pogings aangewend is om getuienis aan die hand van ander bronne te kontroleer en ook deur die gebruikmaking daarvan beter perspektief aan gebeure te probeer gee, [7] ontbreek dit die gepubliseerde dagboeke en herinneringe deurgaans aan wetenskaplike bewysvoering. Die ervarings van die burgers is onveranderd en ongekontroleerd uit sy pen of mond gepubliseer en selfs die grofste foute is feitlik deurgaans nie eens aan die hand van reeds verskene bronne in voetnote reggestel nie. Intensiewe kontrole deur my het telkens aan die lig gebring hoe outobiografiese getuienis oor militêre gebeure verskil al kon ek in die bespreking van die verskillende bronne slegs ongereeld na vergissings of verskille verwys omdat die besprekinge anders te uitgebreid sou word.

In verreweg die meeste werke word daar geen of baie min biografiese gegewens oor die oorlogservarenes of die outeurs wat hulle getuienis opgeteken het, gegee. Intensiewe en tydrowende soektogte deur my het dikwels niks nie of baie min in dié verband

7) Kyk o.a. die behandelde werke van J.C.G. Kemp, Vir vryheid en vir reg; p.320, H.J.C. Pieterse Oorlogsavonture van Genl. Wynand Malan; p.360, M.J. Grobler, Met die Vrystaters onder die wapen; p.377.

/opgelewer............

opgelewer. Hierby moet nog gereken word die geweldige aantal ongeïdentifiseerde getuies van wie se getuienis in verreweg die meeste outobiografiese bronne gebruik gemaak is. In der waarheid word 'n besonder groot gedeelte van die getuienis oor die militêre verloop van die oorlog in anonimiteit meegedeel en is dit derhalwe tot groot hoogte ongeskik as wetenskaplike bronnemateriaal.

Getuienis oor die ervarenes se aandeel aan die militêre verloop van die oorlog kom verder onder verdenking waar die ervarenes bewus of onbewus hulle eie aandeel aan 'n gebeure probeer regverdig, aksentueer en selfs verheerlik. [8] Hierdie neiging het hom veral geopenbaar waar iemand anders die ervarene se ervarings opgeteken of verwerk het en reg laat probeer geskied het aan sy heldedade. Gevolglik toon sommige van hierdie werke 'n sterk tendensieuse karakter.

5. <u>Baie individuele helde is aan die vergetelheid oorgelewer</u>.

Veral tydens die guerillafase van die oorlog het die Boerevegter as enkeling teen oorweldigende oormagte op die voorgrond getree en onsterflike roem verwerf. Hy het male sonder tal verbasende inisiatief en ongelooflike dapperheid aan die dag gelê en die Britse soldaat vêr in die skadu gestel. Hoewel daar gereeld in dagboeke en herinneringe aandag gegee word aan Boerehelde is talle van hulle dade óf nooit óf onvolledig opgeteken wat op 'n groot leemte in die gepubliseerde outobiografiese getuienis dui.

---

8) A.N. Pelzer, Die Huisgenoot, 16.2.1951.

In hierdie rigting is daar wel 'n begin gemaak deur E.C. Anderssen in sy herinnering _Die verlede herleef_, 9) maar dit was helaas ook die laaste.

6. _'n Leemte in die getuienis oor die militêre rol van die penkop._

Daar het 'n verbasende groot aantal seuns van tussen twaalf en sestien jaar aan die oorlog deelgeneem, en die offers wat hulle gebring het, verdien 'n goue hoofstuk in ons geskiedenis. Die geskiedskrywer wat hierdie heldedom in herinnering wil roep, sal weer eens met magteloosheid geslaan wees a.g.v. 'n gebrek aan getuienis. Slegs drie gepubliseerde jeugherinneringe handel oor die militêre verloop van die oorlog naamlik dié van C.F. MacDonald (_Kalahari Mac_), M.J. Venter (_Joop gaan op kommando_) en J.A. Smith (_Ek rebelleer_). Die offervaardigheid en trou van hierdie jeugdige vryheidsvegters wat as grootste inspirasie vir die jeug van die nageslag kon dien, het dus waarskynlik grotendeels verlore gegaan.

7. _Die gebrek aan getuienis oor die rol van die hensopper en verraaier._

Vanweë Christelike oortuigings en ter wille van die naasbestaandes en nageslagte van hensoppers en verraaiers het die meeste outeurs van oorlogswerke besluit om dié dade van ontrou aan die vergetelheid oor te lewer. Hoewel daar in 'n aantal werke na ontrouheid verwys word, word slegs 'n klein persentasie name vermeld. Weens gebrek aan getuienis van Boere en Britse kant sal die belangrike rol van die hensopper en verraaier en sy bydrae tot die uiteindelike Britse

---

9) Kyk p. 280 hierbo.

/oorwinning nooit........

oorwinning nooit behoorlik vasgestel kan word nie.

Uit die besprekings in hierdie studie blyk dit dat die gepubliseerde outobiografiese bronne oor die Tweede Vryheidsoorlog 'n onontbeerlike bydrae tot die kennis oor die militêre verloop van die oorlog gelewer het. Dit is egter ook duidelik dat die gepubliseerde getuienis die militêre verloop van die oorlog slegs ten dele belig. Dit word ook uit die besprekings duidelik dat die outobiografiese getuienis wat wel verskyn het in werklikheid niks anders is nie as 'n hoeveelheid ru-materiaal wat eers 'n deeglike siftingsproses aan die hand van die historiese kritiek sal moet deurgaan alvorens dit vir die geskiedskrywing gebruik kan word. Veel van die stof sal in die proses in die slag bly en sal nie deur die navorser gebruik kan word nie. By geen ander faset van die Vryheidsoorlog staan die navorser meer gefrustreerd teenoor die outobiografiese getuienis soos dit nou daar uitsien as juis by dié wat oor die militêre verloop van die oorlog handel nie. Dit moet seker aanvaar word dat die laaste woord oor die militêre verloop van die Vryheidsoorlog nooit gespreek sal kan word nie.

B. Die konsentrasiekampe en die lotgevalle van die vroue te velde.

1. Bronne wat oor die kampe handel.

Oor die lotgevalle van die vrou en kind gedurende die Vryheidsoorlog het daar drie en twintig outobiografiese werke verskyn waarvan agt dagboeke is. Die meeste gegewens word verskaf oor die kampe te Bethulie, Klerksdorp, Standerton, Iréne, Merebank, Kroonstad, Bloemfontein, Norvalspont, Howick, Pietermaritz-

/burg en Johannesburg.....

burg en Johannesburg. Die volgende werke het oor bogenoemde kampe verskyn:

| | | |
|---|---|---|
| W.R. Vis. | Tien maanden in een "vrouwenkamp". | Johannesburg. |
| A.D. Lückoff. | Woman's endurance. | Bethulie. |
| J. Brandt. | Het concentratiekamp van Iréne. | Iréne. |
| M.E. Rothmann. | Tant Alie van Transvaal. | Klerksdorp. |
| A.M. Coetzee. | Tant Miem Fischer se kampdagboek. | Standerton en Merebank. |
| K. Hamman. | Dagboek van 'n Bethulie-kampdogter. | Bethulie. |
| H. van der Merwe. | Onthou. | Port Elizabeth. |
| O.J. Snyman. | Met die boere in die veld. | Kroonstad. |
| E. Neethling. | Should we forget? | Pietermaritzburg, Volksrust, Howick, Pinetown, Merebank, Jacobs en Wentworth. |
| L. Boshof. | Moedersmart en Kinderleed. | Klerksdorp. |
| J. Rijksen. | Vrouwenleed. | Pietermaritzburg. |
| S. Visser. | Via dolorosa. | Klerksdorp. |
| G.E. Bezuidenhout. | Uit die donker woud. | Norvalspont. |

Twee werke bevat verklarings van nege en sestig vroue oor 'n groot aantal kampe nl. dié van M.M. Postma (Stemme uit die verlede) en E. Neethling (Vergeten?).

/Twee verdere...........

Twee verdere werke deur J.R.L. van Bruggen (Bittereinders) (Mafeking) en T.C. Pienaar ('n Merk vir die eeue) (Klerksdorp) het as romans verskyn en die gebruikmaking van fiktiewe getuienis het tot gevolg gehad dat die getuienis as wetenskaplike bronnemateriaal tot groot hoogte nutteloos is. Dieselfde is van toepassing op die werk van E. Steenkamp (Helkampe) wat in romanvorm verskyn het en eweneens van fiktiewe getuies gebruik gemaak het.

2. Gegewens oor Boerevroue in tronke.

Die enigste gepubliseerde getuienis oor Boerevroue in tronke tydens die oorlog het van H. van der Merwe onder die titel Onthou verskyn.

3. Getuienis van vlugtende vroue.

'n Onbekende aantal vroue het daarin geslaag om al vlugtende tot die einde van die oorlog in die veld te bly, maar slegs vier van hulle het hulle ervaringe gepubliseer nl. A.M.M. Liebenberg: Sarie Marais; T. Meij: Diep waters; J.E. de la Rey: Mijne omswerwingen en beproevingen gedurende den oorlog en D. Stegman: Nooit gevang nie. Die vlugtogte van hierdie vroue is inderdaad heldedade en hulle getuienis vorm 'n waardevolle bydrae tot 'n vollediger beeld oor die rol van die vrou gedurende die oorlog.

4. Jeugherinneringe.

In die enigste gepubliseerde jeugherinnering oor die vrouekampe gee D.H. van Zyl in sy werk In die konsentrasiekamp insae in sy eie lewe as jong seun in die Bloemfonteinse kamp en, hoewel beknop weergegee, lewer hy 'n belangrike bydrae tot 'n groot leemte wat daar in ons oorlogsliteratuur oor die vrouekampe bestaan.

/Die gepubliseerde outo......

Die gepubliseerde outobiografiese bronne belig slegs ongeveer vyftien van die vier en veertig kampe wat daar in Suid-Afrika bestaan het in 'n redelike mate. Die kampe het almal van mekaar verskil t.o.v. geografiese faktore en die behandeling in die kampe wat in 'n groot mate van die kampsuperintendent afgehang het. Hoewel die verskene werke 'n redelike oorsig gee van kamptoestande in die algemeen, het waardevolle gegewens oor kampe wat nie beskryf of karig beskryf is, verlore gegaan.

5. Beperkte aantal dagboeke oor vrouekampe.

In agnemende die feit dat daar soveel duisende vroue in die kampe was [10] en die meeste van hulle baie tyd tot hulle beskikking gehad het, is dit verbasend en ook uiters jammer dat daar so min dagboeke deur kampvroue aangehou is. Herinneringe oor die vrouekampe laat merendeel die lig op die lotgevalle van 'n bepaalde familie val en daar is meesal 'n samevattende oorsig van kamptoestande in die werke gegee. 'n Paar dagboeke waarin kamptoestande op 'n meer wetenskaplike basis uitgebeeld word, kon 'n kosbare bydrae tot die bestaande getuienis oor die vrouekampe gevorm het.

6. Vrouegetuienis betroubaarder as dié van die burgers te velde.

Getuienis oor die vrouekampe is in twee opsigte betroubaarder as getuienis wat oor die militêre verloop van die oorlog handel. Die veel aktiewer lewe van die burger te velde het baie groter eise aan sy waarnemingsvermoë en geheue gestel as wat dit die geval met die kampvroue was wie se daaglikse ervaringe tot groot hoogte dieselfde was. Gevolglik behoort daar in die getuienis van die kampvroue veel

10) In April 1902 het die totale kampbevolking volgens Britse Blouboeke 109,106 getel. Sien Otto, op. cit., p. 172-173.

/minder geheuefoute

minder geheuefoute voor te kom. Selfverdediging en selfverheffing is in die werke oor die kampvroue oorgrotendeels afwesig omdat die persoonlike rol hier van minder belang was.[11]

7. Baie vrouegetuienis stem ooreen.

'n Kenmerk van die bronne wat oor die konsentrasiekampe handel, is die groot ooreenstemming wat daar by hulle bestaan t.o.v. die beskrywing van die wegvoering van die vroue en kinders na die kampe en die kamptoestande self. Al sou baie van die getuienis in 'n groot mate op 'n herhaling neerkom van wat vroeër verskyn het, bly dit belangrik omdat die waarheidsgetrouheid van sekere getuienis op die wyse deeglik gekontroleer kan word.

8. Oordrewe subjektiwiteit tot groot hoogte afwesig in getuienis.

Nóg die burger te velde nóg die banneling het deur dieper waters as die vrou tydens die oorlog gegaan. Dit sou dus gladnie verbaas het as hulle getuienis deurgaans 'n sterk subjektiewe karakter geopenbaar het nie. Op enkele uitsonderings na het die vroue egter in hulle getuienis 'n verbasende beheersdheid aan die dag gelê - 'n verskynsel wat o.a. in hulle godsdienstige karakter gesoek moet word. Sulke werke weerspieël egter nie die werklike gees wat daar waarskynlik in elke kamp by 'n sekere aantal persone aanwesig was nie en hierdie afwatering van historiese gebeure mag selfs die navorser mislei. Daarom is 'n subjektiewe getuienisbron soos Tant Miem Fischer se kampdagboek waarin M.A. Fischer haar spontane gemoedsontboeseminge in die hitte van die oomblik opgeteken het onontbeerlik vir die

---

11) Vgl. A.N. Pelzer, Die Huisgenoot, 16.2.1951.

/verkryging van 'n..........

verkryging van 'n waarheidsgetroue psigologiese beeld van die kampvroue.

C. Die bannelingkampe.

Weens die afwesigheid van ander getuienis van Boerekant oor die bannelingkampe is die navorser feitlik volkome aangewese op die getuienis wat deur Boerebannelinge daaroor nagelaat is.

Sover vasgestel kon word, het dertien outobiografiese werke, waaronder vier dagboeke, oor die bannelingkampe verskyn, terwyl in nog drie herinneringe kortliks daarby stilgestaan word. Ook is die verhaal van drie ontsnappings deur bannelinge opgeteken.

Oor die volgende kampe het daar een werk elk verskyn: Kakoal en die tronk te Ahmednagar in Indië (J.S. van der Watt: Het leven der krygsgevangenen op Ceylon); Diyatalawa en Ragama op Ceylon (J.N. Brink: Oorlog en ballingskap); die Bermudas (J.A. van Blerk: Op die Bermudas beland); Wellington in Indië G.S. Preller: Ons parool), Portugese kampe (M.J. van Straaten: Saam verban).

By die volgende kampe word kortliks stilgestaan: Shajahanpur en Bhimtal in Indië ( A.J.V. Burger: Worsteljare), Groenpunt (Kaapstad) (L.A. Visagie: Terug na kommando); en (M.J. Venter: Joop gaan op kommando), Bermuda (M.J. Venter: Joop gaan op kommando ); Bellevue (Simonstad) (P. Prins: Van Transvaal over St. Helena naar Nederland ).

Oor die twee kampe op St. Helena het daar ses werke verskyn naamlik die van P. Prins: Van Transvaal over St. Helena naar Nederland; C.R. Kotze: My ballingskap; A.F. Louw: My eerst neëntig jaar; J. Louw: Ds. A.F. Louw op St. Helena; H. Scholtemeijer: Die balling oor die see; P.J. Nienaber: Boere op St. Helena.

Drie ontsnappingsverhale het onder die volgende titels verskyn: Terug na Kommando (L.A. Visagie); Hoe ik ontsnapte (J.L. de Villiers en J.M. Jooste) Avonture van 'n krygsgevangene en ander

/verhaaltjies............

verhaaltjies.

Die getuienis oor die kampe op St. Helena, die Kakoalkamp en Ahmednagar-tronk in Indië en die Diyatalawa-kamp op Ceylon is die volledigste beskryf. Die getuienis oor die res van die kampe is heelwat onvollediger en selfs karig, terwyl daar van tien uit die veertien kampe in Indië en van die kamp by Ladysmith en Durban feitlik niks verskyn het nie.

Waar slegs een werk oor 'n kamp verskyn het, is so 'n bron vanselfsprekend baie waardevol, terwyl die gebrek aan kontrolebronne andersyds weer die getuienis in twyfel plaas, veral in die geval van herinneringe.

Net soos in die geval van getuienis oor die vrouekampe is die getuienis oor die bannelingkampe betroubaarder as die getuienis oor die militêre verloop van die oorlog. Ook hier is die persoonlike rol van minder belang met die gevolg dat selfverheerliking en selfverdediging tot 'n minimum beperk is. Ook die banneling se getuienis is minder blootgestel aan geheuefoute aangesien sy dikwels daaglikse sleurbestaan minder eise aan sy waarnemingsvermoë en geheue gestel het.

As in aanmerking geneem word dat daar ongeveer 26,000 bannelinge was, is dit betreurenswaardig dat so min van hulle hul ervaringe te boek gestel het. Met baie tyd tot sy beskikking was 'n entoesiastiese outeur in 'n uitstekende posisie om die banneling in sy daaglikse bestaan te bestudeer en so 'n kosbare kultuur-historiese skat aan die nageslag na te laat. Daar het ook jammerlik min oor die kamplewe van die talle jong kinders verskyn - 'n verskynsel wat die beeld oor die kamplewe nog onvollediger maak.

Daar het, sover ek kon vasstel, geen herinneringe van verbanne rebelle verskyn nie.[12] Dit

---

12) Die enigste gegewens in dié verband word gevind in die herinneringe van J.A. van Blerk: Op die Bermudas beland. Kyk p. 291 hierbo.

/laat waarskynlik

laat waarskynlik 'n ernstige leemte in die getuienis oor die rebel wie se heroïese aandeel aan die oorlog nog wag om op skrif gestel te word.

Omdat toestande in die bannelingkampe so hemelsbreed verskil het van dié in die sogenaamde "Noordkampe", straal daar ook 'n ander gees deur die getuienis van die bannelinge. Hoewel daar verwys word na swak behandeling, veral op die skepe en in die tronke, word daar min bitterheid in die getuienis aangetref. Hier gaan dit hoofsaaklik oor die bedrywighede van die banneling self, terwyl die vyand min ter sprake kom. Deur aanpassing het baie bannelinge die kamplewe selfs tydelik aangenaam gevind en hulle het minder rede tot oordrewe subjektiwiteit in hulle getuienis gehad.

D. <u>Kultuur-historiese waarde.</u>

Die Tweede Vryheidsoorlog was nie 'n suiwer militêre gebeurtenis nie [13] en al sou die militêre verloop van die oorlog volledig beskryf kon word, sou die verhaal van die oorlog steeds ten dele vertel gewees het. Die militêre gebeure het die hele Boerevolk staatkundig, ekonomies en maatskaplik tot in sy diepste wese geraak en d.m.v. hulle getuienis het lede van daardie volk die Boerenasie bekend gestel en sodoende 'n onberekenbaar waardevolle kultuur-historiese skat nagelaat.

1. <u>Die nalatenskap van die banneling.</u>

Die beeld van die Republikeinse burger sou nie volledig gewees het as hy nie ook weg van die slagveld, naamlik as krygsgevangene, bekend gestel is nie. Weggeruk uit sy hoofsaaklik landelike omgewing en saamgehok in die kampe, waarvan die meeste in die vreemde, het die banneling d.m.v. sy nagelate getuienis 'n heel ander faset van sy karakter geopenbaar.

---

13) Vgl. die woorde van J.C. Smuts p.239. voetnoot hierbo.

/Ons sien hom..........

Ons sien hom as 'n dikwels vreesbevange, verdwaasde en bekommerde reisiger op see na vir hom 'n onbekende bestemming. In die kamp openbaar hy 'n merkwaardige aanpasbaarheid en dissipline en al spoedig ontstaan 'n goed georganiseerde, en soms tot groot hoogte, selfonderhoudende gemeenskap.

Baie openbaar 'n verbasende inisiatief en vindingrykheid en ontpop as sakemanne en as vervaardigers van allerhande artikels. 'n Bloeiende kultuurlewe ontstaan terwyl op onderwysgebied waarskynlik die waardevolste werk gedoen is.

Die predikante het waardevolle geestelike werk verrig en die godsdienstige verenigings wat bestaan het, die gereelde dienste en bidure getuig van die diep godsdienstige karakter van die Boere en die geestelike oplewing wat daar in sommige kampe plaasgevind het. Sport en uitstappies het 'n belangrike deel van die ontspanning gevorm en die dae verder gevul.

Die banneling word ook in sy gewone alledaagse bestaan uitgebeeld en hier en daar word insae in sy gedagtelewe gegee wat dikwels gevul was met bekommernis, droefheid, verlange, hoop en wanhoop.

Die beeld wat die banneling van homself d.m.v. sy getuienis nagelaat het, vorm 'n baie waardevolle deel van die geestesgoedere wat daar oor die Vryheidsoorlog bestaan.

2. <u>Bekendstelling van die vrou en kind</u>.

Deur hulle nagelate getuienis het die Boerevrou vir haar en haar kind 'n grootse monument van ongelooflike volharding en onwrikbare Godsvertroue daargestel. Ten spyte van hulle liggaamlike en geestelike lyding en die bittere smaad en verguising

/wat hulle moes verduur...

wat hulle moes verduur, het hierdie mense 'n wonderbaarlike geloofstandvastigheid geopenbaar en hulle berusting was gesetel in die oortuigde wete dat alles die wil van God is en dat hulle daarom nie mag murmereer nie.

Insae in hoe die vroue en kinders hulle in die kampe onder uiters moeilike omstandighede moes aanpas t.o.v. voeding, kleding, siekte, ens. is 'n weerspieëling van hulle vindingrykheid om nie ten onder te gaan nie.

Oor die algemeen het die vrou met groot eer uit die stryd getree. In die kampe, tronke en as vlugteling het sy haar as vrou gehandhaaf en 'n skynende voorbeeld van offervaardigheid en trou daargestel. Deur haar nalatenskap het sy die vrou van Suid-Afrika vir die eerste keer in die geskiedenis waarlik bekend gestel.

Hoewel verskeie werke oor die lotgevalle van die vrou en kind in romanvorm geskryf is en daarom veel van hulle wetenskaplike waarde moes inboet, besit hulle andersins groot kultuur-historiese waarde, want deur 'n histories-getroue milieuskildering dra hierdie werke ook by tot 'n duideliker beeld oor die lotgevalle van die vrou en kind gedurende die oorlog.

3. <u>Bekendstelling van die burger te velde.</u>

Die waarde van outobiografiese bronne oor die Tweede Vryheidsoorlog word alte dikwels uitsluitlik gemeet aan hulle onderskeie bydraes tot die militêre verloop van die oorlog. Vanuit 'n militêre oogpunt gesien, lewer die grootste aantal persoonlike ervarings 'n beperkte of selfs geen bydrae nie tot die kennis oor die oorlog. Andersyds het die verskillende oorlogservarenes juis deur hulle oorlogservarings in hierdie spe-

/sifieke vorm op.......

sifieke vorm op skrif te stel of te laat stel 'n uiters belangrike kultuur-historiese bydra tot ons kennis oor die oorlog gelewer.

Die persoonlike ervarings, dikwels in beeldryke taal en styl en op onderhoudende wyse deur die outeurs opgeteken, laat die klem direk op die eie intiem-persoonlike en daarmee die menslike aspek val.

Intieme skildering van die kommando-lewe, o.a. deur middel van 'n menigte anekdotes wat deurgaans in die werke aangetref word, gee waardevolle insae in die oorlogsmentaliteit van die dikwels eenvoudige en ongekunstelde burger. Die oorlog het veral in sy guerillastadium aan groot verskeidenheid en kleurrykheid gestalte gegee en humor, die komiese, tragiek, ontbering, moed, wanhoop, heldemoed, halfhartigheid en die vindingrykheid van die Boer t.o.v. die verkryging van voedsel, kleding, ens. vorm 'n groot deel van die outobiografiese getuienis. Dit is hierdie kleurryke vertellinge wat aan die oorlog sy romantiek verleen en die gebeurtenis altyd by die nageslagte lewend sal hou.

Die oorlog het sowel die swakste en die beste in die Boer na vore gebring. Die grondliggende oorsaak vir die wapenneerlegging en verraad van 'n groot deel van die burgers moet waarskynlik in hulle swak geestelike weerbaarheid gesoek word. Ongedissiplineerd en individualisties in sy aard het hierdie mense a.g.v. 'n gebrek aan tug en leiding hulle eie beslissings gevel - 'n verskynsel wat hom met die beleëring van Mafeking en Ladysmith al openbaar het. Die neerlae aan die front, die val van die hoofstede, en die feit dat die oorlog na die val van Pretoria op 'n vrywilligerbasis gevoer

/is, het die.............

is, het die burger voor sy grootste toets as patriot geplaas en baie het gefaal. Hoewel die getuienis oor die ontroue burgers totaal tekort skiet, word daar in verskeie werke tog waardevolle insae in die gemoedstoestand van hierdie mense gegee en die dryfvere wat hulle tot so 'n daad besiel het. 'n Veel duideliker beeld word egter gegee van die gesindheid van die getroue burgers en veral van die bittereinders teenoor die ontroues, wat wissel van bittere haat tot bejammering.

Heelwat lig word ook gewerp op die ongedissiplineerdheid van die burgers in die algemeen - 'n leemte in die Boer se karakter wat 'n belangrike bydrae tot sy uiteindelike neerlaag gelewer het.

Uit die gepubliseerde getuienis blyk dit deurgaans dat twee dominante eienskappe by die Boer, nl. sy vryheidsdrang en godsdienssin hom veel langer in die stryd laat volhard het as wat die vyand voorsien het. Veral die bittereinder was bereid om vir die vryheid alles op die altaar te lê en die offers wat hy gebring het, was sy grootste nalatenskap aan die Afrikanernasie. Insae in die siel van die Kaapse rebel bring ook die dryfvere aan die lig wat hom laat besluit het om sy lot by sy medebroer in te werp wat dui op 'n reedsbestaande lotsgebondenheid en nasiebewussyn van die Afrikaner in Suidelike Afrika.

Dit blyk uit verskeie bronne dat die burger te velde besonder swaar op sy God geleun het en dat baie byna fanatiek geglo het dat hulle saak reg en God aan hulle kant was. Hulle het God se wil in alles gesien en toe neerlaag hulle in die gesig staar 'n wonderlike berusting getoon. Hulle geloof het hulle moraal hoog gehou en dit was een

/van die vernaamste.....

van die vernaamste faktore wat die bittereinders so lank laat volhard het. Uit verskeie werke blyk ook die rol wat die veldprediker in hulle lewens gespeel het en die geweldige invloed wat hy op hulle uitgeoefen het.

Ook oor die militêre verloop van die oorlog het verskeie werke in romanvorm verskyn. Al sou hulle uit 'n militêre oogpunt gesien nie veel waarde hê nie, lê hulle betekenis daarin dat hulle 'n histories-getroue vertolking van die oorlogstemming gee en daarmee die oorlogsbeeld verhelder.

Verreweg die meeste gedenkskrifte oor die oorlog is nie vir die navorser geskryf nie, maar vir die gewone leser. Dié wyse van stofinkleding het ook 'n ander positiewe resultaat tot gevolg gehad nl. dat Suid-Afrikaners vir die eerste keer op groot skaal oor hulle geskiedenis, en in dié geval, die Vryheidsoorlog, begin lees, kennis daaroor opgedoen en 'n volkstrots en nasiebewussyn ontwikkel het.

Hierteenoor staan die wetenskaplike geskrifte wat in die geslote akademiese kring van belang is, maar selde die breë volksmassa bereik. En selfs wanneer hulle in 'n semi-wetenskaplike vorm op die boekemark verskyn, kry hulle min aftrek vanweë die moeili      verteerbare vorm waarin hulle geskryf is.

Die outobiografiese lektuur oor die Vryheidsoorlog moet dan in sy geheel gesien word as 'n unieke en daarom onskatbare kultuurerfenis wat die nageslag insae gee in die siel van hulle volk toe hy deur die smeltkroes moes gaan.

Ten slotte vorm die outobiografiese bronne met hulle kleurryke en kosmopolitiese inhoud 'n besonder vrugbare bodem vir die

/historiese roman...

historiese roman wat nie alleen 'n verryking van die Afrikaner se kultuurerfenis oor die Tweede Vryheidsoorlog tot gevolg het nie, maar hopelik daartoe sal bydra dat die oorlog vir die nageslag altyd lewend gehou sal word.

---

# BIBLIOGRAFIE


A. STAATSARGIEF, PRETORIA.

1. Prellerversameling. Band I, lêer A. 787.

2. Transvaal argief. Ongepubliseerde dagboeke en herinneringe i.v.m. die Tweede Vryheidsoorlog. Lêers A 1134, A 219, A 247.

B. ONGEPUBLISEERDE VERHANDELING.

3. Du Plessis, J.S. Dr. Gustav Preller as historikus van die Groot Trek. Potchefstroom, 1945.

C. GEPUBLISEERDE KONTEMPORÊRE EN ALGEMENE BRONNE.

4. Ackermann, W.H. Opsaal - herinneringe aan die Tweede Vryheidsoorlog. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1969.

5. Amery, L.S. The Times history of the war in South Africa.Vol.I.Londen, Sampson Low, Marston and Co, 1902.

6. Amery, L.S. The Times history of the war in South Africa.Vol.II.Londen, Sampson Low, Marston and Co, 1902.

7. Amery, L.S. The Times history of the war in South Africa.Vol.V.Londen, Sampson Low, Marston and Co, 1907.

8. Anderssen, E.C. Die verlede herleef. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1943.

9. Antonissen, R. Die Afrikaanse letterkunde van die aanvang tot die hede. Derde druk. Kaapstad, Nasionale Opvoedkundige Uitgewery Bpk., 1964.

10. Aucamp, G. e.a. Suid-Afrikaanse heldegalery. Kaapstad, M.Rieck, 1947.

11. Badenhorst, C.C.J. Uit den Boeren-oorlog 1899-1902. Amsterdam, Amsterdam-boekhandel, 1903.

12. Batts, H.J. Pretoria from within during the war 1899-1900.Londen, E. Arnold, 1900.

13. Batts, H.J. The history of the Baptist Church in South Africa, 1820-1920. Kaapstad, Maskew Muller, 192?.

14. Bezuidenhout, G.E. — Uit die donker woud. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1946.

15. Bornmann, M.J. (Kyk Buurman) — Oorlogswolke oor die Republieke. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1941.

16. Boshoff, L. — Moedersmart en kinderleed. Pretoria, Die Noordelike Drukpers Maatskappy, 1921.

17. Bosman, C. — Slaan en vlug. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1946.

18. Brandt, J. — Het concentratiekamp van Iréne. Amsterdam, H.A.U.M., 1905.

19. Brandt, J. — The petticoat commando: or Boer women in secret service. Londen, Mills and Boon, 1913.

20. Brandt, J. — De Kappie Kommando of, Boerevrouwen in geheime dienst. 2de druk. Kaapstad, H.A.U.M., 1915.

21. Breytenbach, J.H. — Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog. Kaapstad, Nasionale Pers, 1949.

22. Brink, J.N. — Ceylon en de bannelingen. Amsterdam, J. Dusseau, 1904.

23. Brink, J.N. — Oorlog en ballingskap. Kaapstad, Nasionale Pers, 1940.

24. Burger, A.J.V. — Worsteljare: herinneringe van A.P. Burger, veldprediker by die Republikeinse magte tydens die Tweede Vryheidsoorlog. Kaapstad, Nasionale Pers, 1936.

25. Cleaver, F.R.M. — A Young South African. Johannesburg, W.E.Horter, 1913.

26. Coetzee, A.M. — Tant Miem Fischer se kampdagboek (Mei 1901 - Augustus 1902). Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1964.

27. Conradie, F.D. — Met Cronjé aan die wesfront (1899-1900) en waarom het die Boere die oorlog verloor?. Kaapstad, Nasionale Pers, 1943.

28. Davitt, M. — The Boer fight for freedom. Derde druk. New York, Funk and Wagnalls, 1902.

29. De Kersausen de Pennendreff, R. — Ek en die Vierkleur. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1960.

30. De Kock, W.J. — Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek. Kaapstad, Nasionale Handelsdrukkerye Bpk., 1968.

31. De la Rey, J.E. — Mijne omswervingen en beproevingen gedurende den oorlog. Amsterdam, Amsterdam-boekhandel, 1903.

32. De Villiers, J.L. — Hoe ik ontsnapte. Amsterdam, Amsterdam-boekhandel, 1903.

33. De Villiers, J.L. — Hoe ek ontsnap het. Pretoria, De Bussy, 1934.

34. De Vleeschauwer, H.J. — Handleiding by die wetenskaplike tegniek. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1960.

35. De Wet, A.G., Du Plessis, G.C., Van Doornik, H. — In kampf um Süd-Afrika. Deel 4. Die Buren in der Kapkolonie im Kriege mit England. München, Lehmanns Verlag, 190?.

36. De Wet, C.R. — De strijd tusschen Boer en Brit. Amsterdam, Höveker en Wormser, 1902.

37. De Wet, C.R. — Die stryd tussen Boer en Brit. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1959.

38. De Wet, I.J.C. — Met genl. De Wet op kommando. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1954.

39. Du Plessis, P.J. — Oomblikke van spanning. Kaapstad, Nasionale Pers, 1938.

40. Du Plessis, J. — The life of Andrew Murray of South Africa. Londen, Marshall Bros., 1919.

41. Ebeling, A.J.J. — Met Steyn en De Wet. Middelburg, F.B. de Boer, 1902.

42. Engelenburg, F.V. e.a. — Onze krijgsofficieren: album van portretten met levensschetsen der Transvaalse generaals en kommandanten e.a. Pretoria, Volksstem-drukkery, 1904.

43. Esterhuysen, A.M. de Villiers. — Corneels Kanniedood. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 195?

44. Garvin, G.L. — The life of Joseph Chamberlain. Vol.3. Londen, Mac Millan,1934.

45. Grobler, M.J. — Met die Vrystaters onder die wapen. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1937.

46. Hamman, K. — Dagboek van 'n Bethulie-kamp-dogter. Bloemfontein, N.G. Sendingpers, 1965.

47. Hancock,W.K. en Van der Poel, J. — Selection from the Smuts papers. Vol.I. Cambridge University Press, 1966.

48. Hellemans — Met het Roode Kruis mee in den Boeren-vryheidsoorlog. Amsterdam, Koster, 1901.

49. Hobhouse, E. — The brunt of the war and where it fell. Londen, Metuen and Co., 1902.

50. Hobhouse, E. — Tant Alie of Transvaal. Londen, G.Allen and Unwin Ltd., 1933.

51. Hofmeyr, N.J. — Zes maanden bij de commando's. 's Gravenhage, W.P.Stockum, 1903.

52. Hofmeyr, A.J.L. — The story of my captivity during the Transvaal War, 1899-1900. Londen, E. Arnold, 1900.

53. Hopkins, H.C. — Maar één soos hy: die lewe van kondt. C.A. van Niekerk. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1963.

54. Jackson, A.M. — Uit die dagboek van 'n wilde-boer. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1939.

55. Jooste, J.M. — Avonture van 'n krygsgevangene en ander verhaaltjies. Pietermaritzburg, Die Natalse Pers, 1930.

56. Jordaan, G. — Hoe zij stierven. Tweede druk. Kaapstad, H.A.U.M., 1917.

57. Kemp, J.C.G. — Vir vryheid en vir reg. Kaapstad, Nasionale Pers,1941.

58. Kestell, J.D. — De vredesonderhandelingen tusschen de twee Zuid-Afrikaansche Republieken en de Vertegenwoordigers der Britse regeering welke uitliepen op den vrede, op 31 Mei 1902 te Vereeniging gesloten.Pretoria, De Bussy, 1909.

59. Kestell, J.D. — Met de Boeren-commando's: Mijne ervaringen als veldprediker. Amsterdam, Amsterdam-boekhandel, 1903.

60. Kestell, J.D. — Christiaan de Wet, 'n lewensbeskrywing. Kaapstad, Nasionale Pers, 1920.

61. Kloppers, P.J. — "Alles zal rech kom"! 's Gravenhage, J.N.Voorhoeve, 1902.

62. Kotzé, C.R. — My ballingskap. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1942.

63. Kritzinger, M.S.B. — Studies en kritieke. Pretoria, J.L. Van Schaik, 1934.

64. Kritzinger, P.H. en McDonald, R.D. — In the shadow of death. Londen, Clowes and sons, 1904.

65. Kritzinger, P.H. en McDonald, R.D. — In die skaduwee van die dood. Kaapstad, Nasionale Pers, 1939.

66. Kuit, A. — 'n Kommando-prediker. Pretoria, J.H.De Bussy, 1948.

67. Kuit, A. — Transvaalse gister. Pretoria, Van Schaik, 1942.

68. Kuit, A. — Transvaalse verskeidenheid. Pretoria, Van Schaik, 1942.

69. Liebenberg, A.M.M. — Sarie Marais. Pretoria, Van Schaik, 1956.

70. Lombard, J.P.la Grange. — Bang plekke. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1941.

71. Louw, A.F. — My eerste neëntig jaar. Kaapstad, N.G.Kerk-uitgewers, 1958.

72. Louw, J. — Ds.A.F. Louw op St. Helena: briewe en belewenisse. Kaapstad, N.G.Kerk-uitgewers, 1963.

73. Lückoff, A.D. — Woman's endurance. Kaapstad, S.A. News Co., 1904.

74. MacDonald, C.F. — Kalahari Mac. Johannesburg, L.and S. Boek-en kunssentrum, 1948.

75. Malherbe, F.E.J. — Afrikaanse lewe en letterkunde. Stellenbosch, Universiteits-uitgewers, 1958.

76. Maritz, S.G. — My lewe en strewe. Pretoria, S.G. Maritz, 1939.

77. Meij, T. — Diep waters. Kaapstad, Nasionale Pers, 1935.

78. Meintjies, J. — De la Rey - lion of the west. Johannesburg, H.Keartland, 1966.

79. Meyer, J.H. — Kommando-jare. Kaapstad, Human en Rousseau, 1971.

80. Mostert, D. — Slegtkamp van Spioenkop: Oorlogsherinneringe van kapt. Slegtkamp. Tweede druk. Kaapstad, Nasionale Pers, 1938.

81. Mouton, J.A. — Generaal Piet Joubert in die Transvaalse geskiedenis. in argiefjaarboek vir S.A. geskiedenis. Vol. I. Kaapstad, Cape Times Ltd., 1957.

82. Muller, C.H. — Oorlogsherinneringe van genl. Christiaan H. Muller.Kaapstad, Nasionale Pers, 1936.

83. Naudé, J.F. — Vechten en vluchten van Beyers en Kemp "bôkant" De Wet. Rotterdam, Nijgh en Van Ditmar, 1903.

84. Naudé, J.J. — In doodsgevaar gevolgd door de dood trotseren. Pretoria, Volksstem-drukkery, 1904.

85. Neethling, E. — Should we forget?. Kaapstad, H.A.U.M.,1902.

86. Neethling, E. — Vergeten?. Kaapstad, Nasionale Pers, 1917.

87. Neethling, E. — Mag ons vergeet?. Kaapstad, Nasionale Pers, 1938.

88. Nienaber, P.J. — Hier is ons skrywers. Deel I. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1949.

89. Nienaber,P.J. — Dr.J.D.Kestell, vader van die Reddingsdaad. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1946.

90. Nienaber, P.J. — Ons taalhelde. Tweede druk. Kaapstad, Nasionale Opvoedkundige Uitgewery Bpk., 1965.

91. Nienaber, P.J. — Bibliografie van Afrikaanse boeke. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1948.

92. Nienaber, P.J. — Perspektief en profiel, 'n geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1951.

93. Nienaber, P.J. Bibliografie van Afrikaanse boeke. (6 April 1861 - 5 April 1943). Johannesburg, Voortrekkerpers, 1948.

94. Nienaber, P.J. Bibliografie van Afrikaanse boeke. (April 1943 - Oktober 1948). Johannesburg, Voortrekkerpers, 1954.

95. Nienaber, P.J. Bibliografie van Afrikaanse boeke. (November 1948 - Oktober 1954). Johannesburg, Voortrekkerpers, 1954.

96. Nienaber, P.J. Bronnegids by die studie van die Afrikaanse taal en letterkunde. Deel I. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1952.

97. Nienaber, P.J. Bronnegids by die studie van die Afrikaanse taal en letterkunde. Deel 2. (1947-1952). Johannesburg, Voortrekkerpers, 1952.

98. Nienaber, P.J. Boere op St. Helena: Die oorlogsdagboek van H. de Graaff verwerk en in Afrikaans oorvertel deur P.J. Nienaber. Kaapstad, Nasionale Pers, 1950.

99. Oost, H. Gestreden. Heusden, L.J.Veerman, 1901.

100. Otto, J.C. Die konsentrasiekampe. Kaapstad, Nasionale Pers, 1954.

101. Pienaar, T.C. 'n Merk vir die eeue. Derde druk. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1939.

102. Pieterse, H.J.C. Oorlogsavonture van genl. Wynand Malan. Kaapstad, Nasionale Pers, 1941.

103. Pieterse, H.J.C. My tweede vryheidstryd. Kaapstad, Nasionale Pers, 1945.

104. Pohl, V.T. Adventures of a Boer family. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1943.

105. Pont, A.D. Nicolaas Jacobus van Warmelo, 1835 - 1892. Utrecht, Reminck en Zoon, 1955.

106. Postma, M.M. Stemme uit die verlede. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1939.

107. Potgieter, D.J. — Standard encyclopedia of Southern Africa. Vol. 3. Kaapstad, Nasionale Opvoedkundige Uitgewery Bpk., 1971.

108. Preller, G.S. — Oorlogsoormag en ander sketse en verhale. Kaapstad, Nasionale Pers, 1923.

109. Preller, G.S. — Ons Parool. Dae uit die dagboek van 'n krygsgevangene. Kaapstad, Nasionale Pers, 1938.

110. Preller, G.S. — Scheepers se dagboek en die stryd in Kaapland (1 Okt.1901 - 18 Jan. 1902). Kaapstad, Nasionale Pers, 1938.

111. Preller, G.S. — Talana: Die drie generaalslag by Dundee, met 'n lewenskets van genl. Daniel Erasmus. Kaapstad, Nasionale Pers, 1942.

112. Preller, G.S. — Kaptein Hindon: Oorlogsavonture van 'n baasverkenner. Pretoria, Van Schaik, 1916.

113. Prins, P. — Van Transvaal over St. Helena naar Nederland. Groningen, B. Van der Kamp, 1903.

114. Reitz, J.M.C. — Ons Japie. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1960.

115. Reitz, D. — Commando. Londen, Faber en Faber, 1929.

116. Reitz, D. — Kommando. Bloemfontein, A.C. White, 1932.

117. Rijksen, J. — Vrouweleed. Amsterdam, Hollandsch Afrikaansche Uitgevers-maatschappij, 1903.

118. Romein, J. — In de hof der historie. Amsterdam, N.V.E.M. Querido's uitgeversmaatschappij, 1951.

119. Roodt, A. — Kaapse rebel. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1945.

120. Rosenthal, E. — Ensiklopedie van Suidelike Afrika. Johannesburg, Combined Publishers, 1963.

121. Rothmann, M.E. — Tant Alie van Transvaal. Die dagboek van Alie Badenhorst. Kaapstad, Nasionale Pers, 1939.

122. Rothmann, M.E. Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde, 1900 - 1901. Kaapstad, Nasionale Pers, 1947.

123. Scannel, J.P. Die Afrikaanse kernensiklopedie. Kaapstad, Nasionale Pers, 1965.

124. Schikkerling, R.W. Commando courageous, a Boer diary. Johannesburg, H.Keartland, 1964.

125. Scholtemeijer, H. Die balling oor die see - uit die dagboek van 'n krygsgevangene. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1949.

126. Scholtz, G.D. Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899 - 1902. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1948.

127. Scholtz, G.D. In doodsgevaar: die oorlogservaringe van kapt. J.J. Naudé. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1940.

128. Scholtz, G.D. Generaal Christiaan Frederik Beyers, 1869-1914. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1941.

129. Schoonees, P.C. Die prosa van die Tweede Afrikaanse Beweging. Derde druk. Pretoria, De Bussy, 1938.

130. Senaat (die) van Suid-Afrika. Debatte. Kaapstad, 1931.

131. Seun ('n) van die gemeente. (Anoniem) Gedenkboek van die Nederduitse Gereformeerde gemeente te Prins Albert: 'n geskiedkundige oorsig van sy honderjarige bestaan 1842-1942. Kaapstad, Nasionale Pers, 1942.

132. Snyman, O.J. Met die Boere in die veld. Kaapstad, Nasionale Pers, 1945.

133. South African who's who. Johannesburg, Donaldson, 1952.

134. South African woman's who's who (The). Johannesburg, Biographies, 1938.

135. Who's who of Southern Africa. Johannesburg, Combined publishers, 1968.

136. Smith, J.A. Ek rebelleer. Kaapstad, Nasionale Pers, 1939.

137. Steenkamp, E. Helkampe. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1941.

138. Stegman, D. — Murasies. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1942.

139. Strubbe, E.I. — Inleiding tot de historische critiek. Antwerpen, N.V. Standaard-boekhandel, 1954.

140. Van Blerk, J.A. — Op die Bermudas beland Balkema, Kaapstad, 1949.

141. Van Bruggen, J.R.L. — Bittereinders. Potchefstroom, H.W. Huyser, 1935.

142. Van Coller, H.P. — Generaal P.A. Cronjé, 'n lewenskets. Pretoria, 1945.

143. Van den Heever, K. — Vryheidsheld ontsnap die dood. Johannesburg, Publicité handelsreklamediens, 1945.

144. Van den Heever, J.G. — Op kommando onder komdt. Buys. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1944.

145. Van der Merwe, N.J. — Marthinus Theunis Steyn; Vol. I en 2. Kaapstad, Nasionale Pers, 1940.

146. Van der Merwe, H. — Onthou. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1940.

147. Van der Watt, J.S. — Het leven der Boeren-krijgsgevangenen op Ceylon. Amsterdam, Amsterdam-boekhandel, 1905.

148. Van der Westhuizen, P.R. — Wat van ons?. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1959.

149. Van Gent, A.H. — Met De Wet en Steyn in het veld. Amsterdam, Uitgewers-Maatskappij, Elsevier, 1903.

150. Van Jaarsveld, F.A. — Lewende verlede. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1961.

151. Van Jaarsveld, F.A. — Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn 1868-1881. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1957.

152. Van Oostrum, O. — Bestendige onbestendigheid. Pretoria. Van Schaik, 1943.

153. Van Schoor, M.C.E. — Christiaan Rudolph de Wet, 1854-1922. Bloemfontein, N.G. Sendingpers, 1954.

154. Van Straten, M.J. — "Saam verban". Stellenbosch, Pro-Ecclesia-drukkery, 1940.

155. Van Warmelo, D.S. Mijn commando en guerilla commandoleven. Amsterdam, W. Versluys, 1901.

156. Van Zyl, P.H.S. Waar en trou. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1948.

157. Van Zyl, P.H.S. Die helde-album: verhaal en fotos van aanvoerders en helde uit ons vryheidstryd. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1944.

158. Van Zyl, D.H. In die konsentrasiekamp. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1944.

159. Venter, M.J. Joop gaan op kommando. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1945.

160. Ver Loren van Themaat, H. Twee jaren in den Boerenoorlog. Haarlem, H.D.Tjeenk Willink, 1903.

161. Viljoen, J.M.H. 'n Joernalis vertel. Kaapstad, Nasionale Pers, 1953.

162. Viljoen, B.J. Mijne herinneringen uit den Anglo-Boerenoorlog. Amsterdam, W. Versluys, 1902.

163. Vis, W.R. Tien maanden in een "vrouwenkamp": het leven en lijden van een Boerengezin in Transvaal tydens den laatsten oorlog met Engeland. Rotterdam, D.A. Daamen, 1902.

164. Visagie, L.A. Terug na kommando. Kaapstad, Nasionale Pers, 1932.

165. Visser, S. Die wit vlag. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1946.

166. Visser, S. Via dolorosa. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1942.

167. Volksraad (Die) van Suid-Afrika. Debatte. Kaapstad, 1966.

168. Waters, W.H.H. German official account of the war in South Africa. Londen, J. Murray, 1904.

169. Watkins-Pitchford, H. Besieged in Ladysmith: a letter to his wife, written in Ladysmith during the siege. Pietermaritzburg, Shuter and Shooter, 1964.

170. Weeber, E.J. Op die Natalse front. Kaapstad, Nasionale Pers, 1940.

171. Weeber, E.J. Op die Transvaalse front. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1943.

D. TYDSKRIFTE EN PERIODIEKE PUBLIKASIES.

172. Die Brandwag. 10.3.1939, 17.5.1940, 24.5.1940, 7.6.1940, 27.3.1942, 8.11.1946.

173. Historia. Maart 1961.

174. Historiese studies. Januarie 1942; 1944.

175. Die Huisgenoot. September 1921, 2.9.1932, 7.10.1932, 28.4.1933, 1.9.1933, 17.5.1935, 6.9.1935, 6.12.1935, 14.2.1936, 29.5.1936, 18.9.1936, 8.1.1937, 19.3.1937, 22.4.1938, 19.5.1939, 21.2.1941, 5.9.1941, 24.10.1941, 17.7.1942, 24.7.1942, 5.11.1943, 2.11.1945, 5.11.1948, 10.3.1950, 15.4.1955, 12.11.1965.

176. Jaarboek van De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst. 1910, 1911, 1913, 1917.

177. Jaarboek van die Nederduits-gereformeerde Kerke van Suid-Afrika. 1938, 1940, 1949, 1951, 1957, 1963, 1964, 1966, 1970, 1971.

178. Koers. Februarie 1936, Oktober 1942, Augustus 1943, Junie 1944.

179. Kriterium. Julie 1964.

180. Ons eie boek. Januarie 1935, Jan/Maart 1936, Julie/September 1938, Junie 1939, Desember 1939, Junie 1940, September 1941, Desember 1942, Maart 1946, Julie/September 1951.

181. Reportorium van tydskrifartikels vanaf 1940 tot 1970.

182. Sarie Marais. 18. 1. 1961.

183. The South African law journal. 1966.

184. Standpunte. Feb./Maart 1956.

185. Tydskrif vir geesteswetenskappe. Junie 1964,Maart 1970.

E: KOERANTE.

186. Die Burger. 8.1.1931, 30.12.1932, 20.5.1935, 17.8.1936, 28.11.1936,22.1.1938, 12.3.1938, 26.8.1954,23.1.1964, 4.1.1966.

| | | |
|---|---|---|
| 187. | The Cape Times. | 20.10.1944, 10.9.1949, 19.7.1958. |
| 188. | The Friend. | 3.10.1963, 23.10.1968. |
| 189. | The Rand Daily Mail. | 18.12.1964. |
| 190. | The Star. | 6.9.1957. |
| 191. | Die Suiderstem. | 23.4.1938. |
| 192. | The Sunday Times. | 17.5.1964, 17.1.1965. |
| 193. | Die Transvaler. | 2.4.1938, 23.4.1942, 3.6.1942, 29.6.1956, 18.3.1967, 27.10.1967 15.8.1970. |
| 194. | Ons (later) Die Vaderland. | 7.1.1916, 8.1.1918, 9.1.1934, 17.1.1936, 24.7.1936, 27.11.1936, 14.5.1938, 6.12.1941, 8.8.1944, 11.2.1953, 4.10.1963, 21.5.1964, 19.5.1966. |
| 195. | Die Volksblad. | 7.1.1931, 8.1.1931, 9.1.1931, 6.4.1931, 12.5.1931, 8.9.1931, 19.9.1931, 28.9.1931, 19.9.1938. |

++++++++++++++++++++++++++++++++